UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA
University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

# ‘n Nuwe Testamentiese studie in Hermeneutiek: Die Homoseksualiteitsdebat in die Nederduitse Gereformeerde Kerk (1986-2004).

deur

**Dr Jorrie Potgieter**

‘n Verhandeling voorgelê vir die graad

**PhD in Nuwe Testamentiese Wetenskappe**

Universiteit van Pretoria

2005

Promotor
Prof dr Jan G van der Watt

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA
University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

# A Study in New Testament Hermeneutics: The debate about homosexual relationships in the Dutch Reformed Church (1986-2004).

by

**Dr Jordaan Potgieter**

A thesis submitted in partial fulfillment of the requirements for the degree of

**PhD : New Testament Science**

University of Pretoria

2005

Approved by **Prof Jan van der Watt**

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)


Ek dra hierdie studie op aan my kinders:
Mari-Louise, Flip en Johann.

Met dank aan my vrou, Averil.

Hierdie studie is geproeflees deur die skrywer,
Analou Marais. Met dank.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA
University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)


# Oorsigtelike Inhoudsopgawe

**Verantwoording.**

**1. ‘n Hermeneutiese probleem in die debat oor homoseksualiteit.**

**2. Homoseksuele verhoudings in die geskiedenis as hermeneutiese sleutel.**

**3. ‘n Hermeneutiek wat binne ‘n postmoderne konteks realiseer.**

**4. ‘n Hermeneutiek van Suspisie.**

**5. Seksualiteit en die gebrokenheid as hermeneutiese sleutel.**

**6. Die Skrif as hermeneutiese sleutel: die getuienis van die Ou Testament.**

**7. Die Skrif as hermeneutiese sleutel: die getuienis van Jesus.**

**8. Die Skrif as hermeneutiese sleutel: Pauliniese en Deutero-Pauliniese Getuienis – Sosio-historiese konteks.**

**9. Die Skrif as hermeneutiese sleutel: Pauliniese en Deutero-Pauliniese Getuienis – Romeine 1.**

**10. Die Skrif as hermeneutiese sleutel: Pauliniese en Deutero-Pauliniese Getuienis –Korintiërs en Timoteus.**

**Om saam vat.**

**To Conclude.**

**Sleutelterme.**

**‘n Slot Opmerking.**

**A Final Word.**

**Artikel – Permanente Homoseksuele verhoudings van liefde en trou.**

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)


**Literatuurverwysings**

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

# Inhoudsopgawe

**Verantwoording** xiii

**Hoofstuk 1**
**'n Hermeneutiese probleem in die debat oor homoseksualiteit** 1

**1.Dis 'n hermeneutiese vraagstuk.** 3
**2. 'n Progressiewe ontwikkeling binne die Kerk rakende homoseksualiteit.** 5
**3. Die gesag van die Skrif en die rol wat die wetenskap in hierdie debat speel.** 13
3.1. Die wetenskap bring nuwe lig op die manier hoe Christene oor die Skrif nadink. 16
3.2. Wetenskaplike bevindings wys dat die Skrif van 'n ander tipe homoseksualiteit praat as wat ons vandag ken. 18
**4. Die rol wat eksegese in die debat speel.** 26
**5. Ervaring as rolspeler in die debat.** 29
**6. Liefde as skopus van die Skrif.** 33
**7. Politieke korrektheid as druk op die Kerk.** 35
7.1. Internasionale politieke druk om homoseksuele huwelike kerklik in te seën. 35
7.2. Politieke druk in Suid-Afrika : Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika. 36
7.3. Hofuitsprake ten gunste van homoseksuele huwelike. 37
7.4. Kerkskeuring dreig oor die moontlike kerklike inseën van homoseksuele huwelike. 42
**8. 'n Beoordeling.** 44

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

## Hoofstuk 2

**Homoseksuele verhoudings in die geskiedenis as hermeneutiese sleutel** 47

1. **Die Bybelse leefwêreld en die voorkoms van homoseksualiteit.** 48
    1.1. Op soek na 'n seksuele identiteit. 48
        1.1.1. Die Antieke Nabye Ooste. 50
        1.1.2. Seksualiteit onder die Griekse en Romeinse kulture. 55
        1.1.2.1. Korttermyn seksuele verhoudings met mense van dieselfde geslag. 55
        1.1.2.2. Permanente seksuele verhoudings van liefde en trou tussen mense van dieselfde geslag. 57
        1.1.2.2.1. Beskrywings uit die destydse Griekse samelewing in hul verwysing na homoseksuele persone of –verhoudings. 66
        1.1.2.3. Kritiek uit die antieke samelewings teen homoseksuele verhoudings. 68
        1.1.3. Seksualiteit in die Judaïsme – Buite Bybelse getuienis. 73

**2. Latere ontwikkeling in die kerklike tradisie.** 76
    2.1. Die Kerkvaders reageer in lyn met die Bybelse tradisie. 77
    2.2. Die getuienis van die vroeë Middeleeue. 82
    2.3. Die Getuienis van die latere Middeleeue handhaaf negatiewe houdings teenoor homoseksuele verhoudings. 85
    2.4. Die getuienis van die Reformasie handhaaf die negatiewe beoordeling van homoseksuele verhoudings. 90

**3. 'n Beoordeling.** 93

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA
University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)


**Hoofstuk 3**
**'n Hermeneutiek wat binne 'n postmoderne konteks realiseer** 96

**1. Die gesag van die Skrif as gespreksgenoot.** 98
1.1. Die Skrif is 'n ou dokument en vra 'n nuwe wyse van Skrifhantering. 99
1.1.1. Die Skrif is nie van God aan mense gegee nie. 99
1.1.2. 'n Postmoderne Skrifhantering is noodsaaklik om die problematiek op te los. 100
1.1.3. Die Organiese inspirasieleer is 'n voorwaarde om die Skrif te verstaan. 104
1.1.4. Teologiese vertrekpunte van die pro-gay teologie rakende die gesag van die Skrif. 106
1.2. 'n Gereformeerde siening van die Skrif se gesag. 107
1.2.1. Beoordeling van die GES rakende die GKN se Skrifhantering. 108
1.2.2. Die NGK verbreek bande met die GKN. 111
1.2.3. Die tradisionele siening van die NGK en ander gereformeerde teoloë rakende die gesag van die Skrif. 112
1.2.3.1. Die Kanon 113
1.2.3.2. Die inspirasie van die Heilige Gees. 115
1.2.3.3. Die Skrif as Woord van God. 116
1.2.3.4. Die Skrif en die histories-kritiese metode. 117
1.2.3.5. Vonnis en uitspraak. 120
1.2.3.6. Die gesag van die Skrif. 121
1.2.4. 'n Vergelyking van die verskillende partye in hul siening van die gesag van die Skrif. 124
**2. Nog hermeneutiese sleutels : wetenskap en ervaring.** 127
2.1. Die wetenskap en rede van die mens as hermeneutiese sleutels. 129
2.1.1. Biologiese en genetiese resultate. 130
2.1.2. Psigo-sosiale resultate. 135
2.1.3. Het die wetenskap vetoreg? 141
2.2. Die verhaal en ervaring van die homoseksuele persoon as hermeneutiese sleutel. 142
2.3. 'n Evaluasie van die Skrifhantering deur pro- 148

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

gay teoloë as hermeneutiese sleutel.
2.3.1. Post-moderne teologie binne 'n ekklesiologiese perspektief. 149
2.3.2. 'n Evaluering van die postmoderne hermeneutiek. 154
2.3.2.1. Die skisofrenie van die imperialistiese postmoderne hermeneutiek. 154
2.3.2.2. Van "Nuwere Kritiek" na "oop tekste". 158
2.4. 'n Ander hermeneutiese keuse van Skrifverstaan. 162
**3. 'n Beoordeling** 164

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

## Hoofstuk 4

**’n Hermeneutiek van Suspisie** 166

1. **Die Hermeneutiek van Suspisie en die Verligtingsbewegingshermeneutiek.** 167
    - 1.1. Die aarde is plat en staan op pilare. 170
    - 1.2. Die kerk is nie meer teen die ewolusie teorie nie (Gen 1;26-27 en gen 2:7). 173
    - 1.3. Gemeenskap met die menstruerende vrou (Lev 18:19 en Lev 20:18). 175
    - 1.4. Mans en vroue mag nie klere aantrek wat by die ander geslag hoort nie (Deut 22:5). 178
    - 1.5. Die ophef van die afstand tussen die heidense Christene en die Joodse gebruike. 179
        - 1.5.1. Eetgewoontes. 179
        - 1.5.2. Die inklusiwiteit van die Christene. 184
    - 1.6. Die vra van rente (Deut 23:19-20). 189
    - 1.7. Christene tree nie meer gewelddadig op nie (Ps 137:8-9). 192
    - 1.8. Doodstraf vir mense wat moord pleeg (Gen 9:5-7). 194
    - 1.9. Die vrou se plek in die samelewing (1 Kor 11:3 en 1 Kor 14:33-35). 197
    - 1.10. Slawerny. 202
    - 1.11. Egskeiding (Matt 5:27-28). 206
    - 1.12. Daar is nie baie tekste wat oor homoseksuele praktyke praat nie. 209
    - 1.13. Skematiese voorstelling van die analoë voorbeelde. 211

**2. ’n Beter voorstelling : Bloedskande?** 214

**3. ’n Beoordeling** 216

## Hoofstuk 5
## Seksualiteit en die gebrokenheid as hermeneutiese sleutels 219

**1. 'n Bybelse seksualiteit.** 220
1.1. Die Getuienis van Gen 1-4. 220
1.1.1. Konteks van Gen 1-3. 224
1.2. Seksualiteit in die verhale van Gen 1-4. 227
1.3. Seksualiteit in die res van die Skrif. 234
1.3.1. Verdere ontwikkeling van seksualiteit in die Ou Testament. 234
1.3.2. Seksualiteit in die oorgang na die Nuwe testament en Jesus se getuienis. 236
1.3.3. Ontwikkeling van seksualiteit na die tyd van Jesus. 238
1.3.4. Ontwikkeling van seksualiteit in die tyd van die Kerkvaders. 240
1.3.5. Ontwikkeling van seksualiteit in die latere Christelike tradisie. 243
1.3.6. 'n Evaluerende blik op seksualiteit. 246
**2. Sondeval.** 251
2.1. Sonde in terme van die pro-gay teologie. 251
2.2. Metafore vir sonde. 257
**3. 'n Beoordeling.** 262

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

**Hoofstuk 6**

**Die Skrif as hermeneutiese sleutel: die getuienis van die Ou Testament.** 267

**1. Homoseksuele verkragtings.** 268
1.1. Die sonde van Gam. 268
1.2. Die verhaal van Sodom. 273
1.2.1. Die Sodom verhaal handel nie oor homoseksuele dade nie. 274
1.2.2. Ander vroeë tradisies oor die sonde van Sodom. 281
1.2.2.1. Jesaja. 281
1.2.2.2. Esegiël. 282
1.2.2.3. Die Jesus-tradisie. 286
1.2.2.4. Die Judas en Petrus-tradisie 288
1.2.2.5. Buite Bybelse-tradisie. 289
1.3. Die verhaal van die byvrou van die Leviet en die inwoners van Gibeon. 292
**2. Homoseksuele “verhoudings”.** 294
2.1. Die getuienis van Levitikus en Deuteronomium. 294
2.1.1. Die geldigheid van die reinheidswette binne die konteks van Levitikus 18-20 vir vandag. 304
2.1.2. Verdere verklaring van die twee gedeeltes. 309
2.1.3. Die betekenis van hb; [e/T. 310
2.1.4. Die relevansie van homoseksuele tempelprostitusie vir die interpretasie van Lev 18 en 20. 313
**3. Die verhouding tussen Dawid en Jonatan.** 318
**4. Wat verbied seks met dieselfde geslag?** 321
4.1. Afgodery? 321
4.2. Gebrek aan voortplanting? 323
4.3. Onaanpasbaarheid van dieselfde geslag, as ’n aantasting van liggaamlike vorming? 325
**5. ‘n Beoordeling.** 326

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

## Hoofstuk 7

**Die Skrif as hermeneutiese sleutel: die getuienis van Jesus.** 328

**1. Bedieningspatroon van die Nuwe Testamentiese kerk.** 330
**2. Matteus 19:11-12** 331
**3. Jesus se stilswye rakende homoseksuele verhoudings beteken dat Hy dit goedgekeur het.** 337
**4. Jesus se dubbele liefdesgebod as ’n nuwe hermeneutiese sleutel.** 343
4.1. Wat beteken liefde in Jesus se getuienis? 346
4.1.1. Die siening van Jesus. 346
4.1.1.1. Liefde vir God. 347
4.1.1.2. Liefde vir die naaste. 349
4.1.1.3. Wat verstaan Jesus onder naasteliefde? 356
**5. Jesus se siening van liefde, geloof en die wet.** 360
5.1. Hef verlossing deur geloof die Wet van God op? 361
5.2. Het Jesus die wet as uitgedien teenoor liefde gesien? 367
5.2.1. Jesus se vervulling van die wet en die profete. 369
5.2.2. Wat bedoel Jesus wanneer Hy liefde as uitvoering van die Wet sien? 374
**6. Die skopus van die Skrif is liefde.** 377
**7. ’n Etiek volgens die leer en lewe van Jesus.** 382
7.1. Die etiek van Jesus se bediening kan as ’n pastorale etiek beskryf word. 382
7.2. Die skryf van ’n etiek. 384
7.3. Waardering vir die Pastorale etiek volgens die bediening van Jesus. 387
7.4. Tekorte van die Pastorale etiek volgens die bediening van Jesus. 390
7.4.1. ’n Implikasie vir die Kerk. 390
7.4.2. Die implikasie van homoseksuele huwelike op gesinswaardes in die gemeenskap. 395
**8. ’n Beoordeling.** 398

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA
University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)


## Hoofstuk 8
## Die Skrif as hermeneutiese sleutel: Pauliniese en Deutero-Pauliniese Getuienis – Sosio-historiese konteks. 400

**1. ´n Sosio-historiese blik op die Mediterreense mens se antropologie.** 401
1.1. Eer en skaamte as Mediterreense waarde. 404
1.2. Die Mediterreense mens se persoonlikheid: indiwidualisme en groepsbelange. 405
1.3. Huwelike, Gesinne en Families. 406
1.4. Rein en onrein. 407
1.5. Destydse Mediterreense mens se siening van seksualiteit en huwelike. 408
1.6. Die Mediterreense mens se identiteit. 412
1.7. Wat is sonde volgens die Mediterreense mens? 417
**2. Bewyse van permanente homoseksuele verhoudings van liefde en trou onder die destydse Mediterreense mense.** 419
**3. ’n Sosio-historiese blik op die Mediterreense stede wat vir hierdie studie ter sprake is.** 420
3.1. Rome. 421
3.1.1. Rome en homoseksuele huwelike. 422
3.1.1.1. Homoseksuele verhoudings en –huweliken óf homoseksuele oriëntasies. 424
3.1.1.2. Lesbiese verhoudings. 426
3.1.2. Rome en afgodediens. 430
3.2. Korinte. 435
3.2.1. Immoraliteit in Korinte. 436
3.2.2. Die Christene het nie “dekorintiseer” nie. 438
3.3. Efese. 440
**4. ’n Beoordeling.** 442

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

**Hoofstuk 9**
**Die Skrif as hermeneutiese sleutel: Pauliniese en Deutero-Pauliniese Getuienis – Romeine 1.** 444

**1. Romeine 1:18-32.** 445
**2. Verdere eksegese rakende Romeine 1:18-32.** 450
2.1. Romeine 1:23. 454
2.2. Romeine 1:24. 456
2.3. Romeine 1:25. 459
2.4. Romeine 1:26. 460
2.5. Romeine 1:27. 464
**3. Romeine 1:18-27 in die breër konteks van Romeine** 471
3.1. Romeine 1:32 – die oordeel van die dood. 476
**4. ‘n Sosio-etiek in die gemeente van Rome.** 478
**5. Vryheid en grense.** 482
**4. ‘n Beoordeling** 485

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

**Hoofstuk 10**
**Die Skrif as hermeneutiese sleutel: Pauliniese en Deutero-Pauliniese Getuienis – Korintiërs en Timoteus.** 487

**1. 1 Kor 6:9-11 en 1 Tim:8-10 binne die antropologie van die destydse Mediterreense mens.** 488
**2. 1 Kor 6:9-11 en 1 Tim 1:8-10 as eksegetiese perspektief.** 497
2.1. Die sondelyste van 1 Kor 5 en 6. 497
2.2. Spesifieke verwysing na homoseksuele praktyke in 1 Kor 6:9-11 en 1 Tim 1:8-10. 502
2.2.1. Begripsontleding 503
2.2.2. Die betekenis van malakov". 507
2.2.3. Die betekenis van ajrsenokoivth". 513
2.3. Is hier sprake van homoseksuele perversiteit? 524
**3. 'n Etiek kragtens die sosio-historiese konteks.** 525
3.1. Die wet word gehandhaaf. 526
3.2. Hoewel die wet bly, kom verlossing deur geloof. 527
3.3. Daarom is daar grense. 530
3.4. Jou lewenswyse verklaar jou identiteit. 533
**4. 'n Beoordeling.** 535

**Om saam te vat** 537
**To Conclude** 554
**Sleutelterme** 557
**'n Slot Opmerking** 559
**A Final Word** 560
**Artikel – Permanente Homoseksuele verhoudings van liefde en trou** 561
**Literatuuverwysings** 575

**Bronnelys** 578

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA
University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)



# Verantwoording

In die Nederduitse Gereformeerde Kerk is die debat rakende homoseksuele verhoudings 'n emosionele saak. Die Algemene Sinodes van 2002 en 2004 het van die Algemene Sinode van 1986 se standpunt rakende homoseksuele praktyke weg beweeg. Daar is feitlik nie een streeksinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk wat nie al die saak van homoseksuele verhoudings gedebatteer het nie. In feitlik geen gemeente word daar nie emosionele debatte oor die saak gevoer nie. In Suid-Afrika is daar reeds drie boeke met verskeie standpunte (deur predikante van die Nederduitse Gereformeerde Kerk) wat oor hierdie saak handel, gepubliseer. In die nuusblaaie word gereeld berigte wat die hele vraagstuk van homoseksuele verhoudings op die voorgrond plaas, gevind. Dikwels word van predikantskinders óf van predikante wat homoseksueel is, berig. Die verhale van ouers met homoseksuele kinders is ook nuuswaardig. Net so word ook soms berig dat die Nerderduitse Gereformeerde Kerk oor homoseksuele huwelike tot 'n skeuring kan kom.

Hierdie studie fokus op die homoseksualiteitsdebat in die Nederduitse Gereformeerde Kerk, wat sy wortels in die Gereformeerde Kerke in Nederland het. Laasgenoemde is die kerk wat algemeen aanvaar word as die "moeder" van die Nederduitse Gereformeerde Kerk. Daarom sal die dokumente wat die pro-gay standpunt uit hierdie twee kerke bevat, as kerndokumente gebruik word. In breër internasionale konteks word die bronne van Boswell en Scroggs ook gebruik, aangesien dit die twee hoofrolspelers is waarop die Suid-Afrikaanse pro-gay teoloë hulself beroep. Die implikasie hiervan is dat die gebruik van bronne in 'n sekere sin beperk word tot bogenoemde groeperinge.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA
University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)


Dit is wel belangrik om kennis te neem dat dit nie nét 'n plaaslike debat is nie, maar ook 'n internasionale debat wat veral in Protestantse kerke gevoer word. Dit is 'n debat wat op die voorgrond geplaas is toe die Gereformeerde Kerke in Nederland in 1980 besluit het dat homoseksuele huwelike kerklik ingeseën kan word. Dit is 'n debat waar daar, in hierdie klein groep protestantse kerke, nog geen eenstemmige besluit (soos oor rassisme en apartheid) geneem is nie.

**Uiteenlopende standpunte wat met passie beredeneer word**

'n Ander belangrike aspek wat in die debat in Suid-Afrika én wêreldwyd in ag geneem moet word, is dat daar onder Christene en teoloë uiteenlopende standpunte is. Standpunte word met passie en oortuiging gestel, standpunte wat die anderkant dikwels met etikettering in 'n swak lig plaas. Aan die eenkant word diegene wat nie ten gunste van homoseksuele verhoudings is nie, dikwels as fundamentaliste, homofobies, eksklusief, liefdeloos, onverdraagsaam en ondemokraties afgemaak. Hulle word dikwels daarvan beskuldig dat hulle van die homoseksualiteitsdebat 'n belangriker saak maak as wat dit behoort te wees. As motivering word dan gestel dat daar ander sake in die land en wêreld is wat groter aandag vra (soos armoede, kerkeenheid, VIGS ens). Hierdie groep word ook dikwels beskuldig dat hulle geweld teen homoseksuele persone aanwakker.

Aan die anderkant word voorstanders van homoseksuele verhoudings weer as liberaal geëtiketteer. Hierdie groep word as swak teoloë afgemaak. Dit is die groep wat agter die tydsgees aanloop, sekulêr is, toegee aan politieke druk, 'n Bybelse moraliteit ignoreer en nie op Skriftuurlike beginsels uitsprake maak of teologie bedryf nie. Dit is daardie Christene wat die Skrif dikwels relativeer

tot 'n tweede rangse gespreksgenoot. Hulle manipuleer die gesprek deur homoseksuele persone in kerklike debatte in te bring, om hierdeur behoudende teoloë te indoktrineer aangesien laasgenoemde nie die vrymoedigheid het om "seermaak" argumente op die tafel te sit nie. Die vrymoedigheid van behoudende teoloë word daarom deur emosionele manipulasie in die debat ingeperk.

**Uiteenlopende standpunte rakende die plek en gesag van die Skrif in die debat**

Die ironie is dat albei hierdie groepe hulle op die Skrif beroep (om hul standpunte te verdedig):

1. Aan die een kant is diegene wat die Skrif woordeliks as 'n handboek rakende homoseksualiteit gebruik, en daarom glo dat alle homoseksuele persone hulle eers moet bekeer, anders gaan hulle hel toe. Bekering sal outomaties daartoe lei dat hierdie persone 'n heteroseksuele leefstyl sal begin volg.
2. Dan is daar weer diegene wat sal sê dat die Skrif die kanon is, dat die wetenskap en ervaring insig vir die homoseksuele persoon se dilemma gee, maar dat laasgenoemde twee wetenskaplike rolspelers in die debat, nie die Skrif rakende moraliteit kan veto nie.
3. 'n Ander groep gebruik die liefdesbeginsel van die Skrif wat volgens hulle impliseer dat daar geen verskil tussen hetero- en homoseksuele verhoudings kan wees nie. Die liefdesbeginsel is inklusief en nie eksklusief nie.
4. Nog 'n groep erken die rol van die Skrif, maar dui op analoë voorbeelde wat in die Skrif voorkom en vandag nie meer gebruik word nie. Die Skrif word só onder verdenking gebring wat daarop neerkom dat die wetenskap en ervaring die reg het om die Skrif in hierdie debat te veto.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA
University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

5. Daar is ook die groep wat beweer dat die Skrif nié die vorm van homoseksualiteit wat vandag bestaan / voorkom, geken het nie. Daarom kan die Skrif nie ‘n uitspraak oor homoseksuele verhoudings en –huwelike maak nie.

Daar is ook ‘n verskil in die wyse waarop die verskillende groepe die sosiale- en natuurwetenskappe in die debat aanwend.

**Uiteenlopende standpunte rakende die plek van die sosiale- en natuurwetenskappe in die debat**

Die standpunte kan as volg beskryf word:

1. ’n Mens kan nie homoseksueel gebore word nie. Diegene wat hul op die wetenskap beroep, interpreteer die statistiese bewyse sodat dit hulle pas. Die debat is afgesluit.
2. Ons leef in ’n gebroke werklikheid wat impliseer dat mense wél as homoseksueles gebore kan word. Die wetenskap sou daarom kon bewys dat mense ‘n homoseksuele oriëntasie sou kon hê. Die plek wat die Skrif in die debat speel word daarom problematies. Daar behoort ‘n onderskeid te wees tussen oriëntasie en gedrag.
3. Dit is ’n wetenskaplike feit dat mense homoseksueel gebore kan word. Daarom moet die Skrif herinterpreteer word, sodat mense met ’n homoseksuele oriëntasie in homoseksuele verhoudings betrokke kan raak en selfs kan trou.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA
University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

**Die metodiek wat gevolg word**

In die eerste plek is dit te gekompliseerd om die verskillende interpretasies in hul onderskeie kategorië as afsonderlike entiteite te beredeneer. Dit sou tot verwarring lei. In die beredenering van die debat sal daar slegs twee kante gestel word, dit is die pro-gay groep ten opsigte van homoseksuele verhoudings en –huwelike, en die groep wat nie ten gunste van homoseksuele verhoudings- en huwelike is nie. Onder elke groepering sal die verskillende argumente tot ‘n eenheid saamgevoeg word. Die rede hiervoor is dat dit makliker is om die debat dan in geheel te volg.

Vervolgens sal ek poog om die homoseksualiteitsdebat soos dit in die Nederduitse Gereformeerde Kerk gevoer word, in sy totaliteit op die tafel te plaas. Die onderskeie hermeneutiese sleutels sal ook hanteer word. Sake wat aangeraak word, handel dus oor die antieke- en die kerkgeskiedenis, die rol van die wetenskap en ervaring, die tydsgees waarbinne die Kerk vandag bedien, die gesag van die Skrif sowel as verskeie Skriftuurlike aspekte wat in hierdie debat op die tafel geplaas is. Onder die Skriftuurlike aspekte wat hermeneuties ondersoek sal word, is onder andere die vraag of die Skrif enigsins gebruik kan word om ’n antwoord op die vraag na homoseksuele verhoudings en –huwelike te gee. Verder ook die Skriftuurlike siening van seksualiteit, die getuienis van die Ou Testament, die getuienis van die bediening van Jesus sowel as die Pauliniese en Deutero-Pauliniese getuienisse.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA
University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

## **'n Sensitiewe blootstelling**

Met die aanpak van hierdie studie stel ek myself bloot vir kritiek en emosionele aftakeling. Nogtans het ek 'n innerlike passie beleef om hierdie studie aan te pak en af te handel. Een van die redes is dat daar by sommige lidmate die persepsie bestaan dat die Kerk dikwels die morele doelpale in ooreenstemming met die tydsgees verskuif. Tweedens handel die debat oor dit wat vir die gereformeerde erfenis baie kosbaar is, nl die Skrif, sy gesag en die interpretasie daarvan. Vervolgens gaan die debat oor twee belangrike aspekte van die Christelike getuienis en lewe. Dit is die gelowige se liefde vir God (vertikale liefde) en sy liefde vir die naaste (horisontale liefde). Laastens is die debat vir die Nederduitse Gereformeerde Kerk krities, aangesien beide groeperinge in die debat die Kerk druk om tot 'n finale besluit te kom.

Dr Jorrie Potgieter
Dinsdag, 05 Julie 2005

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

"Aangzien dan Uwe Keizerlijke Majesteit en Uwe Hoogheden een eenvoudige antwoord verlangen, zo wil ik een eenvoudig antwoord, zonder omwegen, geven:
Tenzij ik door getuienissen der Schrift of duidelijke argumente overwonnen word – want ik geloof noch de pous noch de concilies alleen, omdat het zonneklaar is dat zij dikwijls hebben gedwaald en zichzelf tegengesproken – ben ik overwonnen door en doormij aangehaalde Heilige Schriften en mijnen geweten is gevangen in Gods Woord. Herroepen kan ik niets en wil ik niets, omdat het onzeker en gevaarlijk is tegen zijn geweten te handelen.
God helpe mijn.
Amen"

Martin Luther – Verskyning voor die Keiser te Worms 1521

- Dankbaar WF (1974:114)-

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

"Aangesien u as regeerder van die land,
en ander regerende leiers dan van my 'n
eenvoudige antwoord verwag, gee ek dit
nou:
Tensy ek deur die getuienis van die Skrif
oortuig kan word
– want ek glo nóg die kerkleiers, nóg
besluite van sinodes, ringe en kerkrade
–
omdat dié al té dikwels gedwaal en hul
eie besluite weerspreek het –
word ek slegs oortuig deur dit wat in die
Heilige Skrif as God se Woord vir mý,
staan. My gewete word deur die Woord
van God vasgevang.
Ek kan en wil niks herroep wat ek glo nie,
omdat dit gevaarlik is om teen my gewete
op te tree.
God help my.
Amen"

Martin Luther - Verskyning voor die Keiser te Worms 1521

\- Dankbaar WF (1974:114) –

(Eietydse vertaling deur J Potgieter)

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)


# 1.

# 'n Hermeneutiese probleem in die debat oor Homoseksualiteit

"The greatest crisis facing the church today is the dispute about homosexual practice.
No other issue has so consumed mainline denominations for the past thirty years
or holds a greater potential for splitting these denominations"

**- Robert AJ Gagnon -**

In 1986 het die **Algemene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk** (hierna aangedui as NGK) 'n standpunt oor homoseksualiteit geneem wat vandag in Suid-Afrika redelike debat uitlok. Volgens een van hierdie aanbevelings wat toé aanvaar is, is homoseksuele praktyke en homoseksuele verhoudings in stryd met die wil van God soos dit in die Skrif geopenbaar word. Dit is 'n afwykende vorm van seksualiteit. [1] In 2002 se Algemene Sinode word egter besluit dat die NGK nie langer met 1986 se besluit kan volstaan nie. Die Algemene Kommissie vir Leer en Aktuele Sake word versoek om 'n grondige teologies-etiese studie oor homoseksualiteit te doen.[2] Dit word gevolg deur die 2004 besluit van die Algemene Sinode te Hartenbos. Hiervolgens erken die sinode dat daar in die kerk verskillende vertolkings is van die beskikbare Skrifgegewens oor homoseksualiteit. Erkenning word verder gegee dat daar verskillende vorme van seksuele oriëntasies is (die implikasie hiervan is dat homoseksualiteit 'n normale vorm van seksualiteit naas heteroseksualiteit is - JP). Die onderneming word gegee om voort te gaan met die studie oor wat die Skrif oor homoseksuele

[1] Handelinge Algemene Sinode, **Homoseksualiteit: Wat sê die Kerk?**, p 363, 672, Kaapstad, 14-25 Oktober 1986.
[2] Handelinge Algemene Sinode, **Homoseksualiteit**, p 504, Pretoria, 13-19 Oktober 2002,

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

verhoudings sê. Dit bevestig dat sowel heteroseksuele as homoseksuele promiskuïteit ten sterkste veroordeel word.[3]

Die implikasie van die 2002 en 2004 besluite is dat die 1986 besluit nie 'n deeglik teologies-etiese besluit was nie. Dit kan egter ook wees dat daar onder sommige NGK-teoloë in die interpretasie van wat die Skrif oor homoseksualiteit sê, 'n verandering gekom het.

Hierdie verskuiwing van standpunt is die motivering vir die studie. Aanvanklik (1986) was daar nie veel teologiese debat oor die standpunt van die NGK oor homoseksualiteit nie. Die debat in die media en op streek Sinodes van die NGK, sowel as op die Algemene Sinode van die Kerk, dui daarop dat daar sedert 1986 tot vandag "iets" moes gebeur het wat aanleiding gegee het dat sommige teoloë nie meer die 1986 standpunt geredelik aanvaar nie.

As deel van hierdie studie is dokumente van die Kommissie vir Leer en Aktuele Sake van die NGK se Algemene Sinode sowel as meegaande koerantuitknipsels uit hierdie kantoor oor die debat, deurgewerk. Dit behels ongeveer 2000 bladsye van dokumente waaronder briewe, kommissie verslae en ander primêre sowel as sekondêre dokumente.

Uit die deurwerk van bogenoemde dokumente het dit met tyd geblyk dat daar 'n hermeneutiese vraagstuk op die tafel geplaas is deur die metodiek waarvolgens sommige teoloë met die Skrif te werk gaan sodat die gevolgtrekking gemaak kan word dat homoseksuele huwelike en – verhoudings Skriftuurlik is. Daarom is dit belangrik om vas te stel wat die

[3] Handeling van die Algemene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk, P 302, [Hartenbos] 10-15 Oktober 2004; **C.10.3. Leer en Aktueel: Parallelle sessie: Homoseksualiteit**, www.ngkerk.org.za.AlgSinode/Handelinge. Is die implikasie van hierdie besluit dat homoseksuele verhoudings waar promiskuïteit nie ter sprake is nie, in lyn met die Skrif is?

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

verskillende voorveronderstellings is wat daartoe aanleiding gee dat tot sò 'n gevolgtrekking gekom kan word. Die benadering van teoloë wat ten gunste van homoseksuele verhoudings en –huwelike is, behoort dus geïdentifiseer te word.

In hierdie hoofstuk sal gepoog word om vas te stel watter elemente in die hermeneutiek sommige teoloë en rolspelers gemotiveer het tot die soeke na 'n nuwe standpunt binne die NGK oor homoseksualiteit. Daarom kan hierdie hoofstuk, in 'n sekere sin, ook gesien word as die afbakening van hierdie studie.

## 1. Dis 'n hermeneutiese vraagstuk

**Witherington III** dui aan dat daar sedert 1968 'n skuif in die hermeneutiek onder teoloë gekom het. Albert Outler het toe voorgestel dat vier beginsels behoort te geld wanneer die Kerk wil vasstel wat die Skrif sê. Hierdie vier beginsels is: die *Skrif*, die *tradisie*, die *rede (of wetenskap*) en laastens die *ervaring van die mense* wat betrokke is.[4] Dit is opmerklik dat die Kommissie van Leer en Aktuele Sake van die Sinode van Suid- en Wes-Kaapland in hul hantering van die homoseksuele vraagstuk onder die opskrif **"'n Gereformeerde Hermeneutiek"** 'n soortgelyke voorveronderstelling vir die hermeneutiek gee. Die uitlegbeginsels wat geld (volgens die Kommissie) vanuit respek vir die Skrif is eerstens wat die ***kultuurkonteks*** van die teksgedeelte is. Tweedens moet gekyk word na die ***tekstuele konteks*** van die gedeelte en laastens moet gekyk word na wat die ***konteks van vandag*** is.[5] In 'n verskuiwing van sy oorspronklike standpunt rakende homoseksualiteit, gebruik **AB du Toit** dieselfde vier norme as 'n kriteria vir

---

[4] Witherington Be, **Eros defiles or Eros Defended** p1, Ongedateer en ongepubliseer.
[5] Verslag van die Kommissie vir Leer en Aktuele Sake van die Nederduitse Gereformeerde Kerk Suid- en Wes-Kaapland**, Pastoraat aan die Homoseksuele Persoon**, p 11-12, Ongepubliseer, 1999.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)


'n gereformeerde hermeneutiek.[6] Dit is daarom nie verrassend dat die Gereformeerde Kerke in Nederland (hierna aangedui as GKN) in 1971 verduidelik dat hul 'n multidissiplinêre benadering volg in hul hermeneutiek.[7]

Binne bogenoemde konteks stel **Gelowig en Gay?** dat daar van 'n ***kontemporêre hermeneutiek*** gebruik gemaak moet word wanneer Christene oor homoseksualiteit nadink[8] In hierdie hoofstuk word na 'n antwoord na wat hierdie kontemporêre hermeneutiek is, gesoek.

In 'n skrywe aan die voorsitter van die Kommissie vir Leer en Aktuele Sake van die Algemene Sinode, stel dr Ben Du Toit voor dat sekere stellings tydens 'n kommissievergadering bespreek behoort te word. Stelling 5 is dat die hermeneutiese proses altyd onderworpe is aan **subjektiewe keuses**.[9] Dit is juis laasgenoemde stelling wat 'n studie soos hierdie relevant maak. Daar behoort riglyne vir die "intersubjektiewe" gesprek geformuleer te word. Die vraag na die funksie van die Skrif is noodsaaklik in sò 'n gesprek waar subjektiwisme ter sprake is. Die vraag na watter hermeneutiese sleutels mekaar in die gesprek kan veto is ter sprake. Daarom is die vraag of daar wel hermeneutiese sleutels is, wat die uitsprake van die Skrif kan veto, uiters belangrik.

Vir 'n sinvolle studie sal nie net na die debat binne die NGK gekyk word nie, maar ook hoe hierdie debat destyds binne die sogenaamde "Moeder" van die NGK, die GKN ontwikkel het. Die rede hiervoor is voor die hand liggend. Nie alleen is dit dié Kerk waarbinne die NGK haar wortels het nie, maar as

---

[6] Du Toit AB, **Paul, Homosexuality and Christian Ethics -** Neotestamentica et Philonica – Studies in honor of Peder Borgen, p 104, [Koninklike Brill NV], Leiden 2003.

[7] Rapport aan de Generale Synode van Dordrecht **Over mensen die homofiel zijn**, p 3, Dordrecht Desember 1971.

[8] Anthonissen Carel en Oberholzer Pieter, **Gelowig en gay?**, p 120, [Lux Verbi.BM], Wellington 2001.

[9] Du Toit Ben, **Brief in die Burger**, 4 Desember 2003.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)


UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

gereformeerde kerk het die GKN reeds in 1980 toestemming gegee dat homoseksuele persone met mekaar in die huwelik mag tree.

## 2. 'n Progressiewe ontwikkeling binne die Kerk rakende homoseksualiteit

In 1981 beskryf die Kommissie vir Kerk en Teologie van die GKN aan die Sinode van Bentheim die historiese ontwikkeling in die debat. Volgens hierdie verslag begin die debat binne die GKN reeds in 1967. Die Generale Sinode van Amsterdam het toe in 'n pastorale brief só geskryf:

> "One may not be unaware of the need, but neither should one condone the sin".

Die Generale Sinode van Sneek (1969) hou 'n geleentheid waarin openlike debat oor dié saak plaasvind. 'n Beroep word op lidmate gedoen om oop te wees vir die sensitiewe aard van die probleem rakende homoseksualiteit. Kerkrade word versoek om misverstande en voorveronderstellings teen homoseksuele Christene uit die weg te ruim. In die 1971 Sinode te Dordrecht word 'n verslag vanuit 'n pastorale en psigiatriese perspektief gegee. Sedert 1971 gaan die GKN in 'n teologiese rigting waarbinne die Kerk nie 'n duidelike "nee" kan sê vir homoseksuele praktyke nie. Vir 8-jaar is daar 'n teologiese stilte oor hierdie saak, maar in 1979 spat die vonke tydens die Generale Sinode van Delft. Konflik het veral ontstaan oor die vraag of mense met 'n "homoseksuele disposisie" die nagmaal mag gebruik.[10] Dit word opgevolg deur die besluit van die GKN dat mense met 'n homoseksuele disposisie toegelaat word om met die seën van die Kerk met mense van dieselfde geslag in die huwelik te tree. In die GKN se boekie oor hierdie saak wat in 1983 gepubliseer is, **In Liefde Trouw Zijn**, word gestel dat hul vertrekpunt 'n pastorale handleiding is oor Bybelse uitgangspunte vir

[10] Report of the Commission on Church and Theology to the General Synod of the Reformed Churches in the Netherlands, p1, Bentheim 1981.

norme wat in 'n huwelik hoort. Vier norme is geïdentifiseer waarvolgens 'n huwelik tot stand behoort te kom. Die waardes is:

- Wederkerigheid
- Vryheid
- Duursaamheid
- Veiligheid

Die GKN se gevolgtrekking is dan dat wanneer hierdie waardes in 'n liefdesverhouding tussen mense van dieselfde geslag voorkom, hierdie mense in die Kerk voor God in die huwelik kan tree.[11]

Die besluit van die GKN het nie die einde van die debat in die Nederlandse kerke beteken nie. Hoewel aldrie die Samen op Weg-kerken (GKN, Evangelies-Lutherse Kerk – ELK - en die Nederlandse Hervormde Kerk - NHK) aanvanklik homoseksuele huwelike as onskriftuurlik gesien het, het die situasie (onder die invloed van GKN) in die negentigerjare aansienlik verander. In 1997 behandel die Werkgroep Kerkorde van die drie kerke artikel 3, ordinansie 5 van die gesamentlike kerkorde. Punt 9 van artikel 3, ordinansie 5 lui:

> "De kerkenraad kan – na beraad in de gemeente – beslissen dat ook een andere levensverbintenis in het midde van de gemeente kan worden gezegend".[12]

Hoewel die GKN homoseksuele huwelike kerklik inseën en die ELK weer "homoseksuele levensverbintenisse" kerklik inseën[13], het die gesamentlike sinode van die drie kerke hiermee vasgeval. Die rede hiervoor is dat die Nederlandse Hervormde Kerk homoseksuele huwelike en verhoudings afkeur

---

[11] Gereformeerde Kerken in Nederland, **In Liefde Trouw Zijn**, p 33, (Centrum voor de Nederlandse Hervormde Kerk, Drieberge) 1983.
[12] **Kerkinformatie**, p 5-6, Maart 1997. Kerkinformatie is die amptelike Nuusblad van die Samen op Weg-kerke.
[13] **Kerkinformatie**, p 6 junie 1995; **Kerkinformatie**, p 8 julie/aug 1995; **Kerkinformatie**, p 4 december 1995.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

en selfs tug sou kon toepas teen persone wat in homoseksuele verhoudings leef. Daar was ook vrees dat die huwelik gedevalueer word.[14]

Die historiese en teologiese verloop van die homoseksualiteits debat in die NGK het verbasende ooreenkomste met dié van die GKN. In sy verslag aan die 1999 Sinode van Suid- en Wes Kaapland berig die Kommissie vir Leer en Aktuele Sake van dié Sinode dat 'n gemeente van Beaufort-Wes navraag oor Christene met 'n homoseksuele oriëntasie en hul plek binne die NGK, gedoen het. Die besluit wat die 1995 Sinode geneem het was dat daar opnuut en indringend besin moet word oor die pastoraat aan homoseksuele persone. Pastorale riglyne moes onmiddellik ontwikkel word om predikante in hul bediening te help om in die Gees van Christus met homoseksuele lidmate om te gaan.[15] Die Sinode kies in 1999 vir 'n verantwoordelike etiese standpunt wat aan die een kant waak *teen* 'n dualistiese skeiding tussen die homoseksuele persoon en sy/haar homoseksuele handeling of gedrag. Verder word ook vir 'n pastorale standpunt gekies wat rekening hou met die etiese en normatiewe dimensie van menslike gedrag en wat poog om, in terme van die homoseksuele persoon se status in Christus, so 'n persoon op 'n sensitiewe wyse te begelei tot 'n lewe voor God en tot geloofsvolwassenheid.[16]

Wat die tradisie binne die wêreldkerk betref, haal die kommissie prof **John Boswell,** 'n homoseksueel en historikus aan die Yale Universiteit, aan. Volgens hom was die vroeë Kerk altyd verdraagsaam teenoor homoseksuele

[14] NHK boekje **Homoseksualiteit. Rapport, discussie, besluitvorming**, 1991.
[15] Verslag van die Kommissie vir Leer en Aktuele Sake van die Nederduitse Gereformeerde Kerk Suid- en Wes-Kaapland**, Pastoraat aan die Homoseksuele Persoon**, p 1, Ongepubliseer, 1999.
[16] Verslag van die Kommissie vir Leer en Aktuele Sake van die Nederduitse Gereformeerde Kerk Suid- en Wes-Kaapland**, Pastoraat aan die Homoseksuele Persoon**, p 18, Ongepubliseer, 1999.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)


verhoudings[17]. Die kerk kom uit die Griekse en Romeinse kulture wat homoseksuele praktyke as deel van hulle kultuur gesien het. Dit was in die destydse beskawings slegs dinge soos heteroseksuele en homoseksuele verkragtings wat deur die samelewing afgewys is. As kinders van hul tyd, het die vroeë Christene dieselfde verdraagsaamheid getoon. Hoewel daar tog gelowiges was wat in die vroeë Kerk afwykend teenoor homoseksualiteit was, was dit **enkele geïsoleerde gevalle** wat dit ook maar meestal teen sekere vorme van homoseksuele praktyke gehad het. Dit is eers na die twaalfde eeu dat die Kerk meer onverdraagsaam oor homoseksuele praktyke geword het. [18] Binne die konteks van die verstaan van Boswell se standpunt stel die Kommissie vir Leer en Aktuele Sake van die Sinode van Suid- en Wes-Kaapland vier pastorale riglyne voor:

- Dat daar in ootmoed met homoseksuele mense omgegaan moet word.
- Dat die homoseksuele Christen tot selfaanvaarding en heling begelei moet word.
- Dat die homoseksuele Christen gelei moet word tot 'n verantwoordelike lewe, en dat
- die Kerk luisterend op weg met die homoseksuele medemens moet wees.[19]

Die Verslag gaan verder van die uitgangspunt af uit dat sommige mense 'n "homoseksuele konstitusie" het. Daar is in die Skrif egter tekens van 'n "akkomodasiebeginsel" wanneer dit by huwelike kom. So word verwys na die poligame huwelik. Permissiwiteit en promiskuïteit onder homoseksuele

[17] Boswell John, Christianity, **Social tolerance and Homosexuality**, p 3, [The University of Chicago Press], Chicago and London, 1996.
[18] Anthonissen Carel en Oberholzer Pieter, **Gelowig en gay?**, p 66-67, [Lux Verbi.BM] Wellington 2001.
[19] Verslag van die Kommissie vir Leer en Aktuele Sake van die Nederduitse Gereformeerde Kerk Suid- en Wes-Kaapland**, Pastoraat aan die Homoseksuele Persoon**, p 19-22, Ongepubliseer, 1999.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)


mense word afgewys. Daar word gekies om nie 'n uitspraak te maak of die Skrif teen of vir 'n konstitutiewe homoseksualiteit is nie.[20]

Die voorlegging van hierdie kommissie vir Leer en Aktuele Sake van die Sinode van Suid- en Wes-Kaapland, het in die jare wat volg 'n roering binne die NGK veroorsaak. Dit word gevolg (in die vroeë 2000's) deur enkele ander Sinodes wat ook poog om besluite oor homoseksualiteit te kry. Onder hierdie Sinodes was: die Sinode van die NGK van Suid-Transvaal[21], die Sinode van die NGK van Oos-Transvaal[22], die 2002 Algemene Sinode, so ook die Sinode van Noord-Kaapland, [23]. Verskillende standpunte kom in hierdie verslae na vore. Die verdeeldheid binne die NGK oor hierdie saak word waarskynlik die duidelikste in die 2003 Sinode van die NGK van Oos-Transvaal geteken. Tydens beide die Sinodes van 2001 en 2003 is daar 'n "atmosfeer belaaide debat" waartydens emosies soms hoog loop.[24] Twee verslae dien voor die Sinode. Die een verslag is in lyn met die van die GKN en die NGK van Suid- en Wes-Kaapland se hantering van homoseksualiteit, maw 'n meer pastoraal-etiese verslag. Die tweede verslag is 'n meer eksegeties-pastorale verslag.[25] Op die ou einde besluit die Sinode om nie 'n standpunt in te neem nie, maar om die saak na die 2004 Algemene Sinode te verwys. Die Sinode besluit egter wel dat die manier waarop 'n persoon met 'n homoseksuele oriëntasie deur Christene hanteer behoort te word,

---

[20] Verslag van die Kommissie vir Leer en Aktuele Sake van die Nederduitse Gereformeerde Kerk Suid- en Wes-Kaapland**, Pastoraat aan die Homoseksuele Persoon**, p 22-23, Ongepubliseer, 1999.

[21] Sinode van die NGK van Suid-Transvaal, **Studieprojek: herbesinning oor die Kerk se standpunt met die oog op effektiewe pastorale uitreik na homoseksuele persone**, Ongepubliseer.

[22] Sinode van die NGK van Oos-Transvaal, **Homoseksualisme**, Ongepubliseer, 2001. Hierdie verslag was 'n letterlike weergawe van die verslag soos in 1999 by die Sinode van Suid- en Wes-Kaapland goedgekeur is. Sinode vergader vanaf 25-27 Februarie 2001.

[23] Verslag aan die Sinodale Kommissie vir Leer en Aktuele Sake – Sinode van Noord-Kaapland, **Homoseksualiteit: 'n Christelike Besinning**, Mei 2003.

[24] My persoonlike ervaring van die debatte tydens die twee Sinodes.

[25] Agenda Sinode van die NGK van Oos-Transvaal, **Homoseksualiteit – Verslag van Werkgroep Een** & **Homoseksualiteit – Verslag van Werkgroep Twee**, p 88-130, Pretoria, 24-27 Augustus 2003.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)


doelgerig op alle vlakke van die kerklike gemeenskap en veral gemeentes bespreek moet word. Vier riglyne word dan gegee waarvolgens hierdie gesprekke gevoer kan word naamlik:

- Simpatieke individuele gesprekke met homoseksuele lidmate;
- Gesprekke met familielede en huweliks- en of lewensmaats van homoseksuele persone;
- Groepsgesprek/ondersteuningsgroepe waaraan almal, hetero- en homoseksueel, kan deelneem; en laastens
- Gesprekke oor Skrifhantering.[26]

Vroeg in 2004 reël die Kommissie vir Leer en Aktuele Sake van die Sinode van Suid- en Wes-Kaapland 'n predikante byeenkoms waar daar nagedink sou word oor die hermeneutiek rakende die debat oor homoseksualiteit. Hierdie gesprek val die eerste aand vas as gevolg van die uiteenlopende standpunte. Dit blyk uit Ben du Toit (Gespreksleier) se opmerking op die tweede dag van die byeenkoms dat hy die vorige aand sleg geslaap het. Die besluite van die predikantegroep vir aanbeveling na die volgende Sinode van Suid- en Wes-Kaapland voer aan dat dit vir hulle duidelik is dat homoseksuele dade ***waaroor daar in die Bybel gepraat word***, as opstand teen God beskryf, en as sodanig as sonde beoordeel word. Daar is egter verskil van mening of hierdie uitsprake in die Bybel van ***toepassing is op homoseksuele mense wat in 'n permanente verhouding van liefde en trou staan*** (hierdie is 'n belangrike bewoording, aangesien die uiteindelike implikasie van sulke verhoudings die kerklike seën op homoseksuele huwelike is). Dan word, vir die eerste keer in kerklike kringe binne die NGK, erken dat daar in kerklike kringe wêreldwyd nie eenstemmigheid oor die hantering van homoseksuele Christene is nie. ***Die verskil in uitleg en toepassing van die Bybel in hierdie verband wys dit*.** Die kompleksiteit

[26] Handelinge van die Sinode van Oos-Transvaal, **Besluiteregister**, p 242-243, Pretoria 2003.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)


van die saak word ook deur die ***bio-psigo-sosiale*** bevindinge en standpunte in die onderskeie wetenskaplike dissiplines onderstreep.[27]

Dit is 'n belangrike ontwikkeling binne die debat in Suid-Afrika en veral die NGK. Vanuit die kerklike kring waar hierdie saak aanvanklik met redelike "duidelikheid" (ten gunste van homoseksuele verhoudings) op die tafel geplaas is, is daar nou groter versigtigheid. Hier word erken dat die saak 'n verdelende faktor binne die wêreld se kerkgemeenskap is. Op hierdie punt is dit belangrik om daarop te wys dat die Rooms Katolieke Kerk wat die grootste Kerk ter wêreld is, nie homoseksuele huwelike en –verhoudings as Skriftuurlik sien nie. Die Vatikaan sien die standpunt van 'n klein groep Protestantse Christene wat ten gunste van homoseksuele huwelike is, as 'n morele dilemma[28].

Tydens die Picardie-byeenkoms word ook erken dat daar nie eenstemmigheid oor die eksegetiese gevolgtrekkings binne die kerkgemeenskap is nie. In lyn met die Sinode van Oos-Transvaal word die bestaan van kernhomoseksualiteit egter gehandhaaf en word daar steeds uitgegaan van die perspektief dat die Bybelskrywers nie die "tipe homoseksualiteit" wat vandag op die tafel geplaas word, ken nie. Prof **Adrio König** het tydens die 2003 Sinode van Oos-Transvaal ook die vraag gevra of die Skrif nie eerder van 'n homoseksualiteit praat wat die Bybelskrywers nie geken het nie.[29]

---

[27] SKLAS Nederduitse Gereformeerde Kerk Wes-Kaap**, Finale besluit**, Picardie Gastehuis, 24-25 Maart 2004.

[28] Pous Johannes Paulus II, **Considerations Regarding Proposals to give legal recognition to unions between same sex persons,** vatican.mondomsearch.com. – amptelike webbladsy van die Vatikaan, Vatikaanstad, 28 Mei 2003.

[29] Sinode van die NGK van Oos-Transvaal, **Opmerking tydens debatvoering**, 24-27 Pretoria, Augustus 2003. vergelyk ook sy artikel oor homoseksualiteit in **Wat is reg? Weet iemand dalk?**, p85-100, [Lux Verbi.BM], Wellington, 2005.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

In 'n evaluering oor die proses, die volgende: Histories gesproke kan die progressiewe ontwikkeling wat tot die kerklike inseën van homoseksuele verhoudings en –huwelike lei (soos in die Gereformeerde Kerke in Nederland plaasgevind het) deur vyf fases aangedui word. Daar is duidelike ooreenkomste in die progressiewe ontwikkeling tussen die staat (politiek) en die kerk. Later in die hoofstuk meer hieroor.[30]

| | **Van Regeringskant** | **In die Kerke** |
|---|---|---|
| Fase 1 | Keur dit openlik af en straf oortreders. | Keur dit openlik af en plaas lidmate onder tug. |
| Fase 2 | Verdra. | Verdra. |
| Fase 3 | Stilswyende aanvaarding | Stilswyende aanvaarding. |
| Fase 4 | Openlike goedkeuring | Openlike goedkeuring. |
| Fase 5 | Wetlik erken. | Skriftuurlik verdedig en kerklik inseën. |

Daar is duidelike tekens van 'n progressiewe ontwikkeling sedert die laat 1960's begin 1970's tot vandag in die debat oor homoseksuele praktyke binne die twee Kerke wat as voorbeelde vir hierdie ondersoek geneem is. In hierdie proses word seksualiteit nuut gedefinieer, veral wanneer dit kom by die tradisionele siening in die Christelike moraliteit van wat **'n huwelik** (in terme van heteroseksualiteit) is. Tradisioneel is seksualiteit binne die Kerk in terme van manlik en vroulik gedefinieer. Later sal in meer detail gewys word hoedat daar vandag eerder gepraat word van drie ander tipes seksuele oriëntasies: Heteroseksueel, Biseksueel en Homoseksueel. Dit is belangrik om daarop te wys dat die vraagstuk rakende homoseksuele huwelike en –

[30] Van der Laan HL, **Mag de kerk homoseksuele levensverbintenissen inzegenen?**, p 11, [Uitgeverij Barnabas], Heerenveen, 2002. Die NGK is waarskynlik op dié stadium van die debat by fase 3 met sommige teoloë en lidmate alreeds by fase 5. Die Grondwetlike hof van Suid-Afrika het besluite geneem wat by fase 5 hoort.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)


verhoudings in wese onder 'n oorkoepelende tema van seksualiteit soos dit deur die Skrif hanteer word, val.

'n Vraag behoort gevra te word: Hoekom word gevra dat mense wat homoseksuele praktyke beoefen ingetrek moet word in die wetenskaplike teologisering oor hierdie saak? Het dit 'n empaties-pastorale motief (dit sou 'n eerbare motief wees), of is dit 'n strategie om te manipuleer (wat 'n oneerbare motief sou wees) sodat die kerk op die ou einde homoseksuele huwelike as in lyn met die Skrif sal sien?

Vir Protestantse en veral Gereformeerde Christene speel die Skrif tradisioneel 'n bepalende rol in die beoordeling van sake. Daarom is dit gepas om die vraag na die gesag van die Skrif op die tafel te plaas.

## 3. Die gesag van die Skrif en die rol wat die wetenskap in hierdie debat speel

Dit is belangrik om vas te stel watter gesag teoloë wat ten gunste van homoseksuele huwelike en –verhoudings is, aan die Skrif gee. Wat die Skrif vir 'n betrokke teoloog of individu is, bepaal die hermeneutiese metodiek waarmee met die Skrif omgegaan word. Die gesag wat aan die Skrif gegee word, is daarom 'n belangrike hermeneutiese sleutel.

Die Sinode van Haarlem (1973/75) het 'n werkgroep tot stand gebring wat moes kyk na die verhouding tussen die *kerk, teologie, die gemeente, wetenskap* en die *Skrif*. In 1978 word die opdrag tydens die Sinode van Zwolle ietwat gewysig om meer te fokus op die relevantheid, rol en die plek van die Skrifgesag in die algemeen. Die implikasies daarvan sou dan ook op die vraagstuk rakende homoseksuele verhoudings waar liefde en trou is (huwelike), van toepassing gemaak word. Dit lei tot die 1980 Sinode van

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Delft wat 'n verslag aanvaar oor hierdie onderwerp. Hierdie verslag is verwerk en in 1981 onder die titel **God met ons – over de aard van het Schriftgezag** gepubliseer.[31] Hierdie werk is belangrik, aangesien dit die grondslag vorm vir die hermeneutiek van die GKN in hul teologisering oor permanente homoseksuele verhoudings. Dit is ook die voorloper van **In liefde Trouw Zijn.** Dit verwerp die sogenaamde objektiewe waarheidsbegrip en kies vir 'n "relationele waarheidsbegrip". Dit beteken dat die mens die waarheid vind in sy verhouding (relasies) tussen die wisselwerking van die teorie en sy subjektiewe waarneming.[32] 'n Mens kan daarom die waarheid van God vind in die voortdurende werking van die Heilige Gees. Soos die Gees destyds mense geïnspireer het, sò inspireer die Gees vandag nog mense. Ons het nie nét te doen met die objektiewe inspirasie van die Gees (die Skrif) nie, maar die voortgaande subjektiewe inspirasie van die Heilige Gees soos sigbaar word in die voortdurende optrede van mense.[33] Die Skrif moet daarom **verstaan word as verhale oor God soos deur sy mense subjektief beleef is**. Die fokus skuif vanaf God se Woord vir die mens**, na die woorde van mense in hul belewing en ervaring van God**, met ander woorde, die Bybel is eerder 'n subjektiewe boek waarin die mens se nadenke oor God neergeskryf is. Dit sou nie korrek wees om aan die Skrif as die besondere openbaring te dink nie, en aan God se handeling buite die Skrif om as sy algemene openbaring nie:

---

[31] Werkgroep van die Generale Sinode van die Gereformeerde Kerke in Nederland, **God met ons – over de aard van het Schriftgezag**, p 3-4, [Kerkinformasie] Leusden, 1981.

[32] Werkgroep van die Generale Sinode van die Gereformeerde Kerke in Nederland, **God met ons – over de aard van het Schriftgezag**, p 5-11 , [Kerkinformasie] Leusden, 1981.

[33] Werkgroep van die Generale Sinode van die Gereformeerde Kerke in Nederland, **God met ons – over de aard van het Schriftgezag**, p 15 , [Kerkinformasie], Leusden, 1981.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

> "Het is omgekeerd: de zogenaamde bijzondere openbaring, het geloof in Gods bijzondere aanwesigheid, met name in Jesus' leven en handelen, is voor de christen het meest omvattende, meest algemene".[34]

Om die Skrif dus te laat praat is 'n deurdringende **histories-kritiese ondersoek** na die Skrif en spesifieke Skrifgedeeltes noodsaaklik.[35] Daarom word later die gevolgtrekking gemaak dat

> "De Bijbel biet ons geen kant en klare recepten om ons leven naar Gods wil te richten ... Wij zullen steeds weer moeten kiezen en kunnen dat alleen een verantwoorde manier doen in een voortdurende dialoog met de Geest der Schriften en met open voor elkaar".[36]

Binne hierdie paradigma debatteer **Prof Dan O Via**, emeritus prof in Nuwe Testament en tans van die St Paul's Memorial Church (Episkopaal) te Charlotte, Virginia in die VSA in 'n pro-gay standpunt, sy siening oor die gesag van die Skrif as volg:

> "... it should be noted that at points the canon gives us permission to question other canonical interpretations of God's design for the world and the moral governance of it".[37]

Die persepsie word dus geskep dat daar sekere sake is – ook wanneer die moreel-etiese aspekte, moraliteit of selfs seksualiteit ter sprake is, dat die tradisionele siening van die gesag van die Skrif nie meer van toepassing is nie.

---

[34] Werkgroep van die Generale Sinode van die Gereformeerde Kerke in Nederland, **God met ons – over de aard van het Schriftgezag**, p 20-21, [Kerkinformasie], Leusden, 1981.
[35] Werkgroep van die Generale Sinode van die Gereformeerde Kerke in Nederland, **God met ons – over de aard van het Schriftgezag**, p 24-41 , [Kerkinformasie], Leusden, 1981.
[36] Werkgroep van die Generale Sinode van die Gereformeerde Kerke in Nederland, **God met ons – over de aard van het Schriftgezag**, p 101, [Kerkinformasie], Leusden, 1981.
[37] Via Dan O & Gagnon Robert AJ, **Homosexuality and the Bible**, p 23, [Fortress Press], Minneapolis, 2003.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)


### 3.1. Die Wetenskap bring nuwe lig op die manier hoe Christene oor die Skrif nadink – Skrif onder suspisie

So word beweer dat daar by Gereformeerdes nog altyd 'n openheid in die proses van Skrifuitleg was, veral wanneer rekening gehou word met nuwe insigte wat van buite die Bybelwetenskappe kom. Hiermee saam was daar ook altyd die bereidwilligheid om hierdie nuwe insigte te akkommodeer selfs waar dit in stryd is met sekere voorwetenskaplike uitsprake van die Skrif.[38] Analoë voorbeelde van Skriftuurlike sienings en standpunte word genoem, wat vandag nie meer deur Christene en teoloë gehandhaaf word nie. Deur dit te doen word die suspisie geskep dat Skriftuurlike uitsprake rakende moraliteit en seksualiteit op dieselfde vlak val. Homoseksualiteit en homoseksuele huwelike en –verhoudings val, volgens hierdie siening, binne dieselfde groep[39]. Hierdie voorbeelde is:

- ✝ Seks met vroue wat menstrueer word deur die Skrif verbied, maar vandag sal huweliksmaats seksueel verkeer selfs al sou die vrou menstrueer.
- ✝ Die verbod op die eet van vleis wat onrein is word nie meer vandag deur Christengelowiges gehandhaaf nie.[40]
- ✝ Die Skrif leer dat mense wat moord pleeg doodgemaak behoort te word, maar in die samelewing van vandag word die doodstraf nie meer gehandhaaf nie.[41]
- ✝ Die Kerk was in die verlede vanuit die Skrif teen masturbasie, maar vandag word dit geredelik aanvaar.

---

[38] Sinode van die NGK van Suid-Transvaal, **Studieprojek: herbesinning oor die Kerk se standpunt met die oog op effektiewe pastorale uitreik na homoseksuele persone**, p 3, Ongepubliseer.

[39] Vergelyk ook 'n sarkastiese brief (waarskynlik denkbeeldige skrywer) wat in König se boek **Wat is reg? Weet iemand dalk?** Geplaas is (p 90-91).

[40] Rapport aan de Generale Synode van Dordrecht 1971/1972, **Over mensen die homofiel zijn**, p 16, Dordrecht, Desember 1971.

[41] Rapport aan de Generale Synode van Dordrecht 1971/1972, **Over mensen die homofiel zijn**, p 5, Dordrecht, Desember 1971.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

- ✝ Die kerk het oor eeue en millenniums geglo dat die aarde plat en die middelpunt van die skepping is. Wetenskaplike ontdekkings het veroorsaak dat Christene vandag glo dat die aarde rond en nie die middelpunt van die skepping is nie.
- ✝ Christene het in die verlede geglo dat die Skrif leer dat die vrou nie in die amp mag dien nie, maar vandag word hulle selfs predikante.[42]
- ✝ Die Skrif verbied egskeiding en die hertrou met iemand wat geskei is, maar vandag word dit nie meer gehandhaaf nie.
- ✝ Die Skrif verbied die vra van rente, maar ons is nie gekant dat ons geld teen rente belê word nie. [43]
- ✝ Die opdrag dat 'n vrou 'n hoofbedekking moet dra wanneer sy eredienste bywoon, wat vandag nie meer gehandhaaf word nie (1 Kor 11:5).[44]
- ✝ Die debat oor homoseksualiteit toon dieselfde tendense as sake soos slawerny, apartheid en vroueregte. Dinge wat die Kerk eers vanuit die Skrif gehandhaaf het, maar vandag nie meer as Skriftuurlik beskou nie.[45]
- ✝ Aanvanklik was die Kerk teen die leer van ewolusie, maar vandag word dit as gevolg van wetenskaplike ontdekkings, geredelik aanvaar.[46]

---

[42] Rapport aan de Generale Synode van Dordrecht 1971/1972, **Over mensen die homofiel zijn**, p 16, Dordrecht, Desember 1971.

[43] Webblad van die NG Gemeente Wynberg, **Homoseksualiteit**, www.ngkerkwynberg.co.za/homoseksualiteit.

[44] Verslag van die Kommissie vir Leer en Aktuele Sake van die Nederduitse Gereformeerde Kerk Suid- en Wes-Kaap**, Pastoraat aan die Homoseksuele Persoon**, p 10, Ongepubliseer, 1999.

[45] Verslag van die Kommissie vir Leer en Aktuele Sake van die Nederduitse Gereformeerde Kerk Suid- en Wes-Kaap**, Pastoraat aan die Homoseksuele Persoon**, p 9, Ongepubliseer, 1999.

[46] Verslag van die Sinode van die NG Kerk van Suid-Transvaal, **Studieprojek: Herbesinning oor die Kerk se standpunt met die oog op effektiewe pastorale uitreik na homoseksuele persone**, p3, ongedateer.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

- ✝ Psalm 137:7 doen 'n beroep op God om die goddelose met geweld te straf. Christene glo nie meer dat gewelddadige optredes 'n antwoord op onreg is nie.

(Bogenoemde voorbeelde sal onder 'n hoofstuk rakende die hermeneutiek van suspisie deeglik behandel word.) Die gevolgtrekking word dan gemaak dat die wetenskap die kerk help om die Skrif beter te verstaan. Die probleem binne die Christendom is dat die Skrif soms feitlik niks oor sekere sake sê nie, omdat dit sekere vraagstukke nie geken het nie.[47]

Dit is daarom nie vreemd dat die nuusbrief van die **Gereformeerde Ekumeniese Sinode** op 1 Februarie 1980 berig dat ds BJF Schoep van Groningen en voorsitter van die Kommissie vir Kerk en Teologie van die GKN wat die Generale Sinode gelei het om homoseksuele huwelike as Skriftuurlik te aanvaar, erken het dat die vertrekpunt van die GKN in sy besluit om homoseksuele lidmate te trou **nie die Skrif was nie**. Die rede hiervoor is die onderlinge verskille binne gereformeerde kringe oor wat die betrokke Skrifgedeeltes presies wil sê.[48]

Binne hierdie konteks word nou gesoek na hoe die wetenskap gebruik word in die homoseksualiteitsdebat.

---

[47] Gay & Lesbian Christian Outreach, **Christendom en Homoseksualiteit**, [Kalkbaai], 1998.

[48] RES NA, **Dutch Synod admits homosexual men and women to full membership**, 1 Februarie 1980.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

## 3.2. Wetenskaplike bevindinge wys dat die Skrif van 'n ander tipe homoseksualiteit praat as wat ons vandag ken

Vanuit sogenaamde wetenskaplike metodes wat vanaf psigiatrie, biologie tot by genetika strek word gepoog om die fenomeen van homoseksualiteit te beskryf. Verskillende begrippe wat in die debat gebruik word, dui op die ingewikkeldheid van die saak.

- **Homoseksualisme:** Dit is die ideologisering van 'n bepaalde seksuele oriëntasie as die ideaal – in dié geval die seksuele uitlewing van twee persone van dieselfde geslag. In ander gevalle word weer na Homoseksualisme as seks met mense van dieselfde geslag verwys. Die veronderstelling is dat hierdie seks nie noodwendig gepleeg word deur mense wat 'n voorkeur vir mense van dieselfde geslag het ('n gefikseerde homoseksuele oriëntasie) nie, maar deur heteroseksuele mense[49].
- **Pseudo-homoseksualiteit** Dit is daardie verskynsel waar heteroseksuele mense homoseksualiteit beoefen. Sulke vorme van homoseksualiteit kom voor waar mense eksperimenteer of weens omstandighede in situasies beland waar hulle homoseksuele dade pleeg, terwyl hulle in wese nie kernhomoseksueel is nie. Dit sou by hierdie mense wees waar later sogenaamde "rehabilitasie" van homoseksualiteit kon voorkom.
- **Ontwikkelings-homoseksualiteit:** Dit dui op kinders wat tydens hulle seksuele ontwaking met sekere homoseksuele praktyke eksperimenteer.

---

[49] SKLAS Nederduitse Gereformeerde Kerk Wes-Kaap**, Psigiater voordrag tydens bespreking en vrae**, Picardie Gastehuis, 24-25 Maart 2004.

- **Homoseksuele prostitusie:** Persone wat heteroseksueel is, laat hulle ter wille van finansiële gewin vir homoseksuele doeleindes misbruik.
- **Mode-homoseksualiteit**: Die neiging om allerlei sub-kulture aan te hang om "in-die-mode-te-wees", het heelwat jongmense al daartoe gelei om homoseksuele verhoudings aan te knoop.[50]
- **Homoseksuele mens:** Dit dui op die mens in sy totaliteit. Hier is meer ter sprake as net die seksuele disposisie van 'n persoon, maar al die multidimensionele fasette van die indiwidu[51]. Dit kan iemand wees wat onthouding toepas of periodiek of deurlopend seksueel aktief is.[52]
- **Homoseksualiteit**: Baie word gemaak dat die begrip "homoseksualiteit of homoseksueel" 'n relatiewe jong term is. Dit is eers in 1892 in Duitsland die eerste keer gebruik. Dit is nie afgelei van die Latyn *homo* (man) nie, maar vanuit die Grieks *homoios* (dieselfde) wat dus dui op 'n seksuele oriëntasie vir dieselfde geslag.[53]

Homoseksualiteit is dus eerder "vreemde seksualiteit" of "grys seksualiteit".[54] Dit is 'n manier van seksuele uitlewing en gee ruimte vir 'n "alternatief" op heteroseksualiteit. **Anthonissen en**

---

[50] Botha W, Februarie 2002, **Die Christen en homoseksualiteit**, p 4-5, Lesing gelewer vir die Sentrum vir Voortgesette Teologiese Opleiding van die Fakulteit Teologie van die Nederduitse Gereformeerde Kerk.
[51] Botha W, Februarie 2002, **Die Christen en homoseksualiteit**, p 3, Lesing gelewer vir die Sentrum vir Voortgesette Teologiese Opleiding van die Fakulteit Teologie van die Nederduitse Gereformeerde Kerk.
[52] Du Toit AB, ongedateer, **Die Kerk, Christenskap en Homoseksualisme,** p 2, ongepubliseerde artikel – Du Toit is emeritus professor in Nuwe Testamentiese Wetenskap aan die Universiteit van Pretoria.
[53] Via Dan O, **The Bible, the Church and Homosexuality**, 1, [Fortress Press, Minneapolis], 2003.
[54] Barnard Ralph, **Dis tyd dat Christene anders dink en praat oor seks**, p 84, 86, Hugenote Uitgewers 2000.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**Oberholzer**[55] verduidelik dat die begrippe homoseksualiteit en gay by hulle as wisselterme gebruik word. Hierdeur word op die manlike en vroulike (lesbiese) vorme van homoseksualiteit gedui (In Duits word daar verskillende begrippe gebruik wanneer na die vroulike vorme van homoseksualiteit verwys word, naamlik **Lesben** en **Schwulen**). Dit is daardie "seksuele oriëntasie" wat verwys na liefde, emosionele betrokkenheid, seksuele aangetrokkenheid en gedrag tussen mense van dieselfde geslag.[56] "Oriëntasie" of "disposisie" dui op 'n ***bio-psigo-sosiale toestand*** wat daartoe lei dat iemand hom of haarself as homoseksueel sien[57] Dit gaan dus daarom dat iemand se bestaanswerklikheid (eksistensiële gegewe) sò is dat die persoon hunker na iemand van dieselfde geslag[58]. Dit korreleer met die selfbeeld, selfverstaan en liggaamsbeeld van dié spesifieke persoon[59]. Dit is met ander woorde persone wat sê dat hulle nie dubbelslagtig gebore (interseks) is of later 'n geslagsverandering ondergaan het nie. Daar het niks met hulle as mense gebeur wat daartoe gelei het dat hulle "**gekies het"** om homoseksueel te wees, nie. Om homoseksueel te wees is deel van hulle konstitusie. Hierdie persone is tevrede om mans of vroue te wees, maar hunker na dieselfde geslag. Hulle is sò van geboorte af in dié sin dat dit 'n vrou in 'n man se liggaam is en andersom. Hierdie persone pleit dat die Christene sal verstaan dat hulle nie

---

[55] Oberholzer is 'n praktiserende homosekuele persoon wat sê dat hy "kernhomoseksueel" is. Hy het 'n langtermyn verhouding met 'n ander man (Fanie Zondag) en beskou hul verhouding as 'n huwelik.

[56] Anthonissen Carel en Oberholzer Pieter, **Gelowig en gay?**, p 35-36, [Lux Verbi.BM] Wellington 2001.

[57] SKLAS Nederduitse Gereformeerde Kerk Wes-Kaapland**, Psigiater voordrag tydens bespreking en vrae**, Picardie Gastehuis, 24-25 Maart 2004.

[58] Christian Reformed Church in North America, **Pastoral Care For Homosexual Members,**p 7-9, 1973/1999.

[59] Konsepverslag van die SKLAS kommissie vir voorlegging aan die Sinode van Wes-Kaap, **Homoseksualisme**, p 2, 1999.

losbandig leef soos heelwat ander homoseksuele persone nie. Net soos heteroseksuele mense permanente verhoudings het, het hierdie homoseksuele persone ook permanente verhoudings. Net soos daar by heteroseksuele persone losbandigheid voorkom, kom daar ook by homoseksuele persone losbandigheid na vore.[60]

- **Kern- of konstitusionele homoseksualiteit**: Dit word as die basiese vorm van homoseksualiteit gesien"[61]. Dit is 'n ander begrip wat in wese op dieselfde neerkom as wat onder die begrip "homoseksualiteit" beskryf is. Net so is die begrip "homofilie" ook 'n begrip wat feitlik op dieselfde as bogenoemde twee terme neerkom.
- **Homofilie**: Die GKN gee 'n breedvoerige verduideliking vir wat hulle onder homofilie verstaan. In **Over mensen die homofiel zijn (1971/1972)** word gestel dat ons hier met 'n spesiale vorm van seksualiteit te doen het. Homofilie word volgens hulle bokant homoseksualiteit verkies aangesien homoseksualiteit bloot net op die liggaamlike dui. Homofilie het as inhoud "homo" en "filia". Dit dui dus op "liefde" vir dieselfde geslag en is daarom bokant homoseksualiteit verkies. So word die seksualiteit nie as die enigste norm tussen twee mense van dieselfde geslag uitgelig nie, maar word ander belangrike aspekte van die persone se liefde vir mekaar ook op die tafel geplaas. Aspekte wat so na vore tree, is dit wat in enige verhouding van liefde na vore sou kom, naamlik kameraadskap, liefde, begrip en erotiek. Dit is die liefde vir die eie geslag – dit

---

[60] Werkgroep in verband met homoseksualiteit van die Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk van Oos-Transvaal, **Gesprek met die lidmate van die Reformerende Kerk en ander persone van homoseksuele oriëntasie**, Sinodehuis Pretoria, 28 Julie 2001.

[61] Du Toit AB, **Die Kerk, Christenskap en Homoseksualisme,** p 12, ongepubliseerde – Du Toit is emeritus professor in Nuwe Testamentiese Wetenskap aan die Universiteit van Pretoria.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)


is meer as homoseksualiteit aangesien dit meer as net die fisieke en seksuele aspekte omsluit, maar liefde in sy totaliteit, soos by heteroseksuele egpare gevind word. Die opstellers van die verslag skryf dan:

> "Maar homofilie is een verschijnsel dat zo diep ingrijpt in het leven van de mens, dat het niet te vergelijken is met linkshandigheid, dat geen gevolgen hoeft te hebben. Homofilie kan alleen met heterofilie, homosexualiteit kan alleen met hetrosexualiteit vergeleken worden".[62]

Ten diepste lê die gedagte daarin dat mense gebore word met 'n voorkeur vir liefde vir dieselfde geslag, weer eens dat die persoon se konstitusie dui op liefde vir iemand van dieselfde geslag.

✝ Daar is baie pogings aangewend deur verskillende wetenskaplikes uit beide die mens- en natuurwetenskappe met die hoop om aan te toon dat homoseksualiteit 'n wetenskaplik bewysbare fenomeen is. **Jones en Yarhouse** het 'n deeglike studie van al die verskillende navorsingspogings wat wêreldwyd gedoen is, oor die redes waarom iemand homoseksueel is, gemaak. Uit al hulle navorsing blyk dit dat 'n chromosoom gevind is wat nie seksuele oriëntasie veroorsaak nie, maar eerder sekere temperamentele en ander veranderlikes tot gevolg sou hê wat beteken dat die draer van daardie chromosoom meer aangetrokke tot iemand van dieselfde geslag sou wees (In 'n volgende hoofstuk sal die kwessie van chromosome, hormone, genetika, biologie en psigologie meer

[62] Kerk Informatie van de Gereformeerde Kerken in Nederland, **Over mensen die homofiel zijn,** p 4, Rapport aan de Generale Synode van Dordrecht 19971/1972.

breedvoerig hanteer word).[63] Tydens die Picardie-byeenkoms in 2004 verduidelik die psigiater wat die groep predikante moes inlig rakende wetenskaplike bevindings in verband met redes vir iemand se homoseksuele oriëntasie, dieselfde as wat Jones en Yarhouse berig. Dit dui egter nog nie onteenseglik daarop dat mense met 'n homoseksuele oriëntasie sò gebore word nie, maar dit wil "voorkom" asof wetenskaplike bevindings in daardie rigting ontwikkel.[64]

✝ **Homoseksuele Praktyke: Potgieter en Van Huyssteen** voeg 'n volgende definisie by, naamlik **homoseksuele praktyke**: Hiervolgens is daar 'n verskil tussen iemand wat homoseksueel (selfs al sou die persoon met 'n homoseksuele disposisie of oriëntasie) gebore word, en iemand wat homoseksuele praktyke beoefen. Nie alle homoseksuele persone beoefen homoseksuele praktyke nie.[65] Hierdie term dui op die beoefening van homoseks, dit wil sê, seks met persone van dieselfde geslag. Dit kan deur heteroseksuele persone sowel as homoseksuele persone beoefen word.

Uit die verskillende begripsbepalinge is dit duidelik dat dit geen eenvoudige saak is wat op die tafel geplaas word nie. Daar is baie vertakkings. Vanuit pro-gay groepe is daar self nie eenvormigheid in die gebruik van die onderskeie begrippe nie.

Enkele vrae en opmerkings rakende die rol wat die wetenskap en die Skrif in hierdie debat speel: Waarom sou dit vir sommige Christenteoloë belangrik

---

[63] Jones Stanton L, **Homosexuality – the use of scientific research in the church's moral debate**, p 81-82, [InterVarsity Press] Downers Grove, 2003.

[64] SKLAS Nederduitse Gereformeerde Kerk Suid-en-Wes-Kaapland**, Wetenskaplike Bevindings,** Picardie Gastehuis, 24-25 Maart 2004.

[65] Potgieter Jorrie en Van Huyssteen Fanie, **Homoseksualiteit in Perspektief – Hoop en heling uit die Bybel**, p 36, [Lux Verbi.BM] Wellington , 2002.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)


wees om 'n wetenskaplike rede te vind vir die voorkoms van 'n sogenaamde homoseksuele oriëntasie? Sou die wetenskaplike bewys van so 'n "geen" of "chromosoom" dan nie weer die debat terugvoer na die tyd toe homoseksuele oriëntasie as 'n "siekte" beskou is nie?[66]. Is die analoë voorbeelde wat vanuit die Skrif gebruik word relevante voorbeelde, of het hierdie voorbeelde met iets anders as Christelike moraliteit te make? Het die vraagstuk rakende homoseksuele huwelike en –verhoudings bloot net met "kliniese voorwetenskaplike kennis" van die destydse Bybelskrywers te make, of probeer daardie skrywers aan God se mense 'n sekere boodskap rakende moraliteit oordra? Kan morele vraagstukke net soos kultuur-historiese gebruike of destydse kennis van die wêreld hanteer word?

Is dit 'n korrekte aanname om te maak dat omdat die Skrif oënskynlik op sekere terreine selfkritiek toepas, dit die Kerk die reg sou gee om vanuit die wetenskaplike bevindings oor homoseksuele oriëntasie, die Skrif 'n tweederangse gespreksgenoot in die debat oor Christelike moraliteit te maak. Indien dit bewys sou word dat **pedofiele** ook 'n ***bio-psigo-sosiale*** oriëntasie het (om met kinders seksueel te verkeer), sou dit die verskynsel van pedofilie aanvaarbaar maak?[67] Indien nie, wat sou die verskil wees? Is daar dan nie 'n teenstrydigheid in die hermeneutiek wat gebruik word om homoseksuele huwelike te regverdig nie?

Die volgende afleidings kan uit die verskillende definisies gemaak word. Daar is basies drie vorme ter sprake: Die eerste is homoseksualisme wat die ideologisering daarvan is. Tweedens is 'n vorm van homoseksualiteit waar 'n persoon kies om sulke dade te beoefen. Dan is daar 'n derde groep, en dit is

[66] Na 'n radiodebat vroeg in 2003 tussen myself, prof Julian Muller en mnr Pieter Oberholzer op RSG (Oopgesprek), het Oberholzer tydens ons informele gesprekke na die radio debat oppad na ons motors 'n soortgelyke opmerking gemaak. Op daardie stadium het hy gesê hy het nie 'n "afwyking" wat wetenskaplik verklaar kan word nie. Dan sou hy mos "siek" wees. Hy is net inherent homoseksueel.

[67] Pedofiele stel dikwels dat hul voorliefde vir kinders buite hul beheer is. Dit is iets "binne in hulle" wat hul tot hierdie optrede dring.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

waar iemand se konstitusie homoseksueel is. Volgens die begripsbepaling het hierdie persone nie gekies om sò te wees nie, maar sou kon argumenteer, *"Ek is sò gebore en daarom is dit goed".* Onder hierdie groep sal verwys kan word na **homofilie**, **kernhomoseksualiteit, homoseksuele oriëntasie, homoseksuele disposisie** en **konstitusionele homoseksualiteit**. Vir die doel van hierdie studie sal hierdie begrippe as wisselterme gebruik word. Die begripsbepaling dui verder daarop dat sommige van die persone wat 'n sogenaamde kernhomoseksualiteit het, self sou kies om nie in 'n homoseksuele verhouding te tree nie. Alle mense wat konstitusionele homoseksualiteit het, beoefen nie homoseksuele praktyke nie, want sommige kies om selibaat te leef.[68] Onder die groep mense wat homoseksuele dade pleeg, sal sommige losbandig wees, terwyl ander weer nie losbandig is nie.

**Begripsbepaling:** Vir die doel van hierdie studie net die volgende begripsbepaling: In hierdie studie word dikwels na "homoseksuele verhoudings", of "homoseksuele verhoudings en –huwelike", of selfs "homoseksuele huwelike" verwys. Wanneer ek hierdie begrippe gebruik, verstaan ek daaronder na die "seksuele verhouding van liefde-en-trou tussen twee mense van dieselfde geslag soos in 'n huwelik". Ek verstaan onder 'n homoseksuele verhouding **dus nié** 'n intieme vriendskapsverhouding tussen twee persone van dieselfde geslag, waar daar selfs sprake van geesgenote is nie.

Wanneer daar oor die rol van die wetenskap en die Skrif nagedink word, is dit logies dat daar ook vasgestel behoort te word, presies hoe die Skrif eksegeties in die gesprek aan die woord gestel word.

[68] SKLAS Nederduitse Gereformeerde Kerk Suid- en Wes-Kaapland**,** 24-25 Maart 2004, **Getuienis van 'n homoseksuele persoon wat 'n ouderling in sy plaaslike NG Gemeente is**, Picardie Gastehuis.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Enkele opmerkings oor hoe die gesag van die Skrif in verhouding met sogenaamde wetenskaplike bevindinge hanteer word:

## 4. Die rol wat eksegese in die debat speel

Onder gelowiges wat die Skrif as kanoniek sien, sal die Skrif se riglyne, waardes en norme ten opsigte van moraliteit, bepalend in hul nadenke rakende homoseksuele huwelike en –verhoudings wees.

Daarom word erns gemaak met die Skrif as hermeneutiese sleutel. Sommige geleerdes beweer dat die Skrif nie veel oor homoseksualiteit sê nie. In die verslag van die Algemene Sinode se Kommissie vir Leer en Aktuele Sake (2002) word gestel dat die Skriftuurlike nadink oor hierdie probleem bemoeilik word deur die relatief min tekste wat op homoseksualiteit van toepassing is.[69] Dit ten spyte van die feit dat daar heelwat Skrifgedeeltes is wat die saak van seksualiteit in die algemeen aanraak, en homoseksuele praktyke as 'n subtema aanspreek (Lev 18-20 en 1 Kor 5-7). Vir die doel van hierdie hoofstuk sal die betrokke Skrifgedeeltes wat spesifiek na homoseksuele praktyke verwys, gemeld word. Daarmee saam sal 'n kort eksegetiese verklaring (wat deur teoloë wat ten gunste van homoseksuele huwelike en –verhoudings is), gegee word:

- ✝ **Gen 19 -** Sodom en Gomorra handel oor verkragting en 'n gebrek aan gasvryheid.
- ✝ **Rigt 19 -** Hierdie verhaal handel ook oor verkragting en 'n gebrek aan gasvryheid.
- ✝ **Deut 22:5** Dit dui nie op kernhomoseksualiteit nie.
- ✝ **Deut 23:17-18** - Daar het iets bestaan soos tempelprostitusie en per implikasie ook tempel-homoseksualiteit.

[69] Agenda Algemene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk, **Homoseksualiteit**, p 247, Pretoria, 13-19 Oktober 2002.

- **Lev 18:19-23 & Lev 20:10-16:** In hierdie gedeeltes handel dit nie oor kernhomoseksualiteit nie, maar oor losbandigheid en homoseksualiteit wat tydens kultus gebruike plaasgevind het.
- **1 Sam 18:1-3 & 1 Sam 20:17 –** Dawid en Jonatan se vriendskap dui op die bestaan en aanvaarding van kernhomoseksualiteit in die Bybel, want hulle het mekaar liewer gehad as wat 'n man 'n vrou het.
- **Matt 19:12 –** Die mense wat nie trou nie omdat hulle sò gebore is, is mense met 'n kernhomoseksualiteit.
- **Rom 1:18vv, 1 Kor 6 & 1 Tim 1:10** – In hierdie gedeeltes handel dit nie oor kernhomoseksualiteit nie, maar oor losbandigheid en tempelhomoseksualiteit.[70]

Oor seksualiteit in die algemeen word die skepping van die man en vrou (ook wat hul onderskeie seksualiteite betref) in **Genesis 1-3** nie as 'n skeppingsordening gesien nie. Hierdie gedeeltes behoort eerder binne die konteks van medemenslikheid en 'n verbondsmatige konteks gelees te word. Wat die skrywers eintlik wil sê is dat God in 'n verhouding met die mens staan en dat mense in 'n verhouding met mekaar staan. Dit gaan dus eerder oor wedersydse verbonde teenoor mekaar. Binne die konteks van die Babiloniese Ballingskap, behoort Genesis 1 eerder gesien te word as 'n geskrif wat die grootheid van God wil verwoord. [71]

Daar behoort ook ander vrae gevra te word wanneer eksegese as 'n hermeneutiese sleutel gebruik word: 'n Mens wonder waarom die persepsie versprei word dat die Skrif bitter min oor homoseksuele verhoudings sê. In die lig van die min Skriftuurlike bewyse vir die **kinderdoop** en die leer van

---

[70] Anthonissen Carel en Oberholzer Pieter, **Gelowig en gay?**, p 121-140, [Lux Verbi.BM] Wellington 2001.

[71] Kerk Informatie van de Gereformeerde Kerken in Nederland, **Over mensen die homofiel zijn,** p 15, Rapport aan de Generale Synode van Dordrecht, 1971/1972.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

die **Uitverkiesing**, wat nogtans vaste pilare in die teologie van die NGK en die GKN vorm, is sò 'n skep van suspisie vreemd. 'n Ander vraag is of dit korrek is om die Levitikus tekste nét binne die konteks van die kultus te lees? Is daar nie ook in hierdie tekste sprake van seksualiteit in 'n breër vorm nie?

Is dit korrek om Gen 1 nié ook in terme van seksualiteit te lees nie? Indien die uitgangspunt korrek is dat Gen 1 gedurende ballingskap geskryf is om die volk van God op sy grootheid te wys, dan geld daar mos ander aspekte ook. Indien verskeie skeppingsdae verstaan word as 'n gedig waarin God se volk gelei word om nié die afgode wat in die Babiloniese kultusse aanbid word en ander praktyke (ook homoseksuele praktyke) wat deur die heidene beoefen is, na te doen nie, dan is die spesifieke vermelding van 'n "man-en-vrou" mos ook 'n direkte reaksie op die Babiloniese kultus gebruike (veral dan waar homoseksuele praktyke soms wél in die tempel voorgekom het). Dra sò 'n verwysing na die verskillende geslagte dan nie 'n duidelike boodskap oor hoe God seksualiteit onder sy mense wil sien nie?

Soos vroeër reeds aangedui, is daar sommige geleerdes wat 'n beroep doen dat wanneer die teoloog met hermeneutiek besig is, daar ook kennis geneem moet word van die ervaring van mense wat by hierdie saak betrokke is.

## 5. Ervaring as rolspeler in die debat

In 'n ongepubliseerde artikel oor homoseksualiteit, skryf Van Loggerenberg in die mond van iemand wat kernhomoseksueel sou wees die volgende: *"I could not carry on preaching God's forgiveness and love and mercy, while at*

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

*the same time being too scared to be who I am".*[72] Christene en ander mense se afkeur teenoor homoseksuele mense bestaan omdat daar nooit mét hierdie mense gepraat word nie, maar òòr hulle. Deel van die strategie wat die Kerk tydens sy teologisering van homoseksualiteit moet volg, is om mense by te trek wat homoseksueel is. Vooroordeel teenoor mense met 'n homoseksuele oriëntasie sal deur wedersydse dialoog afgebreek kan word.[73] Dit verklaar waarom daar deurgaans 'n beroep deur kerklike vergaderings gedoen word dat homoseksuele mense saam oor die vraagstuk moet dink, en dat daar by feitlik elke kerklike werkgroep of kommissie homoseksuele persone bygetrek word.

Die sameroeper van die Sinode van Oos-Transvaal se werkgroep oor homoseksualiteit, ds Anton Doyer, skryf in 'n studiestuk dat daar met 'n **ander inspirasieleer**[74] as die letterlike gewerk moet word. Dan volg 'n uitspraak wat baie herinner aan die GKN se "**God met ons**" wanneer hy aanvoer dat die inspirasieleer waarmee gewerk behoort te word, eerder die getuienis van die mense oor dit wat God in hul geskiedenis gedoen het, is. So ontwikkel 'n gesprek waarin erns gemaak word met die inspraak van die Heilige Gees, die stemme van bybelskrywers (met 'n kleinletter B), die tradisie en die geloofsgemeenskap. Dit geskied nie op lukrake manier nie, maar daar word telkens na die Bybelse metafoor (met 'n kleinletter B)[75] teruggekeer. Hierdie terugkeer is nie op 'n dwingende wyse nie, maar eerder

[72] Van Loggerenberg Marietjie & Johan, **God's plan is coming together**, p 1, Ongedateer. Van Loggerenberg is 'n berader van homoseksuele persone in Pretoria.
[73] Kerk Informatie van de Gereformeerde Kerken in Nederland, **Over mensen die homofiel zijn,** p 4, Rapport aan de Generale Synode van Dordrecht 1971/1972.
[74] In hierdie studie behoort die vraag gevra te word of diegene wat nie permanente homoseksuele verhoudings van "liefde en trou" as Skriftuurlik sien nie, inderdaad met 'n letterlike inspirasie leer werk en as fundamentaliste geklassifiseer kan word.
[75] Die vraag kan met reg gevra word waarom na Bybelskrywers en Bybelse metafoor met kleinletters verwys word. Impliseer dit dalk dat die Skrif nie meer genoegsame gesag vir die skrywer dra nie.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

in respons op oorreding en uitnodiging.[76] Hierdie opmerking is in lyn met 'n uitdeelstuk wat Doyer in 2001 by die Sinode van die NGK van Oos-Transvaal tydens die sitting uitgedeel het. Volgens dié uitdeelstuk kan daar nie op 'n modernistiese werkswyse geteologiseer word nie. Hierdie modernistiese teologisering het te doen met 'n sogenaamde objektiwiteit waar die kenner "weet". Daar moet eerder geteologiseer word vanuit 'n postmoderne siening waar daar deur die teoloog eerder sprake is van 'n subjektiewe nadenke oor die saak. Die "ekspert" is nie meer die fasiliteerder in 'n gesprek met homoseksuele mense nie, maar hulle wat homoseksueel is. Daarom moet in die Kerk se nadenke oor die saak altyd ruimte gemaak word vir 'n "konteks van verandering".[77] Die verslag wat in 2002 voor die Algemene Sinode van die NGK dien, stel verder dat die etiek nie omgaan met 'n onpersoonlike wetenskap nie, maar met persoonlike sedelike redes.[78]

Op 15 Mei 2004 vergader die Suid-Transvaalse studiekommissie oor homoseksualiteit. Ongeveer 100 gay Christene woon die byeenkoms by. Hulle stel dat die posisie van gay Christene binne die NGK 'n saak van dringendheid is, aangesien te veel mense al seergekry het en in begraafplase lê. Dringende aandag moet aan homoseksuele jongmense van 13-20 wat met hulle seksuele identiteit worstel, gegee word. **Neels Jackson** berig dan:

> "... Daar was sigbare ongeduld ... dat daar nie duidelike koers in die kerk is nie ... hulle hoop die NGK sal sê gay Christene is welkom in die kerk. Hulle wil hê dat die

---

[76] Doyer Anton, **Perspektief van 'n predikant**, uit Homoseksualiteit – Wat sê ons vir mekaar?, p 23, ongedateer.

[77] Uitdeelstuk tydens die Sinode van Oos-Transvaal van 2001, **Enkele riglyne waarvolgens met persone met 'n homoseksuele oriëntasie in verhouding getree kan word**, p 2-5, ongepubliseer en ongedateer. Die skrywer van die studiestuk is ook onbekend.

[78] Agenda Algemene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk, **Homoseksualiteit**, p 252, Pretoria, 13-19 Oktober 2002.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)


> Kerk **gay huwelike inseën,** hul **kinders doop** en dat hulle as **paartjies** aanvaar word (eie donkerdruk). [79]

In 2003 maak Muller 'n voorstel wat die presiese bewoording van die GKN wat tot die kerklike inseën van homoseksuele huwelike gelei het, en waarvan die implikasie tot homoseksuele huwelike sou lei:

> "Die Sinode besluit dat norme en waardes op die vlak van verhoudings en daarom van seksualiteit, van wesenlike belang is. Die Sinode spreek hom uit teen alle vorme van promiskuïteit en handhaaf die belang vir liefde, lojaliteit, wederkerige trou en duursame intieme verhoudinge. ... Die Sinode besluit dat die onderskeie norme nie moet wees tussen hetero- en homoseksualiteit nie, maar tussen goeie en slegte verhoudinge binne enige oriëntasie"[80]

Dit is binne hierdie konteks dat 'n uitspraak tydens die debattering van die GKN en NGK oor homoseksualiteit gesien en op die ou einde beoordeel moet word. 'n Beroep word gedoen vir 'n nuwe hermeneutiese bril. Vanuit die GKN is hierdie beroep verantwoord omdat geglo is dat Paulus nie alle antwoorde gehad het nie en 'n kind van sy tyd was. Die dogmatikus sien en weet daarom in wese beter as die eksegeet. Daarom kan gesê word "***wij weten beter dan de apostetelen***".[81]

Die presiese rol wat ervaring as gespreksgenoot in die hermeneutiek behoort te speel sal in hierdie studie later meer aandag vra. Is ervaring 'n geloofwaardige hermeneutiese sleutel? Hoe kan 'n deeglik teologiese debat gevoer word, indien daar weens verskillende ervarings binne verskillende kontekste nie duidelike riglyne oor 'n spesifieke saak getrek kan word nie?

---

[79] Jackson Neels (Die Beeld), **'Te veel het al seergekry' dat NGK nog kan sloer oor homoseksualiteit**, p 9, Maandag 17 Mei 2004.
[80] Agenda Sinode van Oos-Transvaal NG Kerk, p 103, **Homoseksualiteit – Verslag van werkgroep een,** [Pretoria], 24-27 Augustus 2003.
[81] Kerk Informatie van de Gereformeerde Kerken in Nederland, **Over mensen die homofiel zijn,** p 21-22 & 28, Rapport aan de Generale Synode van Dordrecht 19971/1972.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Kan ervaring 'n gelyke vennoot wees wat die uitsprake van die Skrif kan veto? Wil die ervaring nie net die Christen oproep om pastoraal sensitief vir die naaste in nood te wees nie? Is die gevaar nie dat die Kerk in algehele chaos sou verval indien elkeen met sy/haar ervaring 'n gelyke vennoot in die gesprek as die Skrif self sou wou wees nie? Waar word die grense in die hermeneutiek getrek wanneer mense met nood en pyn ter sprake is?

As deel van hierdie "nuwe hermeneutiese bril", behoort die kerk eerder vanuit breë lyne in die Skrif oor homoseksualiteit te teologiseer. Een sò 'n lyn is liefde.

**6. Liefde as skopus van die Skrif**

Die hermeneutiese grondreël is dat die tekste in die lig van die hele Skrif verklaar moet word. Dit beteken dat die debat van die begin af **"prakties-pastoraal"** gevoer moet word. Die rede hiervoor is dat die sentrale skopus van die Skrif die dubbele liefdesgebod is. Liefde maak niemand seer nie, en gee ook aan niemand aanstoot nie. Sò kom die **"nuwe"** van die **Nuwe Testament** na vore.[82]

Dit beteken dat God gesien moet word as 'n God wat lief is vir mense. Jesus se reddingswerk teken dit duidelik aan ons. Dit is die mens se enigste troos in lewe en sterwe. Die gesag is dus in die evangelies. Wie sò met die Skrif omgaan se teologisering oor homoseksualiteit verander van kritiese denke na "hoe moet die liefde van Jesus in die wêreld waarbinne ons leef teenoor die homoseksuele persoon sigbaar gemaak word". Die mooiste woorde in die evangelies is wanneer Jesus sou sê "*wie ook al*".[83]

---

[82] Kerk Informatie van de Gereformeerde Kerken in Nederland, **Over mensen die homofiel zijn,** p 28, Rapport aan de Generale Synode van Dordrecht 1971/1972.

[83] Report of the Commission on Church and Theology to the General Synod of the Reformed Churches in the Netherlands, p 21-23, Bentheim 1981.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Paulus het geen wet teen die liefde nie (Gal 5:14).[84] Christene moet altyd onthou dat die wet en die Gees teenoor mekaar staan. Paulus leer tog dat die letter doodmaak, maar die Gees lewe gee (2 Kor 4:6). Sy beroep op Christene om deur die Gees te leef en dat niks ons van die liefde van Jesus kan skei nie (Rom 8) is daarom hier van toepassing.[85]

**Muller** verwys daarom na die ***radikaliteit*** van die bediening van Jesus. Tydens 'n debat op 3 Oktober 2001 op die Aardklop Kunstefees vra hy die vraag of 'n mens gay en gelowig kan wees. Sy betoog is dat ons nooit namens Jesus kan redeneer nie. Dan stel hy dat die radikaliteit van Jesus se evangelie nie vra of iemand swart of wit, vroue of mans, hetero- of homoseksueel of dalk biseksueel is nie[86]. Dit gaan eerder om 'n Bybelse siening van liefde. Jesus se benadering was 'n radikale wegbreek van die destydse wettiese benadering van die kerkleiers van sy tyd. Hy werk eerder met 'n verhoudingskriterium.[87] Die radikaliteit van Jesus se dubbele liefdesgebod is sigbaar in sy bediening. Hy het Hom deurgaans ontferm oor die randfigure in die samelewing. Mense met 'n homoseksuele disposisie is verworpenes in ons samelewing. Daarom behoort die Kerk in liefde na hulle uit te reik. Die Kerk behoort hulle net soos Jesus in te trek.[88]

Graag enkele algemene vrae: Is dit korrek om te beweer dat die skopus van die Skrif liefde is? Sou die Skopus van die Skrif nie dalk eerder die **Koninkryk van God** kon wees nie? Indien die skopus van die Skrif dan wél

---

84 **Homosexuality: Not a Sin, Not a Sickness**, p 2, Ongedateer, ongepubliseer en onbekende outeur.

85 Kerk Informatie van de Gereformeerde Kerken in Nederland, **Over mensen die homofiel zijn,** p 18, Rapport aan de Generale Synode van Dordrecht 1971/1972.

86 'n Handhawing van die drie vorme van seksualiteit as geskape werklikheid.

87 Muller J, **Gelowige en Gay?** Debat op Aardklop, Potchefstroom, 3 Oktober 2001. Muller is professor in Praktiese Teologie aan die Universiteit van Pretoria se Fakulteit Teologie.

88 Sinode van die NGK van Suid-Transvaal, **Studieprojek: herbesinning oor die Kerk se standpunt met die oog op effektiewe pastorale uitreik na homoseksuele persone**, p 9-10, Ongepubliseer.

liefde sou wees, wat beteken hierdie liefde binne 'n Skriftuurlike konteks? Het liefde grense, of is dit grensloos? Wat sou die grense van liefde wees indien daar grense sou wees? Wat sou Paulus se siening van die letter en die Gees beteken? Om te beweer dat ons rekening moet hou met die radikaliteit van Jesus se bediening, kan tog sekerlik nie verkeerd wees nie. Die vraag is egter hoe hierdie radikaliteit binne 'n breër Bybelse konteks gesien moet word. Wat leer die Bybelse apokaliptiek oor liefde en gehoorsaamheid? Leer die Skrif niks oor selfbeheersing ten opsigte van vele aspekte van 'n mens se lewe nie (ook op seksuele gebied)? 'n Baie belangrike vraag is sekerlik "Weet die Kerk vandag regtig meer as die apostels?"

'n Laaste rolspeler in die hermeneutiek van die Kerk rakende die debat oor homoseksualiteit, is in die woorde van die GKN die **Klimaatsverandering** wat in die wêreld afspeel.

## 7. Politieke korrektheid as druk op die Kerk

Op internasionale gebied word daar vanuit staatsinstansie druk op kerke geplaas om homoseksuele huwelike te aanvaar.

### 7.1. Internasionale politieke druk om homoseksuele huwelike kerklik in te seën

In 'n breedvoerige historiese verduideliking van hoe die vraagstuk op hul tafel gekom het, stel die GKN dat verskeie faktore sedert 1964 daartoe bygedra het. As 'n laaste motivering vir die ondersoek na 'n ander hantering van mense met 'n homoseksuele oriëntasie, word die staatkundige ontwikkeling in Nederland genoem. In 1969 het die **Stichting tot Bevordering Sociaal Onderzoek Minderhede** onder leiding van prof H Bianchi navorsing onder volwasse Nederlanders gedoen rakende hul

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)


gesindheid teenoor homoseksuele persone. Dit volg in opdrag van die minister verantwoordelik vir die Nederlandse Gesondheidsraad, aangesien die Nederlandse Regering wetgewing oor seksualiteit wou aanbring. Die gevolgtrekking van die kommissie was dat daar geen rede bestaan waarom homoseksualiteit anders as ander vorme van seksualiteit in die wetboek hanteer moet word nie. Daar bestaan ook geen gevaar dat kinders onder 16-jaar deur homoseksuele volwassenes verlei sou word nie.[89] Dat druk wat van Regeringskant wêreldwyd op Kerke geplaas word om homoseksuele huwelike in te seën, is sigbaar uit gebeure in Duitsland. In 2001 het die Duitse Regering 'n wet deurgevoer wat homoseksuele pare die reg gee om 'n wettige status gelyk aan die van 'n huwelik met mekaar aan te gaan. Kerke moes dit in praktyk toepas. Slegs 3 van die 24 hoofstroom kerke het die besluit van die Duitse Regering in hul kerkbeleid op daardie stadium gesteun.[90] Sommige geleerdes beweer selfs dat daar iets soos 'n "Pro-gay Teologie" is. Hierdie teologie word aangevuur deur die "gay-regte-beweging".[91]

In Suid-Afrika speel politieke korrektheid oënskynlik ook 'n rol in die manier hoe die Kerk homoseksualiteit hanteer, of gevra word om dit te hanteer. Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika word gebruik om huwelike tussen mense van dieselfde geslag aanvaar te kry.

### 7.2. Politieke druk in Suid-Afrika : Die grondwet van die Republiek van Suid-Afrika

[89] Kerk Informatie van de Gereformeerde Kerken in Nederland, **Over mensen die homofiel zijn,** p 11-13, Rapport aan de Generale Synode van Dordrecht 19971/1972.

[90] Idea No 8/9 **Big Question Concerning Same-Sex-Unions: To Bless Or Not to Bless – most German Churches hesitate to introduce "Quasi-Wedding" ceremonies**, p 6. 2001.

[91] Dallas J, **Responding to Pro-Gay Theology**, p 25, datering onbekend.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Dit moet verstaan word in terme van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika. In Hoofstuk 2 word die handves van menseregte neergepen. Onder die afdeling **Gelykheid** (artikel 9) word die volgende bepaal:

(1) Elkeen is gelyk voor die reg en het die reg op gelyke beskerming en voordeel van die reg.

(2) Gelykheid sluit die volle en gelyke genieting van alle regte en vryhede in. Ten einde die bereiking van gelykheid te bevorder, kan wetgewende en ander maatreëls getref word wat ontwerp is vir die beskerming of ontwikkeling van persone, of kategorieë persone, wat deur onbillike diskriminasie benadeel is.

(3) Die staat mag nie regstreeks of onregstreeks onbillik teen iemand diskrimineer op een of meer gronde nie, met inbegrip van ras, geslagtelikheid, geslag, swangerskap, huwelikstaat, etniese of sosiale herkoms, kleur, seksuele georiënteerdheid, ouderdom, gestremdheid, godsdiens, gewete, oortuiging, kultuur, taal en geboorte.

(4) Niemand mag regstreeks of onregstreeks onbillik teen iemand op een of meer gronde ingevolge subartikel (3) diskrimineer nie. Nasionale wetgewing moet verorden word om onbillike diskriminasie te voorkom of te belet.

(5) Diskriminasie op een of meer van die gronde in subartikel (3) vermeld, is onbillik, tensy daar vasgestel word dat die diskriminasie billik is.[92]

Artikel 15 handel oor **Vryheid van godsdiens, oortuiging en mening**. Dit bepaald:

(1) Elkeen het die reg op vryheid van gewete, godsdiens denke, oortuiging en mening.

(2) Godsdiensbeoefening kan by staats- of staatsondersteunde instellings geskied, mits—

(a) daardie beoefening reëls nakom wat deur die tersaaklike openbare gesag gemaak is;

(b) dit op billike grondslag geskied; en

(c) bywoning daarvan vry en vrywillig is

[92] Grondwetlike Vergadering, **Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika**, (1997: Logos Information Systems) .

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)


(3) (a) Hierdie artikel belet nie wetgewing wat erkenning verleen aan—

(i) huwelike wat aangegaan is kragtens enige tradisie, of 'n stelsel van godsdiens-, persone- of familiereg nie; of

(ii) stelsels van persone- en familiereg kragtens enige tradisie, of wat nagevolg word deur persone wat 'n besondere godsdiens aanhang nie.

(b) Erkenning ingevolge paragraaf (a) moet met hierdie artikel en die ander bepalings van die Grondwet bestaanbaar wees.[93]

Tydens 'n Vrouediensbyeenkoms van die NG Gemeente Monumentpark verwys die spreker na 'n hofsaak waarin twee vroue in 'n vaste verhouding met mekaar leef. Die hofsaak het gehandel oor die regte van homoseksuele persone om kinders aan te neem en/of om toesig oor hulle eie kinders te kry. Daar word gewys hoe die president van Zimbabwe homoseksuele mense verguis en dat Afrika nie die regte van homoseksuele mense beskerm nie.[94] **Oberholzer** stel weer dat die NGK nog sal ontdek dat dit in haar hantering van homoseksualiteit net so verkeerd was as wat haar hantering van die Suid-Afrikaanse rassevraagstuk was.[95]

In 'n studiestuk wat vir die Sinode van Noord-Kaapland opgestel is, word gestel dat die basiese menseregte wat aan die indiwidu in Suid-Afrika gegee is, en die meegaande reg wat aan die indiwidu die reg verleen met betrekking tot die keuse van sy/haar seksuele oriëntasie, die debat in die kerk momentum verleen. Dit moet gesien word binne die konteks dat die organisasie **Gay and Lesbian Equality Project** agter die media, hofsake,

---

[93]Grondwetlike Vergadering, **Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika,** (1997: Logos Information Systems) .

[94] Vrey Alta, **Homoseksualiteit** – Vrouediens Monumentpark, (Pretoria) Augustus 2002.

[95] Inlig-Aktueel, **Gay-aktivis word ouderling in NG Kerk**, 8-15 Junie 2000. 'n Berig uit Beeld word aangehaal wat vertel dat 'n Gay-aktivis, mnr Pieter Oberholzer as ouderling in die NG Gemeente Tamboerskloof bevestig is.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

straatoptogte en betogings wat die regte van die burgerlike homoseksueel bevorder, sit. Dan word die president van die Instituut vir Media-onderrig in die VSA, Judith Reisman aangehaal wat in 1993 vertel het dat die samelewing aan die begin van die "Homoseksuele Revolusie" staan.[96] **Du Pisani**, professor in Geskiedenis aan die destydse PU vir CHO, wys in lyn met hierdie argumente dat politieke transformasie in Suid-Afrika 'n keerpunt in die regsposisie van die homoseksuele mens was. Fundamentele veranderings in die posisie van homoseksueles in die Suid-Afrikaanse samelewing dwing die kerke om dringender as ooit tevore die kwessie van homoseksualiteit op die tafel te sit en die vraag af te vra of die Kerk se standpunt nog houdbaar is.[97] In 'n brief aan die voorsitter van die Algemene Sinode se Kommissie vir Leer en Aktuele Sake skryf 'n Amerikaanse Regstudent aan die Universiteit van die Noordweste (Chicago, Illinois) dat sy met 'n navorsingsprojek besig is om vas te stel hoe tradisionele Kerke die "fundamentele menseregte" van homoseksuele Christene aanspreek of aantas.[98] Op 8 September 1992 verskyn die Konsep Dokument vir **Lesbian and Gay Rights**. Drie belangrike uitgangspunte word hier gemaak:

- ✝ It shall be unlawful to discriminate against lesbians and gay men in churches ...This includes the right to worship in a place of their choice, and the right to be a member of, or a minister of religious institutions, regardless of sexual orientation.
- ✝ Lesbian and gay issues shall be openly raised en discussed in religious institutions as a normal and natural variation of human sexuality.
- ✝ It shall be unlawful to promote homophobia and teachings that present the notion of lesbian/gay behaviour as being sinfull.

Hofuitsprake in Suid-Afrika plaas ook druk op die kerk om homoseksuele huwelike as 'n aanvaarbare norm te aanvaar.

---

[96] Barnard Hans, **Homoseksualiteit – in die Lig van die Skrif**, p 1, 21 Mei 2003.
[97] Du Pisani Kobus, **Homoseksualiteit – Gay Christene. Houdingsverandering nodig in gereformeerde kerke?** Uit Woord en Daad, p 9, Lente 1999.
[98] Salina Elisabeth, **American Student Needs Research Help!**, 13 Maart 2002.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**7.3. Hofuitsprake ten gunste van homoseksuele huwelike**

Die voorgestelde wysiging van die Suid-Afrikaanse Huwelikswet, plaas die Suid-Afrikaanse Kerke ook onder druk. Dit blyk uit verskeie dokumente wat in die besit van die voorsitter van die Kommissie vir Leer en Aktuele Sake van die Algemene Sinode is[99], sowel as privaat gesprekke tydens Sinodale Regskommissie van die Sinodes van die NGK. Onder andere is een van die moontlike wysigings in die huwelikswet wat die Kerk se bediening van die huwelik sal raak, die moontlikheid dat 'n huwelik nie meer as 'n kontrak wat tussen 'n man en vrou plaasvind, gesien word nie. 'n Huwelik is eerder 'n wedersydse ooreenkoms van liefde en trou wat tussen twee "persone" (ongeag hul geslag) met mekaar gemaak word.[100]. Vanuit die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke is 'n e-pos gedateer 14 Junie 2001 aan dr Willie Botha, voorsitter van die Algemene Sinode se Kommissie vir Leer en Aktuele Sake gerig. Die opskrif van die brief is **Marriage Act: Draft Amendments**. Hierin word verwys na wysigings aan die huwelikswet wat die Kerke in hul bediening van die huwelik sal raak.[101]

Dit is binne hierdie konteks dat die verslag van die NGK wat voor die 2002 Algemene Sinode van die NGK dien, meld dat mense met 'n homoseksuele oriëntasie 'n sogenaamde tolerante standpunt as 'n aantasting van hul menswaardigheid sien. Hul soek 'n goedkeuring van 'n homoseksuele, duursame verhouding (maw 'n homoseksuele huwelik) as goeie gawe van God. Dit is die kern van die debat.[102]

---

[99] Domestic partnership, Issue Paper 17 Project 118, ongedateer.
[100] Potgieter J, Lid van die Sinodale Regskommissie van die Sinode van Oos-Transvaal na aanleiding van informele gesprekke tydens die eerste Sinodale Regskommissie vergadering in 12 Februarie en 9 Mei 2004, [Sinodehuis], Pretoria.
[101] SACC Public Policy Liaison Office, **SALC proposes amendments to the marriage act**, 14 Junie 2001.
[102] Agenda Algemene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk, **Homoseksualiteit**, p 247, Pretoria, 13-19 Oktober 2002.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

In die wettiging van gay huwelike het die howe die regering (en die NG Kerk?) voorgespring. Op 10 Julie 2004 berig **Die Beeld** dat die lesbiër-en-gay-gelykheidsprojek 'n aansoek by die hooggeregshof gebring het, waarvolgens hulle vra dat die gemenereg-definisie van die huwelik ongrondwetlik verklaar word sodat gay mense kan trou.[103] Dit word opgevolg deur die uitspraak van die appèlhof onder leiding van regter Edwin Cameron (erkende homoseksueel) op Dinsdag 30 November 2004. Hierdie uitspraak bepaal dat homoseksuele (en lesbiese) huwelike in Suid-Afrika voortaan wettig is. Die hof se uitspraak stel dat die gemenereg uitgebrei behoort te word sodat daar voorsiening gemaak kan word vir huwelike tussen mense van dieselfde geslag. Volgens die appèlhof is 'n huwelik die lewenslange eenheid tussen twee mense tot die uitsluiting van alle ander mense. Hierop reageer 'n gesinsadvokaat, Francis Bosman, dat dit 'n grootse besluit in Suid-Afrika is en dat die land weereens die voortou oor brandende internasionale vraagstukke geneem het: "net Nederland erken reeds gay-huwelike".[104]

Die Vereniging van Christen Regsgeleerdes reageer negatief op die uitspraak van die hooggeregshof. Hiervolgens is die uitsluiting van homoseksuele persone om te kan trou nie diskriminasie, omdat 'n huwelik bestaan het lank voordat dit deur die staat "gewettig" is. Die algemene wense van die

[103] Die Beeld, **Groen lig gevra vir gay troues**, p 4, 10 Julie 2004.

[104] De Bruin Philip, '**Huwelikshek oop' Skerp reaksie op hof se groen lig vir gays wat wil trou,** p 1 (Hoofartikel) Die Beeld, 1 Desember 2004. Hierdie uitspraak het groot negatiewe reaksie binne Christelike kringe uitgelok (terwyl die NGK-leiers en Sinodale Kommissie – ook dié van die Algemene Sinode - geswyg het op hierdie uitspraak). Selfs die Departement van Binnelandse Sake het negatief op hierdie uitspraak gereageer en daarteen appèl aangeteken. SACLA (South African Christian Leadership Association) het ook die besluit van die appèlhof gekritiseer. So ook die president van die AGS, dr Isak Burger. Ds André Muller, predikant van die Reformerende Kerk (sogenaamde Gay-kerk) in Pretoria het die uitspraak verwelkom. Hy het gesê dat die regering nie die mening van die meerderheid inwoners ten opsigte van aborsie en die doodstraf in ag geneem het. Net so behoort die regering ook nie die meerderheid mening van die inwoners van Suid-Afrika wat teen homoseksuele huwelike is, in ag te neem nie. Die regering behoort die hof se uitspraak te handhaaf (Jackson Neels, **Appèl kom, want regskommissie kyk nog na saak – Gay-huwelike in grondwet,** p 4, Die Beeld, 22 Desember 2004.

meerderheid Suid-Afrikaners, wat die grondslag van 'n demokrasie is, word ook deur die hof se uitspraak geïgnoreer. Die WNNR het in 2003 navorsing oor die siening van alle Suid-Afrikaners rakende homoseksuele huwelike gedoen, en bevind dat 78% van alle Suid-Afrikaners huwelike tussen mense van dieselfde geslag as verkeerd beskou. Die uitspraak van die hof is in beginsel sonder fundamentele regsbeginsels.[105]

### 7.4. Kerkskeuring dreig oor die moontlike kerklike inseën van homoseksuele huwelike

Die kerklike publiek reageer nie positief teenoor die oénskynlike beweging om homoseksuele huwelike te wettig nie. Onder die opskrif **Die kop het besluit, maar die dele verskil nog – Sinode sê nie finaal oor gays, dra by tot onsekerheid** berig **Beeld** op 6 Mei 2005 van die verwarring wat die gevolg is van die Algemene Sinode van 2004 se besluit rakende homoseksuele verhoudings. Die berig is geplaas na aanleiding van 'n kerklike saak teen ds Laurie Gaum, NG predikant van St Stephen in Kaapstad, wat in 'n sogenaamde permanente homoseksuele verhouding betrokke was. Die berig vertel van verdeeldheid en verwarring wat onder lidmate bestaan en die onvermoë om die saak teen ds Gaum te hanteer. Die rede hiervoor word aan die onduidelike standpunt van die 2004 Algemene Sinode se besluit toegeskryf.[106] Die reaksie op hiérdie gebeure het heftige reaksie in ander kerklike kringe uitgelok. **Rapport** berig op 15 Mei 2005 onder die opskrif **NG Kerk kan skeur – behoudendes omgekrap oor liberaliste** dat die moontlikheid van kerkskeuring in die NGK 'n realiteit geword het, omdat behoudendes omgekrap is oor liberale teoloë wat as "stert" die kerk rondswaai. Die gevoel is dat die "liberale" groep wegbeweeg

---

[105] Chrisian Lawyers Association, **Same-Sex Marriage: Judgement Fundamentally Flawed – Press Statement,** 2004.

[106] Jackson Neels, **Die kop het besluit, maar dele verskil nog**, p 14, Beeld, 6 Mei 2005.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)


van die gesag van die Skrif en belydenisskrifte en, so sekularisme die kerk binnebring.[107]

Die vraag moet gevra word wat die verhouding tussen "fundamentele menseregte" is, én die reg wat God het om sekere vereistes aan sy mense ten opsigte van seksualiteit en moraliteit te stel? Is die implikasie van menseregte nie dat vryheid in die mens self lê nie? Raak die mens dan nie self sy eie norm nie? Dan beteken dit tog dat soos die kultuur verander, so sal die waardes en norme soos deur die mens gesien, ook verander. Indien vryheid buite die mens gevind kan word (by God), beteken dit dan nie dat die mens sy "regte" moet opgee ter wille van gehoorsaamheid en 'n Skriftuurlike moraliteit nie? Die kwessie van "fundamentele menseregte" of "'n Bybelse humanisme" plaas die Kerk in 'n "verloor-wen" situasie. Die Kerk sal dan die spanning beleef dat sy leer en moraliteit meestal in spanning met die regte en waardes wat deur die breër publiek (waarvan sy lidmate ook deel is) aanvaar word, is. Daarom sal die Kerk altyd deur die breër publiek gekritiseer word.

Dit word dikwels van die NGK gesê dat die kerk haar mantel na die wind draai. Eers was sy saam met die destydse Regering 'n voorstander van apartheid. Daarna was sy saam met die Regering teen apartheid. Vandag word binne sekere kringe reeds gesê dat sy in lyn met die mensregte-kultuur, ook saam met die huidige Regering beweeg om homoseksuele praktyke Skriftuurlik te seën. Sulke opmerkings veroorsaak skade aan die integriteit van die Kerk van die Here. 'n Studie in hermeneutiek behoort daarom ook die plek van die konteks te bepaal wanneer die Christenteoloog oor die Skrif en moraliteit nadink.

[107] Malan Marlene, **NG Kerk kan skeur**, Voorblad artikel, Rapport, 15 Mei 2005.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Ongeag die negatiewe gevoel van die groot meerderheid van alle Suid-Afrikaners, kan die debat binne die NGK dus met reg in lyn met die debat destyds in die GKN gesien word, toe hul Kommissie vir Kerk en Teologie destyds 'n beroep op daardie Kerk gedoen het om **"Bybelse humanisme"** as 'n noodsaaklike om die Skrif reg te verstaan, te sien.[108]

Op hierdie stadium behoort sekere lyne uit die hermeneutiese gegewens in die debatte getrek te word. Wat maak ons met dit alles?

## 8. 'n Beoordeling

In die begin van hierdie hoofstuk is gewys op die skuif in standpunt binne die NGK sedert 1986 tot in 2002 rakende homoseksuele verhoudings. Die vraag is gevra wat het hierdie skuif in standpunt veroorsaak. In die 1999-verslag van die Sinode van Suid- en Wes-Kaapland sowel as Anthonissen en Oberholzer se boek **Gelowig en Gay?** is gevra vir ***'n kontekstuele hermeneutiek***. Uit hierdie hoofstuk blyk dit dat 'n kontekstuele hermeneutiek soos in hiérdié debat realiseer, die volgende hermeneutiese sleutels bevat:

[108] Report of the Commission on Church and Theology to the General Synod of the Reformed Churches in the Netherlands, p 18-19, Bentheim 1981.

**Kontekstuele Hermeneutiek**




In hierdie studie sal die volgende vrae gevra behoort te word. Hoe lyk die historiese ontwikkeling van die antieke gemeenskappe se siening van homoseksualiteit? Daar sal nie net na die antieke gemeenskappe gekyk word nie, maar ook hoe die Heilige Gees die kerk vir 20 eeue gelei het. Watter rol speel die gesag van die Skrif in die hele debat? Hoe kan 'n Bybelse seksualiteit beskryf word, en hoe pas die hantering van die Skrif ten opsigte van homoseksuele verhouding daarbinne? Kan die sosiaal en natuurwetenskappe teologiese begrippe soos sonde en moraliteit veto? Staan die wetenskappe en die teologiese begrippe inderdaad teen mekaar, of kan dit ook langs mekaar staan? Weens die lengte van hierdie studie, en aangesien die proses nog nie afgehandel is nie, sal daar in hierdie studie nié aandag gegee word aan die rol van politieke druk in die debat speel nie.

Dit is belangrik om daarop te wys dat daar in hierdie debat wel nog behoudendes is wat die tradisionele siening dat homoseksuele huwelike en -verhoudings nié in lyn met die lering van die Skrif is, sien nie. Vroeër is reeds op die standpunt van die grootste Kerk ter wêreld gewys. Binne hierdie konteks is dit maar 'n klein groepie Protestantse teoloë en –kerke binne die Westerse wêreld wat 'n beroep doen dat homoseksuele huwelike

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)


en -verhoudings Skriftuurlik is, en daarom deur die Kerk ingeseën behoort te word.

In hierdie studie sal daar nie aandag gegee word aan die politieke druk wat op die kerk geplaas word om homoseksuele huwelike kerklik in te seën nie. Daar sal ook nie 'n diepte studie rakende die pastoraat aan die homoseksuele persoon gegee word nie. Die rede hiervoor is dat die studie dan te uitgebrei word. Beide bogenoemde aspekte kan 'n studie op sigself wees.

Noudat verduidelik is watter hermeneutiese sleutels voorstanders van homoseksuele verhoudings en –huwelike in die debat gebruik, sal die res van hierdie studie bogenoemde sleutels in oënskou neem. In die volgende hoofstuk sal ondersoek ingestel word na hoe die kerklike tradisie rakende homoseksuele praktyke vanuit die antieke samelewing tot vandag ontwikkel het.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# 2

# Homoseksuele verhoudings in die geskiedenis as hermeneutiese sleutel

In this age, in this country, public sentiment is everything.
With it, nothing can fail; against it, nothing can succeed.
Whoever moulds public sentiment goes deeper than
he who enacts statutes, or pronounces judicial decisions.

**- Abraham Lincoln -**

In die vorige hoofstuk is aangetoon hoedat sommige teoloë aanvaar dat die kerklike tradisie 'n geskiedenis van verdraagsaamheid teenoor homoseksuele verhoudings het. Daar is ook gewys hoedat beweer word dat beide die skrywers van die Ou- en Nuwe Testamente nie geweet het van seksuele oriëntasies soos ons dit vandag ken nie. Daarom het hierdie skrywers ook nie iets soos 'n homoseksuele oriëntasie of kernhomoseksualiteit geken nie.

In hierdie hoofstuk sal bogenoemde sienings ondersoek word. In die eerste plek sal gekyk word hoe homoseksuele verhoudings deur die antieke kulture gesien is. Ons sal kyk of daar persepsies van seksuele identiteit onder daardie mense was. Daarna sal die hantering van homoseksuele verhoudings deur die kerkvaders ondersoek word. Laastens sal die siening van die Kerk die afgelope 2000 jaar tot vandag ten opsigte van liefde vir mense van dieselfde geslag onder die oë geneem word.

Om te begin moet die siening en voorkoms van homoseksuele verhoudings in die samelewings van die mense van die Bybel ondersoek word.

## 1. Die Bybelse leefwêreld en die voorkoms van homoseksualiteit

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)


Ons soek na vorme van homoseksualiteit wat destyds moontlik voorgekom het. Spesifiek word ondersoek ingestel of iets soos kernhomoseksualiteit (waar mense van dieselfde geslag in permanente verhoudings met mekaar geleef het) voorgekom het. Ek het reeds in die vorige hoofstuk gewys dat beweer word dat seksuele oriëntasie soos ons dit vandag ken, 'n westerse skepping is.[109] Volgens dié siening het die benoeming van homoseksualiteit as seksuele kategorie ongeveer 100 jaar gelede (1892) in die westerse samelewing sy ontstaan gekry.[110] Om hierdie uitgangspunt te evalueer, sal ondersoek word hoe seksuele identiteit in die samelewing van die destydse Bybelskrywers beleef is.

### 1.1. Op soek na 'n seksuele identiteit

In die beoordeling van die standpunt dat homoseksuele oriëntasie (soos ons dit vandag ken) nie in die antieke tyd bestaan het nie, kan daar nie na begrippe soos "seksuele oriëntasie" uit die antieke tyd gesoek word nie, maar moet eerder gekyk word na die betrokke "rolle" wat die spesifieke seksvennote gespeel het. Die voorveronderstelling is dat hoewel die kulture van vandag en die destydse antieke mense duisende jare van mekaar lê en verskil het, mense in wese dieselfde bly. Dit is moontlik dat die antieke mense anders gedink en geleef het, as vandag se mense. Die teenoorgestelde kan egter ook waar wees. Daarom kan geredelik aanvaar word dat die antieke mense nié anders geleef en gedink het as vandag se mense nie. Die rede hiervoor is dat mense in wese mense bly en dat menslike gedrag nie veel verander nie. Daarom sou daar in elke kultuur mense rondgeloop het wie se seksuele identiteit

[109] Barnard Ralph, 2000, **Dis tyd dat Christene anders dink en praat oor seks**, p 89, Hugenote Uitgewers 2000.
[110] Anthonissen Carel en Oberholzer Pieter, **Gelowig en gay?**, p 146-146, [Lux Verbi.BM] Wellington 2001.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

heteroseksueel of homoseksueel kon wees. Indien daar vandag iets soos "kernhomoseksualiteit" is, wie sê dat daar nie in die antieke tyd ook mense rondgeloop het met hierdie "seksuele identiteit" nie. Kon die destydse skrywers nie na seksualiteit met ander definisies wat minder spesifiek is, ook maar na kernhomoseksualiteit verwys het nie?

**Hier is die punt:**

Dit is 'n verkeerde uitgangspunt om te beweer dat die antieke mense nie homoseksuele oriëntasies geken het nie, bloot omdat die begrip oriëntasie en sogenaamde wetenskaplike bevindings destyds nie bekend was nie. Daar moet eerder gekyk word na 'n identiteit wat voortspruit uit 'n bepaalde gedrag. In terme van die destydse mense sou dus gesê word dat indien permanente homoseksuele verhoudings van liefde en trou voorgekom het, hulle wel kennis gehad het van wat ons vandag 'n homoseksuele oriëntasie sou noem.

Daar is nie baie getuienis wat spesifiek oor homoseksuele verhoudings in die antieke tyd handel nie. Sommige teoloë beweer dat daar wél genoegsame bewyse hiervoor bestaan. Uit die aard van die saak kan in hierdie studie nie in diepte in die totale historiese ontwikkeling van homoseksuele verhoudings ingegaan word nie. 'n Voëlvlug getuienis sal eerder gegee word.

### 1.1.1. Die Antieke Nabye Ooste

Waarskynlik by gebrek aan beter bronne beweer **Anthonissen en Oberholzer** aan die hand van die homoseksuele Katolieke historikus aan

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)


Yale Universiteit, prof **John Boswell**[111], dat die vroegste geskrifte (ongeveer 5000 jaar gelede) reeds op die bestaan van homoseksuele verhoudings in die destydse samelewing gedui het. Hoewel die voorkoms van homoseksuele verhoudings deur die geskiedenis nie dikwels opgeskryf is nie, het dit egter wel voorgekom en is daar sulke voorbeelde.[112]

Ander teoloë beweer dat die verskynsel van homoseksuele verhoudings sedert die oorsprong van die mensdom bestaan.[113] Met die ontstaan van die veelgodedom, kon die gode in sommige gevalle beide manlik en vroulik wees. Die Fenisiese god, Tammuz (die Griekse weergawe van hierdie god is Adonis) is verheerlik deur die oprigting van falliese (Totem pale) simbole. In die aanbidding van Adonis was homoseksuele dade 'n bekende verskynsel. In die godsdienste van Dionisus, Shiva, Baal, Ashera en die antieke Babiloniese godsdienste was die uitleef van homoseksuele verhoudings bekend.[114] Homoseksuele praktyke het volgens sommige teoloë deel van godsdiens in die destydse antieke wêreld geword as gevolg van masturbasie en die orale stimulasie van die manlike aanbidders deur die destydse manlike heidense priesters. [115]

Hierteenoor beweer **Gagnon** dat bronne uit Mesopotamië nie melding van homoseksuele seks maak nie. Eers met die optekening van die Middel Assiriese Wette is na homoseksuele seks verwys. Laat in die

---

[111] Boswell (1947-1994) was bekend vir sy studies rakende die gesindheid teenoor homoseksuele persone in die geskiedenis.van die Christelike Weste. Hy was professor in Geskiedenis aan die Yale Universiteit.
[112] Anthonissen Carel en Oberholzer Pieter, **Gelowig en gay?**, p 146-146, [Lux Verbi.BM] Wellington 2001.
[113] Buchanan RJ, **Homosexuality in History,** p 1, Grace Community Durham NC, ongepubliseer, 2000.
[114] Buchanan RJ, **Homosexuality in History**, p 1, Grace Community Durham NC, ongepubliseer, 2000.
[115] Buchanan RJ, 2000, **Homosexuality in History**, p 1, Grace Community Durham NC, ongepubliseer, 2000.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

tweede millennium voor Christus dui wette 19 en 20 (Tablet A) uit die Middel Assiriese Tydperk die volgende aan[116]:

> "If a man furtively spreads rumors about his comrade [or neighbor], saying:'Everybody has sex with him', or in a quarrel in public says to him:'Everybody has sex with you' ... but he is unable to prove the charges ... they shall strike him 50 blows with rods; he shall perform the kings service one full month; they shall cut off (his hair?) [better: they shall castrate him] and he shall pay one talent of lead".

Wet 20 lees weer

> "if a man has sex with his comrade [or neighbor] and they prove the charges against him and find him guilty, they shall have sex with him and they shall turn him into a eunuch".

In beide wette kan afgelei word dat dit destyds vir 'n man 'n skande was om deur 'n ander man gepenetreer te word asof hy 'n vrou is. Dit sou dan kon beteken dat daar iets verkeerd sou wees met enige man wat begeer het om deur 'n ander man gepenetreer te word.

**Gagnon** dui verder aan dat voor die sewende eeu vC vyf uit agt en dertig Babiloniese etiese uitsprake op homoseksuele praktyke dui. Twee van hierdie vyf uitsprake is positief oor seks met dieselfde geslag. 'n Derde is redelik negatief, terwyl die laaste twee vir sulke persone 'n donker toekoms voorspel.[117]

---

[116] Grayson A Kirk and Redford Donals B, **Papyrus and Tablet**, p 149, [Prentice Hall], Englewood Cliffs, 1973; Nissinen Marti, **Homoeroticism in the Biblical World**, p 26, [Fortress], Minneapolis, 1998; Roth Martha, **Law Collections from Mesopotamia and Asia Minor**, p181, [Scholar Press], Atlanta, 1995.

[117] Gagnon Robert AJ, **The Bible and Homosexual Practice – text and Hermeneutics**, p47, [Abingdon Press], Nashville, 2001.

In die Gilgames Epog (die tweede skeppingsverhaal – Gen 2 – het ooreenkomste met hierdie Epog) word verwysings na homoseksuele verhoudings gevind. Die koning van Uruk, Gilgames, droom van Enkidu, 'n harige man wat soos 'n vrou aantrek. Gilgames deel die droom met sy ma. Hy het gedink dat die gode daardeur vir hom sê dat hy met Enkidu moet trou. Hierop het sy ma gesê dat dit eerder beteken dat Gilgames en Enkidu net goeie vriende moet wees. Wanneer die twee op die ou einde mekaar ontmoet vind 'n geveg tussen die twee mans plaas. Gilgames wen vir Enkidu, waarna hulle 'n hegte nie-seksuele vriendskap, begin.[118]

Hierteenoor beweer die **GKN** in 1981 dat homoseksualiteit deur die Assiriese en Babiloniese kulture algemeen aanvaar is, hoewel dit 'n belediging was om sò geëtiketteer te word. Onder die Assiriërs is slegs homoseksuele "verkragting" sterk veroordeel.[119] Volgens hierdie verslag het manlike homoseksuele priesters in hul tempels dikwels vroue klere gedra en openlik as vroue gedans en gesing.[120] Tempel homoseksuele verhoudings is volgens hierdie verslag deur die Assiriërs aanvaar.[121] Daar is dikwels na die persoon wat gepenetreer is as 'n man-vrou of 'n **hond-vrou** verwys. Hierdie beskrywing het waarskynlik sy ontstaan deurdat die seksuele daad wat plaasgevind het aan honde s'n herinner het.[122]

---

[118] Dalley Stephanie, **Myths from** Mesopotamia, p 154-162, [Oxford University Press], Oxford, 1989; Daar is geleerdes wat die konteks van die Gilgames Epos verstaan as 'n homoseksuele verhouding tussen die seks behepte super koning Uruk en Enkidi, die onbeskaafde wilde man wat deur die gode geskep is as 'n pasmaat vir Uruk. Uit die reaksie van Gilgames se ma en dit wat in die praktyk tussen die mans persone plaasgevind het, is sò 'n interpretasie nie aanvaarbaar nie.

[119] Report of the commission on Church and theology to the General Synod of the Reformed Churches in the Netherlands, 1981, **The passages and their meaning,** p 12.

[120] Report of the commission on Church and theology to the General Synod of the Reformed Churches in the Netherlands, 1981, **The passages and their meaning,** p 12.

[121] Report of the commission on Church and theology to the General Synod of the Reformed Churches in the Netherlands, 1981, **The passages and their meaning,** p 12.

[122] Dalley Stephanie, **Myths from Mesopotamia** p 305, [Oxford University Press], Oxford, 1989; Gagnon Robert AJ, **The Bible and Homosexual Practice – text and Hermeneutics**, p 49, [Abingdon Press], Nashville, 2001.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Dieselfde **GKN** verslag van 1981 dui daarop dat homoseksualiteit ook 'n algemene verskynsel onder die bure van die Israeliete, die Kanaäniete, was. Mans en vroue het tydens godsdienstige seremonies dikwels as die teenoorgestelde geslag aangetrek.[123] Die godin van liefde was volgens die Kanaäniete biseksueel. Volgens sommige mitologieë het hierdie godin as man ten minste een homoseksuele verhouding gehad. Dit blyk egter dat 'n alleenloper wat gedurig sy vriende van dieselfde geslag in sy huis ontvang het, as 'n siek persoon gesien is.[124]

In Egipte het homoseksualiteit ook voorgekom. Dit is moeilik om vas te stel hoe die destydse Egiptenare oor homoseksuele praktyke geoordeel het, aangesien daar nie wette gevind is wat oor hierdie praktyke gehandel het nie. Tekste op die kiste van die Egiptiese elite dra ook konflikterende boodskappe oor.[125]

Volgens **Du Toit** dui studies daarom dat vroulike homo-erotisme wel bekend was, maar minder onder vroue as by mans voorgekom het.[126] Magiese tekste wys hoe vroue gepoog het om 'n erotiese betowering op ander vroue uit te oefen, soms met die oog op 'n **lewenslange verbintenis** (aldus Du Toit). Die wye voorkoms van vroulike homoseksualiteit word ook deur talle astrologiese tekste bevestig.[127]

Op die graf tombe van Farao Pepi II (2400 vC) is wel inskripsies gevind wat dui op homoseksuele seks tussen die koning en 'n ongetroude

[123] Report of the commission on Church and theology to the General Synod of the Reformed Churches in the Netherlands, 1981, **The passages and their meaning,** p 12-13.
[124] Report of the commission on Church and theology to the General Synod of the Reformed Churches in the Netherlands, 1981, **The passages and their meaning,** p 12-13.
[125] Faulkner Raymond O, **The Ancient Egyptian Coffin Texts**, p 2.162, 264, [Aris and Phillips], Warminster, 1973.
[126] Du Toit AB, Datum onbekend, p 62, **Die Skrif, die Kerk en Homoseksualisme,** onbekend.
[127] Du Toit AB, Datum onbekend, p 62, **Die Skrif, die Kerk en Homoseksualisme,** onbekend.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

generaal, Sisene. In die graf tombe van Niuserre (2 600 vC) is getuienis gevind wat moontlik kon dui op homoseksuele seks met gode. Inskripsies van Farao Iknaton (1370 vC) kan weer moontlik dui op seks met sy skoonseun.[128]

In die mitologie van **Horus** en **Set** (1160 vC) [Babiloniese en Egiptiese tekste] kies die gode vir Set as koning. Die rede hiervoor was dat hy aan die gode vertel het hoe hy sy semen in sy broer (Horus) se anus gestort het terwyl laasgenoemde geslaap het (bloedskandelike verkragting). Die gode het hierop gereageer deur op Horus te spoeg. Uit die Ptolemeusiese era (3de eeu vC) kom 'n soortgelyke mite voor (Sommige teoloë beweer dat hierdie verhaal die ekwivalente van die Noag en Gam gebeure is – later meer hieroor).[129]

Alle homoseksuele seks uit antieke Egipte was nie positief beoordeel nie. Getuienis dui op negatiewe beskouings uit die samelewing ten opsigte van seks met dieselfde geslag. In die Boek van die Dood (15de eeu vC – hoofstuk 125) is die volgende aanhaling gevind:

> "I have not defiled myself. ... I have not had sexual relations with a male lover"[130]

Vervolgens sal ons 'n voëlvlug gee oor hoe seksualiteit onder die destydse Griekse en Romeinse kulture voorgekom het. Vir die aard van

---

[128] Greenberger David F, **Construction of Homosexuality**, p 129-130, [University of Chicago Press], Chicago, 1988.

[129] Gagnon Robert AJ, **The Bible and Homosexual Practice – text and Hermeneutics**, p 52-53 [Abingdon Press], Nashville, 2001; Grayson A Kirk and Redford Donals B, **Papyrus and Tablet**, p 76, [Prentice Hall], Englewood Cliffs, 1973; Greenberger David F, **Construction of Homosexuality**, p 129-130, [University of Chicago Press], Chicago, 1988; Griffiths J Gwynn, **The Conflict of Horus and Seth**, p 45-46, [Argonaut], Chicago, 1969; Te Velde H, **Seth: God of Confusion**, p 55-59, [Brill], Leiden, 1977.

[130] Gagnon Robert AJ, **The Bible and Homosexual Practice – text and Hermeneutics**, p 53 [Abingdon Press], Nashville, 2001; Greenberger David F, **Construction of Homosexuality**, p 134, [University of Chicago Press], Chicago, 1988.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

hierdie studie, kan nie op die volledige historiese situasie ingegaan word nie.

### 1.1.2. Seksualiteit onder die Griekse en Romeinse kulture

Uit die oorspronklike dokumente is daar getuienis dat daar verskillende vorme korttermyn homoseksuele verhoudings bestaan het.

#### 1.1.2.1 Korttermyn seksuele verhoudings met mense van dieselfde geslag

Volgens die **Kommissie van Leer en Aktuele Sake van die Sinode van Wes- en Suid- Kaapland** het die Griekse kultuur waarskynlik die mees beskaafde vorm van homoseksuele praktyke gehad. Hier het ouer mans met jonger mans (seuns) homoseksuele dade beoefen in 'n vorm van "opvoeding". Volgens die kommissie was daar 'n "Instituut van Pederastie" wat hierdie praktyke bevorder het. Jong seuns tussen 12 en 16 jaar is met die oog op hul vorming onder die sorg van ouer mans geplaas. Sommige outeurs uit daardie tyd prys pederastie as die mees volmaakte voorkoms van liefde.[131]

Die antieke filosowe ken pederastie. Beide **Plato** en **Aristoteles** het 'n spesifieke begrip wanneer hulle na pederastie verwys. Hulle verwys na mans wat vir seuns lief is as **paidofivlew** (pedofiel) en die gebruik waar volwassene mans as opvoeders 'n seksuele verhouding met seuns het as **paidarasthvs (**pederastie**)**[132]

---

[131] Verslag van die kommissie van Leer en Aktuele Sake van die Sinode van Suid- en Wes-Kaapland, P 4, 1999.

[132] Liddel & Scott, **Greek-English Lexicon**, p 584-585, [Claredon Press] Oxford, 1983.

Die Grieke het baie klem op die liggaam geplaas en dit was nie vreemd vir mense om seksuele opmerkings oor persone van dieselfde geslag te maak nie. In die Militêre diens was die beoefening van homoseksualiteit 'n bekende verskynsel, aangesien hulle geglo het dit bind die eenheid van die weermag saam. Die sukses van die Spartane en Griekse soldate in die hoogbloei van die ou Griekse beskawing is toegeskryf aan hierdie gebruik, want die soldate het vir die geliefde aan die sy geveg. Die soldaat sou dan nie net homself verdedig nie, maar ook die persoon aan wie hy trou gesweer het [133] Dieselfde gebruik het ook onder die Keltiese en Japannese kulture voorgekom. Sommige kenners beweer dat selfs twee derdes van die destydse Griekse samelewing homoseksuele praktyke aanvaar het.[134]

Wanneer die saak van homoseksuele verhoudings van liefde en trou uit die antieke tyd ondersoek word, moet gekyk word of daar in hierdie tyd sulke homoseksuele verhoudings bestaan het. Deur dit te doen sal gepoog word om vas te stel of hierdie vorm van "homoseksuele identiteit" (maw nie losbandig of pederastie nie) aan die mense van die antieke tyd bekend was. In die volgende paragraaf sal kortliks daarby stilgestaan word.

### 1.1.2.2. Permanente seksuele verhoudings van liefde en trou tussen mense van dieselfde geslag

**Seksuele identiteit** kom wel in die destydse Griekse en Romeinse Kulture na vore. Dit word afgelei uit die seksrolle wat mans en vroue onderskeidelik gespeel het. Seks is gesien as iets wat jy aan iemand

---

[133] Verslag van die kommissie Leer en Aktuele sake van die Sinode van Noord-Kaapland, P 29, **Homoseksualiteit: 'n Christelike besinning,** Mei 2003.

[134] Anthonissen Carel en Oberholzer Pieter, **Gelowig en gay?**, p 149, [Lux Verbi.BM] Wellington, 2001.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

anders doen. Die seksrol van die man het gedui op sy aktiewe beheer van die vrou. Die vrou was weer die passiewe ontvanger wat genot geput het om seks te ontvang. Die man "penetreer" en die vrou word "gepenetreer". Owerspel deur 'n vrou (**moiceiva** – vgl ook Matt 5:31-32) was verkeerd aangesien sy beheer oor haar eie seksrol geneem het (onder die beheer van haar man uit).[135]

**Karros** wys dat daar na die passiewe rol in seksuele verhoudings, soms (onder andere deur Plato) verwys is as κιvvαιvδos (mense wat seksueel onvanpas optree terwyl hulle in homoseksuele verhoudings belangstel[136]). In sulke gevalle is die κιvvαιvδos dan gesien as 'n man wat sosiaal wanaangepas is, aangesien hy daarvan hou om "gepenetreer" te word, iets wat nie ingepas het by die destydse manlike rol van die penetreerder nie. Vroue wat "penetreer" (aktief) en mans wat gepenetreer word (passief), was geslagtelike verraaiers.[137]

Karros beweer verder dat persone van dieselfde geslag wat seksuele vennote in hul verhoudings was, in die antieke tyd dikwels as "siek" beskou is. Dit was 'n ongeneeslike siekte wat die persoon sy hele lewe lank met hom/haar saamgedra het. Die siekte was sigbaar in die "onnatuurlike" seksuele begeertes.[138]

Die vraag rondom seksuele identiteit is dan: Hoe het die gepenetreerde dan sy rol in die verhouding verstaan. Die seksuele identiteit van die manlike homoseksueel word gevind in die feit dat die passiewe persoon die "begeerte" het om deur 'n "ander man" gepenetreer te word. Dit is

---

[135] Karros Ruth Mazo, **Active/Passive, Acts/Passions: Greek and Roman Sexuality,** p 1255-1256, American Historical Review, Vol. 105 Issue 4, 2001.
[136] Liddel & Scott, **Greek-English Lexicon**, p 433, [Claredon Press] Oxford, 1983.
[137] Karros Ruth Mazo, **Active/Passive, Acts/Passions: Greek and Roman Sexuality,** p 1255, American Historical Review, Vol. 105 Issue 4, 2001.
[138] Karros Ruth Mazo, **Active/Passive, Acts/Passions: Greek and Roman Sexuality,** p 1264, American Historical Review, Vol. 105 Issue 4, 2001.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

met ander woorde dieselfde begeerte wat by 'n vrou bestaan.[139] Nie alle volwasse mans is as "ware mans" gesien nie. Die passiewe vennoot in die seksuele verhouding is gesien as iemand met 'n "vroulike ervaring" en daarom nie as 'n ware man nie.[140]

Die bestaan van 'n homoseksuele identiteit word verder ondersteun deur filosowe wat hul voorkeur en liefde vir mans nie weggesteek het nie. Daar word beweer dat onder hierdie filosowe mense soos Sokrates, Cartulles, Virgilius en Horatio was. Dit word afgelei vanweë hul *erotiese gedigte* oor mans.[141]

In 'n artikel waarin gepoog word om aan te toon dat die verskillende vorme van homoseksualiteit wat vandag voorkom, 'n ou verskynsel is, wys **Nassbaum** vanuit die *antieke artefakte*, *toesprake van filosowe, gedigte* sowel as *Griekse komedies* dat mense in die antieke tyd wel homoseksuele verhoudings gehad het waar liefde en trou betrokke was. Sy gebruik die Griekse praktyke van homoseksualiteit om daardeur vir die samelewing van vandag meer empatie te laat kry vir die vrese, hoop en vreugde van mense wat persone van dieselfde geslag liefhet.[142]

**Liddel en Scott** dui aan dat die antieke filosowe spesifieke begrippe gehad wanneer hulle na pederastie verwys het. So het hulle **Paidarasthvs / paidikhvn** gebruik. Dit hou ook verband met die begrip

139 Karros Ruth Mazo, **Active/Passive, Acts/Passions: Greek and Roman Sexuality,** p 1259, American Historical Review, Vol. 105 Issue 4, 2001.
140 Karros Ruth Mazo, **Active/Passive, Acts/Passions: Greek and Roman Sexuality,** p 1261, American Historical Review, Vol. 105 Issue 4, 2001.
141 Verslag van die kommissie Leer en Aktuele sake van die Sinode van Noordkaapland, p 29, **Homoseksualiteit: 'n Christelike besinning,** Mei 2003.
142 Nussbaum Martha S, **Other Times, Other Places: Homosexuality in Ancient Greece**, p 19, Annual of Psychoanalysis , Vol. 30, 2002.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

pedofiel **paidofilew** wat ook deur hulle gebruik is om hierdie gebruik aan te toon.[143]

Vanuit die geskrifte van die antieke filosowe is dit billik om te sê dat dit nie 'n korrekte persepsie is dat pederastie en militêre homoseksualiteit die enigste bekende vorme van homoseksualiteit in die destydse antieke samelewings was nie. Wat vandag as kernhomoseksualiteit bekend staan, het ook as 'n ***aparte seksuele identiteit*** in die destydse samelewing gefunksioneer (soos reeds gewys).

Hierdie verskynsel kom veral voor in 'n lyn van filosowe waar die een die ander vroeër opgelei het. Dit word gevind by **Sokrates**, sy student, **Plato** en dié se student, **Aristoteles**. Plato vertel in sy **Symposium**[144] dat Alicibiades op Sokrates verlief was, maar dat Sokrates op daardie stadium 'n permanente verhouding met Agaton gehad het. Alicibiades probeer dan die verhouding tussen Sokrates en Agaton opbreek. [145]

Verder vertel die karakter Aristofanes ('n denkbeeldige skepping van Plato) dat alle mense op soek is na die ander helfte van ons menswees. Hierdie ander helfte is vir sommige mans ander mans, terwyl dit weer vir sommige vroue ander vroue is. Dan is daar ook diegene vir wie hul ander helfte mense van die teenoorgestelde geslag is. In 'n poging om hierdie gebruik wat oënskynlik volgens hom deur die samelewing as 'n

---

[143] Liddel & Scott, **Greek-English Lexicon**, p 584, [Claredon Press] Oxford, 1983.

[144] Plato, **Symposiums, - The Greek Philosophers,** 36:93, (World Library, INC Santa Monica) 1995.

[145] Plato, **Symposiums, - The Greek Philosophers,** 90:93, (World Library, INC Santa Monica) 1995. **Plato (428-348 vC),** een van die invloedrykste Griekse filosowe. Hy was 'n volgeling van Sokrates, en het op sy beurt weer vir Aristoteles opgelei. Die meeste van sy werke is dialoë tussen verskillende persone, maar veral tussen hom en Sokrates. Hy het 'n Skool in Filosofie wat as Die Akademie bekend gestaan het, begin. **Symposium** (360 vC) is 'n vertelling van die gesprekke tydens 'n banket wat ter ere van Agaton se dramatiese oorwinning in Atene plaasgevind het. Dit handel oor wat die ideale liefde is, en bestaan uit toesprake van verskeie persone.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

skandelike praktyk beskou is, aanvaarbaar te maak, skryf Plato apologeties dat sulke permanente verhoudings tussen mense van dieselfde geslag nie skandelik is nie, aangesien hierdie mense hul helfte (wat van dieselfde geslag as hulle is) in ***vriendskap, liefde*** en ***intimiteit*** soek.[146] In gevalle waar 'n man se ander helfte, nog 'n man is, of 'n vrou se ander helfte nog 'n vrou is, sal hierdie mense nie met mense van die teenoorgestelde geslag trou nie[147]. Indien hulle trou (heteroseksueel) is dit net omdat die "wet" dit van hulle vereis. Hulle sou dan eerder verkies om lewenslank by mekaar (mense van dieselfde geslag) te bly op grond van wedersydse liefde, vriendskap en intimiteit. Dit is nie net die seksuele drang wat hulle na mekaar dryf nie, maar 'n intense onbekende onverklaarbare soeke van hulle "siele" na mekaar[148]

Dit is daarom 'n billike afleiding om te maak dat daar in die destydse samelewing nié nét homoseksuele verhoudings wat **pervers** en **pederasties** van aard was, voorgekom het en bekend was nie. Permanente langtermyn verhoudings van liefde en trou was bekend. Dit is ook nie sò dat die destydse filosowe net losbandig was nie. Sketse op artefakte dui ***nie net*** jonger seuns en ouer mans aan nie, maar ook gevalle waar die sogenaamde jonger persoon inderdaad ouer as "seun-wees" is. **Plato** se langtermyn verhouding met Dion van Sirakuse het begin toe Plato 50 jaar oud was en Dion 35 jaar.[149] Sommige **Stoïsynse**

---

[146] Nussbaum Martha S, **Other Times, Other Places: Homosexuality in Ancient Greece**, p 10, Annual of Psychoanalysis , Vol. 30, 2002.

[147] Die filosoof verwys hier na 'n huwelik binne die konteks van 'n man en 'n vrou. Hy wys egter wel dat mense wat na dieselfde geslag smag hoewel hulle nie met mekaar trou nie, wel in langtermyn verbintenisse met mekaar gaan.

[148] Plato, **Symposiums, - The Greek Philosophers,** par 75, (World Library, INC Santa Monica) 1995.

[149] Plato, **Seventh Letter, - The Greek Philosophers, 7:56**, (World Library, INC Santa Monica) 1995. Seventh Letter (360 vC) – 'n Brief aan Dion se vriende en familielede waarin hy vertel dat Dion se aanvanklike ambisie was om in die politiek in te gaan.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)


**filosowe**[150] verkies dat verhoudings tussen mense van dieselfde geslag ten minste 28-jaar sou duur (Paulus was bekend met die stoïsynse filosofie aangesien dit waarskynlik een van die sterkste filosofiese strominge in Tarsus was – In die hoofstuk rakende die Pauliniese en Deutero-Pauliniese geskrif sal dit breedvoerig beredeneer word). Pausanias, die spreker in Plato se **Symposium**, is 'n historiese figuur. Sy homoseksuele verhouding met 'n digter het vir ten minste 12 jaar geduur. Die verhouding het begin toe Agaton (Pausanius se homoseksuele lewensmaat) 'n volle 18 jaar oud was.

Daar was in sekere homoseksuele verhoudings wel sprake van wederkerigheid, duursaamheid en liefde. Die Griekse filosowe wat homoseksualiteit as aanvaarbaar gesien het, het die norm van stabiliteit, vriendskap en liefde bokant onstabiele losbandigheid verkies. Beide **Plato** en **Pausanius** verwys na hulle homoseksuele verhoudings binne die konteks van 'n lewenslange vennootskap. [151] Waar seks tussen heteroseksuele tot voortplanting kon lei, was seks tussen mense van dieselfde geslag beskou as die voortplanting van dieselfde of 'n beter "gees".[152] In Sparta is koormusiek ontdek wat die liefde tussen vroue besing. Plato vertel ook dat die Ateners bekend was met die liefde tussen

[150] Paulus het opgegroei binne die stoïsynse tradisie. Hierdie filosofiese beweging het gestrewe na 'n eenvoudige moraliteit van die destydse samelwing. Dit het net so gestrewe na 'n eenvoudige lewenstyl in die gemeenskap. Deugsaamheid was die hoogste norm waarna gestreef moes word. Die logos / woord was 'n goddelike geskenk waardeur die skepping verstaan kon word. Die wette van die gemeenskap kan nie verander word nie, maar die mens kan sy reaksie op daardie wette verander of bepaal. Dit het 'n fatalistiese wêreldbeeld gehad. Quast Kevin, **Reading Corinthian Correspondence – an Introduction**, p 35, [Paulist Press], Mahwah, 1994. Dit is daarom nie vreemd dat die stoïsyne fatalisties homoseksuele verhoudings as 'n gegewe aanvaar het nie, maar ook in terme van deugsaamheid en moraliteit dit aan 'n permanente verhouding sou koppel.

[151] Nussbaum Martha S, **Other Times, Other Places: Homosexuality in Ancient Greece**, p 16, Annual of Psychoanalysis , Vol. 30, 2002.

[152] Nussbaum Martha S, **Other Times, Other Places: Homosexuality in Ancient Greece**, p 16-17, Annual of Psychoanalysis , Vol. 30, 2002.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)


vroue.[153] Die bestaan van langtermyn homoseksuele verhoudings behoort gesien te word binne die konteks dat die Grieke **eJro kivnaido~** (passie) alleen as iets gewelddadig, chaoties, gevaarlik en onbeheerbaar gesien het. Daar moes ander elemente van wat in Afrikaans as "liefde" beskryf word, ook teenwoordig wees.[154] Interessant is dat Plato ten spyte van sy eie voorliefde vir 'n man, in sy **Wette[155],** erken dat gemeenskap tussen 'n man en 'n vrou natuurlik is, terwyl seks tussen 'n man en 'n man of 'n vrou en 'n vrou nie natuurlik is nie, met ander woorde "teen die natuur" (kon Paulus dit in gedagte gehad het in sy skrywe van Romeine 1?) .[156] Later verwys sy gespreksgenoot, 'n onbekende Athener, dat dit beter sou wees dat wette gemaak word om seks tussen mans met mekaar en vroue met mekaar te verbied[157] (Sou hierdie interne spanning by Plato ook kon dui dat die vraagstuk rakende homoseksualiteit selfs in die antieke tyd tot baie debat gelei het? – JP).

Karros beweer dat **Aristoteles** ook positief was oor beide manlike en vroulike homoseksuele verhoudings waar wederkerigheid en liefdesvriendskappe teenwoordig was.[158] Volgens haar sien hy heteroseksuele- en homoseksuele verhoudings nié slegs binne die konteks van die "selfbevrediging van die enkeling se luste" nie. Aristoteles se geskrifte dui vir haar nie daarop dat die antieke Grieke die aktiewe manlike persoon in 'n homoseksuele verhouding as 'n

---

[153] Nussbaum Martha S, **Other Times, Other Places: Homosexuality in Ancient Greece**, p 14, Annual of Psychoanalysis , Vol. 30, 2002.

[154] Karros Ruth Mazo, **Active/Passive, Acts/Passions: Greek and Roman Sexuality,** p 1258, American Historical Review, Vol. 105 Issue 4, 2001.

[155] **Letters** (348 vC) - Plato is begaan omdat sy aansien besig is om af te neem en stel sekere wette voor wat in die Griekse gemeenskap gemaak kan word. Dit word algemeen beskou dat hierdie wette teen die tyd van sy dood in proses was om gepubliseer te word.

[156] Plato, **Laws - The Greek Philosophers,** 24:611, (World Library, INC Santa Monica) 1995 .

[157] Plato, **Laws - The Greek Philosophers,** 381:611, (World Library, INC Santa Monica) 1995.

[158] Karros Ruth Mazo, **Active/Passive, Acts/Passions: Greek and Roman Sexuality,** p 1257, American Historical Review, Vol. 105 Issue 4, 2001.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

homoseksueel sou sien nie, maar die passiewe vennoot wat genot vind om "gepenetreer" te word (maw die penetreerder bly "man").[159] Die passiewe vennoot in die seksuele verhouding identifiseer met "vroulikheid", terwyl die manlike persoon weer dié persoon is wat die aktiewe seksgenoot is wat sy semen in die passiewe vennoot stort.[160] Vir hom is beide die vorme van seksualiteit onder mans en vroue prysenswaardig as dit binne die konteks van wederkerigheid aan mekaar se behoeftes in langtermyn verhoudings voldoen.[161]

Aristoteles se positiewe siening van liefde vir dieselfde geslag kan verstaan word wanneer hy verduidelik dat daar in die mensdom sekere "disposisies" is waarmee mense gebore word. Onder hierdie disposisies is ook seksuele disposisies wat volgens "normale seksuele norme" as "onnatuurlik" (dalk weer Paulus se agtergrond en siening van homoseksuele verhoudings in Rom 1) gesien kan word. Dit is waar 'n man die passiewe rol van die vrou in seksuele dade inneem. Hy skryf:

> "Now corresponding to each of these kinds of unnatural pleasures (**fæuvseiw**) we may observe a related disposition of character. ... These practices result in some cases from natural disposition, and in others from habit, as with those who have been abused from childhood. When nature (**fæuvsiw**) is responsible, no one would describe such persons as showing unrestraint, any more than one would apply that term to women because they are passive and not active in sexual intercourse ... [162]

---

[159] Karros Ruth Mazo, **Active/Passive, Acts/Passions: Greek and Roman Sexuality,** p 1257, American Historical Review, Vol. 105 Issue 4, 2001.

[160] Aristoteles, **Generation of animals,** 56:286, (World Library, INC Santa Monica) 1995. Hy (384-322 vC) –was een van die mees invloedryke antieke filosowe. Van hom word vertel dat hy oor feitlik alles iets te sê gehad het. Sy **Generation of Animals** (350 vC) kan as 'n werk in Biologie beskou word. Dit bestaan uit vyf boeke wat handel oor seksualiteit.

[161] Nussbaum Martha S, **Other Times, Other Places: Homosexuality in Ancient Greece**, p 21, Annual of Psychoanalysis , Vol. 30, 2002.

[162] Aristoteles, **Nicomachanaen Ethics,** 1148b, Perseus Project (Harvard University Press), 2000.

Merkwaardig! Dit beteken dat:

- Die hunkering na mense van dieselfde geslag is in sommige gevalle 'n gewoonte wat aangeleer is omdat iemand sedert kinderjare mishandel of gemolesteer is, en tweedens
- Dat daar waarskynlik 'n natuurlike "disposisie" is wat iemand die hunkering gee na dieselfde geslag. Sulke persone behoort nie verhinder te word om hulle seksuele disposisie uit te leef nie. Dit is 'n onnatuurlike aktiwiteit in die algemeen, maar natuurlik vir hiérdié mense.

Uit die antieke geskrifte is ook getuienis gevind dat sekere manspersone in die openbaar as verfynde vroulike (homoseksuele) persone verskyn het. Liddel en Scott wys ook dat die begrip **eéanos** met fyn of verfyn[163], terwyl **nevanikos** weer met homoseksueel.[164] vertaal word.

Op hierdie stadium kan genoem word dat Boswell beweer dat Nero[165] met twee mans in die huwelik getree het. Hierdie huwelike is in die openbaar met huwelikseremonies verseël. Hiervolgens was ten minste een van hierdie gay-huwelike van Nero deur die destydse Grieke en Romeine as amptelik erken. Sy "lewensmaat" volgens hierdie "huwelik" is dan ook as die vrou van die keiser vereer.[166]

Dit is daarom billik om op hierdie stadium twee opmerkings te maak:

---

163 Liddel & Scott, **Greek-English Lexicon**, p 218, [Claredon Press] Oxford, 1983.
164 Liddel & Scott, **Greek-English Lexicon**, p 526, [Claredon Press] Oxford, 1983.
165 Of dit geloofwaardig is om Nero as rolmodel vir homoseksuele huwelike van liefde en trou te neem, is twyfelagtig. Nero het ook 'n bloedskande verhouding met sy ma en halfsuster gehad. Hy staan ook bekend as 'n moordenaar en 'n vervolger van Christene by uitstek. In die geskiedenis staan hy nie bekend as iemand op wie mense trots kan wees nie.
166 Boswell John, Christianity, **Social Tolerance and Homosexuality**, p 82, [The University of Chicago Press], Chicago and London, 1996.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

- ✝ Dit blyk of daar wel 'n homoseksuele "identiteit" in die destydse antieke samelewings bekend was.
- ✝ Dat sò 'n homoseksuele identiteit bekend was, beteken nié dat die destydse samelewings dit as 'n aanvaarbare norm wat normaal was, gesien het nie.

Voor by die volgende paragraaf gekom word, moet enkele begrippe uitgewys word.

#### 1.1.2.2.1 Beskrywings uit die destydse Griekse samelewing in hul verwysing na homoseksuele persone of -verhoudings

| *Pedofilie* | *Pederastie* | **Passiewe manlike homoseksuele persoon wat gepenetreer word**[167] | **Aktiewe manlike homoseksuele persoon wat penetreer**[168] |
|---|---|---|---|
| **Paidofilew** : Plato en Aristoteles | **Paidarasthv~ / paidikhvn** : Plato en Aristoteles | **malakawterw~** : Tukididus; **malaka** : Aristoteles; **malakothv~** : Plutargus; **malakoi;** : Plato[169] **kivnaido~** : Plato | **ajjrrhvn** Aesgulus; **ajrsene~** Tukididus & Euripidus; **ajrsen** Sofodes & Aristoteles[170] |

167 Liddel & Scott, **Greek-English Lexicon**, p 486, [Claredon Press] Oxford, 1983.
168 Liddel & Scott, **Greek-English Lexicon**, p 119-120, [Claredon Press] Oxford, 1983.
169 Liddel & Scott, **Greek-English Lexicon**, p 486, [Claredon Press] Oxford, 1983.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)


Die volgende afleidings kan dus gemaak word:

- Dit is nié 'n korrekte afleiding dat die enigste vorm van homoseksuele praktyke wat destyds algemeen bekend was, pederastie of losbandigheid is nie.
- Naas pederastie, was pedofilie ook 'n bekende verskynsel.
- Dan was daar ook ander begrippe wat op mans wat 'n "sekere seksuele identiteit" in permanente homoseksuele verhoudings gehad het, gebruik is.
  - Die "vroulike" of passiewe" homoseksuele vennoot is meestal as **malako~** of **kivnaido~** beskryf.
  - Die aktiewe manlike homoseksuele persoon is weer onder andere met **ajrrhvn** , **ajrsene~** en/of **ajrsen** beskryf.

'n Belangrike saak moet rondom die voorkoms van sekere gebruike in samelewings uitgewys word:

In die volgende paragraaf sal ook aangetoon word dat die burgerlikes in die destydse samelewing beide rolle deur die homoseksuele vennote as onaanvaarbaar beskou het. Getuienis dui daarop dat hierdie gebruike waarskynlik onder die adel van die destydse beskawings praktyk was.[171] Die voorkoms van sekere aktiwiteite is nie 'n bewys dat dit die geldende norm in 'n gemeenskap was nie. Enkele analoë voorbeelde:

- 'n Skrywer soos André P Brink het in sy protesverhale dikwels 'n blanke man wat met 'n nie-wit vrou 'n seksuele verhouding gehad het, beskryf (bv. Droë Wit seisoen en Die Muur van die Pes). Mense wat nie die situasie in die land geken het nie, kan dan uit hierdie beskrywings die afleidings maak dat dit in die

[170] Liddel & Scott, **Greek-English Lexicon**, p 120, [Claredon Press] Oxford, 1983.
[171] Karros Ruth Mazo, **Active/Passive, Acts/Passions: Greek and Roman Sexuality,** p 1256, American Historical Review, Vol. 105 Issue 4, 2001.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)


destydse gemeenskap die geldende norm onder Afrikaner mans was.

- ✝ Die Alternatiewe sangers (bv Johannes Kerkorrel en Koos Kombuis – toe nog as André le Toit bekend) het gedurende die tagtigerjare sosiale kritiek teen die NGK, die rykes en die destydse NP-Regering gegee. Omdat hul vertonings dikwels vol was, kan die afleiding gemaak word dat die algemene Afrikanerjongmens destyds dieselfde anti-NGK, anti-rykdom en anti-NP-Regering simpatie as hulle gehad het. Iets wat tog nie waar was nie. Dit blyk uit die verskeie verkiesings en 'n referendum wat deur die NP gedurende die tagtigerjare gewen is.
- ✝ 'n Laaste analoë voorbeeld: Met die politieke onrus jare gedurende die 1980's is 'n geestelike byeenkoms in die Moederkerk te Stellenbosch gehou. Agter die podium/preekstoel is 'n kommunistiese vlag gedrapeer. Hierdie foto is die hele Suid-Afrika via die televisie ingestuur. Die persepsie wat destyds gekry is, is dat al die leraars en gemeentelede van daardié gemeente pro-ANC en kommunisties is. Iets wat nie waar was nie.

In die voorafgaande paragraaf is aangetoon dat die verskynsel van permanente langtermyn homoseksuele verhoudings van liefde en trou inderdaad gedurende daardie antieke tyd bekend was. In die volgende paragraaf sal gepoog word om vas te stel of hierdie gebruik deur die algemene publiek as 'n geldende norm aanvaar is.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

#### 1.1.2.3. Kritiek uit die antieke samelewings teen homoseksuele verhoudings

Vroeër het ek 'n kantopmerking gemaak oor die oënskynlike interne spanning wat Plato oor homoseksuele verhoudings weergee. Nou meer kritiek teen homoseksuele verhoudings: Ongeag bogenoemde duidelike voorbeelde van openlike homoseksuele praktyke en gebruike in die destydse antieke wêreld, is hierdie gebruike of identiteit nie deur almal in die destydse Griekse samelewing positief aanvaar nie. Homoseksuele verhoudings het meer dikwels onder die boonste laag (adel) van die destydse samelewing as onder die burgerlikes voorgekom.[172] Die burgerlikes in Athene het beide die aktiewe vroulike homoseksueel en die passiewe manlike homoseksueel verwerp[173] Ten spyte van Plato se liefde vir Dion vind ons in sy geskrifte tog die erkenning dat alle Atheners nie liefde vir dieselfde geslag goedgekeur het nie (soos reeds gewys is). In sy **Wette** sê die onbekende Athener die volgende:

> "Possibly, should God so grant, we might forcibly effect one of two things in this matter of sex-relations, -either that no one should venture to touch any of the noble and freeborn save his own wedded wife, nor sow any unholy and bastard seed in fornication, nor any unnatural (**para fæuvsin:-** vgl Rom 1:26**)** and barren seed in sodomy,- or else we should entirely abolish love for males, and in regard to that for women, ...."[174]

In dieselfde trant verwys 'n ander filosoof, **Xenophon** ook negatief na homoseksuele praktyke. Volgens hom is hierdie praktyk net so

---

[172] Karros Ruth Mazo, **Active/Passive, Acts/Passions: Greek and Roman Sexuality,** p 1256, American Historical Review, Vol. 105 Issue 4, 2001.
[173] Karros Ruth Mazo, **Active/Passive, Acts/Passions: Greek and Roman Sexuality,** p 1256, American Historical Review, Vol. 105 Issue 4, 2001.
[174] Plato, **Laws,** 841d, Perseus Project (Harvard University Press), 2000.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

onaanvaarbaar as wanneer ouers met hul eie kinders seksuele verhoudings het (maw bloedskande, vgl Lev 18 en 19. Hier is nie sprake van kultiese homoseksuele verhoudings nie). Dit is ook belangrik om uit sy opmerking te besef dat ook pederastie nie 'n algemeen aanvaarbare gebruik in die antieke samelewing was nie. Hy skryf*:*

> "But if it was clear that the attraction lay in the boy's outward beauty, he banned the connexion as an abomination; and thus he caused lovers to abstain from boys (**paidikhn** - pederastie) no less than parents abstain from sexual intercourse with their children and brothers and sisters with each other".[175]

**Musonius Rufus**, 'n tydgenoot van Paulus verwys na homoseksualiteit wat nie binne die kultus plaasgevind het wanneer hy oor seksuele verhoudings in die algemeen skryf (Fragment 12):

> "Men who are not wantons or immoral are bound to consider sexual intercourse justified only when it occurs in marriage and is indulged in for the purpose of begetting children, since that is lawful, but unjust and unlawful when it is mere pleasure-seeking, even in marriage. But of all sexual relations those involving adultery are most unlawful, and no more tolerable are those of men with men, because it is a monstrous thing and contrary to nature. ... The fact that those relationships are not lawful or seemly makes them a disgrace and a reproach to those seeking them; whence it is that no one dares to do any of these things openly, not even if he has all but lost the ability to blush, and those who are not completely degenerate dare to do these things only in hiding and in secret."[176].

Rufus maak onderskeid tussen die volgende vorms van seksuele verhoudings:

---

[175] Xenophon, **Constitution of the Lacedaimonians,** 2.13, Perseus Project (Harvard University Press), 2000.

[176] Musonius Rufus, **Discourse XII: "On Sexual Indulgence**", p 85-89, (Uit Grieks vertaal deur Lutz) Internet, 2004 ; Du Toit AB, **Paul, Homosexuality and Christian Ethics** – Uit: Neotestamentica et Philonica – *Studies in honor of Peter Borgen***,** p102, Leiden, 2003.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)


- Seksuele verhoudings "binne die huwelik" wat ook voortplanting in gedagte het, is 'n aanvaarbare vorm van seksualiteit.
- Owerspel, maw seks buite die huwelik, en
- Die mees onaanvaarbare seksuele verhoudings is homoseksuele verhoudings, aangesien dit teen die natuur is.

Daar het ook wette teen homoseksuele verhoudings bestaan. Die **Lex Scantinia** (149 vC) het spesifiek oor homoseksuele verhoudings gehandel. Hierdie wet het sulke verhoudings verbied. Daar was ook die **Lex Iulia** wat homoseksuele verhoudings met dood gestraf het.[177]

Enkele opmerkings rakende die voorkoms van homoseksuele praktyke uit die antieke samelewings: Dit is so dat daar voorbeelde in die destydse kultusse was van homoseksuele praktyke. Dit is ook so dat daar homoseksuele losbandigheid en perversiteit was. Net so het daar ook geforseerde homoseksuele praktyke soos pederastie en dié in die weermagte van die Grieke, voorgekom. Pederastie het sy eie Griekse terminologie gehad. Hierdie begrip hou ook verband met pedofilie.

Dit is egter nie al voorbeelde van homoseksuele praktyke nie. Daar is getuienis van mans wat eerder hul "seksuele identiteit" (die ander helfte) by ander mans gevind het. Binne vandag se konteks sou gesê kon word dat hulle 'n "homoseksuele oriëntasie" het. Sokrates, Plato en Aristoteles is voorbeelde van mans wat belanggestel het in homoseksuele verhoudings wat in liefde en uit trou bestaan het. Om die waarheid te sê,

[177] Crook J, **'Introduction', Law and Life in Rome**, [Cornell University Press], New York, 1967; Lilja S, **Homosexuality in Republican and Augustan Rome**, p 112-121, [Societas Scientiarum Fennica], Helsinki, 1982; Robinson OF, **The Criminal Law of Ancient Rome**, p 70-71, [Duckworth] London, 1995; Williams CA, **Roman Homosexuality: Ideologies of Masculinity in Classical Antiquity**, p 119-124, [Oxford University Press], Oxford, 1999. Keiser Augustus se Lex Iulia Institutes 4.18.2-3 gee die dood as straf "not only those who dishonour the marriage-bed with another, but also those who indulge in lust with male".

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)


Aristoteles gebruik beskrywings wat baie herinner aan die beskrywings van homoseksuele oriëntasie onder pro-gay teoloë soos dit vandag gegee word. Hierdie was nie 'n verskynsel wat slegs in die geheim voorgekom het nie. Hierdie filosowe was nie skaam hieroor nie, en het openlik daaroor geskryf en gepraat. Sulke permanente verhoudings tussen mense van dieselfde geslag onder vroue is ook duidelik in Egiptiese materiaal gedokumenteer.

Ten spyte hiervan, was daar binne daardie kulture – soos vandag – mense wat dit gekritiseer het. Kritiek vanuit die destydse samelewings teen homoseksuele praktyke kon dus nie nét teen die voorkoms daarvan in die kultusse, losbandigheid en perversiteit gewees het nie.

**Die punt is dus:**

Die voorkoms van sekere gebruike in 'n samelewing, beteken nié dat die samelewing oor sulke gebruike positief is nie. Daar is duidelike bewyse hiervoor. In die hoofstuk rakende die Pauliniese en Deutero-Pauliniese geskrifte sal verder gemotiveer word dat verreweg die grootste deel van die destydse Mediterreense bevolking homoseksuele verhoudings as 'n skandelike praktyk beskou het wat onaanvaarbare gedrag was.

Aangesien die onderwerp van hierdie studie aan die hand van die Bybel gedoen word, is die siening van homoseksuele verhoudings onder die Jode ook belangrik. Dit moet gewys word dat die volgende paragraaf nie oor die Bybelse getuienis handel nie, maar oor buite Bybelse getuienis. In later hoofstukke sal die getuienis van die Skrif rakende homoseksuele verhoudings in meer detail bestudeer word. Ook in hierdie paragraaf

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

word slegs 'n voëlvlug getuienis van die buite Bybelse Joodse skrywers onder oë geneem.

### 1.1.3. Seksualiteit in die Judaïsme – Buite Bybelse getuienis

Die Joodse tradisie was altyd teen alle vorms van homoseksualiteit gekant. Die Joodse apologete, anders as die heidense samelewing waar homoseksuele gedrag soms aanvaarbaar was, neem 'n baie negatiewe standpunt teen hierdie lewenswyse in. In die **Wysheid van Salomo** word binne die konteks van afgodediens (mense wat hul rug op God keer) verwys na mense wat van geslag verwissel (Wysheid van Salomo 14:26).[178] Dit kan waarskynlik verwys na priesters wat tydens die heidense kultusse soos vroue optree. Dit sou selfs binne die kultus en in losbandigheid kon afspeel, wanneer na 15:23-27 gekyk word. Die probleem met die verklaring alleen, is juis die konteks van die gedeelte. In 13:15-19 is dit duidelik dat die beoefening van hierdie tipe homoseksualiteit by diegene wat nie die God van Israel aanbid nie, meer is as net kultiese gebruike. Die persoon neem die afgod huis toe en hang dit met 'n spyker teen sy huis se muur (13:15). Dan word verwys na sy gesondheid, sy familie, sy reise en sy ekonomiese situasie (13:17-19). Hier is duidelik nie sprake van losbandigheid en die kultus alléén nie.[179] Dit het te doen met 'n "leefstyl in die algemeen" onder mense wat nie die God van die Bybel aanbid nie.

Selfs iemand soos die geskiedskrywer, **Flavius Josefus**, 'n tydgenoot van Paulus skryf in 'n tipies Joodse konteks negatief oor homoseksuele dade of lewenswyses. Dit, te midde van die feit dat hy aan die hof van die

[178] Die Bybel met Deutero-Kanonieke Boeke, **Wysheid van Salomo**, p 976, (Bybelgenootskap van Suid-Afrika, Kaapstad) 1988.
[179] Die Bybel met Deutero-Kanonieke Boeke, **Wysheid van Salomo**, p 975, (Bybelgenootskap van Suid-Afrika, Kaapstad) 1988.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Romeinse Keiser gewerk het. Hier het sulke dade voorgekom. Binne die konteks van aanvaarbare seksuele praktyke onder die Jode en waarskynlik ook aan die hand van die destydse interpretasie van Levitikus 18 en 20 skryf hy:

> "As for adultery, Moses forbade it entirely, as esteeming it a happy thing that men should be wise in the affairs of wedlock; and that it was profitable both to cities and families that children should be known to be genuine. He also abhorred men's lying with their mothers, as one of the greatest crimes; and the like for lying with the father's wife, and with aunts, and sisters, and sons' wives, as all instances of abominable wickedness **('n verhouding van bloedskande)**. He also forbade a man to lie with his wife when she was defiled by her natural purgation; and not to come near brute beasts, nor to approve of the lying with a male **(homoseksuele verhouding)**, which was to hunt after unlawful pleasures on account of beauty. To those who were guilty of such insolent behavior, he ordained death for their punishment.[180]

Die konteks handel nie soseer slegs oor losbandigheid of kultiese praktyke nie, maar oor hoe die God van Israel (met Moses as sy woordvoerder) die seksuele praktyke van God se mense gesien het.

**Philo van Alexandrië** 'n vroeë tydgenoot van Jesus, verwys ook afwysend na homoseksuele praktyke. Hy skryf:

> As men … for not only did they go mad after women, and defile the marriage bed of others, **but also** those who were men lusted after one another, doing unseemly things, and not regarding or respecting their **common nature**, and though eager for children, they were convicted by having only an abortive offspring; but the conviction produced no advantage, since … the men became accustomed to be treated like women, and in this way engendered among themselves the disease of females, an intolerable evil; for they not only, as to effeminacy and delicacy, became like women in their persons, but they made also their souls most ignoble, corrupting in this way the whole race of man, as far as depended on them. At all events, if the Greeks and barbarians were to have agreed together, and to have adopted the commerce of the citizens of this city, their cities one after another would have become desolate, as if they had been emptied by a pestilence.[181]

Op 'n ander geleentheid verwys hy weer afwysend daarna dat geslagte die teenoorgestelde geslag se rolle oorneem:

---

[180] Josephus, Flavius, **The Works of Josephus**, (Oak Harbor, WA: Logos Research Systems, Inc.) 1997.

[181] Philo Judaeus, **The Works of Philo**, (Oak Harbor, WA: Logos Research Systems) 1997.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)


> At all events men would not be rivals to women, nor would women be rivals to men, in these matters with which the opposite sex alone ought to have any concern. But if the women were to emulate the pursuits of men they would be looked upon as half men, and if the men were to apply themselves to the pursuits of women they would acquire an evil reputation as men-women.[182]

In Pseudo-Philo word die afwysende houding teenoor homoseksuele praktyke herhaal. In die **The sentences of Phocylides II** staan:

> Transgress not to unlawful sex the natural limits of sexuality. For even animals are not pleased by intercourse of male with male. And let no women imitate the sexual role of men"[183]

Enkele opmerkings oor Philo se breedvoerige standpunte: Ons moet onthou dat hy vanuit 'n Griekse stad, Alexandrië, skryf. Ook hier kan nie gesê word dat dit nét oor losbandigheid of pederastie handel nie. Hy verwys spesifiek dat mans hier teen hulle natuur met mekaar verkeer en daardeur (hoewel hulle hunker na kinders) eintlik hul "kinders" aborteer. Waarskynlik 'n persepsie dat dit 'n vermorsing van 'n man se "saad" is wanneer dit nie in 'n vrou geplant word nie. Hy verduidelik dat homoseksuele "gemeenskap" nie eens sò geredelik onder die Grieke en die heidene voorkom nie, aangesien hulle stede dan heeltemal onbevolk sou raak. Verder veroordeel hy die oënskynlike gebruik binne die destydse konteks dat sommige mans soos vroue optree. Iets wat uit die Wysheid van Salomo nie noodwendig net by die heidense tempels voorgekom het nie, maar ook in mense se privaatheid. Dit is vir hom verkeerd wanneer teenoorgestelde geslagsrolle uitgeruil word, want daardeur word 'n man 'n halwe man, en 'n vrou 'n halwe vrou.

---

[182]Philo Judaeus, **The Works of Philo**, (Oak Harbor, WA: Logos Research Systems) 1997.

[183] Potgieter J en Van Huyssteen F, **Homoseksualiteit in Perspektief,** p 84, (Lux Verbi.BM,Wellington) 2002; **The Sentences of Phocylides II**, 190-191; Smith Mark D, **Ancient Bisexuality and the Interpretation of Romans 1:26-27*** uit **Journal of the American Academy of Religion**, p 234, 1996. Uit **Maxims Lines** 190-192. Vertaal deur Van der Horts: 101. Die werk word ongeveer 30 vC tot ongeveer 40 nC gedateer.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)


## 2. Later ontwikkeling in die Kerklike tradisie

Die probleem met navorsing rakende die kerklike tradisie en homoseksuele verhoudings, is dat daar bitter min primêre sowel as sekondêre bronne is wat die Kerk se standpunt oor homoseksuele praktyke beskryf. Vanuit die pro-gay beweging binne die Christelike Kerk word feitlik net **John Boswell** aangehaal as historikus wat beweer dat die Kerk aanvanklik positief oor homoseksuele verhoudings was.

Sommige geleerdes beweer dat die kerk sedert die dae van Christus tolererend teenoor homoseksuele persone opgetree het, maar eers later gedurende die Middeleeue en daarna begin het om homoseksuele verhoudings negatief te hanteer. Die negatiewe "homofobiese houding" teenoor homoseksualiteit het eerder ontstaan weens sosiale en politieke verandering in Europa.[184]

In 'n beoordeling van die kerklike tradisie rakende homoseksualiteit, behoort eers die standpunte van die vroeë kerkvaders onder oë geneem te word.

### 2.1. Die Kerkvaders reageer in lyn met die Bybelse tradisie

Anders as wat Boswell en ander pro-gay teoloë beweer blyk dit dat die vroegste Kerkvaders nie positief teenoor homoseksuele praktyke gereageer het nie (maw die kerk was aanvanklik nie verdraagsaam teenoor homoseksuele verhoudings nie). Hul reaksie was hoofsaaklik in lyn met dié van die Bybel. Die **Didache van die Twaalf Apostels** (70

[184] Boswell John, Christianity, **Social Tolerance and Homosexuality**, p 3, 169, [The University of Chicago Press], Chicago and London, 1996.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

nC) verwys spesifiek na pederastie as 'n homoseksuele vorm wat verwerp word.

> "You shall not commit murder, you shall not commit adultery, you shall not commit pederasty (παιδοφθορηνσεις), you shall not commit fornication, you shall not steal, you shall not practice magic, you shall not practice witchcraft, you shall not murder a child by abortion nor kill one that has been born" (Didache 2:2).[185]

**Barnabas** skryf in *Die Brief van Barnabas 10:7* ongeveer 70-100 nC

> "Moreover, you shall not eat the hyena. You shall not be a corrupter, nor like unto such men. For what reason? Because this animal in every other year changes its nature and becomes now male now female"[186] (Dit is duidelik dat die kerkvader verwarring in geslagsrolle afkeur).

Net so verwys **Aristidius** in ongeveer 125 nC ook afwysend na homoseksuele verhoudings wanneer hy leer:

> "Some polluted themselves by lying with males. The Greeks, O King, follow debased practices in intercourse with males, or with mothers, sisters, and daughters. Yet, they, in turn impute their monstrous impurity to the Christians.[187]"

Die konteks hier is duidelik seksuele praktyke in die algemeen. Hier gaan dit nié om losbandigheid of perversiteit nie. Dit herinner aan dié van Lev 18. **Siprianus van Kartago** skryf in sy *Briewe 1:8-9* (253 nC):

> "Oh, if placed on that lofty watch-tower, you could gaze into the secret places--if you could open the closed doors of sleeping chambers and recall their dark recesses to the perception of sight--you would behold things done by immodest persons which

---

[185] The Apostolic Fathers I, **The Didache**, p 306-307, [Harvard University Press], London, 1977.

[186] The Apostolic Fathers I, **The First Epistle of Barnabas**, p 377, [Harvard University Press], London, 1977.; Rooms Katolieke Kerk se standpunt op homoseksualiteit op webwerf adres ***www.catscans.com/catolicsite/Catlog/catalog.htm***, 2004.

[187] Hierdie opmerking van Aristides verdien meer aandag: Hier verduidelik hy dat die Christene die heidense gebruike van homoseksualiteit oorneem. Die Grieke beïnvloed die Christene negatief op seksuele en morele terreine. Dit is belangrik om op te merk dat hy van seksualiteit in die algemeen praat en nie na kultiese homoseksualiteit verwys nie.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)


no chaste eye could look upon; you would see what even to see is a crime; you would see what people embruted with the madness of vice deny that they have done, and yet hasten to do--men with frenzied lusts rushing upon men, doing things which afford no gratification even to those who do them."

Ook in die geval van hierdie kerkvader kan nie gesê word dat ons met losbandigheid en perversiteit te make het nie. Hier is nie sprake van partytjies nie, maar van homoseksuele praktyke wat in die geheim plaasvind – waarskynlik omdat diegene wat dit beoefen, geweet het dat dit vir die kerk en die gemeenskap onaanvaarbaar is.

**Polikarpus, Biskop van Smirna** sterf waarskynlik op 23 Februarie 155 nC 'n marteldood.[188] In sy *Brief aan die Filippense* skryf hy duidelik oor homoseksuele praktyke. Sou hy dalk in lyn met die Pauliniese denke (maw die Skrif) die volgende skryf:

"... neither fornicators nor effeminate (μαλακοι**ν**) nor sodomites (α**j**ρσενο¤κοιται[189]) shall inherit the Kindom of God ..." ( Polykarpus aan die Filippense 3:3)[190]

In 'n waarskynlike verwysing na Kerklike tug leer **Basilius die Grote** van Cessarea in Kappadosië in sy *Briewe 217:62* (367 nC*):*

"He who is guilty of unseemliness with males will be under discipline for the same time as adulterers."

Hy waarsku monnike in sy *Die Aflegging van die Wêreld* (373) (veral jong en onervare monnike) om nie te toegeneë met mekaar te raak nie, aangesien hulle so blootgestel kan word aan die sonde van die wêreld. Net so skryf hy in sy *Eerste Kanonieke Brief*:

---

188 The Apostolic Fathers I, **Polycarp to the Philippians**, p 280 [Harvard University Press], London, 1977.

189 In die eksegese sal teruggekeer word na hierdie twee Griekse woorde, aangesien die beide in die LXX en die Pauliniese verwysing na homoseksuele praktyke voorkom.

190 The Apostolic Fathers I, **Polycarp to the Philippians**, p 291 [Harvard University Press], London, 1977.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

"They who have committed sodomy with men or brutes, murderers, wizards, adulterers, and idolaters, have been thought worthy of the same punishment; therefore observe the same method with these which you do with others. We ought not to make any doubt of receiving those who have repented thirty years for the uncleanness which they committed through ignorance; for their ignorance pleads their pardon, and their willingness in confessing it; therefore command them to be forthwith received, especially if they have tears to prevail on your tenderness, and have [since their lapse] led such a life as to deserve your compassion."[191]

Ongeveer 30-jaar later in 391 nC skryf **Johannes Chrisostomus**, Kerkvader van die destydse Konstantinopel sy homiletiek op Romeine 4 en gee 'n negatiewe verklaring daarvan in terme van homoseksuele praktyke:

"All of these affections [in *Rom. 1:26-27*] were vile, but chiefly the mad lust after males; for the soul is more the sufferer in sins, and more dishonored than the body in diseases." [192]

**Augustinus van Hippo** se verwysing na homoseksuele praktyke is ook afwysend. Hy leer in sy *Belydenisse 3:8:15* wat dateer uit 400nC:

"Those shameful acts against nature, such as were committed in Sodom, ought everywhere and always to be detested and punished. If all nations were to do such things, they would be held guilty of the same crime by the law of God, which has not made men so that they should use one another in this way." [193]

Dit is onwaarskynlik dat Augustinus aan Sodom se sonde slegs as verkragting of 'n gebrek aan gasvryheid gedink het. Later sal ek aantoon

---

[191] Dobras Al, **Commentaries on Homosexual Behavior by Patriarchs of the Faith and Other Early Writers**, *theroadtoemaaus.org/Bcase/Road/03/31/RdEm/WhtsNw.htm*, 2004.

[192] Rooms Katolieke Kerk se standpunt op homoseksualiteit op webwerf adres *www.catscans.com/catolicsite/Catlog/catalog.htm*, 2004.

[193] Rooms Katolieke Kerk se standpunt op homoseksualiteit op webwerf adres *www.catscans.com/catolicsite/Catlog/catalog.htm*, 2004.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)


dat die Kerklike tradisie nooit die sonde van Sodom as verkragting of ongasvryheid alleen gesien het nie. Dit het waarskynlik vir hom gegaan dat die mans van Sodom 'n begeerte gehad het om met ander mans seks te hê soos 'n man met 'n vrou[194]. Uit die konteks is dit duidelik dat hy na die biologiese en fisiese samestelling van 'n man verwys wat nie gemaak is vir anale penetrasie nie. Dit sou op alle vorme van homoseksuele praktyke dui – ook die binne sogenaamde kernhomoseksuele verhoudings. In dieselfde lyn veroordeel die **Apostoliese Konstitusie** (400nC) die beoefening van homoseksuele praktyke:

> "[Christians] abhor all unlawful mixtures, and that which is practiced by some contrary to nature, as wicked and impious"[195].

Hierdie konsekwente ontwikkeling vanuit die Kerk deur die Bybelskrywers het ook later die destydse Romeinse Regering beïnvloed. Dit het gebeur weens die kerkvaders se groter wordende toegang tot die keiserlike hof. So vroeg as 342 het **Keiser Konstantyn II** mans verbied om homoseksuele praktyke met mekaar te beoefen. Op 14 Mei, 390 is 'n Keiserlike dekreet uitgevaardig by die Romeinse Saal van Minerva waar skrywers en kunstenaars bymekaar gekom het. Hierdie dekreet het alle homoseksuele praktyke wetlik gekriminaliseer. **Ambrosium van Milaan** het die Keiser gemotiveer om die wet te maak.[196]

Gedurende die 5de eeu het die Romeinse Ryk se ondergang begin plaasvind. In 476 het **Odovakar, die Germaan** Italië verower en die Romeinse heerser onttroon. Van daardie oomblik af was dit die einde van

[194] Via Dan O & Gagnon Robert AJ, **Homosexuality and the Bible – 2 views**, p 60,[Fortress Press] Minneapolis, 2003.
[195] Catholic Answers, **Early Teachings on homosexuality**, *www.catholic.com/home/permissions.asp*, 2004.
[196] Born Eunoch Homepage, **Historical Origins of Church Condemnation of Homosexuality**, *www.acquarius@well.com*, 2004.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

die Wes-Romeinse Ryk en die begin van 'n tydperk wat vandag as die Middeleeue bekend staan.[197]

## 2.2 Die getuienis van die vroeë Middeleeue

Uit getuies van die vroeë Middeleeue blyk dit dat die houding van die Kerk en die samelewing nie verander het teenoor homoseksuele verhoudings nie. In die 6de eeu is voortgegaan met negatiewe wetgewing teenoor homoseksuele praktyke.[198] **Justinianus** het in 538 en 544 wette uitgevaardig wat homoseksualiteit beskryf as 'n misdaad wat mans korrup maak. Sommige geskiedskrywers beweer dat hierdie wette die gevolg is van 'n plaag wat Konstantinopel in 525 getref het. Hiervolgens sou die keiser self gesê het dat die samelewing God met hul baie sondes vertoorn het – vandaar die plaag.[199] In die 7de eeu (650 nC) het die Spaanse koning, **Visigotus**, ook 'n anti-gay wet uitgevaardig. Hiervolgens sou alle mans in homoseksuele verhoudings met kastrering gestraf word.[200]

Elders in Europa is daar nie baie getuienis gevind wat dui op anti-homoseksuele wetgewing nie. Daar is egter Germaanse wette wat deur die **Lombards** opgetrek is, gevind. Hierdie wetgewing herinner baie aan die van Visigots. **Pous Gregorius III** het in die 8ste eeu 'n wet uitgevaardig wat persone wat homoseksuele verhoudings het, met 'n jaar

---

[197] Dankbaar WF, **Kerkgeschiedenis**, p 61, [Wolters-Noordhoff Drukkery], Groningen, 1974.
[198] Buchanan RJ, 2000, **Homosexuality in Histor**y, p 2-3, Grace Community Durham NC.
[199] Boswell John, Christianity, **Social Tolerance and Homosexuality**, p 171, [The University of Chicago Press], Chicago and London, 1996. John, Born Eunoch Homepage, **Historical Origins of Church Condemnation of Homosexuality**, _www.acquarius@well.com_, 2004.
[200] Boswell John, Christianity, **Social Tolerance and Homosexuality**, p 174, [The University of Chicago Press], Chicago and London, 1996.; Born Eunoch Homepage, **Historical Origins of Church Condemnation of Homosexuality**, _www.acquarius@well.com_, 2004.

van selfkastyding gestraf het. Vroue met lesbiese verhoudings was volgens hierdie wet met 160 dae van selfkastyding gestraf.[201] Die **Sinodes van Kalgedon** (813 nC en 829 nC) het weer gepoog om erger strawwe teen homoseksuele en lesbiese verhoudings in te stel.[202] Teen die middel van die 8ste eeu het **Bonifatius** wat sendingwerk in Engeland gedoen het, na homoseksuele verhoudings verwys as "vieslike' vereniging tussen mense van dieselfde geslag (Sodomiete).[203]

Teen die 9de eeu was die Frankiese koning **Karel die Grote** (768-814) heerser van Europa. Hy staan bekend as die koning wat verantwoordelik was dat die Christendom in Europa gevestig is. Hoewel hy koning was, het hy staat en kerk verenig. Dit het beteken dat hy ook hoof van die Kerk geword het.[204] Hy was geskok oor die baie "sodomiete" wat onder destydse monnike voorgekom het. Hy het 'n beroep op monnike gedoen om hulself van sulke euwels te weerhou.[205] Dit is gedurende hierdie tyd dat 'n monnik **Alkuinus** in die hof van Karel die Grote was. Hy het in sy jeug homoseksuele verhoudings gehad. As bejaarde het hy na sy homoseksuele praktyke as die "sonde van sy jeug" verwys en sy spyt daaroor uitgespreek. Hy het die laaste jare van sy lewe nie 'n homoseksuele verhouding gehad nie, en gekies om selibaat te leef.[206]

---

[201] Boswell John, Christianity, **Social Tolerance and Homosexuality**, p 180, [The University of Chicago Press], Chicago and London, 1996.
[202] Boswell John, Christianity, **Social Tolerance and Homosexuality**, p 182 [The University of Chicago Press], Chicago and London, 1996.
[203] Boswell John, Christianity, **Social Tolerance and Homosexuality**, p 203, [The University of Chicago Press], Chicago and London, 1996. Die vertaling van Boswell lees: "Saint Boniface, ... has rejected ... lives ... like the people of Sodom, one can only assume that from such filthy unions will be endangered a degenerated ... people...".
[204] Dankbaar WF, **Kerkgeschiedenis**, p 61, [Wolters-Noordhoff Drukkery], Groningen, 1974.
[205] Boswell John, Christianity, **Social Tolerance and Homosexuality**, p 176-177, [The University of Chicago Press], Chicago and London, 1996.
[206] Boswell John, Christianity, **Social Tolerance and Homosexuality**, p 189-191, [The University of Chicago Press], Chicago and London, 1996.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Gedurende die vroeë Middeleeue is daar ook enkele getuienis gevind waar die gesindheid teenoor homoseksuele verhoudings versag is. Getuienis uit Latynse gedigte gedurende die 6de, 7de en 8ste eeue beskryf homoseksuele verhoudings as onvanpas, maar nie as sonde nie.[207] In reaksie op die wette wat Visigotus van Spanje teen homoseksuele verhoudings gemaak het, het die **Sinodes van Toledo** (IV en VIII) onder die leiding van die Katolieke geestelike in Spanje, **Isodores van Seville,** die erge strawwe van die Spaanse koning verwerp. Die Spaanse koning het die beroep van die Kerk op sagter wetgewing geïgnoreer.[208] Die hoof van die klooster van Reichenau, **Walafrid Strabo**, het gedigte geskryf waarin hy sy liefde teenoor sy vriend Liutger en later teenoor 'n invloedryke monnik, Gottschalk, beskryf.[209] Boswell dui aan dat daar getuies gevind is wat dui op "goeie" vriendskapsverhoudings" tussen burgerlikes gedurende die vroeë Middeleeue.[210]

### 2.3 Die getuienis van die latere Middeleeue handhaaf negatiewe houdings teenoor homoseksuele verhouding

Volgens **Boswell** se getuienis is die kerklike hoogbloei ten opsigte van homoseksuele verhoudings gedurende die latere Middeleeue in Europa.

---

[207] Boswell John, Christianity, **Social Tolerance and Homosexuality**, p 186, [The University of Chicago Press], Chicago and London, 1996.

[208] Boswell John, Christianity, **Social Tolerance and Homosexuality**, p 175, [The University of Chicago Press], Chicago and London, 1996. Ter wille van billikheid moet gemeld word dat die wette van die Spaanse koning nie nét teen homoseksuele verhoudings gegaan het nie. Dit was ook sterk anti-Semities. Die implikasie van die wette het tot Joodse vervolging gelei. Dit is moeilik om vas te stel of die Sinodes van Toledo teen die homoseksuele wette van die koning was of teen die anti-Joodse wette of teen beide.

[209] Boswell John, Christianity, **Social Tolerance and Homosexuality**, p 191, [The University of Chicago Press], Chicago and London, 1996.

[210] Boswell John, Christianity, **Social Tolerance and Homosexuality**, p 193-200, [The University of Chicago Press], Chicago and London, 1996. 'n Billike vraag is of goeie vriendskapsverhoudings tussen mans noodwendig dui op homoseksuele verhoudings? Sou die bestaan van homoseksuele verhoudings 'n bewys wees dat dit algemene praktyk in die destydse samelewings was?

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Dit is gedurende hierdie tydperk (1100 en 1250) wat verstedeliking in Europa snel toegeneem het. Dorpies het in stede verander. Saam met hierdie ontwikkeling het ook die klem op die "vryheid van die indiwidu" (renaissance of verligting) gekom.[211] Dit is 'n direkte uitvloeisel van die stabiliteit wat Karel die Grote in Europa gebring het. Hierdie tydperk word ook geken as die tydperk van ontwikkeling van die kunste, wetenskap en skolastiek. Die Kerk was nie meer die enigste invloed in die samelewing nie en daar het geleidelik wantroue teenoor die Kerk ontstaan.[212].

Gedurende 1050 tot 1150 het daar vir die eerste keer sedert die Romeinse samelewing 'n sogenaamde "gay subkultuur" bestaan.[213] Wat ook in ag geneem behoort te word, is dat dit voorafgegaan is deur **150 jaar** (dieselfde tydperk van die Europese verstedeliking) waartydens die Kerk, volgens Boswell, positief en verdraagsaam teenoor homoseksuele verhoudings gereageer het.[214]

Dit word afgelei uit liefdesbriewe tussen biskoppe, priesters en nonne. **Anselmus van Kantelberg**[215] (1033-1109) was self nie gay nie, maar het geweier om sekulêre wetgewing teen homoseksuele praktyke te steun. Die rede hiervoor, vermoedelik, was omdat hy 'n vriend gehad het

---

211 Boswell John, **Christianity, Social Tolerance, and Homosexuality**, p 207-209, [The University of Chicago Press], Chicago and London, 1996.

212 De Jong Otto J, **Gesckiedenis der Kerk**, p149-151, [GF Callenbach bv, Niekerk Uitgeverij], Uitrecht, 1980.

213 Boswell John, **Christianity, Social Tolerance, and Homosexuality**, p 207-209, [The University of Chicago Press], Chicago and London, 1996.

214 Boswell John, **Christianity, Social Tolerance, and Homosexuality**, p 207, [The University of Chicago Press], Chicago and London, 1996. Ter wille van billikheid behoort ook daarop gewys word dat Boswell aantoon dat die tydperk voor 1100 hoofsaaklik gekenmerk was deur 'n vorm van onverdraagsaamheid teenoor homoseksuele verhoudings. Die tydperk na 1250, so dui hy aan, is weer gekenmerk deur 'n geleidelike negatiewe ontwikkeling teenoor homoseksuele verhoudings; Du Plessis Jean, **Oor Gay wees**, p 53, [Tafelberg-Uitgewers Beperk], Kaapstad, 1999.

215 Pro-gay drukgroepe gebruik oënskynlik "name-dropping" om hul saak te versterk. **Gelowig en Gay?** sê heeltemal korrek dat Anselmus nie gay was nie. Tog is daar ander gay-drukgroepe wat beweer dat hy gay was. 'n Mens wonder hoeveel gesaghebbende werke foutiewe aannames in hul verwysing na die kerklike tradisie doen.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)


wat homoseksueel was. Daar word ook verwys na **Marbod, Biskop van Rennes** in ongeveer 1123 nC wat 'n liefdesgedig oor sy homoseksuele verhouding geskryf het (Boswell doen moeite om verskeie sulke liefdesgedigte tussen monnike uit te wys).[216] Sommige gay geskiedskrywers beweer dat koning **Richard die Leeuhart** 'n homoseksuele verhouding met Longchamp gehad het. Hy het Longchamp later as biskop van Elf aangestel. Dit het egter nie beteken dat hy hierdie optrede van hom as aanvaarbaar gesien het nie. Hy het dit later as "sonde" bely en beloof om 'n vromer en heiliger lewe te lei.[217]

Die bekendste geval van 'n priester wat homoseksueel was, is dié van **Aelred van Rievaulx**. Hy het 'n teologie van liefde en vriendskap vir die monnike voorgeskryf[218]. Hy sou selfs monnike toegelaat het om openlik hande vas te hou. Tog het hy selibaat vir monnike voorgestaan.[219] Sommige geleerdes beweer verder dat die Kerk selfs homoseksuele verhoudings ingeseën het. Huwelikskontrakte tussen mense van dieselfde geslag is gevind in Serwië en Albanie.[220]

Sommige pro-gay geskiedskrywers lewer getuienis dat **Pous Benediktus** ketters in 1022 begin verbrand het. In Orleans is ook mense wat homoseksuele praktyke beoefen het, as ketters verbrand. **Pieter Damianus** skryf in 1051 **Die Boek van Gomorra** waarin hy homoseksuele praktyke onder ampsdraers van die Kerk veroordeel. **Pous**

---

[216] Bidstrup Scot, **Saint Aelred the Queer – The Surprising History of Homosexuality and Homophobia,** ***www.bistrup.com/phobiahistory.htm***, 2001.
[217] Boswell John, **Christianity, Social Tolerance, and Homosexuality**, p 231, [The University of Chicago Press], Chicago and London, 1996.
[218] Bidstrup Scot, **Saint Aelred the Queer – The Surprising History of Homosexuality and Homophobia,** ***www.bistrup.com/phobiahistory.htm***, 2001.
[219] Boswell John, **Christianity, Social Tolerance, and Homosexuality**, p 223, [The University of Chicago Press], Chicago and London, 1996.
[220] Boswell J, **Same-Sex Unions in Premodern Europe**, p 92-106, New York, 1994; Anthonissen Carel en Oberholzer Pieter, **Gelowig en gay?**, p 67-68, [Lux Verbi.BM] Wellington 2001.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**Leo IX** reageer pastoraal op hierdie boek, deur daarop te wys dat indien hierdie ampsdraers 'n berou oor hul sonde toon en daarvan afsien, hulle in hul amp kon voortgaan. Dit is belangrik om op te merk dat getuies daarop dui dat hierdie pous moeite gedoen het om monnike te motiveer om selibaat te leef. Ongeveer 50 jaar later het die **Sinode van London** (1102) homoseksuele verhoudings as sonde veroordeel.[221]

In die vroeë 12de eeu is daar getuies dat die kerklike tradisie weer sterk standpunt teen homoseksuele verhoudings begin inneem het. Dit, ongeag 'n redelike stilte tussen 1050-1150 rakende homoseksuele verhoudings. Geskrifte uit kloosters is gevind wat ene **Willem Rufus**, 'n praktiserende homoseksueel, van skandelike gedrag beskuldig weens sy homoseksuele verhoudings.[222] **Hildebert van Lavardin** verwys in die negatiewe sin na homoseksuele verhoudings. Hy stel dit dat hierdie "misdaad" feitlik 'n gewoonte in elke sfeer van die samelewing geword het. [223] **Walter van Chatillon**, 'n satirus, spot met homoseksuele verhoudings. Hy beweer dat wanneer jongmense na Frankryk gestuur word, hulle homoseksuele gedrag aanleer.[224]

Getuienis dui daarop dat die houding teenoor homoseksuele verhoudings gedurende die laat Middeleeue meer onverdraagsaam geraak het.[225] **Pieter Kantor** (1197 nC) het in hierdie tyd in lyn met Johannes Chrisostomus gemeen dat Romeine 1:26-27 na mense wat homoseksuele verhoudings beoefen, verwys. Sommige pro-gay groepe beweer dat die

---

[221] Boswell John, **Christianity, Social Tolerance, and Homosexuality**, p 215-216, [The University of Chicago Press], Chicago and London, 1996.
[222] Boswell John, **Christianity, Social Tolerance, and Homosexuality**, p 229, [The University of Chicago Press], Chicago and London, 1996.
[223] Boswell John, **Christianity, Social Tolerance, and Homosexuality**, p 226, 228, [The University of Chicago Press], Chicago and London, 1996.
[224] Boswell John, **Christianity, Social Tolerance, and Homosexuality**, p 235, [The University of Chicago Press], Chicago and London, 1996.
[225] Boswell John, **Christianity, Social Tolerance, and Homosexuality**, p 269, [The University of Chicago Press], Chicago and London, 1996.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

term "sodomie" as verwysing na homoseksuele praktyke by hom ontstaan het. Dit is as gevolg van sy leiding dat die ***3de Lateraanse Konsilie*** (1179 nC) spesifiek teen homoseksuele praktyke besluite geneem het.[226] Hierdie besluit is 'n duidelike handhawing van die kerkvaders se siening van homoseksuele verhoudings. **Bernard van Morlaix** betreur ook homoseksuele verhoudings. In sy "Contemp of the World" (Boswell se vertaling) stel hy dit dat homoseksuele verhoudings plaasvind weens openbare sensualiteit en die geestelike verval van die destydse samelewing. Volgens hom is die "hele skepping" in hierdie verkeerde praktyke vasgevang.[227]

Gedurende hierdie tyd is persone en geestelike groepe wat òf homoseksueel was, òf verdraagsaam was teenoor homoseksuele persone en verhoudings as "ketters" verwerp. Een so 'n groep was die **Katare** of **Albigense** in Suid-Frankryk. Hierdie groep het skeiding tussen die gees en die stoflike gemaak. Huwelike was nie by hulle baie gewild nie.[228] Hulle is verder deur die Kerk daarvan beskuldig dat hulle homoseksuele verhoudings toegepas het, en ook dat hulle homoseksuele verhoudings as die ideaal gepredik het. Hierdie groep het homoseksuele verhoudings ook nie as sonde gesien nie.[229]

Selfs die bekende teoloog, **Thomas van Aquina,** (1225-1274 nC) reageer negatief teenoor homoseksuele verhoudings. Hy bevestig die siening van manlikheid en vroulikheid as die wese van seksualiteit wat dan ook in lyn is met die leer van die Katolieke Kerk. Enige afwyking

---

[226] Bidstrup Scot, **Saint Aelred the Queer – The Surprising History of Homosexuality and Homophobia, *www.bistrup.com/phobiahistory.htm***, 2001.
[227] Boswell John, **Christianity, Social Tolerance, and Homosexuality**, p 277, 232, [The University of Chicago Press], Chicago and London, 1996.
[228] Dankbaar WF, **Kerkgeschiedenis**, p 79, 93, [Wolters-Noordhoff Drukkery], Groningen, 1974.
[229] Boswell John, **Christianity, Social Tolerance, and Homosexuality**, p 283-285, [The University of Chicago Press], Chicago and London, 1996.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

hiervan (soos homoseksuele verhoudings) word as teen die "natuur" gesien.[230]

Gedurende 1250 en 1300 word die gesindheid teenoor homoseksuele verhoudings meer afwysend. In die meeste Europese lande word dié tydperk gekenmerk as 'n tyd waar homoseksuele persone die doodstraf ontvang het.[231] Teen die draai van die 13de en begin van die 14de eeue het **Pous Filippus die Regverdige van Frankryk** 5000 ridders van homoseksuele dade aangekla. Drie het skuld erken. Selfs konings wat homoseksueel was, was nie meer veilig nie. In Skandinawië het **Magnus VII** in 1321 koning geword. Hy het ook bekend gestaan as *Magnus die Verfynde*. Sy regering het egter nie lank geduur nie, aangesien sy homoseksuele verhouding met Bengt Algottson nie die Skandinawiese adel se goedkeuring gehad het nie. **Koning Edward II van Engeland** was die laaste Europese koning wat openlik homoseksueel was. Hiervoor is hy vermoor.[232] **Leonardo da Vinci** was aangekla dat hy homoseksuele praktyke met Jacopo Saltarelli gepleeg het. Hy is in 1476 hiervan vrygespreek. Gedurende hierdie tyd het die Kerk met sy Spaanse inkwisisie begin. Onder diegene wat ter dood veroordeel is, was ook mense wat homoseksuele praktyke beoefen het. In 1565 het **koningin Elisabeth I** van Engeland anti-homoseksuele wetgewing in Engeland heringestel, nadat dit deur haar voorganger, koningin Mary opgehef is.[233]

---

[230] Boswell John, **Christianity, Social Tolerance, and Homosexuality**, p 318, 328, [The University of Chicago Press], Chicago and London, 1996.
[231] Boswell John, **Christianity, Social Tolerance, and Homosexuality**, p 293, [The University of Chicago Press], Chicago and London, 1996.
[232] Boswell John, **Christianity, Social Tolerance, and Homosexuality**, p 272, [The University of Chicago Press], Chicago and London, 1996.
[233] Gayly, **A Gay History of the World**, *www.suphawut.com/gvb/gayly/index.htm,* 2004.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

## 2.4. Die getuienis van die Reformasie handhaaf die negatiewe beoordeling van homoseksuele verhoudings

Dit is gedurende hierdie tyd dat die hervormer van Genève, die vader van die Gereformeerde Kerke, geleef het. Dit is daarom noodsaaklik dat ons ook **Johannes Calvyn** (1509-1564) onder oë sal neem. In sy kommentaar van 1 Kor 6:9-11 verstaan hy μαλακοι**ν** as die verfynde man wat vroulik optree en vroueklere dra. Volgens hom is die Skrif dan afwysend teen hierdie vroulike rol deur 'n man. Met α**ν**ρσενοκοιτεσ verstaan hy die ernstigste vermaning van Paulus (van die vier wat hy daar opnoem), aangesien dit 'n afwyking is van die natuurlike seksuele praktyke.[234] Die Skrif verwys na seksualiteit in die konteks van man én vrou. Daarom behoort Christene sò oor die huwelik na te dink (manlik & vroulik).[235] Dit is binne hierdie Gereformeerde tradisie wat die NGK in 1986 dan ook sy reeds bekende besluit rakende homoseksualiteit geneem het. Dat die GKN vir meer as 20-jaar geworstel het om 'n pro-gay teologie in 1980 te kon goedkeur, bevestig dat die kerklike tradisie nie positief teenoor homoseksuele verhoudings gestaan het nie. Dit is dan nie vreemd dat **Johan Heyns**, gerespekteerde NGK teoloog in 1982, ook negatief na homoseksualiteit verwys. Hy stel dit dat ons in 'n gesekulariseerde samelewing leef waarin seksualiteit ook skaamteloos in onkuisheid verval.[236] Volgens hom is homoseksuele verhoudings 'n abnormale verskynsel wat ontstaan het weens die sondige gebroke werklikheid. Dit is nie in ooreenstemming met God se bestemming van

---

[234] Calvyn Johannes, **Calvin's New Testament Commentaries- 1 Corinthians**, p 124, [William B Eerdmans Publishing Company] Grand Rapids, 1996.
[235] Calvyn Johannes, **Calvin's New Testament Commentaries- 1 Corinthians**, p 130-131, [William B Eerdmans Publishing Company] Grand Rapids, 1996.
[236] Heyns JA, **Teologiese Etiek I**, p 482-483, [NG Kerkboekhandel], Pretoria, 1982.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

seksualiteit nie. Hierdeur word alles wat 'n mens is, in sy teendeel verander.[237]

Dit blyk dat die kerklike tradisie, in lyn met Calvyn, homoseksuele verhoudings negatief beoordeel het.

Uit die inligting rakende die Kerklike tradisie die afgelope 2000 jaar, die volgende opmerkings:

Eers enkele afleidings uit die verwysings na homoseksuele verhoudings uit die leefwêreld van die Bybelskrywers, die kerkvaders en die latere kerklike tradisie. Daar is duidelike onderskeid in die beskrywing van pederastie en iemand wat 'n seksuele identiteit het dat hy homoseksuele verhoudings sou hê.

| | **Pedofiel** | **Pederastie** | Koith - *huweliksbed* | **malakos** | **Arsen** |
|---|---|---|---|---|---|
| **Filosowe** | paidofilew | Paidarasthvs / paidikhvn | | malakawterws : Thukididus; malaka : Aristoteles; malakothvs : Plutargus; malakoiv : Plato[238] eéanos nevanikos | avrrhn Aesgulus; avrsenes Thukididus & Euripides; avrsen Sofodes & Aristoteles[239] |
| **Kerkvaders** | | παιδοφθορηνσεις soos gevind by **Didache van die Twaalf Apostels** | | malakovi soos gevind by Polikarpus | Ajrsenokoivtai soos gevind by Polikarpus |

---

237 Heyns JA, **Teologiese Etiek 2/I**, p 166, [NG Kerkboekhandel], Pretoria, 1986.
238 Liddel & Scott, **Greek-English Lexicon**, p 486, [Claredon Press] Oxford, 1983.
239 Liddel & Scott, **Greek-English Lexicon**, p 120, [Claredon Press] Oxford, 1983.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Net so is daar ook 'n konsekwente lyn vanaf die Bybelskrywers na die kerkvader en Calvyn in hul siening van homoseksuele rolspelers.

| | **Vroulike gay-persoon / Passief – die een by wie ander mans kom lê**[240] | **Manlike gay-persoon / Aktief – die een wat by ander mans gaan lê**[241] |
|---|---|---|
| **Filosowe** | malakawterws : Tukididus; malaka : Aristoteles; malakoths : Plutargus; malakia : Plato | avrrhn Aesgulus; arsenes Tukididus & Euripidus; arsen Sofodes & Aristoteles |
| **Paulus** | malakoiv | avrsenokoitai |
| **Polikarpus** | malakoiv | avrsenokoitai |
| **Calvyn handhaaf tradisie** | malakoiv | avrsenokoitai |

In 'n volgende hoofstuk sal in detail na die verklarings van bogenoemde Griekse woorde teruggekeer word. Wat belangrik is, is dat ons dus hier te make het met 'n gelyklopende lyn in die kerklike tradisie rakende die verskillende rolle in homoseksuele verhoudings.

Sou dit korrek wees om uit enkele voorbeelde van homoseksuele verhoudings wat oënskynlik in kerklike kringe plaasgevind het, die afleiding te maak dat die kerklike tradisie homoseksuele praktyke verdra het? Dit kan sekerlik nie betwyfel word dat sulke verhoudings wel voorgekom het nie, of dit daarom die goedkeuring van die breër Christelike tradisie weggedra het, kan nie daaruit afgelei word nie. Sulke verhoudings bestaan vandag, maar dit sou naïef wees om te beweer dat die Christelike Kerk in die wêreld positief daarteenoor is. In die vorige hoofstuk is reeds gewys dat die NGK van Suid- en Wes-Kaapland se

[240] Liddel & Scott, **Greek-English Lexicon**, p 486, [Claredon Press] Oxford, 1983.
[241] Liddel & Scott, **Greek-English Lexicon**, p 119-120, [Claredon Press] Oxford, 1983.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

predikante byeenkoms by Picardie-gastehuis erken het dat die Kerk in die wêreld hieroor verdeel is.

Wat wél afgelei kan word, is dat die kerklike tradisie, ongeag sekere uitvalle, 'n gelyklopende lyn deur die eeue gevolg het wat homoseksuele praktyke veroordeel het.

Aan die einde van hierdie hoofstuk die volgende gevolgtrekking.

### 3. 'n Beoordeling

Die getuienis uit hierdie hoofstuk dui daarop homoseksuele verhoudings waarskynlik 'n baie ou fenomeen is. Hoewel daar wél homoseksuele verhoudings van losbandigheid, dié in die weermag en pederastie was, was dit nié die enigste bekende vorm van homoseksuele verhoudings nie. Homoseksuele verhoudings van liefde en trou was 'n bekende verskynsel. Daar is filosowe wat sulke verhoudings goedgepraat én toegepas het.

Dit is sò dat die begrip "kernhomoseksualiteit" nie destyds bekend was nie. Tog toon bronne dat 'n "homoseksuele identiteit" of "-oriëntasie" wél bekend was. Bogenoemde standpunt word versterk deur die begrip pederastie (**paidarasthvs / paidikhvn**) wat nie gebruik word wanneer na homoseksuele verhoudings verwys word nie **(malakawterws** / **malakoiv** / **malakothvs** / **malakoiva /**[242] **of kivnaidos** : – passiewe homoseksuele maat en **avrren**, **avrsen** of **avrsenes** – aktiewe homoseksuele maat).

Hoewel bogenoemde homoseksuele verhoudings (ook van liefde en trou) wél voorgekom het, beteken dit nie dat die algemene bevolking positief daaroor

[242] Liddel & Scott, **Greek-English Lexicon**, p 486, [Claredon Press] Oxford, 1983.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

was nie. Uit getuienis blyk dit dat die burgerlikes nie hierdie gebruike goedgekeur het nie én dat dit selfs nié deel was van die waardes en norme van die gewone lid van die publiek nie. Verder toon getuienis uit die tyd van die filosowe ook dat homoseksuele verhoudings selfs deur sommige van hierdie filosowe as "teen die natuur" gesien is (**para fuvsin** – leen Paulus dalk hier?).

Die negatiewe gesindheid teenoor alle vorme van homoseksuele verhoudings, word ook uit die bronne van die buite Bybelse Judaïsme gevind. Die Kerkvaders handhaaf ook bogenoemde negatiewe standpunte. Die standpunt van die Kerkvaders is gevolg deur 'n konsekwente negatiewe standpunt (vir 2000 jaar) deur die Kerk en die publiek teen homoseksuele verhoudings.

Die vraag is dan, hoe kan dit gebeur dat daar 'n klein groepie Protestantse teoloë binne die Kerk van Jesus is wat homoseksuele verhoudings van liefde en trou as Skriftuurlik sien? Hierdie vraag sal in die volgende hoofstuk bestudeer word. In hoofstuk 3 sal gepoog word om vas te stel watter gesag aan die Skrif deur die verskillende partye in die debat toegeken word. Daarna sal ondersoek gedoen word hoe die Skrif geïnterpreteer word om tot 'n standpunt te kom wat homoseksuele huwelike as in lyn met die siening van die Skrif sien.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# 3

# 'n Hermeneutiek wat binne 'n postmoderne konteks realiseer.

"Of late, the whole idea of authority (Scripture)
has been shaken; it totters.
Religious ideas expressed in scripture are all
wrapped up in database alien to our modern world"
**- David Buttwick -**

Is dit billik dat mense soveel aandag aan hierdie saak afstaan, terwyl daar mense in die samelewing is wat groter nood het? Kan die Kerk nie maar net homoseksuele huwelike goedkeur en inseën sodat daar meer aandag en tyd aan die sosiale opheffing in Suid-Afrika afgestaan kan word nie? Bogenoemde is maar enkele van die kritiese vrae wat gevra word wanneer behoudende Christene vra dat daar deeglik oor homoseksuele verhoudings en -huwelike vanuit die Bybel nagedink word.[243]

Op hierdie vrae moet antwoorde gegee word. In die eerste plek is die saak op die tafel geplaas deur die Suid-Afrikaanse pro-gay teoloë in navolging van die GKN in Nederland. Dit vra met ander woorde 'n antwoord van die meer behoudende teoloë oor hul standpunt. Tweedens is dit 'n probleem waarmee die Kerk in die wêreld worstel. Dit is nie nét 'n Suid-Afrikaanse probleem nie. Gegewe die 'global village' waarbinne vandag geleef word, is hierdie saak onherroepelik ook op die tafel van alle kerke wêreldwyd geplaas. Derdens moet rekening gehou word met die feit dat dit 'n kontroversiële onderwerp is. 'n Volgende motivering vir die bestudering van

[243] Jones Stanton L & Yarhouse Mark A, **Homosexuality – The Use of Scientific Research in the Church's Moral Debate,** p 23, [InterVarsity press], Downers Grove Illinios, 2003.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)


die onderwerp is dat dit in wese die vraag rakende die Bybelse seksuele etiek aanraak. Dit is in die vyfde plek 'n belangrike onderwerp, aangesien dit die lewens van baie mense raak. Dit is relevant vir mense wat homoseksuele verhoudings het, maar ook vir hulle familie en vriende. Laastens en waarskynlik die belangrikste motivering, is dat die manier hoe die Skrif in die debat hanteer word, die hele saak van die gesag van die Skrif op die tafel plaas. Vir gereformeerdes is die Skrif tradisioneel belangrik en is daar 'n sekere gesag (of waarde) aan die Skrif gegee wanneer probleemvrae hanteer word. Tradisioneel bely Gereformeerdes die volgende oor die gesag van die Skrif:"

> Ons glo dat hierdie heilige Skrif die wil van God volkome bevat ... Ons mag ook geen geskrifte van mense, hoe heilig die mense ook al was, met die Goddelike Skrif gelykstel nie ... alle mense is immers in hulself leuenaars"*.*[244]

Met ander woorde, wanneer dit sou blyk dat iemand van die Skrif 'n minderwaardige gespreksvennoot sou maak, laat dit die bloed by baie kook.

In hierdie hoofstuk sal aangetoon word in watter mate die gesag van die Skrif in hierdie debat ter sprake is. Die vraagstuk na die gesag van die Skrif sal soos 'n goue lyn dwarsdeur die hierdie hoofstuk loop. In die eerste plek sal ondersoek ingestel word na die gesag wat pro-gay teoloë aan die Skrif toeken. Daarna sal gekyk word na hoe die NGK die gesag van die Skrif sien. Vervolgens sal ander hermeneutiese sleutels wat deur pro-gay teoloë in die evaluering van die vraagstuk gebruik word, ondersoek word. Laastens sal 'n evaluasie van die hermeneutiek deur die GKN en pro-gay teoloë, rakende die gesag van die Skrif, gegee word.

---

[244] Nederlandse Geloofsbelydenis, **Die volkomenheid van die Heilige Skrif,** p 157, [NG Kerk-Uitgewers], Kaapstad, 1988 – geneem uit Handboek vir die erediens.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

In die hermeneutiese denke van die onderwerp in hierdie studie, behoort eerstens ondersoek ingestel word na die gesag wat pro-gay teoloë in hul teologisering aan die Skrif toeken.

## 1. Die gesag van die Skrif as gespreksgenoot

Op die webbladsy van die NG Gemeente Wynberg verskyn 'n pro-gay artikel. Die skrywer van hierdie artikel voer aan dat hulle nog lank nie moedeloos geword het omdat die NGK so sukkel om tot 'n pro-gay standpunt te kom nie. Hierdie debat is eerder 'n **toetsgeval** vir die wyse waarop die Skrif binne die kerk funksioneer – dit gaan om die gesag van die Skrif. Die vraag word gevra of 'n mens duursame monogame homoseksuele verhoudings, sowel as die gesag van die Skrif kan aanvaar.[245]

Dat die gesag van die Skrif met hierdie debat ter sprake is, is verder duidelik in die aanbevelings wat voor die Sinode van Wes-en-Suid-Kaapland in 1999 oor homoseksualiteit gedien het. Sommer by hul eerste aanbeveling herbevestig die Sinode die standpunt van die 1986 Algemene Sinode oor Skrifgesag en Skrifgebruik. Dit wil verder ook voortgaan met die bestudering van die Skrif om "al hoe beter te verstaan" wat die Here in sy Woord (ook oor hierdie saak) leer.[246] In 'n versoek aan ds Cassie Carstens (destyds nog by die VCSV) versoek 'n briefskrywer hom om die standpunt van die NGK in die "lig van die Skrif" oor homoseksualiteit en seksuele oriëntasie te gee.[247]

In die teologisering van pro-gay teoloë oor homoseksuele huwelike en – verhoudings word 'n sterk saak uitgemaak dat die Skrif 'n verouderde boek is wat nie noodwendig gesag vir die huidige debat het nie.

---

[245] NG Kerk Wynberg, **Homoseksualiteit**, www. ngkerkwynberg.co.za/homoseksualiteit.htm

[246] Handelinge Sinode van Wes-en-Suid-Kaapland, **Tweede verslag van die tydelike kommissie vir Leer en Aktuele sake,** p 175, 1999

[247] Botha Hanno, **Perspektiewe op gaywees,** 17 Julie 2002. Korrespondensie.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

### 1.1. Die Skrif is 'n ou dokument en vra 'n nuwe wyse van Skrifhantering

So vroeg as 1971 doen die GKN 'n beroep op 'n "nuwe kyk" na die Skrif. Om reg te laat geskied aan die gesag van die Skrif in die hermeneutiek rakende homoseksualiteit, sal die Kerk nuut moet dink oor sy Skrifverstaan. Daarmee saam sal die Kerk 'n nuwe omgang met die Skrif moet ontwikkel en sò ook 'n **nuwe manier om die Skrif te interpreteer** moet ontwikkel.[248]

#### 1.1.1. Die Skrif is nie van God aan mense gegee nie

Die GKN en pro-gay teoloë beweer dat die Skrif self nie formele gesag het nie. Mense erken nie die gesag van die Skrif voordat hulle dit lees nie. Dit het geen gesag wat 'n mens blindelings kan navolg nie. Dit kry eers gesag wanneer mense dit wat daarin oor ons en ons wêreld staan, aanvaar. Dit het dus eerder gesag omdat dit die vermoë besit om mense te verander. Die gesag van die Skrif is daarom eerder 'n "geestelike gesag".[249] Die Skrif word Woord van God genoem omdat die skrywers daarvan hulle op die gesag van God beroep het, toe hulle die Skrif geskryf het. Dit moet onthou word dat die Skrif nie die produk van die Heilige Gees alleen is nie. Dit het nie uit die hemel geval asof deur God gegee nie. Daarom het dit geen "foreign" (verwysing na bonatuurlike Goddelike) gesag nie. Dit is eerder die produk

[248] Rapport aan de Generale Synode van Dordrecht, p 21, **Over mensen die homofiel zijn**, Dordrecht Desember 1971.
[249] Report of Comitee Church and Theology to the general synod of the Reformed Churches in the Netherlands (GKN) **Sequel to God with us**, p 9, 12-13, Gouda 1985.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

van die tussenkoms van mense.[250] **David Buttwick** kritiseer die analogie wat deur behoudende teoloë in hul siening rakende die Skrifgesag gebruik word. Die analogie tussen die wese van God en die gesag wat dit aan die Skrif gee is gevaarlik en onaanvaarbaar. Dit gebeur omdat die Skrif as die "Woord van God" bekend staan. Die soeke na die gesag van die Skrif is niks anders as **'n stuk sonde by mense nie.**[251]

Die GKN stel dan self dat hul siening oor die menslike karakter van die Skrif en die meegaande gesag wat daaraan toegeken word, implikasies vir verskeie sake wat in die Skrif voorkom, het. Een so 'n aspek is die wonders wat God volgens die Skrif sou gedoen het – en dan veral die opstanding van Jesus uit die dood. Die erkenning dat iets 'n wonder is, vra dat iemand dit as "wonder" moet glo. Die "wonder" sal daarom slegs as "waarheid" aanvaar word, wanneer daar 'n verhouding tussen die persoon wat glo en die gebeure wat as wonder oorvertel word, bestaan[252] (Die implikasie van hierdie uitgangspunt is dus dat daar nie iets soos 'n objektiewe ingrype van God bestaan wat natuurwette geïgnoreer het nie, met ander woorde, daar was nie regtig objektiewe wonders deur God verrig nie. Die konsekwente toepassing van hierdie argument sou beteken dat God Jesus nie regtig uit die dood opgewek nie. Jesus is slegs vir dié wat dit glo, opgewek).

---

[250] Werkgroep van die Generale Sinode van die Gereformeerde Kerke in Nederland, **God met ons – over de aard van het Schriftgezag**, p 53-58, [Kerkinformasie] Leusden, 1981.
[251] Buttwick David, **Homiletic, Moves and structures,** p p 244, [Fortress Press], Philadelphia, 1987.
[252] Werkgroep van die Generale Sinode van die Gereformeerde Kerke in Nederland, **God met ons – over de aard van het Schriftgezag**, p 85, [Kerkinformasie] Leusden, 1981.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

### 1.1.2. 'n Postmoderne Skrifhantering is noodsaaklik om die problematiek op te los

**Doyer** beweer dat die sogenaamde "moderne" manier van Skrifhantering uitgedien is. Dit het plek gemaak vir 'n "postmoderne" manier van Skrifhantering. Die rede waarom mense oor die Skrif verskil is omdat mense se verstaanswerklikheid verskil. Die leerstuk van die onfeilbaarheid van die Skrif kan nie meer vooropgestel word nie. Kritiek word uitgespreek wanneer behoudendes "selektiewe tekste" sou gebruik om homoseksuele verhoudings af te wys. Dit kan nie korrek wees om die onfeilbaarheid van die Skrif sò te gebruik nie. 'n Enkele "duidelike teks" oor 'n saak kan nie tot 'n korrekte geloof oor 'n saak lei nie. Daarom kan Bybelse verwysings en handhawing van geslagtelike verkeer tussen mans én vroue (maw heteroseksueel en nie homoseksueel - JP) nie gebruik word om hedendaagse homoseksuele verhoudings af te wys nie.[253]

In die postmoderne Skrifhantering is daar nie meer absolute waarhede en kennis nie. Kennis is wesenlik subjektief. Die oopheid en veelvuldigheid van kennis is verrykend en stimulerend tot die werklikheid waarbinne ons leef. Waarheid is wyer as iets wat voortdurend intersubjektief onderhandel word. Daar is nie "leke" en "deskundiges" nie.[254] In die Skrifhantering moet daar voortdurend 'n wisselwerking tussen konteks en die Skrif wees. Die openbaring van God en die menslike ervaring staan nie teen mekaar nie. Die Bybel is slegs in die afgeleide sin God se openbaring.[255] Tradisioneel was die

[253] Uitdeelstuk tydens die Sinode van Oos-Transvaal van 2001, **Homoseksualisme**, p 10, ongepuliseer en ongedateer. Die skrywer van die studiestuk is ook onbekend.
[254] Uitdeelstuk tydens die Sinode van Oos-Transvaal van 2001, **Die Stem van die Bybel in ons gesprek met Homoseksuele Mense**, p 1-5, ongepubliseer en ongedateer. Die skrywer van die studiestuk is ook onbekend.
[255] Uitdeelstuk tydens die Sinode van Oos-Transvaal van 2001, **Die Stem van die Bybel in ons gesprek met Homoseksuele Mense**, p 4, ongepubliseer en ongedateer. Die skrywer van die studiestuk is ook onbekend.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Skrif God se Woord, en soms was dit God se Woord soos dit deur die Kerk in konsensus geïnterpreteer is. Wat vandag gebeur is dat die Skrif afgeleide gesag het soos die "Heilige Gees" dit op 'n gegewe "moment" en binne 'n bepaalde "situasie" aan die interpreteerder gee (maw die fokus val op die interpretasie deur 'n sekere persoon binne 'n bepaalde konteks).

Die fondament vir bogenoemde beredenering het sy wortels by die GKN se teologisering oor homoseksuele huwelike. Onder die seën van die moderamen van die GKN word 'n boekie in 1980 oor die gesag van die Skrif uitgegee (in hoofstuk 1 is reeds na die boek verwys). Hierdie boek word onder die titel **God met ons ... over de aard van het Schriftgezag ...** gepubliseer. In die inleiding word gestel dat die rede waarom Christene die Skrif verskillend interpreteer, 'n **filosofiese vraagstuk** is. Dit is omdat mense onder "waarheid" nie dieselfde verstaan nie (nou al 'n bekende argument).[256]

Binne hierdie konteks kies die GKN vir 'n **histories-kritiese** manier van Skrifhantering. Onderskeid word gemaak tussen Skrifkritiek[257] en die histories-kritiese metode. Die Belydenis dat die Bybel deur die Heilige Gees

---

[256] Werkgroep van die Generale Sinode van die Gereformeerde Kerke in Nederland, **God met ons – over de aard van het Schriftgezag**, p 5-9, [Kerkinformasie] Leusden, 1981.

[257] Skrifkritiek is volgens **God met ons** nie 'n wetenskaplike omgang met die Skrif nie, maar 'n houding teenoor die Bybel. Die histories-kritiese metode is 'n metodies-wetenskaplike benadering tot die Bybel (p 24). Die histories-kritiese metode is 'n versamelnaam van verskeie prosesse wat deurgemaak word, voordat by die boodskap van die Skrif uitgekom kan word. Die eerste proses is die ***literêre kritiek*** teenoor die teks wat voor jou is. Dit lei tot die skeiding van bronne en die gesag wat aan sekere Bybelse bronne gegee word. Naas die literêre kritiek is daar ook die ***vormkritiek***, wat kennis neem van die feit dat die Skrif aanvanklik deur mense mondelings oorgelewer is. Hierin word kennis geneem van die konteks en leefwêreld waarbinne 'n sekere teks ontstaan het (p 36-37). Die vormkritiek het weer gelei tot die ***redaksionele kritiek.*** So moet in ag geneem word dat die Skrif bestaan uit die saamvoeg van 'n aantal los brokkies (Bultmann verwys spesifiek na die Nuwe Testament). Elke Bybelskrywer is daarom eerder 'n versamelaar van los brokkies. Voor die histories-kritiese metode gebruik is, het gelowiges onkrities eksegese gedoen en daaruit tot 'n gevolgtrekking gekom. Die ontwikkeling van die histories-kritiese metode om met die Skrif om te gaan, bring mense eerder by die "boodskap" van die Skrif as geheel uit (p 32).

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)


geïnspireer is, en daarom God se Woord is, het veroorsaak dat teoloë nie die menslike karakter van die Skrif in ag geneem het nie. In die postmoderne era help kennis van die ontstaan van die Skrif mense al hoe meer om die menslike karakter van die Bybel te erken.[258] Die Bybel is daarom eerder **die woorde van mense oor God**.[259]

In 'n oproep vir 'n nuwe manier om die Bybel te interpreteer, voer geleerdes aan dat daar tussen die konteks waarbinne die Bybelskrywers geleef het, en die konteks waarbinne ons vandag leef, 'n lang verloop van duisende jare en omvangryke ontwikkeling sowel as die toename in wetenskaplike kennis is.[260] Die subjektiewe kennis van die Bybelskrywers moet in ag geneem word wanneer die Skrif se gesag ter sprake kom. Dit geld veral vir probleemvraagstukke waar die skrywers geen wetenskaplike kennis – soos dit vandag bekend is – gehad het nie.[261] Die beskrywing van sekere wetenskaplike sienings (soos geskiedenis) uit die tyd van die Bybel, is nie om 'n wetenskaplike waarheid te stel nie, maar eerder om mense daardeur tot die lewendmakende geloof in God te bring.[262]

Die manier waarop die Bybel ten opsigte van homoseksuele persone geïnterpreteer word, het volgens pro-gay teoloë verander. Die insig in so 'n situasie bied dramatiese nuwe insigte.[263]

---

[258] Werkgroep van die Generale Sinode van die Gereformeerde Kerke in Nederland, **God met ons – over de aard van het Schriftgezag**, p 26, 30, [Kerkinformasie] Leusden, 1981.
[259] Werkgroep van die Generale Sinode van die Gereformeerde Kerke in Nederland, **God met ons – over de aard van het Schriftgezag**, p 24-41 , [Kerkinformasie] Leusden, 1981.
[260] Werkgroep van die Generale Sinode van die Gereformeerde Kerke in Nederland, **God met ons – over de aard van het Schriftgezag**, p 14, [Kerkinformasie] Leusden, 1981.
[261] Werkgroep van die Generale Sinode van die Gereformeerde Kerke in Nederland, **God met ons – over de aard van het Schriftgezag**, p 69, [Kerkinformasie] Leusden, 1981.
[262] Werkgroep van die Generale Sinode van die Gereformeerde Kerke in Nederland, **God met ons – over de aard van het Schriftgezag**, p 72, [Kerkinformasie] Leusden, 1981.
[263] Smith Frik, **Homoseksualiteit – Bylaag 2: Konsepverslag : Sklas Wes Transvaal 2003**, p10, ongepubliseer, 2003. Dit is nie presies seker of Smith die outeur van hierdie

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)


Om die Skrif sò te verstaan en sy boodskap reg te interpreteer, is daar 'n spesifieke inspirasieleer nodig.

### 1.1.3. Die Organiese inspirasieleer is 'n voorwaarde om die Skrif te verstaan

**Du Pisani** wys dat pro-gay teoloë van mening is dat die Skrif 'n voorwetenskaplike geskrif is en dat nuwe wetenskaplike bevindinge in ag geneem moet word wanneer daar deur die Kerk oor hierdie saak besluit moet word ('n bekende stelling). Teenoor hierdie standpunt is die behoudende Christene wat wel die **tydgerigtheid** van die Skrif aanvaar, maar nie die **tydgebondeheid** van die Skrif nie. 'n Standpunt wat van die Skrif net 'n voorwetenskaplike geskrif sou maak, bring volgens behoudendes, die inspirasieleer van die Skrif in gedrang.[264] Daarom moet die meganiese- en letterlike inspirasieleer[265] verwerp word.[266] Behoudendes is minder geneë om die bevindinge van die wetenskap te aanvaar. Die rede hiervoor is dat hulle sterk steun op die direkte lees van die tekste soos dit deur die "vertalers vertaal" is. Net so is hulle ook besig met 'n letterlike verstaan van die tekste.[267] Die **Christen en Gay/Lesbian** pamflet het as doelstelling om die Kerk se gesindheid teenoor homoseksuele verhoudings te verander. Hierin word gestel dat die Kerk as gevolg van 'n letterlike en

verslag is nie. Dit is wel onder sy naam aan lede van die SKLAS van Wes Transvaalse gestuur. Hy stuur dit aan twee persone wat 'n behoudende verslag opgestel het.

[264] Du Pisani Kobus, **Homoseksualiteit – Gay Christene. Houdingsverandering nodig in gereformeerde kerke?** Uit Woord en Daad, p 10,Lente 1999.

[265] Meganiese Inspirasieleer: God het die Bybelskrywers soos 'n masjien (meganies) gebruik om die Bybel te skryf. Letterlike Inspirasieleer: God het mense só gebruik dat elke letter en komma direk van Hom af kom. Alles wat daar staan moet daarom letterlik verstaan word.

[266] Uitdeelstuk tydens die Sinode van Oos-Transvaal van 2001, **Die Stem van die Bybel in ons gesprek met Homoseksuele Mense**, p 4, ongepuliseer en ongedateer. Die skrywer van die studiestuk is ook onbekend

[267] Uitdeelstuk tydens die Sinode van Oos-Transvaal van 2001, **Homoseksualisme**, p 8, ongepuliseer en ongedateer. Die skrywer van die studiestuk is ook onbekend.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

fundamentalistiese inspirasieleer nog altyd negatief teenoor homoseksuele verhoudings was. Solank die Kerk in haar interpretasie van die Bybel fundamentalisties bly, sal die Kerk nooit haar standpunt teenoor homoseksuele verhoudings verander nie.[268] Teenoor 'n fundamentalistiese standpunt[269] moet aanvaar word dat die Skrif **volledig 'n menslike dokument is**. Dit het 'n menslike historiese karakter. Dit beteken dat die Bybelse geskrifte, met inagneming van die kultuur-historiese konteks verklaar moet word.[270]

Dit is duidelik dat Doyer se siening van die meganiese- en organiese inspirasieleer hul wortels ook by die GKN het. **God met ons** stel dat onderskeid gemaak word tussen die fundamentalistiese "meganiese inspirasie" van die Skrif en die "organiese inspirasie" van die Skrif. Met die meganiese inspirasie word verstaan dat die Gees die skrywers letterlik soos 'n rekenaar geïnspireer het om die Skrif te skryf. Die organiese inspirasieleer impliseer weer dat die mens in sy totaliteit gebruik is om die Skrif te skryf. Waar die meganiese inspirasieleer impliseer dat die mens geen aandeel in die skryf van die Skrif gehad het nie, beteken die organiese inspirasieleer weer dat die mens in sy konteks (ook met sy swakhede) 'n subjektiewe rol in die skryf van die Skrif gehad het.[271]

Die organiese inspirasie impliseer vir die GKN dat daar nie meer klem op die bedoeling van "bepaalde tekste" geplaas mag word nie. Die klem moet op die bedoeling van die "hele Bybelse boodskap" geplaas word. Daarom is die

---

[268] Christen en Gay/Lesbies, **Homoseksualiteit en die Kerk,** Ongedateer, maar waarskynlik 1996.

[269] 'n Belangrike vraag is of alle teoloë wat homoseksuele huwelike afkeur fundamentaliste en persone met homofobie is. Later sal daar weer op hierdie vraag ingegaan word.

[270] Studieprojek vir die Sinode van die NG Kerk van Suid-Transvaal, **Herbesinning oor die Kerk se standpunt met die oog op effektiewe pastorale uitreik na homoseksuele persone**, p 2, ongepubliseer en ongedateer.

[271] Werkgroep van die Generale Sinode van die Gereformeerde Kerke in Nederland, **God met ons – over de aard van het Schriftgezag**, p 41-42, [Kerkinformasie] Leusden, 1981.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)


korrekte uitleg van die Skrif nie in die historiese oorsprong daarvan nie, maar in die werking van die Bybel in die "huidige situasies". Die gesag en uitleg van die Skrif kan dus nie losgemaak word van die huidige problematiek en leefwêreld nie. Daarom behoort die Skrif nie "nagepraat" te word nie, maar behoort dit eerder "oordink" te word.[272] Om daardie rede is die Skrif nie hiërargies nie, want geloofs, morele, historiese en natuurwetlike oortuigings lê nie almal op dieselfde vlak nie.[273] Die gesag van die Skrif word in die "breë heilsboodskap van Christus" gevind.[274] Dit is die nuwe van die Nuwe Testament.

Om later 'n teologiese beoordeling van die pro-gay teologie rakende die gesag van die Skrif te doen, word die volgende uitgangspunte van hierdie teologie uitgewys.

### 1.1.4. Teologiese vertrekpunte van die pro-gay teologie rakende die gesag van die Skrif

Uit bogenoemde kan dus afgelei word dat die teologiese siening rakende die gesag van die Skrif wat dit moontlik maak om homoseksuele huwelike en -verhoudings met die kerk se seën goed te keur, vanuit die volgende voorveronderstellings uitgaan:

- ✝ Erkenning word gegee dat die "saak" van die gesag van die Skrif deur hierdie debat op die tafel geplaas is.
- ✝ Die Skrif het nie gesag wat dit die Woord van God maak nie. Dit is eerder die woorde van mense in hul nadenke oor God.

[272] Werkgroep van die Generale Sinode van die Gereformeerde Kerke in Nederland, **God met ons – over de aard van het Schriftgezag**, p 49-50, [Kerkinformasie] Leusden, 1981.
[273] Handgeskrewe nota van dr Willie Botha waar prof Flip Theron aangehaal word tydens 'n gesprek van SKLAS van die Sinode Wes-en-Suid-Kaapland op 24 April 2001
[274] Report of Committee Church and Theology to the general synod of the Reformed Churches in the Netherlands (GKN) **Sequel to God with us**, p 9, Gouda 1985.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

- ✝ Organiese Inspirasieleer, gepaardgaande met die histories-kritiese uitleg metode moet gevolg word om 'n sinvolle resultaat te kry.
- ✝ Die histories-kritiese metode wys dat die Skrif nie betroubaar is nie, en
- ✝ daarom gee die Heilige Gees aan die Skrif slegs afgeleide gesag in sy huidige konteks, nie in sy Goddelike oorsprong nie.
- ✝ Daar bestaan nie iets soos die objektiewe absolute waarheid soos deur God geopenbaar nie. Wat wel bestaan is 'n postmoderne filosofies-subjektiewe waarheid.
- ✝ Die Skrif is 'n verouderde voorwetenskaplike geskrif, en voldoen nie meer aan die eise wat die moderne wetenskap en -geskiedskrywing daaraan stel nie.
- ✝ Die gesag van die Skrif lê daarom slegs in sy kernboodskap. Onderafdelings of rand gedeeltes wat nie deel van die kernboodskap is nie, het nie gesag nie.
- ✝ Wie gay huwelike en –verhoudings Skriftuurlik afkeur, is fundamentalisties en homofobies.

Dit is vervolgens belangrik om vas te stel of bogenoemde siening van die Skrifgesag in lyn is met die gereformeerde tradisie en die standpunt wat die NGK oor die Skrifgesag ingeneem het.

### 1.2 'n Gereformeerde siening van die Skrif se gesag

Die aanspraak deur pro-gay geleerdes dat hulle in lyn met die gereformeede tradisie in verband met die gesag van die Skrif beweeg, verdien meer aandag. In die evaluasie van die wyse waarop oor die gesag van die Skrif deur pro-gay teoloë nagedink word, sal in die eerste plek na die standpunte van die **Gereformeerde Ekumeniese Sinode** (hierna afgekort as GES) van 1980 en 1984 gekyk word. Die standpunte van die **Algemene Sinodes** van die **NGK** in 1986, 2002 en 2004 sal ook onder oë geneem word. Aanvullend

tot hierdie werkwyse, sal getuienisse rakende die Skrifgesag van die vaders van die gereformeerde tradisie sowel as ander gereformeerde teoloë, in oënskou geneem word.

Daar is alreeds aangedui dat pro-gay teoloë in Suid-Afrika op dieselfde standpunte as die GKN rakende die homoseksuele vraagstuk staan. Daarom sal die hermeutiese proses en die siening van hierdie teoloë rakende die gesag van die Skrif, aan die hand van die beoordeling van die GKN-standpunt deur die GES van 1980 en 1984 gedoen word.

### 1.2.1. Boordeling van die GES rakende die GKN se Skrifhantering

Die GES (1984) neem die standpunte van die Generale Sinode van die GKN in 1981 onder evaluering. Daar is ook 'n afvaardiging na die GKN gestuur om die publikasie **God met ons** te bespreek. Die implikasie wat dit in die Skrifhantering vir die GKN het in hul hantering van die vraagstuk rakende homoseksuele verhoudings en homoseksuele huwelike, is ook bespreek.[275]

Kommer en skok word uitgespreek dat die GKN hul siening rakende die gesag van die Skrif soos in die 1926 Generale Sinode van Assen aanvaar is, teruggetrek het. Die implikasie van die hermeneutiese keuse wat met **God met ons** gemaak word, is dat 'n streep deur die gesag van die Skrif getrek word.[276] Die verslag van die GES rakende die Skrifgesag van die GKN,

[275] Acts of the Reformed Ecumenical Synod, **Reformed Churches in the Netherlands (GKN)**, p 180-185, Chicago 1984.

[276] Acts of the Reformed Ecumenical Synod, **Homosexual members decision of GKN**, 103, Nimes, 1980; Acts of the Reformed Ecumenical Synod, **Reformed Churches in the Netherlands (GKN)**, p 182, Chicago 1984. Die standpunt van die GKN rakende homoseksuele verhouding en –huwelike ontken GKN se standpunt die "selfgetuienis" van die Skrif" as die hoogste norm vir die Christelike geloofslewe en die Christelike getuienis (ook op etiese vlak). Die GKN het dus 'n nuwe posisie en standpunt ten opsigte van die gesag van die Skrif ingeneem wat vreemd is aan die gereformeerde tradisie. Dit is nie korrek om te beweer dat moderne psigiatriese bevindings en –filosofiese uitgangspunte die standpunt van die Skrif rakende moraliteit en

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

spreek sy kommer uit omdat die GKN dit duidelik stel dat die Skrif nie meer die waarheid bevat nie.[277] Verder spreek dit sy misnoeë uit dat die GKN meer klem plaas op die rol wat mense in hul siening van Skrifgesag plaas as die feit dat die Skrif deur God aan mense gegee is. Dit is nie korrek om die Skrif as 'n boek te sien wat die woorde van mense in hul nadenke oor God bevat nie. Dit impliseer dat die "objektiewe karakter" van die Skrif verlore gaan. Net so kan die GES ook nie saamgaan met die filosofies-Skrifhantering dat daar geen "waarheid" meer is nie.[278] Indien die GKN die gesag van die Skrif in hul beoordeling van die homoseksuele vraagstuk erken het, sou dit gestel het dat die beoefening van homoseksuele seks sonde is. Daarom kan persone wat homoseksuele verhoudings beoefen nie deelneem aan die nagmaal nie.[279]

Die Sinode kan ook nie saamgaan met die wyse waarop die GKN die Skrif slegs as 'n historiese boek hanteer nie. Dit het probleme daarmee dat die GKN moderne histories-wetenskaplike metodes gebruik om 'n geloofsboek te beoordeel. Ernstige vrae word uitgespreek in die siening van pro-gay geleerdes dat die gebooie wat in die Skrif gegee word, slegs historiese waarde het en dus vandag nie meer geld nie. [280] Binne hierdie konteks kan

homoseksuele verhoudings nullifiseer nie. Die GES is van die oortuiging dat die GKN se standpunt nie in lyn met die leer van die Skrif is nie. Die siening dat seks slegs tussen twee persone waar liefde en trou is hoort, is nie aanvaarbaar nie, aangesien dit lynreg teen die Skriftuurlike standpunt is dat seks hoort tussen 'n man en 'n vrou waar liefde en trou is. Die GES stel dan "***This constitutes a departure from the accepted Reformed tradition. Moreover, the way that this is applied to views of homofilial relationships not only departs clearly from Reformed tradition but bases it on a highly questionable use of the Scriptures"*** (p 184-197); Acts of the Reformed Ecumenical Synod, **Homosexual members decision of GKN**, 106, Nimes, 1980

[277] Acts of the Reformed Ecumenical Synod, **Reformed Churches in the Netherlands (GKN)**, p 189, Chicago 1984.

[278] Acts of the Reformed Ecumenical Synod, **Reformed Churches in the Netherlands (GKN)**, p 190, Chicago 1984.

[279] Acts of the Reformed Ecumenical Synod, **Homosexual members decision of GKN**, 110, Nimes, 1980

[280] Acts of the Reformed Ecumenical Synod, **Reformed Churches in the Netherlands (GKN)**, p 191, Chicago 1984.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

die GES ook nie saamgaan met die subjektivistiese houding wat die GKN in hul hantering van die gesag van die Skrif inneem nie.[281] Die Sinode kan ook nie saamstem met die siening dat permanente homoseksuele verhoudings van liefde en trou nie aan Paulus bekend was nie.

**'n Belangrike punt**

In plaas dat die behoudende teoloë moet bewys dat sulke verhoudings aan Paulus bekend was, behoort die GKN en ander pro-gay teoloë te bewys dat dit nié aan hom bekend was nie. Dit is hoe die teologie werk.[282]

Dit is 'n oorvereenvoudige siening dat slegs die liefdesgebod vandag nog geld.[283] 'n Interessante waarneming word gemaak. In teenstelling met die algemene standpunt deur pro-gay teoloë dat daar nie veel Skrifgedeeltes in die Bybel is wat homoseksuele verhoudings as sonde afwys nie, stel die Sinode juis die teenoorgestelde. Dit word betreur (regrettable) dat die GKN spesifiek ten opsigte van die vraagstuk rakende homoseksualiteit die baie "gebooie" (skrifgedeeltes) wat daaroor handel, ignoreer.[284]

In 1980 word met waardering kennis geneem dat die GKN 'n pastorale houding teenoor homoseksuele mense inneem. Hoewel die GKN stel dat dit 'n pastoraal-etiese verslag opgestel het, spreek die GES sy kommer uit dat die implikasies van 'n "pastorale" alleen standpunt (die GES se evaluering van die GKN-besluit en die wyse waarop tot hul besluit gekom is), nie ook 'n

[281] Acts of the Reformed Ecumenical Synod, **Reformed Churches in the Netherlands (GKN)**, p 191, Chicago 1984.
[282] Acts of the Reformed Ecumenical Synod, **Reformed Churches in the Netherlands (GKN)**, p 193, Chicago 1984.
[283] Acts of the Reformed Ecumenical Synod, **Reformed Churches in the Netherlands (GKN)**, p 191, Chicago 1984.
[284] Acts of the Reformed Ecumenical Synod, **Reformed Churches in the Netherlands (GKN)**, p 192, Chicago 1984.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

etiese standpunt in ag geneem het nie. Dit is duidelik in die feit dat die GKN nie die etiese implikasies van hul pastorale houding uitspel nie.[285]

Die Skrifhantering wat gebruik word om permanente homoseksuele verhoudings van liefde en trou, teenoor perverse homoseksuele verhoudings te stel, is 'n **eensydige** èn **onaanvaarbare teenstelling.**[286]

Om verder na te dink oor die siening binne die gereformeerde tradisie rakende homoseksuele huwelike en –verhoudings sal die standpunt van die NGK as motivering vir hul verbreking van bande met die GKN in oënskou geneem word.

### 1.2.2. Die NGK verbreek bande met die GKN

Die **Algemene Sinode** stel (1986) dat die standpunte wat die GKN oor Skrifgesag, politieke verantwoordelikheid, homoseksualiteit en die verdraagsaamheid teenoor afwykende leerstellings inneem, dit vir die NGK onmoontlik maak om aan te hou om bande met dié kerk te behou. In 'n pastorale boodskap stel die NGK dat dit begrip het dat die GKN in 'n konteks is waarbinne 'n algemene toestand van geestesverval is. Tog voel die Kerk dat die GKN nie genoeg doen om Skriftuurlik binne die gereformeerde erfenis te bly nie.[287] Binne bogenoemde konteks behoort na die

---

[285] Acts of the Reformed Ecumenical Synod, **Homosexual members decision of GKN**, 103, 106, Nimes, 1980.

[286] Acts of the Reformed Ecumenical Synod, **Reformed Churches in the Netherlands (GKN)**, p 193, Chicago 1984.

[287] Agenda Algemene Sinode, **Homoseksualiteit: Wat sê die Kerk?**, p 137, Kaapstad, 14-25 Oktober 1986. As motivering vir hierdie besluit gee die NGK 'n breedvoering verduideliking: Die kerk is veral negatief teenoor die GKN-publikasie, **God met ons.** Dit wys dat die gereformeerde kerke oor die algemeen negatief teenoor die GKN se manier van Skrifhantering is. Dit is te sien in die negatiewe besluite van die Gereformeerde Ekumeniese Sinode in 1984 teenoor die Skrifhantering van die GKN. Kritiek word uitgespreek teenoor die filosofiese (wysgerige) siening van die GKN-publikasie in terme van 'n subjetiwistiese siening van waarheid. Die relasionele waarheidsbegrip van die GKN word ook afgewys. Die NGK verstaan waarheid nie as 'n abstrakte dogmatiese of

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Skrifbeskouing van die NGK in die debat rondom homoseksuele verhoudings gekyk word.

Op dieselfde Sinode (1986) dien 'n verslag **(Skrifgesag en Skrifgebruik)** van die drie teologiese fakulteite van die NGK, op versoek van die Breë Moderatuur rakende die gesag van Skrif voor die Algemene Sinode. Die Sinode aanvaar die studiestuk as riglyne vir die kerk se siening van die Skrif en stuur dit in verkorte weergawe na kerkrade deur as riglyne vir lidmate en predikante.[288] As aanvulling tot hierdie verslag keur die Algemene Sinode van 2002 die verslag **Gesag van die Skrif** goed.[289] Die verslag wat in 2004 voor die Algemene Sinode dien dra die titel **Skrifgebruik en Skrifgesag.** In hierdie verslag word nie op die gesag van die Skrif gefokus nie, maar eerder hoe die Skrif gebruik word.[290]

### 1.2.3. Die tradisionele siening van die NGK en ander gereformeerde teoloë (hoofsaaklik NGK-teoloë) rakende die gesag en gebruik van die Skrif

Erkenning word gegee dat die Gereformeerde Skrifbeskouing in 'n krisis en oorgangstadium is. Daar is belangrike sake waaroor die NGK sy standpunt verander het, en daar is waarskynlik nog sake waaroor die kerk sy

wysgerige waarheid wat in ooreenstemming met die mens se subjektiewe insigte is nie. Die "waarheid" waarom dit in die Skrif gaan, is die waarheid van God wat in Christus 'n werklikheid geword het. Die kennis waartoe die Skrif oproep, is kennis van God. Die Skrifgesag is 'n objektiewe werklikheid wat inhoudelik bepaal word deur God se openbaring of bekendmaking aan die mens. Daarom word die wysgerige waarheidsbegrip soos die GKN dit sien, afgewys. Hoewel **God met ons** Skrifkritiek afwys, is die praktiese implikasie van die publikasie dat soveel ruimte gemaak word vir die mens se kreatiewe omgang met die Skrif, dat dit wat die Skrif sê, soms deur die mens òf heeltemal geïgnoreer kan word, òf as van geen betekenis vir 'n konkrete situasie beskou kan word (p132-134).

[288] Handelinge Algemene Sinode, **Skrifgesag en Skrifgebruik**, p 592-594, Kaapstad, 14-25 Oktober 1986.

[289] Agenda & Handelinge Algemene Sinode, **Gesag van die Skrif,** p 201, 209, 548, 622, Pretoria, 13-19 Oktober 2002.

[290] Agenda Algemene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk, **Skrifgesag en Skrifgebruik**, p 129, [Hartenbos], 10-16 Oktober 2004.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

standpunt in die toekoms sal wysig. In hierdie proses staan die kerk tussen radikale drukgroepe aan weerkante (waarskynlik 'n verwysing na fundamentalisme en liberalisme in die teologie en kerk - JP).[291]

As vertrekpunt moet uitgewys word dat die NGK glo in die "teopneustiese" karakter van die Skrif. Dit beteken dat die kerk glo dat die Skrif onder die leiding van die Heilige Gees ('n objektiewe karakter) tot stand gekom het. Daar is verder ook 'n lewende en blywende verbintenis tussen Woord en Gees waardeur God tot mense spreek.[292] In hierdie lig moet na die Skrif as die kanon gekyk word.

### 1.2.3.1. Die Kanon

Dit blyk asof die Ou Testament reeds teen die tyd van Jesus (met uitsondering van 5 boeke) as kanon aanvaar is. Teen die einde van die 1ste eeu nC is die Ou Testamentiese kanon afgesluit (by die vergadering van Jamnia (of Jabneh in 98 nC).[293]

[291] Agenda Algemene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk, **Skrifgesag en Skrifgebruik**, p 129, [Hartenbos], 10-16 Oktober 2004. Dit is 'n kort verslag van 3 bladsye. Die rede vir die verslag was kommentaar deur vyf persone en een instansie wat kommer oor die NGK se siening van Skrifgesag en Skrifinterpretasie uitgespreek het. In hierdie verslag word geen vorige besluit wat oor die gesag van die Skrif geneem is, deurgetrek nie. Die verskil teenoor die vorige verslae is dat die verslag meer aandag gee aan die verskille wat in die interpretasie van die Skrif voorkom, en verskuiwings wat as gevolg van hierdie interpretasies rakende die Skrif plaasgevind het. In die verwysing na Skrifinterpretasie word na praktiese voorbeelde verwys waar daar wysiging in die interpretasie van die Skrif gekom het, nl die ampsbeskouing, egskeiding, die verhouding kerk-staat, dobbelary, dans, Sondag, en die kwessie van die etiese Skrifberoep. Daar word gewys dat die Kerk nie meer tekste gebruik om sekere etiese uitsprake te maak nie, maar die konteks waarin die Skrifuitsprake gegee is, en die huidige konteks in ag geneem word. Daarom het daar die afgelope tyd 'n versigtiger en meer tentatiewe Skrifgebruik ten opsigte van die interpretasie van die Skrif ontstaan.

[292] Handelinge Algemene Sinode, **Skrifgesag en Skrifgebruik**, p 56, Kaapstad, 14-25 Oktober 1986.

[293] Van der Watt Jan (eindredakteur), Bosman Hendrik, Nel marius, Smit Dirkie, Van Rensburg Fika, Venter Pieter, **Die Bybel A-Z,** p 14, 17, [Christelike Uitgewersmaatskappy], Vereeniging, 2003.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)


Athanasius van Alexandrië was die eerste persoon wat in 367 nC vir die eerste keer die 27 boeke van die Nuwe Testament (soos ons dit vandag het) as kanon beskou het. Die kerkvaders het drie maatstawwe gebruik om te bepaal of 'n boek in die kanon hoort of nie.[294] Dit is:

- Dit moes 'n apostoliese oorsprong hê.
- Dit moes vir die hele kerk belang hê en wye aanvaarding geniet.
- Die inhoud van die boek moes ooreenkom met boeke wat reeds as gesaghebbend aanvaar is.[295]

Die begrip "kanon" dui op maatstaf. Die vroeë kerkvaders het met ander woorde gesê dat hierdie boeke in geheel die finale gesag (maatstaf) vir die Christelike leer en lewe is.[296]

Dit is daarom duidelik dat die proses van kanonvorming[297] nie plaasgevind het nadat die Skrif voltooi is nie, maar dit het die tot standkoming van die Skrif vergesel. Die Skrif is nie deur 'n Sinode as kanon aanvaar nie, maar deur die Kerk as kanon erken. Die formele gesag van die Bybel as kanon is gefundeer in die inhoud van die Skrif in geheel.[298] Verskillende faktore het meegewerk in die proses tot kanonvorming, maar uiteindelik gaan dit gepaard met die belydenis dat die Heilige Gees ***deur alles heen*** (die Bybelskrywers in hul menslike karakter en die verskillende eiesoortige aard van verskillende Bybelboeke - JP) die Kerk gelei het om die boeke as kanon te aanvaar. 'n Sekere getal boeke is dus as normatief en gesaghebbend

[294] König Adrio, **Ek glo die Bybel – ondanks al die vrae**, p122, [Lux Verbi], 2002.
[295] König Adrio, **Ek glo die Bybel – ondanks al die vrae**, p122, [Lux Verbi], 2002.
[296] König Adrio, **Fokus op die 300 Geloofsvrae wat mense die meeste vra,** p 18, [Lux Verbi] 2001.
[297] König Adrio wys dat die betekenis van kanon oorspronklik riglyn of maatstaf beteken het (**Ek glo die Bybel – ondanks al die vrae**, p119, [Lux Verbi], 2002).
[298] Agenda & Handelinge Algemene Sinode, **Gesag van die Skrif,** p 205, Pretoria, 13-19 Oktober 2002.

beskou die Woord van God wat ons **leer** en **lewe** bepaal. Dit word ***bely*** dat niks tot die kanon gevoeg hoef te word nie.[299]

Die waarheid van die kanon is ewig. Dit beteken dat dit vir elke tydsgewrig 'n boodskap het en daarom aktueel is. Hoewel nie die letter van die Woord, maar die Gees van die Woord deurslaggewend is, werk die Gees tog deur die letter. Soms kan die interpretasie van spesifieke gebeure binne die kanon wel krities teenoor ander gedeeltes wees.[300]

Wanneer die verhouding tussen die geskrewe woord en die werking van die Gees ter sprake kom, moet gekyk word na die vorm van inspirasie van die Skrif.

### 1.2.3.2. Die inspirasie van die Heilige Gees

Hoewel die Bybelskrywers die Skrif geskryf het vanuit hulle eie herinnering, mondelingse oorvertellings en soms self ander Skrif gedeeltes geraadpleeg het, was die Heilige Gees deur alles heen werksaam om God se Woord aan ons te gee. Soms word na die verhouding tussen God en mens in die totstandkoming van die Skrif as 'n **dialogiese inspirasie** gewys.[301]

Die Kerk kies nie vir die **meganiese-** of die **organiese** inspirasie leer nie. Dit verwerp ook die inspirasieleer van **intuïsie** wat niks anders is as dat 'n Bybelskrywer sekere bekwaamhede gehad het nie. Net so afwysend word na die inspirasieleer van **illuminasie** verwys. Die inspirasie is ook nie net 'n **diktering** van die Gees waarby die menslike faktor beperk was nie. Die

---

[299] Agenda & Handelinge Algemene Sinode, **Skrifgesag en Skrifgebruik,** p 58, 594, Kaapstad, 14-25 Oktober 1986.
[300] Agenda & Handelinge Algemene Sinode, **Gesag van die Skrif,** p 206, Pretoria, 13-19 Oktober 2002.
[301] Agenda & Handelinge Algemene Sinode, **Skrifgesag en Skrifgebruik,** p 56, Kaapstad, 14-25 Oktober 1986.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)


**dinamiese,** waar die Gees 'n deurslaggewende rol speel sonder die inagneming van die persoon se individualiteit, word ook afgewys.[302]

Vanuit die Skrif word eerder die indruk gekry dat die inspirasie op **veelvuldige wyses plaasgevind** (veelvuldig-teopneustiese inspirasieleer – JP) het. Soms was die mens aktief en soms heel passief.[303] **Heyns** wys daarop dat die siening van die inspirasie, naamlik dat slegs die persoon wat geskryf in ag geneem word en die rol wat God daarin gespeel het, geïgnoreer word, onaanvaarbaar is. Die inspirasie moet gesien word as daardie leiding van die Heilige Gees wat Bybelskrywers in staat gestel het (ten spyte van hul menslikheid) om 'n betroubare skriftelike gestaltegewing aan God se Woord vir die mens van alle tye te gee.[304]

Die Kerk is bewus en oortuig van die belangrikheid van 'n verantwoordbare interpretasie van die Skrif waardeur die kerk as geloofsgemeenskap onder leiding van die Heilige Gees soek na waarheid, geregtigheid en barmhartigheid.[305]

Vervolgens word gekyk na die belydenis dat die Bybel God se Woord is.

### 1.2.3.3. Die Skrif as Woord van God

Die belydenis dat die Bybel die Woord van God is, beteken dat die kerk verstaan dat die Skrif met sy menslike en historiese karakter in sigself die Woord van God is. Die Bybel is nié slegs 'n geloofsboek wat die getuienis en ervaring van mense in hul nadenke oor hul geloof bevat nie (maw die

[302] Agenda & Handelinge Algemene Sinode, **Gesag van die Skrif,** p 203, Pretoria, 13-19 Oktober 2002.
[303] Agenda & Handelinge Algemene Sinode, **Gesag van die Skrif,** p 203, Pretoria, 13-19 Oktober 2002.
[304] Heyns JA, **Dogmatiek**, p 23, [NG Kerkboekhandel] Goodwood, 1978.
[305] Agenda Algmene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk, **Skrifgebruik en Skrifgesag,** p 130, [Hartenbos], 10-16 Oktober 2004.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)


verhale van mense in hul denke oor God), maar kom tot ons as die verkondiging van God se omgang met mense in hul woorde soos in die geskiedenis geopenbaar is. Dit loop uit op die menswording van Jesus. Dit word nie aanvaar dat daar onderskei kan word tussen wat van God en wat van mense kom nie. Net so kan ook nie onderskei word tussen die inhoud van God se Woord en menslike vorm waarin dit tot ons kom nie.[306] Binne hierdie konteks word bely dat die Skrif wat in die gestalte van mensewoorde tot ons kom, die boodskap van God dra – vandaar die begrip: **Woord van God in mensewoorde**.[307]

Omdat die Skrif as Woord van God gesien word, het die Bybel gesag oor die gelowige se hele lewe en is dit betroubaar. Die Skrif is verder duidelik omdat ons daarin die helderheid van die evangelie van God se liefde en genade hoor. Laastens is die Skrif ook voldoende omdat die Heilige Gees ons deur die Woord alles leer wat ons moet weet om volgens God se wil in gehoorsaamheid te leef. [308] Die belydenis dat die Skrif die Woord van God is mag nooit teenoor verantwoordelike Skrifuitleg staan nie. [309]

Wanneer die gereformeerde teologie dit bely, plaas dit die vraag na die wetenskap, en dan veral die histories-kritiese metode, soos deur die pro-gay teoloë gebruik word, op die tafel.

---

[306] Agenda & Handelinge Algemene Sinode, **Skrifgesag en Skrifgebruik,** p 56, Kaapstad, 14-25 Oktober 1986.

[307] Agenda & Handelinge Algemene Sinode, **Gesag van die Skrif,** p 203, Pretoria, 13-19 Oktober 2002.

[308] Agenda Algemene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk, **Skrifgebruik en Skrifgesag,** p 130, [Hartenbos], 10-16 Oktober 2004.

[309] Agenda Algemene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk, **Skrifgebruik en Skrifgesag,** p 131, [Hartenbos], 10-16 Oktober 2004.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

### 1.2.3.4. Die Skrif en die histories-kritiese metode

Die kerk stel dit duidelik dat die Bybel geen wetenskaplike handboek of geskiedenisboek is nie. Dit is nie aan mense gegee as openbaringsbron oor allerhande aangeleenthede wat oor 'n breër terrein van die mens se kennis lê nie.[310] Daarom is dit so dat die Skrif nie aan die moderne standaarde van wetenskaplike eksaktheid voldoen nie. Dit is immers nie die doel van die Skrif nie. Dit behoort verstaanbaar te wees, want dit is in die idioom van God se Woord in mensetaal aan ons gegee. Wat daarom belangrik is, is die boodskap wat 'n betrokke outeur wil oordra. Om daarom op teenstrydighede in die Skrif te fokus, en daarom net die menslike karakter van die Skrif op die voorgrond te plaas, is nie aanvaarbaar nie.[311]

Tekskritiek se doel is nie om die aard van die gesag van die Skrif te ondermyn nie, maar om eerder die suiwerste vorm van die oorspronklike teks daar te stel. Dit is daarom die vasstelling van die betroubaarste lesing van die Bybelteks deur middel van die kritiese aanwending van middele wat die moderne wetenskap tot die teologie se beskikking stel (Dit beteken dus dat die histories-kritiese metode soos deur pro-gay teoloë gebruik word om die Goddelike objektiewe openbaring van die Skrif onder verdenking te bring, nie aanvaar word nie - JP). [312]

Vir **Calvyn** is die antieke karakter van die Skrif geen rede tot kommer nie. Dit behoort die goddelike karakter as geïnspireerde Woord nie in gedrang te bring nie. Ook neem die feit dat die Bybel 'n "ou Boek" is wat in die konteks

---

[310] Agenda & Handelinge Algemene Sinode, **Skrifgesag en Skrifgebruik,** p 56, Kaapstad, 14-25 Oktober 1986.
[311] Agenda & Handelinge Algemene Sinode, **Gesag van die Skrif,** p 203, Pretoria, 13-19 Oktober 2002.
[312] Agenda & Handelinge Algemene Sinode, **Skrifgesag en Skrifgebruik,** p 57, Kaapstad, 14-25 Oktober 1986.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)


van mense (toé reeds 1500 jaar gelede) geskryf is, nie die "boodskap" wat die Skrif in sy totaliteit vir ons vandag het, weg nie. Dit is vir hom 'n "dwase siening" dat die Skrif slegs God se Woord word, wanneer mense daarin begin glo ('n duidelike verskil van die GKN-standpunt soos ook deur ander pro-gay teoloë vandag ingeneem word).[313]

Dit sou daarom 'n korrekte siening wees om die interpretasie van die Skrif, ten spyte van die antieke aard daarvan voor te stel in die illustrasie soos **Van der Watt[314]** dit gee:

**Sender** → **Medium** → **Ontvanger**

Die skrywer word die afsender wat idees oordra. Die manier waarop hy dit doen (teks bestaande onder andere uit gedigte, verhale, geskiedskrywing ens.) word die medium genoem, want dit is die manier waarop hy die idees oordra. Wie die boodskap ontvang, word die ontvangers genoem. Hulle moet die boodskap interpreteer.

---

[313] Calvyn Johannes, **Institutie I**, p 52-64, [WD Meinema BV], Delft 1931. As motivering vir sy standpunt haal hy Paulus aan wat in Galasiërs die getal van 430 jaar gebruik tussen Abraham en die koms van die tien gebooie. Ten spyte van hierdie eeue verskil, stel Paulus dat dit nie die wet ongeldig maak nie. Vir Calvyn is die tydperk wat tussen verskillende generasies verloop irrelevant vir die verstaan van boodskap van die Skrif in sy geheel (maw all dele daarvan).

[314] Van der Watt Jan, Du Rand Jan, Joubert Stephan, Naudé Piet, **Hoe lees ons die Bybel? – 'n Soeklig op die rol van die Woord en hoe om dit te vertolk in hedendaagse tye,** p 47-48, [Christelike Uitgewersmaatskappy], Vereeniging, 2002.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)


Paulus se idees.

(Idees van die Bybelskrywers: randsake en skopus)

↓

Dit word geskryf in sy kodes (taal) en idiome aan hom bekend.

↓

Mense lees Paulus of ander Bybelskrywers se taal, interpreteer dit vir vandag se probleme en kom so by die oorspronklike idees vir vandag se probleme uit.

Aan die lig van bogenoemde illustrasie kan die interpretasie van die Skrif en per implikasie ook die gesag wat hulle aan die Skrif toeken, deur die GKN en ander pro-gay teoloë, soos ons alreeds kennis daarvan het, as volg voorgestel word:

Postmoderne mens soek antwoorde op vrae, maar stel subjektiewe voorwaardes om daardie antwoorde te kry.

↓

'n Subjektiewe fokus van die Skrif is voorwaarde vir vandag se vrae. Die "teks" van die Skrif geld nie meer nie.

↓

Post-moderne antwoorde in die lig van die subjektiewe skopus van die Skrif.

In die lig van die klem op die siening dat die skopus van die Skrif, slegs vryspraak is (God se liefde in Jesus), stel die NGK dat dit nodig is om ook te kyk na die verhouding tussen die "vryspraak" én "vonnis/oordeel".

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

### 1.2.3.5. Vonnis en Vryspraak

Die Skrif is nie net die deurgee van koue feite en inligting nie, maar eerder as Woord van God ook die **beloftes van God**. Die Woord is dus ook 'n daad wat die bedoelings van die mens se hart en gedagtes kan beoordeel en oordeel. Dit skei tussen dit wat waar is en dit wat nie waar is nie. Daarom is die Skrif nie net mededelings **oor** heil nie, maar ook mededeling **van** heil. Dit vertel met ander woorde hoe verlossing verkry kan word, maar ook hoe die verlostes behoort te leef. Ons behoort ons daagliks te onderwerp aan die vryspraak én vonnis van die Skrif. Sò sterf ons aan onsself om daagliks saam met Christus tot 'n nuwe lewe te kom.[315]

In die beoordeling van die Skrifhantering van die GKN en ander pro-gay teoloë sal vervolgens stilgestaan word by die gesag van die Skrif self.

### 1.2.3.6. Die gesag van die Skrif

Die gesag van die Skrif lê in sy skopus (in 'n volgende hoofstuk meer hieroor). Die skopus realiseer na 'n klimaks toe in die verlossingswerk van Jesus Christus en meegaande implikasies. Daar word onderskei tussen die **hart** van die Skrif en die **rand** van die Skrif. Dit kan nie van mekaar geskei word nie, maar teken juis die gesag van die Skrif in die wederkerige samehang van die twee. Die Skopus hef nie ander randsake of onderdele van die Skrif op nie. Dit is juis die onderdele/randsake wat die hart van die Skrif sy volle gesag gee.[316]

---

[315] Agenda & Handelinge Algemene Sinode, **Gesag van die Skrif,** p 206, Pretoria, 13-19 Oktober 2002.

[316] Agenda & Handelinge Algemene Sinode, **Gesag van die Skrif,** p 20-207, Pretoria, 13-19 Oktober 2002

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)


Elke vorm van versubjektivering van die openbaring deur middel van die kreatiewe en konstitutiewe omgang met die Skrif moet afgewys word. Die rede hiervoor is dat dit die "objektiewe" karakter van die Skrif in gedrang bring. Dit plaas die openbaringskarakter van die Skrif ondergeskik aan die mens se sogenaamde geloof. In wese behoort dit andersom te werk.[317]

Bogenoemde siening van die NGK, rakende die aard van die Skrifgesag wat vandag nog geld, en wat nié, is duidelik terug te vind by **Calvyn**. Volgens hom hang die gesag wat aan die Skrif toegeken word, nie af van dit wat mense (teoloë) of kerkvergaderings in hulle besluite daaraan gee nie. Die Skrif kry nie eers gesag wanneer mense dit glo nie (Anders as wat die GKN en ander pro-gay teoloë dit stel). Die gesag is objektief van God afkomstig. Dit hang nie van mense se "skerpsinnigheid" af nie. [318] Die Skrif is van God aan ons gegee. God het die diens van mense (in hul mensheid) gebruik om dit aan ons te bring.[319] Die objektiewe gesagskarakter van die Skrif laat hom die volgende bely:

> "Zodanig is de overtuiging, die geen redenering vereist, zodanig de kennis, die op zeer goede grond rust; immers in haar (die Skrif) vindt het verstand een meer onbekommerde en standvastige rust dan in enige redenering; zodanig ten slotte is het besef, dat slechts uit hemelse openbaring geboren kan worden".[320]

---

[317] Agenda & Handelinge Algemene Sinode, **Skrifgesag en Skrifgebruik,** p 57, Kaapstad, 14-25 Oktober 1986.
[318] Calvyn Johannes, **Institutie I**, p 46, [WD Meinema BV], Delft 1931
[319] Calvyn Johannes, **Institutie I**, p 48-49, [WD Meinema BV], Delft 1931
[320] Calvyn Johannes, **Institutie I**, p 48, [WD Meinema BV], Delft 1931. Dit sou vandag verkeerd wees om te beweer dat aangesien sake soos die bevindinge van die histories-kritiese metode en ander wetenskaplike bevindings nie aan Calvyn bekend was nie, hy bogenoemde standpunt ingeneem het. Vir hom is die Skrif 'n **geloofsboek**. Die aard van die Skrif se gesag hang nie af van mense se wetenskaplike bevindings nie. Ook hang die aard van die gesag nie af van die redenering van mense of teoloë nie. Hy neem kennis van die menslike karakter van die Skrif, en tog ontken hy nie die Goddelike aard van die Skrif nie. Dit beteken dat Calvyn nie van die Skrif iets wil maak wat dit nie wil wees nie. Dit is vir hom 'n boek wat in sy totaliteit mense tot verlossing (in Jesus Christus) wil bring, en met die meegande implikasie die leer en lewe van mense wil orden. As verdere motivering dat die aard van die gesag van die Skrif nie onder verdenking behoort te kom, ten spyte van die antieke karakter daarvan, verduidelik hy hoedat die Skrif dit self verklaar. Verder wys

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die gesag van die Skrif is dus in die Skrif en nie in mense wat aan dit gesag toeken nie. Dit hang nie af of teoloë dit erken of nie. Hierdie gesag funksioneer in die verhouding van mense tot God.[321] God alleen besit gesag en nie menslike instansies of wetenskaplike bevindings nie. Die gesag van die Skrif oorompel nie, want die Gees werk nie deur dwang nie maar deur "sagte geweld". Dit beteken dat die Woord deur die Gees mense "oorredend" forseer.[322] Die aanvaarding van die gesag van die Skrif is nie die opoffering van ons denke nie, maar eerder die kruisiging van ons denke wat geen grense wil ken nie.[323]

In die lig van die ontstaansproses van die Skrif kan die vraag gevra word, in watter gevalle sal sekere Skrifgedeeltes nie meer vir ons gesag hê nie. **Konig** wys op die volgende vier gevalle[324]:

- Die wêreldbeeld
- Sake wat die Skrif self agterhaal
- Sommige etiese kwessies
- Insidentele sake

Die rede waarom hierdie dinge nie meer vandag geld nie, is omdat dit uitsluitlik tot die kultuur van die antieke Nabye Ooste behoort het[325]. Ons

hy hoedat filosowe en ander persone deur die eeue dikwels gepoog het om die Skrif as 'n gewone boek daar stel. Ten spyte van sulke pogings deur die eeue heen, het die Skrif nog steeds sy karakter as God geïnspireerd gehandhaaf (Institusie p 52-64)

[321] Agenda & Handelinge Algemene Sinode, **Skrifgesag en Skrifgebruik,** p 57, Kaapstad, 14-25 Oktober 1986.

[322] Agenda & Handelinge Algemene Sinode, **Gesag van die Skrif,** p 203, Pretoria, 13-19 Oktober 2002.

[323] Handelinge Algemene Sinode, **Gesag van die Skrif,** p 548, Pretoria, 13-19 Oktober 2002.

[324] König Adrio, **Ek glo die Bybel – ondanks al die vrae**, p 148-149, [Lux Verbi], 2002.

[325] König Adrio, **Ek glo die Bybel – ondanks al die vrae**, p 149, [Lux Verbi], 2002. König se hermeneutiese sleutel vir dit wat vandag nog geld – of nie meer geld nie – word sò gemotiveer: **Die wêreldbeeld:** Die drieverdieping-wêreldbeeld klop nie met die werklikheid nie; **Sake wat die Skrif self agterhaal:** Daardie dinge wat die Skrif later laat verval het in die lig van die heilsgeskiedenis; **Etiese kwessies:** Daar is sekere etiese

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

leef vandag in 'n Westers-Afrika kultuur. In hierdie konteks geld bogenoemde sake nie meer nie.

Dit is daarom belangrik dat die kerk vandag nog die Skrif sal interpreteer. In die interpretasie van die Skrif is die grondtale juis nog belangrik. Die Skrif kan slegs geïnterpreteer word indien dit binne sy ontstaanskonteks (tyd en kultuur) gelees word. Daarom is dit nodig dat reëls vir die uitleg van die Skrif gesoek moet word. [326] Voorbeelde van sulke reëls is:

- ✝ Lees die Skrif in sy totaliteit
- ✝ Vergelyk die Skrif met die Skrif
- ✝ Moeiliker dele moet in die lig van makliker dele vertolk word.
- ✝ Die Skrif moet altyd in die lig van Jesus se evangelie verstaan word (die hart van die Skrif). [327]

Daar behoort met dankbaarheid, maar 'n kritiese luister gesoek word na hoe die Skrif in die verlede sowel as vandag deur gelowiges uitgelê is en word.[328]

Op hierdie stadium is dit sinvol om die standpunte van die GES, die NGK en GKN met meegaande pro-gay teoloë in die wêreld met mekaar skematies te vergelyk.

---

kwessies wat verval het. Onder hierdie groep val sake soos - Wreedheid van die Ou Testament, Haat vir die vyand, Uitwissing van hele volke met vroue, kinders en diere in sogenaamde "heilige" oorloë, Onmenslike strawwe; Siektes wat mense uit die gemeenskap uitgesluit het soos bv melaatsheid; (Die verval van hierdie etiese kwessies moet in die lig van die liefdesgebod verstaan word. In die hermeneutiek rakende permanente homoseksuele huwelike wat deur die Kerk ingeseën word, sal ons moet vasstel of die etiek wat in dié problematiek opgeneem is, ook onder hierdie afdeling val en indien wel, hoe – JP); **Insidentele sake:** Verbod om verwurgde diere te eet, beskeie vroueklere sonder versiering, vroue wat nie sonder 'n sluier mag loop nie, vroue wat nie in die gemeente mag praat of leer nie.

[326] Agenda Algmene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk, **Skrifgebruik en Skrifgesag,** p 130, [Hartenbos], 10-16 Oktober 2004.

[327] Agenda Algmene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk, **Skrifgebruik en Skrifgesag,** p 131, [Hartenbos], 10-16 Oktober 2004.

[328] Agenda Algmene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk, **Skrifgebruik en Skrifgesag,** p 131, [Hartenbos], 10-16 Oktober 2004.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)


### 1.2.4. 'n Vergelyking van die verskillende partye in hul siening van die gesag van die Skrif

Die vergelyking van die drie groepe (GES, NGK en GKN en ander pro-gay teoloë), rakende hul siening van die gesag van die Skrif (in hul hantering van homoseksuele huwelike en –verhoudings). Die skematiese voorstelling word opgetrek na aanleiding van die kennis wat sover in al die hoofstukke (oor die pro-gay teoloë) na vore gekom het.

| Gesag van die Skrif | GES (1980 & 1984) | NGK (1986 & 2002) | GKN & pro-gay teoloë (1971 tot vandag) |
|---|---|---|---|
| **1. Relevant in debat** | Ja | Ja | Ja |
| **2. Gesag gehandhaaf** | Pro-gay teologie trek 'n streep deur die tradisionele gereformeerde siening van die gesag van die Skrif. | Pro-gay teologie handhaaf nie tradisionele siening van die gesag van die Skrif nie. | Pro-gay teoloë glo hulle is in lyn met die gereformeerde siening van Skrifgesag. |
| **3. Kanon** | Handhaaf hele kanon as maatsnoer en norm vir leer en lewe. | Handhaaf hele kanon as maatsnoer en norm vir leer en lewe.<br>Formele gesag van die kanon is in sy inhoud van die Skrif, nie in die besluit van mense of sinodes nie.<br><br>Die kanon is ewig. | Implikasie van die histories-kritiese Skrifhantering is dat dit kanon verklein tot brokkies wat volgens die navorser self oorgebly het.<br>Die Skrif het nie 'n appél op die leer en lewe van die gelowige nie. Slegs die skopus het. |
| **4. Inspirasieleer** | Organiese Inspirasie leer het gevare van subjektivisme. | Veelvuldig-teopneuties | Organies, maar waar histories-kritiese metode tot sy volle konsekwensies |

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)


| | | | |
|---|---|---|---|
| | | | toegepas word, verval inspirasie slegs tot skopus van die Skrif |
| **5. Oorsprong van die Skrif** | Van God aan mens | Van God aan mens | Mens se nadenke oor God |
| **6. Skrif as Woord van God** | Woord van God in menswoorde | Woord van God in menswoorde | Eerder woorde van mense in hul nadenke oor God |
| **7. Waarheids-begrip** | Objektief deur God geopenbaar in die Skrif | Objektief deur God geopenbaar in die Skrif | Post-moderne filosofies-subjektiewe en ralasionele waarheidsbegrip Daar bestaan geen objektiewe waarheid (soos deur die Skrif geleer) nie. |
| **8. Rol van die mens** | God en mens in totaliteit | God en mens in totaliteit | Primêr mens in totaliteit |
| **9. Oordeel en vryspraak** | Praat nie in 1980 of 1984 daaroor nie. | Vryspraak deur Christus, maar ook beoordeling en oordeel van die mens se lewe | Slegs vryspraak en liefde soos in Christus gesien. Dit is die "nuwe" van die Nuwe Testament |
| **10. Histories-kritiese wetenskaps hantering van die Skrif** | Erken menslike karakter van die Skrif, maar glo dat die Skrif se boodskap nog steeds geld, ongeag tekskritiek. Histories-kritiese metode lei tot subjektivisme. | Tekskritiek tot kry van suiwerste teks. Skrif is nie historiese- of wetenskaplike handboek nie, maar dit beteken nie dat randsake geïgnoreer mag word in hedendaagse problematiek nie. | Skrif is onbetroubaar en mense gee net dit weer waarvan hulle binne hul eie konteks kennis gedra het. Daarom kan daar geen bonatuurlike gee van die Skrif aan die mense wees nie. Dit beteken dat randsake nie meer vir vandag geld nie. |
| **11. Rol van die Heilige Gees** | Praat nie in 1980 of 1984 daaroor nie. | Deur alles heen Teopneusties | Subjektief in sekere situasies vandag |
| **12. Gesag van die Skrif** | Skopus hef nie die gesag van die ander | In die skopus én in onderdele of | Slegs in die skopus Versubjektiveer |

| | | | |
|---|---|---|---|
| | gebooie op nie | randsake.<br>Die randsake gee die skopus gesag en die skopus gee die randsake gesag. | Skrifgedeeltes se gesag vir spesifieke situasies |
| **13. Geslagtelikheid en seks** | Man en vrou | Man en vrou | Twee persone (man en vrou, maar ook tussen twee vroue of tussen twee mans) |
| **14. Homoseksuele huwelike en –verhoudings van liefde en trou** | Verwerp | Verwerp, maar onder druk weer op die tafel | Aanvaar met kerklike seën.<br>Erken dat hul die enigste kerk is wat homoseksuele huwelike inseën. |

Uit bogenoemde sou dus met **Van der Watt** saamgestem word dat hermeneutiek gevaarlik kan wees. Op die ou einde kan dit lyk of elkeen maar met die Skrif kan "doen" of daaroor kan "dink" soos hulle glo reg is.[329]

Dit is nodig om op hierdie stadium uit te wys dat die gesag wat pro-gay-teoloë (wat voorspraak maak dat homoseksuele huwelike en –permanente homoseksuele verhoudings kerklik ingeseën behoort te word) aan die Skrif toeken, 'n "ander" vorm en aard van gesag is as wat die NGK in 1986 en 2002 daaraan toegeken het.

**'n Verdere vraag:** Sou die NGK op die ou einde besluit om homoseksuele huwelike kerklik in te seën, wat is die implikasies daarvan vir die Kerk se eie siening rakende die gesag van die Skrif? Kan die Kerk 'n besluit neem wat in werklikheid teen haar eie Skrifbeskouing is? Wat is die implikasie wanneer 'n

[329] Van der Watt Jan, Du Rand Jan, Joubert Stephan, Naudé Piet, **Hoe lees ons die Bybel? – 'n Soeklig op die rol van die Woord en hoe om dit te vertolk in hedendaagse tye,** p 45, [Christelike Uitgewersmaatskappy], Vereeniging, 2002.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

sinode 'n **Mala Fides** (tot nadeel van die kerkleer - JP) besluit rakende sy eie Kerkleer neem?

In die "moontlike neem" van 'n **mala fides** besluit, speel daar verdere hermeneutiese sleutels ook 'n rol. Dit is die sleutels dat die gesag van die wetenskap en die gesag wat aan die ervaring van mense met 'n homoseksuele oriëntasie gegee word, die Skrif kan veto. In die volgende deel word hierdie twee hermeneutiese sleutels bespreek.

## 2. Nog hermeneutiese sleutels : wetenskap en ervaring

**Du Toit** stel dat die fundamentele probleem in teologiese en kerklike gesprek rondom die homoseksuele vraagstuk, die vermenging van eksegese en hermeneutiek is. Hierdie vermenging gebeur wanneer vandag se probleme rakende die vraagstuk direk in die Bybelteks ingedra word. So word die Bybelskrywers gedwing om uitsprake te maak en oplossings te gee vir dinge wat hulle nie geken het nie en dus buite hulle verwysingsraamwerk geval het. Indien daar duidelike onderskeid tussen eksegese en hermeneutiek gemaak word, sal die problematiek rakende homoseksuele verhoudings waarskynlik opgelos word.[330]

Dit moet onthou word dat die wetenskap, die rede en ervaring die Kerk dikwels forseer het om sy standpunt te verstel.[331] Die gesag van die Skrif in die hermeneutiese debat in 'n huidige situasie, hang af van die gesag wat aan die Christelike etiek gegee word. Die probleem word gevind in die wyse

[330] Du Toit AB, **Paul, Homosexuality and the Christian Ethics,** p93, **-** Neotestamentica et Philonica – Studies in honor of Peder Borgen, p 104, [Koninklike Brill NV], Leiden 2003.; Du Toit AB, **Die Kerk, Christenskap en Homoseksualiteit**, p1, ongepubliseer en ongedateer.
[331] Du Toit AB, **Paul, Homosexuality and Christian Ethics -** Neotestamentica et Philonica – Studies in honor of Peder Borgen, p 105, [Koninklike Brill NV], Leiden 2003.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

waarop die gesag van die Skrif in die huidige problematiek funksioneer.[332] Die vraag in die hermeneutiese proses behoort te wees in watter mate die situasie van die Bybelskrywers dieselfde gebly het, of verander het.[333]

In post-moderne idioom skryf Du Toit verder dat dit aanvaar behoort te word, dat in die huidige gesprek daar nie 'n uitgeklaarde duidelike antwoord is nie. Die vraagstuk rakende homoseksuele verhoudings kan nie oorvereenvoudig word nie. Daar is slegs tydelike antwoorde. Hierdie antwoorde sal afhang van verskillende persone se verskillende situasies. Die hermeneutiese debat behoort te begin by aspekte waarin daar reeds sekerheid is. [334] Één so 'n terrein is die kennis wat die wetenskap tot die debat bydra.

### 2.1. Die wetenskap en rede van die mens as hermeneutiese sleutels

**Bartlett** gaan van die uitgangspunt af uit dat die wetenskap belangriker as die Skriftuurlike uitsprake is. Vir die hermeneutiek in die debat is die beginsels dit: Daar behoort eers na die wetenskap geluister te word. Eers dan sal die Skrif geraadpleeg word.[335] Daarom behoort Gereformeerdes bereid te wees om nuwere wetenskaplike bewyse te akkomodeer wanneer dit in stryd is met verouderde voorwetenskaplike sienings wat in die Skrif vervat is.[336] Die groot saak wat pro-gay teoloë aandui is dat hedendaagse navorsing uitgewys het dat die fenomeen van homoseksualiteit

---

[332] Du Toit AB, **Paul, Homosexuality and Christian Ethics -** Neotestamentica et Philonica – Studies in honor of Peder Borgen, p 104, [Koninklike Brill NV], Leiden 2003.
[333] Du Toit AB, **Die Kerk, Christenskap en Homoseksualiteit**, p10, ongepubliseer en ongedateer.
[334] Du Toit AB, **Paul, Homosexuality and Christian Ethics -** Neotestamentica et Philonica – Studies in honor of Peder Borgen, p 106, [Koninklike Brill NV], Leiden 2003.
[335] Bartlett André, Beeld, p 11, 10 April 2002; Botha PH, **The Apostle Paul and Homosexuality – A Socio-Historical Study,** p 4, [PhD-verhandeling Potchefstroom], 2004.
[336] Studieprojek vir die Sinode van die NG Kerk van Suid-Transvaal, **Herbesinning oor die Kerk se standpunt met die oog op effektiewe pastorale uitreik na homoseksuele persone**, p 3, ongepubliseer en ongedateer.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)


gekompliseerd is, aangesien dit in wese deel is van 'n persoon se seksuele oriëntasie.[337] Die Kerk moet rekening hou daarmee dat die oorsake van homoseksualiteit 'n ***bio-psigo-sosiale*** (biologies-geneties, psigologies en sosiaal) basis het.[338] Daar is reeds in hoofstuk 1 vlugtig hierna verwys.

### 2.1.1. Biologiese en genetiese resultate

Die uitgangspunt dat dit reeds wetenskaplik bewys is dat daar iets soos 'n homoseksuele oriëntasie is wat as "natuurlik" beskou kan word, verdien meer aandag. Twee groeperinge vind hulle tuis onder hierdie standpunt: eksistensialiste en sosiale hervormers. Die uitgangspunt van die eksistensialiste is dat "homoseksueelwees" 'n wesenskenmerk van iemand se geslagtelikheid is. God skep mense so, daarom is dit goed. Sosiale hervormers kan toegee dat homoseksualiteit nie 'n aangewese vorm van sekualiteit is nie, maar dat dit homofobies is om negatief daarteenoor te reageer. Negatiewe reaksie teenoor homoseksuele persone kom uit 'n uitgediende sosiale bestel.[339]

Daar is teoloë en ander navorsers wat beweer dat mense as homoseksuele persone gebore kan word. Hiervolgens bepaal sekere chromosome, gene, brein strukture en neuropsigologiese faktore iemand se seksuele

---

[337] Du Toit AB, **Paul, Homosexuality and Christian Ethics -** Neotestamentica et Philonica – Studies in honor of Peder Borgen, p 105, [Koninklike Brill NV], Leiden 2003.

[338] Du Toit AB, **Paul, Homosexuality and Christian Ethics -** Neotestamentica et Philonica – Studies in honor of Peder Borgen, p 105, [Koninklike Brill NV], Leiden 2003.

[339] Gudorf Christine E, **The Bible and Science on Sexuality**, p 124, [WM Eerdmans Publishing Co], Grand Rapids, 2000; Laumann EO, Gagnon JH, Michael RT, Michaels S, **The Social Organization of Sexuality**, [University of Chigago Press], Chigago, 1994; Risman B and Schwartz P, **Sociological Research on male and Female**, p 125-147, [Homosexuality Annual Review of Sociology Homosexuality Annual Review of Sociology], 1988; Yarhouse MA and Jones SL, **A critique of Materialist Assumptions in Interpretations of Research on Homosexuality**, p 174-195, [**Christian Scholar review 26,** 1997.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)


oriëntasie.[340] Die bekende gesinsarts en skrywer van vele geneeskundige boeke vir Jan-en-Alleman, dr Jan van Elfen, beweer in sy boek **Dokter in die huis** dat slegs 3% mense gay is. Vroeër het hy in **Wat seuns wil weet**, beweer dat 10% mense homoseksueel gebore word. Andere, soos **Barnard** beweer op grond van Van Elfen se vroeëre standpunt dat tussen 7-10% mense homoseksueel gebore word.[341]

Volgens hierdie standpunt word mense homoseksueel gebore as gevolg van 'n mengsel van genetiese en opvoedkundige invloede vasgelê teen die ouderdom van twee jaar.[342] Die skrywers van **Gelowig en Gay** stel as 'n feit dat tussen 7-10% mense "**eksklusief"** 'n homoseksuele oriëntasie het. Die bron wat aangehaal word, is dié van die 1940's verslag van ene **Alfred Kinsey**[343] Aanvanklik is dit as gesaghebbend beskou (Die Bybel vir die pro-gay verhouding standpunt), maar latere navorsing het hierdie persentasie op heelwat minder geplaas en beskou Kinsey se werk as apokrief.[344] Die probleem met die 1940 studie was dat sy monster hoofsaaklik uit seksoortreders in tronke bestaan het. In sò 'n geval is die persentasie outomaties hoër as die werklike persentasie sou wees.[345] Kinsey word gewoonlik verkeerd aangehaal. Sy 10% was slegs van toepassing op mans tussen 16-65 wat vir drie jaar homoseksuele verhoudings gehad het. Sy oorwegend geskatte syfer vir mans wat oorwegend lewenslank

---

[340] Bancroft J, **Homosexual Oriëntation**, p 437-444, British Journal of Psychiatry vol 164, 1994; Brown Tom M, **A Psychiatrist Perspective**, p, 143, [SCM Press], Cambridge, 1997.

[341] Barnard Ralph, **Dis tyd dat Christene anders oor seks dink en praat**, p 85, [Hugenote Uitgewers], 2000

[342] Van Elfen Jan, **Dokter in die huis- 'n A-Z naslaanbron met 3000 inskrywings: siektes, beserings, operasies, noodhulp, medisyne en baie meer**, p 265, (Tafelberg), 1993.

[343] Anthonissen Carel & Oberholzer Pieter, **Gelowig en Gay**, p 146, (Lux Verbi), 2001; Kinsey A, Pommeroy W and Martin C, **Sexual Behaviour in Human Male**, [Saunders], Philadelphia, 1948; Kinsey A, Pommeroy W and Martin C, **Sexual Behaviour in Human Female**, [Saunders], Philadelphia, 1948.

[344] Reisman J and E Eichel E, **Kinsey, Sex, and Fraud: The Indoctrination of a People**, [Hunting House], Lafayette, 1990.

[345] Potgieter Jorrie en Van Huysteen Fanie, **Homoseksualiteit in perspektief – hoop en heling uit Die Bybel,** p 45, [Lux Verbi.BM], Wellington, 2002.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

homoseksuele verhoudings gehandhaaf het, was slegs **4%**.[346] 'n Meer gesaghebbende studie rakende die persentasie persone wat 'n sogenaamde homoseksuele oriëntasie het, is deur **Edward Laumann** onder 'n steekproef van 5000 persone in die Verenigde State van Amerika gedoen. Volgens hierdie studie is bevind dat slegs 2% mans en 0.9% vroue hulself as homoseksueel beskryf, terwyl 'n addisionele 0.8% mans en 0.5% dames hulself as biseksueel beskryf.[347] Die homoseksuele sosioloog, **Joseph Harry**, se navorsing lewer dieselfde resultate. Volgens sy navorsing het 2.4% mans 'n homoseksuele oriëntasie.[348]

Ter wille van volledigheid, word 'n skematiese voorstelling gegee rakende die persentasie persone wat in permanente homoseksuele verhoudings is. Elf verskillende resultate in verskillende lande word hierin opgeneem:[349]

| **Studie** | **Eksklusiewe gay seks die afgelope ___ jaar.** | **Voorkoms van sommige gay seks die afgelope jaar.** | **Gay seks die afgelope _____ aantal jare.** | **Gay seks sedert volwassenheid** | **Gay seks sedert adolessensie** |
|---|---|---|---|---|---|
| **Billy (1993) slegs onder mans** | 1.1% in die laaste 10 jaar | | 2.3% in die laaste 10 jaar | | |
| **Fay (1989) Slegs onder** | | 1.6-2% | | 6.7% sedert 19 (3.3% gereeld | 20% |

[346] Potgieter Jorrie en Van Huysteen Fanie, **Homoseksualiteit in perspektief – hoop en heling uit Die Bybel,** p 45, [Lux Verbi.BM], Wellington, 2002.
[347] Laumann EO, Gagnon JH, Michael RT, Michaels S, **The Social Organization of Sexuality**, [University of Chicago Press], Chicago, 1994; Jones Stanton L & Yarhouse Mark A, **Homosexuality – The Use of Scientific Research in the Church's Moral Debate,** p 38, [InterVarsity press], Downers Grove Illinios, 2003.
[348] Harry Joseph, **A Probability Sample of Gay Males,** p 89-104, [Journal of Homosexuality 19], 1990
[349] Jones Stanton L & Yarhouse Mark A, **The Use, Misuse, and Abuse of Science,** p 88, [WM B Eerdmans Publishing Co], Grand Rapids, 2000; Jones Stanton L & Yarhouse Mark A, **Homosexuality – The Use of Scientific Research in the Church's Moral Debate,** p 42-43, [InterVarsity press], Downers Grove Illinios, 2003.

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| **mans** | | | | of by geleentheid) | |
| **Laumann (1994) Slegs onder mans.** | | 2.7% | 4.1% laaste 5 jaar | 4.9% sedert 18 | 9.1% |
| **Laumann (1994) slegs dames** | | 1.3% | 2.2% in die laaste 5 jaar | 4.1% sedert 18 | 4.3% |
| **Rogers en Turner (1991) Slegs onder mans.** | | Studie 1: 1.9%<br>Studie 2: 1.2%<br>Studie 3:2.4%<br>Studie 4:2.0% | | Almal sedert 18<br>Studie 1: 4.8%<br>Studie 2:4.9%<br>Studie 3: Nie beskikbaar<br>Studie 4: 6.7% | |
| **Sell (1995) Slegs mans.** | Laaste 5 jaar<br>VSA: 0.82%<br>VK: 1.15%<br>Fr: 0.72% | | Laaste 5 jaar<br>VSA: 5.42%<br>VK: 3.51%<br>Fr: 9.94% | | |
| **Sell (1995) Sles dames** | Laaste 5 jaar<br>VSA: 0.27%<br>VK: 0.54%<br>Fr: 0.14% | | Laaste 5 jaar<br>VSA: 2.96%<br>VK:1.54%<br>Fr:3.02% | | |
| **Spira (1993) Slegs mans** | | 1.1% | | | 4.1% |
| **Stall (1990) Slegs mans** | 0.8% laaste 5 jaar | 1,4% laaste 5 jaar | | | |
| **Wellings (1994) Slegs mans** | | 1.1% | | | 6.1% |
| **Wellings (1994) Slegs dames** | | 0.4% | | | 3.4% |

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)


In 'n verduideliking van die stand van huidige navorsing rakende die fisiologiese oorsake vir 'n homoseksuele oriëntasie, bevind **Stanton & Yarhouse** dat daar nie onteenseglik bewys kan word dat ***bio-psigo-sosiale*** oorsake op 'n homoseksuele oriëntasie dui nie[350]. Hierdie bevinding is in ooreenstemming met die navorsing wat **Potgieter en Van Huysteen** gedoen het.[351] **Dean Hamer** se navorsing dui dat 'n **chromosoom merker** gevind is wat met "homoseksuele gedrag" verband hou.[352] Hierdie resultate word deur pro-gay teoloë en homoseksuele aktiviste gebruik om te beweer dat daar 'n gay-geen gevind is. Daar is egter nie 'n "gay-geen" gevind nie, want Hamer en sy kollegas het nie na 'n "geen" gesoek nie.[353] Dit moet in billikheid vermeld word dat die chromosoom merker wat gevind is, nie seksuele oriëntasie bepaal nie, maar wel 'n aanleiding gee tot 'n sekere tipe gedrag. Hierdie chromosoom sou gedrag in dié mate beïnvloed dat sekere persone meer aangetrokke sou wees tot mense van dieselfde geslag.[354]

---

[350] Hierdie bevinding dui op wat aan die begin van 2004 deur die psigiater aan die predikante groep van die Sinode van Suid- en Weskaapland (te Picardie Gastehuis) verduidelik is. In hoofstuk 1 is daar reeds gemeld dat hierdié psigiater gesê dat hoewel daar nie bio-psigo-sosiale bevindings gevind is nie, navorsing wel daarop dui dat daar sò 'n resultaat in die toeomstige navorsing gevind sou kon word.

[351] Jones Stanton L & Yarhouse Mark A, **Homosexuality – The Use of Scientific Research in the Church's Moral Debate,** p 52-90, [InterVarsity press], Downers Grove Illinios, 2003; Potgieter Jorrie en Van Huysteen Fanie, **Homoseksualiteit in perspektief – hoop en heling uit Die Bybel,** p 52-68, [Lux Verbi.BM], Wellington, 2002.

[352] Hamer DH, Hu S, Magnuson VL and Pattatucci AM, **A Linkage between DNA Markers on the X Chromosome and Male Sexual Orientation**, p 121-127, [Science 261], 1993; Jones Stanton L & Yarhouse Mark A, **Homosexuality – The Use of Scientific Research in the Church's Moral Debate,** p 79, [InterVarsity press], Downers Grove Illinios, 2003; Whitehead N&B, **My Genes Made me Do It!**, [Lafayette], Louisiana, 2002.

[353] Jones Stanton L & Yarhouse Mark A, **Homosexuality – The Use of Scientific Research in the Church's Moral Debate,** p 80, [InterVarsity press], Downers Grove Illinios, 2003

[354] Jones Stanton L & Yarhouse Mark A, **Homosexuality – The Use of Scientific Research in the Church's Moral Debate,** p 81-82, [InterVarsity Press], Downers Grove Illinios, 2003. Hamer en Murphy bevind dat daar nie 'n direkte genetiese verband is tussen mense wat rook nie, maar wel 'n moontlike verband tussen persone wat ophou rook en hulle gene. Hul navorsing dui op die volgende hipotese: Dit blyk asof sommige mense 'n genetiese predisposisie het ten opsigte van 'vreemde' gedrag. Mense wat nie die spesifieke geen nie het nie, kan rook en makliker ophou rook as persone met sò 'n geen.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)


**Hier is die punt:**

Voorstanders en teenstanders van homoseksuele verhoudings misbruik navorsing rakende 'n homoseksuele oriëntasie. Resultate word feitlik net so geïnterpreteer soos meningspelings rakende steun wat politieke partye tydens verkiesings het. Dit is dus 'n ope vraag of die nadenker rakende oorsake vir homoseksualiteit enigsins van wetenskaplike resultate gebruik kan maak.

Vervolgens behoort ook stilgestaan te word by wetenskaplike bevindings rakende die psigio-sosiale faktore wat moontlik aanleiding tot homoseksuele gedrag kon gee.

### 2.1.2. Psigo-sosiale resultate

**Gelowig en Gay** dui aan dat die raad van **Amerikaanse Psigiatriese Assosiasie** (American Psychiatric Association – afgekort met APA[355]) reeds in 1973 besluit het om homoseksualiteit as psigiatriese siekte en 'n geestesafwyking te skrap. Volgens APA is daar ook geen bewyse dat homoseksuele persone in groter persentasie kinders molesteer as wat dit onder heteroseksuele persone voorkom nie.[356] Dit word opgevolg deur die besluit van APA se hele vergadering in 1974 in 'n demokratiese stemming waarvolgens homoseksuele gedrag as 'n patologies-psigologiese toestand van die DSM (dit is die amptelike verwysingsboek vir diagnose van

[355] Anthonissen Carel & Oberholzer Pieter, **Gelowig en Gay**, p 142-145, (Lux Verbi), 2001. ASA se hoofkwartier is in Washington DC en die wêreld se grootse verening van psigiaters. Meer 132 000 psigiaters behoort aan hierdie vereniging. ASA is weer verdeel in 49 onderafdelings wat navorsing op verskillende velde doen. Dit is ook geassosieer met 58 psigiatriese verenigings in Kanada. Die doel van ASA is om psigiatrie as wetenskap te bevorder en die welstand van mense te verbeter.

[356] Anthonissen Carel & Oberholzer Pieter, **Gelowig en Gay**, p 145, (Lux Verbi), 2001

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

afwykende gedrag in Amerika en staan bekend as Diagnostic and Statistical Manual) verwyder is. Die stemming was 5834 teen 3810.[357] Hierdie stemming het plaasgevind in 'n tyd toe daar sosiale verandering in Amerika op die voorgrond was. Sommige navorsers beweer dat hierdie stemming oneties was, aangesien dit "deurgedruk" was as gevolg van gay-drukgroepe. Die normale prosedure om tot sò 'n stemming te kom, was nie gevolg nie. Die stemming is volgens hierdie navorsing nie deur mediese en psigologiese bevindings gemotiveer nie, maar eerder deur politieke druk.[358] In 1994 stel APA dat homoseksuele gedrag nie die gevolg is van 'n geestessiekte en **nié immorele gedrag is nie**. Dit is slegs die wyse waarop 'n minderheidsgroep uitdrukking aan hulle behoefte aan liefde en seksualiteit gee. Homoseksuele persone is net so goed aangepas as wat heteroseksuele persone is. Navorsing wys dat pogings om homoseksuele persone te "rehabiliteer" op sosiale veroordeling teen hierdie persone dui.[359]

Stanton en Yarhouse lewer op hul beurt weer getuienis dat hoewel homoseksuele gedrag van die DSM verwyder is, die meeste psigiaters (69%) steeds vier jaar na die besluit deur APA homoseksuele gedrag in praktyk nog altyd as 'n psigologiese afwyking gesien het.[360] (Ter wille van billikheid) Daar is wel resultate gevind wat geïnterpreteer kon word dat alle homoseksuele persone nie inherent patologies is nie.

Net so is ook wél deur sommige navorsers 'n verband aangedui tussen homoseksuele gedrag en depressie, alkohol misbruik sowel as neigings tot

---

[357] Dobson James, **Om Seuns groot te maak,** 139, [Christelike Uitgewersmaatskappy], 2002.

[358] Jones Stanton L & Yarhouse Mark A, **Homosexuality – The Use of Scientific Research in the Church's Moral Debate,** p 97, [InterVarsity press], Downers Grove Illinios, 2003; Bayer Ronals, **Homosexuality and American Psychiatry – the Politics Diagnosis,** p 102, [Basic Books], New York, 1981.

[359] Anthonissen Carel & Oberholzer Pieter, **Gelowig en Gay**, p 145, (Lux Verbi), 2001

[360] Jones Stanton L & Yarhouse Mark A, **Homosexuality – The Use of Scientific Research in the Church's Moral Debate,** p 97, [InterVarsity press], Downers Grove Illinios, 2003

selfmoord. (Hospitalisasie vir persone met homoseksuele verhoudings is 450% hoër as die algemene publiek[361]). Pro-gay groepe en teoloë beweer dat hierdie neiging die resultaat is van die homofobiese optrede van die algemene publiek. Ondersoeke of daar wanaanpassings by homoseksuele persone is, het nie resultate opgelewer nie. Die rede hiervoor is dat verskillende groepe verskillende definisies vir welaangepaste en wanaangepaste gedrag gee. Omdat homoseksuele gedrag die algemene sosiale norme en waardes rakende seksualitet aantas, is daar vanuit sommige gesondheidsorganisasies al hoe groter druk wat op die samelewing geplaas word om hul waardes en norme te verander, sodat dit nie meer van homoseksuele persone gesê kan word dat hul waardes en norme afbrekend is nie.[362]

Die bekende gesinspredikant, **James Dobson**, vertel van die letterlik honderde jongmans en –meisies wat vir pastoraat na hom kom in terme van hul seksuele oriëntasie. Hy vertel hoedat feitlik almal deur ernorme pyn en skuldgevoelens gaan. Veral jongmense wat uit 'n Christelike huis kom, ervaar die meeste skuldgevoel. Meestal vra hulle die vraag: "Hoe kan God iemand liefhê wat so sleg soos ek is?" Hy maak dan drie gevolgtrekkiings:[363]

- Dit is 'n versteuring, ongeag wat APA ook al met demokratiese stemming sê.
- Homoseksuele persone "kies" nie noodwendig om sò te wees nie. Die keuse om homoseksueel te wees vind slegs plaas in uiterste gevalle. Volgens hom is dit onwaarskynlik dat enige persoon willens en wetens 'n keuse sal maak wat tot vervreemding van die gesin, verwerping

[361] Jones Stanton L & Yarhouse Mark A, **Homosexuality – The Use of Scientific Research in the Church's Moral Debate,** p 103, [InterVarsity press], Downers Grove Illinios, 2003

[362] Jones Stanton L & Yarhouse Mark A, **Homosexuality – The Use of Scientific Research in the Church's Moral Debate,** p 115, [InterVarsity press], Downers Grove Illinios, 2003

[363] Dobson James, **Om Seuns groot te maak,** p 138-139, [Christelike Uitgewersmaatskappy], 2002.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

deur vriende, afkeur deur heteroseksuele in die wêreld én blootstelling aan siektes soos vigs, tering en selfs 'n korter lewensverwagting sal lei.

- Daar is verder ook geen bewys dat homoseksualiteit oorerflik is nie. Daar is geen gerespekteerde "genetici" in die wêreld vandag wat daarop aanspraak maak dat "gay-gene" gevind is nie. Hy erken dat dit moontlik kan wees dat daar moontlik 'n soort biologiese neiging òf 'n oorgeërfde temperament kan wees wat 'n persoon vatbaar vir sekere omgewingsfaktore kan maak.

Dobson haal dan **Joseph Nicolosi**[364], skrywer van die boek, **Preventing Homosexuality: A Parent's Guide**, aan waarin Nicolosi aan die hand van vyf tekens ouers begelei om homoseksuele gedrag onder hul kinders te onderskei. Hierdie tekens is[365]:

- Herhaalde noem van die begeerte, of aandrang daarop dat hy of sy van die ander geslag is.
- By seuns: voorkeure vir vroueklere, of naboots van vroulike kleredrag.
- By meisies: aandrang op die uitsluitlike dra van tipes manlike klere.
- Sterk en volgehoue voorkeur vir kruis-seksuele rolle by kammaspeletjies, of volgehoue fantasieë dat hy of sy van die ander geslag is.
- Intense begeerte om deel te neem aan speletjies en tydverdrywe wat eie is aan die ander geslag.
- Sterk voorkeure vir speelmaats van die ander geslag.

[364] Vgl ook Nicolosi Joseph, **Reparative Therepy of Male Homosexuality**, [Aranson Books], Northvale NJ, 1997.
[365] Dobson James, **Om Seuns groot te maak,** p 141, [Christelike Uitgewersmaatskappy], 2002.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Om hierdie gedrag te kontroleer en te herkanaliseer word daarop gewys dat die pa as rolmodel 'n bepalende rol in die identiteitvorming van seuns speel, en die ma in die indentiteitvorming van meisies. Kinders moet kinders begelei om hul los te maak sodat hul nie met 'n ouer van die teenoorgestelde geslag as rolmodel sal identifiseer nie.[366] Ouers moet ook op die uitkyk wees na tekens van vroeë seksuele mishandeling by kinders (na watter kant ook al). Ongeveer 30% homoseksuele persone sê dat hulle as kinders gemolesteer is. [367]

Dobson maak die gevolgtrekking dat hy uit ervaring geleer het dat homoseksualiteit in die eerste plek nie met seks te doen het nie. Dit het eerder te doen met ander aspekte soos eensaamheid, verwerping, bevestiging van geslagtelike identiteit, intimiteit, identifisering met 'n positiewe geslagtelike rolmodel, verhoudings met ouers, algemene verhoudings, selfhaat, geslagsverwarring en 'n soeke om iewers te behoort. [368]

Kommer word uitgespreek oor die algemene breëre kultuur wat sekere van hierdie negatiewe gedrag selfs goedpraat. Kulturele invloede soos die televisie, flieks en tydskrifte kondisioneer die samelewing tot die gedrag wat kan lei tot homoseksuele gedrag. Verder spreek die meeste persone hulle uit oor 'n onderwerp waarvan hul in wese feitlik geen kennis dra nie. [369]

Op die vraag of "rehabilitasie" moontlik is, die volgende: **Robert L Spitser**, professor in psigiatrie aan Colombia Universiteit, wat aan die voorpunt was

---

[366] Dobson James, **Om Seuns groot te maak,** p 144, [Christelike Uitgewersmaatskappy], 2002.
[367] Dobson James, **Om Seuns groot te maak,** p 147, [Christelike Uitgewersmaatskappy], 2002.
[368] Dobson James, **Om Seuns groot te maak,** p 146, [Christelike Uitgewersmaatskappy], 2002.
[369] Dobson James, **Om Seuns groot te maak,** p 150, [Christelike Uitgewersmaatskappy], 2002.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)


om homoseksuele gedrag van die DSM verwyder te kry, het in Mei 2001 gestel dat daar resultate is wat dui dat iemand van homoseksueel na heteroseksueel kan verander.[370] Ander navorsers beweer dat dit feitlik onmoontlik is vir homoseksuele persone om van homoseksueel na heteroseksueel te verander.[371] Dit blyk egter uit navorsing dat die verskuiwing van homoseksueel na heteroseksueel dikwels moeilik is. Dikwels word vertel van homoseksuele persone wat na heteroseksuele persone "verskuif" het. Daar word ook navorsing daarvoor aangebied. Ongelukkig is daar nie navorsing gedoen oor die "sukses" of "mislukking" van sulke verskuiwings nie.[372] Homoseksuele persone wat beweer dat hulle sedert hulle kinderjare besef het dat hulle 'n "homoseksuele oriëntasie het, Chad Thomoson en Joa Dallas, stel dat homoseksuele persone wél uit hul homoseksuele gedrag kan breek. Hul gebruik hulself as voorbeelde. Volgens hulle het hulle sedert kinderjare besef dat hul homoseksueel is. Tog het hulle dit reggekry om met hul homoseksuele gedrag te breek. Die rede waarom homoseksuele persone nie uit hul homoseksuele gedrag breek nie, volgens hulle, is omdat die verkeerde advies en hulp aan hierdie persone gegee word.[373]

**Hier is die punt:**

Sosiale en psigologiese faktore kan 'n rol speel in die vorming van 'n persoon se homoseksuele voorkeure.

---

370 Dobson James, **Om Seuns groot te maak,** p 141, [Christelike Uitgewersmaatskappy], 2002.

371 Jones Stanton L & Yarhouse Mark A, **The Use, Misuse, and Abuse of Science,** p 112-116, [WM B Eerdmans Publishing Co], Grand Rapids, 2000; Nicolosi J, **Reparative Therapy of Male Homosexuality,** [Jason Aronson], New York, 1991.

372 Jones an Yarhouse, **Recent Scientific Research,** p 107-115, [John Knox], Louiseville], 1994.

373 Thompson Chad W, **Loving Homosexuals as Jesus would,** p 123-161, [Brazos Press], Grand Rapids, 2004.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

'n Kritiese vraag rakende die bio-psigo-sosiale resultate in die debat is watter mate dit vetoreg op die Skriftuurlike uitsprake het?

### 2.1.3. Het die wetenskap vetoreg?

Waarskynlik is dit 'n belangriker vraag as òf die wetenskap dit onomwonde bewys dat mense met 'n homoseksuele oriëntasie gebore word.

Daar is reeds vroeër gewys dat König beweer dat die wetenskap vetoreg het indien die wetenskap dinge uitwys wat in kontras met die **"wêreldbeeld"** van die Skrif is. [374] Die vraag of mense met 'n homoseksuele oriëntasie kerklik in die huwelik bevestig mag word is nie 'n vraag wat die wêreldbeeld aantas nie. Dit is 'n vraag op die vlak van **moraliteit**.

Dit is 'n vraag waar die antwoord sal afhang of diegene wat die vraag vra en die antwoord gee, rekening hou met ons **gebroke werklikheid,** of nie. Indien die gebroke werklikheid geïgnoreer word, sal die antwoord wees dat mense met sò 'n oriëntasie seksuele verhoudings kan aanknoop en deur die kerk in die huwelik bevestig kan word.

Die beste analogiese voorbeeld om bogenoemde punt te illustreer is pedofilie. Sommige psigiaters beweer dat pedofilie te doen het met òf 'n genetiese oorsprong, òf die resultaat is van ander psigososiale faktore.[375] Die vraag is nou: Indien die wetenskap ooit sou bewys dat mense 'n pedofiliese oriëntasie of –disposisie het, sou die Kerk dan aan hierdie persone hul seën gee om pedofilie te beoefen?

---

[374] König Adrio, **Ek glo die Bybel – ondanks al die vrae**, p 148-149, [Lux Verbi], 2002.
[375] SAUK 2, **Nuus om 19:00**, 29 Junie 2004.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)


Daarom is ek van mening dat dit op die ou einde 'n irrelevante vraag is wat die wetenskap oor die oorsprong van homoseksualiteit sou bevind. Voor antwoorde op die vraag van die wetenskap gegee kan word, moet "vooraf vrae" eers gevra word:

- ✝ Is die verwysing na homoseksuele verhoudings binne die konteks van die hermeneutiek van suspisie 'n geldige voorbeeld om die Skriftuurlike uitsprake oor homoseksualiteit van die tafel te vee (in die volgende hoofstuk sal die hermeneutiek van suspisie, soos in die debat gebruik word, onder studie geneem word word).
- ✝ Hou ek rekening met die sondeval en gebroke werklikheid?
- ✝ Hou ek rekening met die moraliteit wat betrokke is by hierdie vraag en die implikasies wat hieruit voortvloei.

Die volgende hermeneutiese sleutel wat deur pro-gay teoloë gebruik word om homoseksuele verhoudings en –huwelike te regverdig, handel oor die ervaring van mense met 'n homoseksuele oriëntasie self.

## 2.2. Die verhaal en ervaring van die homoseksuele persoon as hermeneutiese sleutel

In hoofstuk 1 is reeds gewys dat die GKN en pro-gay teoloë binne die NGK, sowel as sekere Sinodale uitsprake rakende die vraagstuk, aanbeveel dat daar nie meer ***oor*** homoseksuele persone gepraat moet word, maar ***met*** hulle. Getuienis is gelewer hoedat die GKN-teoloë wat pro-gay standpunte het, uitgewys het dat die intrek van homoseksuele persone in die Kerklike werkgroepe en debat deel van die **strategie** moet wees sodat die Kerk op die ou einde homoseksuele verhoudings (en huwelike soos in die GKN) goed sal keur. Dit is merkwaardig dat die APA in dieselfde tyd 'n navorsingsprojek finansieël gesteun het om vas te stel of homoseksuele gedrag 'n "psigiatriese siekte" is ('n blote toeval, of politieke druk deur die tydsgees? -

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)


JP). Die voorwaarde was dat die paneel **uit** homoseksuele persone moes bestaan, en nie heteroseksuele persone moes wees wat **oor** homoseksuele persone sou navorsing doen nie.[376]

Daar behoort 'n verskuiwing in mense se waarheidsbegrip van een objektiewe waarheidsbegrip na 'n "verhoudingsgerigte" waarheidsbegrip plaas te vind.[377] Dit beteken dat die waarheid rakende sekere sake gevind word in die ervaring van mense wat 'n betrokke probleem het. Waarheid beweeg dus weg van die objektiewe inhoud van die Skrif, na 'n verhouding met mense wat deur 'n spesifieke situasie geraak word. Aangesien die boodskap van die Skrif soos dit deur Jesus gedemonstreer is, dié van hoop en versoening is, sal daar in die omgang met mense in homoseksuele verhoudings ook versoening en hoop gebring moet word. Die vraag vir die Kerk is daarom hoe vreugde in die lewens van homoseksuele persone bewerk kan word.[378]

Die aanspraak van mense dat die geskiedenis verstaan kan word, is relatief en kan nie meer aanvaar word nie. Die geskiedenis of agtergrond van die verstaner, die verstaansimbole waarmee en die omstandighede waarbinne die verstaner opereer, is van die faktore wat sy verstaan beïnvloed. Die verstaner dra dus net dit oor wat subjektief deur hom/haar waargeneem word.[379]

---

[376] Satinover Jeffrey, **Homosexuality and the politics of Truth**, p32-33, [Hamewith Books], Grand Rapids, 1999.

[377] Werkgroep van die Generale Sinode van die Gereformeerde Kerke in Nederland, **God met ons – over de aard van het Schriftgezag**, p 15, [Kerkinformasie] Leusden, 1981.

[378] Rapport aan de Generale Synode van Dordrecht **Over mensen die homofiel zijn**, p 3, Dordrecht Desember 1971.

[379] Janse van Rensburg C, **Homoseksualiteit: 'n Christelike besinning,** p 2, Verslag aan die Sinodale kommissie vir Leer en Aktuele Sake – Sinode van Noord-Kaapland, Mei 2003. Op hierdie punt behoort uitgebrei te word. Vroeër is gewys hoedat Doyer in die konteks van 'n post-moderne idioom ook stel dat daar nie meer sekere waarhede is nie. Wat egter in praktyk gebeur is dat die sogenaamde "modernistiese" of "fundamentalistiese" en "homofobiese" waarheid deur 'n ander "waarheid" vervang word. Hierdie waarheid is dié van die subjektiewe ervaring van die homoseksuele persoon

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)


Die GES-afvaardiging na die GKN stel in hul verslag (1980) oor hul ontmoeting met die GKN-moderamen dat die rede waarom die GKN 'n pro-gay besluit geneem het, is weens die **pastorale standpunt** wat daardie Kerk ingeneem het én nie 'n standpunt vanuit 'n **eksegeties-pastorale** siening teenoor mense met 'n homoseksuele oriëntasie nie. Dit is gemotiveer deur die GKN se bewuswording van die lyding van homoseksuele persone. Hierdie lyding is die gevolg van die samelewing se diskriminasie teen homoseksuele persone. [380] Die **"ervaring"** van mense met 'n homoseksuele oriëntasie is dus in ag geneem in die opstel van hul standpunt. Die GKN is van mening dat wanneer die ervaring van homoseksuele persone in ag geneem word deur die kerklike samelewing, sal dit weerstand teen homoseksuele persone afbreek.[381]

**Gelowige en Gay** verduidelik breedvoering hoe die ervaring (en dus die "ander waarheid") van die homoseksuele persoon tydens kerklike werkgroepe se gesprekke toegepas behoort te word. As voorwaarde vir hierdie gesprek, behoort mense uit hul gemaksones en voorveronderstellings te breek.[382] Tydens hierdie byeenkoms waar daar na die ervaring van mense met 'n homoseksuele oriëntasie geluister word, moet Christene mekaar in liefde ontmoet. [383]As vertrekpunt behoort daar 'n missie standpunt uitgestippel te word wat stel dat die gelowiges mekaar onvoorwaardelik in liefde ervaar (oor die hantering van liefde in die hermeneutiese debat sal in die hoofstuk wat handel oor Jesus se getuienis

rakende aspekte soos die Kerk se houding teenoor hom en die uitleef van sy sogenaamde homoseksuele oriëntasie. Die waarheid is ook die ideologie en filosofie dat daar geen waarheid is nie.

[380] Acts of the Reformed Ecumenical Synod, **Homosexual members decision of GKN**, 104, Nimes, 1980.

[381] Acts of the Reformed Ecumenical Synod, **Homosexual members decision of GKN**, 105, Nimes, 1980.

[382] Anthonissen Carel & Oberholzer Pieter, **Gelowig en Gay**, p 194, [Lux Verbi], 2001.

[383] Anthonissen Carel & Oberholzer Pieter, **Gelowig en Gay**, p 196, [Lux Verbi], 2001.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)


meer verduidelik word). Daar moet eerder op gevoelens en gedagtes gefokus word. Mense se integriteit moenie bevraagteken word nie. Aktiewe luister is nodig waartydens niemand aangeval sal word – al is daar 'n verskil van opinie. Wanneer iemand se standpunt wat gegrond is op eie waardes, norme, bronne en behoeftes op iemand afgedwing word, vind afbrekende konflik plaas. Aktiewe luister vind plaas wanneer gefokus word op die ander persoon se behoeftes, gevoel en bedoelings. Vooroordeel teen 'n ander groep of standpunt is nie bevorderlik vir die gesprek nie. Versperrings wat mense weerhou om na mekaar te luister moet uit die weg geruim word. Die verhale van gay-persone, hul vriende en familielede is noodsaaklik en waardevol. Intuïsie of gevoelens wat in hierdie gesprek na vore kom, moet in konteks van ons eie verhale geplaas word. Teologiese tradisies en Bybelse voorveronderstelling mag nie aan die begin aan die woord kom nie. Daar moet eers emosioneel aan mekaar vertel word hoe elkeen aan sy eie waardes en norme gekom word (Algehele subjektivering van waardes en norme - JP).[384]

Daar word in Suid-Afrika verskillende "stories" van homoseksuele persone vertel. Die doel daarvan was om die gemeenskap en kerk se denke oor homoseksualiteit te verander. Die bekendste verhaal is dié van Pieter Cilliers. In sy boek **'n Kas is vir Klere** vertel hy die aangrypende verhaal van sy eie worsteling met sy homoseksuele oriëntasie. Cilliers (tans regisseur van die televisie program **Kwela**) was predikant van die Nederduitse Hervormde Kerk. Hy vertel hoe hy van kinderdae af op seuns (Andries) verlief was. In sy verhaal word die stryd om sy gay-wees te aanvaar roerend geteken.[385]

[384] Anthonissen Carel & Oberholzer Pieter, **Gelowig en Gay**, p 201-207, [Lux Verbi], 2001.
[385] Cilliers Pieter, **'n Kas is vir Klere,** [Human & Rousseau], Kaapstad, 1997.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Ervaring het blykbaar ook 'n rol gespeel tydens die debat rakende homoseksuele verhoudings en –huwelike tydens die 2004 Algemene Sinode van die NGK. **Neels Jackson** berig dat dit tydens die debat oor 'n homoseksuele lewenswyse geblyk het dat die meerderheid van die sinodegangers sò 'n lewenswyse as sonde sien. Die "laaste spreekbeurt" (was dit strategies beplan? - JP) is aan die uittredende skriba, ds Cassie Carstens gegee. Tydens hierdie spreekbeurt het hy die sinode van sy tweede seun vertel wat gay is. Uit die berig kan afgelei word dat dit vir hom as persoon 'n pynlike ervaring was. Op die ou einde kon hy egter aan sy seun sê: "Jy bly my kind". Hy en sy ander drie seuns het besluit dat hulle hul gay broer nooit sal los nie. Dat hierdie spreekbeurt 'n emosionele ervaring was, blyk uit Jackson se berig met "Die algemene sinode van die NG Kerk het gisteraand in doodse stilte geluister ...".[386]

Die probleem in die hermeneutiek is dat toegewyde homoseksuele Christene, ten spyte van gebede, behandeling en persoonlike pogings om hul seksuele oriëntasie te verander, ervaar dat hul homoseksueel bly. Hoewel daar verhale is dat homoseksuele persone tot 'n "heroriëntasie" kom, is die teendeel ten opsigte van die groot meerderheid waar. Families, pastorale adviseerders, psigiaters en sielkundiges vertel die hartseer verhale van die meeste Christen homoseksuele, persone wat nie "heroriënteer" nie. Hierdie persone het dan nie soos Paulus, sê uit die "geloof geval" nie (Rom 1

---

[386] Jacskon Neels, **Dominee praat oor sy gay seun,** p 1, [Beeld] 13 Oktober 2004. Volgens Beeld het ds Carstens vier opsies die hantering van die probleem oorweeg. Die eerste was om sy seun met die Bybel en met klippe te gooi. Hy kon egter nie glo dat sy seun hel toe gaan omdat hy gay is nie. Die tweede was om sy seun uit die huis te jaag. Derdens kon hy sy seun vir sielkundige behandeling en terapie neem. Hy het vir 'n vierde opsie gekies, nl om aan sy seun te sê dat hy sy kind bly. Tydens hierdie spreekbeurt het hy ouers met "straight" kinders gevra om God te dank dat hulle nie "gay" kinders het nie. Uit die gebeure tydens hierdie debat moet die vraag gevra word: "Is dit 'n korrekte persepsie dat behoudende teoloë van ouers met homoseksuele kinders verwag om die rug op hulle gay kinders te draai?. Wil behoudende teoloë hê dat die kerk die rug op gay lidmate moet draai? **Is dit die "saak" wat op die tafel is?** Gaan dit in hierdie debat nie ten diepste daaroor dat gevra word dat homoseksuele verhoudings en -huwelike nié kerklik ingeseën en bevestig word nie".

& 1 Kor 6), maar bely Jesus as hulle Verlosser en Saligmaker. Hulle beleef hul seksuele oriëntasie as "normaal" en nie as "onnatuurlik of "abnormaal" nie.[387] Omdat daar dus binne die liefdesgemeenskap van die gelowiges na mekaar geluister word, en die Skrif binne daardie konteks gelees word, mag homoseksualiteit nie geïgnoreer word nie. Dit behoort eerder "**gevier"** te word.[388]

Binne die konteks van die ervaring van die homoseksuele persoon, sowel as wetenskaplike getuienis oor homoseksuele oriëntasie stel **Du Toit** dat die Kerk moet erken dat sy 'n **grenssituasie** beleef. Wanneer daar so 'n grenssituasie is, behoort die Kerk haar eerder in liefde aan die kant van diegene wat seerkry, te plaas.[389]

Dit sal hier interessant wees om te wys dat die rol wat ervaring in die hermeneutiek speel, en die invloed daarvan op die gesag van die Skrif, nie iets nuuts is nie. Dit was selfs (binne sy eie konteks) aan **Calvyn** bekend. Die leer van die Skrif is verbind aan die werking van die Heilige Gees, maar altyd verbind tot die Skrif in sy geheel. Die Skrif is van God en dit staan bokant alle sekerhede uit – ook daardie "sekerhede" wat ander mense (binne hul konteks - JP) wil gee. Geen waarskynlikhede of bewyse (wetenskaplik) wat ons oordeel beïnvloed kan ons onderwerping (erkenning en gehoorsaamheid - JP) tot niet maak. Calvyn stel dan in ondubbelsinnige taal:

---

[387] Du Toit AB, **Paul, Homosexuality and Christian Ethics -** Neotestamentica et Philonica – Studies in honor of Peder Borgen, p 105, [Koninklike Brill NV], Leiden 2003.

[388] Du Toit AB, **Paul, Homosexuality and Christian Ethics -** Neotestamentica et Philonica – Studies in honor of Peder Borgen, p 106, [Koninklike Brill NV], Leiden 2003.

[389] Du Toit AB, **Die Kerk, Christenskap en Homoseksualiteit**, p1, ongepubliseer en ongedateer. Is dit nie 'n oorvereenvoudigde standpunt nie. Die implikasie hiervan is dat wanneer daar 'n grenssituasie is, die Skrif deur die ervaring geveto behoort te word. Behoort die teenoorgestelde binne die konteks van die gesag wat gereformeerdes aan die Skrif verleen (binne die standpunte van die NGK), nie eerder te impliseer dat wanneer Christene oor sekere sake nie duidelikheid het nie, die Skrif die laaste sê sal hê nie.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

> "Dat ze niet voortdurend door onbestendige weifeling worden rondgedreven of geen vaste grond onder de voeten hebben, ja dat ze zelfs niet aarzelen bij se allerminste bezwaren, moet deze overtuigen dieper gezocht worden dan bij menslijke redeneringe, of oordelen, of gissingen ..."[390]

## 2.3. 'n Evaluasie van die Skrifhantering deur pro-gay teoloë as hermeneutiese sleutel.

Soos reeds gewys doen Doyer 'n beroep op 'n post-moderne Skrifhantering en –hermeneutiek. Om sinvol evaluering oor bogenoemde Skrifhantering en hermeneutiek te doen, moet eers verstaan word wat die geskiednis van die post-moderne idioom is en waar dit vandaan kom.

### 2.3.1. Postmoderne teologie binne 'n ekklesiologiese perspektief

**Thiselton** stel dat die paradigmaskuif rakende Christene se siening van die homoseksuele vraagstuk op die tafel geplaas is deur die kom van "postmoderne bronne" in die hermeneutiek. Hy verduidelik dat daar in die hermeneutiek 'n skuif vanaf 'n premoderne na 'n moderne tot 'n postmoderne metodiek gekom het. Hierdie postmoderne hermeneutiek kan beskryf word as 'n hermeneutiek van die mensdom en die mens se selfbestaan.[391]

Vervolgens sal gepoog word om 'n kursoriese verduideliking van die postmoderne era en hoe dit in die debat rakende homoseksuele huwelike raak, aantoon. Tydens die Sinode van Oos-Transvaal in 2002 dien 'n studiestuk van **Potgieter** onder die titel **'n Kontekstuele gereformeerd-**

---

[390] Calvyn Johannes, **Institutie I**, p 47, [WD Meinema BV], Delft 1931.

[391] Schnelle U, **The Human Condition**, p146, [T&T Clark], Edinburg, 1996; Thieselton Anthony C, **Can Hermeneutics Ease the Deadlock? Some Biblical Exegesis and Hermeneutical Models**, p 145, 188, [SCM Press], Cambridge, 1997.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**teologiese beskouing van die ampte, ordening en sakramente.**[392] As inleiding tot hierdie studiestuk word 'n verduideliking van die invloed van die postmoderne era op die teologie binne die NGK gegee. Die postmoderne mens is iemand wat in reaksie kom teenoor die oorbeklemtoning van die rede (dogma of Skrif), maar eerder meer fokus op verhoudinge. Daarom sou gesê kon word dat postmoderne mense "hart" mense is.[393]

Dit beteken dat die **Moderne mens** iemand met selfvertroue is wat poog om in beheer te wees en om mag uit te oefen. Antwoorde word in sekerheid gesoek. Agter die geskrewe teks, die verhale is objektiewe omvattende algemene waarheid (of waarhede). Daarom kan dit die lewensloop beheer en kontroleer. [394] In die moderne era kry ons veral die erkenning van die spesialiste (teoloë of die dogma van die kerk) wat aan ander sal voorskryf hoe om dinge te doen. Daarteenoor het die **Postmoderne mens** alle vertroue in die meta-narratiewe verloor. Hy is ontnugter met die aansprake van die moderne mens wat die indruk skep dat hy tot sogenaamde algemene waarhede kan abstraheer, en die gang van die lewe vanuit hierdie

---

392 Potgieter J, Agenda Sinode van Oos-Transvaal, **'n Kontekstuele gereformeerd-teologiese beskouing van die ampte, ordening en sakramente**, p 23-34, Pretoria 19-21 Mei 2002; Sweet Leonard, **Post-modern Pilgrims – First Century passion for the 21st century World,** 28, [Broadman & Holman Publishers], Nashville Tennesee, 2000. Wat die Reformasie stukrag gegee het was die draaipunt van die destydse wêreld wat wegbeweeg het van die donker Middeleeue na die sogenaamde verligting van die modernisme – ook gesien as die reformasie of renaissance. Hierdie draaipunt is aangehelp deur die ontdekking van nuwe kontinente, die sogenaamde nuwe wêreld deur Columbus en Mexiko deur Cortes; die ontstaan van die denkrigting wat vandag bekendstaan as humanisme en die uitvinding van die drukpers. 'n 2de draaipunt het stukrag gekry deur die ontstaan van die sogenaamde "wêreldstad" (global village). Hierdie wêreldstad is aangevuur deur die sogenaamde tegnologiese rewolusie. Dit het gelei tot die ontstaan van die televisie en dan veral die rekenaar en die internet. Dit het onbereikbare en onversoenbare standpunte aan mekaar blootgestel en 'n nuwe ontdekker generasie na vore gebring. Daarom verwys sommige na die tyd waarbinne ons leef as die 2de reformasie, 2de renaissance of die postmodernisme. Dit is 'n baie meer verdraagsame tydperk in die geskiedenis van die wêreld waar ander waardes op die voorgrond sal tree.

393 Potgieter J, Agenda Sinode van Oos-Transvaal, **'n Kontekstuele gereformeerd-teologiese beskouing van die ampte, ordening en sakramente**, p 25, Pretoria 19-21 Mei 2002.

394 Breuggeman W, **Lesing gelewer aan die Fakulteit Teologie te Stellenbosch,** Stellenbosch, datum onbekend.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

waarhede kan beheer. Die postmoderne mens staan dus krities teenoor oorkoepelende besluite, konfronterende debatte om 'n sogenaamde algemene waarheid te laat "uitkristalliseer". Hy is verdraagsaam teenoor ander standpunte en erken 'n wêreld van pluralisme[395]. **Sweet**[396] noem die post-moderne kultuur die **E – P – I – C.**[397] Daarmee bedoel hy:

- ✝ **E** xperiential
- ✝ **P** articipatory
- ✝ **I** mage-driven
- ✝ **C** onnected[398]

Die implikasie van **E – P – I - C** vir die Kerk en haar hermeneutiek is met ander woorde die volgende:

- ✝ **Experiential (Ervaring/Ondervinding):** Post-moderne persone sal enigeiets doen om in kontak met hul ervaringswêreld te bly. Die ervaring van geloof is daarom 'n belangrike hermeneutiese sleutel.[399] Die implikasie hiervan is reeds uitgewys. Post-moderne pro-gay teoloë stel dat die eksegeties-pastorale manier om met die vraagstuk van homoseksuele huwelike en –verhoudings om te gaan, uitgedien is, aangesien persone met 'n homoseksuele oriëntasie "ervaar" (of ondervind) het dat die bevryding en verlossing in Jesus (soos deur die Kerk tradsioneel gepreek) hulle nie van hul gay-wees vrymaak nie.

---

395 Breuggeman W, **Lesing gelewer aan die Fakulteit Teologie te Stellenbosch,** Stellenbosch, datum onbekend

396 Leonard Sweet is 'n gerespekteerde skrywer (van Orcas Island in die VSA) rakende die post-moderne mens en –teologie. Hy is bekend daarvoor om die tradisie en die post-moderne era in vergelyking tot mekaar te plaas, met meegaande implikasie wat laasgenoemde op die kerk het. Van sy boeke oor die post-moderne era en –mens is **A Cup of Coffee at the SoulCafe, Soul Tsunami** en **Aquachurch**. Sweet is professor in Evangelistiek aan die Drew Universiteit in Madison, New Jersey.

397 Sweet Leonard, **Post-modern Pilgrims – First Century passion for the 21st Century World,** 28, [Broadman & Holman Publishers], Nashville Tennesee, 2000.

398 Sweet Leonard, **Post-modern Pilgrims – First Century passion for the 21st Century World,** 28, [Broadman & Holman Publishers], Nashville Tennesee, 2000.

399 Sweet Leonard, **Post-modern Pilgrims – First Century passion for the 21st Century World,** p 37-45, [Broadman & Holman Publishers], Nashville Tennesee, 2000.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)


- **Participatory (Deelname):** Daar word na die post-moderne era ook as die era van horisontale verhoudinge verwys. Niemand is hiërargies bo 'n ander nie. Almal vorm saam deel op 'n plat vlak verhoudings tot mekaar. Daar word vanuit 'n inter-afhanklikheid teenoor mekaar geleef.[400] Mense wil hul "eie keuses" maak uit 'n veelvuldigheid van moontlikhede.[401] In die gay-debat realiseer dit as volg: Om vas te stel of homoseksuele huwelike en -verhoudings Skriftuurlik is of nie, is die deelname van homoseksuele persone belangrik. Daar kan nie meer ***oor*** hulle besluit word nie, maar persone met 'n homoseksuele oriëntasie moet ***'n integrale deel*** vorm rakende die teologisering van 'n vraagstuk wat hulle raak. Daar word dan uit verskillende moontlikhede binne die kerk gekies vir 'n oplossing waarvan "hulle hou".[402] Die Skriftuurlike standpunt soos vanuit die eksegese van die tekste gekry word, is maar een van die vele moontlikhede waaruit gekies kan word. 'n Ander "Skriftuurlike" moontlikheid is om vanuit die "liefde" van Jesus as skopus te werk (in 'n latere hoofstuk sal vasgestel word of "liefde" die skopus van die Skrif is. Daar sal ook gekyk word na wat die Skrif onder liefde verstaan). Dit beteken dan dat 'n pastorale-etiek verkies kan word bokant 'n eksegetiese -pastoraat.
- **Image-driven (Simbool gedrewe):** Die vraag is watter "beelde" of "simbole" trek mense nader. In die post-moderne idioom is dit daardie simbole wat mense in 'n verhouding tot mekaar en die produk trek.[403] Die simbole wat belangrik is, is daardie simbole en beelde wat 'n positiewe emosie by mense te weeg bring. Hierdie

[400] Sweet Leonard, **Post-modern Pilgrims – First Century passion for the 21st Century World,** p 53-54, [Broadman & Holman Publishers], Nashville Tennesee, 2000.
[401] Sweet Leonard, **Post-modern Pilgrims – First Century passion for the 21st Century World,** p 60, [Broadman & Holman Publishers], Nashville Tennesee, 2000.
[402] Sweet Leonard, **Post-modern Pilgrims – First Century passion for the 21st Century World,** p 72-73, [Broadman & Holman Publishers], Nasville Tennesee, 2000.
[403] Sweet Leonard, **Post-modern Pilgrims – First Century passion for the 21st Century World,** p 85, [Broadman & Holman Publishers], Nasville Tennesee, 2000.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

simbole veroorsaak dat mense positief teenoor 'n sekere groep, saak of standpunt reageer.[404] Die implikasie hiervan vir die Kerk is dat haar grootse simbool wat mense kan nadertrek, die liefde van Jesus is.[405] Dit verklaar waarom dit vir pro-gay teoloë sò belangrik is dat een van die hermeneutiese sleutels waarvolgens die vraagstuk wat in hierdie studie ondersoek word, die sogenaamde skopus van die Skrif, liefde, is. Die implikasie is dat waar mense met 'n homoseksuele oriëntasie in die verlede deur die Kerk seergemaak is, en so van die Kerk "weggejaag" is, die liefde van Jesus hulle in die Kerk in hul totaliteit en meegaande implikasies opneem.

✝ **Connected (Verbinding):** Die mees algemene woorde in die leefwêreld van die internet is "**connected"** en "**community**". In tipiese post-moderne idioom is dit saamgevoeg tot die woord **connexity**.[406] Dit is in hierdie tyd belangrik dat mense tot 'n sekere "sub-kultuur" of "groep" (community) sal verbind (connect).[407] Vir hierdie mense is die tradisionele godsdiens met sy dogma minder belangrik as om in die groep van gelowiges opgeneem te word. Daar word nie gesoek na leerstellings wat "gehoorsaamheid" vra nie. Wat gesoek word is die verbinding op 'n diep inter-persoonlike vlak.[408] Anders as die moderne era waar mense gesê het dat ek is omdat ek "dink", sê die post-moderne

---

404 Sweet Leonard, **Post-modern Pilgrims – First Century passion for the 21st Century World,** p 86, [Broadman & Holman Publishers], Nasville Tennesee, 2000.
405 Sweet Leonard, **Post-modern Pilgrims – First Century passion for the 21st Century World,** p 87, [Broadman & Holman Publishers], Nasville Tennesee, 2000.
406 Sweet Leonard, **Post-modern Pilgrims – First Century passion for the 21st Century World,** p 108, [Broadman & Holman Publishers], Nashville Tennesee, 2000.
407 Sweet Leonard, **Post-modern Pilgrims – First Century passion for the 21st Century World,** p 110, [Broadman & Holman Publishers], Nashville Tennesee, 2000.
408 Sweet Leonard, **Post-modern Pilgrims – First Century passion for the 21st Century World,** p 112, [Broadman & Holman Publishers], Nashville Tennesee, 2000.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

mens dat ek is omdat "ons" is.[409] Dit impliseer dat die opneem van mense van buite die Kerk (sending en evangelisasie) moet geskied deurdat die kerklos en kerklose persone in verhoudings met "die groep as Christene" sal verbind. Die verbintenis tot die groep deur middel van verhoudings is belangriker as die verbintenis van die mens tot die leerstellings van die Kerk. Dit verklaar waarom pro-gay teoloë eerder belangstel dat mense met 'n homoseksuele oriëntasie in die kerk opgeneem sal word, sonder dat daar deeglike teologisering sal plaasvind rakende eksegese, etiek en moraliteit.

**Sweet** wys daarop dat die post-moderne mens se standpunt juis ontstaan het as gevolg van "harde wetenskaplike" resultate. Moderne wetenskaplike sienings het skade aan geloof gedoen. [410] Daarom ontstaan die holisties-wetenskaps benadering. In hierdie holistiese wetenskaplike benadering is wegbeweeg van die een bron (die Skrif met sy gesag) as absolute waarheid, na 'n multi-dissiplinêre wetenskaplike metodiek (onder andere neurowetenskappe, psigologie, verhale, genetika en rekenaarwetenskap).[411]

Op hierdie punt is dit ook nodig om krities te dink oor die post-moderne hermeneutiek soos dit tot uiting kom in die vraagstuk rakende homoseksuele huwelike en –verhoudings.

---

[409] Sweet Leonard, **Post-modern Pilgrims – First Century passion for the 21st Century World,** p 117, [Broadman & Holman Publishers], Nashville Tennesee, 2000.
[410] Sweet Leonard, **Post-modern Pilgrims – First Century passion for the 21st Century World,** p 151, 153, [Broadman & Holman Publishers], Nashville Tennesee, 2000.
[411] Sweet Leonard, **Post-modern Pilgrims – First Century passion for the 21st Century World,** p 152, [Broadman & Holman Publishers], Nashville Tennesee, 2000.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)


### 2.3.2. 'n Evaluering van 'n post-moderne hermeneutiek

#### 2.3.2.1. Die skisofrenie van die imperialistiese post-moderne hermeneutiek

Stanton en Yarhouse wys dat die Skrifgesag rakende homoseksuele verhoudings en -huwelike, in die huidige debat op een van drie wyses funksioneer[412]:

- ✝ Die eerste is dat die wetenskap en die Skrif twee aanvullende gespreksvennote is. Dit behandel twee verskillende sake wat verskillende perspektiewe op vandag se vraagstuk plaas. Hierdie benadering word **perspektiwisme** genoem. Die probleem met hierdie benadering is dat die gespreksvennote normaalweg eerder by mekaar verby praat. Daar is met ander woorde nie regtig interaksie tussen die partye nie. Nòg die wetenskap, nòg die Skrif beïnvloed mekaar werklik.[413]
- ✝ Die tweede benadering is die standpunt dat die wetenskap en die Skrif konfronterend tot mekaar staan. Die een probeer om die ander in hedendaagse vraagstukke te oordonder. Dit word **Imperialisme** genoem. Die probleem hiermee is voor die hand liggend. Hiervolgens is die pro-gay teoloë se uitgangspunt dat hul wetenskaplike bevindings die "ware en korrekte" norme vir etiese gedrag is. Die Skrif het in wese niks meer hieroor te sê nie. Natuurlik gebeur dieselfde vanuit die kant van die behoudende teoloë. "Die Skrif alleen" navorsers ignoreer

---

[412] Jones Stanton L & Yarhouse Mark A, **Homosexuality – The Use of Scientific Research in the Church's Moral Debate,** p 14, [InterVarsity press], Downers Grove Illinios, 2003.
[413] Jones Stanton L & Yarhouse Mark A, **Homosexuality – The Use of Scientific Research in the Church's Moral Debate,** p 14, [InterVarsity press], Downers Grove Illinios, 2003.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

wetenskaplike bewyse of bevraagteken wetenskaplike bevindings wat in konflik met die lees van die Skrif is.[414]

- 'n Laaste benadering is wat **post-moderne relatiwisme** genoem kan word. Volgens hierdie benadering (soos vroeër in hierdie hoofstuk uitgewys is), bestaan daar geen absolute waarhede nie. Die gesag van die "woord" (of wette en reëls) geld nie meer nie, en het plek gemaak vir persoonlike verhale en ervaring (ook die verhale van familielede en vriende). [415] Daar is reeds aangedui hoedat presies dit besig is om in die Kerklike debat te gebeur.

Elkeen van bogenoemde drie benaderings het 'n swakheid wat nie geïgnoreer mag word. Indien die Skrifhantering van pro-gay teoloë noukeuring onder oënskou geneem word, behoort die oortuiging te kom dat hulle met 'n **post-moderne relatiwitiese Skrifhantering**, sowél as 'n **imperialistiese wetenskaps- en ervarings metodiek,** werk .

Daar is 'n vierde moontlikheid. Dit is die moontlikheid wat verder in hierdie studie gebruik sal word. Hierdie vierde benadering kan die **krities-realistiese** benadering (of hermeneutiek) genoem word. Hiervolgens word rekening gehou met die reële wêreld daarbuite waarin daar wel die moontlikheid is om 'te weet" en om "kennis" te hê. Net so behoort 'n mens se hipoteses en teorieë voortdurend onder selfkritiek te kom – vandaar die benaming "kritiese realiteit". So ontstaan 'n ware dialoog tussen die twee gespreksvennote. Dit is 'n sensitiewe gesprek, maar die moontlikheid bestaan wel hierin dat die wetenskap 'n godsdienstige standpunt kan beïnvloed. Volgens hierdie uitgangspunt

---

[414] Jones Stanton L & Yarhouse Mark A, **Homosexuality – The Use of Scientific Research in the Church's Moral Debate,** p 14, [InterVarsity press], Downers Grove Illinios, 2003.

[415] Jones Stanton L & Yarhouse Mark A, **Homosexuality – The Use of Scientific Research in the Church's Moral Debate,** p 14, [InterVarsity press], Downers Grove Illinios, 2003.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

werk beide die wetenskap en die godsdiens met verskillende perspektiewe van die waarheid.[416] Dit beteken dat erken moet word dat die wetenskap en ervaring sekere korrekte uitsprake oor homoseksualiteit maak, maar dat die Skrif ook korrekte uitsprake daaroor maak.[417] Skematies kan dit as volg uitgebeeld word:

Natuur- en geesteswetenskappe (weet & kennis)

Selfkritiese gesprek

Positiewe ontwikkeling waar weg beweeg is van oorspronklike standpunt as gevolg van selfkritiek tydens gesprek

Teologie (Skrif as Kanon)

**Krities-realistiese dialoog.** Beide gespreksgroepe bevat elemente van die waarheid. Gesprek vind met selfkritiek plaas, daarom kan kritiese skuiwe in standpunte plaasvind. Net soos die teologie nie natuur- en geesteswetenskaplike bevindinge kan ignoreer nie, net so kan die natuur- en geesteswetenskappe nie 'n teologiese begrip (soos bv "sonde") ignoreer nie.

Implikasie vir die onderwerp van hierdie studie: Indien die bevindinge van die natuur- en geesteswetenskappe onteenseglik op 'n homoseksuele oriëntasie sou kon wys, sou die Skriftuurlike standpunt dat homoseksuele verhoudings sonde is, gehandhaaf word, aangesien dit 'n teologiese begrip is, wat die ander wetenskappe nie kan veto nie. Die teologie sal dan weer afstand doen van 'n bepaalde siening dat alle homoseksuele persone "hel" toe gaan en nie Christene kan wees nie.

Dit is juis op hierdie vlak waarin die **"skisofrenie"** van die post-moderne hermeneutiek ontstaan. Vroeër is reeds gewys hoedat Doyer 'n beroep doen dat die kerk weg sal beweeg van 'n voorskriftelike moderne Skrifhantering, na 'n meer multi-dissiplinêre nadenke rakende mense met 'n homoseksuele

[416] Jones Stanton L & Yarhouse Mark A, **Homosexuality – The Use of Scientific Research in the Church's Moral Debate,** p 14-15, [InterVarsity press], Downers Grove Illinios, 2003.
[417] Jones Stanton L & Yarhouse Mark A, **Homosexuality – The Use of Scientific Research in the Church's Moral Debate,** p 16, [InterVarsity press], Downers Grove Illinios, 2003.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)


oriëntasie. Die argumente van die GKN loop ook in lyn met hierdie oproep. Agter hierdie oproep is die weerstand teen die Skrif wat as die enigste gesaghebbende bron oor die probleem kan praat. Ander vakwetenskappe kan belangriker bydrae as die Skrif lewer. Dit is waar die postmoderne hermeneutiek skisofrenies raak. Hoewel in teorie beweer word dat alle dissiplines op dieselfde vlak in 'n rondetafel gesprek met mekaar verkeer, is die Skrif in werklikheid op die kant geskuif. Ander wetenskapsdissiplines veto met ander woord die standpunt van die Skrif ('n imperialistiese benadering teenoor die Skrif). Daar is dus 'n skisofrenie tussen die filosofie van die post-moderne pro-gay teoloë en die toepassing van hul post-moderne filosofie. In praktyk is daar geen gesprek meer tussen die Skrif as Woord van God (kanon met waardes en norme) en ander hermeneutiese sleutels binne die pro-gay teoloë nie.

Daarom is dit nie 'n verrassing wanneer pro-gay teoloë poog om self te kies watter tekste vandag nog geld en hoe dit in vandag se 'post-moderne konteks" geïnterpreteer behoort te word nie. Wanneer dit gebeur word self **gekies** watter van die Bybelse **norme** en **waardes** (sowel as Skrifgedeeltes) vandag nog geld[418] Daar is ook aangetoon dat daar 'n dramatiese verskil in die siening van die gesag van die Skrif tussen hierdie groep en die NGK bestaan. Vergelyk die skematiese voorstelling daarvan. **Thiselton** is daarom reg wanneer hy stel dat 'n onaanpasbaarheid tussen die dekonstruktiwisme (van die post-moderne era) en die gesag wat aan die Skriftekste verleen word, bestaan.[419]

[418] Buttwick David, **Homiletic, Moves and structures,** p p 242, [Fortress Press], Philadelpia, 1987.
[419] Thiselton Anthony C, **New Horizons in Hermeneutics,** p 114, [ZondervanPublishingHouse], Grand Rapids Michigan, 1992. Tydens die publikasie van hierdie boek was hy die dekaan van die St John's College te Durham. Het ook gedien as adviserende redakteur vir die **Journal for the Study of the New Testament**.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)


### 2.3.2.2. Van "Nuwere Kritiek" na "oop tekste".

Die besluite van die GKN het hul wortels in die Nuwere Kritiek wat sedert 1940 begin ontwikkel het. Met verloop het dit ontwikkel tot wat vandag as die post-moderne hermeneutiek funksioneer. Laasgenoemde funksioneer veral sterk in die debat binne Suid-Afrika. Sedert 1960 het die strukturalisme die boodskap wat tekste wil oordra begin ignoreer. Die immanensie van die teks is beklemtoon.[420]

Pro-gay teoloë en kerklike besluite wat homoseksuele huwelike en –verhoudings as Skriftuurlik regverdig, se teologiese "wortels" word sover terug as by **Karl Barth** en **Rudolph Bultmann** gevind (hoewel die post-moderne hermeneutiek veel verder gaan as genoemde teoloë). Beide van hulle het geworstel met die vraag oor hoe die Skrif in 'n sekulêre samelewing met hedendaagse vrae "vatbaar" oorgedra kan word. Dit is ook die vraag waarmee pro-gay teoloë worstel. Vir hulle is dit belangrik dat homoseksuele persone "tuiskom" in die kerk. Daarvoor moet erkenning gegee word.

In hierdie proses word deur die GKN 'n hermeneutiek gevolg wat anders as die tradisionele hermeneutiek is. Dit staan bekend as die **nuwe hermeneutiek** (die oproep van die pro-gay teoloë weerklink in die ore – JP). Om dit te doen stel **Barth** voor dat alle fokus op die Christus-gebeure moet wees. Die Bybel is 'n menslike getuienis van God se openbaring. Daarom is die Skrif nie God se Woord nie, maar dit kan dit word wanneer die Woord aktueel gepreek word. Met bogenoemde standpunt het Barth 'n einde

---

[420] Vanhoozer Kevin J, **Is there a meaning in this text?** P 26, [Apollos - Intervarsitypress], Leicester, England, 1998.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)


gebring aan die tradisioneel gereformeerde siening van die gesag van die Skrif en hermeneutiek.[421]

**Bultmann** gaan verder as Barth. Vir hom gaan dit om 'n ontologies-filosofiese vraag. Dit gaan nie soseer wat die Skrif vanuit die tekste leer nie, as die vraag of die interpreteerder die "regte vrae" vra. Hy gebruik die histories-kritiese metode as vertrekpunt. Sy hermeneutiese metode noem hy die eksistensiële interpretasie of ook bekend as die ontmitologisering van die Skrif.[422] Dit beteken dat hy die sogenaamde objektiewe soeke na die waarheid afkeur. Dit gaan eerder oor die vraag hoe dit moontlik is om 'n oorgelewerde historiese dokument te verstaan. Die oorwinning oor die historiese is 'n opgawe van die filosofie en ander vak wetenskaplike dissiplines. Sy kritiek teen Barth is dat laasgenoemde die hedendaagse mens en die tyd waarin die Skrif ontstaan het, nie in ag neem nie.[423] **Vir hom gaan dit nie om God wat tot die mens keer nie, maar die *mens tot homself*.**[424] Die hedendaagse mens wie se denke deur die wetenskap en tegniek gevorm is, kan nie die mitologiese wêreldbeeld van die Skrif verstaan of aanvaar nie.[425]

Teen die 1970's en 1980's (in dieselfde tyd toe die GKN se pro-gay besluite geneem is), is begin fokus op die rol wat die leser speel. Sommige het ook hierna as die '**Readers Liberation Movement'** verwys. Die ontoereikendheid van die teks word beklemtoon totdat dit deur die leser weer in vorm geplaas is. Daar is leemtes in die teks wat deur die leser gevul moet word. Die konteks waarbinne gelees moet word is dié van **sosiale en kulturele vooroordele**. Betekenis het die resultaat geword van sekere vrae

[421] Pieterse HJC, **Skrifverstaan en Prediking,** p 22-24, [NG Kerkboekhandel], Pretoria, 1979.
[422] Pieterse HJC, **Skrifverstaan en Prediking,** p 27, [NG Kerkboekhandel], Pretoria, 1979.
[423] Pieterse HJC, **Skrifverstaan en Prediking,** p 28, [NG Kerkboekhandel], Pretoria, 1979.
[424] Pieterse HJC, **Skrifverstaan en Prediking,** p 26-29, [NG Kerkboekhandel], Pretoria, 1979.
[425] Pieterse HJC, **Skrifverstaan en Prediking,** p 30, [NG Kerkboekhandel], Pretoria, 1979.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

wat gevra word, gekombineer met die leser se eie subjektiewe aktiwiteit. Die teks het geen belang en boodskap op sigself nie, en word daarom aan die 'heil" van die leser oorgelaat. Die etiek word nie meer deur die teks van die Skrif bepaal nie, maar deur die verhouding tussen die één wat weet en die kennis het (die homoseksuele persoon wat kennis het van homoseksuele oriëntasie) en die groep waarbinne hierdie kennis en ervaring oorgedra word (wanneer kerklike vergaderings of werkgroepe oor die probleem teologiseer). Etiek word daarom bepaal deur die lewende persoon se verhouding tot die wêreld waarbinne hy/sy leef.[426]

Ter wille van billikheid behoort bogenoemde in evaluering geneem te word. Wanneer ervaring, deelname, simbole, milti-dissplinêre wetenskapsbeskouings en verbintenis die boodskap van die Skrif degradeer, word daar nie kennis geneem van die aard van die **filosofie van letterkunde en taal** nie.

**Crossan** het 'n bepalende bydrae gelewer tot die dekonstruksie van die teks as hermeneutiese sleutel. Hy fokus op die struktuur en funksie van die teks, maar ignoreer die inhoud en oortuigings van die teks soos in die "verhaal" of "leerstelling" weergegee word. Om van God binne die konteks van die geskrewe teks (of Woord) te praat, is om van die teks 'n afgod te maak[427].

Tog moet onthou word dat wanneer die teks self geïgnoreer word, beteken dit dat die literatuurwetenskap met sy verskillende genres en meegaande volheid geïgnoreer word. Die semiotiek (met al sy "letterkundige" merktekens en waardes) word afgebreek. In die lig dat baie kommunikasie juis deur die geskrewe woord plaasvind, is die implikasie hiervan ingrypend.

[426] Vanhoozer Kevin J, **Is there a meaning in this text?** P 27-28 [Apollos - Intervarsitypress], Leicester, England, 1998.

[427] Thiselton Anthony C, **New Horizons in Hermeneutics,** p 114, [ZondervanPublishingHouse], Grand Rapids Michigan, 1992.

Dit lei tot pragmatisme tussen die geskrewe woord en die ervaring van die mens. Selfs sogenaamde mitologieë dra boodskappe oor wat nie geïgnoreer kan word nie. Een van die waardes van semiotiek is dat dit meewerk tot "ont-ideologisering" van sekere standpunte. Inter-subjektiwiteit word deur die letterkunde met inter-tekskonteks vervang.[428]

Post-moderne hermeneutiek is dus die "**sterwe** van die self" as outeur. Dit beteken dat hierdie hermeneutiek die outeur "Paulus", "Johannes", die van die "Levitikus en Deuteronomium tekste", die outeurs van "Genesis 1 en 2", die outeurs van die "evangelies" en vele ander Bybelskrywers, doodmaak.[429]

Die ignorering van die teks van die Skrif lei tot 'n oop teks waar oneindige moontlikhede gevind kan word (textual freeplay). Die implikasie hiervan is dat nòg die teks van die Skrif as geheel, nòg Jesus as die Christus, nòg die Bybelskrywer as boodskapdraer van God, 'n profetiese karakter kry wat mense op hul valshede wys. Thiselton het dit korrek wanneer hy die gevolgtrekking maak dat wie sò met die Skrif omgaan verval in "**selfplesier**" en **"'n etiek van hedonisme**".[430] 'n Post-moderne hermeneutiek spruit voort uit dit wat op 'n gegewe tydstip, met sekere gegewens vir die interpreteerder subjektief logies is, daarom is dit **ontologies**.[431]

Die vraag is natuurlik of daar 'n ander moontlike hermeneutiese metode is wat ook aan die verstaanswêreld van die hedendaagse mens voldoede antwoorde kan bied.

---

428 Thiselton Anthony C, **New Horizons in Hermeneutics,** p 80-84, 89, [ZondervanPublishingHouse], Grand Rapids Michigan, 1992.

429 Thiselton Anthony C, **New Horizons in Hermeneutics,** p 122, [ZondervanPublishingHouse], Grand Rapids Michigan, 1992.

430 Thiselton Anthony C, **New Horizons in Hermeneutics,** p 117-119, 130, [ZondervanPublishingHouse], Grand Rapids Michigan, 1992.

431 Dit is die hermeneutiek waar die werklikheid (of interpretasie) op 'n gegewe moment voortbeweeg vanuit die logiese soos dit op 'n gegewe moment verkry word

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

## 2.4. 'n Ander hermeneutiese keuse van Skrifhantering

Die vraag is of 'n alternatiewe hermeneutiek gebied kan word wat ook vandag antwoorde op vrae gee, maar nog steeds die gereformeerde tradisie sowel as die standpunt van die NGK (2002) - dat die hele Skrif die Woord van God is - reg sal laat geskied? 'n Hermeneutiek wat die gesag van die Skrif erken, en wat antwoorde op die vrae waarmee die hedendaagse mens worstel, bied, is na my mening die **hermeneutiek van analogie**.[432]

Volgens hierdie hermeneutiek is die teks van die Skrif vandag nog steeds relevant. Dit kan vandag nog steeds 'n boodskap oordra, lering gee of antwoorde bied vir hedendaagse vraagstukke. Om die boodskap van die Skrif te kry is die erkenning van die "self-deelname" van die persoon van die skrywer en die "self-deelname" van die lesers belangrik.[433]

| |
|---|
| Die weg om 'n oortuiging (soos in die Skrif oorgedra) vas te stel hang wel van die konteks af, maar die **"waarheid/boodskap"** wat deur daardie oortuiging oorgedra word, hang nie van die konteks af nie.[434] |

Daarom kan vier NGK teoloë (**Jan du Rand, Stephan Joubert, Piet Naudé** en **Jan vd Watt**) in hul beoordeling van die standpunt dat slegs daardie

[432] Van der Watt Jan, Du Rand Jan, Joubert Stephan, Naudé Piet, **Hoe lees ons die Bybel? – 'n Soeklig op die rol van die Woord en hoe om dit te vertolk in hedendaagse tye,** p 48-53, [Christelike Uitgewersmaatskappy], Vereeniging, 2002. In die **hermeneutiek van analogie** word onderskeid gemaak tussen die "boodskap" van die Skrif en die "verpakking" waarin die boodskap tot ons kom. Omdat die Skrif God se Woord is, geld die boodskap aan daardie mense ook vir die mense van vandag. Die manier waarop hierdie boodskap gekry word is deur ***paralelle*** of ***analogie*** tussen die boodskap aan daardie mense en ons van vandag te trek. Met 'n analogie is daar dinge wat dieselfde gebly het, maar ook dinge wat verander het.

[433] Briggs Richard S, **Words in Action,** p 149, 152, [T&T Clark], Edinburg & New York, 2001.

[434] Briggs Richard S, **Words in Action,** p 210, [T&T Clark], Edinburg & New York, 2001

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

dinge vandag geld wat *histories korrek* is, *wetenskaplik bewys kan word* en *emosioneel* verklaar kan word, op die volgende wys:

> Gelowiges behoort te weet dat daar dimensies is wat nie met die blote oog of verstand verklaar kan word nie. Die geestelike werklikheid is net so 'n werklikheid as wat die reële lewe 'n werklikheid is. Daar is met ander woorde grense waar die verstand ophou en geloof oorneem. [435]

'n Grafiese voorstelling van bogenoemde standpunt is as volg. [436]




Vervolgens kan die volgende afgelei word.

## 3. 'n Beoordeling

In hierdie hoofstuk is aangetoon hoedat 'n postmoderne hermeneutiek naas die Skrif ook ander multi-wetenskaplike dissiplines tydens die debat rakende homoseksuele huwelike en –verhoudings op die tafel geplaas het. Volgens

---

[435] Van der Watt Jan, Du Rand Jan, Joubert Stephan, Naudé Piet, **Hoe lees ons die Bybel? – 'n Soeklig op die rol van die Woord en hoe om dit te vertolk in hedendaagse tye,** p 37, [Christelike Uitgewersmaatskappy], Vereeniging, 2002.

[436] Van der Watt Jan, Du Rand Jan, Joubert Stephan, Naudé Piet, **Hoe lees ons die Bybel? – 'n Soeklig op die rol van die Woord em hoe om dit te vertolk in hedendaagse tye,** p 37, [Christelike Uitgewersmaatskappy], Vereeniging, 2002.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)


hierdie hermeneutiek het die multi-wetenskaplike dissiplines die reg om die Skrif rakende moraliteit te veto. Die rede waarom dit vir hierdie dissiplines moontlik is om die Skrif in terme van moraliteit te kan veto, is omdat die postmoderne hermeneutiek van die Skrif 'n dokument waarin die mense se nadenke oor God voorkom, maak en nié meer as die Woord van God gesien word nie. Die Skrif is daarom nie 'n Boek met 'n geslote teks en boodskap nie, maar bloot 'n dokument met oop tekste.

Dit is aangetoon dat wie só met die Skrif omgaan, teen die tradisionele siening van die gesag van die Skrif handel – nie net volgens die besluite van die NGK nie, maar ook in die breëre gereformeerde kerke soos verwoord in die besluite van die GES. **Indien die NGK dus op die punt sou kom om homoseksuele verhoudings en –huwelike as Skriftuurlik goed te keur, neem die kerk 'n besluit wat teen sy eie siening van die gesag van die Skrif is, sowel as die kerk se tradisionele Skrifhantering.**

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)


Dit is egter ook só dat om reg aan die debat te laat geskied, alle rolspelers aan die gesprek sal deelneem. Hierdie proses kan as 'n **rondetafel gesprek**[437] voorgestel te word:




**Die vraag is natuurlik wie vetoreg in hierdie gesprek het?** Aangesien die NGK-tradisie (in terme van Sinodale besluite) nog steeds aan die Skrif as God se Woord dink, moet die getuienis van die Skrif self ook in die hermeneutiese proses ondersoek word. Die getuienis van die Skrif sal op die volgende vyf vlakke onder oë geneem word:

- ✝ Die Getuienis van die Skrif rakende analoë voorbeelde om homoseksualiteit Skriftuurlik te regverdig (hermeneutiek van suspisie/verdenking).
- ✝ Die Getuienis van die Skrif in terme van seksualiteit.
- ✝ Die Getuienis van die Ou Testament.
- ✝ Die Getuienis van Jesus.
- ✝ Die getuienis van die Pauliniese en Deutero-Pauliniese geskrifte.

[437] Van der Watt Jan, Du Rand Jan, Joubert Stephan, Naudé Piet, **Hoe lees ons die Bybel? – 'n Soeklig op die rol van die Woord em hoe om dit te vertolk in hedendaagse tye,** p 61, [Christelike Uitgewersmaatskappy], Vereeniging, 2002.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)


Alvorens die gedeeltes wat spesifiek oor homoseksualiteit handel bestudeer word, sal die hermeneutiese sleutel van suspisie soos deur pro-gay teoloë gebruik word om die irrelevantheid van Skriftuurlike uitsprake oor homoseksuele verhoudings aan te dui, verduidelik word. In die volgende hoofstuk dan: Die hermeneutiek van suspisie en verdenking.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)


# 4

# 'n Hermeneutiek van Suspisie of Verdenking

"it is … quite clear that nothing in the Bible
would have categorically precluded homosexual relations
among early Christians.
In spite of misleading English translations which imply the contrary…"
**- John Boswell -**

Voordat die getuienis van die Skrif self oor homoseksuele huwelike en –verhoudings bestudeer kan word, moet die geloofwaardigheid van hierdié uitsprake vir die tyd waarin ons leef, eers bevestig of onder suspisie geplaas word. Daarom behoort nòg 'n ander hermeneutiese sleutel soos deur pro-gay teoloë gebruik, uitgeklaar te word. Dit is die hermeneutiese sleutel wat poog om die getuienis van die Skrif in gedrang te bring, aangesien daar sekere gedeeltes in die Skrif is (soos dit deur hulle geïnterpreteer word) wat nie meer vandag geld nie, én nie meer vandag 'n boodskap vir ons het nie.

Deur dit te doen, word die geldigheid van die Skriftuurlike uitsprake rakende homoseksuele verhoudings en –huwelike onder suspisie gebring. Die argumentering is dat aangesien hierdie analoë voorbeelde vandag nie meer geld – of toegepas word nie – die uitsprake wat die Skrif oor homoseksuele verhoudings en –intimiteit maak, ook nie meer vandag toegepas kan word nie. Hierdie hermeneutiese sleutel staan bekend as die **hermeneutiek van suspisie**.

Ook in hierdie hoofstuk sal nie gepoog word om elke saak wat ondersoek word, in diepte te bestudeer nie. Dit is nie die bedoeling van hierdie studie nie. Daar sal eerder gefokus word op die trek van duidelike hermeneutiese lyne. Eerstens dan, twee verskillende hermeneutiese sleutels waarvolgens

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

die Skrif hanteer kan word, nl die hermeneutiek van suspisie en die verligtings-bewegingshermeneutiek.

## 1 Die Hermeneutiek van Suspisie[438] en die Verligtings-bewegingshermeneutiek

**Vanhoozer** wys dat 'n post-moderne hermeneutiek en 'n hermeneutiek van suspisie hand-aan-hand gaan. Die hermeneutiek van suspisie is daardie hermeneutiek wat meehelp om dit wat tradisioneel bewustelik aanvaar was, onder suspisie (verdenking) te bring. Wanneer daar oor homoseksualiteit nagedink word, is daar in die Skrif slegs die skyn van die rasionele. Die rede waarom dit sò is, is omdat daar agter die skrywers van die onderskeie tekste eintlik 'n "ideologie" was wat die motivering vir die anti-homoseksuele uitsprake was. Hul ideologiese onderbewuste het hul bewuste rasionele beïnvloed en sò tot hul uitsprake gelei.[439]

Daarom is die hermeneutiek van suspisie bereid om sekere "afgode" (sienings) wat deur die menslike wil in die Skrif opgeneem is aan die kaak te stel. Deur dit te doen, word gewys dat daar van sekere sienings of standpunte wegbeweeg moet word, omdat dit nie meer geloofwaardig is nie.

---

[438] König Adrio, **Ek glo die Bybel – ondanks al die vrae**, p 150, [Lux Verbi], 2002. Hy wys dat die hermeneutiek van suspisie deur feministe ontwikkel is. Hiervolgens verdink jy alle tekste waarmee jy werk en wat op jou "situasie" van toepassing sou wees. Die Bybel moet krities gelees word met die suspisie dat iets wat daar staan nie korrek is nie. Voorbeelde soos slawerny en vrouens word algemeen deur die toepassers van hierdie hermeneutiek gebruik om die "suspisie" of "verdenking" te skep dat sekere dinge vandag nie meer geld nie, of dat die Bybel 'n boek van diskriminasie is. Thieselton wys dat die hermeneutiek van suspisie veral op sosiale situasie van toepassing gemaak word (p 134). Die debat rondom homoseksuele verhoudings is daarom 'n uitstekende voorbeeld hiervan.

[439] Vanhoozer Kevin J, **Is there a meaning in this text?** P 67 [Apollos - InterVarsitypress], Leicester, England, 1998. Vanhoozer is die student van die nou reeds bekende Thiselton.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Dit beteken dat daar sosiale kritiek deur suspisie in die lees van die Skrif moet kom. Dit lei tot die "her-evaluasie" van die tradisionele standpunt. [440]

Dit is korrek dat daar in die Skrif sekere dinge staan, wat ons vandag nie meer glo of toepas nie. In die eerste hoofstuk is op verskillende analoë voorbeelde gewys waardeur die suspisie geskep word dat homoseksuele verhoudings nie meer vanuit die Skrif beoordeel kan word nie. In hierdie hoofstuk sal die meeste van die voorbeelde bestudeer word. Die geldigheid van die voorbeelde sal met die krities-realistiese hermeneutiese sleutel en die hermeneutiek van analogie geëvalueer word. Die probleemstelling sal elke keer eers gestel word, en daarna bespreek word.

Die vraag is: Hoe beoordeel die teoloog of sekere dele in die Skrif vandag nog geld of nie? König bied vier kriteria aan waarvolgens sekere gedeeltes wat in die Skrif sou staan, beoordeel moet word[441]:

- ✝ Die wêreldbeeld
- ✝ Sake wat die Skrif self agterhaal
- ✝ Etiese kwessies
- ✝ Insidentele sake

Verder, om vas te stel of 'n sekere antieke gebruik vandag wél van toepassing is, sal òòk van die "Verligtings-bewegingshermeneutiek" gebruik gemaak word.[442] Dit is die hermeneutiek waar die bevrydings motief (of 'n motief van verligting) rakende sekere kulturele gebruike in die Skrif as

---

[440] Thiselton Anthony C, **New Horizons in Hermeneutics,** p 344, [ZondervanPublishingHouse], Grand Rapids Michigan, 1992.

[441] König Adrio, **Ek glo die Bybel – ondanks al die vrae**, p 148-149, [Lux Verbi], 2002. Moraliteit is nie een van daardie sleutels nie.

[442] Webb William J, **Slaves, Women & Homosexuals,** 31-37, [InterVarsity Press], Downers Grove Illinois, 2001; Webb is professor in Nuwe Testament aan die Heritage Theological Seminary in Ontario Kanada. Potgieter Jorrie en Van Huysteen Fanie, **Homoseksualiteit in perspektief – hoop en heling uit Die Bybel,** p 75, [Lux Verbi.BM], Wellington, 2002.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)


geheel voorkom. Dit beteken dat wanneer na die kulturele gebruike in die antieke tyd gekyk word, die Skrif alreeds daardie gebruike in 'n sekere rigting laat ontwikkel (verlig òf beswaar).[443]

**Webb** verwys na hierdie hermeneutiek as die **X > Y > Z-beginsel**. Die model wil wys hoe "persepsie" en die "gees van verligting" saam in die interpretasie van die Skrif behoort te werk. Skematies word dit as volg uitgebeeld.[444]




Ek is ook van mening dat sake waar moraliteit ter sprake is, al is dit uitgediende voorbeelde wat gebruik word, die "boodskap" of "beginsel" van daardie moraliteit vandag nog steeds geld (hermeneutiek van analogie).

---

443 Webb William J, **Slaves, Women & Homosexuals,** 31, [InterVarsity Press], Downers Grove Illinois, 2001;

444 Webb William J, **Slaves, Women & Homosexuals,** 32, [InterVarsity Press], Downers Grove Illinois, 2001;

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Voordat die tekste in behandeling geneem word, net eers die volgende: Sommige van die analoë voorbeelde dra nie dieselfde gewig as andere nie. Dit beteken dat daar nie met dieselfde fokus op al die voorbeelde ingegaan sal word nie. Die voorbeelde wat (volgens my) groter gewig dra is die volgende:

- Die verbod op seksuele gemeenskap tydens die menstruasie van 'n vrou.
- Die ophef van die afstand tussen heidense Christene en Joodse Christene (inklusiwiteit van die gelowiges).
- Die plek van die vrou in die samelewing en kerk.
- Die verbod op slawerny, en die
- voorkoms van die aantal tekste wat homoseksuele verhoudings verbied.

Die eerste voorbeeld wat ondersoek word is dié van ons wêreldbeeld.

### 1.1. Die aarde is plat en staan op pilare

> "Hy laat die geringes uit die stof opstaan, Hy hef die armes op van die ashoop af om hulle by vername mense te laat sit; Hy skenk hulle 'n ereplek. Aan die Here behoort die pilare van die aarde; Hy het die aarde daarop gegrondves." (1 Sam 2:8)

**Probleemstelling:** Die kerk het oor eeue en millenniums geglo dat die aarde plat is, op fondamente staan en die middelpunt van die skepping is. Wetenskaplike ontdekkings het veroorsaak dat Christene vandag glo dat die aarde rond en nie die middelpunt van die skepping is nie.[445]

Die genre van hierdie gedeelte is 'n gedig of lied/psalm wat die grootheid van God besing. In verse 1-3 word teen menslike arrogansie gewaarsku.

[445] Joubert Gideon, **Die Groot Gedagte**, p 239, [Tafelberg-Uitgewers Beperk], Kaapstad, 1997

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Verse 4-8 vertel van die grootheid van God omdat Hy vir die swakkes omgee. Sy almag as Skepper word besing. Die Psalm sluit af (9-10) met 'n gebed dat God die regeerder (koning) sal seën.[446] Die digter fokus in vers 8 op God se positiewe handelinge. Wanneer daar na God as die Skepper verwys word, is dit om gesag te gee aan die skrywer se siening dat God vir dié wat swaarkry omgee (Ps 75:4; Job 9:6 38:4,6). In Ps 24:2 vertel die skrywer dat die aarde se fondamente in die see is (nie dat die aarde op pilare staan nie). Job 9:6 is weer 'n kombinasie van die fondamente én die pilare.[447]

Die gedig van Hannah wil nie 'n wetenskaplike verklaring gee oor hoe God geskep het nie. Dit wil eerder vertel hoe wonderlik en "onbeperk" Hy is. Dit is 'n lied wat sy sing om dankbaarheid te betoon teenoor God wat aan haar 'n seun gegee het..[448]

Tog moet die volgende ook uitgewys word. Die mense wat in die destydse antieke Ooste gelewe het se wêreldbeeld was anders as wat ons wêreldbeeld vandag is. Vir hulle het die wêreldbeeld as volg daaruit gesien[449]:

[446] Klein, Ralph W., **Word Biblical Commentary, Volume 10: 1 Samuel**, (Dallas, Texas: Word Books, Publisher) 1998.
[447] Klein, Ralph W., **Word Biblical Commentary, Volume 10: 1 Samuel,** (Dallas, Texas: Word Books, Publisher) 1998.
[448] Klein, Ralph W., **Word Biblical Commentary, Volume 10: 1 Samuel**, (Dallas, Texas: Word Books, Publisher) 1998.
[449] Burden Jasper & Deist Ferdinand, **Kom ons doen Bybelstudie**, p 44, [Akasia Boeke], Pretoria, 1986.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




Teenoor daardie wêreldbeeld het ons vandag met die ruimte era 'n "gans andere wêreldbeeld".



Dit is dan binne hierdie konteks dat pro-gay teoloë die wêreldbeeld soos ons dit in die Skrif kry gebruik as analoë voorbeeld om die punt te maak dat hoewel homoseksualiteit moontlik deur die Skrif verbied kan word, homoseksuele verhoudings en –huwelike vandag wél aanvaar kan word.

In die beoordeling van bogenoemde siening die volgende:

✝ Dit is nie 'n goeie voorbeeld nie, aangesien dit juis oor ons wêreldbeeld gaan, iets wat ons reeds vroeër uitgewys het as 'n saak wat agtergehaal is.

✝ Die Skrif gee self verskillende sienings oor die wêreldbeeld. Daar is geen konstante lyn of denke rakende die wêreldbeeld in die Skrif nie.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)


✝ In die gedeeltes waarin na die aarde verwys word, was die doel nie om 'n wetenskaplike verklaring te gee, van hoe die aarde "lyk" nie, maar eerder lofsange (gedigte) wat die grootheid en almag van God besing, en nog belangriker.

✝ dit raak nie moraliteit nie, terwyl die vraag na homoseksuele huwelike en -verhoudings moraliteit raak.

Om daardie redes kan die argument nie gehandhaaf word nie. Die volgende voorbeeld wat ondersoek moet word, is ook verwant aan ons wêreldbeeld, en handel oor die ewolusie leer.

## 1.2. Die Kerk is nie meer teen die ewolusie teorie nie (Gen 1:26-27 en Gen 2:7)

> "Kom Ons maak die mens as ons verteenwoordiger, ons beeld, sodat hy kan heers ... God het die mens geskep as sy verteenwoordiger, as beeld van God ..." **Gen 1:26-27**

> "Die Here God het toe die mens toe gevorm uit stof van die aarde en lewensasem in sy neus geblaas, sodat die mens 'n lewende wese geword het" **Gen 2:7**

**Probleemstelling:** Aanvanklik was die Kerk teen die leer van ewolusie, maar vandag word as gevolg van wetenskaplike ontdekkings geredelik aanvaar dat ewolusie wel plaasvind. Ons aanvaar nie meer vandag dat God in ses dae van vier-en-twintig uur elk geskep het nie, maar dat die skepping oor miljoene jare plaasgevind het.[450]

---

[450] Alberts Louw, **Geloof versus Wetenskap**, p 16-29, [Christelike Uitgewersmaatskappy], Vereeniging, 1996; Joubert Gideon, **Die Groot Gedagte**, p 239, [Tafelberg-Uitgewers Beperk], Kaapstad, 1997; Poole Michael, **A Guide to Science and Belief**, p 8-21 [Lion Publishing], London, 1997.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

In 'n volgende hoofstuk sal daar in meer besonderhede na Genesis 1 tot 3 gekyk word. Dit is nie die taak van die teologie om oor natuurwetenskaplike bevindings evaluasie te doen nie.[451] Die Bybel is nie daar om die ontdekkings van die natuurwetenskappe en teorieë ongedaan te maak nie. Die Bybel vul ons kennis van God aan. Ons mag nie die Skrif gebruik as 'n boek wat wil vertel hoe God geskep het nie, maar dat Hy geskep het (maw wie geskep het).[452] Dit moet ook onthou word dat daar nie één skeppingsverhaal in die Bybel is nie, maar verskillendes (Gen 1; Gen 2; Job 38; Ps 74; Ps 104; Joh 1; 2 Pet 3).[453] Ons behoort slegs huiwering te hê oor teorieë wat ontken dat God geskep het.[454] Die Skrif help ons om die kennis wat die natuurwetenskap vir ons gee te interpreteer. Die Bybel wil ons daarom help om perspektief te kry oor wie God is en om sò groter eer en lof aan Hom te bring.[455]

**Heyns** wys dat die kerk nog steeds onderskeid maak tussen ewolusie (die proses van ontwikkeling) en ewolusionisme (die ideologie van ewolusie).[456] Die eerlike en onbevange eksegese van die onderskeie teksgedeeltes kan nie die moontlikheid van ewolusie uitsluit nie. Wat wél belangrik is, is dat die Skrif leer dat die mens en dier fundamenteel van mekaar verskil. Dit is die mens wat na God se beeld gemaak is, nie die dier nie. [457]

Die evaluering van bogenoemde analogie: Ook hierdie analogie kan nie gehandhaaf word nie, aangesien:

---

[451] König Adrio, **Fokus op die 300 geloofsvrae wat mense die meeste vra**, p 86-87, [Lux Verbi.BM], Wellington, 2001.
[452] Burden Jasper & Deist Ferdinand, **Kom ons doen Bybelstudie**, p 45 [Akasia Boeke], Pretoria, 1986.
[453] König Adrio, **Ek glo die Bybel – ondanks al die vrae**, p 50-51, [Lux Verbi], 2002.
[454] König Adrio, **Fokus op die 300 geloofsvrae wat mense die meeste vra**, p 86-87, [Lux Verbi.BM], Wellington, 2001
[455] Burden Jasper & Deist Ferdinand, **Kom ons doen Bybelstudie**, p 45, [Akasia Boeke], Pretoria, 1986.
[456] Heyns JA, **Dogmatiek,** p 105, [NG Kerkboekhandel], Goodwood Kaap, 1978.
[457] Heyns JA, **Dogmatiek,** p 107, [NG Kerkboekhandel], Goodwood Kaap, 1978.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

- Ook hier van 'n antieke wêreldbeeld sprake is.
- Die Skrif "ideologiseer" self nie een skeppingsverhaal nie. Dat daar verskillende "skeppingsweergawes" in die Bybel is onderstreep juis die feit dat die Skrif nie wil leer hoe God geskep het nie.
- Die eksegetiese resultate met die analogiese hermeneutiek nog steeds die boodskap handhaaf dat dit God is wat geskep het.
- Hierdie voorbeeld handel ook nie oor moraliteit nie, terwyl die vraag na homoseksuele huwelike en -verhoudings moraliteit raak.

'n Volgende voorbeeld wat ondersoek moet word, is die argument dat die Skrif leer dat intimiteit met 'n vrou wat menstrueer sonde is, terwyl dit vandag nie as sonde gesien word nie.

### 1.3. Gemeenskap met die menstruerende vrou

> "Jy mag nie met 'n vrou gemeenskap hê terwyl sy menstrueer en dus onrein is nie" **Lev 18:19.**
>
> "As 'n man met die toestemming van 'n vrou wat menstrueer, gemeenskap met haar het, moet albei afgesny word van hulle volksgenote" **Lev 20:18.**

**Probleemstelling:** Intimiteit met vroue wat menstrueer word deur die Skrif verbied, maar vandag sal huweliksmaats seksueel verkeer selfs al sou die vrou menstrueer.

Die voorbeelde wat uit die Levitikus tekste gebruik word is relevant. Die rede hiervoor is dat twee van die tekste wat homoseksualiteit verbied, juis uit Levitikus 18 en 20 kom. Hierdie tekste word deur sommige geleerdes as tekste wat verband hou met 'n heilige lewe gedefinieer (17:1–26:46). Wat vir die Christene van vandag belangrik is, is dat hoofstukke 17 – 26 ook oor etiese en morele sake waarvolgens die volk van God behoort te leef, handel.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

[458.] Die boodskap handel dus oor "**waardes**" en "**norme**" wat ook vandag op morele gebied geld.[459] Hoofstuk 18 handel oor wetgewing rakende seksuele gedrag, terwyl hoofstuk 20 oor seksuele verhoudings handel gepaardgaande met 'n straf wanneer dit oortree word[460]

Die vrou wat menstrueer is as onrein gesien as gevolg van die bloed wat uit haar gevloei het. Menstruasie was vir die antieke mens 'n misterie. Dit is hierdie misterie wat mans verbied om met menstruerende vroue omgang te hê. Die verbod op seksuele omgang met 'n vrou wat menstrueer beskerm haar in 'n sekere sin, aangesien geglo is dat sy swak is tydens die proses waardeur sy bloed verloor (17:11). Die rede hiervoor was dat geglo is dat sy tydens menstruasie "lewensvloeistof" verloor.[461] Daarom kan gesê word dat die "onreinheid", waarskynlik ook met mediese redes te doen gehad het.[462] Liggaamlike uitskeidings moet binne daardie konteks as "onrein" verstaan word.

Vandaar die opdrag om te was en skoongemaak te word. [463] Dit moet onthou word dat die sogenaamde reinheidswette van Israel sy oorsprong in die **Kodeks Hammurabi** het. Hierin word sterk waarde aan die privaatheid

[458]Hartley, John E., **Word Biblical Commentary, Volume 4: Leviticus**, (Dallas, Texas: Word Books, Publisher) 1998.

[459] Demarest Gary W, **Leviticus**, p 212-214, 229-233, [Word Book Publisher], Dallas, 1990. Dit is rede waarom die beginsels wat in die tekste na vore kom, vandag nog geld. Dit is gevaarlik om die "reinheidswette" vandag (in 'n sekulêre samelewing) te ignoreer, bloot omdat dit in vandag se konteks nie meer toegepas word nie. Wanneer die beginsels van die wette toegepas word, kan homoseksuele verhoudings nie vanuit die Skrif regverdig word nie, en kan die ordening van persone wat in homoseksuele verhoudings betrokke is, nie vanuit die Skrif verdedig word nie.

[460]Hartley, John E., **Word Biblical Commentary, Volume 4: Leviticus**, (Dallas, Texas: Word Books, Publisher) 1998.

[461]Hartley, John E., **Word Biblical Commentary, Volume 4: Leviticus**, (Dallas, Texas: Word Books, Publisher) 1998.

[462] Van Rad Gerhard, **Old Testament Theology – Volume One,** p 273-275, [SCM Press Ltd], London, 1975.

[463]Hartley, John E., **Word Biblical Commentary, Volume 4: Leviticus**, (Dallas, Texas: Word Books, Publisher) 1998.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)


van mense gegee, veral wanneer die vloei van bloed ter sprake is.[464] Dit is belangrik om verder te wys dat by die oortreding van hierdie verbod, dit nie net die vrou is wat gestraf word nie, maar beide – man en vrou. In daardie opsig hanteer God die man en die vrou gelyk.[465]

Nog 'n rede waarom hierdie daad verbied is, is waarskynlik dat dit te doen het met die destydse siening dat semen lewe bevat. Sò 'n seksuele omgang was dan die vermenging tussen dit wat 'n as 'n simbool van lewe gesien was, met dit wat as 'n simbool van die dood gesien was. Die menstruasie tydperk was die tyd wat God aan die vrou gegee het om haar liggaam skoon te maak. 'n Verdere rede vir die verbod op seksuele omgang met 'n vrou tydens haar menstruasie kan bloot die "morsing van bloed" (en daarom vuilheid) wees. Mans in feitlik alle kulture in die destydse samelewing het dit as "grillerig" beskou.[466]

Die volgende gevolgtrekking kan daarop gemaak word. Die verbod op seksuele omgang tydens die menstruasie van 'n vrou dra waarskynlik die volgende beginsels oor:

- ✝ Beskerm op mediese vlak – bloed wat vloei en rus vir die vrou.
- ✝ Beskerm van vroue teenoor mans (vroue is weens die laer status wat hulle in die destydse samelewing gehad het, uitgebuit).
- ✝ Die vrou se "waardigheid' en reg op "privaatheid" is hierdeur beskerm.

[464] Van Rad Gerhard, **Old Testament Theology – Volume One,** p 31, [SCM Press Ltd], London, 1975.
[465] Van Rad Gerhard, **Old Testament Theology – Volume One,** p 32, [SCM Press Ltd], London, 1975.
[466] Gagnon Robert AJ, **The Bible and Homosexual Practice – Text and Hermeneutics**, p 137-138, [Abingdon Press], Nashville, 2001; Milgrom Jacob, **Leviticus 1-16**, p 940-941, 948-953, [Doubleday], New York, 1991; Wold Donald J, **Outo d Order: Homosexuality in the Bible and Ancient Near East** , p 132, [Baker Books], Grand Rapids, 1998.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)


Dit moet egter gewys word, dat Jesus die gebruik van die destydse samelewing om nie met sogenaamde "onrein" persone (en vroue wat menstrueer) kontak te hê nie, verbreek het. In Luk 8:40-56 raak Hy aan die onrein (dooie) dogter van Jaïrus en laat Hy toe dat die vrou wat aangehou menstrueer het, aan Hom raak.[467]

Hoewel seksuele omgang met 'n menstruerende lewensmaat vandag wel soms binne die huwelik plaasvind, is dit tog ook so dat die meeste vroue dit nie verkies nie. Die "beginsels" waarom dit in hierdie gedeelte handel, geld vandag steeds. Tog hou die saak waaroor dit gaan nie met moraliteit verband nie. Vanuit die Skrif blyk dit verder dat die kwessie van "rein / onrein" hier deurgetrek is, en daarom vandag nie meer net sò van toepassing gemaak kan word nie. Nêrens hef die Skrif die kwessie van homoseksuele verhoudings en –intimiteit op nie. Die Skrif veroordeel dit deurgaans konsekwent (Lev 18, 20; Rom 1; 1 Kor 6 en 1 Tim 1 sowel as Open 22:15 –laasgenoemde verwys na die honde [**kunes**] – 'n antieke verwysing na homoseksuele praktyke soos vroeër aangedui). Omdat daar verligting in die Skrif rakende die reinheidswette is, kan die analoë voorbeeld nie gehandhaaf word nie.

Nog 'n voorbeeld wat aandag verg, is die analoë voorbeeld rakende die kleredrag van mans en vroue.

---

[467] Nielsen JT, **Het Evangelie Naar Lucas**, p 257-263, [GF Callenbach Uitgeverij], Leiden, 1979. Die optrede van Jesus het nie morele waarde nie, maar gaan om 'n geloofshandeling van iemand in nood.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)


### 1.4. Mans en vroue mag nie klere aantrek wat by die ander geslag hoort nie

> "'n Vrou mag nie mansklere dra nie, en 'n man mag nie vrouensklere aantrek nie. Die Here jou God het 'n afsku in mense wat dit doen" **Deut 22:5.**

**Probleemstelling:** Die Skrif verbied dit dat mans vroueklere dra en vroue mansklere. Vandag geld hierdie verbod nie.

Dit is verkeerd om hierdie verbod as 'n verbod "op modes" te sien. Transvestisme blyk oënskynlik onskuldig te wees. Binne die destydse konteks het dit egter òf om homoseksuele gedrag òf op die betrokkenheid by heidense kultusse gedui.[468] Daar is reeds in hoofstuk twee gewys dat waar die omruil van kleredrag tydens sommige heidense kultus voorgekom het, homoseksuele praktyke dikwels plaasgevind het.

Dit is daarom nie korrek om te beweer dat hierdie teks nie meer geld nie, aangesien die "boodskap / beginsel" van die teks nog uiters relevant is. Die een saak wat deur die teks verbied word (homoseksuele praktyke) is die onderwerp van hierdie studie. Die ander verbod (op afgodediens) word vandag nog steeds deur die Christendom gehandhaaf.

Die ander verwysing na 'n gedeelte wat vandag nie meer van toepassing is nie, is die verbod op die eet van kos wat onrein is.

---

[468] Craigie PC, **The Book of Deuteronomy**, p 287-288, [WB Eerdmans Publishing Company], Grand Rapids, 1976.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)


## 1.5. Die ophef van die afstand tussen die heidense Christene en die Joodse gebruike[469]

### 1.5.1. Eetgewoontes

> " Julle mag geen vet van beeste, skape of bokke eet nie ... Julle mag, waar julle ook al woon, geen bloed eet nie, nie van voëls of van diere nie. Iemand wat enige bloed eet, moet van sy volksgenote afgesny word" **Lev 7:22-27.**

> "Van al die diere wat op land hou, mag julle net dié eet wat volledig gesplete kloue het en herkou" **Lev 11:1-3.**

> "Die Heilige Gees en ons het besluit om geen verdere las op julle te lê as net hierdie noodsaaklike gebruike nie: dat julle nie vleis moet eet wat aan 'n afgod geoffer is nie, ook nie bloed nie en ook geen dier wat verwurg is nie, en dat julle onsedelikheid moet vermy. As julle julle van hierdie dinge weerhou, doen julle reg" **Hand 15:28-29.**

**Probleemstelling:** Die verbod op die eet van onrein kos word vandag nie meer deur Christengelowiges gehandhaaf nie.[470] Mense eet vandag Duitse "bloedwors", wat duidelik teen die "opdrag" van die Skrif is.

Die hoofmotivering agter die reinheidswette was om Israel as 'n volk afgesonder vir God te identifiseer (20:24, 26; 18:3).[471] Die wette was

---

[469] Daar is 'n verskeidenheid van verklarings vir hierdie hoofstuk en die meegaande probleme wat uit die teks en destydse situasie na vore kom, bestaan. Haecchen Ernst, **The Acts of the Apostles**, 455-460, [Basil Blackwell], Oxford, 1985.

[470] Gudorf Christine E, **The Bible and Science on Sexuality**, p 131, [WB Eerdmans Publishing Co], Grand Rapids, 2000; Rapport aan de Generale Synode van Dordrecht 1971/1972, **Over mensen die homofiel zijn**, p 16, Dordrecht, Desember 1971

[471] Clements RE, **Old Testament Theology**, 106, [Marshall, Morgan & Scott], London, 1978. Die betekenis van die wet dui daarop dat mense in 'n sekere "optrede gerig" word. Daarom kan dit ook as "instruksies" gesien word. Bright John, **A History of Israel**, p 133-135, [The Westminster Press], London, 1984 . Kaiser Walter C jr, **Old Testament Theology**, p 110-113, [Zondervan Publishing House], Grand Rapids, 1987; Rendtorff Rolf, **The Old Testament – An Introduction**, p 14-24, [Fortress Press], Philadelphia,

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

daarop gemik om die Israeliete te verhinder om die immorele gewoontes van die heidense volke na te volg en so vermenging tussen die heidene en die volk van God te bewerk. Die reinheidswette rakende eetgewoontes het dit vir die Israeliete onmoontlik gemaak om saam met die heidene aan feeste vir afgode deel te neem (Lev 11:44–45; Deut 14:2, 21).[472] Sò het God sy volk beskerm om nié afvallig te raak nie. Dit moet onthou word dat die destydse mense geglo het dat die "siel van die liggaam" in die bloed is (Gen 9:4; Lev 3:17; 7:26 ev; 17:10-14; 19:26; Deut 12:16, 23, 24; 15:23). Wanneer die heidene dan die bloed van diere geëet of gedrink het, het hulle geglo dat hulle op dié manier deel sou kry aan die "krag" van die diere en sò makliker met die gode kontak kan maak.[473] Bloed behoort egter aan God (anders as die heidense gebruike) en moet dus òf op die altaar, òf op die grond uitgestort word. Dit is waarom hulle 'n dier op 'n sekere manier slag en nie diere geëet het wat verwurg is nie.[474]

Die eet van bloed het daarom 'n **sterk kultiese konteks** gehad. Vir God was dit belangrik dat sy volk 'n totaal ander konnotasie (ook kulties) met bloed sou hê as dié van die heidene. Daarom lees ons dat bloed "versoening" bring (Lev 17:11).[475] Ander teoloë beweer verder dat die verbod op sekere eetgewoontes (vet en bloed) as gevolg van

---

1986. Met die vorming van die volk Israel was daar ook sogenaamde "vreemdelinge" wat in die volk ingetrek is. Een van die beginsels van reinheidswette is dat dit die volk van God van die destydse gemeenskappe onderskei. Daarom geld die beginsels wat met moraliteit verband hou, vandag nog. Christengelowiges kan dus ook vandag nie maak soos hulle glo reg is nie, omdat hul optrede anders as dié van die samelewing moet wees. In die anderste gedrag, word Christene van die sekulêre gemeenskap onderskei.

[472] Hartley, John E., **Word Biblical Commentary, Volume 4: Leviticus**, (Dallas, Texas: Word Books, Publisher) 1998.

[473] Stander HF & Louw JP, **Gebruike en Gewoontes in die Bybel**, p 56, [Christelike Uitgewersmaatskappy], Vereeniging, 1990.

[474] De Villiers JL, **Die Handelinge van die Apostels – Deel 2,** p 26, [NG Kerkuitgewers], Goodwood, 1983.

[475] Stander HF & Louw JP, **Gebruike en Gewoontes in die Bybel**, p 56, [Christelike Uitgewersmaatskappy], Vereeniging, 1990.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

gesondheidsredes kan wees. Laastens moet ook in ag geneem word dat higiëne ook relevant was by die gee van reinheidswette.[476]

Dit is belangrik om te weet dat hierdie verbod nie met moraliteit verband hou nie. Hierdie gewoontes geld nie meer nie omdat dit binne die kader van Skrifgedeeltes val waardeur die Skrif self later 'n streep trek. Daar is verskeie gedeeltes in die Nuwe Testament wat 'n streep deur die gebruike van eetgewoontes tussen die Jode en die Christene trek (Hand 10). 'n Tweede belangrike punt is dat die reinheidswette hul betekenis (of boodskap) verloor het deurdat die Jode op grond van hul wette 'wetties" begin leef het. Een van die belangrikste motiverings vir die opheffing van die sogenaamde reinheidswette is die woorde van Jesus self:[477]

> "Niks wat van buite af in 'n mens ingaan, kan hom onrein maak nie; maar die dinge wat uit 'n mens uitkom, dit maak hom onrein" **Mark 7:15.**

Die probleem rakende bloed verdiep, aangesien die vroeë kerk selfs na Jesus, die verbod op die eet van kos met bloed gehandhaaf het:

> "Die Heilige Gees en ons het besluit om geen verdere las op julle te lê as net hierdie noodsaaklike dinge nie: dat julle nie vleis moet eet wat aan 'n afgod geoffer is nie, ook nie bloed nie en ook geen dier wat verwurg is nie, en dat julle onsedelikheid moet vermy. As julle julle van hierdie dinge weerhou, doen julle reg" **Hd 15:28-29.**

Daar is vier sake wat die vroeë kerkvaders dus nie ophef nie. Dit is:

---

476 Demarest Gary W, **Leviticus,** p 113, [World Books Publishing], Dallas Texas, 1990.

477 Bolkenstein MH, **Het Evangelie naar Marcus**, p 155-156, GF Callenbach Uitgeverij], Leiden, 1977. Jesus handhaaf die onderskeid van rein en onrein, maar hy verstaan dit anders. Sonde is nie soseer fisies van aard nie, maar kom uit 'n persoonlike gesindheid en die optrede as gevolg daarvan. Die gaan hier nie om 'n positiewe mensbeeld nie, maar eerder om die boodskap dat die mens in wese sondig is. Bruce FF, **The Book of Acts**, p 217-219, [WB Eerdmans Publishing Co], Grand Rapids, 1976. Dit gaan hier spesifiek oor wette wat verband hou met kos. Die boodskap dra nie 'n morele boodskap nie, maar 'n boodskap wat oor God se genade handel; Demarest Gary W, **Leviticus,** p 130-134, [World Books Publishing], Dallas Texas, 1990.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)


- Afgodediens - **eijdwloquvtw**
- Eet van kos met bloed in - **ai{mato"**
- Dier wat verwurg is - **pnikton**
- Onsedelikheid - **kai; porneiva",**[478]

In die beoordeling van die probleemstelling moet onderskeid gemaak word tussen prinsipiële beslissings deur die destydse kerkvergadering, en praktiese implikasies daarvan. Die prinsipiële beslissing is dat regverdigmaking slegs deur geloof in Jesus realiseer. Die praktiese aspek hou verband met die spesifieke konteks waaruit die spesifieke plaaslike gemeentes (heidense konteks in Antiogië) gekom het. Die dinge waarvan die heidense Christene hulle moes weerhou het gedui dat hulle "anders" as die heidene waaronder hulle gewoon het was, aangesien al hierdie dinge algemene gebruike onder die heidene was. Dit was ook nie vir hulle "onmisbaar" om daarsonder te leef nie. Vir die ware Christelike eenheid was dit nodig dat die Christene uit die heidendom sekere "opofferinge" sou maak om die eenheid van die liggaam van Jesus te demonstreer.[479]

**Hier is die punt:**

**Christene se optrede word dus ingeperk op grond van hul getuienis in 'n heidense samelewing.**

[478] Haecchen Ernst, **The Acts of the Apostles**, 453-454, 469, [Basil Blackwell], Oxford, 1985. Dit is belangrik om te let dat die kerkleiers hulle direk op die leiding van die Heilige Gees vir hulle besluit beroep. Die apostels gee daarom nie te kenne dat die heidense Christene geen grense het nie. Die beginsel dat morele grense gehandhaaf word, word deur die besluit van die kerkvergadering gehandhaaf. Die besluit van die kerkvergadering waar sekere "laste" nie op die heidense Christene geplaas word nie, hou verband met "tradisionele gebruike". Nida and Newman, **A Translater's Handbook on The Acts of the Apostles**, P 302, [United Bible Society], London, 1972. Dit word beklemtoon dat die kerkvergadering die gelowiges aanmoedig om sekere "noodsaaklike riglyne" te volg wat sal verhinder dat hulle in immorele gedrag sal verval.

[479] De Villiers JL, **Die Handelinge van die Apostels – Deel 2,** p 27, [NG Kerkuitgewers], Goodwood, 1983; Lindijer CH, **Handelingen van de Apostelen II**, p 84-85, [GF Callenbach Uitgeverij], Leiden, 1997; Thomas WH Griffith, **Outline Studies in Acts**, p 289, [WB Eerdmans Publishing Co] Grand Rapids, 1973.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die Christene uit die heidendom wat alreeds 'n groter mate van vryheid as hul Joodse broers geniet het, word deur die praktiese advies aangemoedig om die eenheid met hul "swakkere Joodse broers" te handhaaf (Rom 14:13-23; 1 Kor 6:12-20; 1 Kor 10:23-11:1).[480] Die advies van die kerkvergadering handhaaf die gesag van die Skrif aan die een kant, sowel as die vryheid van die Christene aan die ander.[481]

Dit is met ander woorde nie 'n goeie analoë voorbeeld nie, omdat:

- ✝ Pro-gay teoloë juis beweer dat die liefdesgebod vryheid bring wat homoseksuele huwelike en –verhoudings die groenlig gee. Die beginsel dat liefde grense het, en dat Christene se vryheid twv hul getuienis ingeperk word, word deur daardie standpunt geïgnoreer.
- ✝ Dit is ook so dat hier sprake van verligting ten opsigte van die destydse gebruike is. Iets wat nie in die Skrif ten opsigte van homoseksuele huwelike en –verhoudings gebeur nie.

'n Verdere argument wat binne hierdie konteks val, is 'n positiewe motivering waarom homoseksuele huwelike onder Christene deur die Kerk ingeseën mag word. Dit handel oor die inklusiwiteit van die Kerk.

### 1.5.2. Die inklusiwiteit van die Christene

**Probleemstelling:** Die inklusiewe benadering wat die vroeë Kerk teenoor die heidense Christene gehad het, beteken dat homoseksuele Christene net sò inklusief behandel moet word.

---

480 Bruce FF, **The Book of the ACTS,** p 311, [WM B Eerdmans Publishing CO], Grand Rapids Michigan, 1976

481 Thomas WH Griffith, **Ouline Studies in Acts**, p 288, [WM B Eerdmans Publishing CO], Grand Rapids Michigan, 1973

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die argumentering raak meer gekompliseerd wanneer pro-gay teoloë aanvoer dat die Nuwe Testament die heidene ongekwalifiseerd as Christene binne die Kerk toegelaat het, sonder om hulle met die besnydenis te beswaar. Daarom behoort Christene homoseksuele huwelike en – verhoudings onder homoseksuele Christene wat in liefde en trou leef, kerklik in te seën. Die opneem van die heidense Christene in die kerk was onder die leiding van die Heilige Gees. Net so sal die Heilige Gees die Kerk lei om sy seën op homoseksuele verhoudings te gee.[482]

> " Daar het mense van Judea af gekom en die gelowiges wysgemaak:'As julle nie die gebruik van Moses nakom deur julle te laat besny nie, kan julle nie gered word nie ... Waarom wil julle dan nou God se geduld op die proef stel deur op die nek van die gelowiges uit die heidennasies 'n juk te lê wat ons voorvaders nie in staat was om te dra nie? **Hand 15:1, 10**

Dit is 'n teks wat aan ons 'n antieke stukkie kerkgeskiedenis oordra waarin daar met "leerstellige sake wat die praktyk raak" geworstel is. Daarom kan die volgende afleidings gemaak word:

Dit is nie 'n goeie analoog nie, aangesien reeds in die Ou Testament bewyse bestaan dat God heidene in sy volk opneem (Gen 17:23; Num 15:26-31[483]), òf dat Hy hulle regte beskerm wanneer hulle in huwelike met Jode sou tree (Deut 21:10-14), òf dat hy diskriminasie teen die vreemdelinge verbied (Deut 24:17, 20-22). Jesus self handhaaf nie die absolute skeiding met die

[482] Die teorie is veral deur Siker en Johnson in die debat ingebring. Johnson Timothy, **Scripture and Discernment: Decisionmaking in the Church**, p144-148, [Abingdon], Nashville, 1996 ; Siker Jeffrey S, **Homosexual Christian, the Bible and Gentile Inclusion: Confessions of Repenting Heterosexist, "Homosexuality in the Church"**, p187-190, [John Knox], Louisville], 1994.

[483] Gagnon Robert AJ, **The Bible and Homosexual practice – Texts and Hermeneutics,** p 464, [Abingdon Press] Nashville, 2001. Naas die belofte aan Abram moet ook gedink word aan Rut die Moabiet, die weduwee van Sarfat (1 Kon 17) en Naäman van Sirië (2 Kon 5). Jesaja verwys na Kores van Persië as God se dienaar (Jes 42:P6; 44:28; 45:1). Die boek Jona vertel hoe God Hom ontferm oor 'n heidense stad, Nineve. Daar is met ander woorde heelwat getuies dat God nie *per se* negatief teenoor die heidene in die Ou Testament is nie, maar eerder nie van hul verkeerde optrede hou nie.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

heidense mense nie, maar ontferm hom oor die vrou van Siro-Fenisiese afkoms (Mark 7:24-30). Die werking van die Heilige Gees in die lewe van heidense Christene het die vroeë kerkvaders van Handeling 15 se oë vir hierdie gedeeltes oopgemaak. Nòg die Hebreeuse teks, nòg die LXX is onvoorwaardelik gekant teen die opneem van heidene in die Joodse geloof.[484] Daar is dus 'n duidelike verligting ten opsigte van die verhouding tussen die heidene en die mense van God op twee gebiede, nl:

- ✝ Menseverhoudings en barmhartigheid, sowel as,
- ✝ Die bekering en opneem as bekeerlinge in God se volk/mense.

Dit was met ander woorde nie vir die kerkvergadering nodig om Ou Testamentiese riglyne heeltemal te ignoreer, soos dit sal wees met die kondonering van homoseksuele intimiteit nie. Die opneem van die heidense Christene (sonder die besnydenis) was 'n verdere verligting van die volk van God se gesindheid teenoor heidene wat God as die God van die verbond en die enigste Here erken het.[485]

Verder moet gewys word dat hoewel daar deur die Skrif 'n verligting ten opsigte van die "lot van die vreemdeling" is (dat daar destydse selfs sendingwerk onder die heidene gedoen is), dit nie ten opsigte van homoseksuele verhoudings gebeur nie. Daar vind nooit in die Skrif "verligting" ten opsigte van die beoefening van homoseksuele verhoudings plaas nie. Dit word konsekwent afgewys.[486]

Dit is billikheidshalwe nodig om te erken dat dit nie dieselfde is om 'n "heidense Christen te wees" as om 'n "Christen met 'n homoseksuele

---

[484] Gowan Donald, **Eschatology in the Old Testament**, p 42-58, [Fortress Press], Philadelphia, 1986.
[485] Nida and Newman, **A Transvalers Handbook on The Acts of the Apostles**, P 288-302, [United Bible Society], London, 1972.
[486] Hays Richard B, [**The Moral Vision of the New Testament,** p 399, [T&T Clark], Edinburg, 1996

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

oriëntasie", te wees nie. Met "heiden" word verwys na 'n etniese oorerwing (mense wat buite die Jodedom gebore is). Homoseksualiteit is daarteenoor die gevolg van baie komplekse faktore wat nie aan etniese identiteit gekoppel kan word nie. [487]

In die geval van homoseksuele intimiteit word van 'n "handeling" gepraat, nie 'n oorgeërfde "identiteit" nie. Die Skrif veroordeel met ander woorde nie die persoon wat inherent homoseksueel is nie, maar die "gedrag". Soos enige ander vorm van gedrag wat die Skrif verbied, kan homoseksualiteit slegs sonde word, wanneer daar aan die begeerte om iets te doen wat God afkeur, toegegee word. Die vraag van "selfdissipline" is hier op die tafel.[488]

Die Jode het in die tydperk van die diaspore gepraat van "Godvresende" of "regverdige" heidene. Hulle is selfs in die sinagoges verwelkom (en is besny as teken dat hulle deel van God se mense geword het).[489] Onthou dat die probleem met die heidene (vir Paulus) nie soseer oor hul moraliteit was nie. Die probleem was dat hulle nie die God van Abram, Isak en Jakob geken het nie. Die Bybelskrywers het nie binne hul konteks na mense wat homoseksuele verhoudings gehad het, as "Godvresend" verwys nie, omdat homoseksuele verhoudings en –intimiteit deurgaans as immoreel gesien is.[490] 'n Uiters belangrike punt om te onthou is dat die vroeë Kerk heidene as gevolg van hulle "geloof in Jesus Christus" in die gemeenskap van die gelowiges toegelaat het. Hulle het dit gedoen sonder om immorele seksuele gedrag wat onder die destydse samelewings voorgekom het, te bevestig

[487] Gagnon Robert AJ, **The Bible and Homosexual practice – Texts and Hermeneutics,** p 462, [Abingdon Press] Nashville, 2001.
[488] Gagnon Robert AJ, **The Bible and Homosexual practice – Texts and Hermeneutics,** p 462, [Abingdon Press] Nashville, 2001
[489] Feldman Louis H, **Jew and Gentile in the Ancient World**, p 342-382, [Princeton University Press], Princeton, 1993; McKnight Scot, **A Light Among the Gentiles,** p 100, [Princeton University Press], Princeton, 1993; Trebilco Paul R, **Jewish Communities in Asia Minor**, p 145-166, [Cambridge University Press], Cambridge, 1991.
[490] Gagnon Robert AJ, **The Bible and Homosexual practice – Texts and Hermeneutics,** p 462, [Abingdon Press] Nashville, 2001

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

(Hand 15; 1 Kor 5 & 7; 1 Tess 4;1-8; Gal 2:15).[491] Wat die kerkvergadering van Handelinge 15 gedoen het, was om die toetrede van "heidene" tot God se volk, te bevestig. Nêrens in die Nuwe Testament word bevestiging gegee vir homoseksuele intimiteit nie.

Die implikasie van hierdie analoë voorbeeld deur pro-gay teoloë is dat enige vorm van immorele seksuele gedrag binne die Kerk toegelaat kan word, solank:[492]

- as wat bewys gelewer kan word dat daar op een of ander terrein van die persoon se lewe 'n optrede is wat ooreenstem met dit wat die Gees doen, en
- dit nie bewys kan word dat daardie optrede al die lidmate onder alle omstandighede skade aandoen nie, en laastens
- dat bewys sou kon word dat daar wetenskaplike gronde is vir hierdie optrede.

Bogenoemde argumentering kan nie aanvaar word nie, want iemand wat immoreel leef op die een vlak, kan ook vir die armes omgee. Dit moet erken word dat daar wel 'n klein persentasie persone met 'n homoseksuele oriëntasie is wat nie losbandig lewe nie. Daar is sulke persone wat in 'n langtermyn verhouding van liefde en trou is en wat daarom nie blootgestel is aan mediese en gesondheidsrisiko's nie. Daar is homoseksuele mense wat in hul verhouding met hul "lewensmaat" gelukkig is en "as mens bevestig" word. Hier is die probleem: Dieselfde kan ongelukkig ook gesê word van 'n klein persentasie mense wat in bloedskandelike verhoudings betrokke is, òf wat in poligame verhoudings staan, òf wat betrokke is in 'n verhouding met volwasse adolessente.

[491] Via Dan O & Gagnon Robert AJ, **Homosexuality and the Bible**, p 44, [Fortress Press] Minneapolis, 2003.
[492] Via Dan O & Gagnon Robert AJ, **Homosexuality and the Bible**, p 44, [Fortress Press] Minneapolis, 2003.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die probleem is dat diegene wat seksuele intimiteit met persone van dieselfde geslag regverdig, al bogenoemde voorbeelde as immoreel verwerp, al kom dit nét by 'n klein persentasie van mense wat hierdie seksuele praktyke beoefen, voor. 'n Ander probleem: Wanneer iets "werk", beteken dit nog nie dat dit "reg" is nie. Alle seksuele praktyke wat met goeie "intensies" gepleeg word, is nie altyd moreel aanvaarbaar nie. Daar is mense wat pornografiese films kyk, òf wat by sadistiese seks betrokke is en as motivering hiervoor gee dat dit hul seksuele verhoudings (selfs in die huwelik) beter laat werk. Dit maak hierdie dinge nog nie aanvaarbaar nie.

Daar is met ander woorde 'n te groot verskil tussen die inklusiwiteit van die Christene uit die heidendom (sonder die besnydenis) en die bevestiging van homoseksuele intimiteit:[493]

[493] Via Dan O & Gagnon Robert AJ, **Homosexuality and the Bible**, p 43-44, [Fortress Press] Minneapolis, 2003.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

| Inklusiewe opneem van die heidene in die Kerk | Aanvaarding van homoseksuele verhoudings en –huwelike deur die Kerk |
|---|---|
| 'n Definisie wat gebaseer is op etniese oorerwing (heidense voorvaders). | 'n Definisie wat gebaseer is op 'n seksualiteit wat nie 100% oorgeërf is nie, die oorsaak is van verskeie faktore en nie 'n etniese oorsprong het nie. |
| 'n Definisie wat nie noodwendig lei tot sondige optrede nie. | 'n Definisie wat lei tot sondige optrede. |
| Die "toestemming" om 'n sekere daad (besnydenis) nié uit te voer nie. | Die toestemming om 'n negatiewe morele optrede uit te voer. |
| Verwelkom mense. | Bevestig mense se optrede. |
| 'n Optrede wat reeds positief in die Ou Testament voorkom. | 'n Optrede wat in die Ou Testament voorkom, maar afgewys word. |
| 'n Optrede wat deur die Nuwe Testament bevestig en uitgebrei word. | 'n Optrede wat nié deur die Nuwe Testament bevestig is nie. |

'n Volgende analoë voorbeeld wat ons aandag vra, is die neem van rente.

### 1.4. Die vra van rente (Deut 23:19-20)[494]

> "Jy mag niks teen rente aan jou volksgenoot uitleen nie: nie geld of kos of enigiets wat 'n mens kan uitleen nie" **Deut 23:19.**

**Probleemstelling:** Die Skrif verbied die vra van rente, maar ons is vandag nie gekant dat ons geld teen rente belê word nie.[495]

---

[494] Alexander Daid en Pat, **Handboek by die Bybel**, p 108-109, [verenigde Protestantse Uitgewers], Kaapstad, 1977; De Vaux Roland, **Ancient Israel – Its Life and Institutions**, p 206-209, [Darton, Longmann & Todd], London, 1976. Met verloop van tyd het daar 'n ingewikkelde finansiële en monetêre stelsel in die antieke wêreld ontstaan.

[495] Webblad van die NG Gemeente Wynberg, **Homoseksualiteit**, www.ngkerkwynberg.co.za/homoseksualitteit.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)


In die ou Nabye-Ooste het mense wat in groot ellende was, geld of ander dinge geleen. Daar was nie sekuriteit nie, sodat die gevaar groot was dat die lener sy goed kon verloor. Gevolglik was rentekoerse baie hoog, tot so hoog as 50% of 60% per jaar. 'n Israeliet mag egter nie rente van 'n mede-Israeliet vra nie. Die Israeliet moes sy arm medeburger help uit simpatie met sy ellende. Hulle kon wel van ander mense rente vra. Die *nie-Israeliet* is nie die vreemdeling wat elders genoem word nie. Hy was 'n buitelander wat vir 'n spesifieke doel na Israel gekom het, byvoorbeeld om handel te dryf. Die regte houding teenoor volksgenote sou seën bring. 'n Mens moet vandag steeds besef dat besittings nooit 'n doel op sigself mag wees nie.[496]

Om dinge egter aan iemand te leen, was nie verbied nie, en die vra van sekuriteit daarvoor ook nie (24:10-13). Rente op lenings was buite orde vir 'n volksgenoot (vgl 23:19–20). Lenings moes egter terugbetaal word. Om dit te verseker kon die uitlener iets neem *as* pand vir die terugbetaling van die lening. Veral by arm mense kon so 'n pand dalk net 'n kledingstuk wees. Die bokleed het gedien as kledingstuk bedags en as kombers snags. In die neem van sekuriteite word armes egter beskerm teen uitbuiting en vernedering. Die regverdiges se houding verskil geheel en al van dié van die goddeloses (Ps 37:21). Hulle kry arm mense *jammer en help* hulle deur aan hulle geld te leen *sonder* om *rente* te vra. Om reg te doen beteken om juridies korrek op te tree: *nie geld op rente uitleen nie en nie woekerwins vat nie* omdat die skuldenaar soms deur die geldskieter finansieel geruïneer is (Eseg 18:8).[497]

---

[496] Wil Vosloo en Fika J van Rensburg, **Die Bybellennium Eenvolumekommentaar**, (Vereeniging, SA: Christelike Uitgewersmaatskappy) 1999.

[497] Gispen WH, Oosterhof BJ, Ridderbos HN, Van Unnik WC, Visser P, **Bybelse Ensiklopedie – Tweede Deel**, p 679, [verenigde Protestantse Uitgewers], Kaapstad, 1977; Kloppers, M.H.O., **Die Boek Deuteronomium**, (Kaapstad: Lux Verbi) 1998; Wight Fred H, **Manners and Customs of Bible Lands**, p 222-227, [Moody Press], Chicago, 1977; Wil Vosloo en Fika J van Rensburg, **Die Bybellennium Eenvolumekommentaar**, (Vereeniging, SA: Christelike Uitgewersmaatskappy) 1999.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)


Wat is die "boodskap" agter die verbod op die vra van rente? Dit het 'n barmhartigheidsmotief en 'n verbod op gierigheid. Dit gaan om die beskerming van die arm mens wat nie die nodige sekuriteit het om sy skuld terug te betaal nie, en sodoende deur die skuld wat hy aangegaan het, finansieel geruïneer word. Dit is 'n finansiële beginsel wat vandag nog steeds geld. Banke maak juis seker dat jy genoeg sekuriteit het, voordat hulle geld aan jou leen. Die gierigheidsmotief is daarin geleë dat daar indirek 'n verbod is op die maak van buitensporige wins (soos in die destydse samelewing die geval was).

In die Nuwe Testament kry ons egter 'n ander voorbeeld. Wanneer mense geld gewissel het, was hulle ook in staat om lenings uit te gee. Jesus noem byvoorbeeld in die gelykenis van die twee diensknegte, wat onderskeidelik twee en vyf talente ontvang het, dat die heer rente op sy geld sou ontvang het indien die dienskneg sy geld by die geldwisselaars sou belê het (Matteus 25:27; Lukas 19:23). Hier is 'n saak wat verder toegelig moet word. In die Ou Testamentiese tye het die lewe op 'n baie eenvoudige landboukundige ekonomiese sisteem berus. Niemand het lenings vir kapitale insette en beleggings benodig nie. Lenings is slegs aangegaan wanneer 'n persoon in baie moeilike tye verkeer het wat hy te bowe moes kom. Om hierdie rede was dit geensins toegelaat vir 'n persoon om rente te hef op geld wat hy uitgeleen het nie. Dit sou net daarop neerkom dat hy die verknorsing van sy broeder uitgebuit het (Eksodus 22:25); Deuteronomium 23:19).[498] Sodanige winste kon wel gemaak word deur rente te hef op geld wat aan uitlanders uitgeleen is (Deuteronomium 23:20). Teen die tyd van die Nuwe Testament het die ekonomiese toestand aansienlik verander en was dit moontlik om

[498] Durham, John I., **Word Biblical Commentary, Volume 3: Exodus,** (Dallas, Texas: Word Books, Publisher) 1998; Hagner, Donald A., **Word Biblical Commentary, Volume 33b: Matthew 14-28,** (Dallas, Texas: Word Books, Publisher) 1998; Nolland, John, **Word Biblical Commentary, Volume 35c: Luke 18:35-24:53**, (Dallas, Texas: Word Books, Publisher) 1998; Stander H.F., Louw J.P., **Gebruike en Gewoontes in die Bybel,** (Vereeniging: CUM Boeke) 1990.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)


geld uit te leen ten einde 'n besigheid te ondersteun en om 'n opbrengs op jou geld te verwag—soos dit ook uit Jesus se gelykenisse blyk. Maar Jesus was nogtans gekant teen privaatlenings (Lukas 6:34) omdat dit in daardie tye as uitbuiting van nood gesien is.[499]

Ook bogenoemde analoog is dus nie 'n goeie voorbeeld nie, aangesien die beginsel van sekuriteit, voorkoms van finansiële vernietiging en die verbod op gierigheid, nog steeds deel van die etiek van die Christelike Kerk is. 'n Ander belangrike rede waarom hierdie verbod soos dit in die Ou Testament staan, vandag nie meer "letterlik" toegepas word nie, is omdat Jesus self in sy gelykenisse dit nie meer gehandhaaf het nie. In die Nuwe Testament is daar dus verligting vir die Ou Testamentiese teks, wat nie bestaan ten opsigte van homoseksuele huwelike en –verhoudings nie.

'n Volgende analoë voorbeeld wat ons aandag vra, is die sogenaamde opheffing van dié van gewelddadige optredes deur die Christene.

### 1.5. Christene tree nie meer gewelddadig op nie

> "Dat jy verwoes sal word, Babel, is seker. Gelukkig is die man wat jou terugbetaal ... Gelukkig is hy wat jou babatjies gryp en teen 'n klip verbrysel. **Ps 137:8-9.**

**Probleemstelling:** Die Bybel doen dikwels 'n beroep op mense om hele volke uit te wis. Dit is 'n optrede wat nie meer vandag geld nie.

Dit is inderdaad so dat daar in die Ou Testament (soos hierdie Psalm maar net 'n enkele voorbeeld is) heelwat voorbeelde is waar gevra word dat God se oordeel oor vyande sal uitgaan. In hierdie spesifieke Psalm word 'n saligspreuk gebruik om 'n vervloeking in te lei en die teenoorgestelde as

---

[499] Stander H.F., Louw J.P., **Gebruike en Gewoontes in die Bybel**, (Vereeniging: CUM Boeke) 1990.

geluk te bewerk[500]. Dit kom uit die hart van iemand wat seergekry het en voel dat onreg aan hom gedoen is. Die een wat hierdie oordeel voltrek, sal gelukkig wees omdat hy God se goedkeuring daarvoor het. Vers 9 klink ontsaglik wreed, maar dit was in die ou tye 'n algemene oorlogsgebruik (vgl 2 Kon 8:12; Jes 13:16; Hand 10:14; 14:1; Nah 3:10).[501]

Dit is juis sulke wreedhede wat deur die Nuwe Testament opgehef word (maar wat ook nie konsekwent in die Ou Testament gehandhaaf word nie – vgl Jer 29:7 en voetnoot hieronder. Jesus gee heelwat voorbeelde dat die "getuienis' van die Christen anders sal wees as dié van selfgelding soos onder die destydse Jode en antieke samelewings voorgekom het (Matt 18:21-35; 22:34-40; Mark 12:28-34). Een van die belangrikste gedeeltes waar Jesus geweld afwys, was met sy inhegtenis neming toe Hy gesê het:[502]

> "Sit jou swaard terug in sy plek, want almal wat na die swaard gryp, sal deur die swaard omkom" **Matt 26:52.**

Daar hoef nie verder op hierdie analoog ingegaan te word nie. Dit is duidelik dat Jesus hierdie Ou Testamentiese gebruik ophef.

---

[500]Burden, J.J., **Psalms 120-150,** (Kaapstad: Lux Verbi) 1991.

[501]Burden, J.J., **Psalms 120-150,** (Kaapstad: Lux Verbi) 1991; Weiser Arthur, **The Psalms**, p 795-797, [SCM Press], London, 1986. Die teks wil met die gedagte om wraak teenoor diegene wat onreg doen, impliseer dat alle regverdigheid by God is. Omdat die konteks van die teks oor die vernedering van Israel as God se volk in Babilon handel, wil hierdie klaaglied God oproep om Sy eer te herstel. Die weergee van die menslike emosie van "haat" teenoor diegene wat hul veronreg kom ook voor in Jes 13:16. Billikheidshalwe moet gelet word dat die Skrif ook 'n ander boodskap oor Babel gee, nl die van genade. In Jer 29:7 stel God self dat die volk nie negatief en met haat teenoor Babel moet optree nie, maar die belange van die stad moet bevorder.

[502] Heyns JA, **Teologiese Etiek 2/2 – Sosiale Etiek**, p 191-239, [NG Kerkboekhandel], Pretoria, 1988. Heyns gee 'n breedvoerige verduideliking van die verskillende vorme van geweld: fisiese geweld, psigiese geweld en politieke geweld. Hy beklemtoon dat Jesus nie geweld goedkeur nie, maar erken dat geweld in die wêreld sal wees tot met die wederkoms. Christene se verantwoordelikheid is om dit te bestry (p 226). Die genesing van geweld kan egter nie vanuit 'n mens se binneste kom nie, maar vanuit God se ingrype in die mens se lewe (p 198).

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die gebruik wat in sommige lande voorkom om moordenaars nie meer die doodstraf te gee nie, word ook as analoë voorbeeld gebruik om die suspisie te wek dat aspekte wat in die Skrif verbied word, nie meer vandag geld nie. Daarom geld die verbod op homoseksuele intimiteit vandag nie meer nie.

### 1.6. Doodstraf vir mense wat moord pleeg

> "As 'n mens se lewe vernietig word, eis Ek die doodstraf. Dit maak nie saak of dit 'n dier of 'n mens is wat hom doodgemaak het nie. 6As iemand 'n mens doodmaak, moet die mense hom ook doodmaak, want Ek het die mens na my ewebeeld gemaak. 7Julle moet baie kinders hê en meer word sodat julle orals op die aarde kan woon en beheer daaroor kan hê." **Gen 9:5-7 (Die Lewende Bybel).**

**Probleemstelling:** Die Skrif leer dat mense wat verkrag en moord pleeg doodgemaak behoort te word[503], maar in die samelewing van vandag word die doodstraf nie meer gehandhaaf nie.[504]

Voorstanders vir die ophef van die doodstraf, wys daarop dat selfs in die Ou Testament daar nie 'n konsekwente toepassing van die doodstraf was nie. So word daarop gewys dat nie eens God Kain na die moord op Abel met die

[503] Heyns JA, **Teologiese Etiek 2/2 – Sosiale Etiek**, p 158, [NG Kerkboekhandel], Pretoria, 1988. Die doodstraf is opgelê vir: opsetlike moord (Eks 21:12-14); aanranding van ouers (Eks 21:15); vloek van ouers (Eks 21:17); ontvoering van mense (Eks 21:16); towery (Eks 22:18); aanranding van 'n slaaf (Eks 21:20); geslagsgemeenskap met 'n dier (Eks 22:19); afgodediens (Eks 22:20); voorhuwelikse seks (Deut 22:21,23 vgl Gen 34); kinderoffers (Lev 20:1); ouers vloek (Lev 20:9); egbreuk (Lev 20:10); geslagsgemeenskap met een van jou pa se vroue (Lev 20:11 vgl 18:18); geslagsgemeenskap met jou skoondogter (Lev 20:12); homoseksuele verhoudings (Lev 20:13 vgl 18:22; Deut 23:17b); huwelik met ma en dogter (Lev 20:14); oproep van geeste of beswering (Lev 20:27, vgl 19:31; Deut 18:11); lasterlike gebruik van God se naam (Lev 24:10vv); Sabatskender (Num 15:32vv). Hoewel die doodstraf deel van Israel se regstelsel was, was dit nie 'n dominerende aspek nie. Dit is ook belangrik om op te merk dat hoewel Christene nie meer die doodstraf vir hierdie oortredings toepas nie, al die morele sake wat hier genoem word, nog steeds deur die kerk as sonde gesien word.

[504] Rapport aan de Generale Synode van Dordrecht 1971/1972, **Over mensen die homofiel zijn**, p 5, Dordrecht, Desember 1971.

dood gestraf het nie (Gen 4:1-16).[505] Gen 9 sal uitgelê word dat die boodskap nie soseer oor die doodmaak van geweldenaars is, as dat dit oor die verantwoordelikheid van die regering om sy mense teen geweldenaars te beskerm, handel. Dan is die doodstraf irrelevant, maar wel dat sulke mense gestraf word.[506] Die doodstraf is 'n barbaarse praktyk wat nie by ontwikkelde mense pas nie. Net so min as wat 'n mens oor sy eie lewe beskik, net so min (indien nie minder nie) beskik 'n mens oor die lewe van iemand anders. Die doodstraf skrik nie moordenaars af nie, maar weerhou hulle van die kans om berou te kan toon en vergifnis te ontvang.[507]

Ander sal weer daarop wys dat die instel van die doodstraf binne 'n ander mensbeskouing gegee is. Daar was minder waardering vir mense se lewens. Diegene wat weer ten gunste van die doodstraf is sal wys dat mense die beeld van God is, en dat persone wat ander se lewens neem, inderdaad met die dood gestraf behoort te word.[508] Dit is belangrik om kennis te neem dat Jesus nié die doodstraf ophef nie. In Joh 8:3vv aanvaar hy die beginsel van die doodstraf vir owerspel. Hy verwerp egter 'n bloot wettiese toepassing van die regsisteem (later meer hieroor).[509]

Ter wille van billikheid moet genoem word dat daar nie onder Christene konsensus oor die doodstraf is nie. Sommige is vandag nog steeds ten

---

[505] Wil Vosloo en Fika J van Rensburg, **Die Bybellennium Eenvolumekommentaar**, (Vereeniging, SA: Christelike Uitgewersmaatskappy) 1999.
[506] McGee, J. Vernon, **Thru the Bible with J. Vernon McGee**, (Nashville: Thomas Nelson Publishers) 2000, c1981.
[507] Heyns JA, **Teologiese Etiek 2/2 – Sosiale Etiek**, p 158, [NG Kerkboekhandel], Pretoria, 1988.
[508] Konig Adrio, **Fokus op die 300 geloofsvrae wat mense die meeste vra**, p 149, [Lux Verbi.BM], Wellington, 2001.
[509] Heyns JA, **Teologiese Etiek 2/2 – Sosiale Etiek**, p 160, [NG Kerkboekhandel], Pretoria, 1988. Die doodstraf is nie deur die Nuwe Testament herroep nie en kan daarom nie outomaties as verval beskou word nie.

gunste van die doodstraf (meer konserwatiewer Christene) , terwyl ander (meer liberale Christene) daarteen is.[510]

Hierdie voorbeeld kan ook nie afgaan nie, aangesien geweldenaars nog steeds vandag gestraf word, 'n beginsel wat konsekwent in die Skrif gehandhaaf word. Alle "sondes" waarvoor die doodstraf toegeken is, word vandag nog steeds as sonde gesien. Anders as met homoseksuele intimiteit (waar die daad goedgekeur en bevestig moet word), word binne pro- en anti-doodstraf groepe die neem van 'n mens se lewe (moord) veroordeel. Net so veroordeel beide groepe steeds verkragting en ander vorme van geweld. Die verkeerde optrede word nie deur een van die groepe goedgekeur nie. 'n Ander rede waarom die analoog nie werk nie (maar nie so 'n sterk argument as die vorige nie), is die feit dat daar nie eenstemmigheid onder gelowiges oor die toepassing van die doodstraf is nie.

Die volgende drie analoë voorbeelde word saam met die inklusiwiteit van die Christelike Kerk (Hd 15) die meeste gebruik, en is waarskynlik voorbeelde wat die meeste gewig dra. Die een handel oor die opheffing van die patriargale samelewing (ook binne die Kerk), terwyl die volgende oor die vraag van slawerny gaan.

### 1.7. Die vrou se plek in die samelewing

> "Ek wil egter hê julle moet weet dat Christus die hoof is van elke man, en 'n man die hoof is van sy vrou, en God die hoof van Christus" **1 Kor 11:3.**

> "Soos in al die Christelike gemeentes moet die vrouens ook in julle byeenkomste stilbly. Hulle moet onderdanig wees, soos die wet ook sê" **1 Kor 14:33-35.**

---

[510] Heyns JA, **Teologiese Etiek 2/2 – Sosiale Etiek**, p 157, [NG Kerkboekhandel], Pretoria, 1988; Konig Adrio, **Fokus op die 300 geloofsvrae wat mense die meeste vra**, p 149, [Lux Verbi.BM], Wellington, 2001.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**Probleemstelling:** Die Bybel leer dat die vrou aan die man ondergeskik is.[511] Vandag word hierdie siening nie meer gehandhaaf nie. Vroue dien selfs in uitvoerende posisies in besighede. Christene het in die verlede geglo dat die Skrif leer dat die vrou nie in die amp mag dien nie, maar vandag word hulle selfs predikante.[512] Net so is daar die bevel dat 'n vrou 'n hoofbedekking moet dra wanneer sy eredienste bywoon, wat vandag nie meer gehandhaaf word nie (1 Kor 11:5).[513]

Eerstens die rol van die vrou in die kerk: Om die konteks van hoe destydse Christene die plek van die vrou binne die "Kerk" (gemeente) gesien het, te verstaan, behoort ons eers na die antieke samelewing se gebruike te kyk: Die rolle en plekke van verskillende partye (ook tussen mans en vroue) was destyds baie meer verskillend en duideliker omskryf as vandag. 'n Vrou se plek was in haar huishouding. Daar het sy absolute vryheid gehad. Hier hoef die vrou nie haar "sluier" as hoofbedekking te dra nie.[514] Wanneer die vrou egter na buite die huis gegaan het, het sy die terrein van die man betree. Dan moes sy haar sluier aansit om nie mans van ander gesinne te verlei nie en sò haar gesin (of groep) in die skande te bring nie.[515] Wanneer Paulus dan in 1 Kor 11:1-16 leer dat die vrou net sowel haar hare kon afsny indien sy nie 'n hoofbedekking wil dra nie, sê hy dit met 'n spesifieke boodskap in gedagte:

---

[511] De Vaux Roland, **Ancient Israel – Its Life and Institutions**, p 39, [Darton, Longman & Todd], London, 1976. Soms het vroue in Israel op dieselfde vlakke as slawe teenoor hul mans gefunksioneer, maar hy kon nie sy vrou verkoop nie.

[512] Rapport aan de Generale Synode van Dordrecht 1971/1972, **Over mensen die homofiel zijn**, p 16, Dordrecht, Desember 1971.

[513] Verslag van die Kommissie vir Leer en Aktuele Sake van die Nederduitse Gereformeerde Kerk Suid- en Wes-Kaap**, Pastoraat aan die Homoseksuele Persoon**, p 10, Ongepubliseer, 1999.

[514] Malina Bruce J, **The New Testament World – Insights from Cultural Anthropology**, p 49, [Westminster Press], Louisville, 1993.

[515] Winter Bruce W, **After Paul left Corinth – Influence of Secular Ethics and Social Change**, p 120-130, [WB Eermans Publishing Co], Grand Rapids, 2001.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Daar was vroue wat nie hul hoofbedekking (sluier) tydens eredienste wou dra nie, aangesien die Christene op daardie stadium eredienste in huise gehou het (Hand 20:8; Rom 16:5; 1 Kor 16). Dit was die private ruimte van die vrou waarin sy nié haar sluier hoef te gedra het nie. Die vrou se privaat plek het tydens eredienste dan skielik 'n publieke plek geword. In die destydse kultuur was dit prostitute wat sonder hul sluiers (hoofbedekkings) in die openbaar verskyn het. Hulle is dan ook dikwels gestraf deur hul hare af te sny. [516] Dit was 'n groot skande wanneer dit met 'n vrou gebeur het. [517]

Die praat van die vrou in die erediens (1 Kor 14:34-36) moet ook binne hierdie konteks verstaan word. In die destydse samelewing was dit die plek van die man om in die publiek te praat. Vroue het egter wel aan die eredienste deelgeneem (en moontlik selfs lering gegee) volgens 1 Kor 11:5.[518] Met die erediens neem die huis (waar die vroue vryheid tot openlike gesprek gehad het) 'n openbare karakter aan. Hier was die mans die hoofsprekers. Indien vroue dan nou in hul privaat plek wat nou 'n openbare plek geword het, (hulle het waarskynlik gevoel dat hulle vrylik in hul huise kon saampraat) te veel sou sê, was dit 'n oortreding van die sosiale gewoontes.[519]

---

[516] Kistemaker Simon J, **1 Corinthians**, p 370, [Baker Books] Grand Rapids, 1996.

[517] Malina Bruce, Stephan Joubert en Van der Watt Jan, **Vensters wat die Woord laat opgaan,** p 78, [Orion Uitgewers], Halfway House, 1993; Winter Bruce W, **After Paul left Corinth – Influence of Secular Ethics and Social Change**, p 128-130, [WB Eermans Publishing Co], Grand Rapids, 2001.

[518] Kistemaker verduidelik dat verse 4 en 5 op die gelykheid van die vrou en die man in die eredienste dui (Hand 18). In die Ou Testament is dit net die mans wat die verbondsteken ontvang het (Gen 17), maar in die Nuwe Testament is dit die mans én die vroue wat die teken van die nuwe verbond ontvang het (Gal 3:28). Dit is belangrik om uit te wys dat sedert die dae nadat Jesus die doop ingestel het en die vroeë kerkvaders dit begin toepas het, beide die mans én die vroue gedoop is – geen diskriminerende optrede nie.

[519] Malina Bruce, Stephan Joubert en Van der Watt Jan, **Vensters wat die Woord laat oopgaan,** p 78, [Orion Uitgewers], Halfway House, 1995; Winter Bruce W, **After Paul left Corinth – Influence of Secular Ethics and Social Change**, p 133-141, [WB Eermans Publishing Co], Grand Rapids, 2001

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Anders as in vandag se wêreld waar individualisme die algemene norm in die westerse kultuur is, was die destydse Mediterreense mense groepsmense. Die belange van die groep was hoër gestel as dié van die indiwidu.[520] Ter wille van die goeie naam van die Christene (en Jesus) was dit dan belangrik dat die vroue in die eredienste (privaat woonplekke) die sosiale gewoontes sou handhaaf. Indien 'n buitestander daar sou inkom, en die sosiale gebruike word nie gehandhaaf nie, kon daardie persoon oor die Christene as rebelle begin skinder. So sou dit die eer van God in die samelewing aantas.[521]

Wat is die boodskap wat hieruit na vore kom? Christene moenie in die openbaar sò optree (ook deur kleredrag) dat ander daardeur verlei sou word nie, en dat die gelowige nie deur sy of haar voorbeeld die goeie naam van die Christendom (en so ook die eer van God) deur die modder mag sleep nie. Christene lewe dus binne grense.

Toegegee, dit is so dat die Skrif vanuit 'n patriargale kultuur geskryf is, en dat die vrou dikwels as 'n ondergeskikte behandel word. Dit is egter nie al weergawes van die rol van die vrou in die Skrif nie. Die Skrif skets dikwels positiewe beelde van vroue in die destydse gemeenskappe. Dink aan die voorbeelde van Mirjam, Debora, Ester en die vrou van Spreuke 31. Daar was selfs vroue in Jesus se vriendekring (Luk 10:38-42). In Rom 16 lees ons ook van vroue wat as medewerkers van Paulus in die bediening was. Lukas vertel van Lidia wat 'n uitstekende sakevrou was (Hand 16:11-15).[522]

---

[520] Malina Bruce J, **The New Testament World – Insights from Cultural Anthropology,** p 71, [Westminster/John Knox Press], Louiseville Kentucky, 1993.
[521] Kistemaker Simon J, **1 Corinthians**, p 364-367, [Baker Books] Grand Rapids, 1996.
[522] De Vaux Roland, **Ancient Israel – Its Life and Institutions**, p 39-40, [Darton, Longman & Todd], London, 1976. In sommige kulture en tye kon vroue hoë sosiale posisies bekom. In Egipte was die vrou dikwels die hoof van die gesin. In Babilonië kon sy eiendom bekom, kontrakte teken en selfs regstappe teen persone aangaan. France RT, **From Romans tot the Real World: Biblical Principles and Culture Change in Relation to Homosexuality and the Ministry of Women – "Romans and the People of God"**, p 234-253, [WB Eerdmans Publishing Co], Grand Rapids, 1999. Die

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)


Petrus toon egter harmonie tussen die man en die vrou. Hoewel hy in 1 Pet 3:1 vir die vroue sê dat hulle aan hulle mans onderdanig moet wees, spreek hy in sterker terme die mans aan met:[523]

> "Mans, julle moet verstandig met julle vrouens saamleef. Bewys eer aan hulle ... Dan sal julle kan bid sonder dat iets julle hinder" **1 Pet 3:7**

Dat die interpretasie dat die Nuwe Testament die plek van die vrou in die samelewing verlig, blyk dat Paulus elders tog daarop wys dat mans nie die vroue "se base" is nie:

> "Wees uit eerbied vir Christus aan mekaar onderdanig ... Mans julle moet julle vrouens liefhê soos Christus die kerk liefgehad en sy lewe daarvoor afgelê het" **Ef 5:21,25.**

Dit is belangrik om te wys dat hier in Ef 5 dus 'n duidelike verligting rakende die posisie van die vrou binne die Christelike Kerk is. Mans en vroue behoort selflose liefde teenoor mekaar te openbaar, soos Christus teenoor ons bewys het.[524] 'n Soortgelyke gedagte is onderliggend in 1 Kor 11 teks. Wanneer daar deur hom 'n sogenaamde rangorde (God > Christus > man > vrou) gegee word, is die implikasie diens aan mekaar en nie patriargale

Skrif is dinamies besig om die vroue te "bevry" teenoor die "onderdrukkende patriargale" sisteem waarbinne die destydse vroue geleef het. Gal 3:28 stel duidelik dat daar nie meer teenoor vroue gediskrimineer mag word nie. Die Skrif kritiseer self sekere kulturele situasies waaruit dit vroeër geskryf is. In die geval van homoseksuele praktyke en verhoudings is die Skrif nie een keer met selfkritiek besig nie. Waar die kwessie van homoseksuele verhoudings 'n morele kwessie is, hou die situasie van die vrou nie verband met moraliteit nie.

[523] Webb William B, **Slaves, Women & Homosexuality**, p 106-108, [InterVarsity Press], Illinois. 2001.

[524] Hendriksen William, **Ephesians**, p 243-244, 250-252, [The Banner of Truth Trust], London, 1972; Roberts JH, **Die Brief aan die Efesiërs**, p 162-163, [NG Kerk Uitgewers], Kaapstad, 1983.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

diskriminasie nie.[525] Hoewel God "oor" Christus is, is die Vader tog nie die meerderwaardige ("baas") teenoor Christus nie (Joh 10:30,38).[526]

Jesus se eie bediening toon ook 'n opheffing van die negatiewe diskriminerende optrede teenoor vroue. Hy kommunikeer met vroue en bedien selfs vroue wat normaalweg deur die antieke samelewing as "onrein" gesien is (Matt 15:21-28; Mark 7:24-30; Luk 8:40-56; Joh 4) .

Binne hierdie konteks kan daar tog nie beweer word dat die Nuwe Testament die onderdrukkende gebruike van die Ou Testament handhaaf nie. Daar is dus selfs in die Nuwe Testament 'n duidelike voorbeeld van verligting in die optrede teenoor vroue.[527]

Nog 'n analoë voorbeeld waarmee die hantering van die homoseksuele debat deur behoudende teoloë onder suspisie gebring word, is die vraag na die posisie van slawe in die Skrif.

### 1.8. **Slawerny**[528]

**Probleemstelling:** Die debat oor homoseksualiteit toon dieselfde tendense as sake soos slawerny. Slawerny word in beide die Ou- en die Nuwe

---

[525] Kistemaker Simon J, **1 Corinthians**, p 364-367, [Baker Books] Grand Rapids, 1996.
[526] Kistemaker Simon J, **1 Corinthians**, p 364-367, [Baker Books] Grand Rapids, 1996.
[527] Webb William B, **Slaves, Women & Homosexuality**, p 76-81, [InterVarsity Press], Illinois. 2001. Daar is duidelike tekens van verligting in die Skrif ten opsigte van die kulture rondom Israel, sowel as tussen die Nuwe Testament en die Ou Testament. Slawe vroue het meer regte gehad (Eks 21:7-11), en 'n vrou mag nie fisies aangerand word nie. Verder kon vroue ook erf (Num 27:1-11; 36:1-13). Die Nuwe Testament bied aan vroue ook die geleentheid om te kan skei – nie net vir die mans nie (1 Kor 7). Vroue wat daarvan beskuldig is dat hulle in owerspel betrokke is, is regverdiger behandel. Daar was ook strenger wetgewing wat 'n verkragter gestraf het.
[528] Peterson Norman R, **Rediscovering Paul: Philemon and the Sociology of Paul's Narrative World**, [Fortress Press], Philadelphia, 1985; Peterson Norman R, **Philemon**, HBC, p 1245-1248, [Harper & Row], San Francisco, 1988.

Testamente as algemene gebruik gehandhaaf. Tog pas ons dit nie meer vandag toe nie.[529]

'n Slaaf was iemand wat aan 'n ander persoon behoort het en sonder regte was – soos enige ander vorm van eiendom. Iemand kon 'n slaaf word deur middel van geboorte, oorlogsbuit, ekonomiese transaksies waar die slaaf "gekoop' word en restitusie van skuld.[530]

Hoewel die Ou Testament die gebruik om slawe aan te hou, handhaaf, vind ons tog tekens dat die gebruik van slawerny nie 'n "absolute" onder die volk van God behoort te wees nie:

> "Wanneer 'n mede-Israeliet, 'n Hebreër soos jy, 'n man of 'n vrou aan jou verkoop word, en hy werk ses jaar vir jou, moet jy hom in die sewende jaar vrylaat ... Gee hom 'n behoorlike deel van jou kleinvee, van die graan op jou dorsvloer en van jou parskuip ... Jy moet onthou jy was 'n self 'n slaaf in Egipte en die Here jou God het jou bevry" (Deut 15:12-15; vgl ook Eks 21:1-11).

> "... Julle het onlangs egter tot bekering gekom en gedoen wat reg is in My oë deur julle volksgenote wat slawe was, vry te laat. Julle het selfs 'n ooreenkoms voor My aangegaan ..." (Jer 34:15, vglook 34:8-9, 14).

---

[529] Verslag van die Kommissie vir Leer en Aktuele Sake van die Nederduitse Gereformeerde Kerk Suid- en Wes-Kaap**, Pastoraat aan die Homoseksuele Persoon**, p 9, Ongepubliseer, 1999; Wink Walter, **Homosexuality and the Bible – Homosexuality and Christian Faith: Questions of Conscience for Churches**, p 33-39, [Fortress Press], Minneapolis, 1999. Wink argumenteer dat dit van die kerk korrek is om seksuele sake soos bloedskande, verkragting, bestialiteit en owerspel as sonde te verwerp. Daar is egter ander vorme van seksuele "oortredings" waaroor Christene vandag nie eenstemmigheid dat dit verkeerd is, het nie. Van hierdie sake is geboortebeperking, seks tydens menstruasie, selibaat, nudisme, selfbevrediging, oortuiging dat semen en bloed onrein is, vroeë huwelike vir meisies en vele andere. Sulke onsekerhede onder Christene maak die deur oop dat homoseksuele verhoudings onder die laaste groep val en dus waarskynlik aanvaarbaar kan wees.

[530] Douglas JD, Hillyer N, Brice FF, Guthrie D, Millard AR, Packer IJ, Wiseman DJ, **New Bible Dictionary,** p 1122, [Inter-Varsity Press], Leicester England, 1984.

Dit is belangrik om op te merk dat die Ou Testamentiese volk van God nie net volksgenote wat slawe was, moes vrylaat nie, maar ook aan hulle lewensvoorrade moes gee om hulle lewe weer van voor af te begin. Israel het nié 'n "slawe ekonomie" gehad nie. Deut 23:15-16 verbied verder dat slawe wat weggehardloop het, weer as slawe in diens geneem mag word. Die Levitikus teks leer weer dat die Jood nie as 'n slaaf gebruik mag word nie, maar eintlik as 'n werknemer (Lev 25:39-55). Die hele slawerny situasie was in Israel heelwat meer "verlig" as in die res van die destydse antieke samelewing. [531]

Die Nuwe Testament toon 'n verdere verligting in lyn met die ligter gebruike onder die destydse Jode ten opsigte van slawerny. Nòg Jesus, nòg enige van sy dissipels of die latere apostels het slawe aangehou. Dit is anders as die destydse leiers in die Ou Testament, waar die aanhou van slawe 'n algemene praktyk was.[532] Jesus en Paulus gebruik wel in hul verhale en lering die analoog van slawe aangesien dit 'n goeie beeld was om die verhouding tussen gelowiges in God se koninkryk uit te beeld.[533]

In die kerk is daar nie teen slawe gediskrimineer nie. Hoewel hulle binne die destydse konteks deel gevorm het van die onderskeie huishoudings, is hulle sonder diskriminasie in die Kerk as broers en susters opgeneem. Dit is belangrik om uit te wys dat die vroeë Kerk wel die gedagte van die emansipasie van slawe begin ondersteun het[534]:

---

[531] Gagnon Robert AJ, **The Bible and Homosexual practice – Texts and hermeneutics,** p 444, [Abingdon Press] Nashville, 2001.

[532] Douglas JD, Hillyer N, Brice FF, Guthrie D, Millard AR, Packer IJ, Wiseman DJ, **New Bible Dictionary,** p 1125, [Inter-Varsity Press], Leicester England, 1984.

[533] Douglas JD, Hillyer N, Brice FF, Guthrie D, Millard AR, Packer IJ, Wiseman DJ, **New Bible Dictionary,** p 1125, [Inter-Varsity Press], Leicester England, 1984.

[534] Bartchy Scott S, **First Century Slavery and the Interpretation of 1 Cor 7:21**, [Schalar Press], Missoula Mont, 1973; Douglas JD, Hillyer N, Brice FF, Guthrie D, Millard AR, Packer IJ, Wiseman DJ, **New Bible Dictionary,** p 1125, [Inter-Varsity Press], Leicester England, 1984; Martrin Dale B, **Slavery as Salvation: The Metaphor of Slavery in Pauline Christianity**, [Yale University Press], New Haven, 1990

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

> "As jy 'n slaaf was toe God jou geroep het, moet jy jou nie daaroor kwel nie. Maar as jy die kans kry om vry te word, maak gerus daarvan gebruik" **1 Kor 7:21.**

Dit is in lyn met Paulus se siening dat alle gelowiges gelykes in Christus is en dat God geen onderskeid maak nie (Rom 2:11; Ef 5:9).[535] Paulus handhaaf hierdie vorm van emansipasie vir die slawe wanneer hy Onesimus na Filemon terugstuur, maar dan nie as 'n slaaf nie, wel as "my kind (van die vry Paulus) en 'n "broer". [536]

> "Ek doen 'n beroep op jou in belang van my kind Onesimus. Hier in die gevangenis het ek sy geestelike vader geword ... nou nie langer net as 'n slaaf nie, maar meer as 'n slaaf: as 'n geliefde broer" Fil 10,16.

In beide 1 Kor 7:21 en Filemon kan afgelei word, dat dit Paulus se wens is dat Christene hulle slawe sal vrylaat. [537]

Waar die destydse samelewing slawe met minagting behandel het, leer Paulus dat die Christene slawe met waardigheid moet behandel.

> "Eienaars, behandel julle slawe reg en billik in die wete dat julle ook onder iemand staan, onder die Here in die hemel" **Kol 4:1.**

> "En eienaars, behandel julle slawe met dieselfde gesindheid. Hou op om hulle te dreig. Dink daaraan dat die Here in die hemel hulle Here en ook julle Here is, en Hy trek niemand voor nie" **Ef 6:9.**

---

[535] Hodge Charles, **1 & 2 Corinthians,** p 124, [The Banner of Truth Trust], Edinburg, 1974.
[536] Douglas JD, Hillyer N, Brice FF, Guthrie D, Millard AR, Packer IJ, Wiseman DJ, **New Bible Dictionary,** p 1125, [Inter-Varsity Press], Leicester England, 1984.
[537] Dawes Gregory W, **But if you can gain your Freedom (1 Corinthians 7:17-24**), P 681-697, CBQ 52, 1990; Harril J Albert, **Paul and Slavery: The Problem of 1 Corinthians 7:21**, p 5-28, [Biblical Research], 1994.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

'n Billike vraag is dan waarom Paulus nie 'n beroep op die Kerk gedoen het om slawerny geheel en al stop te sit nie. 'n Moontlike antwoord is dat daar praktiese implikasies vir die Kerk in die destydse samelewing was. Indien hy 'n beroep op die onmiddellike beëindiging van slawerny sou doen, sou die Christene as rebelle geëtiketteer word. Dit sou hulle openbare beeld skade aangedoen het en 'n weerstand onder die heidene teen die Christendom veroorsaak het. 'n Verdere rede hiervoor was dat hy die beeld van slawerny gebruik om die Christen se posisie voor God en Christus te illustreer (Ef 5 en Kol 4 – reeds vermeld). [538]

Hy gebruik die "stelsel" om alle Christene 'n lewensles te leer: Net soos eienaars mooi na die slawe moet kyk, moet slawe respek aan hul eienaars bewys, want beide groepe is aan die Here onderdanig. Dit is daarom duidelik dat die apostel slawerny as 'n verbygaande "orde" onder die Christene sien.[539]

Dat Paulus se bediening 'n sterk karakter gehad het wat nie slawerny ondersteun het of bevorder het nie, word verder gemotiveer in die Deutero-Pauliniese geskrif van 1 Tim 1:8-10 (dieselfde gedeelte waarin hy homoseksuele praktyke veroordeel):

> "... maar vir mense wat hulle nie aan die wet en orde steur nie, goddeloses en sondaars, mense sonder eerbied vir wat heilig en gewyd is, dié wat vader en moeder doodmaak, moordenaars, ontugtiges, mense wat homoseksualiteit beoefen, ontvoerders **(ajndrapodistai`"),** leuenaars ... " **1 Tim 1:8-10.**

Dit is die enigste plek in die Nuwe Testament waar die begrip ajndrapodistai`" voorkom. Dit verwoord die gedagte van "om iemand aan

[538] Douglas JD, Hillyer N, Brice FF, Guthrie D, Millard AR, Packer IJ, Wiseman DJ, **New Bible Dictionary,** p 1125, [Inter-Varsity Press], Leicester England, 1984.
[539] Van Roon A, **De Brief van Paulus aan de Epheziers,** p 149, [Uitgeverij GF Callenbach BV Nijkerk], Groningen, 1979.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

die voet te gryp". Binne die destydse konteks het dit op "slawehandelaars" en dan spesifiek op iemand wat "mense steel / ontvoer" gedui. Slawerny gaan dus vir die skrywer om die oortreding van die agtste gebod. Dit beteken dus dat slawerny vir die Deutero-Pauliniese skrywer nie in ooreenstemming met die Nuwe Testamentiese interpretasie van die wet is nie.[540]

Daar is dus 'n duidelike verligting in die wyse waarop die Skrif slawerny hanteer.[541] Dit impliseer 'n verskil in die wyse waarop die Skrif slawerny teenoor homoseksuele verhoudings hanteer. Laasgenoemde word konsekwent sterk afgewys, terwyl die Skrif 'n duidelike verligting handhaaf ten opsigte van die praktyke van slawerny sowel as slawe se lot.

'n Voorlaaste analoë voorbeeld wat ondersoek word, handel oor egskeiding.

## 1.11. Egskeiding

In 'n volgende hoofstuk sal daar in groter detail na Jesus se hantering van egskeiding verwys word. Om daardie rede word die saak hier nie in diepte bespreek nie.

> "'Julle het gehoor dat daar gesê is: 'Jy mag nie egbreuk pleeg nie'. Maar Ek sê vir julle: Elkeen wat na 'n vrou kyk en haar begeer, het reeds in sy hart met haar egbreuk gepleeg'" **Matt 5:27-28.**

[540] Hendriksen William, **1 & 2 Timoteus and Titus**, p69, [The Banner of Truth Trust], Edinburg, 1979.

[541] Webb William B, **Slaves, Women & Homosexuality**, p 74-76, [InterVarsity Press], Illinois. 2001. Slawe het billike werksure gehad en kon saam met eienaars aanbid. Hulle moes vrygelaat word en met vrylating moes hulle van lewensmiddele voorsien word. Daar was beperkinge in die fisiese straf wat aan hulle toegeken kon word. Slawe wat weggehardloop het moes billik hanteer word.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

> "Daar is gesê: 'Elkeen wat van sy vrou skei, moet aan haar 'n skeibrief gee'. Maar Ek sê vir julle:Elkeen wat van sy vrou skei behalwe oor owerspel, maak dat sy egbreuk pleeg, en iemand wat met 'n geskeide vrou trou, pleeg ook egbreuk" **Matt 5:31-32.**

> "Hulle vra Hom toe: 'Waarom het Moses dan bepaal dat, as iemand sy vrou 'n skeibrief gee, hy van haar kan skei?' Hy antwoord hulle:'Dit is oor die hardheid van julle harte dat Moses julle toegelaat het om van julle vrouens te skei, maar dit was nie van die begin af so nie. Ek sê vir julle: Elkeen wat van sy vrou skei, behalwe oor owerspel, en met 'n ander een trou, pleeg egbreuk'" **Matt 19:7-9.**

> "...As die ongelowige egter wil skei, laat hom skei. In sulke gevalle is die gelowige man of vrou nie gebind nie. God het julle geroep om in vrede te lewe ..." **1 Kor 7:15.**

**Probleemstelling:** Die Skrif verbied egskeiding, maar dit word nie meer vandag toegepas nie. Daarom kan homoseksuele verhoudings toegepas word, al verbied die Skrif dit.

Jesus neem die spanning in die destydse samelewing ten opsigte van egskeiding weg. Dit blyk dat daar in die destydse Joodse gemeenskap wel die gebruik of moontlikheid was om te skei. Hierdie gebruik kom uit Deut 24:1-4 en in Jer 3:8 is dit ingestel as motivering vir egskeiding. Jesus neem sterk standpunt in téén die gebruik in die destydse samelewing se interpretasie van die wet van Moses. Volgens daardie tyd se interpretasie kon 'n man van sy vrou skei indien hy enigiets by haar gevind het wat hom irriteer. By Jesus dui só 'n gesindheid op die "hardheid van julle harte". Dit pas nie by Sy volgelinge nie.[542]

[542] Hagner, Donald A., **Word Biblical Commentary, Volume 33b: Matthew 14-28,** (Dallas, Texas: Word Books, Publisher) 1998; MacArthur John, **Matthew 1-7**, [The Moody Bible Institute], Chicago, 1985. Schweizer Eduard, **The Good News according to Matthew**, p 122-126, [John Knox Press], London, 1975. Jesus se kritiek teen hierdie gebruik by die Jode is omdat sommige mans van vroue slegs seks simbole gemaak het. Verder is sulke optrede diskriminerend teenoor vroue en tas hul menswaardigheid aan.

Dit wil voorkom asof beide Paulus en Matteus Jesus se siening rakende egskeiding interpreteer asof daar wél in 'n geringe mate verligting vir hierdie daad gekom het, naamlik in die geval van owerspel of om godsdienstige rede. In beginsel handaaf hulle egter Jesus se verswarende standpunt teen egskeiding (1 Kor 7:10-16).[543]

Dit is billik om aan te toon dat die Kerk deur die eeue heen egskeiding nie in 'n positiewe lig beoordeel het nie. Selfs vandag, beoordeel die Kerk egskeiding nie as iets wat gewens is nie.

Die ooreenkoms binne 'n Nuwe Testamentiese konteks is dat in beide homoseksuele verhoudings en egskeiding, daar vergifnis bestaan in die geval van berou. Egskeiding is egter nie 'n voorbeeld wat gehandhaaf kan word nie. Die rede daarvoor is:

- ✝ dat soos in die geval van homoseksuele verhoudings, die Kerk in die algemeen nie positief oor egskeidings is nie.
- ✝ die Nuwe Testament wél in geringe mate daarvoor ruimte laat (slegs tov owerspel en om godsdienstige redes), maar in wese die Ou Testamentiese voorskrifte verswaar.
- ✝ dit nooit ruimte laat vir homoseksuele huwelike of verhoudings nie.
- ✝ dat praktyke in die samelewing tog nooit Skrifbeginsels rakende moraliteit kan ophef nie. In hierdie gevalle kan nòg die gebruik van egskeiding onder gelowiges, nòg die gebruik onder sommige gelowiges om langtermyn homoseksuele verhoudings te hê, die standpunte van die Skrif ophef nie. Dit sou eerder korrek wees dat

---

[543] Gromacki Robert G, **Called to be Saints – An Exposition of 1 Corinthians,** p 90-91, [Baker Book House], Grand Rapids, 1977; MacArthur John, **1 Corinthians**, 164-165, [The Moody Bible Institute], Chicago, 1984. Paulus beroep sy standpunt "op die Here". Dit is daarom 'n duidelike boodskap dat Christene nie mag skei nie.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)


die kerk terugkeer na die morele standpunt van die Skrif, as om die siening van die samelewing te volg.[544]

'n Laaste argument wat deur voorstanders van homoseksuele verhoudings en –huwelike gebruik word, is dat die Skrif nie baie na homoseksuele praktyke verwys nie.

## 1.12. Daar is nie baie tekste wat oor homoseksuele praktyke praat nie.

Bogenoemde argument is gewild onder voorstanders van homoseksuele verhoudings en –huwelike. Die vraag is of dit inderdaad 'n sterk argument is. Deur hierdie argument te gebruik, word die persepsie geskep dat die tekste wat homoseksuele verhoudings verbied geïgnoreer kan word.

Die argument moet in die eerste plek in terme van die Skrif se siening van seksualiteit in die algemeen beoordeel word. Soos later in hierdie studie aangetoon sal word, handhaaf die Skrif van begin tot einde konsekwent slegs een vorm van seksuele verhoudings: heteroseksuele verhoudings. Die tekste in die Skrif wat oor homoseksuele verhoudings of –praktyke handel is verder ook glad nie so min nie - dit is Gen 9:20-27; 19:4-11; Rigt 19:22-25; Lev 18:22; 20:13; Eseg 16:50 (moontlik ook Eseg 18:12 en 33:26 – dit sal later beredeneer word); Rom 1:26-27; 1 Kor 6:9; 1 Tim 1:10 en waarskynlik ook Jud 7 sowel as 2 Pet 2:7.[545]

---

544 Hays Richard B, **The Moral Vision of the New Testament – A Contemporary Introduction to New Testament Ethics**, p 366-376, [Harper], San Fransico, 1996.

545 Dearman J Andrew, **Marriage in the Old Testament – Biblical Ethics and Homosexuality**, p 53-67, [Oxford University Press], New York, 1988. Evalueer die voorkoms van die homoseksuele tekste in terme van die feit dat die Skrif nêrens pertinent die opdrag om kinders te doop gee nie, en tog is die kinderdoop een van die sakramente van die meeste kerke in die wêreld. Die Skrif self gebruik nooit die begrip sakrament nie, en feitlik alle kerke het 'n sakramente teologie. Daar is verder ook bittermin tekste wat oor die leer van die Uitverkiesing of die leer van die Verwerping handel, en tog is ook dít een van die leerstukke van baie kerke.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

'n Verdere probleem met die "tekste-argument" is dat frekwensie met inhoud en belangrikheid verwar word.[546] Daar is minder tekste in die Skrif wat bloedskande of bestialiteit verbied, en tog word hierdie seksuele praktyke vandag deur Christene én nie-christene verwerp. Die Skrif is dikwels 'n *ad hoc* geskrif. Dit beteken dat die skrywers daardie "sake" waarmee hulle gekonfronteer is, aangespreek het. Indien sekere sake dus minder onder die gelowiges (volk van God) voorgekom het, is daar minder daaroor geskryf. Indien homoseksuele verhoudings daarom 'n algemene voorkoms onder die mense van God was, sou die Skrif baie meer daaroor gesê het.[547] As die argument dat die Skrif feitlik niks oor homoseksuele verhoudings sê nie, gehandhaaf kan word (en ek glo dat dit nie kan nie), bevestig dit juis die verbod op sulke verhoudings. Dit dui op 'n universele verwerping van sulke verhoudings. Só 'n argument doen dan juis die teenoorgestelde as wat voorstanders van homoseksuele verhoudings wil hé dit moet doen.

Daar is verder nie een geloofsheld in die Skrif wat in homoseksuele verhoudings betrokke was nie (vgl Noag, Abram, Isak, Jakob, Moses, Dawid,

---

[546] Daarom is die argument dat die oorspronklike bedoeling van die outeur nie vasgestel kan word nie (soos voorstanders van die postmoderne hermeneutiek sowel as voorstanders van homoseksuele verhoudings en –huwelike doen), so gevaarlik. Die vraag wat gevra behoort te word, is hoe belangrik was die betrokke Skrifgedeeltes vir die Skrywer – ook in terme van die moraliteit wat hy onder God se mense wou vestig. Indien die oorspronklike bedoeling van die outeur en die belangrikheid van die boodskap wat hy wou oordra nie vasgestel kan word nie, beteken dit dat die Bybelleser in die teks kan inlees soos hy/sy dit graag wil verstaan. Op die ou einde word dit niks minder as 'n "gesofistikeerde vorm van allegoriese Skrif uitlegkunde" nie. Juis dit wat voorstanders van homoseksuele verhoudings voorgee hulle nie doen nie.

[547] Balz Horst, **Biblische Aussagen zur Homosexualiteit**, p 64, [ZEE 31], 1987; Hays Richard B, **The Moral Vision of the New Testament – A Contemporary Introduction to New Testament Ethics**, p 381, [Harper], San Fransico, 1996. **Dit is vreemd om op grond van die "getalle voorkoms van tekste" aan 'n saak morele of etiese gesag te gee, of nie.** Om so met die Skrif te werk ontken juis die sosio-historiese karakter van die Skrif. Dit beteken dat die Skrif bloot 'n sistematiese boek word wat geen verband hou met die probleme en vraagstukke van die mense waartydens die onderskeie Bybelgedeeltes geskryf is nie. Die Skrif is dus 'n Boek wat in die lug rond dryf met geen appél nie.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Petrus en vele meer). Nie een van hulle het 'n homoseksuele verhouding van "liefde en trou" gehad nie. Selfs wanneer die geloofshelde seksuele mistappe begaan het, was dit heteroseksueel van aard. Wanneer daar voorskrifte in verband met seksuele verhoudings en huwelike gegee word, is dit konsekwent binne die heteroseksuele konteks.[548] Dit is daarom logies en duidelik dat die tekste argument 'n swak argument is en nié gehandhaaf kan word nie.

Op hierdie stadium gee ek 'n skematiese samevatting van die onderskeie analoë voorbeelde kragtens die hermeneutiek van suspisie en vergelyk dit met die resultate van die krities-realistiese hermeneutiek, die hermeneutiek van analogie en die Verligtings-bewegingshermeneutiek.

## 1.9. Skematiese voorstelling van die analoë voorbeelde wat die Skrif onder verdenking plaas

| **Hermeneutiek** | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **Suspisie of Verdenking** | **Krities-realistiese** | **Analogie** | **Verligtings-beweging** | **Voorbeeld gehandhaaf / Verwerp** |
| **Wêreldbeeld** | Lyk vandag anders, maar handel nie oor moraliteit nie. | God het geskep. | Skrif gee nie een skeppingsweergawe nie, maar vele. | Verwerp. |
| **Ewolusie** | Lyk vandag anders, maar handel nie oor moraliteit nie | God het geskep. | | Verwerp. |
| **Gemeenskap met menstruerende vrou** | | Leef gesond. Respekteer die privaatheid van die mens. Handhaaf die menswaardigheid | Jesus maak fisiese kontak met menstruerende en "onrein" vroue. Verligting ten opsigte van | Verwerp. |

548 Gagnon Robert AJ, **The Bible and Homosexual Practice – Text and Hermeneutics**, P 438, [Abingdon Press], Nashville, 2001.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| | | van vroue. | destydse samelewing | |
| **Kleredrag** | | Bly weg van afgode af.<br>Bly weg van homoseksuele praktyke af. | | Verwerp. |
| **Eetgewoontes** | | Leef afgesonder vir God.<br>'n Praktiese beperking op die vryheid van die Christen ter wille van die swakkere gelowiges.<br>Handhaaf die eenheid van die Kerk. | Wat vir God besonders is, mag mense nie minag nie. | Verwerp. |
| **Inklusiwiteit van Kerk** | | Almal wat in Jesus glo is welkom in die kerk.<br>Handel oor geloof, nie oor bevestiging van immorele gedrag nie. | Nuwe Testament beweeg in lyn met die bevryding van die Ou Testament om heidene wat "glo" in God se volk op te neem. | Verwerp. |
| **Vra van Rente** | | Handhaaf ook finansiële verantwoordelikheid.<br>Verwerp materialisme en gierigheid.<br>Daar is ander dinge wat belangriker as besittings is.<br>Moenie mense uitbuit nie | Jesus bied in sy gelykenisse verligting ten opsigte van die Ou Testamentiese gebruike. | Verwerp. |
| **Geweld** | | | Jesus hef hierdie lewensfilosofie in sy geheel op. | Verwerp. |
| **Doodstraf** | | Ou Testament laat | | Verwerp |

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)


UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| | | alle moordenaars nie met die dood gestraf word nie (Kain en nie-opsetlike moorde). Die boodskap is daarom dat moordenaars ook met menswaardigheid behandel moet word. Staat moet die burgers teen wreedaards beskerm. Moord bly verkeerd. | | *Daar is nie vandag eenstemmigheid onder gelowiges oor die doodstraf nie.* |
| **Vrou** | | Beperking van vryheid ter wille van die goeie naam van God en sy familie. Moenie deur kleredrag mense verlei nie (moenie seksueel losbandig leef nie). | Vroue mag wél in eredienste lering gee. Mans en vroue is aan mekaar onderdanig – dus 'n duidelike verligting ten opsigte van die destydse kultuur | Verwerp. |
| **Slawerny** | | | 'n Duidelike verligting binne beide die Ou Testament en die Nuwe Testament ten opsigte van destydse kulture. Nuwe Testament impliseer selfs die emansipasie van die slaaf. | Verwerp. |
| **Egskeiding** | Kan wel plaasvind in die geval van | God het die huwelik ingestel as 'n | Geen verligtingsmotief | Verwerp |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| | owerspel en om godsdienstige redes. Dit bly egter ongewens. | skeppingsordening. | nie, maar wel 'n verswarende motief. Samelewing is nie die norm vir wat met die huwelik mag gebeur nie. | |

Noudat aangetoon is dat die hermeneutiek van suspisie nie reg doen aan die debat nie, wil ek op 'n voorbeeld wys wat na my mening wel 'n relevante analoë voorbeeld kan wees.

## 2. 'n Beter analoog: Bloedskande?

Anders as bogenoemde analoë voorbeelde kan die gebruik van bloedskande as 'n seksuele gebruik waarskynlik eerder gebruik word.[549] Daar is basies twee redes hiervoor:

- ✝ Dit is alreeds uitgewys dat die antieke filosowe [Aristoteles: Nicomachanaen Ethics 1148b; Xenophon : Constitution of the Lacedaimonians 2.13] en buite Bybelse Joodse skrywers [Josefus : The works of Josephus] dikwels in verwysings na homoseksuele verhoudings, ook na bloedskande verwys.
- ✝ In Lev 18 en 20, sowel as in 1 Kor 6 vind die verwysing na homoseksuele verhoudings òòk in die konteks van bloedskande plaas.

Daar is heelwat ander seksuele verhoudings in Levitikus 18 wat naas homoseksuele intimiteit, ook afgewys word. Sulke seksuele verhoudings is prostitusie, owerspel, bestialiteit, pedofilie en bloedskande. Soos met

---

549 Botha PH, **Die Sinode & Homoseksualiteit – 'n Kritiese Evaluering van die Homoseksualiteitdebat in die NGK in Suid-Afrika**, p 211-212, [Khanya Press], Kranskop, 2005; Gagnon Robert AJ, **The Bible and Homosexual Practice – Text and Hermeneutics**, p 471-483, [Abingdon Press], Nashville, 2001

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

homoseksuele intimiteit, gaan prostitusie, owerspel en bloedskande oor seksuele verhoudings waarby wedersydse toestemming betrokke is.

Beide homoseksuele- en bloedskandelike intimiteit het die volgende ooreenkomste:[550]

- ✝ Die skrywers van die Bybel verwerp beide in ewe sterk taal. Seksuele omgang met persone van dieselfde geslag was in wese ernstiger beoordeel as bloedskande.
- ✝ Beide kan met wedersydse toestemming, volwasse toestemming en in 'n langtermyn verhouding plaasvind.
- ✝ Verwerp omdat dit deels die veronderstelling het dat die mense wat hierby betrokke is, redelike ooreenstemming met mekaar het. Waar homoseksuele omgang seks is tussen twee persone wat fisies totaal onaanpasbaar (dieselfde geslag) is, is bloedskandelike verhoudings seksuele omgang tussen mense wat wél fisies aanpasbaar is, maar van dieselfde familie.
- ✝ By beide vorme van seksuele omgang is daar wél van verhoogde psigososiale probleme sprake.

Daar kan natuurlik heelwat besware teen bloedskande as 'n analoog ten opsigte van homoseksuele verhoudings ingebring word. Die vraag is egter of die volgende ook geargumenteer sou word:[551]

- ✝ Iemand kan nie moreel verantwoordelik gehou word vir sy/haar betrokkenheid by bloedskandelike verhoudings nie.
- ✝ Om 'n sterk standpunt teen bloedskande in te neem, is om 'n streep deur die dubbele liefdesgebod te trek, God se genade in Christus te ignoreer en dui op onverdraagsaamheid.

[550] Via Dan O & Gagnon Robert AJ, **Homosexuality and the Bible**, p 48, [Fortress Press] Minneapolis, 2003.
[551] Via Dan O & Gagnon Robert AJ, **Homosexuality and the Bible**, p 49-50, [Fortress Press] Minneapolis, 2003.

- Die gedeeltes in die Skrif waarin bloedskandelike verhoudings verwerp word, moet as uitgediende reinheidswette hanteer word. Dit dui eerder op bloedskandelike verhoudings van pervesiteit en kultiese praktyke.
- Die doodstraf (soos deur van die Levitikus skrywer gegee) op bloedskandelike verhoudings, is rede genoeg om daardie gedeeltes nie meer vandag van toepassing te maak nie.
- Aangesien Jesus nie 'n duidelike standpunt teen bloedskande ingeneem het nie, is bloedskandelike verhoudings vandag aanvaarbaar.
- Indien persone wat in 'n bloedskandelike verhouding betrokke is, mekaar werklik lief het, het dit niks met die Kerk te doen nie.
- Weerstand teen bloedskandelike verhoudings, maak ons "bloedskandfobies" ('n verwysing na homofobies).

In hierdie studie is tot dusver al aangedui dat soortgelyke argumente (net op homoseksuele verhoudings van toepassing) gebruik word om homoseksuele verhoudings en –huwelike te regverdig.

Op die stadium behoort die hoofstuk in evaluering geneem te word.

### 3. 'n Beoordeling

'n Ernstige beswaar teen die hermeneutiek van suspisie (soos in hierdie debat gebruik word), is dat dit slegs na aspekte voor die teks kyk, en nie na die boodskap of beginsels in die teks nie. Deur dit te doen, word die geloofwaardigheid van die outeur én die se "waarheidsbegrip" onder suspisie gebring. Soos in die vorige hoofstuk uitgewys, loop dit hand-aan-hand met die post-moderne hermeneutiek omdat die bestaan en vasstelling van die

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)


waarheid soos in die teks gegee, onder verdenking gebring word.[552] Dit is met ander woorde dan logies dat Skrifgedeeltes wat geen "betekenis" het nie, nie meer as die bron van kennis vir 'n bepaalde saak gebruik kan word nie[553] (soos dat die skeppingsverhaal nie praat van 'n skeppingsorde van geslagtelikheid nie; dat die Levitikus en Deuteronomium uitsprake slegs gaan oor onreinheid – wat vandag nie meer bestaan nie – en kultiese homoseksualiteit én dat Paulus slegs verwys na afgodery, perversiteit en pederastie. Vir hom was homoseksualiteit soos ons dit vandag ken onbekend).

Om sò met die Skrif om te gaan, is gevaarlik, want dan kan die Skrif geen geloofsboek wat ons lewe in **norme, waardes** of **moraliteit** wil orden, wees nie. Dit verkrag ons menswees en die wese van wat ons glo (ons konstitusie). Op hierdie manier word die meeste van wat ons weet en glo soos deur die "getuienisse" van die Bybelskrywers aan ons oorgedra, geëlimineer. Die kennis van die Bybelskrywers soos in hul getuienisse aan ons oorgedra, gaan daarom heeltemal verlore. Op die ou einde kan ons nie méér as hulle vir ons spesifieke situasie sê nie, maar inderdaad minder (want ons het geen getuienis meer om op te staan nie - JP). Indien daar geen geloofwaardigheid in die getuienis van die Skrifskrywers meer is nie, word 'n streep deur ons hele geloofsoortuigings en –lewe getrek. Daarom aanvaar ons in geloof dat die hele Bybel (Ou- en Nuwe Testamente) die gesamentlike getuienis van God se gemeenskap oor sy selfopenbaring (ook in etiek, moraliteit, norme en waardes) aan sy mense is.[554] Om daardie rede kan ons die teks nie ignoreer nie én kan ons nie nét die teks oppervlakkig lees nie (soos in hierdie hoofstuk aangetoon is, pro-gay teoloë wel doen), maar moet

[552] Vanhoozer Kevin J, **Is there a meaning in this text?** P 290, [Apollos - Intervarsitypress], Leicester, England, 1998.
[553] Vanhoozer Kevin J, **Is there a meaning in this text?** P 191, [Apollos - Intervarsitypress], Leicester, England, 1998.
[554] Vanhoozer Kevin J, **Is there a meaning in this text?** P 192, [Apollos - Intervarsitypress], Leicester, England, 1998.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)


ons in die teks gaan soek na die **waardes, norme** en **moraliteit** wat God se mense deur Sy selfopenbaring in geloof aan ons wil oordra.

In hierdie hoofstuk is aangetoon hoedat die hermeneutiek van suspisie nie nét die algemene geloofswaarhede (soos in hierdie hoofstuk uitgewys) in gedrang bring nie, maar ook dat dit in wese sekere tekste op die kantlyn plaas sodat 'n eie vooropgestelde standpunt daardeur gedien kan word. Daarteenoor is aangetoon dat wie met 'n krities-realistiese hermeneutiek, die hermeneutiek van analogie en die Verligtings-bewegingshermeneutiek werk, nog steeds relevante antwoorde vir die mens van vandag kry. Om daardie redes kan die getuienis van die hele Skrif rakende seksualiteit in die breë, en homoseksualiteit in die engere sin, wél ondersoek word.

In die volgende hoofstuk sal die Skriftuurlike getuienis rakende seksualiteit bestudeer word.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# 5

# Seksualiteit en die gebrokenheid as hermeneutiese sleutels

"Historically, the church has taught that we are all
to strive for obedience to a Biblical sexual ethic of chastity
in heterosexual marriage or celibacy outside of marriage"
**- Jones Stanton & Mark Yarhouse -**

Uit die vorige twee hoofstukke is die gevolgtrekking gemaak dat die bestudering van die teks van die Bybel nog steeds relevant is om antwoorde vir die vrae wat die hedendaagse mens vra, te kry. Dit is nou 'n logiese gevolg dat die getuienis van die Skrif rakende die vraagstuk oor homoseksuele huwelike en –verhoudings ondersoek word.

Daar kan nie sinvol oor die vraagstuk van homoseksuele huwelike en – verhoudings geteologiseer word, indien daar nie 'n duidelike definisie vir seksualiteit is nie. Daarom sal die eerste deel van hierdie hoofstuk aan die vraag na 'n Skriftuurlike beeld van seksualiteit afgestaan word. Die ontwikkeling van seksualiteit sal gevolg word tot en met vandag. Daarna sal die vraagstuk van sonde bestudeer word. Die kwessie van homoseksuele huwelike en –verhoudings gaan hand-aan-hand met 'n mens se sondebeskouing.

In hierdie hoofstuk sal op 'n spesifieke metode te werk gegaan word. In die eerste plek sal die probleemstelling gegee word. Daarna sal verduidelik word hoe pro-gay groepe teologiseer om aan te toon dat homoseksuele verhoudings en –huwelike nie in die betrokke gedeeltes ter sprake is nie.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Laastens sal verdere teologisering gedoen word om die pro-gay teologisering in evaluering te neem.

Hoewel hierdie studie nie 'n Ou Testamentiese studie is nie, is daar enkele Ou Testamentiese gedeeltes wat wel vir die studie relevant is. Hierdie gedeeltes sal slegs oorsigtelik hanteer word. Aangesien Gen 1 en 2 die skepping van die man én vrou as aparte seksuele wesens wat by mekaar pas weergee, word in hierdie hoofstuk heel by die begin van die Skrif begin: Genesis 1 tot 4.

## 1. 'n Bybelse Seksualiteit

### 1.1. Die getuienis van Gen 1-4

> "Toe het God gesê:'Kom Ons maak die mens as ons verteenwoordiger, ons beeld, sodat hy kan heers ...'. God het die mens geskep as sy verteenwoordiger, as beeld van God het Hy die mens geskep, man en vrou het Hy hulle geskep. Toe het God vir hulle geseën en vir hulle gesê:"Wees vrugbaar, word baie, bewoon die aarde en bewerk dit. Heers ..." (Gen 1:26-28)

> "Die Here God het toe die mens gevorm uit die stof van die aarde en lewensasem in sy neus geblaas, sodat die mens 'n lewende wese geword het. ...Verder het die Here God gesê: 'Dit is nie goed dat die mens alleen is nie. Ek sal vir hom iemand maak wat hom kan help, sy gelyke" ... en die ribbebeen wat Hy uit die mens geneem het, bou Hy om tot 'n vrou en bring haar na die mens toe ... Daarom sal 'n man sy vader en moeder verlaat en saam met sy vrou lewe, en hulle sal een word. Hulle twee, die mens en sy vrou, was kaal, maar hulle was nie skaam nie" (Gen 2:7, 18, 22, 24).

**Skep van suspisie:** Die Genesis verhale (1-3) kan nie gebruik word om uit die skepping van 'n man én 'n vrou die afleiding te maak dat heteroseksuele verhoudings 'n Godgegewe skeppingsordening is nie. Daarom kan hierdie

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

gedeeltes nie gebruik word om homoseksuele huwelike en –verhoudings as onskriftuurlik af te wys nie.

**Beredenering van suspisie:**

'n Siening van seksualiteit wat Gen 1-3 as 'n begronding vir heteroseksuele verhoudings gebruik, is nie korrek nie. Die konteks waarbinne Gen 1:1-2:4 ontstaan het, was die Babiloniese ballingskap. Daarom behoort na dié gedeelte eerder as 'n teologies-pastorale geskrif verwys te word. Die tweede skeppingsverhaal (Gen 2:5-3:24) handel oor die krisis van menswees en God se genadige herstel daarvan.[555] Dit is dan ook belangrik om te let dat hierdie verhale die lof van God besing, terwyl God se mense swaarkry. Die mense wat swaarkry en in die versoeking is om die afgode van Babel te aanbid, word herinner dat die mens die klimaks van die skepping is (1:26vv), en dat die mens ook die sentrum van die skepping is (2:15).[556] Daarom kan hulle nie afgode aanbid nie.

Menslike seksualiteit se taak is egter nie primêr voortplanting nie. Gen 2 plaas nie die fokus van seksualiteit op voortplanting nie, maar op kameraadskap, gelykheid en wederkerigheid. "Voortplantingseks" is nie hiervoor nodig nie. Die feit dat baie pare kinderloos (uit eie keuse of weens onvrugbaarheid) is, en hul verhoudings normaal is, versterk bogenoemde argument. Die bestaan van gelukkige enkellopers dui ook daarop dat God nie seksualiteit (binne die konteks van man en vrou) as die enigste vorm van menswees wou hê nie. [557] Die opdrag om kinders te hê beteken eintlik dat alle mense manlik én vroulik, wit én swart, heteroseksueel én gay,

---

[555] Sinode van die NGK van Oos-Transvaal, p 13, Uitdeelstuk - **Homoseksualisme**, Ongepubliseer, 2001.
[556] Sinode van die NGK van Oos-Transvaal, p 13, Uitdeelstuk - **Homoseksualisme**, Ongepubliseer, 2001.
[557] Sinode van die NGK van Oos-Transvaal, p 14, Uitdeelstuk - **Homoseksualisme**, Ongepubliseer, 2001.

kinders van God is. Identiteit is daarom nie in iemand se seksualiteit te vind nie. [558]

In die antieke volke het geslagtelikheid geen rol ten opsigte van seksualiteit gespeel nie. Ander gedeeltes in die Skrif, waar na die mens as beeld van God verwys word, verwys nie na geslagtelikheid (manlik en vroulik) nie. Dit is daarom nie korrek om Gen 1 en Gen 2 as 'n bloudruk vir heteroseksuele seksualiteit te sien nie.[559] Die verwysing na die geslag wil eintlik net daarop wys dat die bestaan van twee geslagte belangrik is vir die voortbestaan van diere sowel as mense is.[560] Wanneer die man in Gen 2 na die vrou verwys en sê dat hulle een sal wees, wys dit nie uitsluitlik op seksuele eenheid nie. Hierdie eenheid is maar een van vele ander. [561]

Daarom dui Gen 2 dat dit eerder gaan om medemenslikheid. 'n Mens het verhoudings tot 'n ander nodig, met ander woorde 'n verhouding tot mede-mensewees.[562] Binne die noodsaak dat mense in verhoudings tot ander mense moet staan om volkome menswees te ervaar, gaan dit nié net om heteroseksuele verhoudings nie. In homoseksuele verhoudings kan volle menswees ook ervaar word. Dit moet onthou word dat God nie geslagtelik is nie (hy openbaar Hom wel aan die mens in terme van geslagtelikheid -

---

[558] Sinode van die NGK van Oos-Transvaal, p 14, Uitdeelstuk - **Homoseksualisme**, Ongepubliseer, 2001; O'Donovan Oliver, **Homosexuality in the Church: Can there be a fruitful theological debate**, p 29, [SCM Press], Cambridge, 1997; Williams Rowan, **Knowing myself in Christ,** p 12-19, [SCM Press], Cambridge, 1997. Beide O'Donovan en Rowan se uitgangspunt is dat 'n persoon se identiteit in Christus alle vorms van seksualiteit ophef. Daarom is homoseksualiteit onder Christene aanvaarbaar want hulle is by Christus aanvaarbaar (Gal 3:28). Om die rede is alle pogings om homoseksuele persone te "rehabiliteer" sonde, want dit ontken die homoseksuele persoon se identiteit in Christus.

[559] Rapport aan de Generale Synode van Dordrecht 1971/1972, **Over mensen die homofiel zijn**, p 15, Dordrecht, Desember 1971.

[560] Rapport aan de Generale Synode van Dordrecht 1971/1972, **Over mensen die homofiel zijn**, p 15, Dordrecht, Desember 1971.

[561] Rapport aan de Generale Synode van Dordrecht 1971/1972, **Over mensen die homofiel zijn**, p 15, Dordrecht, Desember 1971.

[562] Rapport aan de Generale Synode van Dordrecht 1971/1972, **Over mensen die homofiel zijn**, p 15, Dordrecht, Desember 1971.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)


JP).[563] Dit beteken dat die mens, van watter geslag ook al bymekaar pas, nie mens én dier nie.[564] Die feit dat Gen 2 van 'n seksuele verhouding tussen 'n man en 'n vrou praat, is bloot toevallig.[565]

As die mens beeld van God is, moet ons onthou dat beide heteroseksuele- en homoseksuele mense beeld van God is.[566] Dit beteken nie dat die beeld van God na vore kom in heteroseksualiteit as die enigste vorm van seksualiteit nie.[567] Die implikasie dat die mens beeld van God is, is dat God met die mens in verhouding wil tree. Hy wil dus hê dat die mense tot Hom, tot mekaar (in verhoudings) en tot die skepping in verhouding (kultuur opdrag) sal tree.[568] Die verhouding wat die mens daarom het as gevolg van sy wederkerige verhouding met God, kan beskryf word as 'n verhouding van vryheid en liefde. [569] Dit is hierdie vryheid wat aan mense die ruimte skep om in liefde teenoor mekaar op te tree. Binne hierdie vryheid en liefde kom beginsels soos kameraadskap en wederkerigheid op die tafel. [570]

In die 2 skeppingsverhale het ons te doen met 'n **aetiologiese karakter** van seksualiteit. 'n Aetiologiese verhaal gaan van die uitgangspunt af uit dat iets op 'n gegewe moment normaal is. Op daardie stadium toe die twee

---

[563] Rapport aan de Generale Synode van Dordrecht 1971/1972, **Over mensen die homofiel zijn**, p 15, Dordrecht, Desember 1971.

[564] Kommentaar van SKLAS op verslag pastoraat aan die homoseksuele persoon; Die kerkvergadering of werkgroep wat hierdie verslag van 15 bladsye opgestel het is onbekend, so ook die datering van die verslag.

[565] Wessels Frans, **Die kerk en homoseksualiteit – Suid-en Wes-Kaapland sinode SKLAS Konsep-werksdokument,** p 1, Picardie gastehuis, 24-25 Maart 2004.

[566] Report of Committee Church and Theology to the general synod of the ReformedChurches in the Netherlands (GKN), p 12, Sequel to "**God with us**", Gouda 1985.

[567] Christian reformed Churches in the Netherland, p 3, **A Sound Pastoral approach with regard tot homosexual church members,** ongedateer.

[568] Gereformeerde Kerken in Nederland, **In Liefde Trouw Zijn**, p 24, (Centrum voor de Nederlandse Hervormde Kerk, Drieberge) 1983.

[569] Gereformeerde Kerken in Nederland, **In Liefde Trouw Zijn**, p 24, (Centrum voor de Nederlandse Hervormde Kerk, Drieberge) 1983.

[570] Gereformeerde Kerken in Nederland, **In Liefde Trouw Zijn**, p 24, (Centrum voor de Nederlandse Hervormde Kerk, Drieberge) 1983; Vibrant Simon, **Divine Order and Sexual Conduct,** p 113-125, [SCM Press], Cambridge, 1997.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

skeppingsverhale geskryf was, was heteroseksuele huwelike en –verhoudings die norm. [571] Dit beteken dat die siening in hierdie verhale dat heteroseksuele verhoudings 'n sogenaamde skeppingsordening is, in wese maar slegs kultuurgebonde is aan die destydse konteks toe die verhale geskryf is. [572]

In kort is die siening deur voorstanders van homoseksuele huwelike en –verhoudings rakende Gen 1-3 die volgende:

- ✝ Dit gaan nie oor seksualiteit as iets tussen man en vrou nie, maar eerder tussen twee persone waar daar wedersydse vryheid, kameraadskap, liefde en respek is. Om daardie rede is homoseksuele verhoudings en –huwelike aanvaarbaar.[573]
- ✝ Seksualiteit as man en vrou is nie 'n "skeppingsordening" nie.[574]
- ✝ Die doel van seksualiteit is nie voorplanting nie, maar is eerder 'n seënende en samebindende krag.
- ✝ "Beeld-van-God-wees" handel oor verhoudings.
- ✝ Gevolgtrekking: as dit so is, geld dit ook vir homoseksuele verhoudings en is daar dus niks verkeerd met homoseksuele huwelike nie.

---

[571] Rapport aan de Generale Synode van Dordrecht 1971/1972, **Over mensen die homofiel zijn**, p 15, Dordrecht, Desember 1971.
[572] Rapport aan de Generale Synode van Dordrecht 1971/1972, **Over mensen die homofiel zijn**, p 15, Dordrecht, Desember 1971.
[573] Bray Gerald, **Call to Biblical Values**, p 38-39, [SCM Press] Cambridge, 1997; O'Donovan Oliver, **Homosexuality in the Church: Can there be a fruitful theological debate?**, p 33-34, [SCM Press] Cambridge, 1997; Vasey Michael, **Strangers and Friends,** [Hodder& Stoutghton], 1995; Stuart Elizabeth, **Just Good friends,** [Mowbray], 1995; Stuart Elizabeth, **Dancing in the Spirit?,** p 70-85, {SCM Press], Cambridge, 1997; Vasey Michael, **Traveling Together?,** p 60-70, {SCM Press], Cambridge, 1997. Nie alle homoseksuele persone is ten gunste van homoseksuele huwelike nie. Vasey en Stuart is lesbiese persone wat homoseksuele huwelike afkeer. Hulle doen eerder 'n beroep op 'n hegte vriendskap tussen gay-persone. Daar bestaan 'n sterk beweging onder beide heteroseksuele en homoseksuele persone wat eerder van 'n "para-huwelik" (verbintenis) onder homoseksuele persone praat. Daar is ook onder heteroseksuele en homoseksuele persone voorstanders van 'n lewe van selibaat.
[574] Hallet Martin, **Truth and Love in our Sexual Feeling,** p 128-129, [SCM Press], Cambridge, 1997.

## 1.1. Konteks van Gen 1-3:

Verdere teologisering rakende die siening ivm bogenoemde beredering ten gunste van homoseksuele huwelike en –verhoudings verdien aandag: Die boodskap van die 2 skeppingverhale kan nie reg verstaan word nie, indien die ontstaansgeskiedenis van beide verhale nie in ag geneem word nie. Gen 1:1-2:4 is na Gen 2 & 3 geskrywe, tydens die tyd van ballingskap in Babilonië (586-539 vC).[575] Daar is duidelik 2 verskillende outeurs. Die eerste skeppingverhaal se outeur staan bekend as die P-bron (Priester-bron). Die eerste skeppingsverhaal (P-bron) wil uitloop op die rusdag waar God na alles gekyk het en tevrede was – dit was goed.[576] Die tweede skeppingsverhaal se outeur staan bekend as die J-bron [Jahwe-bron].[577] Van Rad wys dat Gen 1 [P-bron] 'n leerstellige gedeelte is wat oor eeue verder verryk is. [578] Ons vind hierin 'n spesifieke siening van die skepping en wêreldbeeld van destyds, maar dit is nie gegrond op 'n filosofiese uitgangspunt nie[579]. Daar is "niks toevallig" in die gedeelte nie. [580] Omdat dit 'n leerstellige gedeelte is, sou dit nie korrek wees deur te fokus op die mitologiese onwetenskaplike weergawes rondom die skeppingsverhaal nie. [581] Hoewel dit in die vorm van "geskiedenis" vertel word, is die nié 'n historiese dokument nie, eerder 'n

[575] Van der Watt Jan, Bosman Hendrik, du Rand Jan, Van Rensburg Fika, Nel Marius, Smit Dirkie, Venter Pieter, **Die Bybel A-Z,** p 100, [Christelike Uitgewersmaatskappy], Vereeniging, 2003.
[576] Gagnon Robert AJ, **The Bible and Homosexual Practice – text and Hermeneutics**, p 45, [Abingdon Press], Nashville, 2001.
[577] Van Rad Gerhard, **Genesis,** p 25, [SCM Press], London, 1985.
[578] Van Rad Gerhard, **Genesis,** p 25, [SCM Press], London, 1985.
[579] Coats George W, **Genesis with an Introduction to narrative Literature**, p 47, [William B Eerdmans Publishing Company], Grand Rapids Michigan, 1983.
[580] Van Rad Gerhard, **Genesis,** p 47, [SCM Press], London, 1985.
[581] Van Rad Gerhard, **Genesis,** p 25, [SCM Press], London, 1985.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)


"verslag". [582] 'n Verslag vertel sleg van sekere dinge, maar wil nie die spanning wat in die teks na vore kom, aanspreek nie. [583]

In Babilonië was daar baie skeppingsverhale (daar is reeds vroeër na die Nag Hammadi-skeppingsverhaal verwys) wat die Joodse ballinge begin beïnvloed het en hul godsdiens fokus van die God van hul voorvaders afgetrek het. [584] Gen 1 bring daarom 'n korreksie vir die Jode in ballingskap, aangesien hulle selfs die geskape dinge (son, maan, sterre) onder die invloed van hulle Babiloniese buurman as gode begin aanbid het.[585] Die regstelling is om aan die Jode in ballingskap te wys dat daar slegs één God is, HY is die skepper en versorger. Hy alléén moet aanbid word. [586]

Gen 2 & 3 volg weer glad nie dieselfde lyne as die eerste skeppingsverhaal van Gen 1 nie. Dit toon heelwat ooreenstemmings met die antieke Enuma Elish weergawe van die skepping. Daar is ook sterk ooreenstemming met die Gilgames Epog waarin mitologiese elemente na vore kom [587] As 'n narratiewe is dit 'n premoderne saga en verhaal. Ook hier is die doel van die geskrif nie om 'n wetenskaplike weergawe van die skepping te gee nie. [588] Die narratiewe wil die mens uitbeeld as 'beperkte en gevalle wesens binne

---

[582] Coats George W, **Genesis with an Introduction to narrative Literature**, p 47, [William B Eerdmans Publishing Company], Grand Rapids Michigan, 1983.
[583] Coats George W, **Genesis with an Introduction to narrative Literature**, p 47, [William B Eerdmans Publishing Company], Grand Rapids Michigan, 1983.
[584] Van der Watt Jan, Bosman Hendrik, du Rand Jan, Van Rensburg Fika, Nel Marius, Smit Dirkie, Venter Pieter, **Die Bybel A-Z,** p 100, [Christelike Uitgewersmaatskappy], Vereeniging, 2003.
[585] Burden Jasper & Deist Ferdinand, **Kom ons doen Bybelstudie**, p 46, [Acacia Boeke], Pretoria, 1986; Gowan Donald F, **From Eden to Babel: A Commentary on the Book of Genesis 1-11**, p 28-29, [Grand Rapids], 1988.
[586] Burden Jasper & Deist Ferdinand, **Kom ons doen Bybelstudie**, p 46, [Acacia Boeke], Pretoria, 1986.
[587] Coats George W, **Genesis with an Introduction to narrative Literature**, p 51, [William B Eerdmans Publishing Company], Grand Rapids Michigan, 1983.
[588] Coats George W, **Genesis with an Introduction to narrative Literature**, p 47, [William B Eerdmans Publishing Company], Grand Rapids Michigan, 1983.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

God se wonderlike skepping. [589] Die J-bron teken die negatiewe konsekwensies van die mens se ongehoorsaamheid en die mens se meegaande afhanklikheid van God.

"n Belangrike faset in die twee skeppingsverhale, is die skepping van seksualiteit. Soos reeds aangedui, beweer pro-gay teoloë dat die skepping van die man én vrou nie heteroseksualiteit as 'n skeppingordening wil vestig nie.

**1.2. Seksualiteit in die verhale van Gen 1-4**

Die skepping van die mens as beeld van God het ook implikasies vir seksualiteit en vir die familiebeeld wat veral in die Nuwe Testament na vore kom. Wanneer God die mens as sy beeld maak, impliseer dit ook dat God heerskappy oor die mens voer (en gehoorsaamheid verwag). Dit staan in kontras met die mens wat weer heers oor die skepping. Op hierdie wyse heers God oor alles.[590] So staan die hele skepping in verhouding met God.

Seksualiteit word ook geskep. Die mens (**hb;qenÒW rk;zÉ** man en vrou – 1:27) word binne hul seksualiteit ter wille van die ander geskep.[591] Die uitdrukking, man en vrou, is 'n regsterm wat die seksuele verskille van die mens beklemtoon.[592] Volgens die P-bron vind die mens nie sy volkomenheid in eenslagtelikheid (slegs die man tot homself of die vrou tot haarself nie) nie, maar in heteroseksualiteit (die man tot die vrou vgl ook Gen 5:1-2 waar

---

[589] Coats George W, **Genesis with an Introduction to narrative Literature**, p 51, [William B Eerdmans Publishing Company], Grand Rapids Michigan, 1983.
[590] Van Rad Gerhard, **Genesis,** p 60, [SCM Press], London, 1985. Von Rad wys dat daardie beeld uit die gebruik in die antieke wêreld kom, waar konings standbeelde van hulle in provinsies opgerig het (waar hulle nie gereeld kon kom nie) om die inwoners van daardie provinsies daaraan te herinner dat hulle onder sy heerskappy staan.
[591] Van Rad Gerhard, **Genesis,** p 60, [SCM Press], London, 1985.
[592] Wenham, Gordon J., **Word Biblical Commentary, Volume 1: Genesis 1-15,** (Dallas, Texas: Word Books, Publisher) 1998.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

heteroseksualiteit en beeld van God in dieselfde asem genoem word).[593] Die skepping van man én vrou dui op die tipe gemeenskap waarbinne die twee vorme van menslike geslagtelikheid tot mekaar "behoort" te staan.[594] Dit is ook belangrik om uit te wys dat beide skeppingsverhale vertel dat seksualiteit slegs uit een man en een vrou behoort te bestaan. Die begrippe wat in 1:27 gebruik word om die seksualiteit as manlik en vroulik aan te dui, word ook gebruik om in die res van die Ou Testament die verskillende geslagte by diere aan te dui.[595]

Die gebruik van poligamie het eers na die sondeval tot stand gekom.[596] Dit het ontstaan uit die nageslag van Kain (Gen 4:19). Verder moet die Bybelleser wel onthou dat selfs in poligamie seksualiteit binne die heteroseksuele idioom plaasgevind het (JP). Wanneer Gen 1 dan (soos ons dit vandag verstaan) na die huwelik verwys (alhoewel die antieke skrywers van Genesis 1-4 nog nie die huwelik soos ons dit vandag het geken het nie verstaan nie - JP), doen die P-bron outeur dit met twee spesifieke idiome in sy denke:

- ✝ Dit bestaan uit heteroseksualiteit
- ✝ Dit het onder andere binne hierdie heteroseksualiteit ook voortplanting ten doel.[597]

Gen 2:18vv beweeg van 'n algemene vertelling na 'n spesifieke vertelling waar God aan die mens 'n helper gee. Dit impliseer ook (soos Gen 1) die heerskappy van die mens oor die skepping.[598] God merk op dat daar by die man 'n alleenheid en verlange na 'n kameraad is. Wanneer Hy oor die skepping heengaan op soek na 'n kameraad wat reeds geskep is, vind Hy

---

[593] Van Rad Gerhard, **Genesis,** p 60, [SCM Press], London, 1985.
[594] Calvyn Johannes, **Genesis,** p 97, [The Banner of Truth Trust], Pennsylvania USA, 1965.
[595] Gispen WH, **Genesis**, p 78. [Uitgeversmaatschappij JH Kok], Kampen, 1974.
[596] Calvyn Johannes, **Genesis,** p 97, [The Banner of Truth Trust], Pennsylvania USA, 1965.
[597] Calvyn Johannes, **Genesis,** p 98, [The Banner of Truth Trust], Pennsylvania USA, 1965.
[598] Coats George W, **Genesis with an Introduction to narrative Literature**, p 53, [William B Eerdmans Publishing Compony], Grand rapids Michigan, 1983.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

dat niks by die man pas nie (2:19).[599] Dan skep God **hcal** en nié nog 'n **mdah** nie. Die seksualiteit tussen man en vrou en as man en vrou word deur **hwhy** self gegee en begrond.[600] Vers 23 verwys dat die skepping van die vrou in 'n besondere en intieme verhouding met die man staan. Die J-bron outeur wil vertel dat die vrou die gepaste maat vir die man is. [601] Die vrou is nie slegs **soos** die man gemaak nie, maar ook ***vir*** die man.[602] Sy is **seksueel** aanvullend vir hom – die ideale andere. Die intimiteit tussen die man en vrou word geïllustreer deur haar ontstaan uit die man. [603] Die verhaal beweeg na die illustrasie van die volmaakte eenheid tussen die man én sy maat (die vrou). [604] Dit is belangrik om te erken dat Gen 2 nie soseer wil fokus op voortplanting tussen die man én vrou nie, maar op die kameraadskap, wederkerigheid, liefde en trou tussen **man én vrou**.[605]

---

599 Gispen WH, **Genesis**, p 129. [Uitgeversmaatschappij JH Kok], Kampen, 1974.

600 Gispen WH, **Genesis**, p 129. [Uitgeversmaatschappij JH Kok], Kampen, 1974.

601 Calvyn Johannes, **Genesis,** p 135, [The Banner of Truth Trust], Pennsylvania USA, 1965.

602 Gagnon Robert AJ, **The Bible and Homosexual Practice – text and Hermeneutics**, p 61, [Abingdon Press], Nashville, 2001; Meyers Carol, **Discovering Eve: Ancient Israelite Women in Context**, p 85, [Oxford University Press], New York, 1988; Whitaker Richard E, **Creation and Human Sexuality**, p 9, [Fortress Press], Minneapolis, 1997 handhaaf nie dieselfde standpunt nie.; Westermann Claus, **Genesis 1-11: A Commentary**, p 234, [Augsburg], Minneapolis, 1974. Die begrip "helper" impliseer nie dat die vrou minderwaardig teenoor die man is nie, maar eerder dat sy aanvullend sot die man se tekortkominge is.

603 Barth Karl, **Church Dogmatics IV, p 164-166**, [T&T Clark} Edinburg, 1994; Coats George W, **Genesis with an Introduction to narrative Literature***,* p 53, [William B Eerdmans Publishing Compony], Grand Rapids Michigan, 1983; Stuard Elizabeth, **Dancing with the Spirit,** p 77, {SCM Press], Cambridge, 1997. Bart trek die implikasies van hierdie siening duidelik deur wanneer hy alle ander vorme as heteroseksuele verhoudings en –huwelike sonde noem; Njino Joseph, **Christian Marriage in the Era of Homosexuality** geneem uit **AFER 46 (4),** p 340, 2004.

604 Coats George W, **Genesis with an Introduction to narrative Literature***,* p 47, [William B Eerdmans Publishing Compony], Grand rapids Michigan, 1983; Van Selms A, **Genesis Deel 1,** p 61, [Uitgeverij GF Callenbach BV], Nijkerk, 1973.

605 Gagnon Robert AJ, **The Bible and Homosexual Practice – text and Hermeneutics**, p 61, [Abingdon Press], Nashville, 2001; Gowan Donald F, **From Eden to Babel: A Commentary on the Book Genesis 1-11**, p 28-29, [WB Eerdmans Publishing Co], Grand Rapids, 1988; Westermann Claus, **Genesis 1-11: A Commentary**, p 157-158, [Augsburg], Minneapolis, 1974. Die argument dat homoseksuele verhouding waar liefde, kameraadskap, wederkerigheid en trou ter sprake is binne die konteks van Gen 2 aanvaar kan word, kan daarom nie afgaan nie, stel Gagnon. Die rede hiervoor is dat die volmaakte kameraadskap tussen die manlike en die vroulike bestaan – volgens Gen 2;

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Hierdie eenheid bestaan op verskeie vlakke, nl:

- ✝ Kameraadskap (2:18, 24).
- ✝ Geslagtelike en fisiese aanpasbaarheid (vrou uit die man gevorm, maar nie sòòs die man die – 2:21-23).
- ✝ Seksuele intimiteit vanuit hul liggaamlike verskeidenheid (2:24-25).[606]

Dit is hierdie eenheid wat tussen die man én die vrou bestaan wat haar die geskikte helper vir die man maak. Dit is belangrik om daarop te wys dat ons hier met 'n ideale situasie te doen het. 'n Situasie wat vòòr die sondeval ontstaan het, maar deur die sondeval aangetas is.[607]

Kan die verhale van Gen 1-4 gebruik word om voortplanting as 'n opdrag te sien, veral in die lig daarvan dat baie mense kinderloos is? Wie die tekste lees, merk op die skrywers van die verhale verseker voortplanting in gedagte gehad het as een van die hoofmotiewe rondom die mens se heerskappy oor die aarde, maatswees en hul seksualiteit. Voortplanting speel 'n belangrike rol in hierdie Genesis verhale[608]:

> "Wees vrugbaar, word baie en bewoon al die waters van die see. En laat die voëls baie word ... Wees vrugbaar, word baie, bewoon die aarde en bewerk dit. Heers ..." (Gen 1:22,28)

Seksuele eenheid en voortplanting word in Gen 2 geïmpliseer met:

---

Nwaigbo Ferdinand, **Homosexuality: A Distortion of Christian Marriage** geneem uit **AFER 46 (4),** p 319-337, 2004

606 Ryken, Leland; Wilhoit, James C.; Longman III, Tremper, **Dictionary of Biblical Imagery**, (Downers Grove, Ill: InterVarsity Press) 2000, c1998.

607 Coats George W, **Genesis with an Introduction to narrative Literature**, p 47, [William B Eerdmans Publishing Compony], Grand Rapids Michigan, 1983.

608 Chukwu Cletus N, **Homosexuality and the African Culture** geneem uit **AFER 46 (4),** p 321, 2004; Bird Phyllis A, **Missing Person and Mistaken Identities: Women and Gender in Ancient Israel**, [OBT - Fortress], Minneapolis, 1997.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)


Daarom sal 'n man sy vader en moeder verlaat en saam met sy vrou lewe, en hulle sal een word. Hulle twee, die mens en sy vrou, was kaal, maar hulle was nie skaam nie" (Gen 2:24-25)

Dit is net so dat die eenheid tussen die man en die vrou en Gen 2:24 nie noodwendig nét op seksualiteit dui nie.[609] Tog moet uitgewys word dat die J-bron skrywer in dieselfde verhaal na die val van die mens (Gen 3) aanvoer dat voortplanting en seksualiteit deur die sondeval aangetas is:

"Ek sal jou baie swaar laat kry met jou swangerskappe: met pyn sal jy kinders in die wêreld bring. Na jou man sal jy hunker en hy sal oor jou heers" (Gen 3:16).

Die direkte vertelling na afloop van die tuinverhaal begin direk (Gen 4) met voortplanting as deel van seksualiteit **(÷yIq'Ata, dl,Tew" rh'T'w" /Tv]ai hW:j'Ata, [d'y: µd;a;h;wÒ**):

"Die mens het met sy vrou Eva gemeenskap gehad, en sy het swanger geword ..." (Gen 4:1)

Gen 4 vorm 'n eenheid met Gen 2 & 3. Die verhaal word voortgesit [J-bron].[610] Daarom is die vertelling van die seksualiteit van Adam en Eva soos uitgeleef in hul seksuele gemeenskap (**[d'y:**[611]) wat uitloop op die geboorte van hul oudste kind Kain, van belang. Die verhaal teken dus 'n

---

[609] Van Selms A, **Genesis Deel 1,** p 25, [Uitgeverij GF Callenbach BV], Nijkerk, 1973.
[610] Gispen WH, **Genesis**, p 129. [Uitgeversmaatschappij JH Kok], Kampen, 1974.
[611] Baily DS, **Homosexuality and Western Culture**, p 2, [Longmans], London, 1955; Gilchrest PR, **[d'y know – Theological Workbook of the Old Testament 1**, p 366, [The Moody Bible Institute], Chigago, 1981. Voorstanders van homoseksuele huwelike aanvaar nie dat die begrip om heteroseksuele omgang dui nie. Dit gaan vir hulle eerder op "kennis, kameraadskap en vriendskap". Njino Joseph, **Christian Marriage in the Era of Homosexuality** geneem uit **AFER 46 (4),** p 341-344, 2004; Sapp S, **Sexuality, the Bible and science**, p 20, [Fortress Press], Philadelphia, 1977. Ander wys weer daarop dat seksuele gemeenskap 'n intense ervaring tussen 'n man en 'n vrou is. Daarom kan die begrip nie maar net as 'n "kameraadskap" afgemaak word nie. Heteroseksuele gemeenskap kommunikeer wie die mens/iemand is ten opsigte van 'n mens se fundamentele fisiologiese natuur as man of vrou.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

direkte gevolg van God se skepping van seksualiteit, gekoppel met die seën van voortplanting.[612] Seksualiteit soos God dit (in hierdie verhale aan ons oorgedra) gegee het, is nie deur die sondeval opgehef nie.[613] Uit die twee verhale kan die gevolgtrekking gemaak word dat om die aarde te vul en daaroor te heers, 'n Goddelike opdrag is. Voortplanting is egter 'n voorwaarde vir vermeerdering. [614] Die skepping van man én vrou vorm daarom 'n integrale deel van die mens as beeld van God.[615]

Dit moet uitgewys word dat voortplanting 'n seën is en daarom nie 'n "noodwendigheid" nie. In beide 1:22 en 28 word hierdie opdrag gegee as deel van God se seën.[616] Omdat dit 'n seën is, beteken dit dat om te kan voortplant iets goeds is.[617] Die opdrag tot voortplanting impliseer nie net seën vir die mens nie, maar ook 'n meegaande verantwoordelikheid en die gee van grense. Die mens moet onthou dat dit 'n opdrag is om binne die konteks van seksualiteit voort te plant. [618]

Om weer terug te kom na Gen 1-2 en die skepping van 1 man en 1vrou vir mekaar[619]: Positief gestel is die doel van die huwelik verseker naas kameraadskap, wederkerigheid (goeie verhoudings), òòk voortplanting en heerskappy (anatomiese aanvulling en "in-pasbaarheid")[620]. Negatief dui dit

---

612 Calvyn Johannes, **Genesis,** p 189, [The Banner of Truth Trust], Pennsylvania USA, 1965.
613 Calvyn Johannes, **Genesis,** p 189, [The Banner of Truth Trust], Pennsylvania USA, 1965.
614 Gagnon Robert AJ, **The Bible and Homosexual Practice – text and Hermeneutics**, p 57, [Abingdon Press], Nashville, 2001.
615 Gagnon Robert AJ, **The Bible and Homosexual Practice – text and Hermeneutics**, p 57, [Abingdon Press], Nashville, 2001.
616 Gispen WH, **Genesis**, p 161. [Uitgeversmaatschappij JH Kok], Kampen, 1974.
617 Gispen WH, **Genesis**, p 79. [Uitgeversmaatschappij JH Kok], Kampen, 1974.
618 Gispen WH, **Genesis**, p 79. [Uitgeversmaatschappij JH Kok], Kampen, 1974.
619 Chukwu Cletus N, **Homosexuality and the African Culture** geneem uit **AFER 46 (4),** p 331, 2004.
620 Waetjen HC, **Same-sex sexual relations in antiquity and sexuality and sexual identity in contemporary American society**, p 103, [Westminster John Knox], Louiseville, 1986

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

daarop dat God se mense nie in dieselfde seksuele gebruike en seksuele kultusse as die antieke mense waaronder hulle geleef het, mag verval nie.[621]

Die andersheid van God se mense (ook rakende seksualiteit) kan slegs verstaan word indien besef word dat die destydse gemeenskappe se identiteit verweef is uit hul kultuur, gemeenskap en godsdiens.[622] In hoofstuk 2 van hierdie studie is gewys dat homoseksuele verhoudings in antieke Mesopotamië voorgekom het. Daar is verder gewys dat homoseksuele praktyke ook in die destydse afgodediens voorgekom het. In die huidige hoofstuk is verduidelik hoedat Gen 1 sy ontstaan in Babilonië gehad het om die Jode in ballingskap terug te neem na die God van hul voorvaders, en na die "godsdiens van Israel". Gen 1 en 2 wil dus aan God se mense 'n "ander" seksuele identiteit as hul heidense omgewing gee.[623]

**Nou die afleiding:**

Die pertinente vermelding van heteroseksuele verhoudings, sowel as voortplanting, moet binne die ontstaansgeskiedenis van Gen 1 verstaan word:

- ✝ Die "lering" wat na God se mense kom is dat hulle op seksuele gebied anders moet wees as die mense (Babiloniërs) waaronder hulle leef.
- ✝ Dit beteken dat seksuele verhoudings waar die "potensiaal" van voortplanting nie deel van seksualiteit is nie, onaanvaarbaar is (al impliseer die teks nié dat alle mense sal kan voortplant nie).
- ✝ Nié homoseksuele verhoudings (soos onder andere in daardie samelewing plaasgevind het - Babilonië) hoort tot ware en egte seksualitiet nie, maar heteroseksuele verhoudings. (In hoofstuk twee is reeds gewys dat tekse wat dateer uit die 8ste eeu vC (voor die sewende eeu vC) daarop dui dat homoseksuele verhoudings 'n bekende verskynsel in Babilonië was. Dit hét

[621] Wenham, Gordon J., **Word Biblical Commentary, Volume 1: Genesis 1-15,** (Dallas, Texas: Word Books, Publisher) 1998.

[622] Patai R, **Sex and family in the Bible and the Middle east** , p 47-49, [Doubleday & Company, New York, 1959; Matthews VH Benjamin DC, **Social world of ancient Israel 1250-587 vC**, p xii, [Hendrickson Publishers], Massachusetts, 1993.

[623] Mace DR, **Hebrew Marriage: A sociological study**, p 223, [Buthler and Tanner], London, 1953.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

in die kultus plaasgevind, maar dit **hét ook** in die algemene samelewing buite die kultus voorgekom.

- ✝ Dat God nie 'n homoseksuele verhouding van wederkerigheid, kameraadskap, liefde en trou as die ideale vorm van seksualiteit sien (soos ook binne die heidense kultuur voorgekom het –vgl hoofstuk 2) nie, maar 'n heteroseksuele huwelik van wederkerigheid, kameraadskap, liefde en trou.
- ✝ Dat om 'n homoseksuele oriëntasie te hê, hom/haar nie minder beeld van God maak nie, maar om beeld van God te wees regverdig nie "alle" optrede van die mens nie.
- ✝ In 'n samelewing waar homoseksuele verhoudings bestaan het, is dit onwaarskynlik dat beide die P-bron skrywer en die J-bron outeur nie die implikasies van hul verhale op homoseksuele verhoudings besef het nie.

Dit is daarom belangrik om kennis te neem dat die P-outeur na sy lerende verslag van die skepping, en sy verduideliking dat heteroseksualiteit met die implikasie van voortplanting, 'n goddelike gegewe en seën is, verduidelik dat God daarmee tevrede was:

> "So het dit gebeur. Toe het God gekyk na alles wat Hy gemaak het, en dit was baie goed" (Gen 1:31).

Indien die gevolgtrekking – soos in hierdie paragraaf gemaak – korrek is, behoort die res van die Ou- en Nuwe Testamente sowel as die ontwikkeling in die kerklike tradisie rakende seksualiteit, heteroseksualiteit as die enigste vorm van seksualiteit te handaaf.

## 1.3. Seksualiteit in die res van die Skrif

### 1.3.1. Verdere ontwikkeling van seksualiteit in die Ou Testament

Voor verdere studie van seksualiteit in die Ou Testament gedoen word, net die volgende: Daar is pertinente tekste in die Ou Testament wat òf homoseksuele verkragting (Gen 9:1-29; 19:4-11; Rigt 19:22-25), òf homoseksuele verhoudings (Lev 18:22; 20:13) afwys. Aangesien dit die gedeeltes is wat later in hierdie studie bestudeer sal word (én wat deur pro-gay teoloë verdag gemaak word), word daar nie nou verder hierop ingegaan nie.

Seksualiteit is 'n belangrike tema deur die hele Bybel. Dit druk 'n belangrike deel van die mens se natuur en sy ervaring uit. Seksuele intimiteit loop soos 'n goue draad deur die hele kanon.[624] Die res van die Ou Testament handhaaf die siening dat sogenaamde huweliksverhoudings slegs binne heteroseksualiteit mag plaasvind. Hoewel die Ou Testament verder gaan as monogame huwelike (dit vertel ook van poligame huwelike[625]), teken dit ook dat daar dikwels jaloesie en ander vorme van ongelukkigheid by sulke huwelike voorgekom het. Poligame huwelike is ook dikwels die gevolg van sonde (Gen 21 & 29; Lev 18:18; Rigt 8:29-9:57; 1 Sam 1:6; 2 Sam 11 & 13; 1 Kon 11:1-8). Konings word selfs daarteen gewaarsku (Deut 17:17).[626]

---

[624]Ryken, Leland; Wilhoit, James C.; Longman III, Tremper, **Dictionary of Biblical Imagery,** (Downers Grove, Ill: InterVarsity Press) 2000, c1998.

[625] Chukwu Cletus N, **Homosexuality and the African Culture** geneem uit **AFER 46 (4),** p 325, 2004.

[626] Douglas JD, Hillyer N, Brice FF, Guthrie D, Millard AR, Packer IJ, Wiseman DJ, **New Bible Dictionary,** p 742-743, [Inter-Varsity Press], Leicester England, 1984; Goslinga CJ, **De Boeken Samuel**, p 39-43; [JH Kok] Kampen, 1959; Kloppers MHO, **Die Boek Deuteronomium**, (Kaapstad: Lux Verbi) 1998; MacLaren Allexander, **Deuteronomium, Josua, Judges, Ruth, and First Book of Samuel, Second Book of Samuel, First Kings and Second Kings,** p 205-208, [WB Eerdmans Publishing Co], Grand Rapids,

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)


Die klimaks van seksualiteit in die Ou Testament word waarskynlik in Hooglied gevind. Hier word dikwels verwys na die passievolle seksuele verhoudings tussen die man en sy vrou.[627] Die boek Spreuke handhaaf ook seksualiteit in terme van die heteroseksualiteit. Daar is die owerspelige vrou wat die man verlei (Spr 5). Dan is daar weer die goeie vrou na wie die man terug moet gaan om sy seksuele drange te gaan uitleef (Spr 5:15-20). Hoewel God nie geslagtelik is nie, word die verhouding tussen Hom en sy mense dikwels geslagtelik geteken. Hiervolgens is Hy die bruidegom, terwyl sy volk die bruid is (Hos 1:2).[628]

Die tekening van seksualiteit in die Nuwe Testament ontwikkel in dieselfde rigting as die Ou Testament.

### 1.3.2. Seksualiteit in oorgang na die Nuwe Testament en Jesus se getuienis

Dit word dikwels beweer dat Jesus niks oor seksualiteit in die algemeen (veral nie in terme van die skeppingsorde) of homoseksualiteit gesê het nie. Omdat hy daaroor geswyg het, het Hy die wese van geslagtelikheid opgehef en sodoende aan homoseksuele persone die vryheid gegee om in verhoudings betrokke te raak.[629]

---

1932; Van Selms A, **Genesis II**, p 21-27; 95-102, [Uitgeverij GF Callenbach], Leiden, 1967.

[627] Gispen, W.H; Oosterhoff, B.J.; Ridderbos, H.N., eds., **Bybelse Ensiklopedie**, (Kaapstad: Verenigde Protestantse Uitgewers) 1977; Ryken, Leland; Wilhoit, James C.; Longman III, Tremper, **Dictionary of Biblical Imagery**, (Downers Grove, Ill: InterVarsity Press) 2000, c1998.

[628] McKane W, **Proverbs – A New Approach**, p 312-314, [SCM Press Ltd], London, 1980; Ryken, Leland; Wilhoit, James C.; Longman III, Tremper, **Dictionary of Biblical Imagery**, (Downers Grove, Ill: InterVarsity Press) 2000, c1998; Van Leewen C, **Hosea**, p 29-34, [Uitgeverij GF Callenbach], Leiden, 1984.

[629] Colwell John, **Christ, Creation and Human Sexuality**, p 91, [SCM Press] Cambridge, 1997.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

In die oorgang na die Nuwe Testament, is dit belangrik om te meld dat ook gedurende hierdie tydperk seksualiteit binne die konteks van heteroseksualiteit gesien is. Die vrou is as die eiendom van haar man gesien en altyd in die konteks van seksualiteit. In sosiale terme en gesinsverbande is erkenning gegee aan die seksualiteit van die vrou.[630]

In die Nuwe Testament hef Jesus nie heteroseksuele huwelike op nie, "**maar bevestig dit"**. Wanneer Hy in die bergrede die heiligheid van die huwelik handhaaf en gedurende sy hele bediening egbreuk en egskeidng afwys, doen hy dit binne die konteks van man en vrou (Matt 5:31-32). Dieselfde geld vir Matt 19:1-12 en Mark 10:7.[631] Om die waarheid te sê, hier handhaaf Jesus dieselfde siening soos in Gen 1-2 beskrywe, naamlik dat dit in die huwelik oor heteroseksuele verhoudings gaan[632] (Dus is 'n huwelik binne die konteks van homoseksuele verhoudings nié aanvaarbaar is nie – JP):

> "Daarom sal 'n man sy vader en moeder verlaat en saam met sy vrou lewe en hulle twee sal een wees. Hulle is dus nie meer twee nie, maar een. Wat God dan saamgevoeg het, mag 'n mens nie skei nie." **Matt 19:5**.

In die verhaal van die Samaritaanse vrou handhaaf Jesus ook die heteroseksuele huwelike, hoewel hy losbandigheid afwys.

> "Gaan roep jou man en kom terug hierheen. Die vrou het Hom geantwoord:'Ek het nie 'n man nie'. En Jesus sê vir haar:'Dis reg wat jy nou gesê het: EK het nie 'n man nie. Jy het reeds vyf gehad, en die een wat jy nou het, is nie jou man nie'" Joh 4:16-18.

---

[630]Various, **Dictionary of New Testament Background,** (Downers Grove, IL: Inter-Varsity Press) 2000.

[631] Kloppenborg, John S, **Alms, Debt and Divorce**, p 195-196, [TJT 6], 1990; Schüssler Elizabeth, **Fiorenza : IN memory of her**, p 143, [Crossroad], New York, 1989.

[632] Bolkenstein MH, **Het Evangelie naar Markus,** p 216-220, [GF Callenbach BV Uitgeverij Nijkerk], Leiden, 1977; Brown Raymond E & Morris Leon, **The Gospel according to John**, p 251-269, [WB Eerdmans Publisching House], Michigang, 1984; Bultmann Rudolph, **History of the Synoptic Tradition**, p 22, [Harper & Row], New York, 1963.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Wanneer Paulus oor huwelike praat beroep hy hom juis op die tradisie van Jesus (1 Kor 7:10-11). Hy verstaan dat Jesus 'n huwelik as 'n heteroseksuele verbintenis gesien het.[633]

Die ontwikkeling in die Christendom in die tyd na Jesus se aardse bediening, handhaaf ook seksualiteit in terme van heteroseksualiteit en nié in terme van homoseksualiteit nie.

### 1.3.3. Ontwikkeling van seksualiteit na die tyd van Jesus

Net soos in die Ou Testament, is daar in die Nuwe Testament ook Griekse tekste wat baie afwysend teenoor homoseksuele verhoudings is (Rom 1:18-32; 1 Kor 5-7; 1 Tim 1:3-11). Hierdie tekste sal later bestudeer sal word.[634]

Paulus het besliste sienings omtrent seksualiteit. Sy duidelikste getuienis in verband met seksualiteit word in 1 Kor 5-7, 1 Tess 4:3-6 en Ef 5:21-32 gevind. Hierdie gedeeltes dui nié net op seksuele losbandigheid nie, maar gee ook duidelik riglyne hoe God wil hê dat sy mense hul seksualiteit in die huwelike moet uitleef.

'n Belangrike uitgangspunt vir Paulus is dat Christene nie vry is om met hul seksualiteit te maak wat hul wil nie. Daar is beperkinge op ons vryheid. Ons liggame – en dus ook ons seksualiteit, behoort aan God. Daarom mag ons dit nie gebruik om toe te gee aan die selfsugtige waardes en norme van die tydsgees nie.[635] In 1 Tess 4:4-6 word die grense van seksualiteit in terme

---

[633] Guthrie Donald, **New Testament Theology**, p 949-951, [Inter-Varsity-Press], Illinios, 1981; Thiesen and Merz, **The Historical Jesus**, p 200-257, [Telos], Altenberge, 1989.

[634] Furnish VP, **Theology and ethics in Paul**, p 28-44, [Abingdon Press], Naschville, 1968.

[635] Alexander, T. Desmond and Brian S. Rosner, editors, **New Dictionary of Biblical Theology,** (Downers Grove, Ill: InterVarsity Press) 2000; Hendrickson William, **I and II**

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

van die huwelik getrek, nl 'n man én 'n vrou (monogaam) en getrou aan mekaar. [636] Dit ontwikkel in dieselfde lyn as 1 Kor 6:12-20 waar gelowiges opgeroep word om nie soos die heidene hul vryheid te misbruik ten opsigte van hul seksualiteit nie.[637]

Seksuele verhoudings is nié vir hom die hoogste vorm van menswees nie, aangesien hy selibaat as 'n goeie alternatief op seks en huwelike aanbeveel (1 Kor 7:25-40, veral verse 37-38). Belangriker nog, hy sien seks ook as iets wat tussen 'n man en sy vrou binne die huwelik plaasvind (1 Kor 7:5). Wanneer hy spesifiek oor die huwelik in Ef 5 praat, handhaaf hy pertinent die siening dat 'n huwelik tussen een man en een vrou bestaan (Ef 5:21-32).[638]

Die verdere ontwikkelings in die Nuwe Testament handhaaf die huwelik in terme van heteroseksualiteit.[639] Die skrywers aan die Hebreërs en die Jakobus boek doen 'n beroep op die gelowiges op die staat van die huwelik te eerbiedig (Hebr 13:4; Jak 2:11).[640] Petrus handhaaf die huwelik in

**Thessalonians,** p 102-103, [Baker Books House], Grand Rapids, 1969; Stott John RW, **The Message of Thessalonians**, p 75-91, [Inter-Varsity-Press], London, 1991.

[636] Alexander, T. Desmond and Brian S. Rosner, editors**, New Dictionary of Biblical Theology,** (Downers Grove, Ill: InterVarsity Press) 2000; Dale Alison, **Divorce, Celibacy, and Joseph (Matt 1:18-15 and 19:1-12),** p 3-30, [JSNT 49], 1993; Nolland John, **The Gospel Prohibition of Divorce: Tradition History and Meaning**, p 27-40, [JSNT 58], 1995.

[637] Ferguson, Sinclair B. and David F. Wright, **New Dictionary of Theology,** (Downers Grove, IL: InterVarsity Press) 2000, c1988.

[638] Bruce FF & Simpson EK, **Commentary on the Epistles to the Ephesians and Colossians**, p 128-134, [WM Eerdans Publishing], Grand Rapids, 1975; Hendrickson William, **Ephesians**, p 242-258, [The Banner of Truth Trust], London, 1972; Van Roon A, **De Brief aan de Epheziars**, p 138-150. Uit Efesiërs 5:21-6:9 word dit duidelik geteken dat 'n gesin uit heteroseksuele ouers bestaan.

[639] Guthrie Donald, **New Testament Theology**, p 949-951, [Inter-Varsity-Press], Illinios, 1981; Martin, Ralph P.; Davids, Peter H., **Dictionary of the Later New Testament & Its Developments**, (Downers Grove, Ill: InterVarsity Press) 2000, c1998.

[640] Adamson James, **The Epistle of James**, p 116-117, [WB Eerdmans Publishing Co], Grand Rapids, 1976; Bruce FF, **The Epistle to the Hebrews**, p 392-393, [WB Eerdmans Publishing Co], Grand Rapids, 1985; Martin, Ralph P.; Davids, Peter H., **Dictionary of the Later New Testament & Its Developments,** (Downers Grove, Ill: InterVarsity Press) 2000, c1998.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

duidelik taal binne die konteks van heteroseksualiteit (1 Pet 3:1-7).[641] In lyn met die Ou Testamentiese tradisie, handhaaf Openbaring (Johannes) ook die beelde van 'n huwelik tussen 'n man en sy vrou om na die verhouding tussen God en sy mense te wys (Open 19:7; 21:2,9 en waarskynlik ook 2 Joh 5).[642] Daar is ook 'n tradisie binne die Kerk dat Judas 7 en 2 Pet 2 na die immorele gedrag van homoseksuele persone verwys. Andere beweer dat dit dui dat seksualiteit tussen 'n man en 'n vrou (mense onderling) verruil is vir seksuele intimiteit tussen mense en hemelwesens. Die verwysing hier is na Gen 19:1-29 (en moontlik Gen 6:1-4) waar sprake is van homoseksuele seks en seks met engele.[643]

Dit is daarom 'n korrekte afleiding om te maak dat die Nuwe Testament se siening van seksualiteit in dieselfde rigting as die Ou Testament ontwikkel, naamlik heteroseksuele seksualiteit wat uitgeleef word binne die huwelik. Dit wil ook op die heiligheid van 'n heteroseksuele "huwelik" dui.[644] Dit ontwikkel nie nét in dieselfde rigting nie, dit handhaaf die siening konsekwent. Daarom spreek die Nuwe Testamentiese getuienis ten opsigte van seksualiteit dit sterk uit teen prostitusie, voor-en buite huwelikse

---

[641] Bolkenstein MH, **De Brieven van Petrus en Judas**, p 117-125, [Uitgeverij GF Callenbach], Leiden, 1984; Martin, Ralph P.; Davids, Peter H., **Dictionary of the Later New Testament & Its Developments,** (Downers Grove, Ill: InterVarsity Press) 2000, c1998.

[642] Martin, Ralph P.; Davids, Peter H., **Dictionary of the Later New Testament & Its Developments,** (Downers Grove, Ill: InterVarsity Press) 2000, c1998.

[643] Bauckham Richard J, **Jude, 2 Peter,** p 53-63, 186-191, [Word Books Publishers], Waco, 1983; Bolkenstein MH, **De Brieven van Petrus en Judas**, p 214-219, [Uitgeverij GF Callenbach], Leiden, 1984; Martin, Ralph P, Davids, Peter H, **Dictionary of the Later New Testament & Its Developments,** (Downers Grove, Ill: InterVarsity Press) 2000, c1998. Later sal daar weer op die vraagstuk van Sodom en Gomorra ingegaan word. Dit is op hierdie stadium belangrik om te verstaan dat regdeur die Skrif en die kerkgeskiedenis die betrokke gedeeltes geïnterpreteer is as 'n gebeurtenis waar homoseksuele seks ter sprake is.

[644] Chukwu Cletus N, **Homosexuality and the African Culture** geneem uit **AFER 46 (4),** p 327, 2004.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)


seksuele verhoudings en homoseksuele verhoudings (1 Kor 57; Ef 5:3, 21-32; 1 Tess 4:3-8 en Rom 1:26-27).[645]

**Hier is die punt:**

Die grootste logika van beide die Testamente is die handhawing van heteroseksualiteit as 'n voorwaarde vir seksuele verhoudings.

Dit behoort dan noodwendig te wees dat die vroeë kerk seksualiteit ook in terme van heteroseksuele huwelike en –verhoudings gesien het.

### 1.3.4. Ontwikkeling van seksualiteit in die tyd van die Kerkvaders

Daar bestaan geen bewyse uit die tyd van die kerkvaders wat die argument van sommige pro-gay teoloë ondersteun dat die kerkvaders 'n meer liberale houding ten opsigte van huwelike en seksualiteit ingeneem het nie. Huwelike is binne die konteks van heteroseksualiteit soos in beide die Ou- en Nuwe Testament gedefinieer, gesien. [646]

Ongeag pogings om die teendeel te bewys, is seksualiteit vir die kerkvaders heteroseksueel. Vir **Klement van Alexandrië** geld heteroseksuele verhoudings en word dit ook met voortplanting verbind:

> "… and God made man, male and female made them to be. So when He finished all these things He praised them and blessed them and said: 'Increase and multiply" (1 Klement 33:4-5)[647]

---

[645]Ferguson, Sinclair B. and David F. Wright, **New Dictionary of Theology,** (Downers Grove, IL: InterVarsity Press) 2000, c1988.
[646]Martin, Ralph P.; Davids, Peter H., **Dictionary of the Later New Testament & Its Developments,** (Downers Grove, Ill: InterVarsity Press) 2000, c1998.
[647] The Apostolic Fathers I, **1 Clement,** p 65, [Harvard University Press], London, 1977.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

"When the two shall be one, and the outside as the inside, and the male with the female … and by male with the female…" (2 Klements 12:2-5). [648]

"For the Scripture says: 'God created man male and female…" (2 Klement 14:2) [649]

Vir **Polikarpus** is seksualiteit en huwelike duidelik heteroseksueel:

"… next, teach your wife to … tenderly love their husband in all truth …" (Polikarpus aan die Filippense 4:2).[650]

Ook die **Pastor van Hermas** is duidelik oor die heteroseksuele karakter van die huwelik. Ons lees:

"After some time I saw her bathing in the river Tiber, and gave her my hand and helped her out of the river. When I saw her beauty I reflected in my heart and said: I should be happy if I had a wife of such beauty and character" (Pastor van Hermas - 1ste visioen, 1:1).[651]

"but if you always remember your own wife, you will never sin" (Pastor van Hermas – Mandaat 4, 1:1). [652]

Die vroeë Kerkvaders het soms die neiging gehad om seksualiteit as vuil en onvanpas te sien, maar nooit as homoseksueel nie.[653] Gedurende die tyd van

---

[648] The Apostolic Fathers I, **2 Clement,** p 147, [Harvard University Press], London, 1977.
[649] The Apostolic Fathers I, **2 Clement,** p 151, [Harvard University Press], London, 1977.
[650] The Apostolic Fathers I, **Polikarpus,** p 287-288, [Harvard University Press], London, 1977.
[651] The Apostolic Fathers I, **Pastor van Hermas,** p 7, [Harvard University Press], London, 1977
[652] The Apostolic Fathers I, **Pastor van Hermas,** p 77, [Harvard University Press], London, 1977. In sy Mandaat 4, 4:4-11 hanteer die pastor die vraagstuk van huwelike en egskeidings. Hier word dit ook duidelik in terme van heteroseksuele verhoudings gedoen (p79-80, 85-87). Wanneer hy na owerspel verwys, gaan dit ook oor heteroseksuele begeertes na iemand anders se vrou of man (p 127).
[653]Ferguson, Sinclair B. and David F. Wright, ***New Dictionary of Theology***, (Downers Grove, IL: InterVarsity Press) 2000, c1988.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

die kerkvaders word selibaat (1 Kor 7) ontwikkel as 'n deug wat Christene in praktyk beoefen (later meer hieroor).[654]

'n Gemeenskap wat behep is met seksuele vryheid, is as 'n siek samelewing gesien. Binne hierdie konteks word homoseksuele praktyke as een van drie erge seksuele sondes gesien (saam met owerspel en seksuele losbandigheid). Beide homoseksualiteit onder mans en vrou is as in konflik met die natuur beskou (vgl Rom 1:18-31). In hierdie seksuele tradisie is die sondes van Sodom slegs as homoseksuele dade gesien (nie as homoseksuele verkragtings nie – JP). Hoewel hulle seks met dieselfde geslag as sonde gesien is, is dit nie uitgesonder met 'n groter straf as ander sondes nie.[655]

**Hier is die punt:**

Die logika van beide die Testamente en die ontwikkeling tydens die kerkvaders is die handhawing van heteroseksualiteit as 'n voorwaarde vir seksuele verhoudings.

Die verdere ontwikkeling van die Kerk se siening rakende seksualiteit, word tot vandag toe nog in dieslfde tradisie gesien.

### 1.3.5. Seksualiteit in die latere Christelike tradisie

Die Rooms Katolieke Kerk (die grootste Christelike Kerk in die wêreld) is dié Kerk wat uit die Nuwe Testamentiese getuienis voortgekom het. Sy ontwikkel haar teologie rakende seksualiteit in lyn met die tradisie van die Ou- en Nuwe Testamente, sowel as die Kerkvaders.

---

[654] Martin, Ralph P.; Davids, Peter H., **Dictionary of the Later New Testament & Its Developments,** (Downers Grove, Ill: InterVarsity Press) 2000, c1998.

[655] Martin, Ralph P.; Davids, Peter H., **Dictionary of the Later New Testament & Its Developments,** (Downers Grove, Ill: InterVarsity Press) 2000, c1998.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)


Pous Johannes Paulus II skryf die volgende oor heteroseksuele verhoudings:

> "... Certainly it is a matter of a life's companion with whom, as a wife, the man can unite himself, becoming with her 'one flesh' ..."[656]

> "...Femininity and masculinity are complementary gifts, through which human sexuality is an integrating part of the concrete capacity for love which God has inscribed in man and woman. "Sexuality is a fundamental component of personality, one of its modes of being, of manifestation, of communicating with others, of feeling, of expressing and of living human love". This capacity for love as self-giving is thus "incarnated" in the *nuptial meaning of the body,* which bears the imprint of the person's masculinity and femininity. "The human body, with its sex, and its masculinity and femininity, seen in the very mystery of creation, is not only a source of fruitfulness and procreation, as in the whole natural order, but includes right from the beginning' the nuptial' attribute, that is, *the capacity of expressing love: that love precisely in which the man-person becomes a gift* and — by means of this gift — fulfils the very meaning of his being and existence". Every form of love will always bear this masculine and feminine character. [657]

Dit is daarom nie vreemd dat pro-gay groepe na dié Kerk verwys as die Kerk wat die grootste oorsaak van lyding onder homoseksuele persone is nie.[658] Dit word toegeskryf aan die Rooms Katolieke Kerk se siening van seksualiteit. Soos in die res van die hoofstuk aangedui, handhaaf die Rooms Katolieke Kerk ook die siening dat seksualiteit slegs in heteroseksuele verhoudings binne 'n monogame huwelik uitgeleef mag word.[659] Die kerk aanvaar sedert 1975 dat homoseksuele oriëntasie moontlik kan bestaan, maar handhaaf die leer dat die Skrif hom sterk teen sò 'n vorm van seksuele

---

[656] Pous Johannes Paulus II, **Letter to the bishops of the Catholic Church on the collaboration of men and women in the Church in the World,** vatican.mondomsearch.com. – amptelike webbladsy van die Vatikaan , Vatikaanstad, 31 Mei 2004.

[657] Pous Johannes Paulus II, **The truth and meaning of human sexuality,** vatican.mondomsearch.com. – amptelike webbladsy van die Vatikaan, Vatikaanstad, 8 Desember 1995.

[658] **Roman Catholic**, http://www.glbtq.com/social-sciences/roman_catholicism.html

[659] **Roman Catholic**, http://www.glbtq.com/social-sciences/roman_catholicism.html

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)


verhoudings uitspreek.[660] **Pous Johannes Paulus II** handhaaf die siening dat homoseksuele huwelike nie Skriftuurlik is nie en dat seksualiteit binne heteroseksuele huwelike hoort.[661]

Nie net die Rooms Katolieke Kerk spreek hom sterk uit teen homoseksuele huwelike en –verhoudings nie, maar ook die Internasionale Raad van Kerke (Daar is reeds hierna verwys, maar ter wille van die logika van my beredenering doen ek dit weer - JP). So onlangs as 1999 het dit die volgende uitspraak in 'n omsendbrief aan lidkerke gestuur:

> "… the Bible considers homosexuality, in thought and practice as sin,… and that God called only heterosexual men and women as leaders in the Church of Christ" [662].

Die gereformeerde tradisie beweeg lynreg teen die siening dat seksualiteit ook in terme van homoseksualiteit gesien kan word.[663] Die reformatore plaas die fokus van seksualiteit binne die konteks van heteroseksuele huwelike wat uitloop op die vorming van die gesin. Vir **Calvyn** is dit 'n uitgemaakte saak dat seksualiteit in 'n heteroseksuele huwelik uitgeleef moet word. Dit blyk uit die talle briewe wat hy skryf.[664]

**Heyns** beweeg in dieselfde tradisie in sy siening van seksualiteit. Hy sien die huwelik as 'n instelling van God binne die konteks van die **koninkryk van God** wat tot realisering moet kom. Dit dien as die enigste fisiese wyse waarop die koninkryk van God van nuwe burgers voorsien kan word.

---

[660] **Roman Catholic**, http://www.glbtq.com/social-sciences/roman_catholicism.html; ttp://www.gaybelgium.be/content/EpZkuZVFkyyrKSosai.shtml

[661] **Roman Catholic**, http://www.glbtq.com/social-sciences/roman_catholicism.html

[662] Botha PH, **The Apostle Paul and Homosexuality – A Socio-historical Study**, p 2, [PhD Verhandeling Potchefstroom], 2004; The International Church Council Issue Paper concerning Homosexuality, 1999.

[663] Behalwe vir die kleingroepie westerse teoloë en kerke wat homoseksuele huwelike en verhoudings as Skriftuurlik evalueer.

[664] De Zwart W, **Calvijn in het licht zijner brieven**, p 41-43, 103, 136-138, 182, [JH Kok NV], Kampen, 1938. In die briewe van Calvyn aan sy vriende handhaaf hy konsekwent die siening dat 'n huwelik tussen 'n man en 'n vrou plaasvind.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Daarom is dit **'n Goddelike skeppingsordinasie**.[665] Heyns sien die huwelik dan binne die konteks van seksualiteit, waar seksualiteit in terme van die teenoorgestelde geslagte is:

> "Die huwelik is 'n vrywillige lewensgemeenskap op die grondslag van 'n blywende liefdesverbintenis tussen twee bymekaarpassende en mekaar aanvullende geestelik-volwasse persone van die teenoorgestelde geslag" [666]

Seksualiteit hou verband met geslagtelikheid. Geslagtelikheid sien op die blote fisiologiese feit van die geslagtelike verskille tussen man en vrou. Seksualiteit is weer die bewuswording van die geslagtelike andersheid. Dit is geslagtelikheid in aksie waar liefde (ook die erotiese) as norm dien. In die ruimer sin dui seksualiteit op die ervaring van geslagsverskille. In die engere sin dui dit weer op geslagsgemeenskap in die huwelik tussen die verskillende geslagte. [667]

Binne hierdie konteks dui Heyns dan dat homo-"seksualiteit" nie in lyn met die Skrif se siening van seksualiteit is nie. Dit is 'n seksualiteit wat deur die sonde geskend is (of as gevolg van die gebroke werklikheid na die sondeval). Daarom sal nie alle homoseksuele persone vir hul toestand verantwoordelik wees nie.[668] Homoseksualiteit stel alles wat die mens is, in sy teendeel. Die persoon met 'n homoseksuele oriëntasie sal in

---

[665] Hierdeur distansieer Heyns hom direk van voorstanders van homoseksuele huwelike en –verhoudings. Hy het kennis gedra van die GKN se beredenering ten gunste van homoseksuele huwelike, aangesien hy in die vroeë 1990's vermoor is. Die GKN se pro-gay besluit was reeds in 1981 geneem. Vergelyk spesifiek die 1986 Algemene Sinode besluit en die debatering tussen die NGK en GKN na die GKN-besluit. Daar is reeds na die spanning rakende hierdie saak verwys.

[666] Bavink Herman, **Gereformeerde Dogmatiek IV**, p 470-474, [JH Kok], Kampen, 1930. Bavink behandel die huwelik onder die sub-tema "sakramente"; Heyns Johan A, **Teologiese Etiek 2/1,** p 133, [NG Kerkboekhandel], Pretoria, 1986.

[667] Heyns Johan A, **Teologiese Etiek 2/1,** p 152-153, [NG Kerkboekhandel], Pretoria, 1986.

[668] Vergelyk die latere argumentering rakende die sondeval en die meegaande letsels wat die sondeval op die menslike natuur gehad het.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)


verantwoordelikheid moet strewe om die seksualiteit en geslagtelikheid soos die Skrif dit aan ons illustreer, te handhaaf. [669]

**Hier is die punt:**

Die logika van beide die Testamente, die ontwikkeling tydens die kerkvaders en die kerkgeskiedenis tot vandag is die handhawing van heteroseksualiteit as 'n voorwaarde vir seksuele verhoudings.

Dit is vervolgens nodig om saam te vat wat ons sover oor seksualiteit weet.

### 1.3.6. 'n Evaluerende blik op seksualiteit.

Uit bogenoemde beredenering van seksualiteit in die Skrif en Kerklike tradisie kan die volgende afleidings gemaak word:

- ✝ Seksualiteit is meer as net iets wat tussen twee persone plaasvind. Dit vind plaas tussen 'n man en 'n vrou.
- ✝ Die ruimte waarbinne hierdie seksualiteit plaasvind is daarom 'n heteroseksuele huwelik waar eros-liefde, fileo-liefde en agape-liefde as eenheid funksioneer. Dit gaan altyd saam met kameraadskap, wederkerigheid en duursaamheid, liefde en trou vir altyd.
- ✝ Die verskil tussen behoudende teoloë en pro-gay teoloë is nie soseer in terme van waardes soos kameraadskap, liefde, wederkerigheid en permanensie nie, maar in hoé hierdie waardes geïnterpreteer word.

---

[669] Heyns Johan A, **Teologiese Etiek 2/1,** p 166-168, [NG Kerkboekhandel], Pretoria, 1986. Hiervolgens laat Heyns die moontlikheid oop dat daar iets soos 'n homoseksuele oriëntasie kan bestaan. Vir hom is dit nie iets wat "gevier" moet word nie.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)


- In dieselfde asem moet gestel word dat 'n huwelik veel méér is as kameraadskap, wederkerigheid, permanensie en liefde. Saam met al hierdie waardes is daar ook 'n fisiologiese aspek van twee mense wat nie heeltemal fisiologies dieselfde is nie. Dit is om dan op seksuele gebied juis, as gevolg van hul verskille, volledig as 'n eenheid (een liggaam) een te word omdat hul liggame sò bymekaar pas.
- Die mens as beeld van God is meer as net dat die mens in verhouding met God, met mekaar en die skepping staan, want
- Voortplanting vorm 'n integrale deel van hierdie beeldwees van God, aangesien die mens daardeur die koninkryk van God dien deur nuwe Godsburgers tot sy koninkryk te voeg.
- Selfbeheersing en verantwoordelikheid gaan hand-aan-hand met seksualiteit.
- Dit mag so wees dat die twee skeppingsverhale 'n aetiologiese karakter ten opsigte van seksualiteit het. Hierdie aetiologiese karakter is egter nooit deur die Skrif opgehef nie. Dit het die norm geword waarvolgens die res van die Skrif en die kerklike tradisie oor seksualiteit nagedink het.
- Dit is onlogies om te beweer dat die skrywers van Gen 1 – 4 nie ook besef het wat die implikasies van hul verhale op homoseksuele verhoudings sou wees nie, aangesien daar destyds wel sulke praktyke bestaan het. Dit is eerder 'n sterker argument om te stel dat in die konteks van Gen 1 daar juis téén sulke praktyke/verhoudings standpunt ingeneem is.
- Die hele Skrif en kerklike tradisie handhaaf die siening dat seksualiteit tussen 'n man en vrou bestaan, en nié tussen mense van dieselfde geslag nie.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)


- Daar loop met ander woorde 'n reglynige siening dwarsdeur die Skrif en die Kerklike tradisie dat seksualiteit slegs binne heteroseksuele verhoudings die seën van God wegdra.
- Indien die kerk homoseksuele "huwelike en –verhoudings" sou aanvaar, beteken dit dat die Kerk die huwelik "herdefinieer".

Nou die vraag soos vroeër in hierdie studie alreeds gestel: Waarom sou 'n klein groepie teoloë binne die protestantse groepering in die westerse wêreld pleit dat seksualiteit nie in terme van heteroseksuele verhoudings gesien word nie, terwyl die res van die wêreldkerk dit sò sien? Waarom sal hierdie klein groepie protestantse teoloë in die westerse wêreld homoseksuele huwelike en -verhoudings as 'n aanvaarbare vorm van Skriftuurlike seksualiteit sien, terwyl die tradisie van die Kerk dit nog altyd in terme van heteroseksuele huwelike en –verhoudings verstaan het? Kan dit dalk net wees dat die menseregte kultuur hier 'n rol speel? Sou dit moontlik wees dat die grondwet van state wat vanuit 'n menseregte filosofie opgestel is, 'n bepalende rol in die teologisering van teoloë speel wat homoseksuele huwelike en –verhoudings as Skriftuurlik wil sien? In hoofstuk 1 is reeds aangedui dat politiese druk vanuit die menseregte groepering wél wêreldwyd druk op die Kerk plaas om homoseksuele huwelike kerklik in te seën.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die gevolgtrekking kan deur middel van die volgende skema uitgebeeld word:

**'n Skriftuurlike Perspektief op Seksualiteit**

| **Ou Testament** | **Nuwe Testament** | **Kerkvaders** | **Ontwikkeling van Kerklike tradisie** |
|---|---|---|---|
| Die verhouding tussen God en sy mense word in terme van 'n heteroseksuele huweliksverhouding uitgebeeld. Heteroseksuele huwelikesverhoudings is deur God gegee. Heteroseksualiteit is die norm en voortplanting vind binne hierdie vorm van seksualiteit plaas. Soms word poligame heterosekualiteit gevind, maar dit vind meestal binne 'n nie-ideale konteks van jaloesie en ander sondes plaas. Seksualiteit vind sy ideaal in monogame heteroseksuele verhoudings. | Die verhouding tussen God en sy mense word in terme van 'n heteroseksuele huweliksverhouding uitgebeeld. **Tussen Testamentiese tydperk** handhaaf heteroseksuele verhoudings as die wese van seksualiteit. **Jesus** handhaaf en bevestig heteroseksuele verhoudings. **Paulus** is pertinent heteroseksueel in sy uitsprake oor seksualiteit en die huwelik. **Ander skrywers** handhaaf die siening dat seksualiteit binne 'n heteroseksuele huwelik pas. | Handhaaf seksualiteit as iets wat in 'n heteroseksuele verhouding realiseer of hoort. Sterk anti-homoseksuele siening van seksualiteit (vgl ook hoofstuk 2) | Handhaaf seksualiteit as iets wat in 'n heteroseksuele verhouding realiseer of hoort. Sterk anti-gay verhoudings en –huwelike loop soos 'n gouelyn deur die eeue tot vandag (vgl ook hoofstuk 2). |
| **Daar is sterk anti-homoseksuele tekste binne die konteks van 'n Skriftuurlike seksualiteit. Dit is die tekste wat onder verdenking is. Daarom sal dit in 'n latere hoofstuk bestudeer word.** | **Daar is sterk anti-homoseksuele tekste binne die konteks van 'n Skriftuurlike seksualiteit. Dit is die tekste wat onder verdenking is. Daarom sal dit in 'n latere hoofstuk bestudeer word.** | | **Daar is egter soms "uitvalle" (soos Boswell) wat die lyn van seksualiteit soos binne die Judaïsme en Christendom ontwikkel het, bevraagteken of wil verander. Die "uitvalle" kom hoofsaaklik onder 'n klein groepie** |

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

| | | | |
|---|---|---|---|
| | | | **westerse protestantse teoloë voor waar 'n sterk menseregte kultuur heers.** |

Dit bring ons terug na die vraag waarom daar dan dinge soos homoseksuele oriëntasie, kinderloosheid, hermafrodiete, afrodiete en baie ander seksuele aspekte bestaan wat nie in lyn is met die gevolgtrekking wat hierbo gemaak is nie.[670] In 'n poging om die vrae te beantwoord, sal die gereformeerde belydenis van sonde, die sondeval en die meegaande gevolge wat dit op die natuur gehad het, bestudeer word. Binne die gereformeerde tradisie word na die onvolmaakte situasie waarbinne ons leef as die gevolg van en die letsels van die sondeval verwys. Dit is vervolgens nodig dat ons na die implikasies van die sondeval op seksualiteit sal kyk .

## 2. Sondeval

Die interpretasie of homoseksuele verhoudings en –huwelike sonde is, hang af van hoé sonde beskou word.

### 2.1. Sonde in terme van die pro-gay teologie

**Skep van suspisie:** Homoseksuele verhoudings kan nie sonde wees nie, want mense wat homoseksuele verhoudings beoefen, mis nie hul goddelike doel nie. Die fokus wat behoudende teoloë op sonde plaas, is 'n miskonsep van wat sonde is en dryf homoseksuele mense met skuldgevoelens van die kerk af weg.

[670] Daar is ander vrae wat ook billik is om te vra. Vrae soos: "Waarom bestaan blindheid, liggaamlike gestremdheid, depressie, pedofilie, skisofrenie en vele ander aangebore onvolmaakte situasies? Is dit nie van voorstanders van homoseksuele huwelike en –verhoudings arrogant om hul situasie as iets "besonders" uit te sonder wat gevier moet word nie?

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**Beredenering van suspisie:**

Om pro-gay teoloë se siening van sonde te verstaan, moet eers onder die oppervlakte van hul siening van die sondeval ingegaan word. Sommige teoloë bevraagteken die bestaan van die duiwel, as 'n persoonlike, bose mag. As motivering vir hul siening word gestel dat slegs Gen 3, Job en 1 Kron 21:1 na 'n negatiewe persoonlike bose mag verwys.[671] Die premoderne wêreldbeskouing van die tuinverhaal moet in ag geneem word, voordat die begrip van sonde verstaan kan word. In die voorwetenskaplike tyd was daar aan die een kant God wat die goeie skeppermag is en die mens seën indien dié gehoorsaam is. Aan die ander kant was daar die bose mag wat ook die anti-goddelike mag is. Die mens is die slagveld tussen hierdie goeie én slegte magte.[672] Die saak van sonde is dus eintlik iets wat vanuit die premoderne tyd ontwikkel het. Vandag sal mense anders daaroor nadink.

Die interpretasie wat behoudende teoloë aan sonde gee, veroorsaak dat mense met 'n homoseksuele oriëntasie heeltyd met skuldgevoelens rondloop. Hierdie skuldgevoelens spruit verder uit die suggestie dat mense met 'n homoseksuele oriëntasie hulle eers tot "heteroseksualiteit" moet bekeer, voordat hulle vir God se koninkryk gereed is.[673]

Vir 'n persoon met hierdie oriëntasie om te "rehabiliteer", is om toe te gee dat hy/sy sonde gedoen het. Indien 'n mens se "natuur" (jou konstitusie) homoseksueel is, kan jy tog nie heteroseksueel leef nie. Dan is jy ontrou aan hoe God jou geskep het. Wanneer jy jou identiteit as homoseksuele

---

[671] Du Toit Ben, **God? Geloof in 'n postmoderne tyd**, p 16-17, [CLF Uitgewers], Bloemfontein, 2000.
[672] Du Toit Ben, **God? Geloof in 'n postmoderne tyd**, p 16-17, [CLF Uitgewers], Bloemfontein, 2000.
[673] Van Loggerenberg Marietjie & Johan, **God's plan is coming together**, p 11-12, Ongedateer.

persoon ontken, dan sondig jy.[674] Daar moet gewaak word om nie van seksualiteit 'n afgod te maak nie. Behoudende teoloë maak van heteroseksuele verhoudings 'n afgod. Volgens 1 Tim 4:1-5 is alles wat deur God gemaak is goed, en moet dit met dankbaarheid gebruik word. Daarom is 'n homoseksuele oriëntasie goed.[675]

Pastorale sorg aan die homoseksuele persoon, deur die behoudende heteroseksuele persoon, loop meestal uit op 'n "belediging" vir eersgenoemde. Wanneer gesê word dat alle mense na die sondeval gebore is, én dat alle mense in wese sondig is, plaas dit homoseksuele mense in 'n slegte lig. Sulke uitsprake laat die suggestie dat mense in homoseksuele verhoudings "addisionele" sondes het.[676]

Sonde is 'n "godsdienstige" begrip. Dit is die verset teen die (Persoon) van God en nie teen 'n abstrakte, onpersoonlike "natuurwet" nie. [677] Dit beteken dat sonde daardie daad is waar die mens nie voldoen aan die verhoudings van vryheid en verantwoordelikheid waartoe God die mens geroep het nie. Dit is met ander woorde onvryheid, liefdeloosheid en vervreemding. Daarom is sonde eerder die verbreking van die verhouding van die mens tot God, tot mekaar en tot die skepping. [678]

---

674 Van Loggerenberg Marietjie & Johan, **God's plan is coming together**, p 7, Ongedateer.

675 Webblad van die NG Gemeente Wynberg, **Homoseksualiteit**, p 9, www.ngkerkwynberg.co.za/homoseksualitteit. Daar is 'n probleem met die interpretasie van 1 Tim 4:1-5. Hierdie manier om die teks te lees ignoreer 1 Tim 4:1-3 waar die voorkoms van afvalliges, misleidende geeste sowel as die bestaan van dwaalleerstellings genoem word. Opmerklik was dat hierdie dwaalleraars mense in terme van huwelike mislei het. Destyds is mense op grond van vroomheid verbied om te trou. Vandag sal mense met 'n homoseksuele oriëntasie aanbeveel word om te trou.

676 Report of the commission on Church and Theology to the general synod of the Reformed Churches in the Netherlands, p 10, Betheim 1981.

677 Webblad van die NG Gemeente Wynberg, **Homoseksualiteit**, p 9, www.ngkerkwynberg.co.za/homoseksualitteit.

678 Gereformeerde Kerken in Nederland, **In Liefde Trouw Zijn**, p 25, (Centrum voor de Nederlandse Hervormde Kerk, Drieberge) 1983.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)


Vanuit die gereformeerde tradisie behoort bogenoemde siening van sonde in evaluering geneem te word.

**Verdere teologisering**

Wanneer oor sonde gepraat word, behoort die teoloog terug te gaan na die teks van die Bybel om die boodskap wat die Bybelskrywers wou oordra, uit te haal. Daarom is die tuinverhaal (Gen 2 – 3) 'n baie relevante teks om na te kyk. Dit het waarskynlik (soos reeds gewys) sy ontstaan in Mesopotamië gehad en is baie ouer as die Gen 1 skeppingsverhaal. Dit het ten doel gehad om te wys dat God alles goed gemaak het, maar dat die mens in plaas van om oor die skepping te heers, die kwaad in die wêreld ingebring het. Die gevolge hiervan was ingrypend en het die hele menswees en skepping (ook die "natuurlike") negatief geraak. [679]

Die J-bron teken daarom in sy verhaal van die sondeval die negatiewe gevolg van die mens se poging om teen God in opstand te kom. Op die ou einde loop hierdie rebelsheid uit op die dood. Ook hier is die doel van die geskrif nie om 'n wetenskaplike weergawe van die skepping te gee nie. Dit teken die menslike beperkings in terme van die verhouding wat die mens ten opsigte van die skepping behoort te hê, maar ook die beperking in terme van die mens se verhoudings met mekaar en met God. [680] Dat die mens uit die tuin verdryf is, dui daarop dat die mense se vermoë om goed en reg te heers (ook op seksuele terreine – JP) aangetas is. [681]

---

[679] Du Toit Ben, **God? Geloof in 'n postmoderne tyd**, p 79, [CLF Uitgewers], Bloemfontein, 2000.

[680] Coats George W, **Genesis with an Introduction to narrative Literature**, p 59, [William B Eerdmans Publishing Company], Grand Rapids Michigan, 1983.

[681] Coats George W, **Genesis with an Introduction to narrative Literature**, p 59, [William B Eerdmans Publishing Company], Grand Rapids Michigan, 1983.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)


Die Gen 3 verhaal dui dat die slang die waarheid wat God aan die mens aan die begin oorgedra het, bevraagteken (3:4-5). Die versoeking waarmee die mens gekonfronteer word, is ingrypend: Julle hoef nie onder ander gesag of meegaande verantwoordelikheid te leef nie. Julle kan self die krag word wat besluit wat reg of verkeerd is. [682] Wanneer God egter in 3:9-13 na die mens kom en hom soek, impliseer dit dat God die mens nie in sy sondige staat los nie. In die eerste plek word die genade nie hier voorop geteken nie, maar die ontbloting van die sonde. Genade word wel geïmpliseer.[683]

Nadat God die verkeerde keuse van die mens ontbloot het, erken die mens sy skuld, maar aanvaar nie die verantwoordelikheid vir sy optrede nie. [684] Uit die tuinverhaal word die ontkennende aard van die sonde beskryf. Dit is die neiging by mense om nie verantwoordelikheid vir hul sondeskuld te aanvaar nie, maar op iemand anders (God, mens en bose – 3:12, 13) te plaas.[685]

Soos vroeër in hierdie hoofstuk uitgewys, is die straf op die sonde ingrypend. Vir die doel van hierdie studie is dit belangrik om verder hierop uit te brei: Die verhaal stel pertinent dat voortplanting én seksualiteit deur die sondeval aangetas is (3:16-17). Dit verduidelik ook dat die hele skepping negatief geraak is.[686] 'n Struktuur analise van die straf op die mens dui die volgende:

---

[682] Coats George W, **Genesis with an Introduction to narrative Literature**, p 54, [William B Eerdmans Publishing Company], Grand Rapids Michigan, 1983; Pink Arthur W, **Gleanings in Genesis**, p 33-37, [The Moody Bible Institute], Chicago, 1981. Die gevolg van die sondeval is dat die mens selfgesentreerd geword het. Hy glo dat hy altyd reg is en insig in sy eie situasie het. Die val het ontstaan deur die begeerte van die mens om self te besluit wat reg is – nie wat God se wil is nie.

[683] Coats George W, **Genesis with an Introduction to narrative Literature**, p 55, [William B Eerdmans Publishing Company], Grand Rapids Michigan, 1983.

[684] Coats George W, **Genesis with an Introduction to narrative Literature**, p 55, [William B Eerdmans Publishing Company], Grand Rapids Michigan, 1983.

[685] Du Toit Ben, **God? Geloof in 'n postmoderne tyd**, p 16-17, [CLF Uitgewers], Bloemfontein, 2000; Heyns JA, **Die Mens – Bybelse en Buite-Bybelse mensbeskouinge**, p 129-131, [Sacum Beperk], Bloemfontein, 1981.

[686] Heyns JA, **Die Mens – Bybelse en Buite-Bybelse mensbeskouinge**, p 133-137, [Sacum Beperk], Bloemfontein, 1981.

| | |
|---|---|
| 16 Vir die vrou het die Here God gesê: "Ek sal jou baie swaar laat kry met jou swangerskappe: met pyn sal jy kinders in die wêreld bring. | Die aantasting van seksualiteit en voortplanting |
| Na jou man sal jy hunker en hy sal oor jou heers. | Aantasting van seksualiteit, die gesin en geslagsgelykheid |
| 17 Vir die mens het die Here God gesê ... is die aarde deur jou toedoen vervloek; met swaarkry sal jy daaruit 'n bestaan maak, jou lewe lank; | Sosio-ekonomiese aantasting |
| 18 die aarde sal vir jou dorings en dissels laat uitspruit, en jy sal veldplante eet; net | Aantasting van die skepping en natuur |
| deur harde werk sal jy kan eet, | Sosio-ekonomiese aantasting |
| totdat jy terugkeer na die aarde toe, want daaruit is jy geneem. Stof is jy, en jy sal weer stof word. | Algehele onvolmaaktheid en gebrokenheid van die mens |

Die aard van ons ongehoorsaamheid kan wel die verbreking van verhoudings wees, maar die **"gevolg"** van daardie gebroke verhoudings is hartseer of onvolmaaktheid op verskeie vlakke (soos in die struktuur analise uitgewys) wat uitloop op die finale skeiding tussen God en mens (3:22-23).[687]

Wanneer sò na die teks gekyk word, word die mitologiese karakter van die verhaal op die agtergrond geskuif. Hierdeur word lewensbelangrike vraagstukke vir die hedendaagse mens aangespreek. Die primêre doel van

687 Bavink Herman, **Gereformeerde Dogmatiek**, p 85-89, [JH Kok], Kampen, 1929. Bavink wys dat die gevolge van sondeval ook 'n sedelike implikasie het. Die mens se reaksie op sy kaalwees dui hierop. Die Christengelowige kan nie die gevolge wat die sondeval in terme van die fisiologiese, maar ook in terme van die mens se moraliteit onderskat nie. Coats George W, **Genesis with an Introduction to narrative Literature**, p 59, [William B Eerdmans Publishing Compony], Grand Rapids Michigan, 1983; Heyns JA, **Die Mens – Bybelse en Buite-Bybelse mensbeskouinge**, p 129-131, [Sacum Beperk], Bloemfontein, 1981.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

die J-bron in die verhaal, is om die beperkinge van die menslike natuur te verduidelik. Dit wil verduidelik waarom daar gebrokenheid is.[688]

Die gevolge van die sondeval op die mens se seksualiteit is verreikend. Dit is onder andere dat seksualiteit in sy geheel ook negatief aangeraak is, en derhalwe gebroke verhoudings tussen die heteroseksuele maats tot gevolg het, en ook onvrugbaarheid. In die Skrif is die vrugbare land en –vrou 'n teken van God se seën. Die teenoorgestelde is ongelukkig ook waar: Waar seksualiteit en vrugbaarheid aangetas is, is dit die gevolg van die sondeval.[689]

Sonde en seksualiteit is 'n tema wat deur die Skrif loop. Selfs in Openbaring word seksualiteit gebruik om die verval en ontrouheid van die wêreld aan te toon (Op 17:1-5).[690] Paulus waarsku binne die konteks van seksualiteit dat die gelowiges hul liggame nie mag gebruik om sonde te doen nie. Dit is juis in hierdie konteks waar hy onder andere na die beoefening van homoseksuele praktyke verwys (1 Kor 6:9-15).[691] Die heidense volke het nie soveel klem op seksuele sondes geplaas nie (buite-huwelikse seks en homoseksuele praktyke het voorgekom). Daarteenoor het die Jode (ook buite Bybelse Joodse skrywers) seksuele sonde in 'n ernstige lig beskou. Die antieke Judaïsme (soos reeds in hoofstuk 2 aangedui) het homoseksuele

[688] Coats George W, **Genesis with an Introduction to narrative Literature**, p 59, [William B Eerdmans Publishing Compony], Grand Rapids Michigan, 1983.

[689] Durand JJF, **Die Sonde**, p 145-158, [NG Kerkboekhandel], Pretoria, 1978. Die ingrypende gevolg van die sondeval is dat dit die mens met 'n verwonde natuur gelaat het. Die gevolge van die sonde is nie net 'n "gemis" of 'n "verlies" nie, maar aktiewe, destruktiewe mag; Ryken, Leland; Wilhoit, James C.; Longman III, Tremper, **Dictionary of Biblical Imagery**, (Downers Grove, Ill: InterVarsity Press) 2000, c1998.

[690] Beckwith Isbon T, **The Apocalypse of John**, p 690-697, [Baker Book House], Grand Rapids, 1979.

[691] Njino Joseph, **Christian Marriage in the Era of Homosexuality** geneem uit **AFER 46 (4),** p 350, 2004; Ryken, Leland; Wilhoit, James C.; Longman III, Tremper, **Dictionary of Biblical Imagery**, (Downers Grove, Ill: InterVarsity Press) 2000, c1998.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

verhoudings in lyn met seksuele sondes gesien. [692] Ook die kerkvaders het seksualiteit en sonde dikwels met mekaar verbind (Brief van Barnabas 4:12-13).[693] Die Pastor van Hermas dui spesifiek dat die vroeë kerk met seksuele sonde geworstel het (daar is reeds hierna verwys). [694]

## 2.2. Metafore vir sonde

So ongewild as wat dit binne vandag se konteks mag wees om oor sonde te praat, so duidelik is die Skrif oor sonde. Die belydenis dat daar iets soos sonde is, is wesenlik aan die gereformeerde teologie:

"**Hoeveel dinge moet ek weet om in hierdie troos salig te lewe en sterwe?**

> Drie dinge: eerstens, hoe groot my sonde en ellende is; …"[695]
>
> "Hy (die mens) het, deurdat hy in al sy doen en late goddeloos, verkeerd en verdorwe geword het, al sy voortreflike gawes wat hy van God ontvang het, verloor, en hy het niks anders daarvan oorgehou nie as slegs klein oorblyfsels, wat egter nie genoeg is om hom alle verontskuldiging te ontneem". [696]

Naas genade en verlossing, loop die begrip van sonde soos 'n goue draad deur die Skrif.[697] Die karakter van sonde, het nie nét met 'n uiterlike daad te doen nie. Voor die daad kan plaasvind, gebeur iets in die mens se innerlike. Die oersonde dui waarskynlik op die innerlike misvattings wat by mense

---

[692]Various, **Dictionary of New Testament Background**, (Downers Grove, IL: Inter-Varsity Press) 2000.
[693]Martin, Ralph P.; Davids, Peter H., **Dictionary of the Later New Testament & Its Developments,** (Downers Grove, Ill: InterVarsity Press) 2000, c1998.
[694]Martin, Ralph P.; Davids, Peter H., **Dictionary of the Later New Testament & Its Developments,** (Downers Grove, Ill: InterVarsity Press) 2000, c1998.
[695] Heidelebergse kategismus of onderwysing in die Christelike leer, **Sondag 1, Vraag 2**, p 185, [Nasionale Boekdrukkery], Goodwood Kaap, 1988.
[696] Nederlandse Geloofsbelydenis, **Artikel 14 – Die skepping van die mens en die sondeval, en die gevolge daarvan**, p 163, [Nasionale Boekdrukkery], Goodwood Kaap, 1988.
[697]Alexander, T. Desmond and Brian S. Rosner, editors, **New Dictionary of Biblical Theology**, (Downers Grove, Ill: InterVarsity Press) 2000.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

plaasvind – en derhalwe op die verkeerde daad uitloop.[698] Daarom stel Calvyn dat die wortel van sonde in die mens se self-liefde geleë is. Indien die mens met sonde wil breek, beteken dit dat hy/sy die eie-ek moet kruisig. Self-liefde moet onderdruk word.[699] Die mens moet altyd onthou dat sonde die mens se wil én vermoë om reg te doen onderdruk. [700]

**Hier is die punt**

Behoort voorstanders van homoseksuele huwelike en –verhoudings nie ook krities die vrae te vra nie: In watter mate is ons regverdiging van ons saak deur die "ervaring" van mense en die oënskynlike bestaan van "bio-psigies-sosiale faktore" nie juis 'n ontkenning van die gevolg / letsels wat die sondeval op die mens en die natuur gehad het nie? Wanneer kan 'n teologiese begrip deur 'n natuurwetenskaplike begrip opgehef word?

Wanneer met teologie besig is, domineer die teologie en nié die

[698] Durand JJF, **Die Sonde**, p 145-158, [NG Kerkboekhandel], Pretoria, 1978. Hierdie innerlike misvatting impliseer ook dat daar by mense 'n innerlike misvatting oor hul seksuele natuur kan bestaan.; **The New Bible Dictionary**, (Wheaton, Illinois: Tyndale House Publishers, Inc.) 1962.

[699] Calvyn Johannes, **Institusie II**, p 111-115, [Nasionale Boekdrukkery], Goodwood, 1978. Die Christen moet waak teen 'n filosofiese selfkennis waarin die mens opgehewe word as 'n wese wat "slegs voortreflik" is. Selfkennis by die mens is die wete hoe wonderlik ons natuur sou wees indien dit nie deur die sonde aangetas is nie. Die mens wil deur vleiery gestreel word. Die menslike "natuur is naak en besmet".; Ferguson, Sinclair B. and David F. Wright, **New Dictionary of Theology,** (Downers Grove, IL: InterVarsity Press) 2000, c1988. Voorstanders van homoseksuele verhoudings en –huwelike behoort weer oor die aard van die sonde en die letsels van die sondeval na te dink. Dit is hierdie sondeval wat mense in self-verheffing laat glo dat homoseksualiteit 'n derde vorm van seksualiteit is (naas mans en vroue) wat van God ontvang is, en daarom "gevier" moet word. Voorstanders van homoseksuele verhoudings en –huwelike wil nie erken dat die letsels van die sondeval sommige mense se natuur ook op seksuele vlak aangetas het nie.

[700] Ferguson, Sinclair B. and David F. Wright, **New Dictionary of Theology**, (Downers Grove, IL: InterVarsity Press) 2000, c1988; Guthrie Donald, **New Testament Theology**, p 196, [Inter-Varsity-Press], Downers Grove, 1981. Die mens wat ontken dat hy sondig is en die letsels van die sondeval in hom/haar ronddra, mislei homself/haarself.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)


natuurwetenskap nie. Daarom kan die teologiese begrip van sonde nie op grond van sogenaamde natuurwetenskaplike "bevindings" van die tafel gevee word nie.

Binne bogenoemde konteks het die Skrif 'n ryk woordeskat wat sonde beskryf. Die bekendste metafoor kom uit Eksodus 34:7. Hiervolgens straf God boosheid (ongeregtigheid), opstand (oortreding) en sonde (wÒ'j;F;ha).[701] Laasgenoemde begrip kom ongeveer 600 keer in die Ou Testament voor.[702] Boosheid se oorsprong kom van begrippe wat dui dat iets gebuig word. Opstand of rebellie teen God kom van die begrippe om riglyne of die wet te oortree. Sonde impliseer weer dat jou doel gemis word, of dat jy 'n ander pad stap as wat jy behoort te doen.[703] Vir die doel van hierdie studie (veral in die lig van die Levitikus tekste oor homoseksuele dade), is dit belangrik om te wys dat hierdie begrip in die kultiese konteks veral gedui het op handelinge wat jou onrein gemaak het.[704]

Die Nuwe Testament se begrip vir sonde dui ook daarop dat iemand sy doel mis (aJmartiva[705]). Hierdie begrip kom ongeveer 264 keer in die Nuwe

---

[701] Fensham FC, **Exodus**, p , [Uitgeverij GF Callenbach], Leiden. 1970. Wie in geloofsgehoorsaamheid aan God se verbond (en wil) leef, ontvang genade. Wie dit nie doen word deur Hom gestraf. Dit gaan hier om die voorwaardelike gee van vloek en seën. Die vraag is: "Erken ek God vir wie Hy is en ken ek my plek voor Hom? Is ek bereid om daarom volgens sy wil te leef, al kos dit my 'n prys?" God is liefdevol en vol van genadige, maar dit hef nie sy wil op nie – ook op seksuele gebied. Die Nuwe Testament het nooit die Skrif se vraag na gehoorsaamheid opgehef nie, al teken dit God se verlossende genade sterker.

[702] Ryken, Leland; Wilhoit, James C.; Longman III, Tremper, **Dictionary of Biblical Imagery**, (Downers Grove, Ill: InterVarsity Press) 2000, c1998.

[703] **Enhanced Strong's Lexicon**, (Oak Harbor, WA: Logos Research Systems, Inc.) 1995; Richard Whitaker, Editor, **The Abridged Brown-Driver-Briggs Hebrew-English Lexicon of the Old Testament,** (Oak Harbor, WA: Logos Research Systems, Inc.) 1997; Ryken, Leland; Wilhoit, James C.; Longman III, Tremper, **Dictionary of Biblical Imagery,** (Downers Grove, Ill: InterVarsity Press) 2000, c1998.

[704] Alexander, T. Desmond and Brian S. Rosner, editors, **New Dictionary of Biblical Theology,** (Downers Grove, Ill: InterVarsity Press) 2000.

[705] Kittel, Gerhard; Friedrich, Gerhard, **The Theological Dictionary of the New Testament,** (Grand Rapids, MI: Wm. B. Eerdmans Publishing Company) 2000, c1964.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Testament voor. Ook dit impliseer dat iemand van God se weg/pad/doel wegdraai en so sy/haar Godgewe doel mis. [706] Die meer onbekende begrippe soos parapesovnta" (Hebr 6:6) wat vir sonde gebruik word, dui daarop dat iemand neerval of verdwaal. So dui parevbh (Hand 1:25) weer dat iemand doelgerig van die regte pad wegloop of oor die grense wat gestel is gaan (Jak 2:9).[707] Ongelukkig het hierdie metafore hul betekenis met tyd verloor ('n Mens kan slegs wonder in watter mate menseregte 'n rol gespeel het om die Bybelse begrippe vir sonde op die rand te plaas. Met menseregte word die eie ek die norm. Selfliefde bepaal my siening van wat reg of verkeerd is. Dit beteken dat God se reg om aan mense sy norme en waardes te gee, geïgnoreer word - JP.).

Wat is sonde dan? Sonde is iets wat 'n mens verslaaf of vashou. Dit bind jou met ander woorde vas aan iets. Dit is om van die regte pad af weg te draai en op jou eie pad te gaan. Dit is om op jou eie weg te gaan, en jou nie te laat voorsê nie. Dit is 'n optrede (optredes) wat voortspruit uit 'n gebrek aan insig. En op die ou einde is sonde ook iets wat vernietig en hartseer bring. [708]

---

Die teologiese oorsprong van die begrip dui op die sondige handeling self, en nié op die redes of motiewe waarom iemand 'n sekere daad gepleeg het nie.

[706] **Enhanced Strong's Lexicon**, (Oak Harbor, WA: Logos Research Systems, Inc.) 1995; Kittel, Gerhard; Friedrich, Gerhard, **The Theological Dictionary of the New Testament,** (Grand Rapids, MI: Wm. B. Eerdmans Publishing Company) 2000, c1964.

[707] Louw, Johannes P. and Nida, Eugene A., **Greek-English Lexicon of the New Testament based on Semantic Domains,** (New York: United Bible Societies) 1988, 1989; Ryken, Leland; Wilhoit, James C.; Longman III, Tremper, **Dictionary of Biblical Imagery**, (Downers Grove, Ill: InterVarsity Press) 2000, c1998.

[708] Ryken, Leland; Wilhoit, James C.; Longman III, Tremper, **Dictionary of Biblical Imagery**, (Downers Grove, Ill: InterVarsity Press) 2000, c1998. Die implikasie van die begrippe vir sonde is dat iemand homself/haarself "verloor" wanneer teen God gekies word. Wie teen God se wil kies mis sy/haar doel. Op seksuele gebied is die doel van 'n man en 'n vrou om seksueel te verkeer en dus om in heteroseksuele verhoudings betrokke te wees. Hierdie seksuele daad en seksuele verhouding het as doel die "potensiaal" om te kan voortplant. Wie dan in homoseksuele verhoudings betrokke raak mis hul God "gewilde" seksuele doel en verloor "hul seksualiteit" daardeur. Dit is sonde.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die Skrif se leerstelling van sonde bied aan die Christengelowige 'n duidelike raamwerk waarvolgens die hedendaagse vraagstukke beoordeel kan word. Die opstand van die mens teen God as gevolg van selfliefde, loop uit op die verdowing van die mens se etiese lewe en morele oordeel. Dit is daarom belangrik om te onthou dat in 'n samelewing wat vol sonde is, etiese keuses en moraliteit al hoe moeiliker raak. Situasies ontstaan waar elke grens wat gestel is al hoe meer ongewens raak.[709]

Dit beteken dat sonde die gewete onderdruk en uit selfliefde geboorte gee aan dade van ongehoorsaamheid. Die Mens se wysheid en kennis het dof geword. Daarom kan die mens nie dink dat hy/sy self die wil van God kan ken en doen nie. Wat die mens in sy logika, ervaring en wetenskap as reg en goed sien, slaag nie noodwendig die toets by God nie (1 Kor 1:18-2:16 – veral 1:20-28).[710]

**Hier is die punt:**

Die ontstaan en bestaan van sonde, sowel as die gevolge wat dit op die skepping in geheel gehad het, en nog sal hê, verklaar die voorkoms van hartseer en onvolmaakte dinge. Dit verklaar die voorkoms van sekere onnatuurlike seksuele realiteite soos hermafroditus, afroditus, pedofilie, maar ook ander onnatuurlike fisiologiese verbande realiteite soos depressie, blindheid, liggaamlik gestremdheid en vele ander hartverskeurende situasies. Net so verklaar dit ook die bestaan van 'n homoseksuele oriëntasie[711] (as daar so iets is). Dit verklaar die hartseer verhale deur homoseksuele persone wat na liefde in 'n ongevoelige

[709]Ferguson, Sinclair B. and David F. Wright, **New Dictionary of Theology,** (Downers Grove, IL: InterVarsity Press) 2000, c1988.

[710]Ferguson, Sinclair B. and David F. Wright, **New Dictionary of Theology,** (Downers Grove, IL: InterVarsity Press) 2000, c1988; Groenewald, E.P., **Die Eerste Brief aan die Korinthiërs**, (Kaapstad: Lux Verbi) 1967.

[711] Thielicke Helmut, **Sex – Theological Ethics,** p 281-284, [WB Eerdmans Publishing Company], Grand Rapids, 1979.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

gemeenskap soek. Dit is die sondeval en die meegaande letsels wat dit op die mens en die skepping gelaat het, wat almal vandag en deur die eeue heen, in ’n staat van onvolmaaktheid gelaat het. Wie dit ontken, ontken die Skriftuurlike en gereformeerde leer van die sondeval.

**3. ‘n Beoordeling**

‘n Belangrike rede waarom behoudende teoloë en pro-gay teoloë rakende seksualiteit en sonde verskil, lê in die gesag wat die twee groepe aan die kanon gee. Behoudende teoloë sal die kanon as riglyn vir waardes, norme, moraliteit en seksualiteit in die algemeen gebruik, terwyl pro-gay teoloë die kanon slegs sal gebruik in hoeverre dit in ooreenstemming met die moraliteit van die tydsgees is. Die verskil aan die waarde wat die twee groepe aan die kanon gee, is reeds in ‘n vorige hoofstuk aangedui.

Vanuit die siening dat die kanon nog steeds vandag aan die hedendaagse mens riglyne van waardes, norme en moraliteit gee, kan die volgende afleidings gemaak word: Indien dit daarom korrek sou wees om af te lei dat ‘n Bybelse seksualiteit, heteroseksuele verhoudings binne die huwelik is, dan het die sondebeskouing soos hierbo uiteengesit implikasies vir homoseksuele huwelike en –verhoudings.

3.1. Dit kan aanvaar word dat sonde die verslegting van verhoudings (met God, met ander mense en met die natuur) meebring. Dit sou daarom nie korrek wees om nét te fokus op die sogenaamde “liefdelose homofobiese verhouding” van die behoudende Christen teenoor sy gay-naaste, as sonde nie. Die gay-Christen en teoloog wat ten gunste van homoseksuele verhoudings en -huwelike is, moet onthou dat die verhouding met die skepping ook versleg het. Dit het implikasies vir ons “seksuele oriëntasies”. Omdat ons verhouding met God gebreek is, het dit ook implikasies vir die

uitleef van ons seksuele oriëntasies, in terme van heteroseksuele verhoudings binne huwelike. Die praktiserende gay-Christen behoort homself/haarself ook die volgende af te vra:

"Is dit nie dalk ook die uitleef van my homoseksuele oriëntasie in homoseksuele verhoudings wat daartoe aanleiding gee dat my verhoudings met ander wat vir my omgee versleg – familie, mede-gelowiges en die breër samelewing? Is die sonde dan slégs die "homofobie" van die behoudende Christen wat "nie in 'n liefdevolle verhouding" met my (as gay-christen) wil leef nie? Kan die sonde nie dalk ook lê in die "verslegting" van my seksuele oriëntasie en die "uitleef" van die verslegte seksuele oriëntasie in homoseksuele verhoudings en –huwelike nie (weens die gevolge van die sondeval)?"

Om sonde daarom slégs te sien as 'n gebrek aan vryheid, as liefdeloos en vervreemding teenoor my homoseksuele praktiserende medemens (die etiket wat om die nek van die behoudende "homofobiese" gelowige geplaas word), is 'n verskraling van die sondebegrip, soos dit in die Bybel verduidelik word.

3.2. Die gevolge van die sondeval word in die Skrif so dramaties en ingrypend geteken, dat die gelowige altyd die volgende moet onthou:

3.2.1. My **seksualiteit** is deur die sonde aangetas.

3.2.2. My **fisiologie** (ook soos die wetenskap dit vir my uitwys) is deur die sonde aangetas.[712]

---

[712] Collwell John, **Christ, Creation and Human Sexuality**, p 89, {SCM Press], Cambridge, 1997. Heelwat homoseksuele persone sien die verbintenis van 'n homoseksuele oriëntasie met die sondeval of 'n letsel wat die sondeval fisiologies aan hul gelaat het, as 'n belediging. Vir hulle impliseer dit "siekte". Hulle seksuele oriëntasie maak nie van hulle "siek" mense nie. Daar kan op die debat heelwat dieper ingegaan word: Sou endogene depressie, hermafroditus, afroditus, pedofilie, kleurblindheid, blindheid, liggaamlik gestremheid 'n "seën van God" wees, of kan dit die gevolg van die letsels van die sondeval op mense wees. Waarom word 'n homoseksuele oriëntasie dan uitgesonder

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

3.2.3. My **ervaring** is deur die sonde aangetas.

3.3. Omdat 'n mens se seksualiteit deur die sondeval aangetas is, het dit implikasies vir mense se "seksuele oriëntasies". Daarom is dit nie noodwendig korrek om te beweer dat iemand met 'n sogenaamde homoseksuele oriëntasie "tot 'n heteroseksuele oriëntasie" bekeer kan word nie. Dit beteken egter wél dat die gay-Christen moet besef dat sy seksualiteit nie 'n noodwendige Goddelike skeppingsordening is nie. Daarom kan die gay gelowige nie sy/haar oriëntasie gebruik as regverdiging vir homoseksuele huwelike en –verhoudings nie.

3.4. Dit is binne hierdie konteks dat ons moet onthou dat ons fisiologie ook deur die val aangetas is. Die "natuur-argument" kan daarom nie afgaan nie (Wanneer Romeine 1 bestudeer word, sal die natuur-teologie in diepte ondersoek word). Daarom moet die Christengelowige versigting met die wetenskap as hermeneutiese sleutel omgaan. Dit is juis die fisiologiese aantastings wat tot heelwat hartseer onder mense lei, nie nét onder homoseksuele persone nie.

3.5. Juis daarom is die hermeneutiese sleutel van ervaring so gevaarlik. Die sondeval het die mens se ervaring ten diepste geraak. Wanneer in ag geneem word dat die mens se oordeelsvermoë, sy insig en wysheid deur die sondeval aangetas is, is die Skrif as kanon nodig om aan die mens duidelike waardes, norme en riglyne uit te wys waarvolgens geleef moet word.

---

as iets wat "gevier" moet word, terwyl al die persone wat met die fisiologiese situasies worstel dan uitgesonder word as "iemand wat op die een of ander manier "gestrem" is (seksueel, psigies en liggaamlik)?

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

3.6. Omdat ervaring sò gevaarlik is, moet die regverdiging van my seksuele optrede altyd krities beskou word. Die regverdiging van my optredes se wortel kom uit selfliefde.[713]

3.7. Die wese van selfliefde is die weiering om verantwoordelikheid vir my optrede te aanvaar. Die homoseksuele persoon het die verantwoordelikheid om nie ervaring of ander bio-psigies-sosiale faktore as regverdiging vir hul homoseksuele verhoudings te gebruik nie. Dit word nie ontken dat daardie oorsake en ervarings betrokke is nie, maar binne die konteks van die Skrif se siening van seksualiteit, sowel as sonde, lê die verantwoordelikheid by die homoseksuele persoon om homself/haarself nie bloot te stel aan situasies wat tot dade sou lei wat nie vir die Skrif aanvaarbaar is nie. Die Skrif toon duidelik dat 'n gebrek aan selfbeheersing sowel as die blootstelling aan situasies wat tot sonde sou lei, gevaarlik is. Dit gaan ook om die verantwoordelikheid om nie toe te gee aan my gebroke homoseksuele oriëntasie nie, maar om in verantwoordelikheid sò te leef dat ek nie blootgestel word aan situasies waar ek sou val nie (Spr 5:23; 2 Kor 4:2; 1 Tim 6:11).

3.8. Nog 'n punt: Die homoseksuele persoon behoort ook te besef dat sy/haar wil en vermoë om nié aan hulle begeertes toe te gee nie, deur die val aangetas is. Soveel te meer behoort onthou te word dat blootstelling aan verleidings en misleidings gevaarlik is.

3.9. In die lig van hierdie studie waar seksualiteit en sondebeskouing as 'n hermeneutiese sleutel bestudeer is, moet in alle billikheid gestel word dat die pro-gay teoloë in beide hul sienings van seksualiteit en sonde van 'n

[713] Pedofiele beweer ook dat hulle nie 'n keuse oor hul seksuele voorkeur het nie – dit is hulle ervaring. Beteken dit dat pedofilie aanvaarbaar is. In hierdie hoofstuk is aangetoon dat die wetenskap en mense se verhale (of ervarings) nie gebruik kan word om die Skrif in terme van moraliteit te veto nie.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

filosofies-menseregte vertrekpunt uitgaan. 'n Vertrekpunt wat nie die toets van die Skrif kan deurstaan nie, én wat in sy wortel vreemd aan die Skrif is.

Op hierdie stadium kan die spesifieke gedeeltes van die Skrif wat na homoseksuele praktyke verwys, as hermeneutiese sleutel bestudeer word. In die volgende hoofstuk sal die getuienis van die Ou Testament as hermeneutiese sleutel onder oë geneem word. Die rede hiervoor is dat pro-gay teoloë van mening is dat daardie homoseksualiteit waarvan die Skrif praat, nie die homoseksualiteit is wat op vandag se mense van toepassing is nie.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)


# 6

# Die Skrif as hermeneutiese sleutel : die getuienis van die Ou Testament

"Die kerk se houding en standpunt teenoor homoseksualiteit
kan nie net uitgeklaar word deur die Bybeltekste aan te haal
waarin na die dade verwys word nie,
maar dit is fundamenteel vir die debat dat die tekste wel bespreek word"•

**- Frans Wessels -**

Die Skrif is tradisioneel die basis waarop gereformeerdes hulle waardes en norme baseer. Dit is die fondament waarop die gereformeerde Christen sy/haar riglyne vir die lewe bou. Omdat dit sò is, kan hierdie studie nie voltooi word, sonder om ook deeglik kennis te neem van die verskillende standpunte wat oor homoseksuele huwelike en –verhoudings vanuit die Skrif gegee word nie.

Die werkprosedure in die volgende hoofstukke sal in hoofsaak dieselfde as die voriges volg. Dit beteken dat elke belangrike Skrifgedeelte wat in die debat onder bespreking is, behandel sal word. In die eerste plek sal die standpunt van diegene wat homoseksuele huwelike as Skriftuurlik beskou, gegee word. Daarna sal verdere eksegese oor die betrokke gedeelte gedoen word.

In hierdie hoofstuk sal oorsigtelik gekyk word na die getuienis van die Ou Testament. 'n Basiese argument deur pro-gay teoloë is dat die tradisionele gedeeltes wat in die Ou Testament teen homoseksuele verhoudings gebruik is, in wese oor verkragting en ongasvryheid handel en nié oor homoseksuele verhoudings nie.

## 1. Homoseksuele "verkragtings"

Die probleem wat die verhaal van Noag en Gam vir die interpreteerder skep, word opgelos indien die verhaal as die eerste voorbeeld van 'n bloedskandelike homoseksuele verkragting gesien word. Daar is 'n sekere tradisie in die kerk (hoewel nie algemeen bekend nie en ook nie 'n verklaring wat deur die meeste teoloë gehuldig word nie - JP) dat die sonde wat Gam teen Noag gepleeg het, 'n bloedskandelike homoseksuele verkragting was.[714] 'n Groep van 6 Suid-Afrikaanse teoloë (Van Zyl, Eybers, Le Roux, Prinsloo, Swanepoel en Vosloo) stel dat Gam gestraf is weens 'n immorele daad met sy pa.[715] Ook Gagnon maak 'n saak uit dat die verhaal van Gam oor immoraliteit handel. Die verhaal wil onder andere 'n verklaring gee vir die seksuele immoraliteit wat onder die Kanaäniete voorgekom het.[716] Hierdie siening verdien meer aandag.

### 1.1. Die sonde van Gam (Gen 9:20-27)

> "Noag was 'n boer, die eerste wat 'n wingerd geplant het. Hy het wyn gedrink en dronk geword. Toe het hy kaal (**lG¾t]YIw**) in sy tent gelê. Gam, die pa van Kanaan, het gesien sy pa is kaal **(wybia; tw"r][, tae ÷['n"k]**

[714] Daar is heelwat teoloë wat dié standpunt die enigste logiese verklaring vir die betrokke verhaal gee: Botha PH, **Die Sinode & Homoseksualiteit – 'n Kritiese Evaluering van die Homoseksualiteitdebat in die NGK in Suid-Afrika**, p 133-136, [Khanya Press], Kranskop, 2005; Brenner Athalya, **The Intercourse of Knowledge: On Gendering Desire and Sexuality in the Hebrew Bible**, p 107-109, [Brill], Leiden, 1997; Coats George W, **Genesis with an Introduction to narrative Literature**, p 87, [William B Eerdmans Publishing Company], Grand Rapids Michigan, 1983; Gunkel Hermann, **Genesis**, p 80, [Mercer University Press], Macon], 1997; Kunin Seth Daniel, **The Logic of Incest: A Structuralist Analysis of Hebrew Mythology**, p 174-175, [Sheffiels Academic Press], 1995; Von Rad Gerhard, **Genesis: A Commentary**, p 137, [Westminster], Philadelphia, 1972; Sarna Nahum M, **Genesis**, p 66, [JPSTC – Jewish Publication Society], Philadelphia, 1989

[715] Van Zyl AH, Beyers IH, Le Roux JH, Prinsloo WS, Swanepoel FA, Vosloo W, **Israel and her Neighbours**, p 34, [Butterworths], Durban, 1979.

[716] Van Zyl AH, Beyers IH, Le Roux JH, prinsloo WS, Swanepoel FA, Vosloo W, **Israel and her Neighbours**, p 34, [Butterworths], Durban, 1979.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)


UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

> **ybia} µj; ar]Y"w")** en het dit buite vir sy twee broers gaan vertel. Sem en Jafet het toe 'n kledingstuk van Noag gevat, dit oor hulle skouers gehou en agteruit geloop en hulle pa toegemaak. Hulle het anderpad gekyk, sodat hulle nie hul pa kaal sou sien nie. Toe Noag uit sy roes wakker word en verneem wat Gam, sy jongste, hom aangedoen het, sê hy: 'Vervloek is Kanaän! 'n Nikswerd slaaf sal hy wees, in diens van sy broers'. Verder het hy gesê: 'Prys die Here, die God van Sem! Kanaän moet Sem se slaaf wees. Mag God aan Jafet 'n ruim woonplek gee, mag hy welkom wees in die tente van Sem. Kanaän moet Jafet se slaaf wees'" (Gen 9:20-27).

Een van die vreemdste verhale in die Skrif is sekerlik die verhaal waar Noag vir Gam vervloek het, bloot omdat hy sy pa "kaal" gesien het.[717] Daarom is daar belangrike vrae om te beantwoord:

> Was dit in daardie dae sò 'n verskriklike daad (sonde) om jou pa kaal te sien dat jou hele nageslag die slawe van jou broers sou word? Was daar destyds 'n tradisie dat kinders nie hul ouers kaal mag gesien het, òf dat kinders nie in hul ouers se tente mag ingegaan het nie? Het hy sy pa kaal gesien en is hy toe oorval met seksuele immorele gedagtes en begeertes? Is hy vervloek bloot oor 'n moontlike gedagte om sy pa te verkrag?[718]

Waarskynlik was die tent 'n plek waar kinders nie toegelaat is nie, 'n plek waar ouers privaatheid gehad het. Die verhaal plaas Gam binne in die tent – meer as voyerisme. Nadat hy klaar was "om sy pa kaal te sien' het hy uitgegaan en dit aan sy broers vertel. Hierop was hulle baie ontsteld en het hul pa gaan bedek. Indien **lG¾t]YIw** verstaan sou kon word met "hy is ontbloot" eerder as dat hy homself in sy dronkenskap ontbloot het, sou dit

[717] Wanneer daar na Levitikus 18 gekyk word, sal teruggekeer word na die verwysing na die "kaalwees" van 'n persoon. Daar word soortgelyke begrippe gebruik as verwysing na seksuele omgang.

[718] Cassuto Umberto, **A Commentary on the Book Genesis**, p 2.148-152, [Magnes], Jerusalem, 1984; Hamilton Victor P, **The Book of Genesis: Chapters 1-17**, p 323, [WB Eerdmans Publishing Co], Grand Rapids, 1990; Wold Donald J, **Out of Order: Homosexuality in the Bible and the Ancient Near East**, p 66-67, [Baker], Grand Rapids, 1998. Die meer algemene standpunt dat Gam Noag net kaal gesien het, en as gevolg daarvan vervloek is, skep baie interpretasie probleme. Dit is belangrik om te stel dat die tradisionele standpunt 'n interpretasie van die teks verdedig waarvoor daar tot op hede nog geen sosio-historiese getuienisse gevind is nie.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

die deur kon ooplaat om te vra: "Wie het Noag ontbloot?"[719] Uit die verhaal sou afgelei kon word dat Gam dit gedoen het. Die sterkste motivering vir 'n siening dat hier moontlik sprake kan wees van 'n homoseksuele verkragting blyk uit die taalgebruik.[720]

**hlG¾** dui nie nét op ontbloting nie, maar ook op 'vleeslike seksuele gemeenskap".[721] Wanneer dit saam met **h"r][,** gelees word (wat ook kan dui op "om jouself oor iemand of iets uit te strek" of om "skandelik" op te tree)[722], kan die gedeelte geïnterpreteer word as sou Gam hom oor sy pa in dié se kaalheid uitgestrek het, en Noag homoseksueel verkrag het. Om dus sy pa kaal te gesien het, was 'n eufimisme van die J-bron skrywer om van 'n vreeslike sonde te vertel.[723] Dronkenskap en immorele seksuele praktyke gaan immers hand-aan-hand.[724] Sò 'n verklaring loop in lyn met die breër gebruik in die Ou Testament waar die ontbloting van iemand se kaalheid op seksuele gemeenskap dui (Lev 18:6-18; 20:11, 17-21;

---

[719] Gagnon Robert AJ, **The Bible and Homosexual Practice – Text and Hermeneutics**, p 65-66, [Abingdon Press], Nashville, 2001.

[720] Brenner Altha, **The Intercourse of Knowledge: On gendering Desire and 'Sexuality' in the Hebrew Bible**, p 107-109, [BIS 26 – Brill], Leiden, 1997; Burns JE, **Old Testament History and the Development of a Sexual Ethic – The New Morality**, p 75-76, [Herder and Herder], New York, 1967; Gunkel Hermann, **Genesis**, p 80, [Mercer University Press], Macon, 1997; Kunin Seth Daniel, **The Logic of Incest: A Structuralist Analysis of Hebrew Mythology**, p 174-175, [JSOTup – Sheffield Academic Press], Sheffield, 1995; Sarna Nahum M, **Genesis**, p 66, [ JPSTC – A Jewish Publication Society], Philadelphia, 1989.

[721] Davidson Benjamin **The Analitical Hebrew and Chaldee Lexicon,** p 136, [Zondervan Publishing House], Grand Rapids, 1970; Richard Whitaker, Editor, **The Abridged Brown-Driver-Briggs Hebrew-English Lexicon of the Old Testament,** (Oak Harbor, WA: Logos Research Systems, Inc.) 1997.

[722] Davidson Benjamin **The Analitical Hebrew and Chaldee Lexicon,** p 613 [Zondervan Publishing House], Grand Rapids, 1970; Richard Whitaker, Editor, **The Abridged Brown-Driver-Briggs Hebrew-English Lexicon of the Old Testament,** (Oak Harbor, WA: Logos Research Systems, Inc.) 1997; Gispen WH, **Genesis**, p 306, [Uitgeversmaatschappij JH Kok], Kampen, 1974.

[723] Gunkel Hermann, **Genesis**, p 80, [Mercer University Press], 1997; Nissinen **Homoeroticism in the Biblical World: A Historical Perspective**, p 52-53, Fortress press], Minneapolis, 1998; Wenham, Gordon J., **Word Biblical Commentary, Volume 1: Genesis 1-15**, (Dallas, Texas: Word Books, Publisher) 1998.

[724] Wenham, Gordon J., **Word Biblical Commentary, Volume 1: Genesis 1-15**, (Dallas, Texas: Word Books, Publisher) 1998.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)


18:19[725]). Dieselfde idioom word in Lev 20:17 gebruik om bloedskande met 'n kind aan te dui. [726] Op dieselfde wyse word vertel hoedat Ruben sy eersgeboorte reg verloor het, deurdat hy by sy pa se byvrou geslaap het. [727] So het Absalom ook probeer om sy houvas op die koninkryk van Dawid te versterk deur by een van Dawid se byvroue te slaap (2 Sam 16:20–23).[728].

Dit verklaar waarskynlik Philo se uitsprake oor Gam se optrede wat hy as 'n homoseksuele daad gesien het:

> "By stating the fact thus, he both blames the son in the father and the father in the son, as performing together in common the deed of folly, and iniquity, and impiety, and every other kind of wickedness". [729]

Sommige geleerdes beweer dat die Mesopotamiese en waarskynlik ook die Egiptiese kulture hul ontstaan by "Gam" gehad.[730] Binne hierdie konteks pas die verklaring verder wanneer die Mesopotamiese en Egiptiese mitologië van die bloedskandelike homoseksuele verkragting van Set deur Horus in eersgenoemde se slaap weer opgeroep word (soos in hoofstuk twee beskryf). Dit kan wees dat Gam deur sy "moontlike" homoseksuele daad, waar hy die penetreerder was en sy pa gepenetreer is, sy dominasie oor sy familie wou toon (soos **Horus oor Set**[731]). So 'n verstaan pas in by hoe die antieke mense die penetreerder en die gepenetreerde gesien het. As dit die

---

[725]Wenham, Gordon J., **Word Biblical Commentary, Volume 1: Genesis 1-15**, (Dallas, Texas: Word Books, Publisher) 1998.
[726] Gagnon Robert AJ, **The Bible and Homosexual Practice – Text and Hermeneutics**, p 66, [Abingdon Press], Nashville, 2001.
[727]Wenham, Gordon J., **Word Biblical Commentary, Volume 1: Genesis 1-15**, (Dallas, Texas: Word Books, Publisher) 1998.
[728]Wenham, Gordon J., **Word Biblical Commentary, Volume 1: Genesis 1-15**, (Dallas, Texas: Word Books, Publisher) 1998.
[729]Philo Judaeus, **The Works of Philo,** (Oak Harbor, WA: Logos Research Systems) 1997.
[730]Carson, D.A.**The New Bible Commentary,** (Downers Grove, Illinois: Inter-Varsity Press) 1994.
[731] Grayson A Kirk & Redford Donald B, **Papyrus and Tablet**, p 76, 149, [Prentice Hall]. Englewood Cliffs, 1973.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

geval was, het Gam se plan lelik in sy gesig gebars. Dit verklaar Noag se straf dat Gam sy broers se slaaf sou word.[732]

Sò 'n verklaring doen ook reg aan die reaksie van Gam se broers. Hulle wil nie hul pa in sò 'n toestand sien nie en bedek hom, sonder om fisies na hom te kyk. Net so het hulle ook nie deel aan die homoseksuele verkragting nie (hulle sien nie hul ontblote pa nie). [733] Die breër konteks van Gen 9 met verwysing na die Kanaäniete kan ook hierdie verklaring ondersteun. In Gen 10:9 word verwys na die Kanaäniete wat in Sodom gaan woon het (in die kerklike tradisie bekend vir homoseksuele dade). Die seksuele ondertone kan waarskynlik duidelik binne die breër konteks afgelei word. [734] Dit is ook die seksuele boosheid van die Kanaäniete wat die mitologie van die seksuele gemeenskap tussen die mense en die hemelwesens tot gevolg gehad het (6:1-4).[735]

Hierdie vertaling is nie heeltemal vreemd nie. **Thomas Aquina**, **Summagus** en **Theodosuis** het die gedeelte verstaan as skandelike homoseksuele dade.[736] Die LXX vertaal **hlG** met **th;n ajschmosuvnhn** wat

[732] Baumgarten Albert I, **Myth and Midrash: Gen 9:20-29 – Christianity, Judaism and Other Greco-Roman Cults,** [Brill], Leiden, 1975; Gagnon Robert AJ, **The Bible and Homosexual Practice – Text and Hermeneutics**, p 66, [Abingdon Press], Nashville, 2001; Kugel James L, **Traditions of the Bible**, p 222, [Harvard University Press], Cambridge, 1998; Robertson O Palmer, **Critical Questions Concerning the 'Curse of Ham' – Gen 9:20-27**, p 177-188 vgl 180, [JETS 41], 1998; Vervenne Marc, **What shall we do with the Drunken Sailor? A Critical Re-examination of Gen 9:20-27**, p 33-55, [JSOT], 1995.

[733] Gagnon Robert AJ, **The Bible and Homosexual Practice – Text and Hermeneutics**, p 66, [Abingdon Press], Nashville, 2001.

[734] Ryken, Leland; Wilhoit, James C.; Longman III, Tremper, **Dictionary of Biblical Imagery,** (Downers Grove, Ill: InterVarsity Press) 2000, c1998.

[735] Alexander, T. Desmond and Brian S. Rosner, editors, **New Dictionary of Biblical Theology**, (Downers Grove, Ill: InterVarsity Press) 2000.

[736] Baumgarten ; Albert I, **Myth and Midrash: Genesis 9:20-29 – Christianity, Judaism, and Other Creco-Roman Cults**, p 69-70, [Brill], Leiden, 1975; Gagnon Robert AJ, **The Bible and Homosexual Practice – Text and Hermeneutics**, p 66, [Abingdon Press], Nashville, 2001; Kugel James L, **Traditions of the Bible**, p 222, [Harvard University Press], Cambridge, 1998.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

deurgaans in Lev 18:6-19; 20:11, 17-21 na bloedskande verwys.[737] So gebruik Paulus ook die begrip wanneer hy na homoseksuele dade verwys (vgl verklaring van Rom 1:27 later). In die Babiloniese Talmud word van 'n debat tussen Rab en Samuel vertel (vroeë 300 nC) oor wat die sonde van Gam was. Hulle het oor die sonde verskil. Die een het beweer dat Gam die dronk Noag gekastreer het, terwyl die ander beweer het dat dit dui op 'n homoseksuele daad. [738]

Dit moet erken word dat die sonde van Gam bloot net disrespek teenoor sy pa kon wees (die mees algemene verklaring - JP).[739] In die breër konteks van die J-bron outeur se negatiewe siening van die Kanaäniete in terme van seksuele immoraliteit (Levitikus, Deuteronomium) kan dit net meer waarskynlik wees dat ons in hierdie verhaal met 'n "bedekte" verwysing na homoseksuele dade te doen het.

In Gen 19:30-38 vertel die J-bron outeur nog 'n verhaal van die nageslag van Gam. In hierdie verhaal word hulle ook as homoseksuele verkragters uitgebeeld. Dit is logies dat die verhaal van Gam in hierdie studie sal oorvloei na die verhaal oor sy nageslag: die verhaal van Sodom.

---

[737] Baumgarten Albert I, **Myth and Midrash: Genesis 9:20-29 – Christianity, Judaism, and Other Greco-Roman Cults**, p 3.66, [Brill], Leiden, 1975; Ferguson, Sinclair B. and David F. Wright, **New Dictionary of Theology**, (Downers Grove, IL: InterVarsity Press) 2000, c1988; Kugel James L, **Traditions of the Bible**, p 222, [Harvard University Press], Cambridge, 1998.

[738] Baumgarten Albert I, **Myth and Midrash: Genesis 9:20-29 – Christianity, Judaism, and Other Greco-Roman Cults**, p 69.71 [Brill], Leiden, 1975.

[739] Kaiser, Walter C., et. al., **Hard Sayings of the Bible,** (Downer's Grove, IL: InterVarsity Press) 1997.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)


UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

### 1.2. Die verhaal van Sodom

Die verhaal van Sodom het heelwat ooreenstemming met die verhaal van die Leviet, sy ontroue byvrou en die inwoners van Gibea. Om daardie rede sal Rigters 19 nie in detail behandel word nie, maar wel Gen 19. Daar sal wel kursories na Rigters 19 verwys word in soverre die homoseksuele dade en verkragting raak.

> "Die twee engele het Sodom teen die aand bereik terwyl Lot juis in die poort van Sodom sit. Toe Lot hulle sien, het hy hulle tegemoet gegaan en diep gebuig en gesê: 'Welkom, Menere! Kom tog na my huis toe en oornag daar ..." Voor hulle die aand gaan slaap het, het die mans oral uit die stad uit, die mans van Sodom, oud en jonk, die hele klomp, die huis van Lot omsingel. Hulle het vir Lot geroep en vir hom gevra: 'Waar is die mans wat vanaand na jou toe gekom het? Bring hulle uit na ons toe. Ons wil geslagsgemeenskap **(h[;d]nEwÒ)** met hulle hê'. Toe het Lot na die mans van Sodom toe uitgegaan. Nadat hy die deur agter hom gesluit het, het hy gesê: 'Nee, vriende! Moenie so 'n verkeerde ding doen nie. Ek het twee dogters. Hulle het nog nie gemeenskap **(icya w[dy-xl)** met 'n man gehad nie. Ek sal hulle vir julle laat uitkom, doen julle dan met hulle wat julle wil. Moet net nie iets doen aan hierdie mans nie, want hulle het onder die beskerming van my dak ingekom'.Toe roep die mans van Sodom: 'Gee pad!' En hulle sê: 'Hierdie kêrel het as vreemdeling hierheen gekom, en nou wil hy regter speel. Ons sal hom nog meer kwaad aandoen as vir sy besoekers" (Gen 19:1-9).

Tradisoneel word die verhaal van Sodom in terme van die beoefening van homoseksuele dade verstaan. In die kerklike tradisie het hierdie verhaal 'n bepalende rol gespeel om homoseksuele praktyke af te wys. Dit is as gevolg van hierdie verhaal dat daar soms na mense wat homoseksuele dade pleeg as "Sodomiete" verwys word. Daar is egter heelwat teoloë wat sedert 1955

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

beweer dat die Christelike tradisie die gedeelte nog altyd verkeerd verstaan het. [740]

### 1.2.1. Die Sodom verhaal handel nie oor homoseksuele dade nie

**Standpunt:** Sodom se verhaal handel nie oor homoseksuele verhoudings van liefde en trou nie, maar eerder oor ongasvryheid en homoseksuele verkragting.

**Beredenering van standpunt:** In Gen 19 is nie sprake van homoseksuele praktyke of verhoudings van liefde en trou nie. Dit is eerder homoseksuele verkragting en geweldpleging.[741] Die groot sonde wat die inwoners van Sodom gedoen het, was hul gebrek aan gasvryheid teenoor die besoekers aan hul stad. Gasvryheid was per slot van rekening in daardie tyd 'n belangrike sosiale waarde. Nêrens in die res van die Bybel word weer na Sodom in terme van "homoseksualiteit" of "verkragting" verwys nie. In Eseg 16:49-50 word die sonde van Sodom as hoogmoed en materialisme aangedui. 'n Gebrek aan barmhartigheid. Jes 1:1-17 hou ook verband met sosiale onreg. In Luk 10:10-13 verbind Jesus dit met ongasvryheid wanneer mense nie die draers van die evangelie wil ontvang of huisves nie. Jud 7 dui weer op menslike arrogansie aangesien hulle die begeerte gehad om met hemelwesens seksuele omgang te hê.[742] Dit is binne bogenoemde konteks

[740] Bird Phyllis, **The Bible in Christian Ethical Deliberation concerning Homosexuality**: **Old Testament Contributions,** p 147, [WB Eerdmans Publishing Co] Grand Rapids, 2000 ; Boswell John, Christianity, **Social tolerance and homosexuality**, p 93, [The University of Chicago Press], Chicago and London, 1996.

[741] Sinode van die NGK van Suid-Transvaal, **Studieprojek: herbesinning oor die Kerk se standpunt met die oog op effektiewe pastorale uitreik na homoseksuele persone**, p5, Ongepubliseer en ongedateer (waarskynlik vir die 2002 Sinode); Rapport aan de Generale Synode van Dordrecht 1971/1972, **Over mensen die homofiel zijn**, p 16, Dordrecht, Desember 1971.

[742] Sinode van die NGK van Suid-Transvaal, **Studieprojek: herbesinning oor die Kerk se standpunt met die oog op effektiewe pastorale uitreik na homoseksuele persone**, p5, Ongepubliseer en ongedateer (waarskynlik vir die 2002 Sinode).

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)


dat Lot na sy mede stadsbewoners as boos verwys.[743] 2 Pet 2:7 verwys slegs na algemene losbandigheid van die sedelose mense van Sodom.[744] Ander Skrifverwysings soos Gen 13:13; 18:20; Deut 29:23-27; 32:32; Jer 23:14; Klaagl 4:6 en Open 11:8 ontwikkel in dieselfde tradisie dat die sonde van Sodom nie homoseksuele verhoudings was nie.[745] 'n Mens sou eerder kon sê dat die sonde van Sodom algehele verwildering weg van God was (maw veelvuldige sondes).[746]

Die argument word onder andere gemotiveer deur aan te voer (**Boswell, Bailey** en **McNeill**[747]) dat **[dy** in die konteks nie op seksuele intimiteit dui nie. Wanneer 'n man nie sy vrou "ken" nie, tree hy sonder respek teenoor haar op. Die boodskap wat die Jahwis dus wil oordra, is die gebrek aan gasvryheid van die inwoners van Sodom.[748] 'n Verdere verklaring is dat Lot die wette van Sodom verbreek het deur die gaste in sy huis te laat oornag, sonder dat hy toestemming by die stadsvaders verkry het. Die inwoners van Sodom het toe na Lot gegaan om letterlik met die mense (engele) kennis te

---

743 Report by the Committee appointed by the Eastern Regional Synod of the Christelijke Gereformeerde Kerken in Nederland to present a sound pastoral approach with regard to Homosexual Church members, p 3, Ongepubliseer en ongedateer.

744 Sinode van die NGK van Suid-Transvaal, **Studieprojek: herbesinning oor die Kerk se standpunt met die oog op effektiewe pastorale uitreik na homoseksuele persone**, p5, Ongepubliseer en ongedateer (waarskynlik vir 2002 Sinode).

745 Von Rad stel dat die verskillende weergawes van die sondes van Sodom nie as 'n verrassing gesien hoef te word, of teen mekaar af gespeel behoort te word nie. Die Jahwis was nie bekend met die latere siening van die Israeliete van Sodom se sonde nie. Dit behoort geen probleem te wees nie, aangesien daar heelwat tyd tussen die Jahwis en die ander skrywers verloop het.

746 Botha Willie, **Die Christen en homoseksualiteit**, p 7, Lesing gelewer te SEVTO, Pretoria, Feb 1999.

747 Bailey Derrick Sherwin, **Homosexuality and the Western Christian Tradition,** p 3-4, [Longmans, Green & Co], New York, 1955; Boswell John, Christianity, **Social tolerance and homosexuality**, p 94, [The University of Chicago Press], Chicago and London, 1996; McNeill John J, **The Church and the Homosexual**,p 54-55, [Sheed, Andrews and Mcmeel], Kansas City, 1976. De Young dui egter duidelik dat die begrip in die konteks van Rigter 19:22, 25 duidelike seksuele verbintenis het en daarom nie itv van "kennis" gebruik kan word nie. De Young James, **The Contribution of the Septuagint to Biblical Sanctions Against Homosexuality**, p 158-165, [JETS 34], 1991.

748 Report by the Committee appointed by the Eastern Regional Synod of the Christelijke Gereformeerde Kerken in Nederland to present a sound pastoral approach with regard to Homosexual Church members, p , Ongepubliseer en ongedateer.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

maak ([dy).[749] Hierdie Hebreeuse woord word baie selde gebruik om seksuele gemeenskap aan te toon. Slegs in 10 van die 943 kere waar dit gebruik word, dui dit op seksuele gemeenskap.[750]

Indien homoseksualiteit die probleem in Sodom was, sou 'n mens uit 18:32 moes aflei dat daar geen heteroseksuele persoon in die stad gewoon het nie.[751] Die verhaal vertel ook dat al die inwoners van Sodom voor Lot se huis vergader het. Dit kan tog nie beteken dat al die inwoners van Sodom homoseksueel was nie. Die argument dat Lot sy dogters as "seksuele plaasvervangers" in die plek van die twee mans gegee het, beteken nie dat daar in die verhaal van seksuele sondes gepraat word nie. In 'n poging om sy gaste te beskerm, het Lot eerder sy dogters as "omkoopprys" aangebied. [752] Dit impliseer dus dat Lot sy dogters as losprys vir sy mede stadburgers se "gebrek aan gasvryheid" aangebied het. Hierdie daad van hom kan binne die konteks van die "waardeloosheid van vroue" in die antieke samelewing verstaan word. [753] Verder moet verklaarders kennis neem dat Gen 19 eers in die na-Bybels Joods-Christelike tradisie as "homoseksuele sonde" verstaan is.[754]

---

[749] Bird Phyllis A, **The Bible in Christian Ethical Deliberation concerning Homosexuality: Old Testament Contributions**, p 147, [WB Erdmans Publisching Co], Grand Rapids, 2000 ; Boswell John, Christianity, **Social tolerance and homosexuality**, p 94, [The University of Chicago Press], Chicago and London, 1996; McNeill John J, **The Church and the Homosexual**, p 54-55, [Andrews and McNeill], Kansas City, 1976.

[750] Boswell John, Christianity, **Social tolerance and homosexuality**, p 94, [The University of Chicago Press], Chicago and London, 1996.

[751] Rapport aan de Generale Synode van Dordrecht 1971/1972, **Over mensen die homofiel zijn**, p 16, Dordrecht, Desember 1971.

[752] Boswell John, Christianity, **Social tolerance and homosexuality**, p 95, [The University of Chicago Press], Chicago and London, 1996.

[753] Boswell John, Christianity, **Social tolerance and homosexuality**, p 95, [The University of Chicago Press], Chicago and London, 1996.

[754] Sinode van die NGK van Suid-Transvaal, **Studieprojek: herbesinning oor die Kerk se standpunt met die oog op effektiewe pastorale uitreik na homoseksuele persone**, p5, Ongepubliseer en ongedateer (waarskynlik vir die 2002 Sinode).

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Bogenoemde beredenering verdien verdere teologisering.

**Verdere teologisering:**

Dit moet toegegee word dat in die mate waarin die teks nie van 'n homoseksuele verhouding met wedersydse toestemming praat nie, is dit sekerlik nie een van die beste tekste om die vraagstuk van homoseksuele huwelike en-verhoudings vanuit die teologië te bestudeer nie.

Daar bestaan 'n ouer verhaal (saga) wat baie ooreenkomste met die vloed verhaal het. In hierdie verhaal word die hele wêreld as gevolg van hul boosheid deur God vernietig (vgl 6:1-9:17), terwyl Lot die ramp oorleef. Hy word in die verhaal dus 'n tipe Noag-figuur. [755]

Die gebied van Sodom was 'n ekonomies welvarende gebied. Daar was vyf konings wat oor die gebied regeer het. Die voorspoed van die inwoners van Sodom het hulle materialisties en trots gemaak.[756] Hulle het so arrogant geword dat hulle onregverdig teenoor hulle medemens en goddeloos teenoor God begin optree het. [757]

Dit stadpoorte was die vergaderplek van die stadsvaders.[758] Waarskynlik was Lot met een van die inwoners van Sodom getroud.[759] Dit is onwaarskynlik dat die inwoners die gaste wou leer ken, aangesien die gaste

---

[755] Coats George W, **Genesis with an Introduction to narrative Literature**, p 146, [William B Eerdmans Publishing Compony], Grand Rapids Michigan, 1983; Taylor J Glen, **The Bible and Homosexuality**, p 5, [Them 51], 1995.

[756] Josephus, Flavius, **The Works of Josephus**, (Oak Harbor, WA: Logos Research Systems, Inc.) 1997.

[757] Josephus, Flavius, **The Works of Josephus**, (Oak Harbor, WA: Logos Research Systems, Inc.) 1997.

[758] Wenham, Gordon, **Word Biblical Commentary, Volume 2: Genesis 16-50,** (Dallas, Texas: Word Books, Publisher) 1998.

[759] Van Rad Gerhard, **Genesis,** p 217, [SCM Press], London, 1985.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

in die openbaar deur die hek/stadspoort gegaan het. Hulle was waarskynlik as twee van baie ander besoekers daardie dag gesien.[760]

Dit is bekend dat die Kanaäniete deur die Jahwis as seksueel immoreel gesien is (hierdie punt is alreeds deeglik beredeneer).[761] Die Jahwis gebruik **[dy** wel dikwels in die konteks van seksuele omgang (4:1, 17, 25; 24:16). Wanneer Lot dan sy dogters wat nog maagde is **(icya w[dy-xl)** as plaasvervangers aan die inwoners van Sodom wil oorhandig, kan die seksuele ondertoon van die verhaal nie geïgnoreer word nie. [762] Hier word duidelik nié na 'n platoniese vriendskapskennis tussen twee of meer mense gepraat nie, maar van seksuele omgang.[763]

Dit sou korrek wees om te sê dat die Sodom-verhaal van 'n gebrek aan gasvryheid en materialisme praat. In daardie opsig kan die verhaal nie per sy vir 'n studie rakende homoseksuele verhoudings gebruik word nie.[764] Dit is egter 'n vernging van die verhaal om die gedeelte slégs sò te verstaan. Die vraag is wat maak die inwoners van Sodom se optrede so ongasvry? Waarom is die benaming Sodomiet in die kerklike tradisie met die

[760]Wenham, Gordon, **Word Biblical Commentary, Volume 2: Genesis 16-50,** (Dallas, Texas: Word Books, Publisher) 1998.

[761] Van Rad Gerhard, **Genesis,** p 217, [SCM Press], London, 1985.

[762] Janzen J Gerald, **Abraham and All the Families of the Earth: A Commentary on the Book of Genesis 12-50**, p64, [WB Eerdmans Publishing Co], Grand Rapids, 1993; Wenham, Gordon, **Word Biblical Commentary, Volume 2: Genesis 16-50,** (Dallas, Texas: Word Books, Publisher) 1998.

[763] Die konteks van die gedeelte maak die "fokuspunt" wel die seksuele en nie soos sommige beweer die gebrek aan gasvryheid nie. 'n Gebrek aan gasvryheid speel 'n bykomende motief in die verhaal, maar dit is nie die hoofmoment van die verhaal nie. Die hoofmoment gaan om die seksuele immorele gedrag wat die inwoners van Sodom teenoor die gaste wou pleeg omdat hulle nie gasvry opgetree het nie. De Young James B, **The Contributions of the Septuagint to Biblical Sanctions Against Homosexuality,** p 158-165, [JETS 34], 1991; Haas Guenther, **Exegetical Issues in the Use of the Bible to Justify the Acceptance of Homosexual Practice**, p 387-388, [CSR 26], 1997; Boughton Lynne C, **Biblical Text and Homosexuality: A Response to John Boswell**, p 142-143, [ITQ 58], 1992.

[764] Bird Phillis A, **The Bible in Christian ethical Deliberation concerning Homosexuality: Old Testament Contributions**, p 147, [WB Eermans Publishing Co], Grand Rapids, 2000; Hays Richard B, **The Moral Vision of the New Testament**, p 381, [T&T Clark], Edinburg, 1996.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

homoseksuele verbind?: Juis omdat daar, in die wese van die verhaal ook sprake is van immorele seksuele optrede.[765] Die verhaal wil verder vertel dat die manlike eer op die spel is (en so die seksuele karakter van 'n man) wanneer mans by homoseksuele verhoudings (dade) betrokke is.[766] Aan die wortel van die gebrek aan gasvryheid is homoseksuele praktyke [Dit is in hoofstuk 2 reeds uitgewys dat die Middel Assiriese Wette 19 en 20 (tablet A) homoseksuele verkragting verbied vanweë die "homoseksuele" element daarvan].

Dat Sodom deur die res van die Skrif met immoraliteit verbind word, is reeds bekend. [767] In terme van die Bybelse "simbole" het die Skrif tereg nie 'n kategorie vir homoseksuele verhoudings nie (soos ons dit vandag ken nie en alreeds in hoofstuk 2 ook uitgewys is), maar dat die Skrif wel duidelik na homoseksuele gedrag verwys (soos ook in Lev 18 en 20 aangetoon sal word), kan nouliks ontken word (Daar is ook in hoofstuk 2 aangevoer dat daar wel bewyse is dat iets soos 'n homoseksuele identiteit wél in die antieke tye bestaan het).[768] Daarom moet die verklaring van Boswell en andere afgewys word wat te kenne wil gee dat die verhaal van Sodom geen homoseksuele ondertoon het nie.[769]

---

[765] Ryken, Leland; Wilhoit, James C.; Longman III, Tremper, **Dictionary of Biblical Imagery,** (Downers Grove, Ill: InterVarsity Press) 2000, c1998; Taylor J Glen, **The Bible and Homosexuality**, p 5, [Them 21], 1995.

[766] Bird Phillis A, **The Bible in Christian ethical Deliberation concerning Homosexuality: Old Testament Contributions**, p 148, [WB Eermans Publishing Co], Grand Rapids, 2000

[767] Ryken, Leland; Wilhoit, James C.; Longman III, Tremper, **Dictionary of Biblical Imagery**, (Downers Grove, Ill: InterVarsity Press) 2000, c1998.

[768] Die argument dat die Bybelskrywers (veral Paulus) kennis gedra het van 'n sogenaamde homoseksuele "oriëntasie" (of 'n homoseksuele identiteit) sal in hoofstukke 8-10 aangevoer word. Ryken, Leland; Wilhoit, James C.; Longman III, Tremper, **Dictionary of Biblical Imagery**, (Downers Grove, Ill: InterVarsity Press) 2000, c1998.

[769] Fields Weston W, **Sodom and Gomorrah: History and Motive in Biblical Narrative**, p 54-67, [Sheffield Academic Press], Sheffield, 1997; **The New Bible Dictionary**, (Wheaton, Illinois: Tyndale House Publishers, Inc.) 1962. Die sonde wat die inwoners van Sodom gepleeg het, kan beskryf word itv "3-in-1": Hulle was "ongasvry" en het dus die destydse gasvryheidswette oortree. Verder wou hulle hulle aan "bende verkragting" skuldig maak, maar derdens, wou hulle ook "homoseksuele seks" gehad het – Loader JA,

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)


Om 'n verdere blik op die sonde van Sodom te kry, sal vyf hoof verwysing na Sodom bestudeer word, nl dié van Jesaja, Esegiël, Jesus, Petrus en Judas en laastens die buite Bybelse gegewens rakende Sodom.[770]

### 1.2.2. Ander vroeë tradisies oor die sonde van Sodom

Voorstanders van homoseksuele verhoudings argumenteer dat dit Skrif nooit weer na Sodom in terme van homoseksuele seks verwys nie. Vier Skrifgedeeltes word voorgehou om bogenoemde argument te begrond (Jesaja 1:9-17; Esegiël 16:44-63; Luk 10:10-13; Jud 7).[771] Hierdie argument verdien meer aandag.

#### 1.2.2.1. Jesaja

> "As die Here die Almagtige nie 'n klompie van ons laat oorbly het nie, sou ons soos Sodom geword het, ons sou net soos Gomorra gewees het. Luister na die woord van die Here, julle Sodomleiers! Gee ag op wat ons God julle leer, julle Gomorrasvolk! ... Leer om weer goed te doen, sorg dat daar reg geskied, gaan die verdrukker teë. Laat reg geskied aan die weeskinders, behartig die regsake van die weduwees" (Jes 1:9-10, 17)

Met Sion (1:8) word na Jerusalem verwys. In hierdie verhaal word Sodom en Gomorra simbolies gebruik om die geestelike toestand van Israel aan te

---

**A Tale of Two Cities: Sodom and Gomorrah in the Old Testament, Early Jewish and Christian Traditions**, p 37, [JH Kok], Kampen, 1990.

[770] Fields Weston W, **Sodom and Gomorrah: History and Motive in Biblical Narrative**, p 155-184, [Sheffield Academic Press], Sheffield, 1997.

[771] Edwards George R , **Gay/Lesbian Liberation: A Biblical Perspective**, p 44-54, [Pelgrim], New York, 1984; Fields Weston W, **Sodom and Gomorrah: History and Motif in Biblical Narrative**, p 155-184, [JSOTup - Sheffield Academis Press], Sheffield, 1997.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

dui.[772] Hulle word gewaarsku dat hulle op die rand staan om deur God gestraf te word. Uit hul lewe is dit duidelik dat God nie meer hulle God is nie, maar dat hulle hul eie god geword het. [773] Die leiers word aangespreek omdat hulle sosiale onreg pleeg en dit toelaat. Die Jesaja skrywer neem 'n ander tradisie rakende die Sodom-verhaal as Gen 19 op. Vir hom gaan die nie om 'n gebrek aan gasvryheid nie, maar om die vertrapping van die armes.[774] Die ooreenstemming lê wel op die vlak dat onreg en onderdrukking vir die outeur net sò teen die natuur van God se skepping van mense is, as homoseksuele verkragting. [775] Om goed te doen aan jou medemens beteken dat mense se menswaardigheid op dieselfde wyse gesien word, as wat God die mens as sy beeld sien.[776]

Vir verdere studie (Lev 18:22) is daar wel 'n belangrike aspek om van kennis te neem. Dit het te doen met die "afsku" (hb;[e/T - enkelvoud) van God (1:13). Die Jesaja skrywer leer die Israeliete dat God 'n afsku aan hulle feeste, hulle bloedoffers en die onreg wat hulle aan ander mense pleeg, het. Daar is bloed aan hulle hande omdat hulle nie reg aan die weduwee, wees en onderdrukte doen nie. Dit is temas wat die Jahwis se motief teenoor die gaste in Gen 19 teken. [777] In die volgende paragraaf sal meer oor die teologiese tradisie onder die Ou Testamentiese mense verduidelik word.

---

[772] Oswalt John N, **The Book of Isaiah Chapters 1-39,** 96, [Wm B Eerdmans Publisching Co], Grand Rapids, 1986.
[773] Oswalt John N, **The Book of Isaiah Chapters 1-39,** 96, [Wm B Eerdmans Publisching Co], Grand Rapids, 1986.
[774] Snijders LA, **Jesaja Deel 1,** p 26-29, 32, [Uitgeverij GF Callenbach BV], Nijkerk, 1985.
[775] Oswalt John N, **The Book of Isaiah Chapters 1-39,** 99, [Wm B Eerdmans Publisching Co], Grand Rapids, 1986.
[776] Oswalt John N, **The Book of Isaiah Chapters 1-39,** 99, [Wm B Eerdmans Publisching Co], Grand Rapids, 1986.
[777] Gagnon Robert AJ, **The Bible and Homosexual Practice – Text and Hermeneutics**, p 79, 75, [Abingdon Press], Nashville, 2001.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die volgende Ou Testamentiese tradisie wat ondersoek behoort te word, is dié van Esegiël.

### 1.2.2.2. Esegiël

Die gedeelte wat ondersoek word, is Eseg 16:44-63.

> "Die dogter is soos die ma. Jy is jou ma se dogter, Sy het 'n weersin gehad in haar eie man en kinders. Jy is jou susters se suster. Hulle het 'n weersin gehad in hulle mans en kinders ... Jy het nie net min of meer hulle voorbeeld gevolg en hulle afskuwelike dade nagedoen nie, jy was erger as hulle met alles wat jy gedoen het ... Jou suster Sodom se sonde was dat sy en haar dogters selftevrede en rustig in hoogmoed en oorvloed geleef het en vir dié mens in nood en die arme niks oorgehad het nie. Hulle was hooghartig en het voor my oë afskuwelike dinge gedoen..." (Eseg 16:44-63).

Dit is duidelik dat Sodom in die Bybelse tradisie vir 'n afskuwelike sonde bekend geword het. Die vraag hier is wat was die afskuwelike (**hb;[e/T**) sonde wat Sodom en haar suster gepleeg het?

In hierdie gedeelte lyk dit asof die sonde van Sodom hoogmoed, selftevredenheid en onbarmhartigheid was. Dit kontrasteer met die fokus wat Gen 19 op homoseksualiteit plaas. [778]

Sommige geleerdes wys dat die gedeelte as 'n geheel behandel moet word, maw dat 16:49-50 nie as 'n afsonderlike eenheid gelees word nie. Die konteks waarin die profesie verstaan moet word, is dié van die afskuwelike dinge wat Jerusalem en haar suster gedoen het.

---

[778]**The New Bible Dictionary**, (Wheaton, Illinois: Tyndale House Publishers, Inc.) 1962.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die sonde van die Israeliete was dat hulle die gewoontes van die Kanaäniete oorgeneem het. Hulle het begin om die gesinswaardes te ignoreer.[779] Vroulike huweliksmaats het nie meer hul rol as lewensmaats en ma's nagekom nie. Daar was met ander woorde disfunksionele gesinne. [780] Hierdie agteruitgang was 'n gevolg van seksuele verval (owerspel, prostitusie, verlating van die huwelik ter wille van seksuele begeertes vir andere) wat eie was aan die Kanaänitiese volk (Lev 18:22–28; Deut 12:31; 18:9, 12; 20:18).[781]

Jerusalem word in terme van Sodom beskryf, net veel erger (Jer 3:11-14). Esegiël gebruik hier verskillende tradisies (reinheidswette en narratiewe) en kombineer dit om op Jerusalem se geestelike verval te dui. Die ou verhaal en profesie rakende Sodom, moet vir die inwoners van Jerusalem vars en nuut oorkom.[782]

In die eerste plek word die sondes van Sodom gesien as hoogmoed, selftevredenheid en onbarmhartigheid. Die vraag is of dit die enigste sondes was wat die Israeliete op allegoriese vlak met die beelde (simboliek van Sodom onder die Israeliete) van Esegiël verstaan het? Kon dit wees dat die sondes van Sodom in terme van **hb;[e/T** na homoseksuele verhoudings (nou ook in Jerusalem – JP) verwys het (Lev 18:22; 20:13)?[783]

---

[779] Allen, Leslie C., **Word Biblical Commentary, Volume 28: Ezekiel 1-19**, (Dallas, Texas: Word Books, Publisher) 1998.
[780] Allen, Leslie C., **Word Biblical Commentary, Volume 28: Ezekiel 1-19**, (Dallas, Texas: Word Books, Publisher) 1998.
[781] Allen, Leslie C., **Word Biblical Commentary, Volume 28: Ezekiel 1-19**, (Dallas, Texas: Word Books, Publisher) 1998.
[782] Allen, Leslie C., **Word Biblical Commentary, Volume 28: Ezekiel 1-19**, (Dallas, Texas: Word Books, Publisher) 1998.
[783] Allen, Leslie C., **Word Biblical Commentary, Volume 28: Ezekiel 1-19**, (Dallas, Texas: Word Books, Publisher) 1998; Greenberg Moshe, **Ezekiel 1-20**, p 289, [Doubleday], Garden City, 1983.

Die tema van veroordeling teenoor Jerusalem is tog seksuele immoraliteit. Esegiël 18:10-13 kan meer duidelikheid oor die implikasie van **hb;[e/T** in beide die Joodse simboliek en die idioom van Esegiël gee.

> "Maar so iemand kan 'n wilde seun hê wat moord pleeg of van dié sondes doen terwyl die pa dit nie gedoen het nie. As die seun aan die offermaaltye op die berge deelneem, 'n ander se vrou onteer, die mens in nood en die arme verdruk, mense beroof, goed wat hy in pand geneem het, nie teruggee nie, hulp soek by afgode en so afskuwelike dade pleeg, geld op rente uitleen of woekerwins vat, kan hy nie bly lewe nie, ... hy het al hierdie afskuwelike dinge (hb;[e/T) gedoen en hy moet dood. Hy verdien die dood" (Eseg 18:10-13).

'n Verklaring van die sondes van Sodom in Esegiël 16 binne die breër konteks van die gebruik van die enkelvoud en meervoud van **hb;[e/T** in beide Esegiël en Levitikus (laasgenoemde waarskynlik as die tradisie bron vir Esegiël) dui dat die skrywer van Esegiël seksuele immoraliteit (en waarskynlik onder andere ook homoseksuele gedrag) in gedagte gehad het.[784]

Die argument wat aangevoer word, is dat in hierdie struktuur 'n verwysing na 'n enkelvoudige én 'n meervoudige gebruik van **hb;[e/T** is. Dit is presies dieselfde gebruik wat in Lev 18 (as deel van die reinheidswette 17-26) voorkom. In Lev 18:6-23 word 'n groep seksuele sondes beskryf. Nie na

[784] Gagnon Robert AJ, **The Bible and Homosexual Practice – text and Hermeneutics**, p 82-85, [Abingdon Press], Nashville, 2001; Greenberg Moshe, **Ezekiel 1-20**, p 289, [Doubleday], Garden City, 1983; Zimmerly Walter, **Ezekiel** – **Hermeneia 2**, p 1.350-1.383, [Fortress], Philadelphia, 1979.

een van hierdie sondes word as 'n afskuwelike sonde verwys nie. In Lev 18:24 en verder word in algemene terme verwys dat die volk hulle nie soos die heidene moet verontreining nie. Hier word die meervoud gebruik (**tbo[e/Th'** – 18:26, 27, 30 en **t/b[e/Th'** – 18:29 vertaal met afstootlike dinge, maw meer as een afstootlike ding). In al die reinheidswette word nét homoseksualiteit in die enkelvoud met **hb;[e/T** beskryf ('n afstootlike sonde – 18:22; 20:13).

Die beskrywing in Lev 20:13 (;**hb[e/T hV;ai**) is feitlik 'n presiese weergawe van Eseg 18:12 (**hc;[; hb;[e/T**). Die lys van oortredings in Eseg 18:5-18 stem ooreen met die reinheidswette van Lev 18:6-21. Dit sou daarom moontlik korrek wees om die enkelvoudige én die meervoudige gebruik in Esegiël met die soortgelyke gebruike in Levitikus te verbind. Twee ander gebruike van die enkelvoud **hb;[e/T** in Esegiël (22:11 en 33:26) verwys na seksuele sonde. Dit kan dus 'n korrekte afleiding wees dat die enkelvoudige gebruik van **hb;[e/t** (as verwysing na die sondes van Sodom in 16:50) heel moontlik op seksuele sonde dui, en dan waarskynlik na die homoseksuele sonde van Gen 19. Dit kan beteken dat Esegiël die verskillende tradisies van die gebruik van **hb;[e/T** saamgevoeg het. Hy interpreteer die optrede van die manne van Sodom (Gen 19:1-11) in die lig van Lev 18:22 en 20:13.[785] In hierdie tekste (die verhaal van Gam, van

[785] De Young James B, **A Critique of Prohomosexual Interpretations of the Old Testament Apocrypha and Pseudographa**, p 439-442, [BSac 147], 1990; Gagnon Robert AJ, **The Bible and Homosexual Practice – Text and Hermeneutics**, p 84, 112, [Abingdon Press], Nashville, 2001; Greenberg Moshe, **Ezekiel 21-37**, p 685, [Doubleday], New York, 1997. Daar is nie eenstemmigheid en duidelikheid onder teoloë oor die datering van Levitikus nie. Daar is wel redelike eenstemmigheid dat Levitikus 'n samevoeging van verskeie aspekte oor 'n lang tydperk was. Hierdie aspekte is later in een boek saamgevoeg. Die verskeie wette en kultiese vraagstukke was al reeds voor ballingskap bekend. Indien Levitikus dan tydens of na ballingskap geskryf is, was die verskeie kultiese en heiligheids wetgewing alreeds aan Esegiël bekend. Heelwat teoloë plaas beide Levitikus 18-20 en Esegiël se datering redelik naby mekaar. Daar bestaan 'n tradisie dat Esegiël Levitikus as bron vir sekere van sy uitsprake gebruik het, aangesien hy heelwat van die Heiligheidswette en reinsheidswette geken het. Daarom meen sommige teoloë weer dat die skrywers van dié spesifieke gedeeltes in Levitikus, en

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)


Sodom én die reinheidswette) speel die Kanaäniete 'n belangrike rol in terme van hul seksuele verval. Die groep met wie hy die Israeliete vergelyk.

### 1.2.2.3. Die Jesus-tradisie

> "Maar as julle in 'n dorp kom en hulle ontvang julle nie, gaan dan uit in sy strate en sê: 'Selfs julle dorp se stof wat aan ons voete sit, vee ons af as aanklag teen julle. Maar dit moet julle weet: die koninkryk van God is naby'. Ek sê vir julle: Vir die mense van Sodom sal dit op dié dag draagliker wees as vir daardie dorp" **Luk 10:10-13**.

In hierdie gedeelte (10:1-16) gaan dit om mense wat nie die draers van die goeie nuus van Jesus wil ontvang nie. Die implikasie is dat mense nie die boodskap van Jesus se verlossing - die koninkryk van God is naby - wil aanneem nie (9:5; Hand 13:51 en 18:6)[786]. Matteus verwys waarskynlik na dieselfde situasie (10:15), maar doen dit binne die konteks van mense wat nie na die woorde van die apostels wil luister nie. In die gedeelte van Matteus ontvang die mense wel die dissipels, maar hulle kry die opdrag om

Esegiël mekaar kon ken. Die boek Esegiël word algemeen as na die val van Jerusalem (596 vC) gesien. Die profeet se optrede het waarskynlik in 593 vC begin, terwyl die boek Esegiël in die omgewing van 571 vC geskryf kon gewees het. Ongeag die datering van Levitikus, bevat dit wetgewing wat heelwat ouer is as die opskrifstelling van die boek self. Indien Esegiël wél met **hb[e/T** na homoseksuele verhoudings en -praktyke sou verwys, beteken dit dat Levitikus 18:22 en 20:13 geskryf is voor Esegiël se bediening en die finalisering van die boek Esegiël. Levitikus se kultiese, historiese en wetlike aspekte stem nie ooreen met die na-ballingskap tydperk nie. So is dit ook nie in harmonie met Esra en Nehemia se vraagstukke nie. Daar word byvoorbeeld in hoofstukke 18 en 20 nie verwys na die verbod op huwelike met ander volke rondom Israel nie. Laasgenoemde was 'n belangrike vraagstuk tydens die na-ballingskap periode. Daarom meen sommige teoloë dat Levitikus 18 en 20 nie na ballingskap gefinaliseer is nie. Dan kon Esegiël inderdaad die gedeeltes as bron vir sy uitsprake gebruik het (Bybel A-Z; p 469; Hartley, John E., **Word Biblical Commentary, Volume 4: Leviticus**, [Word Books, Publisher], Dallas, Texas, 1998).

[786] Nielsen JT, **Het Evangelie naar Lucas I**, p 306, [Uitgeverij GF Callenbach bv Nijkerk], Groningen , 1979.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)


die mense wat nie wil luister nie se huise en dorpe te verlaat (Matt 10;14-15). [787] Dieselfde kry ons ook in die Lukas verhaal (Luk 10:4-7).

Die fokus val hier op die finale oordeelsdag wat vir mense wat nie in Jesus wil glo nie, ondraaglik sal wees. In die Joodse tradisie is die oordeel van Sodom dikwels met die "dag van die Here" of die finale oordeel verbind. Jesus wil met ander woorde vertel dat wie Hom verwerp se finale oordeel sal meer ondraaglik wees as wat dit vir die mense van Sodom was.[788]

Binne die konteks van die twee gedeeltes (Matteus en Lukas) gaan dit dus nie oor 'n gebrek aan gasvryheid nie, want sommige van die inwoners van die dorpe en stede ontvang die dissipels selfs in hul huise. Die fokus is op die oordeel van mense wat nie die goeie nuus van verlossing in en deur Jesus wil ontvang nie.[789]

'n Laaste Bybelse getuienis rakende Sodom kom in 2 Petrus 2 en Judas voor.

### 1.2.2.4. Die Judas en Petrus-tradisie

> "Die stede Sodom en Gomorra het Hy tot verwoesting veroordeel en tot as verbrand, en met hierdie voorbeeld het Hy getoon wat oor die goddelose mense gaan kom. En tog het Hy vir Lot gered, 'n eerbare man wat gebuk moes gaan onder die losbandige lewenswyse van sedelose mense. Terwyl hy tussen hulle gewoon het, moes hierdie eerbare man dag vir dag soveel van hulle gruweldade aanskou en sulke dinge aanhoor dat dit 'n foltering was vir sy opregte gemoed ... veral hulle sal gestraf word

[787] Nolland, John, **Word Biblical Commentary, Volume 35b: Luke 9:21-18:34,** (Dallas, Texas: Word Books, Publisher) 1998.
[788] Nolland, John, **Word Biblical Commentary, Volume 35b: Luke 9:21-18:34,** (Dallas, Texas: Word Books, Publisher) 1998.
[789] Groenewald EP, **Die Evangelie van Lukas**, p 130, [NG Kerk-Uitgewers], Kaapstad – Pretoria, 1973.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

> wat toegee aan hulle wellustige vleeslike begeertes en wat die gesag van die Here verag" (2 Pet 2:6-10).

> "En dink ook aan die mense van Sodom en Gomorra en die stede rondom hulle. Net soos daardie engele het hulle onsedelike dade gepleeg en omgang gesoek met vreemde wesens..." (Jud 7)

Die Petrus tradisie verwys na vals leraars binne die konteks van losbandigheid en gierigheid (2 Pet 2:2). Na Sodom word spesifiek in die konteks van "sedelose mense" en mense met "wellustige vleeslike begeertes" verwys (2 Pet 2:6-10; vgl ook Jud 7). [790] Die inwoners van Sodom was daarop uit om hulleself te bevredig. Net soos hulle dit gedoen het, is die valse leraars ook daarop uit om aan hulle eie begeertes te voldoen.[791] In die Nuwe Afrikaanse Vertaling word na die sonde van Sodom as mense wat "omgang met vreemde wesens" gesoek het, verwys. Dit is nie wat Petrus geskryf het nie. Hy verwys na die sonde van Sodom as die soeke na omgang met "vreemde vlees". (**ojpivsw sarko;" eJtevra",**). Hoewel dit vertaal sou kon word as die soeke na omgang met die engele, is dit binne die konteks van Sodom se verhaal dat hierdie omgang na vreemde vlees ook kon dui op die soeke na homoseksuele seks. Op die ou einde verander dit niks aan die betekenis van die skrywe van Petrus nie. In die Joodse tradisie waarbinne hy geleef het, dui dit dat die inwoners van Sodom homoseksuele dade met die gaste van Lot wou pleeg.[792]

---

790 Bauckham, Richard J., **Word Biblical Commentary, Volume 50: Jude, 2** *Peter*, (Dallas, Texas: Word Books, Publisher) 1998.
791 Cedar Paul A, **James,1, 2 Peter, Jude,** P 222, [Word Books Publishers], Waco, 1984.
792 Groenewald EP, **Die Briewe van Petrus * Die Brief van Judas**, p 165, NG Kerk-Uitgewers], Kaapstad, 1985.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)


Ook in hierdie verwysing na Sodom word na die finale oordeel verwys wat vir die valse leraars so sleg soos dié van Sodom en Gomorra sal wees.[793] As alternatief vir sò 'n oordeel word die valse leraars opgeroep om die voorbeeld van Lot ('n eerbare man wat nie gruweldade gepleeg het nie – 2:7) te volg.[794]

Die Joodse tradisie volgens beide Petrus en Judas dui met ander woorde nie op 'n gebrek aan gasvryheid nie, maar op seksuele losbandigheid en die wellus van vleeslike begeertes. In hierdie konteks kan nie anders as om af te lei dat dit na die homoseksuele dade van die inwoners van Sodom verwys nie.

Indien bogenoemde afleiding korrek is, behoort getuies gevind te word toon dat Sodom se sonde homoseksuele seks was.

#### 1.2.2.5. Buite Bybelse-tradisie

Daar is buite Bybelse –tradisies wat die gebeure by Sodom wél verbind aan homoseksuele dade. In die antieke Judaïsme is 'n tradisie dat Sodom weens homoseksuele praktyke verwoes is: **Philo** vertel die volgende:

> But God, having taken pity on mankind, as being a Saviour and full of love for mankind, increased, as far as possible, the natural desire of men and women for a connexion together, for the sake of producing children, and detesting the unnatural and unlawful commerce of the people of Sodom, he extinguished it, and destroyed those who were inclined to these things, and that not by any ordinary chastisement, but he inflicted on them an astonishing novelty, and unheard of rarity of vengeance; ...[795]

---

[793]Bauckham, Richard J., *Word* **Biblical Commentary, Volume 50: Jude, 2 Peter,** (Dallas, Texas: Word Books, Publisher) 1998.
[794]Bauckham, Richard J., *Word* **Biblical Commentary, Volume 50: Jude, 2 Peter,** (Dallas, Texas: Word Books, Publisher) 1998.
[795]Philo Judaeus, **The Works of Philo,** (Oak Harbor, WA: Logos Research Systems) 1997.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)


Philo vertel verder van 'n profeet in die tyd van Moses wat 'n profesie gegee het, waarin daar na die blindheid en steriliteit van Sodom verwys is:

> If the omnipotent Lord had not left us a seed, we should have been like blind and **barren** people," able neither to know the truth nor to generate it. And the Chaldaeans in their native language call blindness and **sterility** Sodom and Gomorrah.[796]

Uit bogenoemde "profesie" is die gebeure van Gen 19 duidelik hoorbaar. In die antieke tyd is dikwels na homoseksuele praktyke deur inwoners van 'n stad of 'n land verwys as "onvrugbaar of steriel". In hoofstuk 2 is reeds gewys hoedat beide in Philo sowel as Plato se skrifte die negatiewe gevolge van homoseksuele dade in terme van 'n gebrek aan voortplanting uitgebeeld word (steriliteit - JP).[797]

**Josephus** verduidelik dat die sonde van Sodom nie net ongasvryheid en materialisme was nie (hoewel hy dit ook pertinent vermeld as deel van Sodom se sondes). Volgens hom was die sonde van Sodom wél homoseksuele praktyke. Hy skryf:

> Now when the Sodomites saw the … men to be of beautiful countenances, and this to an extraordinary degree, and that they took up their lodgings with Lot, they resolved themselves to enjoy these beautiful boys by force and violence; (201) and when Lot exhorted them to sobriety, and not to offer anything immodest to the strangers, but to have regard to their lodging in his house; and promised, that if their inclinations could not be governed, he would expose his daughters to their lust, instead of these strangers—neither thus were they made ashamed.[798]

---

[796] Philo Judaeus, **The Works of Philo**, (Oak Harbor, WA: Logos Research Systems) 1997.

[797] Plato, **Laws,** 841d, Persues Project (Yale University Press), 2000; Philo Judaeus, **The Works of Philo**, (Oak Harbor, WA: Logos Research Systems) 1997.

[798] Josephus, Flavius, **The Works of Josephus**, (Oak Harbor, WA: Logos Research Systems, Inc.) 1997.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)


"Sodomie" is vir Josephus 'n verwysing na die inwoners van Sodom wat homoseksuele dade met die gaste wou pleeg. [799]

In Israel is geglo dat die armes, die vreemdelinge, die weduwees en die weeskinders onder die direkte teenwoordigheid van God staan. Die homoseksuele verkragting wat die inwoners van Sodom wou pleeg, het gedui dat hulle geen respek vir daardie waardes het nie.[800]

Daar is nie veel getuienis by die Kerkvaders rakende Sodom nie. Klements verwys wél in sy eerste brief aan die Korintiërs na Sodom, en wel binne die konteks van gebrek aan gasvryheid.[801] Johannes Chrysostomos en Augustinus verwys weer na die Sodom-gebeure in die konteks van homoseksuele praktyke.[802]

Om saam te vat: Daar bestaan twee tradisies rakende die sonde van Sodom. Die een handel oor 'n gebrek aan gasvryheid, hoogmoed en die verdrukking van die armes. Die ander handel oor die pleeg van homoseksuele dade met die besoekers.

Vervolgens 'n kort blik ook die gebeure van Rigters 19.

### 1.3. Die verhaal van die byvrou van die Leviet en die inwoners van Gibeon

---

[799] Josephus, Flavius, **The Works of Josephus**, (Oak Harbor, WA: Logos Research Systems, Inc.) 1997.
[800] Van Selms A, **Genesis Deel 1,** p 250, [Uitgeverij GF Callenbach BV], Nijkerk, 1973.
[801] The Apostolic Fathers I, **1 Clement,** p 27, [Harvard University Press], London, 1977
[802] Sinode van die NGK van Suid-Transvaal, **Studieprojek: herbesinning oor die Kerk se standpunt met die oog op effektiewe pastorale uitreik na homoseksuele persone**, p 5, Ongepubliseer.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**Standpunt:** In hierdie verhaal gaan dit nie om homoseksuele dade nie, maar wel oor verkragting en die gebrek aan gasvryheid.

**Teologiesering rakende standpunt:**

Heelwat teoloë beweer dat die ooreenkomste tussen Gen 19 en Rigt 19 sò opvallend is, dat dit waarskynlik as een saga kon begin het. [803]

In hierdie verhaal word die minderwaardige rol van vroue in die antieke tyd geteken. In Rigt 19:22 is daar duidelik sprake van homoseksuele geslagsgemeenskap met die Leviet (**WN[,d;nEwÒ**).Die ou man sê dan aan die inwoners om "nie so 'n lae ding te doen nie" (19:23). Daarna bied hy sy dogter aan om verkrag te word, terwyl sy nog 'n maagd is. Die inwoners van Gibea wou nie na hom luister nie, maar dring daarop aan om homoseksuele dade met die Leviet te pleeg (19:25). Op hierdie punt stoot die Leviet sy byvrou uit. Hulle verkrag haar totdat sy sterf.

Die gedagte dat 'n man 'n ander seksueel penetreer was vir die ou man onaanvaarbaar. Dit is so onaanvaarbaar dat hy vir 'n tweede opsie kies, 'n heteroseksuele verkragting, aangesien hy twee vroue in die plek van die moontlikheid van homoseksuele verkragting aanbied.[804] Hier kan dus nie net sprake van 'n gebrek aan gasvryheid wees nie. Die onaanvaarbaarheid van homoseksuele seks word beklemtoon.

Verkragting is wel 'n optrede van geweld, vernedering en oorheersing oor iemand anders. Tog gaan verkragting altyd gepaard met "seksuele begeertes" wat lei tot ereksie en penetrasie. Daarom sal homoseksuele

---

[803] Soggin J Alberto, **Judges**, p 282-288, [Westminster], Philadelphia, 1981; Van Rad Gerhard, **Genesis,** p 218, [SCM Press], London, 1985. Die parallele tussen die twee tekste bestaan so vroeg as pseudo-Philo (1ste vC).

[804] Stone Ken, **Gender and Homosexuality in Judges 19 : Subject-Honor, Object-Shame?**, p 87-107, [JSOT 67], 1995.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

verkragting dieselfde vorm van "seksuele begeertes" inhou as wat met heteroseksuele verkragting die geval is.[805]

Uit die verhaal blyk 'n paar sake:[806]

- ✝ Hier is sprake van 'n gebrek aan gasvryheid deur die inwoners van Gibea.
- ✝ Hier is getuienis van die min waarde wat 'n vrou in daardie tyd gehad het.
- ✝ Hier is ook sprake van homoseksuele verkragting.
- ✝ Dit blyk dat heteroseksuele verkragting meer "aanvaarbaar" was as homoseksuele verkragting (Gen 19:31-38 en die Juda-Tamar verhaal - Gen 38; Rigt 19:24-25). Abram bied ook in Gen 12:10-20 vir Sara as "vrou" vir die Farao aan om te keer dat die Egiptenare hom doodmaak (Sara se belewing van Farao se seksuele omgang met haar moes tog dié van verkragting gewees het – JP).

Dit gesê, beteken dit nie dat die skrywer sulke optrede teen vroue goedkeur nie. Daar is reeds gewys op die erge strawwe volgens Deut 22:23-28 wat 'n man wat 'n vrou verkrag het, moes kry.

**Hier is dit punt:**

Die feit dat in beide die verhale van Gen 19 sowel as Rigt 19 sprake is van 'n gebrek aan gasvryheid, is sekondêr tot beide verhale. Net so ook die feit dat verkragting ter sprake is. In beide verhale word homoseksuele seks met afgryse geteken. 'n Belangrike punt wat die skrywers wil beklemtoon, is dat homoseksuele seks nie aanvaarbaar is

---

805 Boyarin Daniel, **Are There Any Jews in the History of Sexuality**, p 352, [JHSex 5], 1995; Gagnon Robert AJ, **The Bible and Homosexual Practice – Texts and Hermeneutics**, p 97, [Abingdon Press], Nashville, 2001.

806 Matthews Victor H, **Hospitality and Hostility in Genesis 19 and Judges 19**, p 6-10, [BTB], 1992.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

nie.

In die Joodse tradisie was daar nie net sprake van homoseksuele verkragting nie, maar ook van gewone homoseksuele dade wat uit homoseksuele verhoudings gespruit het. Dit sal nou bestudeer word.

## 2. Homoseksuele "verhoudings"

Die belangrike Ou Testamentiese verwysings na homoseksuele omgang, vind ons in Levitikus 18 en 20.

### 2.1. Die getuienis van Levitikus en Deuteronomium

**Standpunt:** In die Levitikus en Deuteronomium tekste gaan dit nie om gewone homoseksuele verhoudings nie, maar om gay-seks in terme van die tempelprostitusie. Daarom is hierdie gedeeltes nie van toepassing op hedendaagse homoseksuele verhoudings van liefde en trou nie.

**Beredenering van standpunt:** Levitikus 18:22 en 20:13 is die enigste twee Ou Testamentiese verwysings wat geslagsgemeenskap tussen mense van dieselfde geslag verbied. Hierdie afleiding word gemaak na aanleiding van die gebruik van die begrip **hb;[e/T** wat as 'n "afskuwelike" sonde beskryf word.[807] Die straf wat op homoseksuele praktyke wag, is die doodstraf omdat dit "'n ondenkbare gruwel" vir God is (20:13).[808] Die verwysing na die sonde van homoseksuele omgang het egter te doen met die "beskerming" van heteroseksuele omgang. Dit is opvallend dat hoewel

[807] Sinode van die NGK van Suid-Transvaal, **Studieprojek: herbesinning oor die Kerk se standpunt met die oog op effektiewe pastorale uitreik na homoseksuele persone**, p 5, Ongepubliseer.
[808] Elinger K, **Leviticus,** p 232, [Mohr] 1966.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)


homoseksuele omgang verbied word, by nie een van hierdie verwysings 'n aandrang is dat die straf van 20:13 toegepas moet word nie.[809]

Levitikus 19-27 is deel van die heiligheids-wette. Dit is nie meer op Christene van toepassing nie. Die Mosaïese wetgewing is daarop gerig om Israel 'n ander identiteit te gee as die volke rondom hulle. Lev 18 is reinheidswette en teken 'n eiesoortige moraliteit op seksuele gebied vir Israel.[810] Voorskrifte ten opsigte van die verbod op seksuele omgang met 'n vrou wat menstrueer (18:19); die eet van onrein kos (Lev 11); die hertrou van geskeides (Deut 24) en die verbod op die dra van klere van die teenoorgestelde geslag (Deut 22:5) geld nie meer vandag nie. Dit moet verder onthou word dat Christene nie meer die Ou Testament se strawwe letterlik toepas nie. Dit beteken dat die Ou Testamentiese riglyne rakende homoseksuele verhoudings nie meer toegepas mag word nie. Hierdie gedeeltes handel eerder oor kulturele gebruike by Israel en gaan nie oor moraliteit nie.[811]

Die onderskeiding van rituele-, kultiese- en burgerlike wette geld nie meer vandag nie. Die gebruik van **hb;[e/T** handel nie soseer oor homoseksuele verhoudings nie.[812] Dit handel eerder oor tempelprostitusie binne die afgodediens (kultiese wetgewing). Daarom dui ook hierdie begrip op 'n kultuurhistoriese konteks. Jesus het egter die wette van Israel tot niet

[809] Sinode van die NGK van Suid-Transvaal, **Studieprojek: herbesinning oor die Kerk se standpunt met die oog op effektiewe pastorale uitreik na homoseksuele persone**, p 6, Ongepubliseer.

[810] Furnish VP, **The Bible and Homosexuality**, p 20, [Wetsminster and John Knox], London, 1994; Sinode van die NGK van Oos-Transvaal, **Homoseksualisme**, p 14, Ongepubliseer, 2001. Furnish argumenteer dat wat in Levitikus verbied word is die vermenging van dit wat nie bymekaar pas nie. Vandag geld daardie beginsel nie meer nie, aangesien dinge soos wol en katoen, nylon en poliëster deurmekaar gebruik word. Die reinheidstekste handel verder nie oor liefde vir die ander (naaste) nie, maar oor die uniekheid van Israel.

[811] Sinode van die NGK van Oos-Transvaal, **Homoseksualisme**, p 14, Ongepubliseer, 2001.

[812] Rapport aan de Generale Synode van Dordrecht 1971/1972, **Over mensen die homofiel zijn**, p 16, Dordrecht, Desember 1971

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)


gemaak, aangesien Hy daarvoor gekruisig is. Daarom is die letterlike toepassing van die Ou Testamentiese wetgewing nie meer vandag van krag nie. [813]

Die uitsprake van die Skrif op seksuele gebied (soos bv coitus interruptus – Gen 38:1-11 en masturbasie) moet verstaan word in die lig dat daar nog geen wetenskaplike kennis oor die proses van bevrugting was nie. Vroue was die enigste natuurlike plek waar die semen van 'n man gestort mag geword het. Die rede hiervoor is die destydse siening dat semen reeds die volledige lewe bevat het.[814]

**Verdere teologisering:** Ter wille van deeglike eksegese oor hierdie twee gedeeltes sal eerstens 'n struktuur analiese van die hoofstukke gemaak word. Om te begin is dit belangrik om kennis te neem dat hierdie tekste nié 'n verhaal is nie, maar "wette" of riglyne waarvolgens God se mense moet leef. Dit is met ander woorde vaste norme.

Daar bestaan verskillende opskrifte vir Lev 18. Sommige verwys daarna as die "Heiligheid van seks". Andere weer as "Verkeerde seksuele verhoudings" terwyl nog 'n groep na hierdie gedeelte as "Respek vir die huwelik" verwys. Die Nuwe Afrikaanse Vertaling verwys na die gedeelte slegs as "Oor seksuele verhoudings". Die gedeelte beskryf verskillende seksuele gebruike wat deur die volke wat rondom Israel gewoon het, beoefen is. Die outeur verduidelik dat hierdie praktyke onaanvaarbaar by God se volk is. Daar bestaan heelwat herhaling van formules van hierdie verskillende

[813] Sinode van die NGK van Oos-Transvaal, **Homoseksualisme**, p 14, Ongepubliseer, 2001.

[814] Sinode van Oos-Transvaal, Homoseksualiteit – Verslag van Werkgroep Een, p 102, [Pretoria], 24-27 Augustus 2003.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

onaanvaarbare seksuele dade. Hierdie herhalings is met opset en moet in die eksegese gehandhaaf word. [815]

[815] Peter-Contesse and Ellington John, **A Handbook on Leviticus**, p 270, [LC Cataloging in Publishing Data], Stuttgard, Germany, 1992.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

## Struktuur analise van Levitikus 18

| | |
|---|---|
| 1 Die Here het vir Moses gese: Praat met die Israeliete en sê vir hulle: Ek is die Here julle God. | Goddelike sanksionering |
| 3 Julle mag nie maak soos die Egiptenaars by wie julle gewoon het, of soos die Kanaäniete na wie se land toe Ek julle bring nie. Julle mag hulle gebruike nie navolg nie. | Die volk van God word opgeroep om nie soos die volke rondom hulle in seksuele immoraliteit te verval nie. Die Egiptenare was bekend dat hulle bloedskande beoefen het, terwyl die Kanaaniete bekend was vir hulle seksuele perversiteit. [816] |
| 4 Julle moet my bepalings nakom en my voorskrifte gehoorsaam deur daarvolgens te lewe. Ek is die Here julle God. | Goddelike sanksionering |
| 5 Wees gehoorsaam aan my voorskrifte en bepalings. Wie dit doen, sal lewe. Ek is die Here. | Goddelike sanksionering |
| 6 Niemand van julle mag met 'n **naby bloedverwant** geslagsgemeenskap hê nie. Ek is die Here. | Bloedskande<br><br>Met gemeenskap word die begrip **hw:r][,** gebruik. Hierdie begrip word deurgaans met gemeenskap vertaal, behalwe wanneer daar na homoseksuele verhoudings en omgang verwys word.[817] Die letterlike vetaling van hierdie begrip is "om iemand kaal te sien" of om iemand se "skaamte te ontbloot". Dit is 'n letterlike verwysing na wat Gam met sy pa (tw"r][,) gedoen het (Gen 9:22). Die implikasie |

[816] Peter-Contesse and Ellington John, **A Handbook on Leviticus**, p 271, [LC Cataloging in Publishing Data], Stuttgard, Germany, 1992.

[817] Peter-Contesse and Ellington John, **A Handbook on Leviticus**, p 270, [LC Cataloging in Publishing Data], Stuttgard, Germany, 1992; Hartley, John E., **Word Biblical Commentary, Volume 4: Leviticus,** (Dallas, Texas: Word Books, Publisher) 1998.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

| | |
|---|---|
| | hiervan is dat Gam Noag inderdaad homoseksueel verkrag het.<br><br>Hier is ook sprake van 'n Goddelike sanksionering. |
| 7 Jy mag nie jou pa die skande aandoen dat jy met jou **ma** gemeenskap het nie. Sy is tog immers jou ma. Jy mag nie met **haar** gemeenskap hê nie. | Verhouding van bloedskande |
| 8 Jy mag ook nie met 'n **ander vrou van jou pa** gemeenskap hê nie. Dit sal skande oor jou pa bring. | Verhouding van bloedskande |
| 9 Jy mag nie met jou **suster** gemeenskap hê nie, ook nie met 'n **halfsuster** aan vaderskant of aan moederskant nie, of hulle nou deel is van die gesin of nie. | Verhouding van bloedskande |
| 10 Jy mag nie met jou **kleindogter** gemeenskap hê nie, want sy is jou nageslag. | Verhouding van bloedskande |
| 11 Jy mag nie met 'n **halfsuster** aan vaderskant gemeenskap hê nie, want sy is jou suster. | Verhouding van bloedskande |
| 12 Jy mag nie met jou **tante aan vaderskant** gemeenskap hê nie, want sy is jou pa se bloedverwant. | Verhouding van bloedskande |
| 13 Jy mag nie met jou **tante aan moederskant** gemeenskap hê nie, want sy is jou ma se bloedverwant. | Verhouding van bloedskande |
| 14 Jy mag nie jou **oom** die skande aandoen dat jy met **sy vrou** gemeenskap het nie. Sy is immers jou tante. | Verhouding van bloedskande |
| 15 Jy mag nie met jou **skoondogter** gemeenskap hê nie. Sy is jou seun se vrou. Jy mag nie met haar gemeenskap hê nie. | Verhouding van bloedskande |
| 16 Jy mag nie met jou **skoonsuster** gemeenskap hê nie, want dit sal skande oor jou broer bring. | Verhouding van bloedskande |
| 17 Jy mag nie gemeenskap hê met **'n vrou en met haar dogter** nie. Jy mag die vrou nie die skande aandoen dat jy met 'n **kleindogter van haar** trou nie. Hulle is **haar nageslag** en dit sal 'n afstootlike daad wees. | Verhouding van bloedskande. Die gedagte is dat indien 'n man met enige vrou gemeenskap het, hy haar lewensmaat word. Binne daardie konteks is hier dus ook sprake van bloedskande[818] |

[818] Peter-Contesse and Ellington John, **A Handbook on Leviticus**, p 276, [LC Cataloging in Publishing Data], Stuttgard, Germany, 1992.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)


| | |
|---|---|
| 18 Solank jou vrou lewe, mag jy nie met **haar suster** trou nie. Daar sal vyandskap tussen hulle ontstaan as jy met albei gemeenskap het. | Verhouding van bloedskande. |
| 19 Jy mag nie met 'n **vrou gemeenskap hê terwyl sy menstrueer** en dus onrein is nie. | Soos reeds vroeër gewys handel dit oor die destydse mense se siening van bloed. Hier is ook sprake van mediese redes. |
| 20 Jy mag nie met jou **naaste se vrou** gemeenskap hê en jouself sò verontreinig nie. | Owerspel |
| 21 Jy mag nie een van jou **kinders wy aan Molek** en sò die Naam van jou God ontheilig nie. Ek is die Here. | Heidense kultus gebruike |
| 22Jy mag nie 'n **homoseksuele verhouding** hê nie. Dit is 'n afstootlike sonde. | Homoseksuele praktyke. Hier is 'n afwyking van die term **hw:r][,.** letterlik staan daar **hV;ai ybeK]v]mi bK'v]ti al¿**. Die LXX vertaal dit met meta 22 καi μετα αρσενος ou κoιmηθήσh κoίτην γυναικός.[819] Dieselfde strofe word ook in 20:13 in die LXX gebruik.[820] 'n Letterlike vertaling hiervan is dat 'n man nie by 'n man mag lê soos 'n man by 'n vrou nie.<br><br>Die gedagte van 'n seksuele verhouding tussen twee mans is in heelwat kulture vreemd en moeilik om uit te druk. Die Hebreeus wat hier in Levitikus gebruik word is 'n aanduiding dat dit ook vir die Israeliete 'n moeilike begrip was. Hier is nie |

819 Wevers John William, **LXX Notes on the Greek Text of Leviticus**, p 283, 321, [Scholars press], Atlanta Georgia, 1997.
820 Wevers John William, **LXX Notes on the Greek Text of Leviticus**, p 283, 321, [Scholars press], Atlanta Georgia, 1997.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

| | |
|---|---|
| | sprake van homoseksuele verkragting of 'n tydelike homoseksuele kultiese handeling nie, aangesien dit op die huweliksbed dui. [821] |
| 23 Jy mag met geen dier geslagsgemeenskap hê en jouself so besoedel nie. 'n Vrou mag dit ook nie doen nie. Dit is iets afskuweliks. | Bestialiteit |
| 24 Julle moet julle op geen van hierdie maniere verontreinig nie, want dit is wat die heidene gedoen het wat ek voor julle verdryf. | Moet julle nie soos die heidene op seksuele gebied verontreinig nie. |
| 25 Hulle het die land verontreining en Ek het die land daarvoor gestraf sodat hy sy bewoners uitgespoeg het. | Seksuele verontreiniging lei tot God se straf oor die land én sy mense. |
| 26 Julle almal, die gebore Israeliete en die vreemdeling by julle, moet my voorskrifte en bepalings gehoorsaam. Julle mag geen van dié afstootlike dinge doen nie. | Moet julle gehoorsaam wees en julle nie op seksuele gebied verontreinig nie. |
| 27 Omdat die vorige inwoners hierdie afstootlike dinge gedoen het, is die land verontreinig. | Seksuele verontreiniging lei tot ontreiniging van die land. |
| 28 As julle die land verontreinig, sal hy julle ook uitspoeg soos hy die heidene voor julle uitgespoeg het. | Seksuele verontreiniging lei tot God se straf oor die mense van die land. |
| 29 Elkeen wat enige van hierdie afstootlike dinge doen, sal van sy volksgenote afgesny word! 30 Wees gehoorsaam aan wat Ek julle beveel. Vermy die afstootlike gebruike van die vorige inwoners en hou julleself rein. Ek is die Here julle God | Moet niks met hierdie seksuele praktyke te doen hê. Straf daardie mense wat sò optree. |

Die struktuur van Lev 18 kan daarom as volg verdeel word: [822]

1-5: Inleiding.

6-16: Bloedskande.

17-18: Seksuele praktyke met vroue wat naby verwant is.

19-20; 22-23: Ander verbode seksuele praktyke.

---

[821] Peter-Contesse and Ellington John, **A Handbook on Leviticus**, p 276, [LC Cataloging in Publishing Data], Stuttgard, Germany, 1992.

[822] Levine Baruch A, **The JPS Torah Commentary Leviticus,** p 118, [The Jewish Publication Society], Jerusalem, 1989.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

21: Staan op sy eie verbind met die Molek-kultus.

Tussen die twee hoofstukke staan die fokus op "naasteliefde" in die sentrum (19:17, 33)

**'n Struktuur analise van Levitikus 20**

| | |
|---|---|
| [1] Die Here het vir Moses gesê: [2] Sê vir die Israeliete: Elke Israeliet en vreemdeling in Israel wat sy kind aan Molek wy, moet met die dood gestraf word: die burgers moet hom met klippe doodgooi. | Moenie die kultus gebruike van die heidene navolg nie en straf teenoor diegene wat dit doen. |
| [3] anders sal Ek self teen so iemand optree en hom van sy volksgenote afsny omdat die wyding van 'n kind aan Molek my heiligdom onrein maak en my heilige Naam ontheilig | Straf op diegene wat sulke dinge doen en God ontheilig |
| [4] As die burgers hulle oë sluit vir so 'n oortreding en nie die skuldige doodmaak nie, [5] sal Ek self ingryp en so iemand en sy familie sowel as almal wat saam met hom ontrou is en vir Molek dien, van sy volksgenote afsny. | Straf op diegene wat sulke dinge doen en God ontheilig |
| [6] Enigiemand wat aan My ontrou is deur hulp te soek by geeste of waarsëers, teen hom sal Ek optree: Ek sal hom van sy volksgenote afsny. | Verbod op heidense kultus gebruike en straf op diegene wat sulke dinge doen en God ontheilig |
| [7] Wy julle aan My Wees heilig, want Ek is die Here julle God. Gehoorsaam my voorskrifte en leef daarvolgens. Ek is die Here, Ek heilig julle aan My. | Oproep om aan God te wy |
| [9] Wanneer iemand sy **pa of ma** vloek moet hy doodgemaak word. Hy het sy pa of sy ma gevloek En hy verdien die dood. | Verbod op vervloeking van ouers |
| [10]Iemand wat egbreuk pleeg met **die vrou van 'n medeburger,** moet doodgemaak word. Dit geld vir die **man en ook vir die vrou** wat egbreuk pleeg. | Verbod op egbreuk en owerspel |
| [11] Iemand wat gemeenskap het met een van sy pa se vrouens, bring skande oor sy pa. Hy en die vrou moet albei doodgemaak word. Hulle verdien die dood. | Verhouding van bloedskande en straf. |
| [12] Iemand wat met sy **skoondogter** gemeenskap het, moet doodgemaak word, en sy ook. Hulle het iets afskuweliks gedoen. Hulle verdien die dood. | Verhouding van bloedskande en straf. |
| [13] Twee mans wat **homoseksueel verkeer**, doen 'n afskuwelike | Homoseksuele verhouding en |

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)


| | |
|---|---|
| sonde. Hulle moet doodgemaak word. Hulle verdien die dood. | straf. |
| 14 Iemand wat met 'n **ma en haar dogter** trou begaan 'n afskuwelike sonde. Hulle moet al drie 'n vuurdood sterf. Julle mag sulke afskuwelike sondes nie duld nie. | Verhouding van bloedskande en straf |
| 15 'n Man wat met 'n **dier** geslagsgemeenskap het moet ook doodgemaak word, en die dier ook. | Verhouding van bloedskande en straf. |
| 16 'n Vrou wat met 'n **dier** geslagsgemeenskap het moet ook doodgemaak word, en die dier ook. Sulke mense moet doodgemaak word. Hulle verdien die dood. | Verhouding van bloedskande en straf. |
| 17 As'n man met sy **suster of halfsuster** se toestemming gemeenskap met haar het, is dit 'n skandelike daad. Hulle moet in die openbaar van hulle volksgenote afgesny word. Hy het skande oor sy suster gebring en moet die gevolge dra. | Verhouding van bloedskande en straf. |
| 18 As 'n man met die toestemming van **'n vrou wat menstrueer**, gemeenskap met haar het, moet albei afgesny word van hulle volksgenote. | Menstruerende vrou en straf |
| 19 Niemand mag gemeenskap hê met sy **tante** aan moederskant of aan vaderskant nie, want sy is 'n naaste bloedverwant. As dit gebeur, moet albei gestraf word. | Verhouding van bloedskande en straf. |
| 20 As iemand met sy **oom se vrou** gemeenskap het, bring hy skande oor sy oom. Die man en vrou moet die gevolge dra: hulle sal sterf as mense wat alle regte verbeur het. | Verhouding van bloedskande en straf. |
| 21 As 'n man sy **broer se vrou** afneem, is dit 'n skandelike daad. Die man het skande oor sy broer gebring. Die man en vrou verbeur al hulle regte. | Verhouding van bloedskande en straf. |
| 22 Julle moet al my voorskrifte en bepalings gehoorsaam en dit uitvoer. As julle dit nie doen nie, sal die land waarheen Ek julle laat trek om daar te woon, julle uitspoeg. | Oproep tot gehoorsaamheid |
| 23 Julle mag nie die gebruike van die nasies wat Ek voor julle gaan uitdryf, navolg nie. Ek het juis 'n afsku in hulle gekry omdat hulle al hierdie dinge doen. | Moenie die kultus gebruike van die heidene navolg nie en straf teenoor diegene wat dit doen. |
| 24 Ek het julle belowe dat julle hulle land in besit sal neem. Dit is Ek wat hierdie land aan julle gee om dit in besit te neem, 'n land wat oorloop van melk en heuning. Ek is die Here julle God, Ek het julle afgesonder van die ander volke. | Moenie leef soos die heidense volke rondom julle nie. Onthou dat gehoorsaamheid geseën word. |
| 25 Daarom moet julle by diere en voëls onderskeid maak tussen rein en onrein. Julle mag julle nie besoedel met diere of voëls of | Maak onderskeid tussen rein en onrein diere |

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

| | |
|---|---|
| enigiets wat op die aarde kruip wat Ek afgesonder het as dinge waardeur julle onrein gemaak word nie. | |
| [26] Julle moet heilig lewe want Ek die Here is heilig. Ek het julle afgesonder uit die volke om aan My te behoort. | Moenie soos die volke rondom julle leef nie en wees heilig |
| [27] Enige mens wat hom ophou met die oproep van geeste of met beswering, moet doodgemaak word. Hy moet met klippe doodgegooi word. Hy verdien die dood. | Moenie die kultiese gebruike van die heidene beoefen nie en meegaande straf. |

Die struktuur kan dus as volg ingedeel word:[823]

- 1-7: Verbod op godsdienstige beoefening soos die heidene.
- 8-21: Verbode seksuele vereniging.
- 21-27: Inname van die land.

Dit sou daarom moontlik wees om die verbintenis tussen Lev 18 en 20 soos volg uit te beeld:

Verbod op ongewensde seks

↓

**...want jy moet jou naaste liefhê soos jouself –** σου καὶ αγαπήσεις τον πλησίον σου ως σεαυτόν / καὶ αγαπήσεις αυτον ως σεαυτόν **(LXX – Lev 19:18, 34), daarom ...**

↓

... is daar 'n verbod op ongewensde seks

Dit is met ander woorde juis die liefdesgebod (teenoor die naaste en vreemdelinge) wat God se mense op seksuele gebied en in terme van moraliteit selfbeheersing laat toepas.

---

823 Levine Baruch A, **The JPS Torah Commentary Leviticus,** p 136-140, [The Jewish Publication Society], Jerusalem, 1989.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Levitikus 18 begin met die waarskuwing om nie heidense gebruike te beoefen, en hanteer dan spesifiek 'n groep seksuele gebruike wat deur die heidene beoefen is. Levitikus 20 plaas weer fokus op die kultiese gebruike van die heidene en beklemtoon nogeens die verbod om die seksuele gebruike van die heidene te beoefen. In die debat rakende homoseksuele verhoudings is daar 'n paar aspekte wat die persepsie skep dat die opdragte wat in die twee hoofstukke gegee word, nie meer vandag van toepassing is nie. Hierdie sake is:

- ✝ Die instelling van die doodstraf teenoor diegene wat hierdie dinge beoefen.
- ✝ Die verbod op gemeenskap met 'n vrou wat menstrueer.
- ✝ Die instelling van rein en onrein diere.

Daarom word die afleiding gemaak dat:

- ✝ Die verbod op homoseksuele omgang verwys na die gebruike in die heidense kultus, en geld daarom nie meer vandag nie.

Dit sou naïef wees om die probleem wat hierdie wette vir die vraagstuk rakende homoseksuele huwelike en –verhoudings skep, nie te erken nie. 'n Mens kan nie sê dat bogenoemde drie opdragte in die Bybel staan en daarom toegepas moet word nie. Hierdie probleem verdien verdere aandag.

### 2.1.2. Die geldigheid van die reinheidswette binne die konteks van Levitikus 18-20 vir vandag

Dit sou egter ook 'n fout wees om die "beginsels" agter die Levitikus wetgewing (in dié geval die kultiese- en reinheidswette) te ignoreer as irrelevant vir ons hedendaagse samelewing. Net so is dit verkeerd om te beweer dat alles wat in hierdie wette staan slegs kultureel aan Israel was en daarom nie meer vandag geld nie. Die meeste van die wetgewing in

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)


Levitikus 18 tot 20 kan as 'n kommentaar op die dekaloog gebooie gesien word. Heelwat van die wetgewing wat in die betrokke hoofstukke voorkom is algemeen geldende wette wat ook vir vandag geld (vgl Lev 17-26).[824]

Hoewel voorstanders van homoseksuele verhoudings en –huwelike slegs op die negatiewe van die reinheidswette fokus, is daar heelwat positiewe aspekte van die wetgewing. Die implikasies van daardie wette (soos bv die verbod op egbreuk / owerspel en bloedskande; die verbod op diefstal en leuens; die opdrag om jou ouers en ander vorme van gesag te respekteer; die verbod om geeste op te roep en waarseêrs te raadpleeg sowel as die opdrag om die naaste (vreemdeling) lief te hê – Lev 19) is nog steeds relevant vir die Christengelowige van vandag. Daar is dus in hierdie reinheidswetgewing ook wetgewing wat verband hou met die moraliteit van God se mense.[825]

Die Levitikus wetgewing wat relevant is vir hierdie studie, is die P-bron (Priester bron of outeur). Die heiligheidswette se benaming is deur "moderne wetenskaplikes" so genoem as gevolg van die strofe, "Wees heilig, want Ek is heilig" (Lev 19:2; 20:7,26; 21:8). In terme van die kultiese praktyke word die boodskap oorgedra dat alle kultiese optredes voor die "oë van God" plaasvind.[826] Die heiligheidswette kan onderverdeel word in verskillende tipe wette. Lev 17; 21-22; 24:1-9 is die kultiese wette. Lev 18 word gesien as wette wat verband hou met seksuele moraliteit. Lev 19-20; 24:10-23 is weer 'n vermenging van godsdienstige en etiese wette. Lev 25

---

[824] Choon Leong Seow, **Textual Orientation** uit **Biblical Ethics and Homosexuality: Listening to Scripture**, p 17-34, [Westminster Knox], 1996; Noth Martin, **The Laws in the Pentateuch and other studies**, p 21, [SCM Press Ltd], London, 1966.
[825] Gagnon Robert AJ, **The Bible and Homosexual Practice – Texts and Hermeneutics**, p 120-122, [Abingdon Press], Nashville, 2001; Noth Martin, **The Laws in the Pentateuch and other studies**, p 21, [SCM Press Ltd], London, 1966.
[826] Noth Martin, **The Laws in the Pentateuch and other studies**, p 21, [SCM Press Ltd], London, 1966.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)


hou verband met die Sabbatsjaar terwyl Lev 26 weer verband hou met seëning en strawwe. Die fokus is egter hoop.[827]

Elke gemeenskap het sekere waardes en norme waarvolgens hulle leef en deur andere geëien kan word. Die wette van Lev 18 – 20 is sulke waardes en norme. Dit is die norme en waardes wat die volk van God (in vandag se idioom sal ons verwys na God se kinders in en deur Jesus Christus) anders maak as die "heidene". God se groep mense (sy familie / sy kinders) leef dus volgens die riglyne, waardes en norme wat Hy aan sy mense gee. Dit is dus wette wat die uniekheid en getuienis van God se mense in 'n samelewing anders en beter as die moraliteit van die dag maak (In ons konteks word die seksuele getuienis dan verhoog teenoor die van 'n heidense – of sekulêre - samelewing). Dit gaan met ander woorde om die afwysing van sekere seksuele praktyke wat die unieke getuienis van die gemeenskap (God se mense) in 'n risiko bring.[828] In 'n sekere sin kan die reinheidswette dus as 'n tipe "kategismus" vir God se volk gesien word (Paulus doen dieselfde wanneer hy aan die gemeente van Korinte skryf [1 Kor 5-7] – hy skryf 'n kategismus vir die nuwe bekeerlinge. Later meer hieroor).[829] Dit is reeds bekend dat hierdie wette (waardes, norme en riglyne) gegee is om die Israeliete van die omringende volke (die Kanaäniete spesifiek en in die konteks van Levitikus 18 – 20 ook die Egiptenare wat

[827] Van Seters John, **The Pentateuch – A Social Science Commentary**, p 203, [Scheffield Academic Press Ltd], Sheffield, 1999.

[828] Bird Phyllis A, **The Bible in Christian Ethical Deliberation concerning Homosexuality: Old Testament Contributions**, p 154, [WB Eerdmans Publishing Co], Grand Rapids, 2000; Brueggemann Walter, **An Introduction to the Old Testament – The Canon and Christian Imagination**, p 71-73, [Westminster John Knox Press], Washington DC, 2003. Volgens hom dui die spesifieke seksuele praktyke op aspekte wat die reinheid van die land en die volk van God in gedrang bring. Die gemeenskap kan deur die oortreding van hierdie wette in gedrang kom. Net so bring seksuele gemeenskap tussen mans (of vroue) ook die voortbestaan en welwese van die gesin in gedrang; Noth Martin, **The Laws in the Pentateuch and other studies**, p 22, [SCM Press Ltd], London, 1966; Walton John H & Matthews Victor H, **The IVP Bible Background Commentary: Genesis – Deuteronomy**, p 161, [InterVarsityPress], Downers Grove Illinios, 1997.

[829] Noth Martin, **The Laws in the Pentateuch and other studies**, p 8, [SCM Press Ltd], London, 1966.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

daarvoor bekend was dat hulle bloedskande in hul koningshuis beoefen het) te onderskei ten opsigte van hulle etiek en moraliteit in terme van gesinswaardes en seksuele gebruike. In daardie opsig stel die reinheidswette grense aan God se mense (en die beginsel dat daar vir God se mense grense is) en geld heelwat van die wette nog steeds.[830]

Die strawwe (dood of afsnyding van die volk) wat aan die oortreders in Lev 20 gegee word, moet binne die konteks van die antieke wêreld gesien word. Agter die wet en die straf is die "beginsel" dat hierdie praktyke nie onder God se mense verdra behoort te word nie. In die Hammurabi geskrif word sulke dade ook gestraf (Wette 129 en 132 tov owerspel; vir verkragting wet 130; Wet 154 in terme van bloedskande). Dit is reeds bekend dat die Middel Assiriese Wette homoseksuele verhoudings met kastrasie gestraf het (Wet 19 en 20). In die Hetitiese Wetgewing is bestialiteit met die dood gestraf (Wet 199). Die motivering agter hierdie strawwe was dat dit die gesinslewe ondergrawe het. Daarom geld hierdie taboes ook in Israel. Vir God se mense was die gesin belangrik en moes beskerm word. Om die gesin te ondergrawe was om die "verbond" te ondergrawe. [831]

Hoewel dit waar mag wees dat die reinheidswette nie direk betrekking op moraliteit het nie, is dit ook so dat die toepassing van hierdie wette die volk van God se moraliteit verhoog het. Die vrees vir "onreinheid" het die mense se moraliteit verhoog. Dit geld veral op seksuele gebied.[832]

---

830 Milgrom J, **Cult and Conscience**, [Brill], 1976; Milgrom J, **The Biblical Diet Laws as an Ethical System, Interpretation**, p 288-301, [Abingdon Press], Nashville, 1976; Milgrom J, **Leviticus**, p 541-545, [Abingdon Press], Nashville, 1976; Walton John H & Matthews Victor H, **The IVP Bible Background Commentary: Genesis – Deuteronomy**, p 165, [InterVarsityPress], Downers Grove Illinios, 1997; Wehman GJ, **The Book of Leviticus**, p246, [WB Eerdmans Publishing Co] Grand Rapids, 1979.

831 Walton John H & Matthews Victor H, **The IVP Bible Background Commentary: Genesis – Deuteronomy**, p 165, [InterVarsityPress], Downers Grove Illinios, 1997.

832 Bigger Stephen F, **The Family Laws of Leviticus 18 in their Setting**, p 195, [JBL 98], 1979; Douglas Mary, **Purity and Danger**, p 132-133, [Routledge & Kegan Paul], London, 1966.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)


Kan hierdie gedeeltes nog vir die Christen wat onder die verlossing in en deur Jesus Christus staan, geld? Dit sou verkeerd van Christene wees om sommer sekere van die reinheidswette vandag te ignoreer, net omdat dit in die kategorie van die heiligheidswetgewing vir die volk van God geld. Dit moet onthou word dat Paulus hierdie wetgewing gebruik wanneer hy homoseksuele verhoudings verbied (Rom 1; 1 Kor 5 tot 7). Hy leun swaar op hierdie wetgewing in sy aanbieding van 'n seksuele etiek van hoë morele waardes.

Daarom kan die Christengelowige nie die reinheidswette wat morele implikasie het, en veral nie daardie wat deur die Nuwe Testament gehandhaaf en bevestig word, ignoreer nie. Hierdie "wetgewing" het te doen met die gelowige se getuienis in die samelewing dat hy/sy God se kind is. Die interpretasie metode waar beginsels wat in die Ou Testament voorkom en in die Nuwe Testament gehandhaaf, verswaar of verlig word, is reeds in terme van die Verlossings-verligtingshermeneutiek verduidelik.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Skematies beeld ek dit as volg uit:




Volgens hierdie interpretasie metode, kan die verbod op homoseksuele verhoudings nie opgehef word nie. Hierdie verbod het 'n tydlose reikwydte, aangesien die Ou Testamentiese verbod konsekwent in die Nuwe Testament gehandhaaf word. Dit hou verband met die moraliteit van die kinders van God.

**Hier is die punt:**

Dit is nie 'n korrekte aanname om te maak dat die spesifieke verwysing na homoseksuele verhoudings vandag nie meer geld nie omdat dit in die konteks van die reinheidswette voorkom nie. Onder hierdie sogenaamde reinheidswette is daar wette wat verband hou met seksuele moraliteit wat tydlose waarde het. Hierdie wette wat met seksuele moraliteit verband hou, dui op die morele uniekheid en -andersheid van God se mense.

### 2.1.2. Verdere verklaring van die twee gedeeltes

Dit is belangrik om kennis te neem dat die meeste van die immorele optredes op seksuele gebied wat in die twee hoofstukke verbied word, nog steeds vandag in die sekulêre samelewings geld (bloedskande; prostitusie; bestialiteit en offer van kinders). In terme van die heiligheidswetgewing is

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

die enigste seksuele daad wat beskryf word as afstootlike (hb;[e/T), homoseksuele gemeenskap. Dat die straf ernstig (doodstraf) is, is belangrik. Dit is 'n oorskryding van die straf wat die Middel Assiriese Wetgewing (kastrasie) op homoseksuele dade geplaas het. Dit gaan dus oor die onaanvaarheid van sulke dade in die oë van God. Die boodskap van Levitikus is duidelik: Sulke dade is onaanvaarbaar en mag nie in die gelowiges se gemeenskappe voorkom nie. Wie homoseksuele verhoudings en –huwelike beoefen, tree dus in beginsel nie volgens die "identiteit van God se volk" op nie.[833]

Om die ernstigheid van homoseksuele huwelike en –verhoudings in die lig van die Skrif te verstaan, is dit nodig om vas te stel wat die betekenis van die woord hb;[e/T is.

### 2.1.3. Die betekenis van hb;[e/T

Voorstanders van homoseksuele verhoudings en –huwelike sien hb;[e/T nie as iets wat dui op 'n bose of afstootlike gedrag nie. Vir hulle gaan dit eerder om onreinheid soos binne die kultus (soos die eet van onrein kos, seksuele omgang met 'n vrou wat menstrueer). Die begrip hb;[e/T word eerder gebruik om te dui op etniese oortredings, afgodery en die onreinheid van die heidene. Die LXX bevestig bogenoemde standpunt, aangesien die vertalings van Deut 7:25-26; Jes 44:19 en Jer 16:18 die begrip gebruik met verwysing na oortreding van die wet (anomvvia) as bdelugma (hb;[e/T). Die verwysing in Levitikus val eerder binne die Joods-etniese konteks van seremoniële onreinheid. Jesus en Paulus het hierdie wette onder die nuwe

833 Bird Phyllis A, **The Bible in Christian Ethical Deliberation concerning Homosexuality: Old Testament Contributions**, p 149, [WB Eerdmans Publishing Co], Grand Rapids, 2000

bedeling ongeldig gemaak.[834] (Die LXX-vertalers het hb;[e/T konsekwent met bdelugma vertaal. bdelugma word deurgaans verstaan as: iets wat baie sleg is, laakbaar, totaal onaanvaarbaar, afskuwelik[835]).

Bogenoemde interpretasie deur voorstanders van homoseksuele huwelike is vreemd, aangesien daar reeds gewys is dat die Levitikus skrywer dit spesifiek net op homoseksuele verhoudings in Lev 18 en 20 van toepassing maak. Die Levitikus-skrywer verwys na seksuele oortredings in die lig van die volgende:

- 'n Seksuele daad wat as afstootlik of onaanvaarbaar beskryf word.
- 'n Seksuele daad wat kan aanleiding gee dat oortreders met die dood gestraf word, òf van die volk afgesny word.
- 'n Seksuele daad wat indien ongestraf gelaat word, die hele volk onder die oordeel van God kan laat kom.[836]

Met verwysing na homoseksuele verhoudings, verskerp die P-bron outeur sy beskrywing van die onaanvaarbaarheid. Waar ander seksuele oortredings in Lev 18 bloot net verbied word, word homoseksuele verhoudings met afstootlik **(hb;[e/T)** beskryf. Met die verwysing na bloedskande tussen 'n skoonpa en sy skoondogter in Lev 20:12 vertaal die 1983 die daad as "afstootlik" (soos in die geval van homoseksuele verhoudings). Hierdie vertaling is egter verwarrend, aangesien die woord **hb;[e/T** nie in die

[834] Boswell John, Christianity, **Social tolerance and homosexuality**, p 101-102, [The University of Chicago Press], Chicago and London, 1996; Gagnon Robert AJ, **The Bible and Homosexual Practice – Text and Hermeneutics**, p 117, [Abingdon Press], Nashville, 2001; Wold Donald J, **Out of Order: Homosexuality in the Bible and the Ancient Near East**, p 110-112, [Baker Books] Grand Rapids, 1998.

[835] Abbott-Smith G, **A Manual Greek Lexicon of the New Testament,** P 79, [T&T Clark], Edinburg, 1981.

[836] Gagnon Robert AJ, **The Bible and Homosexual Practice – Text and Hermeneutics**, p 118, [Abingdon Press], Nashville, 2001.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Hebreeuse teks voorkom nie, maar **lbt**. Die begrip **lbt** dui eeder op verwarring of vermenging (soos die 1933-vertaling lees).[837]

Dit is daarom moeilik om die verwysing na homoseksuele verhoudings, òf enige ander bloedskandelike verhouding òf die verwysing na bestialiteit as 'n etniese gebruik, 'n seremoniële wet of bloot 'n kultiese ritueel te sien. Die gebruik van die verbod op seksuele gemeenskap met 'n vrou wat menstrueer, is ook nie op dieselfde vlak as die verbod op homoseksuele omgang nie. Menstruasie en enige ander afskeiding word gereinig deur te bad. Klere wat met die afskeiding in kontak gekom het, moet gewas word (Lev 15:16vv). Seksuele omgang met 'n vrou wat menstrueer word ook saam as **hb;[e/T** beskryf. Dit beteken egter nie dat homoseksuele seks vandag aanvaarbaar is nie. Die beskrywing wil eerder verduidelik hoe "uiters ongewens" seksuele omgang met 'n menstruerende vrou is.[838]

Die begrip **hb;[e/T** word 123 keer in die Ou Testament gebruik. Die ballingskapsprofeet Esegiël se gebruik van **hb;[e/T** kom baie ooreen met Levitikus. Die begrip word 44 keer in Esegiël gebruik en verwys dikwels na 'n verskeidenheid van oortredings. Spreuke gebruik dit 22 keer. Dit kom 17 keer in Deuteronomium voor en 18 keer in Jeremia. Verder word dit 22 keer op ander plekke in die Ou Testament versprei. Die begrip verwys dikwels na afgodery (Deut 7:25-26; 12:31;18:9-12; 2 Kon 21:2,6). Net so word dit ook in terme van seksuele sondes (immoraliteit) gebruik (Deut 22:5;23:18; 24:4; Eseg 18:6,11,15; 22:10-11; Jer 7:9).[839] In die beskrywing van die

---

[837] Hartley, John E., **Word Biblical Commentary, Volume 4: Leviticus**, (Dallas, Texas: Word Books, Publisher) 1998.

[838] Gagnon Robert AJ, **The Bible and Homosexual Practice – Text and Hermeneutics**, p 118, [Abingdon Press], Nashville, 2001; Greenberg David F, **The Construction of Homosexuality**, p 195-196, [University of Chicago Press], Chicago, 1988; Wold Donald J, **Out of Order: Homosexuality in the Bible and the Ancient Near East**, p 107-114, [Baker Books] Grand Rapids, 1998.

[839] Gagnon Robert AJ, **The Bible and Homosexual Practice – Text and Hermeneutics**, p 118-119, [Abingdon Press], Nashville, 2001.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

sonde van Sodom is reeds gewys dat die gebruik van **hb;[e/T** in Eseg 16:50 en 18:12 en 33:26 waarskynlik na homoseksuele omgang verwys. In ander Skrifgedeeltes verwys die begrip onder andere na diefstal, moord, leuens, oneerlikheid, sosiale sondes, ongehoorsaamheid aan ouers, arrogansie en vele meer (Spr 6;17,19; 11:1; 12:22; 20:10, 23; Jer 7:9; Eseg 22:6).[840] Die interpretasie van **hb;[e/T** as bloot 'n verwysing na etniese afgoderye, is daarom misleidend. Hoewel dit 'n teologiese aspek inhou, is die oorgrote gebruik van **hb;[e/T** op die etiese en morele vlak. Dit handhaaf die beginsel (selfs wanneer afgodery ter sprake is) dat daar nie algehele vryheid vir God se mense bestaan nie. God se mense het grense en moet daarbinne leef (selfbeheersing is 'n belangrike waarde).[841]

'n Laaste saak wat die aandag vra in die beredenering van Levitikus, raak die saak van tempel-homoseksuele prostitusie aan.

### 2.1.4. Die relevansie van homoseksuele tempelprositusie vir die interpretasie van Lev 18 en 20

In die lig dat sommige verklaarders die verwysing na homoseksuele dade in Lev 18 en 20 in terme van die kultus verstaan, word die afleiding gemaak dat hierdie gedeeltes oor "tempel-homoseksuele prostitusie" handel. Soos reeds uitgewys word dan beweer dat bogenoemde gedeeltes nie op die situasie waar homoseksuele huwelike en –verhoudings van liefde en trou ter sprake is, geld nie. Hierdie uitgangspunt verdien meer aandag.

> "Jy mag nie prostitute (**hv;deq**) by die tempel aanhou nie, of dit nou vrouens of mans uit Israel is. Wanneer jy 'n gelofte afgelê het, mag jy nie die loon van 'n

[840] Gagnon Robert AJ, **The Bible and Homosexual Practice – Text and Hermeneutics**, p 119, [Abingdon Press], Nashville, 2001.

[841] Bird Phyllis A, **The Bible in Christian Ethical Deliberation concerning Homosexuality: Old Testament Contributions**, p 146-154, [WB Eerdmans Publishing Co], Grand Rapids, 2000.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

> prostituut (**vdeq]**), of dit nou dié van man of 'n vrou is, na die huis van die Here jou God toe bring nie. Hy het 'n afkeer van hierdie twee dinge" (Deut 23:17-18).
>
> "Daar was selfs manlike tempelprostitute (**vdeq;Aµg¾wÒ**) in die land. Die hele Juda het dieselfde afskuwelike sondes gedoen as die nasies wat deur die Here verdryf is om vir die Israeliete plek te maak" (1 Kon 14:24)
>
> "Hy het die skandseuns (**µyvideQ]h'**) uit die land laat wegtrek en al die drekgode verwyder wat sy vaders gemaak het. Ja, selfs sy moeder Maäka het hy as gebiedster afgesit, omdat sy 'n afgryslike voorwerp vir Asjéra gemaak het; en Asa het die afgryslike voorwerp omgekap en in die dal Kidron verbrand" (1 Kon 15:12-14 - 1953 Afrikaanse Vertaling)
>
> "Ook die skandseuns (**vdeQ;h'**) wat uit die dae van sy vader Asa nog oor was, het hy uit die land uitgeroei (1 Kon 22:47 - 1953 Afrikaanse Vertaling).

Getuienis dui daarop dat daar wel gedurende sommige tye in die geskiedenis van Israel kultiese prostitusie waarby mans betrokke was, voorgekom het.[842] Die vraag is: Wie was hierdie "heiliges" of "manlike tempelprostitute" wat in die tempel diens gedoen het? Daar bestaan verskil in mening oor wie hierdie persone was.

Sommige meen dat dit mans was wie se manlikheid in vroulikheid deur die gode verander was. Hul kultiese funksies was dan om hul liggame aan ander mans tydens homoseksuele seks te "offer". Daar is met minagting na hierdie persone verwys en geglo dat hulle 'n vroeë dood sal sterf.[843] Daar is ook diegene wat beweer dat dit eintlik 'n stukkie Deuteronomistiese fiksie wat in die Skrif voorkom, is.[844]

Dit moet egter onthou word dat die bedoeling van kultiese prostitusie was om vrugbaarheid by diegene met wie seksueel verkeer is, tot gevolg te hê.

---

842 Brooks BA, **Fertility Cult Functionaries in the Old Testament**, p 232-243, JBL 60, 1941; Greenberg David F, **The Construction of Homosexuality**, 96-99, 124-135, [University of Chicago], Chicago, 1988; Nissinen **Homoeroticism in the Biblical World: A Historical Perspective**, 39-41, Fortress Press], Minneapolis, 1998.

843 Nissinen Martti, **Homoeriticism in the Bible World**, p 40-41, [Fortress], Minneapolis, 1998; Schmidt Thomas E, **Straight and Narrow? Compassion and Clarity in the Homosexuality Debate**, p 93, [InterVarsity Press], Downers Grove, 1995.

844 Bird Phyllis, **The End of the Male Cult Prostitute**, p 37-80, [VTSup 66], Cambridge, 1995; Oden Robert A, **The Bible Without Theology**, p 131-153, [Harper & Row], San Fransisco, 1987.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)


Daar is geglo dat die gode gehelp kon word om mense vrugbaar te maak indien hulle "mekaar in die tempel kon bevrug" (dit gaan dus om heteroseksuele seks). Daar is getuienis gevind wat daarop dui dat die manlike tempelprostitute seksuele omgang met onvrugbare vroue gehad. Laasgenoemde het dan geglo dat hulle daardeur vrugbaar sou raak.[845]

Dit was egter nie al rede vir die bestaan van tempelprostitusie nie. 'n Ander rede waarom tempelprostitusie plaasgevind het, was finansieel van aard. Indien 'n vrou of 'n man in die skuld by iemand was, het hulle hulself dikwels tot tempelprostitusie gewend om geld te in, sodat hul hul skuld kon afbetaal.[846] Hierdie gebruik het waarskynlik sy oorsprong by die neo-babiloniese kulture gehad waar persone wat in die skuld by iemand was, as prostitute uitgehuur is om hul skuld te delg. [847]

Kanaänitiese tekste verwys ook na tempelprostitusie. Dit is daarom moontlik dat die Israeliete in 1 Kon 14 hier die gebruike van die Kanaäniete toegepas het.[848] Die Hebreeuse begrip het sy oorsprong waarskynlik in die Assiriese of Akadiese kultuur gehad wanneer na 'n prosituut verwys is (die aanbidding van Asjera, Astarte en Anaat was waarskynlik hierby betrokke[849]). In Ugaritiese tekste is soms verwys na manlike tempelprostitute.[850] Daarom kan

[845] Bailey Derrick Sherwin, **Homosexuality and the Western Christian Tradition,** p 52-53, [Longmans, Green & Co], New York, 1955; Gowers, Ralph, **The New Manners and Customs of Bible Times**, (Chicago: The Moody Bible Institute of Chicago) 1987.
[846] **The New Bible Dictionary**, (Wheaton, Illinois: Tyndale House Publishers, Inc.) 1962; Walton, John H.; Matthews, Victor H.; Chavalas, Mark W., **The IVP Bible Background Commentary: Old Testament,** (Downers Grove, IL: InterVarsity Press) c2000.
[847] Walton, John H.; Matthews, Victor H.; Chavalas, Mark W., **The IVP Bible Background Commentary: Old Testament,** (Downers Grove, IL: InterVarsity Press) c2000.
[848] DeVries, Simon J., **Word Biblical Commentary, Volume 12: 1 Kings,** (Dallas, Texas: Word Books, Publisher) 1998.
[849] **The New Bible Dictionary**, (Wheaton, Illinois: Tyndale House Publishers, Inc.) 1962.
[850] **The New Bible Dictionary**, (Wheaton, Illinois: Tyndale House Publishers, Inc.) 1962; Walton, John H.; Matthews, Victor H.; Chavalas, Mark W., **The IVP Bible Background Commentary: Old Testament,** (Downers Grove, IL: InterVarsity Press) c2000.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

die afleiding gemaak word dat daar wél onder die Israeliete (soos elders in die antieke Ooste) manlike tempelprostitusie by tye voorgekom het.[851]

Dit behoort in ag geneem te word dat tempelprostitute dikwels verskillende funksies gehad het. Waar die vroulike term **hv;deq** gebruik is in die Ugaritiese en Akadiese konteks, is daar nié na seksuele praktyke verwys nie. Hierdie vroulike "prostitute" het as verpleegsters en vroedvroue opgetree. Hulle was dus nie soos dikwels geglo word prostitute nie, maar eerder "heiliges" wat hulpvaardige diens aan die naaste in die tempels gelewer het. Daarteenoor was die rol wat manlike "tempelprostitute" gespeel het, nie duidelik nie, aangesien min oor die manlike tempelprostitute (**µyvideQ]h'**) bekend is.[852]

Die gebrek aan duidelike getuienis oor wat die rol van hierdie manlike tempelprostitute was, het tot gevolg dat daar nie eenstemmigheid oor die rol van hierdie manlike tempelprostitute is nie. Soos reeds in hierdie studie blyk, beweer sommige teoloë dat dit in hierdie gevalle oor "tempel homoseksuele prostitusie" gaan.

Terug by die vrugbaarheidskultus: Die dominante gode in die destydse samelewing, was vroulik en manlik. Hulle is verbind aan reën, plantegroei, die sukses van die oes (maw ook die vrugbaarheid van die land – nie net mense nie). Die offers aan die gode deur hierdie "heiliges" was nié "prostitusie" nie. In 'n samelewing wat afhanklik was van die vrugbaarheid van die grond, het hierdie heiliges offers aan die gode gebring ter wille van die vrugbaarheid van die land.[853] Daarom is dit 'n sterk moontlikheid dat die

---

[851] Walton John H & Matthews Victor H, **The IVP Bible Background Commentary: Genesis – Deuteronomy**, p 255, [InterVarsityPress], Downers Grove Illinios, 1997.
[852] Walton, John H.; Matthews, Victor H.; Chavalas, Mark W., **The IVP Bible Background Commentary: Old Testament,** (Downers Grove, IL: InterVarsity Press) c2000.
[853] Walton, John H.; Matthews, Victor H.; Chavalas, Mark W., **The IVP Bible Background Commentary: Old Testament**, (Downers Grove, IL: InterVarsity Press) c2000.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

negatiewe verwysing na hierdie sogenaamde prostitute, eerder is as gevolg van die persone wat in die tempel van die Israeliete aan "afgode" gewy is.[854]

Die volgende afleidings kan daarom gemaak word: Daar is nie genoegsame bewyse om te beweer dat "tempel-homoseksuele prostitusie" in die antieke Israeliese samelewings voorgekom het nie. Indien dit wél voorgekom het, en dít die sake is waarna die Ou Testamentiese Skrywers in bogenoemde Skrifgedeeltes verwys, is dit nog steeds belangrik om te onthou dat binne die antropologie van die antieke mens iemand se identiteit "was soos hy/sy opgetree het" (in 'n latere hoofstuk sal dit breedvoerig beskryf word). Indien iemand dus tempel-homoseksualiteit beoefen het, is hierdie persoon as 'n homoseksuele persoon gesien. Die homoseksuele gedrag is dan veroordeel en niè die rede waarom hierdie homoseksuele gedrag plaasgevind het nie.[855]

Daar moet verder ook onderskeid gemaak word tussen "tempel-homoseksuele prostitusie" en "manlike tempelprostitute".[856] 'n Belangrike punt wat bogenoemde stelling ondersteun is dat die verwysing na manlike tempelprostitute (**µyvideQ]'**) 'n ander begrip is, as die strofe wat vir homoseksuele verhoudings gebruik word **(hV;ai ybeK]v]mi bK'v]ti al**). Die twee is nie dieselfde nie en kan dus nie na dieselfde saak verwys nie. Die getuienis weeg swaar ten gunste daarvan dat manlike prostitute in terme van vrugbaarheid en ter wille van finansiële redes in die tempel diens gedoen het, verstaan word. Daarom is dit moeilik om die verwysing na homoseksuele praktyke in Levitikus as "tempel-homoseksuele prostitusie" te sien.

---

[854] Walton, John H.; Matthews, Victor H.; Chavalas, Mark W., **The IVP Bible Background Commentary: Old Testament,** (Downers Grove, IL: InterVarsity Press) c2000.

[855] Gagnon Robert AJ, **The Bible and Homosexual Practice – Text and Hermeneutics**, p 109, [Abingdon Press], Naschville, 2001; Grenz Stanley J, **Welcoming But Not Affirming: An Evangelical Response to Homosexuality**, p 41-42, John Knox], Louisville, 1998.

[856] Cross Frank Moore, **Canaanite Myth and Hebrew Epic**, p 274-289, [Havard University Press], Cambridge, 1973.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

'n Volgende Ou Testamentiese gedeelte wat die aandag vra, handel oor die verhouding tussen Dawid en Jonatan. Voorstanders van homoseksuele verhoudings beweer dikwels dat Dawid en Jonatan 'n homoseksuele verhouding van liefde en trou gehad het.

### 3. Die verhouding tussen Dawid en Jonatan

Die uitgangspunt van hierdie siening is dat die verhouding wat tussen Dawid en Jonatan bestaan het, meer as net 'n goeie vriendskap was. Dit was 'n homoseksuele verhouding van liefde en trou. Die Skrifgedeelte wat in hierdie argument gebruik word is 1 Sam 18-23 en Dawid se klaaglied oor Jonatan se dood in 2 Sam 1.[857]

> "Ek is bedroef oor jou, my broer Jonatan. Jy was baie na aan my hart. Jou liefde was vir my wonderliker as die liefde van enige vrou – αγάπησίς σου eμoi υπeρ αγάπησιν γυναικων (2 Sam 1:26).

Daar was 'n besondere verhouding tussen Dawid en Jonatan. Uit 1 Sam 18-23 en die klaaglied wat Dawid oor Jonatan geskryf het, is dit duidelik sigbaar. Die genre van hierdie teks is 'n gedig in die vorm van 'n klaaglied en kan daarom nie as 'n historiese weergawe gesien word nie. Dit was nie Dawid se intensie om met hierdie lied 'n historiese weergawe van sy en Jonatan se verhouding te gee nie, behalwe om die punt te maak dat dit 'n besonderse verhouding was.[858]

---

[857] Antonissen Carl, **Tydens kleingroep bespreking,** Picardie Gastehuis, 24 Maart 2004; Horner Tom, **Jonathan Loved David: Homosexuality in Biblical Times**, p 26-39, [Westminster], Philadelphia, 1987.

[858] Anderson, A. A., **Word Biblical Commentary, Volume 11: 2 Samuel,** (Dallas, Texas: Word Books, Publisher) 1998.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Dit is uit die taalgebruik moeilik om die lied van 2 Sam 1:26 as 'n verwysing na 'n homoseksuele verhouding tussen die twee persone, te verstaan. Die probleem met so 'n siening is dat eksegese van die res van die verhaal wat oor die verhouding tussen Dawid en Jonatan vertel word, sò 'n interpretasie onmoontlik maak.[859]

Wanneer Dawid verwys na "liefde van enige vrou" **(**µyvin **tbha**) die terminologie ook om die liefde van 'n vrou vir haar man, òf die liefde van 'n ma vir haar kinders aan te dui. In Samuel word hierdie begrip vir verskeie vorme van liefde gebruik. Dit is daarom nie vreemd dat die vertalers van die LXX die begrip liefde hier nié in erotiese terme vertaal nie, maar in terme van selfopofferende liefde van wedersydse diens (**η** αγάπησίς σου εμoi υπερ αγάπησιν γυναικwν). **tbha** word gebruik in terme van die verhouding tussen Dawid en Jonatan, maar ook in terme van die heteroseksuele liefde tussen Mikal en Dawid (**bh'aÔT,w"** - 18:20, 28 LXX met αγάπησιν). Samuel teken die liefde tussen Dawid en Jonatan in terme van 'n verbondsliefde (**tyriB]** 1 Sam 18:3; 23:18). Die begrip **hbha** en **tyriB** (LXX vertaal met διαθηκην) is ook gebruik om Jahwe se verbondsliefde teenoor sy volk aan te dui.[860] Hierdie begrip (**òWbhea}** – LXX met **θελει**) word net so gebruik vir die sogenaamde liefde wat die amptenare van Saul vir Dawid gehad het, dus politieke liefde (18:22). Die begrip is dikwels in terme van politieke situasies gebruik, veral wanneer iemand gesag aan 'n ander persoon oordra. Hier het

[859] Anderson, A. A., **Word Biblical Commentary, Volume 11: 2 Samuel,** (Dallas, Texas: Word Books, Publisher) 1998.

[860] Anderson, A. A., **Word Biblical Commentary, Volume 11: 2 Samuel**, (Dallas, Texas: Word Books, Publisher) 1998; Springett Ronald M, **Homosexuality in History and the Scriptures: Some Historical and Biblical Perspectives on Homosexuality** , p 72-73, [Biblical Research Institute], Washington, 1988; Thomson JA, **The Significance of the Verb Love in the David-Jonathan Narratives in 1 Samuel**, p 334-338, [VT 24], 1974. Dit is interessant om kennis te neem dat die Hebreeuse Nuwe Testament Joh 3:16 met **bha** wanneer die frase "want so lief het God die wêreld gehad" vertaal (Gideonsbybel 1983 vertaling inleiding).

die opvolger van Saul as koning van Israel dus simbolies die mag aan Dawid oorgedra.[861]

Dit sou daarom korrek wees deur nié die liefde wat tussen Dawid en Jonatan bestaan het as 'n homoseksuele liefde te sien nie, maar in terme van 'n hegte vriendskap tussen twee mans in dieselfde koninklike familie (as broers yjia; – 2 Sam 1:26). In hierdie hegte broederlike vriendskap was daar nie onderlinge jaloesie en wedywering om die troon nie.[862] Die verhouding (van liefde) tussen die twee persone word deur die LXX in dieselfde terme beskryf as wat Jesus later sou gebruik in die samevatting van die wet (**ajgaphvsei"** - Matt 22:39b), beskryf:

> "Nadat Dawid klaar met Saul gepraat het, het Jonatan baie geheg geraak aan Dawid en hom liefgekry soos homself" (1 Sam 18:1 vgl ook in 20:17 waar die LXX liefde met αγάπησιν vertaal).

Met die verwysing na die soen wat hulle mekaar tydens hulle afskeid gegee het die volgende (1 Sam 20:41-43): Dit was gebruik in die antieke tyd dat mans tussen wie daar 'n hegte band van broederskap en vriendskap bestaan het, mekaar tydens afskeid sou soen (waarskynlik op die wang). 'n Soen op die wang was die gebruiklike groet tussen familielede.[863] Daarom kan hier hoogtens sprake wees van 'n hegte band van vriendskap wat tussen Dawid en Jonatan bestaan het. Hier is sprake van 'n emosionele afskeid tussen twee vriende.[864] In die Nuwe Testament word ook vertel van 'n soen waar daar sprake was van afskeid tussen twee manspersone. Die afskeid wat

---

[861] McCarter P Kyle, **1 Samuel**, p 305, 342, [Doubleday], Garden City, 1980.

[862] Sakenfeld Katharine Doob, **Faithfulness in Action: Loyalty in Biblical Perspective**, p 8-15, [Fortress], Philadelphia, 1985.

[863] Alexander, David en Pat, **Handboek by die Bybel**, (Kaapstad: Lux Verbi) 1977; McCarter P Kyle, **1 Samuel**, p 305, 342, [Doubleday], Garden City, 1980

[864] Klein, Ralph W., **Word Biblical Commentary, Volume 10: 1 Samuel**, (Dallas, Texas: Word Books, Publisher) 1998.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)


Judas van Jesus met 'n soen geneem het, kan tog nié as 'n homoseksuele daad gesien word nie (Matt 26:48-50). Net so verwys Paulus in 2 Kor 13:12 (in sy laaste woorde aan die Korintiërs) daarna dat die gelowiges mekaar met 'n soen moet groet.

Uit bogenoemde behandeling van die verhouding tussen Dawid en Jonatan blyk dit dat daar nie sprake kan wees van 'n homoseksuele verhouding tussen hierdie twee vriende nie. Daar het eerder 'n hegte broederlike vriendskap tussen hulle bestaan.

Daar bestaan ook heelwat ander redes waarom sommige geleerdes en pro-gay groepe homoseksuele verhoudings regverdig òf meer behoudende en konserwatiewe groepe homoseksuele verhoudings wil verbied. Drie van hierdie argumente verdien meer aandag. Die eerste argument handel oor die siening dat homoseksuele verhoudings slegs met afgodery te doen gehad het. Die tweede argument handel oor die saak van voortplanting. 'n Derde rede gaan oor die seksuele omgang tussen twee persone wat nooit bedoel was om seksuele omgang te hê nie.

## 4. Wat verbied seks met dieselfde geslag?

Soos uit die beredenering van die Levitikus wetgewing bly, is een van die motiverings wat gegee word, waarom homoseksuele verhoudings destyds onaanvaarbaar sou wees, die voorkoms daarvan in die kultusse.

### 4.1. Afgodery?

Dit is reeds gewys dat hierdie argument vanuit die Levitikus-tekste kom. Die verbod op homoseksuele verhoudings word dan binne die konteks van die verwysing na Molek (heidense kultus) gesien. Net so word die

verwysing na die gevare van die navolg van die gebruike van die Kanaäniete en die Egiptenare as 'n verdere motivering gesien, dat homoseksuele praktyke inderdaad aan die heidense kultusse verbind is. 'n Laaste argument is natuurlik ook die verwysing na die tempelprostitusie (waarskynlik dan ook homoseksuele tempelprostitusie. Die logiese gevolgtrekking dan is dat seksuele omgang met persone van dieselfde geslag nie inherent sleg is nie, maar dat dit in die destydse konteks van die Bybelskrywers 'n negatiewe konnotasie gehad het. Daarom is dit verbied.

Om dit te beoordeel moet in die eerste plek weer na die struktuur analise soos vroeër gemaak is, gekyk word. In Lev 20 volg homoseksuele verhoudings nié direk na die verwysing op die verbod om kinders aan Molek te offer nie (20:1-8). Dit is eerder toegevou deur die verwysings na ander onaanvaarbare seksuele verhoudings waaronder bloedskande, owerspel en bestialiteit (20:10-16).

In Lev 18 is daar egter 'n direkte verbinding tussen die verbod op homoseksuele verhoudings, en die offer van kinders aan Molek (18:21-22). Indien die verwysing na homoseksuele verhoudings slegs op die kultiese gebruik sou dui weens die verwysing in vers 21 na Molek, maak dit volgens die struktuur analise nie sin nie. Die rede hiervoor is voor die hand liggend. Lev 18:6-20 hou verband met immorele seksuele gebruike. Dan volg die verwysing na die verbod op die offers van kinders aan Molek. Daarna volg dan nog twee verbode seksuele praktyke, naamlik homoseksuele verhoudings en bestialiteit. 'n Verklaring wat binne die konteks van die struktuur analise sin maak, is dat ook hier 'n verbod is op enige praktyke wat die gesin skade aandoen – net soos al die ander seksuele praktyke wat reeds vooraf genoem is. Gagnon gee 'n verduidelik waarvan kennis geneem behoort te word. Volgens hom gaan dit binne die hele konteks eerder dat

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)


die Israeliete nie hul gesinne - deur watter optrede ook al – in gevaar mag stel nie.

> "The Molech cultus ... consisted of a sexual element and is therefore categorized as hb[wt ; it is the sexual aspect of the cultus that places it in the list of crimes in Lev 18, not its idolatrous element. Giving one's seed to Molech may have involved cultic prostitution of some kind, dedicating a child to the idol, or even child sacrifice ... The idolatry of Molech worship is incidental to the sexual nature of this crime in this context ... The sex crimes of Leviticus 18, with the possible exception of Molech worship, were not in cultic nature".[865]

'n Volgende rede wat aangevoer word waarom homoseksuele praktyke deur die Skrif verbied sou word, is dat die Bybelse siening van seksualiteit direk met voortplanting verband gehou het.

### 4.2. Gebrek aan voortplanting?

**Doyer, Muller, Flett** en **Coetzee** gebruik juis hierdie argument wanneer hulle werkgroep aan die Sinode van Oos-Transvaal in 2003 saam met die ander lede van werkgroep 1 'n verklaring van Lev 18 en 20 gee. Volgens hierdie beredenering het die destydse mense die plasing van semen op enige ander plek as in die vroulike liggaam as sonde gesien. Die rede hiervoor was dat die antieke mens geglo het dat daar lewe in semen is. Die gebruik van voorbehoedmiddels word vandag algemeen gebruik. Voortplanting is dus nie 'n rede wat aangevoer kan word om homoseksuele verhoudings te verbied nie.[866]

---

[865] Gagnon Robert AJ, **The Bible and Homosexual Practice – Text and Hermeneutics**, p 130, [Abingdon Press], Nashville, 2001.
[866] Verslag van Werkgroep een, **Homoseksualiteit,** p 102, [Agenda van die Sinode van Oos-Transvaal], Pretoria, 24-27 Augustus, 2003

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Voortplanting was wel 'n belangrike aspek in die lewe van die destydse mense. Dit is reeds uitgewys in die hoofstuk wat oor seksualiteit handel. Philo (in sy verwysing na pederastie) én Josefus, het die vermorsing van sperm as 'n erge oortreding gesien.

> And let the man who is devoted to the love of boys submit to the same punishment, since he pursues that pleasure which is contrary to nature, and since, as far as depends upon him, he would make the cities desolate, and void, and empty of all inhabitants, wasting his power of propagating his species, and moreover, being a guide and teacher of those greatest of all evils, unmanliness and effeminate lust, stripping young men of the flower of their beauty, and wasting their prime of life in effeminacy, which he ought rather on the other hand to train to vigour and acts of courage; and last of all, because, like a worthless husbandman, he allows fertile and productive lands to lie fallow, contriving that they shall continue barren, and labours night and day at cultivating that soil from which he never expects any produce at all (Wette 3:39).[867]

> But then, what are our laws about marriage? That law owns no other mixture of sexes but that which nature hath appointed, of a man with his wife, and that this be used only for the procreation of children. But it abhors the mixture of a male with a male; and if anyone do that, death is his punishment.[868]

Die gebrek aan voortplanting kon egter nie die belangrikste rede gewees het, waarom homoseksuele verhoudings verbied is nie. Dit is reeds geargumenteer in die vorige hoofstuk. Bybelskrywers was bewus dat voortplanting nie altyd plaasgevind het nie. Onvrugbaarheid is gesien as die gevolg van die sondeval. Die konteks van Levitikus 18 en 20 maak dit onmoontlik om die gebrek aan voortplanting as enigste rede vir die verbod op homoseksuele verhoudings te sien. In alle bloedskandelike verhoudings en owerspel of prostitusie (wat ook verbied word) was voortplanting 'n sterk moontlikheid.

---

[867]Philo Judaeus, **The Works of Philo**, (Oak Harbor, WA: Logos Research Systems) 1997.
[868]Josephus, Flavius, **The Works of Josephus**, (Oak Harbor, WA: Logos Research Systems, Inc.) 1997.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die mees aanvaarbare rede wat waarskynlik tot die verbod op homoseksuele verhoudings kon aanleiding gee, is die verbod op seksuele verhoudings tussen liggame wat fisiologies onaanpasbaar ten opsigte van seksuele omgang was.

### 4.3. Onaanpasbaarheid van dieselfde geslag, as 'n aantasting van liggaamlike vorming

Dit gaan dus om die seksuele vermenging van twee dinge wat nooit bedoel was om vermeng te word nie. Dit is die oortreding van die geslagtelikheid soos God dit aanvanklik bedoel het.[869] Die frases waardeur homoseksuele verhoudings verbied word, verduidelik dit tog op 'n logiese wyse: "Met 'n manspersoon mag jy ook geen gemeenskap hê soos 'n mens met 'n vrou het nie. Dit is 'n gruwel." **(.awhi hb;[e/T hV;ai ybeK]v]mi bK'v]ti al¿ rk;zÉAta,wÒ** Lev 18:22 – 1953 Vertaling) en "... as 'n man met 'n manspersoon gemeenskap het soos 'n mens met 'n vrou het, het altwee iets gruweliks gedoen..." **(µB µh,ymeD] Wtm;Wy t/m µh,ynEv] Wc[;.; hb;[e/T hV;ai ybeK]v]mi rk;zÉAta, bK'v]yI rv,a} vyaiwÒ** Lev 20:13– 1953 Vertaling)[870].

Hoewel seks met diere en bloedskandelike omgang verbied word, is dit slegs homoseksuele verhoudings wat as afstootlik verbied (**hb;[e/T**) word. Die ander seksuele verhoudings wat verbied word, word met **lb,T,** (verkeerde vermenging) verbied. Homoseksuele gemeenskap is dus die aantasting van die fisiese vorming van die menslike geslagtelikheid.[871]

---

[869] Douglas Mary , **Purity and Danger**, p 53, [Routledge & Kegan Paul], London, 1966.
[870] Let op dat Josefus 'n soortgelyke frase gebruik.
[871] Carmichael Calum M, **Law, Legend, and Incest in the Bible: Leviticus 18-20**, p 60-61, 182-185, [Cornell University Press], Ithaca, 1997; Gagnon Robert AJ, **The Bible**

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)


Daarteenoor is seksuele gemeenskap met diere waarskynlik verbied, aangesien hier sprake is van twee verskillende vorme van "wesens / lewe" wat nooit bedoel was om te meng nie. Die verbod op bloedskande kan waarskynlik weens vier redes wees:

- Dit beskerm die vroulike geslag.
- Verminder seksuele versoekings binne families.
- Verminder konflik, wanorde en 'n gebrek aan harmonie tussen verskillende geslagte en generasies.
- Maak seker dat die nageslag gesond is.[872]

**'n Beoordeling**

Die Ou Testament vertel inderdaad van homoseksuele verkragtings. Hierdie verkragtings word in sterker taal afgekeur as heteroseksuele verkragting (hoewel laasgenoemde ook as sonde geteken word). Dit is egter nie korrek om te beweer dat die Ou Testament nié van gewone homoseksuele verhoudings praat nie. Die Levitikus tekste kan nié net as kultiese handelinge verstaan word nie, aangesien daar duidelike verwysings is na ander seksuele verhoudings wat saam met homoseksuele verhoudings as sonde verwerp word (veral pedofilie en bloedskande).

Net so is dit noodsaaklik om die Levitikus tekste ook in konteks van die gebod om die naaste lief te hê te lees (in die volgende hoofstuk meer hieroor). Dit is duidelik dat die Levitikus teks dus ook in die konteks van seksuele reinheid ten opsigte van moraliteit verstaan behoort te word.

**and Homosexual Practice – Text and Hermeneutics**, p 136, [Abingdon Press], Naschville, 2001; Grenz Stanley J, **Welcoming But Not Affirming: An Evangelical Response to Homosexuality**, p 46, [John Knox], Louisville, 1998

872 Gagnon Robert AJ, **The Bible and Homosexsual Practice – Text and Hermeneutics**, p 137, [Abingdon Press], Nashville, 2001.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)


Hierdie moraliteit het direkte verband met naasteliefde. Wie hierdie moraliteit verwerp, het hul naaste nie lief nie.

Hoewel tempelprostitusie (ook manlike tempelprostitusie) wél soms by Israel voorgekom het, is die presiese aard van hierdie tempelprostitusie nie duidelik nie. Daar bestaan nié getuienis om te beweer dat hier sprake is van homoseksuele-tempelprostitusie nie. Indien daar wél sulke prostitusie sou voorgekom het, sou so 'n persoon binne die antropologie van die destydse mense as 'n homoseksuele persoon gesien word. Hierdie homoseksuele gedrag is daarom ook veroordeel.

Dit blyk eerder asof hierdie tempelprostitusie waarskynlik eerder met vrugbaarheid en die afbetaal van skuld te doen gehad het. Uit die volkere rondom Israel bestaan ook getuienis dat hierdie prostitute as verpleegsters en vroedvroue gedien het.

Aan die einde van hierdie hoofstuk kan ons nie anders as om bogenoemde drie vorme van seksuele handelinge (bestialiteit, bloedskande en homoseksuele omgang) as immorele handelinge te handhaaf nie. Daar bestaan geen rede waarom die veroordeling van hierdie drie seksuele dade opgehef kan word nie. Dit gaan nie vir die Bybelskrywers oor die rede/motivering waarom mense bestialiteit, bloedskande of homoseksuele verhoudings beoefen nie, maar dát mense dit wél beoefen.

Aangesien die getuienis van Jesus gebruik word om 'n appél op Christene te maak om homoseksuele verhoudings en –huwelike te regverdig én goed te keur, verdien Jesus se bediening meer aandag. In die volgende hoofstuk sal die getuienis van Jesus in bestudering geneem word.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# 7

# Die Skrif as hermeneutiese sleutel : Die getuienis van Jesus

"The vision of Christ that thou see is my vision's greatest enemy:
Thine has a great hook nose like thine, mine has a snub nose like to mine ...
Both read the Bible day and night,
But both read'st black where I read white."
**- William Blake -**

Die Christen se lewe staan én val by die leer, lewe, sterwe én opstanding van Jesus Christus. Christene word juis Christene genoem omdat ons hierdie dinge glo, en ook Jesus se leer en lewe as normgewend vir ons eie lewe en getuienis aanvaar (Hand 11:26). In kort: Christene aanvaar Jesus as die Here en Leier van ons lewe.

Daarom is dit 'n noodwendigheid dat Jesus se getuienis en leer onder heelwat teoloë die sentrum van die Nuwe Testamentiese etiek vorm. Die sterkste argument (volgens my) wat aangevoer word om homoseksuele huwelike en –verhoudings vanuit die Skrif te motiveer, handel oor die leer en lewe van Jesus. Nuwe Testamentiese Christene se siening van Jesus se bediening beïnvloed en bepaal hul etiese denke en –lewe. Soos in die debat rakende homoseksuele huwelike en –verhoudings blyk, is daar nie eenstemmigheid oor wat die etiek volgens die getuienis van Jesus is nie.

Die soeke na die etiek volgens die leer en lewe van Jesus, is wat in hierdie hoofstuk bestudeer sal word. Die interpretasies van Jesus se uitsprake, die dubbele liefdesgebod soos deur Jesus gegee en sy hantering van die wet en

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)


liefde, is van die sake wat hier aan die orde kom. Aan die einde sal gekyk word na "die seksuele etiek" volgens die leer en lewe van Jesus.

Dit is op hierdie stadium belangrik om kennis te neem dat nòg **Boswell** (Christianity, Social Tolerance, and Homosexuality) nòg **Scroggs** (The New Testament and Homosexuality) die getuienis van Jesus gebruik as 'n motivering vir homoseksuele verhoudings en –huwelike. Beide maak wel deeglik gebruik van die getuienis van Paulus. Tog is daar wél teoloë wat die getuienis van Jesus gebruik om homoseksuele huwelike te regverdig.

**Argumentering ten gunste van homoseksuele verhoudings en -huwelike:** Die bediening van Jesus het die deur oopgemaak dat mense met 'n homoseksuele oriëntasie in die huwelik kan tree. Jesus het hom oor die randfigure in die samelewing ontferm en verwys sò op 'n simpatieke en nie-veroordelende wyse na mense wat "anders" is as dit wat oor die algemeen gangbaar is.[873] Hy het die dubbele liefdesgebod gegee wat liefde die skopus van die Skrif maak. Dit beteken dat alle wettiese regulasies van die destydse Joodse samelewing opgehef is. Sy stilswye oor homoseksuele verhoudings moet daarom verstaan word dat Hy in wese sulke verhoudings op grond van die liefdesgebod aanvaar het. Die inklusiwiteit van Jesus se bediening het alle vorme van seksuele identiteite opgehef. Indien iemand se identiteit in Jesus gevind word, kan so 'n persoon as Christengelowige homoseksuele verhoudings en –huwelike uitleef.[874]

[873] Agenda Algemene Sinode van die NGK, **Homoseksualiteit,** p 144, [Hartenbos], 10-16 Oktober 2002.

[874] Colwell John, **Christ, Creation and human sexuality**, p 86-88, [SCM Press], Cambridge, 1997.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)


Eerstens dan sal gekyk word na die bedieningspatroon van die Nuwe Testamentiese kerk.

**1. Bedieningspatroon van die Nuwe Testamentiese kerk**

Dit wil voorkom asof die Kerk 'n etiese dilemma het. Vir hedendaagse Christene bestaan die Nuwe Testamentiese etiek hoofsaaklik uit die volgende uitgangspunt: *Volg die persoonlike en sosiale etiek van die Nuwe Testament in soverre dit in ooreenstemming met die moraliteit van die samelewing is. Indien dit in botsing met sekere nuwe waardes en norme in die samelewing ('n immorele samelewing) kom, is die Kerk genoodsaak om sekere kompromieë te maak*.[875] Hierdie onsekerheid onder Christengelowiges rakende die sosiale moraliteit, is die gevolg van die verwarring oor die plek en interpretasie van die Nuwe Testament (en die Ou Testament) in die vorming van 'n sosiale Christelike gewete en die funksie sowel as die plek wat so 'n sosiale Christelike gewete binne die kerk en wêreld het.[876]

'n Voorbeeld van hierdie probleem in die vorming van 'n sosiale Christelike etiek en gewete in die debat rakende homoseksuele huwelike en –verhoudings, sien as volg daaruit: Eerstens dat indien die natuurwetenskappe kan bewys dat homoseksualiteit 'n bio-psigo-sosiale oorsprong het, dit die uiteindelike besluit waartoe die kerk rakende homoseksuele verhoudings kom, ten gunste van sulke verhoudings behoort

---

[875] Longenecker Richard N, **New Testament Social Ethics For Today,** p ix, [William B Eerdmans Publishing Company], Grand Rapids, 1984.
[876] Longenecker Richard N, **New Testament Social Ethics For Today,** p ix, [William B Eerdmans Publishing Company], Grand Rapids, 1984 .

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

te beïnvloed.[877] Tweedens dat die bediening van Jesus alle kategorieë van persone of sake wat vroeër uitgesluit is tot insluiting verander het (eksklusief tot inklusief). As voorbeelde hiervan word verwys na Hand 2 (Pinkstergebeure), Hand 8 (Filippus en die ontmande man van Etiopië) sowel as Hand 10 (Petrus se visioen van wat rein en onrein is).[878]

Dit is belangrik om bogenoemde voorbeelde te verstaan binne die konteks dat daar nie sekere voorwaardes vir God se vryspraak deur Jesus Christus is nie.[879] Dit het implikasies vir die ekklesiologiese etiek van die Kerk in dié sin dat bogenoemde gedeeltes homoseksuele persone inklusief (lidmaatskap, ordening as predikante, doop en aanneem van kinders, huwelike en alle ander lidmaatskapsvoorregte) in die Kerk van Jesus wil toelaat. Seksuele oriëntasie is nié 'n voorwaarde tot lidmaatskap van die Kerk nie. [880]

Dit moet egter ook ingedagte gehou word dat bogenoemde gedeeltes nie oor gehoorsaamheid of lewensverandering handel nie, maar oor geloof in Christus as voorwaarde om deel van Jesus se Kerk te wees.[881] Die aspekte van die inklusiwiteit van die Kerk in terme van geloof in Christus alleen, én die gevolge daarvan op die transformasie van my lewe, is die sake wat in die etiek volgens die getuienis van Jesus uitgeklaar moet word.

---

[877] Agenda Algemene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk, **Homoseksualiteit,** p 145, [Hartenbos], 10-16 Oktober 2004

[878] Agenda Algemene Sinode van die NGK, **Homoseksualiteit,** p 145 [Hartenbos], 10-16 Oktober 2004. In billikheid moet egter gewys word dat bogenoemde voorbeelde in 'n vorige hoofstuk reeds deeglik bespreek is om aan te toon hoe die hermeneutiek van suspisie soos deur pro-gay teoloë gebruik word om behoudende standpunte onder verdenking te bring. Die doel van hierdie hermeneutiek (en Skrifvoorbeelde) soos deur voorstanders van homoseksuele huwelike gebruik word, poog om daardeur die Skrifgedeeltes en die Nuwe Testamentiese etiek wat teen homoseksuele huwelike en -verhoudings is, onder verdenking te bring.

[879] Agenda Algemene Sinode van die NGK, **Homoseksualiteit,** p 145 [Hartenbos], 10-16 Oktober 2004.

[880] Agenda Algemene Sinode van die NGK, **Homoseksualiteit,** p 145 [Hartenbos], 10-16 Oktober 2004.

[881] Agenda Algemene Sinode van die NGK, **Homoseksualiteit,** p 145 [Hartenbos], 10-16 Oktober 2004.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)


Vervolgens dan Jesus se uitsprake rakende die randfigure binne die konteks van huwelike.

**2. Matteus 19:11-12**

Volgens teoloë wat pleit vir homoseksuele huwelike en –verhoudings, dui Jesus se leer en menseverhoudings daarop dat indien Hy vandag sou geleef het, homoseksuele verhoudings en –huwelike vir Hom aanvaarbaar sou wees. As motivering hiervoor word na Matt 19:11-12 verwys. Hy leer:

> 11Maar Hy sê vir hulle: “Wat julle nou sê, is nie vir almal moontlik nie, net vir dié aan wie dit gegee is. 12Daar is mense wat nie kan trou nie omdat hulle van hulle geboorte af so is (**eujnou`coi**), ander is deur mense so gemaak, en ander het self so gekies ter wille van die koninkryk van die hemel. “Wie dit kan doen, laat hy dit doen.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Hoewel **eujnou`coi**[882] op "ontmandes" of "eunugs" dui, is die eerste gebruik van **eujnou`coi** nie duidelik nie. Die tweede en derde gebruik later in Matt 19 is wel duidelik. Volgens die pro-gay interpretasie van **eujnou`coi** (Matt 19:12) dui die eerste gebruik van **eujnou`coi** op mense wat randfigure is. Jesus ontferm hom hier oor mense wat op die rand van die samelewing staan (gemarginaliseerdes) deur 'n nie-veroordelende houding teenoor hulle in te neem (Mark 1:44-40, 10:46-52 en Matt 9:20-22). Hy het na hulle uitgereik én hulle in die nuwe gemeenskap rondom Hom ingesluit.[883] Jesus se tafelgemeenskap met tollenaars en sondaars is ook 'n voorbeeld

---

[882]. Kittel, Gerhard; Friedrich, Gerhard, **The Theological Dictionary of the New Testament,** (Grand Rapids, MI: Wm. B. Eerdmans Publishing Company) 2000, c1964.; Louw, Johannes P. and Nida, Eugene A., **Greek-English Lexicon of the New Testament based on Semantic Domains,** (New York: United Bible Societies) 1988, 1989. Letterlik vertaal met 'n man wat gekastreer is. Dit was 'n bekende gebruik in sommige van die destydse kulture. Vir die Grieke was kastrasie egter in wese 'n vreemde en onaanvaarbare gebruik, aangesien dit nie in lyn met normale geslagtelikheid was nie. Die Grieke het deur hul kontak met ander nie-griekse kulture van hierdie gebruik bewus geword. In die destydse Midde-Ooste was ontmandes dikwels in beheer van harems en selfs by prostitusie betrokke. Die eunug was dienskneg van die leiers en het laasgenoemde se vroue opgepas. Later het hulle selfs vertrouelinge van die adel geword (vgl Hand 8:34). Dié invloed is veral sigbaar in die kulture van Klein Asië soos onder andere by die Artemis-kultus van die Efesiërs. In sulke gevalle was die "kastrasie" van die man deel van die kultiese gebruik waar 'n priester "georden" is. Hulle het dan as bavkhloi en gavlloi bekend gestaan. Buite die Nuwe Testament word die begrip "eunug" nie nét gebruik wanneer na mense verwys word nie, maar ook wanneer diere gekastreer is, of wanneer vrugte en plante nie vrugbare saad voortgebring het nie. In die Ou Testament word beide die kastrasie van mens en dier verbied. Vanuit Israel was daar dus nie self eunugs nie. In die koninklike howe was daar wel soms uitsondering gemaak, maar dan was dit om die "volk" suiwer te hou. So is voorkom dat enige vreemde nie-Israeliese bloed die volk sou binnekom (Deut 17:16 vv; 23:2-9). Die Rabbynse Judaïsme het die siening dat niemand gekastreer mag word nie, gehandhaaf. Kastrasie was 'n oortreding van die opdrag dat die mens moet voortplant. Selfs die Rabbies moes trou. Uit al die geskrifte van die Judese Rabbies is slegs kennis van een ongetroude Rabbie, ene Ben 'Azzai. Sy uitgangspunt was dat sy siel aan die Tora vasgemaak is. Hoewel hy die huwelik onderskryf het, is hy deur sy tydgenote gekritiseer omdat hy nie getrou het nie. Daar is 'n tradisie volgens J Jeremias dat Paulus 'n wewenaar was, en nie 'n oujongkêrel nie. Hierdie tradisie word nie algemeen aanvaar nie, gegewe Paulus se lering in 1 Kor 7 oor die selibaat. Daar bestaan 'n moontlikheid dat die figuurlike interpretasie van Jesus se derde rede vir die bestaan van eunugs die vroeë Kerk en Paulus se leer van selibaat kon motiveer.

[883] Agenda Algemene Sinode van die NGK, **Homoseksualiteit,** p 143, [Hartenbos], 10-16 Oktober 2004.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)


hiervan.[884] Die implikasie van Jesus se hantering van die randfigure binne die samelewing maak die deur vir homoseksuele verhoudings en –huwelike oop, aangesien hulle ook randfigure in vandag se samelewing is.

**Verdere teologisering:** Binne bogenoemde konteks, behoort die volgende uitgewys te word: Jesus handhaaf die Rabbynse siening rakende kastrasie en die huwelik (vgl voetnoot 1). Hy onderskei tussen drie groepe van **eujnou`coi**:

- Diè wat so gebore word (sogenaamde randfigure),
- diè wat vermink is (ook randfigure), en
- diè wat dit aan hulleself gedoen het (uit die siening van die huwelik, kon hierdie groep waarskynlik ook as randfigure hanteer gewees het).

Die eerste groep eunugs is diè wat met 'n fisiese seksuele defek gebore is ('n abnormale fisies seksuele toestand wat waarskynlik in ons konteks letterlik 'n verwysing na afrodiete of hermafrodiete kan wees. Gegewe die mitologië uit die Griekse leefwêreld waarin bogenoemde fisiese seksuele toestande 'n rol gespeel het, is so 'n afleiding 'n waarskynlikheid - JP).[885] Die tweede groep is waarskynlik die kastrasie wat iemand aan 'n ander persoon gedoen het (vgl 2 Kon 20:18; Ester 2:14; Hand 8:26-39). Hierdie situasie is binne die Judaïsme verbied en gesien as 'n sonde wat aan die medemense gedoen is.[886] Hoewel Jesus na hierdie gebruik verwys, het Hy waarskynlik soos alle ander Joodse rabbies, 'n weersin in hierdie gebruik gehad.[887]

---

[884] Sinode van die NGK van Suid-Transvaal, **Studieprojek: herbesinning oor die Kerk se standpunt met die oog op effektiewe pastorale uitreik na homoseksuele persone**, p 8-9, Ongepubliseer.

[885] Hendriksen William, **The Gospel of Matthew,** p 718, [Baker Book House], Grand Rapids, Michigan, 1973.

[886] Hendriksen William, **The Gospel of Matthew,** p 718, [Baker Book House], Grand Rapids, Michigan, 1973.

[887] Kittel, Gerhard; Friedrich, Gerhard, **The Theological Dictionary of the New Testament,** (Grand Rapids, MI: Wm. B. Eerdmans Publishing Company) 2000, c1964.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die derde groep (eunugs) is waarskynlik die figuurlike gebruik van die begrip eunug. Dit is persone wat fisies heeltemal in staat is om te trou en kinders te verwek, maar wat uit eie keuse kies om nie te trou nie. Hulle kies vrywillig om ter wille van die Koninkryk van God nie te trou nie. Hulle is bewus van die 'swaarkry" (fisiologies, hormonaal en selfs binne kultuurkonteks) wat 'n ongetroude lewe vir hulle sou veroorsaak, maar ter wille van die eer van God; ter wille van die goeie naam van die groep (kerk) waarvan hulle deel vorm; hul meegaande getuienis in die wêreld waarbinne hulle leef en tot voordeel van die evangelie van Jesus Christus, kies hulle om ongetroud te bly (1 Kor 7:26vv). [888] Dit is, met ander woorde, mense wat hulle energie "kastreer" weg van die normale geslagtelike skeppingsorde en seksuele plesier soos deur God geskep, om dit in geheel op die eer van God te fokus.[889] Daar bestaan 'n moontlikheid dat Jesus hier na Homself en Johannes die Doper verwys het. [890]

Indien dié gedeelte gebruik word om in die mond van Jesus die groen lig vir homoseksuele huwelike en -verhoudings te gee, moet die volgende in ag geneem word:

- ✝ Dit gaan in die gedeelte oor redes waarom mense nié trou nie én nie oor waarom mense kan trou nie.
- ✝ Jesus handhaaf die heteroseksuele huwelik, selfs al verwys hy na die "randfigure" in die samelewing wat van geboorte af so is dat hulle nie kan trou nie. Hy veroordeel nie die "randfigure" nie, maar bied ook nie aan hulle 'n ander waardestelsel of 'n ander

---

[888] Hendriksen William, **The Gospel of Matthew,** p 718, [Baker Book House], Grand Rapids, Michigan, 1973.

[889] Kittel, Gerhard; Friedrich, Gerhard, **The Theological Dictionary of the New Testament,** (Grand Rapids, MI: Wm. B. Eerdmans Publishing Company) 2000, c1964.

[890] Kittel, Gerhard; Friedrich, Gerhard, **The Theological Dictionary of the New Testament,** (Grand Rapids, MI: Wm. B. Eerdmans Publishing Company) 2000, c1964.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

stel etiese riglyne wat vir hulle op seksuele en huweliksgebiede geld nie. Hy handhaaf die bestaande.

✝ Indien die teologisering van die teks op homoseksuele huwelike en –verhoudings van toepassing gemaak kon word, is die implikasie van die teks juis die teenoorgestelde as wat deur pro-gay teoloë beweer word:

- Indien daar iets soos 'n homoseksuele oriëntasie bestaan, is daar geen rede waarom dié groep met sò 'n oriëntasie, nie ook binne die eerste groep val nie ('n toestand wat van geboorte af bestaan, maar wat nie in lyn met die natuurlike skepping van die twee geslagte is nie. 'n Toestand waaroor die draer daarvan geen beheer het nie – dit is sy/haar konstitusie).
- Indien persone homoseksueel optree as gevolg van "sonde wat deur die samelewing" aan hierdie persone gedoen is (bv verkragting, molestering of verkeerde en afwesige rolmodelle), val dit binne kategorie twee.
- In beide gevalle handhaaf Jesus 'n ongetroude lewe vir sulke persone (selibaat). Die **motivering** waarom die derde groep nie trou nie, kan dus as motivering dien waarom homoseksuele huwelike en –verhoudings volgens dié lering van Jesus, nie toegepas kan word nie, al tree Hy empaties en met deernis teenoor die randfigure op. Die implikasie is dat homoseksuele persone hulle van homoseksuele huwelike en –verhoudinge sal weerhou, ter wille van die Koninkryk van God

**Hier is die punt dus:**

Die fokus val nie op my persoonlike gemaksone en behoefte aan 'n lewensmaat teenoor wie ek my geskape seksuele behoeftes kan uitleef nie, maar op die eer van God.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)


In Jesus se lering en omgang met mense word nooit na die sonde van homoseksuele verhoudings verwys (stilswye) nie. Dit verdien meer aandag.

**3 Jesus se stilswye rakende homoseksuele verhoudings beteken dat Hy dit goedgekeur het.**

Voorstanders van homoseksuele verhoudings stel dat Jesus se stilswye oor die "sonde" van homoseksuele verhoudings, impliseer dat Hy dit aanvaar en in liefde goedgekeur het. Indien Jesus spesifiek téén homoseksuele verhoudings was, sou hy dit spesifiek verbied het, soos Hy ander sondes veroordeel het.[891]

**Verder teologisering:** Daar kan alleen sinvol oor Jesus se stilswye rakende homoseksuele verhoudings nagedink word, indien die konteks waarbinne Hy geleef het, verstaan word.

In vorige hoofstukke is daar reeds gewys dat beide die **Palestynse-** en **Hellenistiese Judaïsme** teen homoseksuele verhoudings was. **Scroggs** beweer egter dat die Palestynse Judaïsme nie teen homoseksuele

[891] Dallas Joe, **Responding to Pro-Gay Theology**, www.leaderu.com/conversations; Daar is egter geleerdes wat beweer dat Jesus wel moontlik na homoseksuele verhoudings kon verwys. Volgens hulle het Jesus se opmerking in Mrk 9:42 sy wortels in die **Babiloniese Talmud (b. Nid 13b)** [... those who play with with children ... with the hand...] het. Die Babiloniese Talmud word dan in terme van homoseksuele verhoudings (pederastie spesifiek) verbind. Allison and Davies; Luz; Donald A Hagner, **Matthew,** 1:116, [Word], Dallas, 1993, 1995; Deming Will, **Mark 9.42-10.12, Matthew 5.27-32 and b.Nid 13b : A First-Century Discussion of Male Sexuality**, p 130-141, [NTS 36], 1990; Meyers Carol and Eric, **Zechariah 9-14**, p389, [Doubleday], New York, 1993; Schmidt Thomas E, **Straight and Narrow? Compassion and Clarity in the Homosexuality Debate**, p 93-94, [InterVarsity Press], Downers Grove, 1995; Schulthess Friedrich, **Zur Sprache der Evangelien. Anhang. A. Racha (raka), mõre** , p 241-243, [ZNW], 1922; Warren Johansson, **Who shall Say to His Brother, Racha**, p 2-4, [Cabirion and Gay Books Bulletin 10], 1984. Dit (b.Nid 13) dui moontlik eerder op diegene wat met meisies getrou het voordat hulle seksuele volwassenheid bereik het. Dit is daarom onwaarskynlik dat Jesus na homoseksuele optrede verwys. Gagnon Robert AJ, **The Bible and Homosexual Practice – Text and Hermeneutics**, 186, [Abingdon Press], Nashville, 2001.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)


"verhoudings" was nie, maar eerder teen homoseksuele losbandigheid.[892] Hierdie siening is in die vorige hoofstuk as 'n nie-geldige standpunt uitgewys. In die Ou Testamentiese verwysings na homoseksuele praktyke was homoseksuele "verhoudings" wél ter sprake net soos daar ook sprake is van seksuele "verhoudings" van bloedskande.

Die Bybelse standpunte rakende homoseksuele verhoudings weerklink dan ook in die **Babiloniese Talmud**:

> "... an unmarried man may not be a teacher of children, nor may a women be a teacher of children ... nor may two unmarried men sleep under the same cloak ... a Single man shall not be a shepherd nor shall two single men sleep under the same cloak ..."[893]

Daar is drie sake wat moontlik in hierdie wetgewing verbied word:

- ✝ Verhoudings van pedofilie van beide mans en vroue.
- ✝ Bestialiteit
- ✝ Homoseksuele verhoudings – daar is tog geen regverdiging deur te beweer dat die saamslaap van twee persone van dieselfde geslag in hierdie geval op losbandigheid sou dui nie. Hier sou waarskynlik van homoseksuele verhoudings sprake kon wees.

Wat die Hellenistiese Judaïsme betref, stel Scroggs verder dat hier slegs sprake is van die homoseksuele verhoudings wat destyds aan Philo en Josephus bekend was. Dit handel dan oor pederastie.[894] Hierdie argument is reeds deeglik behandel. Dit is so dat Philo in een van sy stellings na

[892] Scroggs Robin, **The New Testament and Homosexuality**, p 84, [Fortress Press], 1983.
[893] Herbert Danby, **The Mishnah**, p 329, [Oxford Univarsity Press], 1933; Scroggs Robin, **The New Testament and Homosexuality**, p 79, [Fortress Press], 1983.
[894] Scroggs Robin, **The New Testament and Homosexuality**, p 88, [Fortress Press], 1983.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

pederastie verwys[895] as 'n verkeerde vorm van seksuele beoefening. Hy verwys egter in ander gedeeltes na ander vorme van homoseksuele praktyke wat nie verband hou met pederastie nie. Ter wille van volledigheid word die betrokke gedeeltes weer vermeld.

> As men … for not only did they go mad after women, and defile the marriage bed of others *(owerspel)*, but also those who were men lusted after one another (*homoseksuele praktyke*), doing unseemly things, and not regarding or respecting their common nature (*homoseksuele praktyke as oortreding van die natuurlike vorm van heteroseksualiteit*), and though eager for children, they were convicted by having only an abortive offspring; but the conviction produced no advantage, since … the men became accustomed to be treated like women (*homoseksuele verhoudings met spesifieke verwysing na die gepenetreerde)*, and in this way engendered among themselves the disease of females, and intolerable evil; for they not only, as to effeminacy and delicacy, became like women in their persons, but they made also their souls most ignoble, corrupting in this way the whole race of man, as far as depended on them. At all events, if the Greeks and barbarians were to have agreed together, and to have adopted the commerce of the citizens of this city, their cities one after another would have become desolate (*homoseksuele verhoudings was nié aanvaarbaar deur die meerderheid in die destydse samelewing nie*), as if they had been emptied by a pestilence.[896]

Dit is egter ook nié korrek dat Josephus nét na pederastie verwys nie. Hy verwys na homoseksuele verhoudings in soortgelyke terme as die Levitikus tekste en die Pauliniese tradisie (Rom 1; 1 Kor 6; 1 Tim 1).

> "As for adultery, Moses forbade it entirely, as esteeming it a happy thing that men should be wise in the affairs of wedlock; and that it was profitable both to cities and families that children should be known to be genuine. He also abhorred men's lying with their mothers, as one of the greatest crimes; and the like for lying with the father's wife, and with aunts, and sisters, and sons' wives, as all instances of abominable wickedness *('n verhouding van bloedskande).* He also forbade a man to

[895] Philo Judaeus, **The Works of Philo**, (Oak Harbor, WA: Logos Research Systems) 1997.
[896] Philo Judaeus, **The Works of Philo**, (Oak Harbor, WA: Logos Research Systems) 1997.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

> lie with his wife when she was defiled by her natural purgation; and not to come near brute beasts, nor to approve of the lying with a male (*homoseksuele verhouding*), which was to hunt after unlawful pleasures on account of beauty. To those who were guilty of such insolent behavior, he ordained death for their punishment.[897]

> "But then, what are our laws about marriage? The law owns **no other mixture of sexes but that which nature** hath appointed *(bly by die natuurlike orde van heteroseksualiteit)*, of a man with his wife, and that this be used only for procreation of children. **But it abhors the mixture of a male with a male** (*huwelike word as heteroseksueel gesien en homoseksuele verhoudings word afgewys*); and if anyone do that, death is his punishment.[898]

'n Laaste opmerking rakende die konteks van Jesus se bediening in terme van homoseksuele verhoudings: Die **Jewish Ecclesiastical Court** wys daarop dat daar geen Joodse literatuur oor die afgelope 3000 jaar bestaan wat homoseksuele verhoudings goedpraat nie. Hulle stel:[899]

> "... there is not a single source in all Jewish disciplines of holy literature that tolerates homosexual practices or homosexual orientation. Jews, who approve of homosexuality, do so without any reference to the holy Jewish literature. It is totally without support from any holy Jewish literature written during the last 3000 years.[900]

Binne bogenoemde konteks, én met die Hebreeuse teks van wat ons vandag as die Ou Testament ken, het Jesus sy bediening gedoen. Bogenoemde duidelike uitsprake téén homoseksuele verhoudings as 'n oortreding van die natuurlike vorm van heteroseksualiteit, het duidelike implikasies vir Jesus se

[897] Josephus, Flavius, **The Works of Josephus**, (Oak Harbor, WA: Logos Research Systems, Inc.) 1997.
[898] Josephus, Flavius, **The Works of Josephus**, (Oak Harbor, WA: Logos Research Systems, Inc.) 1997.
[899] Botha PH, **The Apostle Paul and Homosexuality – A Socio-historical Study**, p 2, [PhD Verhandeling Potchefstroom], 2004.
[900] Botha PH, **The Apostle Paul and Homosexuality – A Socio-historical Study**, p 2, [PhD Verhandeling Potchefstroom], 2004; Winter, Jewish Action Magazine, 1992-1993.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)


siening van homoseksuele huwelike en –verhoudings soos dit selfs vandag deur die Kerk gesien behoort te word.

Jesus se stilswye oor homoseksuele verhoudings moet verstaan word binne die konteks wat Hy sien as dit wat 'n mens onrein maak:

> "[20]Maar", het Hy verder gesê, "wat van binne af uit 'n mens kom, dit maak 'n mens onrein. [21]Van binne af, uit die hart van die mens, kom die slegte gedagtes: onkuisheid (pornei`ai) diefstal, moord, [22]owerspel, hebsug, kwaadwilligheid, bedrog, losbandigheid, afguns, kwaadpratery, hoogmoed, ligsinnigheid ..." **Mark 7:20-22**.

Wanneer die 1ste eeuse Jood oor hierdie dinge gepraat het, het hulle verseker ook die reinheidswette van Lev 18 en 20 ingedagte gehad. Daarom sou Hy inderdaad homoseksuele verhoudings ingedagte gehad het.[901] Dit moet besef word dat Jesus se etiek voortgespruit het uit sekere sake waarmee Hy in die praktyk te doen gehad het. Die konteks daarvan is bepaal deur die sosiale omstandighede en kulturele waardes van situasies waarmee Hy gekonfronteer is. Jesus se etiek was dus 'n kontekstuele etiek. Dat Hy nie homoseksuele verhoudings spesifiek genoem het nie, beteken dat dit nie gedurende sy tyd onder die Palestynse Judaïsme voorgekom het nie.[902]

Uit Jesus se bediening word dit duidelik dat Hy sekere gebruike in die samelewing waarmee Hy nie saamgestem het nie, òf deur sy lering, òf deur sy voorbeeld aangespreek en veroordeel het. Enkele voorbeelde hiervan is:

---

[901] Bultmann Rudolph, **History of the Synoptic Tradition**, p 17-18, [Harper & Row], New York, 1963; Funk RW, **The Five Gospels**, p 70, [MacMillan], New York, 1993; Guelich Robert A, **Mark 1-8:26**, p 373, [Word Books], Waco, 1989; Turner PDM, **Biblical texts Relevant to Homosexual Orientation and Practice**, p 441, [CSR], 1997. Ongeag wat Markus se seining op die eet van kos is, het hy waarskynlik onder pornei`ai ook homoseksuele verhoudings verstaan.

[902] Stegemann Wolfgang, **The Contextual Ethics of Jesus**, p 52, [Augsburg Fortress], Minneapolis, 2002.

- ✝ Veroordeling van egskeiding, teenoor die gebruik om soms te skei (Matt 5:31-32).[903]
- ✝ Die oproep om te vergewe en nié te veroordeel nie, teenoor die gebruik om net 'n sekere aantal kere te vergewe (Matt 7:1-6).
- ✝ Die oproep om nié in die openbaar te vas en te bid nie, teenoor die gebruik om in die openbaar sò te bid dat almal daardeur beïndruk is, dat die vas sò toegepas word dat almal kan sien iemand vas. (Matt 6:16-18)
- ✝ Uitreik na onrein mense (randfigure) teenoor die gebruik om sulke mense te vermy (Matt 9:18-26).
- ✝ Die bevryding rakende handelinge op die Sabbat, teenoor die gebruike om net sekere dinge op die Sabbat te doen (Matt 12:1-8; Luk 13:10-17).

Die stilswye van Jesus rakende homoseksuele verhoudings kan dus nié beteken dat Hy dit stilswyend goedgekeur het nie. Die argument dat Jesus verdraagsaam teenoor seksuele praktyke gestaan het is 'n mite. Trouens, die teenoorgestelde is waar. Dit was nie in die aard van Jesus se bediening om 'n gebruik in die destydse samelewing waarvan Hy kennis gehad het en wat Hy as onaanvaarbaar gesien het, stilswyend goed te keur nie. As Joodse Rabbi het Hy:

- ✝ Kennis gehad van die Palestyns Judaïstiese[904] wette teen homoseksuele verhoudings, en waarskynlik ook

---

[903] Borg Marcus J, **Jesus: A New Vision – Spirit, Culture and Life of Discipleship**, p 86-87, [Harper & Row], San Francisco, 1991; Van Aarde Andries, **Jesus as Fatherless Child**, p 77, [Augsburg Fortress] Minneapolis, 2002. Daar is reeds gewys – hoofstuk oor seksualiteit - dat Jesus heteroseksuele verhoudings handhaaf as die enigste tipe verhouding wat in 'n huwelik hoort. As Jood handhaaf Jesus dus die siening van die heiligheid van die huwelik soos deur die destydse Israelse samelewing toegepas is. Hierdie handhawing van die heiligheid van 'n heteroseksuele huweliksverhouding was deel van die Jerusalem kultus gedurende die 2de tempel tyd.

[904] Scroggs maak onderskeid tussen die Palestynse Judaïsme en die Helenistiese Judaïsme (p 66, 85).

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)


✝ kennis gehad van die Helenistiese Judaïstiese wette teen homoseksuele verhoudings.

**Hier is die punt**

Met Jesus se stilswye rakende homoseksuele verhoudings **handhaaf** Hy met ander woorde die Palestyns- en Hellenisties Judaïstiese wette én gebruike rakende homoseksuele verhoudings en –praktyke. Die logika van die Skrif waarmee Jesus as Jood gewerk het was net te logies dat Hy iets anders vanuit die Skrif sou leer.

'n Volgende argument wat aandag vra handel oor Jesus se instelling van die sogenaamde dubbele liefdesgebod. Volgens voorstanders van homoseksuele verhoudings en –huwelike is dit die "nuwe" van die Nuwe Testament en vra 'n nuwe benadering rakende seksualiteit.

## 4. Jesus se dubbele liefdesgebod as 'n nuwe hermeneutiese sleutel

Reeds so vroeg as in 1971/72 stel die GKN dat dit die ideaal is dat mense wat in homoseksuele verhoudings met mekaar is, in 'n duursame verhouding moet kan saamleef.[905] Die inslag wat die Skrif (veral die Ou Testament) inneem rakende seksuele verhoudings en voortplanting, verhinder die kerk om positief rakende permanente homoseksuele verhoudings te wees. Daar behoort dus op 'n ander wyse met die Skrif omgegaan te word, sodat hierdie moontlikheid kan realiseer.[906]

---

905 Werkgroep van die Generale Sinode van die Gereformeerde Kerke in Nederland, **God met ons – over de aard van het Schriftgezag**, p 90-91, [Kerkinformasie] Leusden, 1981.

906 Werkgroep van die Generale Sinode van die Gereformeerde Kerke in Nederland, **God met ons – over de aard van het Schriftgezag**, p 90-91, [Kerkinformasie] Leusden, 1981.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die tradisioneel hermeneutiese sleutel/grondreëls moet gewysig word sodat dit vir homoseksuele persone moontlik gemaak sou kon word om in 'n permanente verhouding van liefde en trou met mekaar te kan leef (maw om te kan trou). Die grondreëls in die hermeneutiek wat nie meer gebruik kan word nie, is die metode waar die onderskeie Skrifgedeelte gelees en verklaar word. Wanneer die Kerk sò werk word homoseksuele mense weggestoot.[907] Dit moet in gedagte gehou word, dat die gebooie van God altyd funksioneel moes wees. Indien 'n situasie sou verander wat 'n sekere gebod nie meer funksioneel maak nie, gee dit aanleiding daartoe dat daardie gebod opgehef of verander moet word.[908]

Binne bogenoemde konteks moet 'n anonieme dokument uit 'n leêr van die Algemene Sinodale Kommissie gelees word. Hiervolgens doen persone met 'n homoseksuele oriëntasie 'n beroep op die Kerk om 'n nuwe benadering in die hermeneutiek te volg.[909] Hierdie nuwe benadering vloei voort uit Jesus se liefde vir mense in nood. Die anonieme bron stel die volgende as frustrasie by homoseksuele Christene rakende die Kerk: "Die Kerk is vasgevang tussen die letter/wet en die wese van Christus. Die Kerk kyk eenogig na die probleem.[910] Daar is 'n gebrek aan 'n holistiese benadering in die Kerk se hermeneutiek. Homoseksuele Christene wil die Here dien, maar word as gevolg van die liefdeloosheid van die Kerk verwerp. Hulle beleef daarom baie skuldgevoelens."[911]

---

[907] Gereformeerde Kerken in Nederland, **In Liefde Trouw Zijn**, p 28, (Centrum voor de Nederlandse Hervormde Kerk, Drieberge) 1983

[908] Werkgroep van die Generale Sinode van die Gereformeerde Kerke in Nederland, **God met ons – over de aard van het Schriftgezag**, p 90-91, [Kerkinformasie] Leusden, 1981.

[909] Anoniem, **Homoseksualisme – Die andersheid van menswees – 'n nuwe benadering,** p 7-8, ongedateer en ongepubliseer.

[910] Anoniem, **Homoseksualisme – Die andersheid van menswees – 'n nuwe benadering,** p 7-8, ongedateer en ongepubliseer.

[911] Anoniem, **Homoseksualisme – Die andersheid van menswees – 'n nuwe benadering,** p 7-8, ongedateer en ongepubliseer.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Jesus se ontferming oor die randfigure is dié sentrale tema in sy hele bediening. Hy het die dubbele liefdesgebod tot die beslissende norm vir die tussenmenslike verhoudings (medemenslike liefde) verhef. Hy het die definisie van die naaste "verbreed" en daarmee die draagwydte van die liefdesgebod verbreed om alle mense sonder uitsondering in te sluit.[912]

Dat Hy hom oor randfigure ontferm, staan in kontras teen die wettiese en liefdelose optrede van die destydse samelewing wat die reinheidswette sterk beklemtoon het.[913] Waar mense deur die Ou Testamentiese seremoniële wette uitgesluit is, het Jesus hom oor hulle ontferm en die sosiale wettiese kodes verbreek deur na hulle uit te reik. Dit beteken dat Jesus die Judaïstiese wet opgehef het en so 'n nuwe kultuur anders as die Judaïsme en die van die Grieks-Romeinse meditereense mense, kom vestig het.[914]

Dit beteken dat die toepassing van die liefdesgebod nie afhanklik is van enige kwaliteit of verdienste van die ander persoon nie, maar alleen bepaal word deur die menswees van die persoon. Toegepas op die homoseksuele persoon/naaste beteken dit dat hy/sy sonder inagneming van sy/haar seksuele oriëntasie aanspraak kan maak op onvoorwaardelike liefde van die Christelike geloofsgemeenskap. Waar persone op grond van hulle seksuele

---

[912] Agenda Algemene Sinode van die NGK, **Homoseksualiteit,** p 144, [Hartenbos], 10-16 Oktober 2002; Stegemann Wolfgang, **The Contextual Ethics of Jesus**, p 49, [Augsburg Fortress], Minneapolis, 2002; Uhlhorn Gerhard, **Die Christliche Liebesthatigkeit,** p 7, [Scribners], New York 1895.

[913] Agenda Algemene Sinode van die NGK, **Homoseksualiteit,** p 144, [Hartenbos], 10-16 Oktober 2002.

[914] Crossan John Dominic, **The Historical Jesus: The Life of a Mediteranean Jewish Peasant**, p 344 , [HarperSanFrancisco], San Fransisco, 1991; Meeks , **The Origins of Christian Morality: The First two Centuries**, p 1-2, [yale University Press], New haven, 1993; Sinode van die NGK van Suid-Transvaal, **Studieprojek: herbesinning oor die Kerk se standpunt met die oog op effektiewe pastorale uitreik na homoseksuele persone**, p 9, Ongepubliseer.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)


oriëntasie gemarginaliseer word, behoort die Christelike geloofsgemeenskap in die naam van Christus daarteen te protesteer.[915]

**Verdere teologisering:** Indien die dubbele liefdesgebod van Jesus sinvol geëvalueer word, moet eerstens gevra word wat hierdie gebod vir Jesus beteken het.

### 4.1. Wat beteken liefde in Jesus se getuienis

#### 4.1.1. Die siening van Jesus

> "[37]Jesus antwoord hom: "'Jy moet die Here jou God liefhê (**ajgaphvsei"**) met jou hele *hart* en met jou hele *siel* en met jou hele *verstand*. [38]Dit is die grootste en die eerste gebod. [39]En die tweede, wat hiermee gelyk staan, is: 'Jy moet *jou naaste liefhê* (**ajgaphvsei"**) *soos jouself*.' [40]In hierdie twee gebooie is die hele wet en die profete saamgevat" **(Matt 22:37-40).**

Uit die konteks (22:35-36) is dit duidelik dat dit in diè gedeelte gaan om 'n strikvraag waarin gehoop is om Jesus vas te vra. Jesus se lering is nie heeltemal vreemd aan die destydse Judaïstiese wette nie. In Miga 6:8 word dieselfde lering in 'n negatiewe stelling gegee:[916]

> "Mens, die Here het aan jou bekend gemaak wat goed is: Hy vra van jou dat jy reg sal laat geskied, dat jy liefde en trou sal bewys, dat jy bedagsaam sal lewe voor jou God" **(Miga 6:8).**

---

[915] Agenda Algemene Sinode van die NGK, **Homoseksualiteit,** p 143, [Hartenbos], 10-16 Oktober 2002.

[916] Allan Leslie C, **The Books of Joel, Obadiah, Jonah and Michah**, p 371-374, [WB Eerdmans Publishing Co], Grand Rapids,1976; Hagner Donald A, **Word Biblical Commentary, Volume 33b: Matthew 14-28**, (Dallas, Texas: Word Books, Publisher) 1998; Hillers Delbert E, **Michah**, p 75-79, [Fortress Press], Philadelphia, 1984; Van der Woude, **Michah,** p 216-220, [Uitgeverij GF Callenbach BV], Nijkerk, 1976.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Wanneer Jesus die strikvraag antwoord, maak Hy van die Shema (Deut 6:4-5) gebruik om te antwoord.[917]

> "Luister, Israel, die Here is ons God, Hy is die enigste Here. Daarom moet jy die Here jou God liefhê met hart en siel, met al jou krag" **(Deut 6:4-5)**

In Mark 12:29 gebruik Markus presies dieselfde beskrywing van wat Jesus sou gesê het.[918]

> "Jesus antwoord hom: 'Die eerste is: Luister, Israel, die Here ons God is die enigste Here **(Mark 12:29)**

Wanneer daar oor die dubbele liefdesgebod nagedink word, sal die eerste tafel van die gebod onder oë geneem word.

### 4.1.1.1. Liefde vir God

Die vraag hier is: Wat bedoel Jesus wanneer Hy na liefde vir God verwys? Wat Jesus bedoel moet binne die destydse Palestynse Judaïstiese wetgewing (Shema) verstaan word.

Liefde vir God het met gehoorsaamheid te doen omdat die betekenis /inhoud van liefde vir die destydse mense ten diepste verband gehou het met lojaliteit en verantwoordelikheid.[919] Dit is wat die Shema leer. Shema is per

---

[917] Hagner Donald A, **Word Biblical Commentary, Volume 33b: Matthew 14-28**, (Dallas, Texas: Word Books, Publisher) 1998.

[918] Bolkenstein MH, **Het Evangelie naar Marcus**, p 276, [Uitgeverij GF Callenbach], Leiden, 1977.

[919] Green, Joel G.; McKnight, Scot; Marshall, I. Howard; editors, **Dictionary of Jesus and the Gospels**, (Downer's Grove, IL: InterVarsity Press) 1998, c1992; Van der Watt Jan, **Liefde in die Familie van God: 'n Beskrywende uiteensetting van familiale liefdesverhoudinge in die Johannes evangelie**, p 557-569, [HTS], 1997. Die betekenis van liefde word dikwels misverstaan. Liefde impliseer lojaliteit aan die lede van die groep sowel as die meegaande verantwoordelikheid om deur my lewe alle eer van die

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

slot van rekening 'n oproep om "te hoor" (vgl ook Num 15:37-41).[920] Die hart van die Judaïstiese wetgewing, handel dus nie oor wettisisme nie, maar oor liefde vir God.[921] Wanneer Jesus dus in die Nuwe Testament oor liefde vir God praat, het Hy gehoorsaamheid in gedagte (nie uit wettiese oorweging nie, maar uit liefde vir God). [922] Om God met **ajgaphvsei"** lief te hê, beteken dat jy letterlik 'n slaaf van God word (Matt 22 & Mrk 12).[923]

Wanneer daar na liefde vir God met jou hele "hart" verwys word, impliseer dit dat die kind van God Hom sal liefhê met sy hele wese.[924] Die verwysing na siel (in onderskeiding van hart) dui op 'n onderskeid tussen die verstandelike- en emosionele energie sowel as die resultate daarvan. In hedendaagse konteks sal gesê kan word dat ons liefde vir God ons hele verstand (bewustelik en onbewustelik) oorneem. Dit impliseer selfbeheersing. [925] .

Met ander woorde: **Die eerste tafel van die wet is nie 'n eerste in die Skrif nie. Dit kan daarom nie as 'n nuwe van die Skrif beskryf word nie.** Wanneer Jesus die eerste tafel van die dubbele liefdesgebod aanhaal, veronderstel dit nie algehele vryheid vir die indiwidu nie, maar beperkte vryheid. Die grense van die indiwiduele vryheid word vasgestel deur sy/haar

---

groep te beskerm. Daarom word liefde uitgedruk in die gehoorsaamheid van God se gebooie / wil. Liefde impliseer om iets te gee, maw dit het grense.

[920] Budd Philip J, **Numbers**, p 176-178, [Word Books Publisher], Waco, 1984.

[921] Ryken, Leland; Wilhoit, James C.; Longman III, Tremper, **Dictionary of Biblical Imagery,** (Downers Grove, Ill: InterVarsity Press) 2000, c1998.

[922] Ryken, Leland; Wilhoit, James C.; Longman III, Tremper, **Dictionary of Biblical Imagery,** (Downers Grove, Ill: InterVarsity Press) 2000, c1998.

[923] Bolkenstein MH, **Het Evangelie naar Marcus**, p 276, [Uitgeverij GF Callenbach], Leiden, 1977; Kittel, Gerhard; Friedrich, Gerhard, **The Theological Dictionary of the New Testament,** (Grand Rapids, MI: Wm. B. Eerdmans Publishing Company) 2000, c1964; MacArthur John, **Matthew 16-23**, [The Moody Bible Institute], Chigago, 1988.

[924] Christensen, Duane L., **Word Biblical Commentary, Volume 6A: Deuteronomy 1-11**, (Dallas, Texas: Word Books, Publisher) 1998; Kloppers, M.H.O., **Die Boek Deuteronomium**, (Kaapstad: Lux Verbi) 1998.

[925] Christensen, Duane L., **Word Biblical Commentary, Volume 6A: Deuteronomy 1-11**, (Dallas, Texas: Word Books, Publisher) 1998; Kloppers, M.H.O., **Die Boek Deuteronomium**, (Kaapstad: Lux Verbi) 1998.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)


liefde vir God. Dit gaan in hierdie eerste tafel ook nié om die liefde wat God vir die mens het nie, maar die gevolge daarvan op die mens. Net soos die Israeliete destyds as gevolg van hulle "bevryding" uit Egipte en God se liefde vir hulle, gehoorsaam moes wees[926], net so moet die Christengelowige uit dankbaarheid vir God se verlossende liefde uit die kloue van die satan en die hel, ook aan God gehoorsaam wees.

Naas die liefde vir God, vind ons ook liefde vir die naaste. Wat sou Jesus daarmee bedoel?

#### 4.1.1.2. Liefde vir naaste

Ook die tweede tafel van die liefdesgebod wat Jesus gee, is nie vreemd aan die destydse Palestynse Judaïsme nie.[927] By Israel was albei gebooie bekend, maar nie saamgevoeg nie. Deur hulle nou tot 'n eenheid te verbind, het Jesus geleer dat in die wil van God godsdiens en sedelikheid ten nouste verbonde is.[928] Met **ajgaphvsei" to;n plhsivon sou wJ" seautovn** gebruik Jesus presies dieselfde frase wat die LXX (**ajgaphvsei" to;n plhsivon sou wJ" seautovn**) in Lev 19:18, 34 gebruik.[929]

> "Jy mag nie wraak neem of 'n grief koester teenoor jou volksgenoot nie, jy moet jou naaste liefhê soos jouself. Ek is die Here - **hw:hyÒ ynIa} ò/mK; ò[}rel] T;b]h'a;wÒ** – (**Lev 19:18).**
>
> Julle moet hom (die vreemdeling) soos 'n medeburger behandel en hom liefhê soos julleself… Ek is die Here julle God" **Lev 19:34.**

---

[926] Kloppers, M.H.O., **Die Boek Deuteronomium**, (Kaapstad: Lux Verbi) 1998.
[927] Gundry Robert H, **Matthew**, p 447-452; Hagner Donald A, **Word Biblical Commentary, Volume 33b: Matthew 14-28**, (Dallas, Texas: Word Books, Publisher) 1998.
[928] Groenewald, E.P., **Die Evangelie van Markus**, (Kaapstad: Lux Verbi) 1973.
[929] Hagner Donald A, **Word Biblical Commentary, Volume 33b: Matthew 14-28**, (Dallas, Texas: Word Books, Publisher) 1998; Hartley, John E., **Word Biblical Commentary, Volume 4: Leviticus**, (Dallas, Texas: Word Books, Publisher) 1998.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)


Die Levitikus teks impliseer dat 'n heilige lewe liefde vir ander mense tot gevolg het. Die begrip **bha** (liefde) is nie 'n grenslose omgee nie, maar word die beste in die gelykenis van die barmhartige Samaritaan geteken (Luk 10:25-37). Dit is die betrokke raak by die mens in nood sodat dit tot sy/haar opbou sal wees.[930]

Die standaard wat vir hierdie liefde gestel word, is dat die ander persoon soos jyself word. Die klassieke voorbeeld van hierdie liefde is juis ook tussen Dawid en Jonatan waarin verduidelik word dat Jonatan Dawid liefgehad het soos hy homself liefgehad het – vroeër reeds hanteer (in 1 Sam 18:1, 3; 19:1; 20:17; 2 Sam 1:26).[931]

Hoewel die Ou Testament selfliefde nie spesifiek verwerp nie, impliseer dit wel die verwerping daarvan. Lev 19 is 'n duidelike voorbeeld hiervan. [932] Hier word die welstand van jou naaste hoër geag as selfsugtige handeling wat tot jou voordeel, maar tot nadeel van jou naaste is.[933]

Naas Jesus, wat gebruik maak van die gebod om die naaste lief te hê soos jouself, gebruik ander Bybelskrywers dit ook. Hierdie gebod word ook in Rom 13:9; Gal 5:14 en Jak 2:8 aangehaal. 1 Joh 4:7-8 het sy oorsprong waarskynlik ook in die gebod om God en jou naaste lief te hê.[934]

---

[930] Hartley, John E., **Word Biblical Commentary, Volume 4: Leviticus**, (Dallas, Texas: Word Books, Publisher) 1998; Nielsen JT, **Het Evangelie naar Lucas I**, p 313-321, [Uitgeverij GF Callenbach BV Nijkerk], Leiden, 1979..

[931] Goslinga CJ, Samuel, p 223-252, [JH Kok NV], Kampen, 1959; Hartley, John E., **Word Biblical Commentary, Volume 4: Leviticus**, (Dallas, Texas: Word Books, Publisher) 1998; MacLaren Alexander, **Deuteronomy, Joshua, Judges, Ruth, I Samuel, II Samuel, I Kings, II Kings**, p 362-368, .

[932] Hartley, John E., **Word Biblical Commentary, Volume 4: Leviticus**, (Dallas, Texas: Word Books, Publisher) 1998.

[933] Hartley, John E., **Word Biblical Commentary, Volume 4: Leviticus**, (Dallas, Texas: Word Books, Publisher) 1998.

[934] Betz Hans Dieter, **Galatians**, p 271-276, [Fortress Press], Philadelphis, 1988; Haenchen Ernst, **John 1**, p 219, [Fortress Press], Philadelphia, 1980; Hagner Donald A, **Word Biblical Commentary, Volume 33b: Matthew 14-28**, (Dallas, Texas: Word Books,

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)


Wanneer Jesus dan hierdie dubbele liefdesgebod in lyn met groepsverwagtinge gee, trek Hy nie 'n streep deur die Levitikus tekste rakende seksuele verhoudings nie, maar bevestig Hy dit. Hy herinner Sy volgelinge dat hulle in lyn moet kom met die groepsverwagtinge. Dit is belangrik deur daarop te wys dat wanneer die Levitikus tekste oor homoseksuele verhoudings praat én dit veroordeel, hierdie wetgewing binne die konteks van naasteliefde gegee word **(Lev 18 : Lev 19 : Lev 20).** 'n Skematiese voorstelling van die dubbele liefdesgebod in die Skrif is dan as volg:

| **Dubbele liefdesgebod** | |
|---|---|
| **Afsonderlik** | *Saamgevoeg* |
| **Liefde vir God** (Deut 6:5-5; Miga 6:8) | *Liefde vir God **(Matt 22:37-40; Mark 12:28-34; Luk 10:25)*** |
| **Liefde vir naaste** (Lev 19:18, 34) Binne die konteks van Lev 18 en 20 wat homoseksuele verhoudings afwys. | *Liefde vir naaste **(Matt 22:37-40; Mark 12:28-34; Luk 10:25)*** |

In die verslag wat in **2004** voor die **Algemene Sinode van die NGK** dien, gaan die opstellers van die verslag van die standpunt uit dat Jesus met die dubbele liefdesgebod die draagwydte van die liefdesgebod verbreed het om alle mense, sonder uitsondering in te sluit.[935] Met die laasgenoemde gevolg van die liefdesgebod kan saamgegaan word. Dit is waarskynlik nie 'n korrekte interpretasie van die Ou Testamentiese wet dat Jesus dit verbreed het nie. Die dubbele liefdesgebod hét in die Ou Testament voorgekom. Juis

Publisher) 1998; Motyer Alec, **The Message of James**, 94-98, [Inter-Varsity-Press], Leicester, 1985; Ridderbos Hermann, **Romeinen**, p 296-297, [Uitgeversmaatschappij JH Kok], Kampen, 1977.

[935] Agenda Algemene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk, **Homoseksualiteit,** p144-145, [Hartenbos], 10-16 Oktober 2004.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

binne die konteks van homoseksuele verhoudings en verhoudings van bloedskande (Lev 18-20) word die volgende in terme van naasteliefde gestel:

**Levitikus 19**

| | |
|---|---|
| 19:13 | Verbod op uitbuit of beroof van naaste |
| | Verbod op terughou van dagloner se salaris |
| 19:14 | Verbod op onmenslike optrede teen blindes en dowes |
| 19:15 | Verbod op partydigheid teen mense met geen aansien |
| 19:16 | Verbod op skinder oor medemens |
| | Verbod om medemens se lewe in gevaar te stel |
| 19:18 | Verbod om nie te vergewe nie |
| | **Opdrag:** Wees lief vir jou naaste soos vir jouself |
| 19:20 | Verbod op seksuele misbruik van die slavin en opdrag tot respek van ander mense se eiendom |
| 19:29 | Verbod op seksuele misbruik van jou kinders |
| 19:19-30 | Verbod op afgodery |
| 19:32 | Verbod op oneervolle optrede teenoor seniorburgers |
| 19:33-34 | Verbod op diskriminasie en onderdrukking teenoor "vreemdelinge" |
| 19:34 | **Opdrag:** Wees lief vir die vreemdeling soos jy vir jouself lief is |
| 19:35 | Verbod op ekonomiese uitbuiting |
| 19:34,36: | **Motivering:** Julle is deur My bevry. |
| 19:37 | **Opdrag:** Wees gehoorsaam |

Daar is dus geen verbreding van die liefdesgebod by Jesus nie. Reeds die Ou Testament is duidelik dat die "mense van God" hulle oor die randfigure moet ontferm en hulle inklusief moet liefhê soos wat hulle  hulleself liefhet.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)


'n Skematiese voorstelling van die Ou Testamentiese hantering van die liefdesgebod vir die naaste is dan soos volg:

| Ou Testamentiese konteks van die dubbele liefdesgebod | |
|---|---|
| ***Sonde A*** | ***Verhoudings van pedofilie, bloedskande en homoseksuele verhoudings is sonde***<br><br>*Lev 18* |
| *Kern B*<br>Inklusiwiteit ten Opsigte van intrek Van die randfigure | ***Jy moet jou naaste liefhê soos jouself***<br><br>*Lev 19:18,34* |
| ***Sonde A*** | ***Verhoudings van bloedskande homoseksuele verhoudings is sonde***<br><br>*Lev 20* |

En verder ook die volgende:

| Intensie van die Wet van God in die Skrif | |
|---|---|
| **Ou Testament** | **Nuwe Testament** |
| Wet van God gegee as 'n genadevolle riglyn tov waardes en norme waarvolgens die lewens van God se mense in harmonie met God se hart sou wees [936] | In die lering van Jesus is 'n terugkeer na die intensie en gesindheid van die Wet van God. In sy hantering van die Wet is 'n terugkeer in terme van alle aspekte van die mens se lewe – sosiale, verstandelike, geestelike en morele. [937] |
| **Probleemstelling:** Judaistiese wette het | **Probleemstelling:** Interpretasie van |

[936] Green, Joel G.; McKnight, Scot; Marshall, I. Howard; editors, **Dictionary of Jesus and the Gospels**, (Downer's Grove, IL: InterVarsity Press) 1998, c1992.
[937] Green, Joel G.; McKnight, Scot; Marshall, I. Howard; editors, **Dictionary of Jesus and the Gospels**, (Downer's Grove, IL: InterVarsity Press) 1998, c1992.

| | |
|---|---|
| die Wet se intensie verskraal tot slegs 'n uiterlike toepassing van tradisionele wette. Die intensie van God se wet het daarom weggeval. [938] | Jesus se hantering van die Wet deur baie Christengelowiges is dat Jesus die Wet heeltemal op die kantlyn geplaas het en dat die dubbele liefdesgebod iets nuuts is. Dit beteken vryheid vir gelowiges om die Wet nie te onderhou nie. |
| **Uitdaging:** Iemand moes kom om die ware intensie en gesindheid vir die uitleef van die Wet van God (sowel as die terugbring van die oorspronklike Wet) in die harte van God se mense te hervestig. | **Uitdaging:** Nuwe Testamentiese Kerk moet terugkeer na die gees en intensie van die Wet van God in die gehoorsaamheid (grense) daarvan. |

'n Volgende uitspraak van Jesus wat aandag vra is:

> "Dié wat gesond is, het nie 'n dokter nodig nie, maar dié wat siek is. Gaan leer wat die beteken: Ek verwag barmhartigheid en nie offers nie ..." **Matt 9:13; 12:7**

Ook hier is nie sprake van 'n nuwe vir die Nuwe Testament nie, maar 'n uitspraak wat Jesus uit die Ou Testament aanhaal:

> "..., want Ek verwag liefde eerder as offers ..." **Hos 6:6**

Bogenoemde teks was dikwels gebruik deur Rabbi Johannan ben Zakkai, die stigter van die Rabbynse Akademie in Jamnia. Hy het dit gebruik na die vernietiging van die tempel. Dit was vir die volk destyds nie moontlik om offers te bring nie. Met hierdie uitspraak het hy hulle getroos dat barmhartigheid belangriker as offers is.[939] Jesus gebruik dit in 'n ander konteks. Vir hom gaan die "barmhartigheid" in die eerste plek uit na alle sondaars. In beide die gevalle waar Hy dit aanhaal gaan dit oor

[938] Green, Joel G.; McKnight, Scot; Marshall, I. Howard; editors, **Dictionary of Jesus and the Gospels**, (Downer's Grove, IL: InterVarsity Press) 1998, c1992.
[939] Van Leeuwen C, **Hosea**, p 141-142, [Uitgeverij GF Callenbach] Leiden, 1978; Von Dobshütz Ernst, **Matthew as Rabbi and Catechist,** uit Stanton, p 20, 1983.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

barmhartigheid teenoor die tradisionele wette wat die Fariseërs toegepas het en op die mense af geforseer het.[940]

Dit sou daarom 'n korrekte afleiding wees dat die gebod om die naaste lief te hê soos jouself, nié beteken dat die naaste uit liefde vir hom/haar toegelaat moet word om die gebooie te oortree nie. Die argument dat die dubbele liefdesgebod die nuwe van die Nuwe Testament is en dat die implikasie daarvan is dat Jesus mense met 'n homoseksuele oriëntasie sou toelaat om te trou, is 'n interpretasie wat moeilik is om te handhaaf.

**Hier is die punt**

Die dubbele liefdesgebod wat Jesus gee is daarom nié iets nuuts aan die Judaïsme nie (dit is dus nié 'n nuwe vir God se mense) en die kerk nie. Die ontferming oor die randfigure in die samelewing is ook niks nuuts aan die Nuwe Testament nie, aangesien dit 'n Ou Testamentiese liefdesgebod oorsprong het.

Die dubbele liefdesgebod is daarom nie in die Nuwe Testament 'n verbreding[941] nie, maar ou bekendes uit beide die Levitikus tekste wat oor homoseksualiteit gehandel het, sowel as die shema.

Wie Jesus se dubbele liefdesgebod as "'n nuwe" beskryf en daardeur dit bokant die Ou Testamentiese wetgewing verhoog, is besig met 'One-Upmanship'.[942]

---

[940] Hays Richard B, **The Moral Vision of the New Testament,** p 99-101, [T&T Clark], Edinburgh, 1996.

[941] Die begrip word deur voorstanders van homoseksuele verhoudings en –huwelike gebruik asof Jesus iets nuuts met die dubbele liefdesgebod bedoel het – hiervolgens het die Ou Testament net 'n enkele liefdesgebod wat liefde tot God is. Volgens die siening het Jesus dan nou iets nuuts tot die Ou Testamentiese "enkele" liefdesgebod gevoeg – liefde tot die naaste. Dit is dan die verbreding of uitbreiding van die liefdesbegrip. Die implikasies van die groep se beredenering is dat die Ou Testament nie die begrip "liefde vir die naaste" geken het nie. In my argumentering word aangevoer dat die Ou Testament wél albei

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)


Indien bogenoemde afleiding korrek is, is die vraag: Wat het Jesus bedoel toe Hy gesê het dat jy jou naaste soos jouself moet liefhê?

#### 4.1.1.3. Wat verstaan Jesus onder naasteliefde?

Daar is twee ander kategorieë van mense (naas die randfigure) wat hiertoe gevoeg moet word. Die eerste is jou vyande, en die tweede is daardie mense van wie se groep jy deel vorm (medegelowiges).

> "Julle het gehoor dat daar gesê is: 'Jou naaste moet jy liefhê, en jou vyand moet jy haat.' Maar Ek sê vir julle: Julle moet julle vyande liefhê, en julle moet bid vir dié wat vir julle vervolg ..." **Matt 5:43-44**

Ook hier is die terugverwysing na 'n Ou Testamentiese gedeelte waaraan deur die Judaïsme in Jesus se tyd 'n ander inhoud gegee is. Die nou reeds bekende Lev 19:18, 34 (sowel as Deut 10:18-19) is geïnterpreteer dat dit slegs op die Israeliet dui en nie op mense wat nie van jou groep (volk) deel vorm nie.[943] Hoewel sommige rabbi's in Jesus se tyd ook liefde vir die naaste gepreek het, was dit 'n minderheidsgroep. Die groter meerderheid Joodse Rabbi's in die destydse Judaïsme (veral aanhangers van die Qumran-sekte) het liefde vir die naaste as liefde vir diegene wat soos jy is en dink, verstaan en verkondig.[944] 'n Bekende Judaïstiese wetgewing het ook soos volg gelui:

---

liefdesgebooie geken het, en dat Jesus dit net weer uitlig. Die Ou Testament ken maw dus die dubbele liefdesgebod.

[942] Stegemann Wolfgang, **The Contextual Ethics of Jesus**, p 49, [Augsburg Fortress], Minneapolis, 2002.

[943] Beare Francis Wriht, **The Gospel according to Matthew**, p 160-163, [Basil Blackwell], Oxford, 1981; Filson Floyd V, **The Gospel according to St Matthew**, p 90, [Adam & Charles Black], London, 1967; Schweizer Eduard, **The Good News according to Matthew**, p132, [John Knox Press], Atlanta Georgia, 1975

[944] Schweizer Eduard, **The Good News according to Matthew**, p132, [John Knox Press], Atlanta Georgia, 1975

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

> "Enige persoon wat sy dogter in 'n huwelik laat tree met iemand uit 'n laer sosiale status is soos iemand wat haar met kettings vasbind en voor die leeu se bek gooi" (eie vertaling). [945]

Dit is hierdie gesindheid wat Jesus aanval. Jesus se uitspraak in Matt 5:43-48 is ongekend aan die tyd waarin Hy geleef het. Jesus verstaan dat die gelowige se vyand enige persoon is met wie die mens in konflik leef (van watter aard ook al). Liefde is dus nie nét 'n gevoel wat vrywillig uit die navolgers van Christus kom nie, maar 'n spesifieke daad wat ook die gevolg is van 'n besluit wat geneem is.[946] Jesus het dus nie die vyand se optrede goedgekeur nie, maar doen 'n beroep op sy navolgers om anders teenoor diegene wat hulle verontreg op te tree as wat destyds die geldende norm was.

Wanneer Jesus oor die mens se liefde vir God praat, doen Hy dit binne die konteks van 'n liefdevolle God wat sy seun gestuur het om mense te red vir die ewige lewe.[947] **Liefde vir die naaste impliseer nié die verdraagsaamheid ten opsigte van alle gedrag van die naaste nie.** Die nuwe gebod handel daaroor dat Christengelowiges moet liefhê soos Jesus die mensdom liefhet. Die nuwe gebod wat Jesus gee het 'n groepsoriënterende karakter. Dit handel oor die liefde wat Christene vir mekaar moet hê. [948]

> "Ek gee julle 'n nuwe gebod (jEntolh;n kainh;n):julle moet mekaar (ajllhvlou") liefhê (ajgapa`te). Soos Ek julle liefhet, moet julle mekaar ook liefhê (ajgapa`te) ...." **(Joh 13:34)**

---

[945] Schweizer Eduard, **The Good News according to Matthew**, p132, [John Knox Press], Atlanta Georgia, 1975

[946] Patte Daniel, **The Gospel According to Matthew**, p 82-84, [Fortress Press], Philadelphia, 1987; Schweizer Eduard, **The Good News according to Matthew**, p133, [John Knox Press], Atlanta Georgia, 1975

[947] Green, Joel G.; McKnight, Scot; Marshall, I. Howard; editors, **Dictionary of Jesus and the Gospels**, (Downer's Grove, IL: InterVarsity Press) 1998, c1992.

[948] Green, Joel G.; McKnight, Scot; Marshall, I. Howard; editors, **Dictionary of Jesus and the Gospels**, (Downer's Grove, IL: InterVarsity Press) 1998, c1992.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)


> "Dit is my opdrag: Julle moet mekaar liefhê soos Ek julle liefhet (ina ajgapa`te ajllhvlou" kaqw;" hjgavphsa uJma`"). Niemand het groter liefde as dit nie: dat hy sy lewe vir sy vriende aflê (i{na ti" th;n yuch;n aujtou` qh`/ uJpe;r tw`n fivlwn aujtou`)" **(Joh 15:12-13).**

In die lees van hierdie gebod, gaan dit oor die identiteit van die groep (groepsoriëntering) waaraan Jesus en sy volgelinge behoort.

> "As julle mekaar liefhet, sal almal weet dat julle dissipels van My is" **Joh 13:35**

Wat word bedoel met jEntolh;n kainh;n? Jesus gee hierdie opdrag aan die einde van sy aardse bediening. Dit is deel van sy afskeidsgesprek met sy dissipels (gelowiges). Die nuwe gebod dat sy dissipels mekaar (ajllhvlou") sal liefhê, is Jesus se nalatenskap om te verseker dat sy Gees onder diè binnekring sal voortleef. Dit gaan dus hier om "broederliefde" as die "onderlinge liefde". 'n Broederliefde wat die nuwe gemeenskap saambind. Dit is die nuwe van die nuwe gebod.[949]

Die "nuwe" van die gebod is nie die toelating van aspekte wat teen die morele wet is op grond van medemenslike liefde, soos voorstanders van homoseksuele verhoudings en –huwelike glo, nie. Inteendeel, dit is die inbring van die beginsel van offervaardige selfverloëning (jEntolh;n kainh;n gelees saam met ajgapa`te). Hierdie "nuwe" gebod is in die konteks van Joh 13 dus nie liefde vir die naaste nie, maar selfverloënde liefde van die dissipels onderling sodat hulle as geloofsgemeenskap na sy

[949] Du Rand JA, **Entolè in die Johannesevangelie en -briewe**, p 163-179, [Nuwe Testamentiese Werkgemeenskap van Suid-Afrika], 1981; Groenewald, E.P., **Die Evangelie van Johannes**, (Kaapstad: Lux Verbi) 1980. Die nuwe gebod is daarom nie die goedkeuring tot homoseksuele huwelike nie, aangesien die nuwe van hierdie gebod nie verband hou met die naaste nie, maar met "mekaar" as medegelowiges (groepsoriëntering). Waar Christengelowiges mekaar liefhet, daar is dissipelskap. Tot op daardie stadium het Jesus se teenwoordigheid self die nuwe gemeenskap saamgebind. Met sy weggaan sal hulle onderlinge liefde die samebindende faktor wees.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

weggaan kan voortbestaan. Hierdie selfverloënde liefde word dan geteken deur Jesus se menswording, sy voetewassing, sy lyding en uiteindelik sy kruisdood. Dit is hiérdie gesindheid wat kinders van God teenoor mekaar moet openbaar sodat die mense buite die gemeenskap van gelowiges kan sien dat Christengelowiges anders as die wêreld is (Filip 2:5-7).[950]

Hierdie optrede van Jesus het eskatologiese implikasies. Op dieselfde wyse sal die kinders van God se selfverloënende onderlinge liefde ook die naaste op die eskatologiese koms van Jesus Christus fokus (Joh 13:34, 38; 17:21,23 ).[951] Binne dieselfde konteks sal alle mense (ook die randfigure wat tot die kerk behoort en wat in die kerk welkom is) ter wille van die goeie naam van God se groep, grense aan hulleself (selfverloëning) stel.

Skematies kan die kategorieë van die gebod vir liefde vir die naaste as volg uitgebeeld word.

**Navolger van Jesus** → **Liefde** → **Naaste**

**Eskatologiese Implikasie**
Sodat almal kan weet dat Christene Jesus se dissipels is en sò blootgestel kan word aan die boodskap van vrede tussen God en mense deur Jesus Christus

Alle persone: maw Nie-randfigure, Randfigure, Vyand en ook Mede-gelowiges

[950]Beasley-Murray, George R., **Word Biblical Commentary, Volume 36: John**, (Dallas, Texas: Word Books, Publisher) 1998; Klijn AF, **De Brief van Paulus aan de Filipenzen**, p 50-54, Uitgeverij GF Callenbach Bv Nijkerk], Leiden, 1890 .

[951]Beasley-Murray, George R., **Word Biblical Commentary, Volume 36: John**, (Dallas, Texas: Word Books, Publisher) 1998; Culpepper R Alan, **Anatomy of the Fourth Gospel**, p 111, 118, Fortress Press], Philadelphia, 1983; Hutcheson George, **John**, p 281-289, The Banner of Truth Trust], London, 1972; Morris Leon, **The Gospel According to John**, p 632-633, [WB Eerdmans Publishing Co], Grand Rapids, 1975.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)


**Hier is die punt:**

Wanneer Jesus in die evangelie van Johannes 'n nuwe gebod gee, gaan dit dus om "groepsoriënterende" karakter. Dit dui op die manier waarop "medegelowiges" mekaar moet liefhet. Dit gaan oor die "hoedanigheid" van daardie liefde – selfverloënende liefde tot eer van God se goeie naam. Die nuwe van die Nuwe Testament het dus ook 'n eskatologiese implikasie – dat alle volgelinge van Jesus sò sal leef dat ander mense God se groep sal respekteer en tot bekering in Jesus opgeroep sal word.

Voorstanders van homoseksuele huwelike en –verhoudings se interpretasie van Jesus se bediening (liefdesgebod) dat Hy die wet opgehef het, behoort ook geëvalueer te word.

## 5. Jesus se siening van liefde, geloof en die wet

In sy motivering vir 'n pro-gay teologie, versprei Doyer die nou reeds bekende studiestuk met die titel **Die Stem van die Bybel in ons gesprek met Homoseksuele Mense** (tydens die 2001 Sinode van Oos-Transvaal). In hierdie studiestuk word waardering uitgespreek vir die nuwe manier waarop die Skrif binne die NGK hanteer word. Dit gaan in die Christelike etiek nie meer oor die blote gehoorsaamheid aan "wette" nie, maar eerder oor 'n respons wat voortvloei vanuit die mens se ontmoeting met God. [952] Waardering vir hierdié manier van Skrifhantering word uitgespreek omdat die Bybel as getuienis van God se openbaring nie bestaan uit vaste reëls,

[952] Uitdeelstuk tydens die Sinode van Oos-Transvaal van 2001, **Die Stem van die Bybel in ons gesprek met Homoseksuele Mense**, p 4-5, ongepubliseer en ongedateer. Die skrywer van die studiestuk is ook onbekend.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)


beginsels en beskrywings nie. Dit is eerder 'n bron van verhale, liedere en briewe waarin mense oor hul ervaringe met God getuig.[953]

Christene moet onthou dat die Kerk opgeroep word om nie wetties-moralisties oor mense te oordeel nie. Jesus se getuienis is daarom die wegbreek van reglementering van handelinge na 'n verhoudingskriterium.[954]

Die motivering vir sò 'n siening word gevind in die etiek van liefde en eerbied vir die naaste.[955] Dit beteken dat die hoofsaak waaruit die Kerk etiese beslissings behoort te maak, die dubbele liefdesgebod is, wat deur Jesus self gegee is.[956] Die Skrif moet altyd in die konteks van sy geheel verklaar word. Hierdie geheel is liefde. Liefde is die samevatting van die heilsgeskiedenis van die Ou Testament. **Dit is die "nuwe" van die Nuwe Testament**.[957] Geen Bybelse voorskrif mag toegepas word wanneer dit in stryd met die liefdesgebod is nie.[958] Daarom word die gevolgtrekking gemaak dat die Bybel geen duidelike riglyne vir mense bied waarvolgens ons ons lewens behoort in te rig nie[959] (die implikasie van sò 'n siening is dat die Skrif natuurlik nie meer as kanon kan dien nie. Dit is reeds in 'n vorige hoofstuk breedvoerig behandel – JP).

---

[953] Uitdeelstuk tydens die Sinode van Oos-Transvaal van 2001, **Die Stem van die Bybel in ons gesprek met Homoseksuele Mense**, p 4-5, ongepubliseer en ongedateer. Die skrywer van die studiestuk is ook onbekend.

[954] Agenda Sinode van Oos-Transvaal, **Homoseksualiteit – verslag van werkgroep een**, p 102, Pretoria, 24-27 Augustus 2003.

[955] Gereformeerde Kerken in Nederland, **In Liefde Trouw Zijn**, p 7, (Centrum voor de Nederlandse Hervormde Kerk, Drieberge) 1983.

[956] Studieprojek vir die Sinode van die NG Kerk van Suid-Transvaal, **Herbesinning oor die Kerk se standpunt met die oog op effektiewe pastorale uitreik na homoseksuele persone**, p 3, ongepubliseer en ongedateer.

[957] Werkgroep van die Generale Sinode van die Gereformeerde Kerke in Nederland, **God met ons – over de aard van het Schriftgezag**, p 94, [Kerkinformasie] Leusden, 1981.

[958] Werkgroep van die Generale Sinode van die Gereformeerde Kerke in Nederland, **God met ons – over de aard van het Schriftgezag**, p 94, [Kerkinformasie] Leusden, 1981.

[959] Werkgroep van die Generale Sinode van die Gereformeerde Kerke in Nederland, **God met ons – over de aard van het Schriftgezag**, p 101, [Kerkinformasie] Leusden, 1981.

**Verdere teologisering:** Om bogenoemde standpunt in evaluering te neem, moet na 'n breër siening van die wet en liefde in die bediening van Jesus gekyk word:

**5.1. Hef verlossing deur geloof die Wet van God op?**

Dit is belangrik om Jesus se houding teenoor persone wat seksueel ander norme toegepas het, as die algemeen bestaande norme in die samelewing, onder oënskou te neem: In hierdie opsig is daar drie verhale wat die aandag vra, nl. die owerspelige vrou (Joh 7:53-8:11), Jesus se houding teenoor owerspeliges en prostitute (Matt 21:29-32 met 'n aanverwante verhaal in Luk 7:29-30) sowel as die verhaal van die Samaritaanse vrou wat die baie mans gehad het en op daardie stadium by een gebly het (Joh 4). Teoloë wat ten gunste van homoseksuele huwelike en -verhoudings is, gebruik dikwels diè verhale as motivering vir Jesus se verdraagsame houding ten opsigte van sogenaamde seksuele "sondes".[960] Hierdie verhale wil juis die teendeel stel. Dit wil wys dat hoewel Jesus Hom oor randfigure ontferm het, Hy nooit hulle oortreding van die morele wet (immorele optrede) goedgepraat het nie.[961]

In Joh 7:53-8:11 is 'n vrou wat owerspel gepleeg het voor die geestelike leiers gebring, wat besluit het om haar te stenig. Jesus se reaksie op hul optrede is dat diè een wat 'n skoon gewete het, die eerste klip gooi (Joh 8:7). Hierop het almal weggestap. In terme van homoseksuele verhoudings beteken dit vir pro-gay teoloë dat diegene wat sonder sonde is, hierdie verhoudings en –huwelike kan afkeur. Wie egter sonde het moet dit in liefde en eie skuldbesef aanvaar.

---

[960] Gagnon Robert AJ, **The Bible and Homosexual Practice – text and Hermeneutics**, p 214, [Abingdon Press], Nashville, 2001.

[961] O'Day Gail, **John 7:53-8:11 : A Study in Misreading**, p 631-640, JBL, 1992; Seitz Christopher, **Sexuality and Scripture's Plain Sense : The Christian Community and the Law of God**, p185, {WB Eerdmans Publishing Co], Grand Rapids, 2000

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die verhaal moet egter binne die volgende konteks verstaan word: Die Joodse opvatting dat jy nie aan ander moet doen wat jy nie aan jouself gedoen wil hê nie, speel hier ’n rol. As een van die omstanders dus ’n klip sou optel, sou hy of sy hulle aan dieselfde soort beoordeling blootstel. Jesus maak dus elke mens die regter van sy eie lewe. Is die maatstawwe wat jy vir ander stel, maatstawwe waaraan jyself kan voldoen? Indien nie, moet jy jou maatstawwe so aanpas dat daar ruimte gelaat word vir ander mense.[962] ‘n Ander rede waarom Jesus in hierdie opsig nie ten gunste van die vrou se steniging is nie, is omdat dit nie aan haar die geleentheid bied om haar van haar verkeerde dade te bekeer nie.[963]

Dit is wat vergifnis aan mense doen. Dit is ook wat God aan mense doen. Jesus wys dit toe Hy vir die vrou sê dat Hy haar ook nie veroordeel nie (8:11). Hy is die Lam wat die sonde van die wêreld wegneem (1:29). Daarmee erken Hy nie sy eie sonde nie, maar illustreer Hy God se vergifnis en genade (1:14). Saam met God se vergifnis gaan egter ook die opdrag om nie meer te sondig nie, met ander woorde, om in ’n intieme verhouding met Jesus te leef (Joh 8:11).[964]

Die volgende moet egter in hierdie verhaal verstaan word:

- ✝ Beide Jesus en die Fariseërs stem saam dat haar optrede sonde is.

[962] Ridderbos Herman, **Het Evangelie naar Johannes I,** p 330-337, [Uitgeversmaatskappij JH Kok], Kampen, 1987; Wil Vosloo en Fika J van Rensburg, **Die Bybellennium Eenvolumekommentaar**, (Vereeniging, SA: Christelike Uitgewersmaatskappy) 1999; Wright , **The Christian Faith and Homosexuality**, p 17, [Rutherford House], Edinburg, 1994.

[963] Gagnon Robert AJ, **The Bible and Homosexual Practice – text and Hermeneutics**, p 214, [Abingdon Press], Nashville, 2001; Saunders EP, **The Historical Jesus**, p 229, [Penguin], London, 1993; Corley Kathleen E, **Private women, Public Meals**, p 643, [Peabody], Hendrickson, 1993

[964] Ridderbos Herman, **Het Evangelie naar Johannes deel 1,** p 330-337, [Uitgeversmaatskappij JH Kok], Kampen, 1987; Morris Leon, **The Gospel According to John**, p 883-891; [WB Eerdmans Publishing Co], Grand Rapids, 1984; Wil Vosloo en Fika J van Rensburg, **Die Bybellennium Eenvolumekommentaar**, (Vereeniging, SA: Christelike Uitgewersmaatskappy) 1999.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

✝ Die verskil is egter in hul reaksie daarop. Hoewel Hy soos die Fariseërs daarteen is, bied Hy (anders as die geestelike leiers) die geleentheid om skuldbelydenis, vryspraak – genade – ten opsigte van haar sonde sowel as die geleentheid van inkeer ten opsigte van die verkeerde optrede. [965]

Met Joh 4:39 word Jesus se liefde vir randfigure geteken, sowel as sy eintlike doel, nl om mense, deur geloof in Hom regverdig te verklaar. Die reaksie van sy dissipels in Joh 4:27 dui in hoeverre Jesus se uitreik na die randfigure teen die bestaande tradisionele wette en gebruike was. Wat in hierdie verhaal belangrik is, is dat hoewel Hy Hom oor haar ontferm het, Hy nie haar owerspelige lewe goedgekeur het nie (Joh 4:16-19).[966] Die wese van sy aardse bediening kom hier na vore. Hy het gekom om die Lewende Water te wees en as Messias aan sondaars die ewige lewe te bied (Joh 4:21-26). Deur sy empatiese optrede teenoor die randfigure, kom nie net hulle tot bekering nie, maar ook ander persone wat nie randfigure is nie (Joh 4:39-42).[967]

In beide bogenoemde verhale is dit duidelik: Geloof in Jesus (regverdigmaking deur die geloof) lei tot die transformasie vanuit 'n verkeerde lewe, maw die laat staan van die sonde.[968]

In die Matt 21:28-32 verhaal is die konteks twee seuns waarvan die een oënskynlik 'n regte gesindheid teenoor sy pa het, en die ander nie. Op die

---

[965] Gagnon Robert AJ, **The Bible and Homosexual Practice – text and Hermeneutics**, p 216, [Abingdon Press], Nashville, 2001.

[966] Morris Leon, **The Gospel According to John**, p 282-285; [WB Eerdmans Publishing Co], Grand Rapids, 1984; Ridderbos Herman, **Het Evangelie naar Johannes deel 1,** p 188, [Uitgeversmaatskappij JH Kok], Kampen, 1987

[967] Du Rand JA, **Entolè in die Johannesevangelie en -briewe**, p 299, 400, [RGN], 1981; Gagnon Robert AJ, **The Bible and Homosexual Practice – text and Hermeneutics**, p 214, [Abingdon Press], Nashville, 2001.

[968] Jonker WD, **Die Gees van Christus**, p 70-77, [NG Kerkboekhandel], Pretoria, 1983.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)


ou einde sou dit blyk dat die een wat oënskynlik die voorbeeldige seun is, die ongehoorsame is, terwyl die seun wat ongehoorsaam is, die eintlike gehoorsame seun is (Matt 21:28-31a). Dan volg Jesus se opmerking dat tollenaars en prostitute eerder die koninkryk van God sal beërwe as diegene wat nie berou het wanneer hulle op die regte pad gewys word nie (Matt 21:31-32).[969]

Hier is die punt van die verhaal: Albei groepe is randfigure, maar om verskillende redes. Die prostitute is randfigure as gevolg van hulle seksuele losbandige lewe. Die tollenaars is randfigure as gevolg van politieke en finansiële redes. Dit is waarskynlik dat in hierdie gelykenis eerder gefokus word op die saak van regverdigmaking deur geloof in Jesus weens sondebesef (etiese regverdigmaking en etiese geregtigheid).[970] Johannes het die weg na die Koninkryk van God voorberei, maar die sogenaamde geestelikes (geestelike leiers) het dit nie aanvaar nie. Teenoor die reaksie van die Joodse leiers het die tollenaars en prostitute dit aanvaar (Luk 3:12; 7:29). Die fokus val maw op die begrip **tou` pisteu`sai aujtw,** (…, maar tollenaars en prostitute het Hom geglo … Matt 21:32).[971]

Om die wil van die Vader te doen, is meer as net 'n woordelikse belydenis, dit gaan om gehoorsaamheid wat in dade oorgaan (Matt 7:21-27; 25:31-46).[972] 'n Woordelikse belydenis alleen is nutteloos. Die paradoks is in die reaksie van die "sondaars" (hier ook geteken as randfigure, maar om verskillende redes randfigure). Hulle gaan die nuwe wêreld van God binne,

---

969 Saunders EP, **The Historical Jesus**, p 227, [Penguin], London, 1993;

970 Hagner, Donald A., **Word Biblical Commentary, Volume 33b: Matthew 14-28,** (Dallas, Texas: Word Books, Publisher) 1998.

971 Gundry Robert H, **Matthew**, p 423-424, [WB Eerdmans Publishing Co], Grand Rapids], 1983; Hagner, Donald A, **Word Biblical Commentary, Volume 33b: Matthew 14-28,** (Dallas, Texas: Word Books, Publisher) 1998.

972 Hagner, Donald A., **Word Biblical Commentary, Volume 33b: Matthew 14-28,** (Dallas, Texas: Word Books, Publisher) 1998; Patte Daniel, **The Gospel According to Matthew**, p 100-101, 347-350, [Fortress Press], Philadelphia, 1987.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)


omdat hulle besef dat hulle in nood verkeer en God se genade dringend nodig het.[973]

Om die bogenoemde drie verhale saam te vat die volgende afleidings:

- ✝ Dit is nie 'n korrekte afleiding dat Jesus sag teenoor seksuele sondes opgetree het nie.
- ✝ Ten spyte daarvan reik Hy nogtans uit na die randfigure.
- ✝ In hierdie gesindheid verkondig Hy genade teenoor hulle.
- ✝ Hierdie randfigure is uitstekende kandidate om God se genade te ontvang, aangesien hulle besef dat hulle "sondaars" is.
- ✝ Soos met alle ander sondes, vergewe Jesus ook seksuele sondes.
- ✝ Soos met alle ander sondes, vra Hy ook die transformasie van die sondaar se lewe.

Uit die evangelies is dit duidelik dat Jesus teenoor alle sondaars (nie nét die randfigure) empatie getoon het. In Joh 3:1-21 het ons die verhaal van die Fariseër wat ook deur Jesus opgeroep word om tot bekering te kom (nie 'n randfiguur nie).[974] Dit is juis in hierdie verhale waar Jesus die kern van sy sending verduideklik:

> "God het die wêreld so liefgehad dat Hy sy enigste Seun gegee het, sodat dié wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie maar die ewige lewe sal hê" **Joh 3:16**

Net so roep Hy ook die ryk jongman tot bekering (Luk 18:18-30). Die motivering vir Jesus se hele bediening was dat Hy alle mense (randfigure en

---

[973] Hagner, Donald A., **Word Biblical Commentary, Volume 33b: Matthew 14-28,** (Dallas, Texas: Word Books, Publisher) 1998; MacArthur John, **Matthew 16-23**, p 289-291, [The Moody Bible Institute], Chicago, 1988.

[974] Culpepper R Alan, **Anatomy of the Fourth Gospel**, p 41-42, [Fortress Press], Philadelphia, 1983; Smalley Stephen, **John – Evangelist & Interpreter,** p 89, 98, 129, 176, 197, [The Paternoster Press], Cape Town, 1985.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

nie-randfigure) wou wen vir God se nuwe wêreld. In Mark 10:21 word Jesus se empatie en uitreik na hierdie man geteken met:[975]

> Jesus het na hom gekyk en hom innig liefgekry ..." **Mark 10:21**

Jesus se bediening maak daarom nie onderskeid tussen randfigure en nie-randfigure nie. Hy soek almal om gered te word.

> Dié wat gesond is, het nie 'n dokter nodig nie, maar dié wat siek is. Gaan leer wat dit beteken: 'Ek verwag barmhartigheid en nie offers nie'. Ek het nie gekom om mense te roep wat op die regte pad is nie, maar sondaars" **Matt 9:12-13** vgl ook **Luk 5:31-32**

Binne hierdie konteks is dit logies dat vasgestel moet word of Jesus in sy liefdevolle uitreik na die randfigure én die nie-randfigure die wet op die kant geskuif het.

## 5.2. Het Jesus die wet as uitgedien teenoor liefde gesien?

Geloof in Jesus het nié die wet opgehef nie! Dit is so dat die weg na die ewige lewe slegs deur geloof in Hom is, maar dit is 'n oorvereenvoudige siening dat Hy die nakom van God se wet deur sy volgelinge en bekeerlinge opgehef het. Dit is nie 'n korrekte afleiding om te maak dat Jesus maar "gehoop" het dat sy volgeling hulle lewe outomaties sou verander nie. Hy was baie direk dat hulle die wil van God sal doen (Matt 7:21). Hy gebruik inderdaad die wet van God om sy volgelinge te help om hul lewens te transformeer.[976] Wat die wet betref leer Jesus die volgende:

---

[975] Bolkenstein MH, **Het Evangelie naar Marcus**, p 231, [Uitgeverij GF Callenbach], Leiden, 1977; Nielsen JT, **Het Evangelie naar Lucas II**, 116-121, [Uitgeverij GF Callenbach], Leiden, 1983.

[976] Dale Allison, **Jesus of Nazareth: Millenarian Prophet**, 185-186, [Fortress Press], Ninneapolis, 1999; Gagnon Robert AJ, **The Bible and Homosexual Practice – text and Hermeneutics**, p 222, [Abingdon Press], Nashville, 2001; Nissinen Martti,

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)


UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

> [17]"Moenie dink dat Ek gekom het om die wet of die profete ongeldig te maak nie. Ek het nie gekom om hulle ongeldig te maak nie (katalu`sai to;n novmon h] tou;" profhvta":), maar om hulle hulle volle betekenis te laat kry (plhrw`sai). [18]Dit verseker Ek julle: Die hemel en die aarde sal eerder vergaan as dat een letter of letterstrepie van die wet sal wegval (ijw`ta e}n h] miva keraiva ouj mh; parevlqh/ ajpo; tou` novmou,) voordat alles voleindig is. [19]"Wie dan ook een van die geringste van hierdie gebooie ongeldig maak en die mense so leer, sal die minste geag word in die koninkryk van die hemel. Maar wie die wet gehoorsaam en ander so leer, sal hoog geag word in die koninkryk van die hemel. [20]Ek sê vir julle: As julle getrouheid aan die wet nie meer inhou as dié van die skrifgeleerdes en die Fariseërs nie, sal julle nooit in die koninkryk van die hemel ingaan nie." **Matt 5:17-22**

En verder:

> "So ontneem julle die woord van God sy ontsag deur julle oorgelewerde gebruike wat julle op julle beurt weer oorgelewer het. Daar is ook nog baie ander sulke dinge wat julle doen" **Mark 7:13**

En verder:

> [16]"Tot op Johannes was dit net die wet en die profete. Van toe af word die koninkryk van God verkondig, en elkeen probeer so hard as hy kan om daar in te kom. [17]Tog is dit makliker vir die hemel en die aarde om te vergaan as dat een lettertjie van die wet verval (dev ejstin to;n oujrano;n kai; th;n gh`n parelqei`n h] tou` novmou mivan keraivan pesei`n.). **Luk 16:17**

Inleidend tot hierdie paragraaf moet eers verstaan word wat Jesus met "die wet" verstaan het. Die "wet" is die standaard vertaling van die Griekse begrip novmos. Dit dui op die opdragte wat God aan sy mense deur Moses gegee het waarvolgens die gelowige behoort te leef. Daarom staan die wet ook bekend as die "wet van die Here" (Luk 2:23-24, 39) sowel as die "wet van Moses". Soms word met die wet die Pentateug bedoel, terwyl dit by ander geleenthede weer as "die Skrif" verstaan word.[977]

**Homoeroticism in the Biblical World**, p 118-122, [Fortress Press], Minneapolis, 1998; Sanders EP, **The Historical Figure of Jesus**, p 205-226, [Penguin], London, 1993; Sanders EP, **Jesus and Judaism**, p 245-269, [Fortress Press], Philadelphia.

[977]Green, Joel G.; McKnight, Scot; Marshall, I. Howard; editors, **Dictionary of Jesus and the Gospels**, (Downer's Grove, IL: InterVarsity Press) 1998, c1992.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)


Die verwarring rakende die wet is dat daar vandag algemeen geglo word dat die verbondsverhouding (kind van God wees) destyds uit die nakom daarvan voortgevloei het (maw deur die wet na te kom, word jy deel van die verbond). Dit is 'n oorvereenvoudigde siening. Die nakom van die wet was eerder die reaksie van God se mense (die gesindheid van die hart) uit dankbaarheid en tot eer van God, omdat hulle uitgekies is om "Sy mense" te wees (Deut 28:1–2, 9; 30:1–10, 15–16)[978]. Deur die uitleef van die wet word liefde vir God gesimboliseer en 'n getuienis teenoor die ongelowiges uitgedra. Die negatiwiteit rakende die wet was nie oor dit wat daar gestaan het nie, maar oor die "byvoeging" van allerhande kulturele en tradisionele wette van die Fariseërs tot die oorspronklike wet van die Here (Matt 15:2; Mark 7:3).[979]

### 5.2.1. Jesus se vervulling van die wet en die profete

Soos vroeër reeds gewys het Jesus in die algemeen die wet nagekom (Matt 17:24–27; Matt 9:20 vgl Num 15:38–41).[980] Die "oortreding van die wet deur Jesus" was slegs ten opsigte van die Joodse tradisie se siening van wat sogenaamde "sondaars" (tollenaars, prostitute, onreines en sondaars) is en in daardie opsig het Jesus Hom inderdaad oor die mense op die rand van die samelewing ontferm en die wet oortree (Matt 9:10-13; Mark 2:15-17; 8:1-13; Luk 5:29-32 soos reeds in die vorige paragraaf deeglik bespreek is). Sy genesende optrede op die Sabbat was ook so 'n oortreding van die

---

[978] Green, Joel G.; McKnight, Scot; Marshall, I. Howard; editors, **Dictionary of Jesus and the Gospels,** (Downer's Grove, IL: InterVarsity Press) 1998, c1992; Kloppers, M.H.O., **Die Boek Deuteronomium**, (Kaapstad: Lux Verbi) 1998.

[979] Green, Joel G.; McKnight, Scot; Marshall, I. Howard; editors, **Dictionary of Jesus and the Gospels**, (Downer's Grove, IL: InterVarsity Press) 1998, c1992; Groenewald EP, **Die Evangelie van Markus**, (Kaapstad: Lux Verbi) 1973; Schweizer Eduard, **The Good News according to Matthew**. p 326, [John Knox Press], London, 1975.

[980] Green, Joel G.; McKnight, Scot; Marshall, I. Howard; editors, **Dictionary of Jesus and the Gospels,** (Downer's Grove, IL: InterVarsity Press) 1998, c1992.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

tradisionele wette soos deur die Skrifgeleerdes en Fariseërs oorgelewer en toegepas is (Matt. 12:9–14; Mark 3:1–6; 8:13; Luk 6:6–11; 13:10–17; 14:1–6; Joh 5:2–47; 9:1–41).[981]

Wanneer Jesus sommige van die kulturele en reinheidswette oortree wil Hy daardeur nie sê dat hulle "ongoddelik" is nie, maar eerder dat hulle gebruik kan word om mense te manipuleer. Dit is hierdie manipulasie van die betrokke wette wat die fokus van die ware bedoeling van sulke wette kan wegneem. Dit lei dus nie na die sentrum waar "rein" en "onrein" ontstaan nie.[982]

Daarom het Jesus nie moedswillig sommige tradisionele gebruike (wette) oortree nie, maar dit duidelik gestel dat die tradisie van die Judaïsme Hom nie bind nie, aangesien Hy bokant dit verhewe is. Die wet is per slot van rekening 'n skaduwee wat moes dui op die noodsaak van Jesus se verlossingsdade (Heb 10:1).[983] Die wet reguleer dus net, maar in Christus is alles vervul. Daarom kan verstaan word waarom Jesus dan in hoofsaak wel die morele wette gehandhaaf het (vgl dus ook uitsprake in Lev 18 en 19 wat moraliteit in gedagte het).[984]

---

[981]Bockmuel Markus, **Halakha and Ethics in the Jesus Tradition, in Early Christian Thought in Its Jewish Context**, p 264-278, [Cambridge University Press], Cambridge, 1996; Corley Kathleen E, **Prostitutes – Private Women, Public Meals**, p 643, [DJG], 1993; Green, Joel G.; McKnight, Scot; Marshall, I. Howard; editors, **Dictionary of Jesus and the Gospels**, (Downer's Grove, IL: InterVarsity Press) 1998, c1992.

[982] Spong John S, Living in Sin? **A Bishop Rethinks Human Sexuality**, p 146, [Harper & Row], San Francisco, 2000.

[983] Bruce FF, **The Epistle to the Hebrews**, p 226-227, [WB Eerdmans Publishing Co], Grand Rapids, 1985.

[984]Green, Joel G.; McKnight, Scot; Marshall, I. Howard; editors, **Dictionary of Jesus and the Gospels,** (Downer's Grove, IL: InterVarsity Press) 1998, c1992; Seitz Christopher, **Sexuality and Scripture's Plain Sense: The Christian Community and the Law of God**, p 183, [WB Eerdmans Publisching Co], 2000; Stegemann Wolfgang, **The Contextual Ethics of Jesus**, p 49, [Augsburg Fortress], Minneapolis, 2002.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)


Beide Matteus en Lukas beklemtoon die gedagte dat die wet nie deur Jesus opgehef is nie, maar dat Hy dit handhaaf.[985] Die waarde wat Jesus aan die wet toeken, was hoër as wat die Skrifgeleerdes en Fariseërs daaraan toegeken het. Vir hulle was die tradisie wat aan die uitleef van die wet verbind was, die weg na saligheid. Deur sò met die wet te werk, het hulle in beginsel 'n streep deur die "gees" waarin die Ou Testamentiese wet gegee is, getrek (liefde vir God en die naaste omdat God hulle bevry het – soos reeds in hierdie hoofstuk uitgewys is). Jesus se bediening en lering is egter anders.[986]

Wanneer Hy gehoorsaamheid en goeie werke van sy volgelinge vra dui dit op die geseëndes (Matt 5:2-12; Luk 6:20-23). Die geseëndes is diegene wat hulle geestelike bankrotskap erken, hulle sonde bely, van God regverdigmaking ontvang het en daarom hulle lewe transformeer.[987] Dit is binne hierdie konteks dat die wet vervul (nie opgehef nie) is. Jesus se siening van die wet wat vervul is, dui op sy eie volmaakte gehoorsaamheid daaraan. Dit dui dat Hy voldoen het aan die "gees en gesindheid van die Ou Testamentiese eise vir die uitleef van die wet, nl liefde vir God en naaste".[988]

---

[985] Sanders EP, **Jewish Law from Jesus to the Mishna**, [TPI], Philadelphia, 1990, Sanders EP, **The Life of Christianity – Christianity and the Rabbinic Judaism**, p 70-73, [Biblical Archaeological Society], Washingtin DC, 1992; Gnilka Joachim, **Jesus of Nazareth: Message and History**, p 208-222, [Hendricson], Peabody, 1997; Loader William RG, **Jesus' Attitude Towards the Law**, [WUNT 9/97], Tübingen, 1997.

[986] Green, Joel G.; McKnight, Scot; Marshall, I. Howard; editors, **Dictionary of Jesus and the Gospels,** (Downer's Grove, IL: InterVarsity Press) 1998, c1992; Stegemann Wolfgang, **The Contextual Ethics of Jesus**, p 49, [Augsburg Fortress], Minneapolis, 2002.

[987] Hendriksen William, **The Gospel of Matthew,** p 289, [Baker Book House], Grand Rapids, Michigan, 1973; Nielsen JT, **Het Evangelie naar Lucas** I, p180-185, [Uitgeverij GF Callenbach], Leiden, 1979; Schweizer Eduard, **The Good News according to Matthew**. p 82-98, [John Knox Press], London, 1975.

[988] Becker Jurgen, **Jesus of Nazareth**, p 288-289, [De Cruyter], New York, 1998; Dale C Alisson **Jesus of Nazareth: Millenarian Prophet**, p 185-186, [Frortress Press], Minneapolis, 1999 ; Hendriksen William, **The Gospel of Matthew,** p 289, [Baker Book House], Grand Rapids, Michigan, 1973.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die vervulling van die wet moet, met ander woorde, in die lig van die volgende aspekte verstaan word: Eerstens was Jesus getrou aan sy eie lering en dus die Groot Profeet en Gewer van die wet wat self sekere sake by die wet gevoeg het (soms verswaar Hy selfs die wet in terme van diegene wat regverdig is).[989] Enkele voorbeelde hiervan is:

> Julle het gehoor dat daar van die ou tyd af aan mense gesê is: 'Jy mag nie moord pleeg nie; ... Maar ek sê vir julle: ([21] jHkouvsate o{ti ejrrevqh toi`" ajrcaivoi": **ouj foneuvsei"**: o}" dÆ a]n foneuvsh/, e[noco" e[stai th`/ krivsei. [22]ejgw; de; levgw uJmi`n ) ...'Elkeen wat vir sy broer kwaad is ..." **Matt 5:21-23**

> "Julle het gehoor dat daar gesê is: Jy mag nie egbreuk pleeg nie'. Maar Ek sê vir julle: ([27] jHkouvsate o{ti ejrrevqh: **ouj moiceuvsei"**. [28]ejgw; de; levgw uJmi`n) Elkeen wat na 'n ander vrou kyk ..."**Matt 5:27-30**

> "Daar is gesê: 'Elkeen wat van sy vrou skei, moet aan haar 'n skeibrief gee'. Maar ek sê vir julle: ([31] jErrevqh dev: **o}" a]n ajpoluvsh/ th;n gunai`ka aujtou`, dovtw aujth`/ ajpostavsion**. [32]ejgw; de; levgw uJmi`n) Elkeen wat van sy vrou skei behalwe oor owerspel ..." **Matt 5:31-33**

Op dieselfde wyse gaan Jesus verswarend ten opsigte van die oorgelewerde Joodse tradisie in terme van die aflê van 'n eed (Matt 5:33-37; vergelding (Matt 5:38-42) en liefde vir die vyand (Matt 5:43-48). Net so hanteer Jesus die saak van vergifnis (Matt 18:21-33). Hierdeur handhaaf Hy die kontinuïteit van die Ou Testamentiese wet.[990] Daarom kan afgelei word dat

---

[989] Hendriksen William, **The Gospel of Matthew,** p 289, [Baker Book House], Grand Rapids, Michigan, 1973.

[990] Allison Dale, **Men and Women: Some Interpretive Possibilities (Matt 5:27-28; Mark 9:43-38; Matt 10:11-120, 'Feminist Companion to the Jesus Tradition**, [JSOT], Sheffield; Catchpole David R, **The Synoptic Divorce Material as a Traditio-Historical Problem**, p 92-127, [BJRL], 1974; ; Crossan Dominic, **The Historical Jesus: The Life of a mediterranean Jewish Peasant**, p 301-302, [HarperCollins], San Francisco, 1991; Fander Monika, **Die Stellung der Frau im Markusevangelium**, p 200-257, [Telos], Altenberge, 1989; Kloppenborg John S, **Alms, Debt and Divorce**, p 195-196, [TJT 6], 1990; Hays Richard B, **The Moral Vision of the New Testament – A**

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)


Jesus dikwels ook verder as die Ou Testamentiese siening van diegene wat regverdig is, gaan. Volgens Hom is hulle wat uit geloof sy lering onderhou, regverdig.[991]

Hierin is Jesus in pas met die gebruik by Qumran waar die leraar van geregtigheid ook 'n nuwe standaard van geregtigheid neerlê – om sy lering na te volg en uit te voer.[992]

Die verskil is egter daarin dat diegene wat regverdig is, nie hulle is wat uit gewoonte of tradisie sekere reëls nakom nie, maar hulle wat vanuit 'n innerlike oortuiging en geloof in Hom as Verlosser die vrugte van toewyding en gehoorsaamheid dra (die wet gehoorsaam).[993] Daarom kan gestel word dat Jesus die wet vervul in dié opsig dat Hy die wet se geldigheid handhaaf. Verder is die wet vervul aangesien Jesus tot en met sy kruisdood volmaakte gehoorsaamheid aan die wet uitgeleef het (Heb 5:5-9).[994] Die wet en die Profete het oor Hom getuig. Daarom is Hy die vervulling daarvan. [995] Vir Hom gaan dit met ander woorde oor die paradigmaskuif wat rondom die verkryging van die ewige lewe plaasgevind het – nie deur werke nie, maar deur geloof in Hom (Luk 16; Joh 3). Hy doen dit deur die oorspronklike intensie en bedoeling van die wet weer terug te bring.[996]

---

**Contemporary Introduction to New Testament Ethics**, p 95, [T&T Clark], Edinburg, 1996. Vir Jesus om oor egskeiding te praat impliseer dat Hy die Gen 1-2 tradisie van 'n heteroseksuele verhouding in gedagte gehad het.

[991] Hays Richard B, **The Moral Vision of the New Testament – A Contemporary Introduction to New Testament Ethics**, p 95, [T&T Clark], Edinburg,1996.

[992] Green, Joel G.; McKnight, Scot; Marshall, I. Howard; editors, **Dictionary of Jesus and the Gospels,** (Downer's Grove, IL: InterVarsity Press) 1998, c1992.

[993] Green, Joel G.; McKnight, Scot; Marshall, I. Howard; editors, **Dictionary of Jesus and the Gospels,** (Downer's Grove, IL: InterVarsity Press) 1998, c1992.

[994] Brown Raymond, **The Message of Hebrews**, p 98-102; Hendriksen William, **The Gospel of Matthew,** p 289, [Baker Book House], Grand Rapids, Michigan, 1973; Käseman Ernst, **The Wandering People of God**, p 216, [Augsburg Publishing House], Minneapolis,1984 .

[995] Hays Richard B, **The Moral Vision of the New Testament – A Contemporary Introduction to New Testament Ethics**, p 96, [T&T Clark], Edinburg,1996.

[996] Green, Joel G.; McKnight, Scot; Marshall, I. Howard; editors, **Dictionary of Jesus and the Gospels,** (Downer's Grove, IL: InterVarsity Press) 1998, c1992.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die skrifgeleerdes en Fariseërs se "wet" word verwerp op grond van twee redes: Hulle harte is nie reg nie (Mark 7:6–7; Matt 5:28) en daarom is hulle standaarde nie bevredigend by God nie (Matt 5:17–48).[997] Dit beteken dat die vervulling van die wet plaasvind deur diegene wat in 'n regte verhouding tot God en die Ou Testamentiese gebooie staan en daarom dit graag wil uitleef (Matt 5:48). Die begrip **teleioi** (volmaak) dui dus op die reaksie van diegene wat die regte gesindheid het en toegewy daaraan leef om God se wil op alle terreine na te kom (Matt 6:33)[998].

Die kritiese vraag is natuurlik: Wat bedoel Hy wanneer Hy liefde as die uitvoering van die wet sien?

### 5.2.2. Wat bedoel Jesus wanneer Hy liefde as die uitvoering van die Wet sien?

Keur Hy daardeur alle optrede deur randfigure en nie-randfigure in liefde goed? Jesus het nêrens gesê dat nòg Hy, nòg sy navolgers op grond van liefde vry is om die wet van God te oortree nie.[999] Inteendeel, Hy vra gehoorsaamheid. Net so het Hy ook nie op grond van die liefdesbeginsel die waarde en geldigheid van die wet opgehef nie.[1000] Vir Hom gaan dit eerder

---

[997] Green, Joel G.; McKnight, Scot; Marshall, I. Howard; editors, **Dictionary of Jesus and the Gospels,** (Downer's Grove, IL: InterVarsity Press) 1998, c1992; Groenewald, E.P., **Die Evangelie van Markus**, (Kaapstad: Lux Verbi) 1973.

[998] Filson Floyd V, **The Gospel according to St Matthew**, p 100-102, [Adam & Charles Black], London, 1967; Green, Joel G.; McKnight, Scot; Marshall, I. Howard; editors, **Dictionary of Jesus and the Gospels,** (Downer's Grove, IL: InterVarsity Press) 1998, c1992.

[999] Green, Joel G.; McKnight, Scot; Marshall, I. Howard; editors, **Dictionary of Jesus and the Gospels**, (Downer's Grove, IL: InterVarsity Press) 1998, c1992.

[1000] Green, Joel G.; McKnight, Scot; Marshall, I. Howard; editors, **Dictionary of Jesus and the Gospels,** (Downer's Grove, IL: InterVarsity Press) 1998, c1992; Hurst LD, **Ethics of Jesus**, p 214, [InterVarsity Press], Downers Grove, 1992; Stegemann Wolfgang, **The Contextual Ethics of Jesus**, p 49, [Augsburg Fortress], Minneapolis, 2002. Sommige geleerdes beweer dat daar selfs by Jesus 'n vorm van belonging was wanneer sy

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)


daarom dat liefde die motivering en dryfveer vir die toepassing van die wet is. Dit is hier waar Hy van die Skrifgeleerdes en Fariseërs verskil. Laasgenoemde het 'n letterlike toepassing van die wet gevra ongeag die gesindheid waardeur dit toegepas is, terwyl Jesus op die intensie agter die wet fokus (liefde vir God en mekaar omdat jy verlos is). Vir Hom is die navolging van die wet dus die reaksie op God se werk in die lewe van die gelowige.[1001] Binne hierdie konteks kan gesê word dat liefde nié die wet vervang nie.

Wanneer Jesus Hom dus oor die randfigure ontferm, gaan dit vir Hom nie daaroor dat die morele wet die seremoniële wet ophef nie, ook nie dat barmhartigheid en empatie belangriker as die wet is nie. Dit gaan eerder daarom dat diegene wat die intensie van die wet ignoreer of nie verstaan nie (tradisionele wette), ook nie God se omgee en empatie vir mense (ook die randfigure) verstaan en uitleef nie. Hy tree met empatie teenoor die sondaars en randfigure op, maar doen telkens 'n beroep op hulle om terug te keer tot die nakom van die wet van God deur hulle lewe te transformeer (Joh 7:53-8:11).[1002]

Wanneer Jesus die wet "tot die rand skuif" op die vraag van die ryk jongman rakende die verkryging van die ewige lewe (Matt 19:16-30; Mark 10:17–22; Luk 18:18–23) raak dit eerder die hart van die evangelie. Jesus wys hier aan

---

volgelinge die wet onderhou, of 'n oordeel was wanneer mense die wet oortree (Matt 6:4,6,18; 16:27 as beloning terwyl 5:22,29-30; 7:19; 10:28 weer dien as oordeel).

[1001]Green, Joel G.; McKnight, Scot; Marshall, I. Howard; editors, **Dictionary of Jesus and the Gospels**, (Downer's Grove, IL: InterVarsity Press) 1998, c1992; Heyns JA, **Teologiese Etiek 1** , p 228, [NG Kerkboekhandel Transvaal], Pretoria, 1982. Heyns wys dat die liefdesgebod 'n sonde-aanwysende funksie het. Dit lei tot 'n gehoorsaamheid oproepende funksie wat weer uitloop op 'n etiese funksie. Liefde kan nie vervul word as dit nie uit liefde in die hart kom nie. Dit is die groot konflik punt tussen Jesus en die Joodse leiers.

[1002]Green, Joel G.; McKnight, Scot; Marshall, I. Howard; editors, **Dictionary of Jesus and the Gospels**, (Downer's Grove, IL: InterVarsity Press) 1998, c1992; Hays Richard B, **The Moral Vision of the New Testament – A Contemporary Introduction to New Testament Ethics**, p 97, [T&T Clark], Edinburg,1996.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

die "soeker" die weg na die ewige lewe aan (nie deur wetsonderhouding nie). Die punt is met ander woorde dit: Aan die "soeker" (ongelowige) is die boodskap: deur wetsonderhouding kry niemand die saligheid nie, maar slegs deur in Hom te glo. Aan die volgeling van Jesus is die boodskap: Uit liefde vir God en die medemens sal die wet onderhou word.[1003]

Indien die dubbele liefdesgebod in ag geneem word, sou 'n seksuele etiek volgens die getuienis van Jesus in terme van liefde, geloof, en die wet volgens diegene wat ten gunste van homoseksuele huwelike en –verhoudings is soos volg lyk:




[1003]Beare Francis Wright, **The Gospel According to Matthew**, p 397-401, [Basil Blackwell Publisher], Oxford, 1981; Green, Joel G.; McKnight, Scot; Marshall, I. Howard; editors, **Dictionary of Jesus and the Gospels**, (Downer's Grove, IL: InterVarsity Press) 1998, c1992.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)



Volgens diegene wat nié ten gunste van homoseksuele huwelike en -verhoudings is nie:




**Hier is die implikasie**

Dit is 'n oorvereenvoudiging om te beweer dat Jesus die wet opgehef het tot slegs funksionele gebruike. Jesus maak onderskeid tussen die wet van God en die tradisionele gebruike van die geestelike leiers. Eersgenoemde handhaaf Hy, terwyl Hy laasgenoemde nie handhaaf nie.

Die volgende afleiding kan dus gemaak word: Dit is onwaarskynlik dat Jesus 'n oortreding van die Ou Testamentiese wet van God ter wille van hedendaagse funksionele eise aanvaarbaar sou sien. Jesus ontferm Hom wél oor die randfigure, maar keur nie hulle verkeerde optredes goed nie. Hy handhaaf die dubbele liefdesgebod, maar stel sterk grense ten opsigte van die oortreding van die wet, ook in terme

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)


| |
|---|
| van seksuele sondes. |

Die volgende argument deur pro-gay teoloë wat aandag vra, is die argument dat "liefde" die skopus van die Skrif is.

**6. Die skopus van die Skrif is liefde**

Die boodskap aan gay mense moet wees dat God hulle liefhet, net soos hulle is.[1004] Wanneer die literêre konteks van die Skrif in ag geneem word, moet daarmee rekening gehou word dat daar 'n **sentrum** en 'n **periferie** in die Skrif is. Die sentrum (skopus) van die Skrif is God se **liefdevolle openbaring** in Jesus Christus.[1005] Vanuit hierdie sentrum moet die Skrif as geheel met sy onderskeie onderdele verstaan word.[1006]

Jesus het hierdie dubbele liefdesgebod tot norm vir die beoordeling van tussenmenslike verhoudings verhef. Die definisie vir "naaste" is deur Hom verbreed om alle mense sonder uitsondering in te sluit. Die implikasie hiervan is dat die liefdesgebod toegepas moet word sonder enige kwaliteit of verdienste van die ander persoon. Dit is slegs gegrond op die menswees van die ander persoon.[1007] Die mens as beeld van God impliseer dat God ons in 'n verhouding van liefde wil ontmoet. Hierop antwoord die mens met 'n liefdesverhouding teenoor God en ander mense. Daar kan slegs sprake van liefde binne die konteks van 'n vrye keuse wees. Liefde vir die medemens

---

1004 Roekeloos.co.za, **Die Reformeerdende kerk en Gays**, webbladsy van die sogenaamde gay gemeente in Pretoria by die webadres www.roekeloos.co.za/argief/reformerende.html.

1005 Agenda Algemene Sinode van die NGK, **Homoseksualiteit,** p 143, [Hartenbos], 10-16 Oktober 2002.

1006 Studieprojek vir die Sinode van die NG Kerk van Suid-Transvaal, **Herbesinning oor die Kerk se standpunt met die oog op effektiewe pastorale uitreik na homoseksuele persone**, p 3, ongepubliseer en ongedateer.

1007 Studieprojek vir die Sinode van die NG Kerk van Suid-Transvaal, **Herbesinning oor die Kerk se standpunt met die oog op effektiewe pastorale uitreik na homoseksuele persone**, p 9, ongepubliseer en ongedateer.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

skep die ruimte waarbinne mense bevrydend teenoor mekaar kan optree (Dit beteken dus dat die homoseksuele Christen ook die vryheid moet hê om sy homoseksuele oriëntasie in 'n homoseksuele huwelik te kan uitleef – JP). Binne hierdie konteks word "menslikheid" sigbaar. Die menslikheid van mense word bedreig deur liefdeloosheid, onvryheid en vervreemding van mekaar.[1008]

**Verdere teologisering:** Daar is reeds in hierdie hoofstuk gewys dat die liefde waarvan die Skrif praat (veral die Nuwe Testament) nie die wet ophef of verkeerde optrede toelaat nie. Dit is ook belangrik om te verstaan dat die liefde waarvan die Skrif praat (indien liefde die skopus van die Skrif sou wees), nie soseer 'n medemenslike liefde is nie. Dit is eerder die selfverloënende liefde wat God vir die mens het. Dit is hierdie liefde wat uitgeloop het op die kruisdood en opstanding. Dit is die dienende liefde van God wat tot die verlossing van God se mense deur geloof in Jesus lei (Joh 3:16). Die mens se antwoord hierop is weer selfverloënende liefde teenoor God en medemens. Dit is méér as 'n horisontale medemenslike liefde waar randfigure en nie-randfigure vry is om te lewe soos hulle wil. Dit is hierdie liefde waar Christengelowige (en randfigure) as dissipels van Jesus ook hulle kruis opneem en Hom in gehoorsaamheid volg al kos dit 'n prys (Matt 10:37-38; Mark 10:29-30; Luk 14:25-33).[1009]

Die vraag is egter: Is liefde die skopus van die Skrif? Geleerdes is nie eenstemmig oor wat die skopus van die Skrif is nie. Daar is diegene wat liefde as die skopus van die Skrif sien. Dan is daar ook andere wat aan die Skrif 'n ander skopus (of gerigtheid) gee. **Calvyn** sien Christus as die

[1008] Gereformeerde Kerken in Nederland, **In Liefde Trouw Zijn**, p 24-25, (Centrum voor de Nederlandse Hervormde Kerk, Drieberge) 1983.
[1009] Hays Richard B, **The Moral Vision of the New Testament – A Contemporary Introduction to New Testament Ethics**, p 95, [T&T Clark], Edinburg,1996.

skopus van die Skrif.[1010] **Heyns** wys dat nòg die Christosentriese nòg die Teosentriese aspekte in die Skrif met die vastelling van die skopus van die Skrif geïgnoreer mag word. Indien dit in die Skrif om Jesus en sy werk gaan, gaan dit in die Skrif òòk om die Vader én om die Heilige Gees. Daarom moet gewaak word dat die skopus van die Skrif nie verval in 'n soteriologiese verenging van God se optrede nie. Vir Heyns is die skopus van die Skrif dan "God se Koninkryk", met die middelpunt van hierdie skopus Jesus Christus (vryheid en grense - JP). [1011] **König** sien die skopus van die Skrif ook anders. Vir hom is dit weer: God, mens en aarde. Hierdie drie kan volgens hom opgesom word as die Verbond of as die Koninkryk.[1012] **Stegemann** plaas ook die "Koninkryk van God" as die sentrum en dryfveer van Jesus se bediening.[1013] **Hays** wys weer dat die tema van die Koninkryk sentraal in Jesus se leringe staan en dat Hy daardeur 'n "nuwe geestelike groepering" gevestig het. Volgens hom behoort die skopus van die Skrif eerder binne die volgende drie aspekte gevind word.[1014] Dit is:

---

[1010] Heyns JA, **Dogmatiek,** p28, [NG Kerkboekhandel], Pretoria,1978.
[1011] Heyns JA, **Dogmatiek,** p28, [NG Kerkboekhandel], Pretoria,1978.
[1012] Konig Adrio, **Ek glo die Bybel,** p31-32, [Lux verbi.BM], Wellington, 2002.
[1013] Stegemann Wolfgang, **The Contextual Ethics of Jesus**, p 49, [Augsburg Fortress], Minneapolis, 2002. Andere plaas weer Jesus se eskatologiese verwagting as die skopus van sy bediening. Schrage Wolfgang, **Ethik des Neuen Testaments**, p 33, [Fortress Press], Philadelphia, 1988/89.
[1014] Hays Richard B, **The Moral Vision of the New Testament – A Contemporary Introduction to New Testament Ethics**, p 95, 389-394, [T&T Clark], Edinburg, 1996. Wanneer hy dit op homoseksualiteit van toepassing maak, trek hy die volgende lyne: **Gemeenskap** – Die Skrif hanteer homoseksualiteit nooit slegs tov van die indiwidu nie, maar altyd tov van die welwese van die breër gemeenskap van God se mense. Beide die Ou Testamentiese en Nuwe Testamentiese tekste moet binne hierdie konteks verstaan word. **Die Kruis** – Hoewel die Kruis van Jesus nooit direk met homoseksuele verhoudings in verband gebring word nie, het die Kruis wel sekere implikasies vir homoseksuele verhoudings. Dit is die sondigheid van mense wat maak dat hul buite God se wil optree. Dit is die letsels van die sonde wat die gebrokenheid waarbinne ons leef 'n realiteit maak. Die Kruis beteken egter die einde van die ou lewe waaronder mense aan die mag van sonde oorgegee was. Daarom is geen Christen bloot oorgegee aan bio-psigo-sosiale omstandighede ***alléén*** nie. Daar is nou ook 'n nuwe realiteit van die "veranderende krag" van die Kruis waaruit die Christen nou leef. **Nuwe skepping** – Dit beteken egter nie dat die Christen al op aarde in volmaaktheid leef nie. Daar is nog steeds die spanning van dit wat die gelowige "alreeds" is, en dit wat hy/sy "nog sal wees" (die "nog nie"). Christengelowiges sien uit na die bevryding van hul liggame van die onvolmaaktheid waarmee ons ons in die "alreeds" bevind (Rom 8:23). Daarom moet ook die homoseksuele Christen voortdurend stry om hom/haar nie oor te gee aan die

- Gemeenskap.
- Die kruis.
- Nuwe skepping.

In sowel Heyns, König, Stegemann en Hays is raakpunte. Hul skopusse impliseer grense waar Christengelowiges se optrede nié tot voordeel van God se Koninkryk of tekenend van die verbondsverhouding van die mens met God is nie. [1015] Die gebrokenheid van die mens impliseer sonde. Daar moet dus gewaak word teen 'n algehele vryheid in die mens se optrede (Matt 5:13-16).

Die doel van hierdie studie is nie om vas te stel wat die skopus van die Skrif is nie. Die implikasies van die verskillende sienings rakende die skopus van die Skrif in terme van die debat oor homoseksuele verhoudings en –huwelike moet egter uitgewys word.

| Skopus | Implikasie |
|---|---|
| Vertikale liefde | Gehoorsaamheid tot God uit dankbaarheid vir sy verlossende liefde. As die Skrif dus homoseksuele verhoudings en –huwelike afkeur, gehoorsaam ek uit dankbaarheid. Hier is dus sprake van beperkte vryheid. |
| Horisontale liefde (medemenslike liefde in lyn met menseregte en humanisme) | Op grond van medemenslike liefde aanvaar ek homoseksuele verhoudings en –huwelike. Hier is sprake van onbeperkte vryheid (behalwe waar perversiteit en losbandigheid ter sprake is). |
| Koninkryk van God | Deur my lewe eer en gehoorsaam ek God. As die Skrif dus homoseksuele verhoudings en – |

mag van sonde nie. Hy/sy moet ook tans stry (soos alle ander gelowiges) om in geloofsgehoorsaamheid op seksuele gebied volgens die riglyne van die Skrif te leef. Die volkome "verlossing en bevryding" van ons liggame (ook op seksuele gebied) sal eers in die lewe na die dood aanbreek.

[1015] Hays Richard B, **The Moral Vision of the New Testament – A Contemporary Introduction to New Testament Ethics**, p 97, [T&T Clark], Edinburg,1996.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

| | |
|---|---|
| | huwelike afkeur, gehoorsaam ek uit dankbaarheid. Hier is dus sprake van beperkte vryheid. |
| God, mens, aarde | Deur my lewe eer en gehoorsaam ek God. Ek erken die gebrokenheid wat die sondeval op my as beeld van God en die skepping teweeggebring het. Ek verstaan my homoseksualiteit binne die konteks van die gebrokenheid, en gehoorsaam die Skrif indien dit homoseksuele verhoudings en –huwelike afkeur. Ek doen dit uit dankbaarheid vir my vryspraak. Hier is dus sprake van beperkte vryheid. |

Dit is daarom duidelik dat indien homoseksuele huwelike en –verhoudings deur teoloë goedgekeur word, die enigste moontlike skopus vir die Skrif waarvolgens dit gedoen kan word, dié ten opsigte van 'n horisontale medemenslike liefde is. Die fokus val dus op 'n oorvereenvoudigde siening van die tweede tafel van die dubbele liefdesgebod.

Volgens diegene wat ten gunste van homoseksuele huwelike en –verhoudings is, is die noodwendige gevolg van Jesus se bediening, dat 'n "nuwe etiek" gesoek moet word. Hierdie etiek moet in lyn wees met Jesus se bediening van liefde en aanvaarding van die randfigure. Hierdie etiek kan 'n "pastorale etiek" genoem word.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

## 7. Die etiek volgens die leer en lewe van Jesus

Voorstanders van homoseksuele huwelike en –verhoudings sien die Judese-Christelike etiek soos dit in die Kerk gepraktiseer word (en tradisioneel uit die vroeë Kerk ontwikkel het), as verantwoordelik vir die Kerk se negatiewe siening en beoordeling van homoseksuele verhoudings.[1016]

Die uitdaging waarvoor die Kerk te staan kom, is om so "radikaal" soos Jesus te wees. Die vraag is nie na hetero- of homoseksualiteit nie, maar liefde en dit wat tussen mense gebeur. Die vraag is of dit wat tussen twee mense gebeur, liefde is?[1017] Daarom maak die getuienis van Jesus die deur vir die Kerk oop om 'n **pastorale etiek** daar te stel.[1018]

### 7.1. Die etiek volgens Jesus se bediening kan as 'n pastorale etiek beskryf word.

In die pastoraat aan die homoseksuele persoon, moet die herderlike liefde en voorbeeld van die Here nagevolg word.[1019] Dit beteken dat in die plek van die wettiese benadering daar eerder plek gemaak moet word vir

---

1016 Dallas Joe, **Responding to Pro-Gay Theology**, www.leaderu.com/conversations. Dallas is die stigter van die **Genesis Berading Groep**. Hierdie organisasie doen berading met homoseksuele persone wat met hul homoseksualiteit en aanverwante probleme worstel. Hy was 'n gay aktivis, wat van sy pro gay standpunt wegbeweeg het. Hoewel voorstanders van homoseksuele verhoudings en –huwelike graag te kenne gee dat daar nie getuienisse bestaan van homoseksuele persone met 'n homoseksuele oriëntasie wat tot 'n heteroseksuele lewe (of selibaat) kon keer nie, bestaan daar 'n magdom van organisasies waarby sulke persone betrokke is (vgl Thompson Chad W, **Loving Homosexuals as Jesus would**, p182-183, [Brazos Press], Grand Rapids, 2004.)

1017 Agenda Sinode van Oos-Transvaal, **Homoseksualiteit – verslag van werkgroep een**, p 102, Pretoria, 24-27 Augustus 2003.

1018 Gereformeerde Kerken in Nederland, **In Liefde Trouw Zijn**, p 28, (Centrum voor de Nederlandse Hervormde Kerk, Drieberge) 1983.

1019 Gereformeerde Kerken in Nederland, **In Liefde Trouw Zijn**, p 12, (Centrum voor de Nederlandse Hervormde Kerk, Drieberge) 1983

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)


verantwoordelike norme. Hierdie norme is wederkerigheid, duursaamheid, vryheid en veiligheid (nou reeds bekend).[1020]

Binne bogenoemde konteks lyk die pastorale etiek in terme van homoseksuele huwelike as volg:[1021]

- ✝ Werk en ontmoet die homoseksuele persoon in ootmoed voor God.
- ✝ Help die homoseksuele persoon om sy/haar homoseksuele oriëntasie te aanvaar. Dit is 'n belangrike proses wat tot die heling van sò 'n persoon sou lei.
- ✝ Begelei die homoseksuele persoon tot 'n verantwoordelike lewe voor God[1022] (hierdie verantwoordelike lewe voor God kan 'n homoseksuele verhouding of -huwelik van liefde en trou impliseer - JP).
- ✝ Wees luisterend met die homoseksuele medemens op weg.

In die pastorale etiek gaan dit dus daarom om sò 'n pastorale pad met die persoon wat 'n homoseksuele oriëntasie het te stap, dat daardie persoon op die ou einde volledig soos enige heteroseksuele persoon in terme van seksualiteit, gesinsverbande en kerklike voorregte hanteer sal word.

**Verdere teologisering:** Hierdie hele hoofstuk is afgestaan daaraan om vas te stel hoe die etiek van Jesus daar uitsien. Op hierdie stadium word die volgende lyne slegs getrek. In die eerste plek kan gevra word watter aspekte in ag geneem behoort te word wanneer van 'n Nuwe Testamentiese etiek gepraat kan word:

---

[1020] Agenda Sinode van Oos-Transvaal, **Homoseksualiteit – verslag van werkgroep een**, p 103, Pretoria, 24-27 Augustus 2003.

[1021] Verslag van die Kommissie vir Leer en Aktuele Sake van die Nederduitse Gereformeerde Kerk Suid- en Wes-Kaap**, Pastoraat aan die Homoseksuele Persoon**, p 19-22, Ongepubliseer, 1999.

[1022] Dit impliseer nié selibaat nie, maar 'n seksuele verhouding met 'n ander persoon van dieselfde geslag waar wederkerigheid, duursaamheid, vryheid, veiligheid, liefde en trou ter sprake is.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

## 7.2. Die skryf van 'n etiek

**Heyns** handhaaf die dubbele liefdesgebod as die begronding van die Christelike etiek. Hy maak eweveel van die horisontale as die vertikale aspekte van liefde.[1023] Vir hom is die invloed van sekularisasie (met sy uiterste vorm as sekularisme) 'n gevaar wanneer die Kerk met die etiek besig is. Die gevaar ontstaan wanneer die Westerse mens homself/haarself as selfstandig beskou en hul nie meer steur aan die Christelike tradisie nie. [1024] Die indiwidu sal meer vryheid verkry in terme van die persoonlike vlak van sy/haar lewe. Die gevolg daarvan is dat waardes en norme wat in die verlede goed was, verander tot ander waardes en norme wat op 'n gegewe moment kollektief deur 'n groep mense as aanvaarbaar gesien word. [1025]

Daarom behoort daar in die skryf van 'n etiek volgens **Longenecker** teen die volgende vier aspekte gewaak word:[1026]

- Dat die Skrif as 'n wettiese boek gebruik word wat die mens as morele wese ontken (soos die Judaïstiese wette waarteen Jesus dit gehad het). Die rede hiervoor is dat wanneer nuwe situasies ontstaan, moet nuwe wette geskryf word om daardie situasies te reguleer.
- Dit is ook gevaarlik om uit die Skrif sekere universele algemeen geldende beginsels te soek of af te lei. Die gevaar hiervan is dat die Skrif dan eenvoudig in 'n tipe Bybelse teologie van filosofie verander word. Die Christelike etiek word dan slegs 'n onderafdeling van

[1023] Heyns JA, **Teologiese Etiek**, p 7, [NGKerkboekhandel], Goodwood, 1982.
[1024] Heyns JA, **Teologiese Etiek**, p 20, [NGKerkboekhandel], Goodwood, 1982.
[1025] Heyns JA, **Teologiese Etiek**, p 25-26, [NGKerkboekhandel], Goodwood, 1982.
[1026] Longenecker Richard N, **New Testament Social Ethics For Today,** p 2-6, [William B Eerdmans Publishing Company], Grand Rapids, 1984. Vgl ook Hays se skrywe van 'n Nuwe Testamentiese etiek soos vroeër in hierdie hoofstuk onder die paragraaf "skopus van die Skrif" beskryf. Volgens hom moet 'n etiek binne die konteks van "die gemeenskap", "die kruis" en 'n "nuwe skepping" - Hays Richard B, **The Moral Vision of the New Testament – A Contemporary Introduction to New Testament Ethics**, p 95, 389-394, [T&T Clark], Edinburg, 1996.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)


natuurwette of dit wat volgens nuwe wetenskaplike bevindings bewys word.

- ✝ 'n Verdere probleem in die vorming van 'n etiek volgens die Nuwe Testament is die beklemtoning van God se vrye en almagtige werking deur die Heilige Gees met persone indiwidueel. Hierdie manier om 'n Christelike etiek te skryf lei tot subjektiwisme.
- ✝ 'n Laaste gevaar in die vorming van 'n Christelike etiek volg uit die voorafgaande twee. Dit opponeer die wettiese etiek sterk. Dit is die etiek wat uit die konteks afgelei kan word. Dit staan ook as 'n situasie etiek bekend. Christene bepaal dan hoe opgetree moet word deur die "regte feite" te kry. Op grond van die feite volg dan die vraag: Wat is die liefdevolle ding om te doen?

Verskillende strominge het aanleiding gegee tot die ontstaan van die situasie etiek. In 'n situasie etiek staan die denke dus in diens van die handeling, en vind ons **pragmatisme**. Daarna bestaan dit uit **eksistensialisme**, maw dit gaan om die mens in sy konkrete verskynswyse (soos ek is). **Relativisme** het ook gelei tot die ontstaan van 'n situasie etiek. In relativisme bestaan daar geen waardes, norme en werklikhede nie. 'n Laaste stroming wat tot situasie etiek aanleiding gegee het, is **positiwisme.** Hier gaan dit dat die wysbegeerte en wetenskap moet afsien van aprioristiese konstruksie en alle metafisiese waarhede deur meer te fokus op die ervaring en kontroleerbare feite. Daarom kan die eis van die situasie en die norm van die situasie nie saamval nie. Die norm is liefde. Wanneer God die mens die opdrag tot liefde gee, is hierdie liefde **doen**. [1027]

In die lig van bogenoemde vier benaderings volgens Heyns en Longenecker wat soms in die skryf van 'n etiek gebruik word, behoort altyd onthou te word dat daar nie op sekere wette òf op veranderende omstandighede

[1027] Heyns JA, **Teologiese Etiek**, p 262-263, 265, [NGKerkboekhandel], Goodwood, 1982.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

gefokus mag word nie. Dit gaan eerder vir die Christen om die wete dat ons morele wesens is wat in ons moraliteit verantwoordelik is om ons vryheid in Christus tot eer van God en die goeie naam van God se familie uit te leef. Hierdie vryheid is nie algehele vryheid nie, maar 'n vryheid met grense (nou reeds bekend). Dit is hierdie vryheid met grense wat poog om 'n positiewe moraliteit as riglyn te vorm.[1028] Die meeste skrywers en vormers van etiek ontken ongelukkig die werking van die Gees van God die afgelope 2000 jaar in die Kerk. Om die volle verhaal van God se pad met die Christelike etiek te ken, moet die kerkgeskiedenis in ag geneem word. Die skrywer van die Christelike etiek behoort dus die volgende aspekte in ag te neem én kennis daarvan te dra: [1029]

- 'n Deeglike kennis van die Skrif;
- 'n Deeglike kennis van die Kerkgeskiedenis, sowel as die vermoë om dit te interpreteer;
- Die vermoë om die Skriftuurlike waarhede en waarderiglyne uit te wys (onderskeidingsvermoë);
- Die vermoë om positiewe ontwikkelinge en mislukkings in die geskiedenis van die Kerk raak te sien; en laastens
- Die kreatiwiteit om op die ou einde al bogenoemde in ag te neem en uit te wys wat dit vir die Kerk van vandag beteken.

Hays sal hierby voeg (soos nou reeds bekend en beskryf):

- Die gemeenskap
- Die Kruis

---

[1028] Guthrie Donald, **New Testament Theology**, p 906, 937, [Inter-Varsity-Press], Illinios, 1981. Dit is die roeping van God se kinders om nie volgens die tydsgees op te tree nie, maar volgens God se wil. Die gehoorsaamheid aan hierdie wil ontstaan uit 'n persoonlike verhouding met God. Die verloste mens vind as kind van God 'n totale nuwe waardestelsel wat van dié van die tydsgees verskil. Die Christelike geloof vra nuwe eise en optredes wat anders is as die waarbinne die Christen leef.; Longenecker Richard N, **New Testament Social Ethics For Today,** p 11-12, [William B Eerdmans Publishing Company], Grand Rapids, 1984.

[1029] Longenecker Richard N, **New Testament Social Ethics For Today,** p 22, [William B Eerdmans Publishing Company], Grand Rapids, 1984.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)


- ✝ Die nuwe Skepping

Daarom moet onthou word dat die etiese lering van die Skrif nie finaal afhang van die menslike behoeftes nie, maar van die aard en natuur van God, van die kwaliteit van sy liefde vir die mense en vanuit sy verlossende handeling teenoor ons en die mens se meegaande reaksie daarop. Dit is die basis en fondament van die Christen se sosiale etiek en moraliteit.[1030] Juis daarom het 'n Bybelse etiek 'n ander waardesisteem as die humanistiese en sekulêre waardesisteme in die samelewings wat ontstaan weens die sosiale behoeftes van mense. Hierdie Bybelse etiek is egter ook die etiek wat betrokke raak by die naaste in nood en mekaar se laste dra (Gal 6:2). [1031]

Dit is binne bogenoemde raamwerk daarom belangrik om waardering vir die pastorale etiek uit te spreek.

## 7.3. Waardering vir die Pastorale etiek volgens die bediening van Jesus

**'n Belangrike vertrekpunt:**

In die eerste plek moet gewys word dat waar van "pastoraat" gepraat word, die veronderstelling tog is dat daar iets "nie reg" is nie. Die hele begrip "pastorale etiek" impliseer juis die pastoraat aan persone wat wegbeweeg het van die Skriftuurlike uitgangspunt van heteroseksuele verhoudings. Die wegbeweeg van heteroseksuele verhoudings na homoseksuele verhoudings het seer by sulke persone, hul vriende en

[1030] Longenecker Richard N, **New Testament Social Ethics For Today,** p 10, [William B Eerdmans Publishing Company], Grand Rapids, 1984.

[1031] Hendriksen William, **Galatians**, p 232-233, [The Banner of Truth Trust], London, 1969; Lategan BC, **Die Brief aan die Galasiërs**, p111-112, [NG Kerk Uitgewers], Kaapstad, 1986 ; Longenecker Richard N, **New Testament Social Ethics For Today,** p 14-22, [William B Eerdmans Publishing Company], Grand Rapids, 1984; Ridderbos Herman N, **The Epistle of Paul tot the Churches of Galatia**, p 213-214, [WB Eerdmans Publishing Co], Grand Rapids, 1953.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

familie gebring, en vra pastoraat.

Die pastorale etiek maak daarom erns met die nood van die homoseksuele persoon as randfiguur. Hoewel dit 'n verskraalde liefdesbegrip volgens die dubbele liefdesgebod gebruik, maak dit erns met medemenslike liefde en die lyding van die homoseksuele medemens. Daar moet waardering wees vir die poging om 'n bestaande wettiese en liefdelose hantering onder sommige Christene teenoor homoseksuele persone uit te wys én te veroordeel. Homoseksuele persone ervaar dikwels heteroseksuele persone se gesindheid teenoor hulle soos volg:

> "Many Christians have used the phrase 'love the sinner, hate the sin' to describe their attitude toward LGBT (Lesbian, Gay, Bisexual, or Transgendered) people. While there is plenty of evidence that Christians 'hate the sin', one must wonder, How does the love manifest itself?"[1032]

In daardie opsig het die pastorale etiek van teoloë wat homoseksuele huwelike voorstaan, 'n positiewe appél op die Christelike gemeenskap. Daarom moet daar waardering wees vir Muller se voorstel tydens 2003 Sinode van Oos-Transvaal:

> "Die Sinode erken dat hy saam met die res van die NG Kerk wetend en onwetend saamgewerk het aan 'n situasie waarin mense met 'n homoseksuele oriëntasie op verskillende vlakke veroordeling en verwerping ervaar het. Hieroor spreek die Sinode sy opregte berou uit en bevestig die voorneme om in die toekoms meer doelgerig te werk in die rigting van die koms van die Koninkryk, waarin dié wat deur die liefdelose samelewing verwerp word, aanvaarding kan geniet. ... Die Sinode herinner pastors, pastorale werkers en ander ampsdraers daaraan dat alle mense, ongeag

[1032] Thompson Chad W, **Loving Homosexuals as Jesus would,** p 12, [Brazor Press], Grand Rapids, 2004

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

hulle seksuele oriëntasie, met respek, met onvoorwaardelike aanvaarding en liefde begelei moet word ..."[1033]

Daar moet verder ook waardering vir die pastorale etiek se hantering van 'n "ekklesiologiese etiek" (hoewel die begrip nooit deur hulle gebruik word nie – slegs een keer deur dr Willie Botha tydens 'n optrede by 'n vrouediens byeenkoms) wees. Hiermee word bedoel dat die pastorale etiek op die inklusiwiteit van alle gelowiges in terme van kerklike lidmaatskap wys. Geen homoseksuele persoon (of watter randfiguur ook al) wat in Jesus Christus as die Verlosser van sy/haar lewe glo, mag op grond van hul doop en geloof, volwaardige lidmaatskap van die Kerk van Christus geweier word nie. Die implikasie is dat homoseksuele persone die sakramente mag gebruik en selfs georden mag word as ampsdraers in die kerk (later meer hieroor). **Bartlett**, wat die pro-gay veldtog by die Algemene Sinode van 2004 gelei het, handhaaf hierdie uitgangspunt.[1034]

Tog is daar ook kritiek teenoor die pastorale etiek.

### 7.4. Tekorte van die Pastorale etiek volgens die bediening van Jesus

Die eerste saak wat aandag vra, is wat die voorstanders van homoseksuele huwelike en –verhoudings se ekklesiologiese etiek impliseer.[1035]

---

[1033] Agenda Sinode van Oos Transvaal NG Kerk, p 103, **Homoseksualiteit – Verslag van werkgroep een,** [Pretoria], 24-27 Augustus 2003.

[1034] De Vries Anastasia, **Gays mag NG dominees word,** p 1, Rapport, Sondag 17 Oktober 2004. Bartlett se standpunt is in lyn met Die Kerkorde in soverre homoseksuele persone nie onder tug is nie en ook nie in homoseksuele verhoudings betrokke is nie (**Die Kerkorde van die Nederduitse Gereformeerde Kerk**, p 1-7, 20-21, [Lux Verbi.BM], Wellington, 2003). Die NGK se standpunt is tans (2004) dat die skrif slegs heteroseksuele huwelike goedkeur. Dit impliseer dat alle homoseksuele verhoudings en -huwelike sonde is, maw nie in lyn met die Skrif nie. Daarom kan persone in homoseksuele verhoudings nie as ampsdraers bevestig word nie of die sakramente gebruik nie.

[1035] Gangel KO, **The Gospel and the Gay,** p 149-161, [Thomas Nelson Inc Publishers], Nashville, 1987. Daar is nie onder Christene eenstemmigheid oor die presiese rol en

### 6.4.1. 'n Implikasies vir die Kerk

Dit is so dat homoseksuele persone in die geskiedenis van die kerk 'n reuse bydrae tot die groei en welwese van die kerk gemaak het, tans maak en nog sal maak. Selfs in die geskiedenis van die NGK was daar dikwels predikante (wat selibaat geleef het – of – selfs heteroseksuele huwelike gehad het), orrelistes, ouderlinge, diakens en ander Christene wat 'n bepaalde positiewe bydrae tot die lewe en opbou van die kerk gemaak het.[1036] Kerkordelik kan die NGK geen homoseksuele persoon die ampte weier indien so 'n persoon (op die hede – 2004) nie betrokke is in 'n homoseksuele verhouding nie (soos reeds aangedui).[1037]

Die probleem met 'n pastorale etiek: 'n Groot gebrek van die pastorale etiek is dat dit die werking van die Heilige Gees in die Kerk van Christus wêreldwyd en in die geskiedenis ontken. Dit gaan verder as net die afgelope 2000-jaar, maar ontken ook die werking van God se Gees in die 1000de jare voor Christus. Daar is tog 'n duidelike konsekwente, negatiewe etiese en morele afwysing van homoseksuele verhoudings en –huwelike onder God se mense deur die Ou Testament, die Nuwe Testament en die Kerkgeskiedenis wat daarna gevolg het. Daar is reeds in 'n vorige hoofstuk gewys dat dit slegs 'n klein groepie protestantse teoloë en kerke is (hoofsaaklik uit die Westerse wêreld waar humanisme en 'n menseregte kultuur bestaan) wat homoseksuele huwelike steun. Waarskynlik sal die klein groepie protestantse voorstanders van hierdie pastorale etiek (voorstanders van

plek van homoseksuele persone binne die kerk nie. Heelwat persone is ten gunste van aparte kerke of gemeentes vir homoseksuele persone.

[1036] O'Donovan, **Homosexuality in the Church: Can there be a fruitful theological debate**, p 35, [SCM Press], Cambridge, 1997; Potgieter Jorrie & Van Hyusteen Fanie, **Homoseksualiteit in perspektief – Hoop en heling uit die Bybel,** p 152-154, [Lux Verbi.BM], Wellington, 2002.

[1037] **Die Kerkorde van die Nederduitse Gereformeerde Kerk**, p 2-6, [Lux Verbi.BM], Wellington, 2003.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

homoseksuele huwelike) wil voorgee dat hul profeties optree en daarom korrek sou wees.

Ongelukkig is hierdie etiek in hoofsaak 'n situasie etiek onder invloed van die positiwisme[1038]. Die Skrif word op grond van "wetenskaplike bevinding" en die "ervaring" van homoseksuele persone, op die rand skuif. Onder die invloed van die medemenslike filosofie van menseregte (positiwisties) val die fokus minder op gehoorsaamheid aan God en die handhawing van Bybelse moraliteit en meegaande grense, maar fokus dit op die algehele aanvaarding van die medemens se seksuele behoeftes. Hierdie situasie etiek ontken die wese van die sondeval en die meegaande gebrokenheid sowel as die letsels wat dit op die skepping en die mens gehad het – en nog steeds het. Dit gaan uit van die standpunt dat die wetenskap die norm is wat bewys dat God mense "sò" maak en dat die homoseksuele oriëntasie daarom normaal en goed is en daarom gevier moet word (eksistensialisties).

Vanuit die teologiese filosofie van medemenslike liefde manipuleer dit die Kerk om haar tradisionele norme en waardes rakende huwelike en seksualiteit te verskuif (relativisties). Deur die aanvaarding van homoseksuele huwelike en –verhoudings wil dit die Kerk se negatiewe beeld in die samelewing "regstel". Deur hierdie "liefdevolle handeling" teenoor die homoseksuele medemens, sien die wêreld dat die Kerk liefhet (pragmaties).[1039]

[1038] Botha PH, **The Apostle Paul and Homosexuality**, PhD verhandeling, 2003. In die Gay en Lesbian beleidstuk word die volgende uitgestippel: Dit is "nie wetlik" en "diskriminerend" van enige kerk, moskee, tempel of sinagoge om hulle van enige voorreg wat lidmate van hierdie godsdientige groepe het, uit te sluit. Hulle sien hul seksualiteit as 'n normale vorm van seksualiteit. Dit is ook onwettige om homofobie teen homoseksueles te bevorder of te handhaaf.

[1039] Daar is reeds gewys dat hierdie interpretasie van liefde nie binne die konteks en bedoeling van Joh 13:34 is nie.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)


Ongelukkig gaan die voorstanders van die pastorale etiek in hul toepassing van hierdie etiek ekklesiologies te ver. Die beginsel is dat die Kerk nie die ekklesiologiese reg / gesag het om op homoseksuele persone 'n beroep op onthouding of selibaat te doen nie. Dit beteken dat die Kerk ook nie in die pastoraat op die praktiserende homoseksuele persoon 'n appél tot 'n lewe van gehoorsaamheid aan die wet van God en Skrif mag doen nie, aangesien die wet van God nie meer geld nie. Dit is waarskynlik die groot probleem met die implikasie van die Algemene Sinode van 2004 se besluit rakende die debat oor homoseksuele huwelike en –seksuele verhoudings ontstaan. Die sinode het besluit:[1040]

> "**4.10.1.** Dit is die roeping van die kerk om die evangelie van Jesus Christus in alle omstandighede en aan alle mense te bring. Daarom is dit die kerk se taak om die lig van God se Woord ook op die terrein van menslike seksualiteit te laat val sodat die boodskap van hoop en bevryding in Jesus Christus ook met betrekking tot hierdie aspek van die lewe tuisgebring kan word.
>
> **4.10.2.** ... In die lig hiervan vra die Algemene Sinode verskoning aan alle homoseksueles en hulle families, binne en buite die kerk, vir elke geval waar die kerk sulke mense in die verlede, onder andere as gevolg van 'n gebrek aan leiding, seergemaak het en waar God se liefde nie in die kerk se opdrag raakgesien kan word nie.

[1040] Handelinge Algemene Sinode, **Homoseksualiteit**, p 302, Hartenbos, 10-15 Oktober 2004; **C.10.3. Leer en Aktueel: Parallelle sessie: Homoseksualiteit**, www.ngkerk.org.za.AlgSinode/Handelinge. Daar kan nie fout gevind word met die pastorale inslag van hierdie besluit nie. Die getuienis van die genade is duidelik. Daar moet waardering wees vir die handhawing van die heteroseksuele huwelik as die Bybelse model vir die Christelike huwelik. Die probleem ontstaan oor wat nie gesê is nie, en dit wat ruimte vir misverstande ooplaat: Die sinode swyg oor die Skriftuurlikheid van homoseksuele verhoudings en aanvaar die bestaan van homoseksuele oriëntasie as 'n gegewe. Om die waarheid te sê, die sinode is onseker oor die Bybelse siening van homoseksuele verhoudings. Die stelling dat die Skrif teen homoseksuele promiskuïteit is, kan impliseer dat die Skrif nie teen homoseksuele verhoudings van liefde en trou is nie. Die siening van die sinode rakende lidmaatskap is korrek. Die swye oor aan watter morele voorwaardes (indien enige) 'n homoseksuele persoon moet voldoen om as ampsdraer georden te kan word, kan sommige die besluit laat interpreteer dat praktiserende homoseksuele persone tot die amp toegelaat kan word.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)


**4.10.3.** Die Sinode is diep geraak deur die pyn en lyding, verwerping en eensaamheid van persone wat op een of ander wyse met die werklikheid van homoseksualiteit gekonfronteer is. Daarom onderneem ons om met mekaar saam op weg te gaan deur:

In liefde mense te ondersteun op persoonlike vlak en die nodige ondersteuningsisteme daar te stel op alle vlakke;

Met die middele tot ons beskikking die nodige pastorale begeleiding te verskaf, as daar 'n behoefte is;

Saam te besin oor wat 'n Bybels gefundeerde pastorale model is om homoseksuele persone te versorg.

**4.10.4.** Die Algemene sinode erken dat daar in die kerk verskillende vertolkings is van die beskikbare Skrifgegewens oor homoseksualiteit ...

**4.10.5.** Volgens ons verstaan van die Skrif kan slegs die verbintenis tussen een man en een vrou as 'n huwelik beskou word (Handelinge Algemene Sinode 2002:624 12.11 punt 2.)

**4.10.6.** In aansluiting by die Algemene Sinode van 2002 bevestig die Algemene Sinode dat sowel heteroseksuele as homoseksuele promiskuïteit ten sterkste veroordeel word.

**4.10.7.** In aansluiting by die huidige beleidstandpunt van die NG Kerk oor lidmaatskap is die Algemene Sinode daarvan oortuig dat alle mense, ongeag hulle seksuele oriëntasie, ingesluit is in God se liefde en dat hulle op grond van geloof alleen as volwaardige lidmate van die kerk aanvaar behoort te word. Dit is ons oortuiging dat alle mense se getuienis oor hulle geloof en seksuele oriëntasie, ernstig moet opneem en hulle integriteit moet aanvaar".

Hoewel die sinode die huwelik bly interpreteer in terme van die Bybelse siening dat dit slegs binne heteroseksualiteit plaasvind, interpreteer **André Bartlett**[1041] die besluit dat homoseksuele persone en ampsdraers wél in

[1041] Neels Jackson, p 9, **NG Kerk se sinode sê nié ja vir gay leraars**, [Beeld] 21 Oktober 2004. André Bartlett was op daardie stadium voorsitter van die Taakspan Homoseksualiteit. Die moderatuur reageer op 21 Oktober teenoor Bartlett se interpretasie van die 2004 besluit van die Algemene Sinode. Dit wys in 'n persverklaring

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

permanente seksuele verhoudings kan staan – solank dit net "verantwoordelike verhoudings" is én nie "losbandig" is nie.[1042]

Die pastorale etiek neem ook nie die ekklesiologiese en morele implikasies wat 'n homoseksuele verhouding en -huwelik (van liefde en trou) van 'n predikant op die gemeente en gemeenskap sal hê, in ag nie. Wat is die uiteinde van 'n liefdesverhouding tussen twee mense – tog 'n huwelik. Indien die NGK huwelike slegs heteroseksueel interpreteer, erken dit seksuele "saambly verhoudings" tussen gelowiges wat ongetroud is, of nie? Erken dit daardeur dat homoseksuele persone – hoewel nie getroud – tog in permanente verhoudings mag staan? Wat is die seksuele aard van hierdie verhoudings?

In 1991 het die Biskoppe van die Anglikaanse Kerk in Brittanje 'n verklaring uitgereik waarin hulle ook die saak van ampsdraers wat in homoseksuele verhoudings betrokke is, aanspreek:

> "We have, therefore, to say that in our considered judgement the clergy cannot claim the liberty to enter into sexually active homophile relationships. Because of the distinctive nature of their calling, status and consecration, to allow such a claim on their part would be seen as pacing that way of life in all respects on a par with

daarop dat Bartlett se interpretasie van die sinodale besluit nie 'n getroue weergawe is van die gees en bedoeling van die sinode nie. Die besluit se gees en bedoeling was dat gays wel ingesluit is in God se liefde en dat hulle volwaardig lidmate kan wees. Die sinode het ook verskoning gevra vir die seer wat in die verlede teenoor hulle gepleeg is. Daarteenoor het die sinode gesê dat slegs 'n liefdesverhouding tussen 'n man en 'n vrou tot 'n huwelik lei en dat alle vorme van promiskuïteit veroordeel word. Die sinode het nooit die saak bespreek dat tussen die twee pole plek gemaak kan word vir verantwoordelike, praktiese homoseksuele liefdesverhoudings as 'n konsekwensie van volwaardige lidmaatskap nie. 'n Groot groep op die sinode was teen enige vorm van homoseksuele praktyke en Bartlett se interpretasie van die besluit, kan daartoe lei dat dié groep kan voel dat hulle om die bos gelei is. Baie moeite is gedoen om konsensus te verkry. Hierop het Bartlett gesê dat hy nie die sinodebesluit geïnterpreteer het nie, maar bloot sy eie mening gegee het oor wat behoort te gebeur. Die gesprek behoort voortaan te fokus op wat presies volwaardige lidmaatskap beteken.

[1042] De Vries Anastasia, **Gays mag NG dominees word,** p 1, Rapport, Sondag 17 Oktober 2004

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)


heterosexual marriage as the reflection of God's purpose in creation. The church cannot accept such a parity and remain faithful to the insights which God has given through Scripture, tradition and reason reflection on experience".[1043]

'n Volgende implikasie waaraan voorstanders van homoseksuele huwelike nie in ag neem in hul teologisering van 'n pastorale etiek nie, is wat sulke huwelike op die gesinne in die samelewing sal hê nie.

### 4.7.2. Die implikasie van homoseksuele huwelike op gesinswaardes in die gemeenskap.

Skriftuurlik is die uitgangspunt dat kinders binne 'n heteroseksuele gesin opgevoed behoort te word (Gen 1-4). Die gevolge wat 'n homoseksuele paartjie as ouers op die identiteit, vorming en psigies-emosionele toestand van aangenome (of eie) kinders op die langtermyn sal hê, word nie in ag geneem nie. Dit neem ook nie die gevolge in ag wat homoseksuele huwelike en –verhoudings in die langtermyn op die gemeenskap en hul kinders se moraliteit sal hê nie. Daar is 'n sterk argument uit te maak dat homoseksuele huwelike waarby kinders ook betrokke is, 'n benadeling van en sonde teen die gemeenskap en veral kinders is.[1044]

---

[1043] **Issues in Human Sexuality: A Statement by the House of Bishops**, p 33 par 4.6, [Church House Publishing], 1991; John Jeffrey, **Christian Same-Sex Partnership,** p 54-55, [SCM Press], Cambridge, 1997.

[1044] Chukwu Cletus N, **Homosexuality and the African Culture** geneem uit **AFER 46 (4),** p 301, 2004; Dedek JF, **Contemporary Medical Ethics**, p 1, [Andrews and McMeel], Kansas City, 1996; Dobson James, **Marriage under Fire – Why we must win this Battle**, p 100-105, [Multnomah Publishers], Oregon, 2004; Lutzer Erwin W, **The Truth about Same-Sex Marrige**, p 89-104, [Moody Publishers], Chicago, 2004. Die Kerk behoort heteroseksuele huwelike te vier en moeite doen om hierdie huwelike te herstel. Dit is nie verkeerd om op die gemeenskap 'n beroep op selibaat te doen indien iemand voel dat hy/sy homoseksueel is. Christene sal egter hul gesindheid teenoor homoseksuele persone moet verander en bely dat hulle persone wat homoseksueel is in die verlede – en nog steeds – seergemaak het. Die kerk kan nie maar terug sit omdat homoseksuele huwelike waarskynlik wetlik aanvaar sal word nie. Dit kan ook nie apaties teenoor die debat staan nie, omdat predikante en ander christengelowiges bang is dat hulle in die proses as homfobies uitgeskel sal word nie. Die ander gevaar is dat Christene so in hierdie debat betrokke raak dat vergeet word dat Jesus vir sondaars aan die kruis gesterf het.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

In 'n pro-gay artikel deur **Lig** vertel **Anna-Marie de Vos**, regter in die Pretoriase Hooggeregshof, wat wetlik dit reggekry het om kinders aan te neem, self van die ongelukkigheid wat hul aangenome dogter, Nuschka, op 'n stadium met haar lesbiese ouers gehad het. Volgens haar het die meisie op 'n stadium die wens uitgespreek:

> "Nuschka het eendag vreeslik kwaad vir Anna-Marie geword en gesê: 'Ek wens my ma was nie 'n ***lesbian*** nie'".[1045]

Die swaarkry van kinders wat homoseksuele ouers het (of die ouers van persone wat homoseksuele verhoudings het)[1046], word dan ook deur dieselfde berig beskryf wanneer die dogter aan haar aanneem ouers vertel het hoedat sy op skool en tussen haar vriende gespot word oor haar "lesbiese ouers". Volgens die berig het van die skool kinders aan die jongmeisie gesê dat sy òòk lesbies is weens haar ouers se gay-verhouding.[1047]

Ouers van dieselfde geslag kan nie aan kinders 'n "gesonde seksuele rolmodel" demonstreer nie. Vroue kan nie aan seuns manlikheid moduleer nie. Net so kan mans nie aan dogters vroulikheid demonstreer nie. Homoseksuele ouerpare kan ook nie aan hul kinders gesonde kommunikasie tussen 'n man en 'n vrou moduleer nie. Die gevolg is dat seuns op die ou einde nie weet hoe om met dogters in verhoudings te tree nie. So sal meisies ook nie weet hoe om met mans in verhoudings te tree nie. Dit is

[1045] Lig, **Gay-Ouerskap vra verdraagsaamheid**, p 15, [Wellington], Oktober 2004.
[1046] Vgl die aangrypende verhaal van Dina Joubert. Joubert Dina, **Onlogiese liefde – op pad met my gay kind**, JL van Schaik, Pretoria, 1998.
[1047] Lig, **Gay-Ouerskap vra verdraagsaamheid**, p 15, [Wellington], Oktober 2004.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)


onafwendbaar dat homoseksuele ouers aan hulle kinders 'n onvolmaakte "persepsie" van die teenoorgestelde geslag sal kommunikeer.[1048]

**Hier is die punt:**

Die pastorale etiek pas dieselfde waardesisteem as die sekulêre samelewing toe. Onder die skyn van 'n etiek van Jesus word die alternatiewe waardesisteem van die Skrif geïgnoreer. 'n Pastorale etiek sal daarom die doelpale elke keer verskuif soos daar nuwe situasies en nuwe omstandighede ontstaan. Dit wil voorgee dat dit die geloofwaardigheid van die kerk wil herstel, maar in praktyk trek dit 'n streep deur die integriteit van die Kerk sowel as die historiese werking van God se gees oor millennia onder gelowiges wat 'n intieme verhouding met God gehad het, én nog steeds het.

Die uiteinde van die konsekwente toepassing van 'n pastorale etiek is dat dit die gemeenskap (kerke en gesinne) onder druk sal plaas. Dit is onafwendbaar dat dit die gesonde funksionering van gemeentes en gesinne sal aantas.

'n Laaste gedagte: Pastoraat word toegepas wanneer daar in die lewe van 'n persoon iets is wat "nie reg gegaan" het nie. Die blote feit dat van 'n "pastorale" etiek gepraat word, impliseer die erkenning dat homoseksuele verhoudings en –huwelike nie normaal is nie. Waarom sou die kerk dan pastoraat aan die homoseksuele persoon wil bedien, indien daar nie fout is met so 'n seksuele lewenswyse nie?

[1048] Haley Mike, **10 Frequently asked Questions about Homosexuality**, p 163-166, [Harvest House Publishers], Egene – Oregon, 2004.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)


Op hierdie punt moet 'n samevatting rakende die getuienis van Jesus gemaak word.

**8. 'n Beoordeling**

Die getuienis van Jesus het nie die Joodse wet ten opsigte van seksuele sondes opgehef nie. Sy etiek was gekoppel aan konkrete situasies waarmee Hy te doen gehad het. Die gebrek aan die voorkoms van homoseksuele verhoudings onder die destydse Palestynse Judaïsme is die rede waarom Hy daaroor geswyg het. Hy het sulke verhoudings nie stilswyend aanvaar nie. Net soos Jesus nie homoseksuele sondes aanspreek nie, so het Hy ook nie bloedskande en bestialiteit aangespreek nie. Sou Hy dan hierdie seksuele sondes ook stilswyend aanvaar het? Die Levitikus wetgewing rakende moraliteit en seksuele sondes is konsekwent deur Hom gehandhaaf en selfs soms verswaar.

Jesus se betrokkenheid by die randfigure van die samelewing is nie anders as sy betrokkenheid by nie-randfigure nie. Wanneer Hy by randfigure in terme van seksuele gedrag betrokke raak, verwelkom Hy hulle met oop arms, maar verwerp elke keer konsekwent hul immorele gedrag. Sy betrokkenheid by hierdie randfigure is om hulle op te roep tot bekering en geloof in Hom sodat ook hulle die nuwe wêreld van God verkry. Vir diegene wat reeds sy uitnodiging tot geloof aanvaar het, doen Hy 'n beroep tot gehoorsaamheid aan God se Wet as getuienis van hul regte gesindheid teenoor God en meegaande eskatologiese getuienis wat dit in die wêreld het.

Daarom is dit nie 'n korrekte afleiding om te maak dat Hy die wet ophef deur sy siening van liefde en geloof nie. Hy het dit gehad teen tradisies wat as wet verhef is en so 'n las op mense geplaas het. Volgens Hom het liefde

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)


nié die wet van God opgehef nie, maar dien dit juis as die motivering vir die gesindheid waarom bekeerlinge die wet nakom.

Die getuienis van Jesus maak die volgende appél op die Kerk:

Ten opsigte van meer behoudende Christene doen sy optrede 'n beroep om meer betrokke by die randfigure te raak (meng met hulle, kuier saam met hulle, eet saam met hulle en tree teenoor hulle in liefde én nie in haat òf veragting op nie). Aanvaar hulle in liefde en verwelkom hulle in die Kerk.

Ten opsigte van die pro-gay teoloë doen sy optrede 'n beroep op die handhawing van die Wet van God se siening in terme van seksuele etiek en moraliteit. Liefde hef nie die Wet op nie. Liefde beteken nie algehele vryheid in terme van randfigure se gedrag nie. Liefde beteken nié dat enige gelowige nie 'n transformasie in sy/haar gedrag hoef te ondergaan nie. Met liefde het Jesus ook verstaan dat die mens 'n verantwoordelikheid en lojaliteit teenoor die groep waaraan hy/sy behoort, het. Dit impliseer dat elke Christengelowige – ook die homoseksuele persoon – niks sal doen wat die goeie naam van Jesus se Kerk sal skade doen nie.

Vir beide groepe is sy primére boodskap om met passie na die verlorenes uit te reik sodat hulle sy nuwe wêreld kan binne gaan en as verlostes met 'n eskatologiese verwagting kan leef.

'n Laaste omstrede saak rakende die getuienis van die Skrif op hermeneutiese gebied, handel oor die getuienis van Paulus. Dit verdien nou aandag.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)


# 8

# Die Skrif as hermeneutiese sleutel: Pauliniese en Deutero-Pauliniese Getuienis : Sosio-historiese konteks

"Maar in die destydse situasie waarna Paulus verwys,
was daar nie sprake van vaste liefdesverhouding
tussen mense van dieselfde geslag nie.
Dit kom nêrens in die Bybel ter sprake nie".

**- Adrio König -**

Daar kan geen sinvolle teologie of hermeneutiek oor enige saak wat ter sprake is geskryf word, indien die destydse sosio-historiese omstandighede nie ook in ag geneem word nie. Baie van die opvattings in die teologisering wat op die ou einde homoseksuele huwelike en -verhoudings as in lyn met die Skrif sien, se wortel kan juis teruggeneem word na die interpretasie van – en kennis oor die sosio-historiese konteks waarbinne Paulus geleef, bedien en geskryf het.

Hierdie hoofstuk kan daarom die raamwerk vorm waarbinne die volgende twee verstaan moet word. In hierdie hoofstuk sal gepoog word om die sosio-historiese konteks van die destydse mediterreense mense en derhalwe ook die leefwêreld van Paulus aan te toon. Paulus se hantering van

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)


homoseksuele verhoudings sal ook beoordeel word binne die destydse mediterreense mens se antropologie.

Die heel basiese argument ten gunste van homoseksuele huwelike en –verhoudings is dat Paulus nie praat van homoseksuele verhoudings van liefde en trou nie. Paulus praat dus nie van 'n seksuele oriëntasie waaroor 'n mens se gedrag nie 'n keuse het nie. Paulus veroordeel eerder heteroseksuele persone wat besig is om teen hulle natuur op te tree (heteroseksuele verhoudings). Hy het nie oor 'n moderne psigo-seksuele verstaan van homoseksuele mense beskik wat daarop dui dat hul seksuele oriëntasie vroeg in hul lewe vasgelê is nie.[1049] Romeine 1 moet dus verstaan word binne die konteks van doelbewuste opstand teen God, losbandigheid / promiskuïteit, pederastie sowel as afgodery. Dit is basies dieselfde argumentering wat gebruik word in terme van 1 Korintiërs 6 en 2 Timoteus 1.[1050] Om hierdie teologisering in evaluering te neem, sal 'n oorsig van sekere aspekte van die antropologie van die destydse mediterreense mense (soos relevant vir hierdie studie) in oënskou geneem word.

## 1. 'n Sosio-historiese blik op die antropologie van die destydse mediterreense mense gedurende die tyd van Paulus se bediening

Dit is 'n billike vraag of Paulus inderdaad onkundig was oor homoseksuele verhoudings van liefde en trou. Om 'n antwoord op bogenoemde problematiek te kry, sal eers op die sosio-historiese konteks in terme van

[1049] Agenda Sinode van Oos-Transvaal NG Kerk, **Homoseksualiteit – Verslag van Werkgroep een,** p 102, [Pretoria], 24-27 Augustus 2003.

[1050] Kommentaar van SKLAS op verslag pastoraat aan die homoseksuele persoon, p 8-11, Datum onbekend.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

seksualiteit gedurende die tyd waarbinne Paulus geleef en bedien het, ingegaan word. Daar sal gekyk word na hoe seksualiteit binne die destydse huwelike gefunksioneer het. Die sosio-historiese kontekste van die destydse mediterreense stede (spesifiek Rome, Korinte en Efese) wat deur Paulus bedien is én wat vir hierdie studie relevant is, sal ook onder bestudering kom. Deur dit te doen, sal gepoog word om Paulus se uitsprake rakende homoseksuele verhoudings binne konteks te lees.

Geleerdes is die eens dat in Paulus twee wêrelde en twee kulture opgegroei het. Dit is aan die een kant die Grieks-Romeinse kultuur en aan die ander kant die Judaïsme (Hellenistiese Judaïsme en Palestynse Judaïsme). Dit het van Paulus 'n uitstekende instrument gemaak om die Christendom te vestig onder die heidense leefwêreld. Skematies kan dit as volg voorgestel word[1051]:

[1051] Ashton John, **The Religion of Paul the Apostle**, p 154, [Nothern Phototypesetting Co Ltd], Bolton, 2000; Alexander, T. Desmond and Brian S. Rosner, editors, **New Dictionary of Biblical Theology**, (Downers Grove, Ill: InterVarsity Press) 2000; Bimson, J. J., J. P. Kane, J. H. Paterson, D. J. Wiseman, and D. R. W. Wood, **New Bible Atlas**, (Leicester, England: Inter-Varsity Press) 2000, c1985; Drane John, **Paulus – 'n Geïllustreerde verhandeling oor die lewe en geskrifte van 'n sleutelfiguur uit die beginjare van die Christendom**, p 13-14, [Kaap en Transvaal Drukkers], Kaapstad, 1980**;** Hawthorne, Gerald F.; Martin, Ralph P.; and Reid, Daniel G.; eds., **Dictionary of Paul and His Letters**, (Downer's Grove, IL: InterVarsity Press) 1998, c1993**;** Hengel Martin, **The pre-Christian** Paul, p 62-86, [Trinity Press International], Philadelphia, 1991; Segal Alan F, **Paul the Convert**, p 6, [Yale University Press], London, 1990; Thiessen Gerd, **The social settings of Pauline Christianity,** p 40, [T&T Clark Limited], Edinburg, 1982.; **The New Bible Dictionary,** (Wheaton, Illinois: Tyndale House Publishers, Inc.) 1962; Various, **Dictionary of New Testament Background**, (Downers Grove, IL: Inter-Varsity Press) 2000.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




Heelwat geleerdes maak hieruit die afleiding dat Paulus gedurende sy bediening en lewe, vrylik onder die hoër sosiale groepering beweeg het.[1052] Die rede hiervoor is dat hy hoog onder die Palestynse Judaïsme aangeslaan is. Net so het hy ook aan 'n groep bevoorregte Hellenistiese Jode behoort.[1053] Dit word afgelei van die feit dat hy vrylik onder die vooraanstaande gemeenskappe van die oostelike mediterreense samelewing kon beweeg. Sy verbintenisse wat hy in Atene, Korinte en Efese gehad het, bevestig hierdie siening.[1054] Hoewel daar wel klasseverskille binne die gemeentes bestaan het, blyk dit dat die gemeente van Korinte ook mense

[1052] Daar is al gewys dat homoseksuele verhoudinge onder die hoë sosiale groepering meer algemeen voorgekom het.
[1053] Holmberg Bengt, **Sociology and the New Testament – An Appraisal,** p 37-38, [Fortress press], Minneapolis, 1990.
[1054] Holmberg Bengt, **Sociology and the New Testament – An Appraisal,** p 38, [Fortress press], Minneapolis, 1990.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

van hoë aansien gehad het. Hierdie gemeente het waarskynlik uit 'n groot groep intellektueles, politici, filosowe en persone wat uit goeie families gekom het, bestaan. Die onderlinge konflik wat daar was bevestig ook hierdie gedagte. [1055]

**Hier is die punt:**

Paulus was met ander woorde waarskynlik op hoogte van die destydse voorkoms van homoseksuele verhoudings. Ook dat daar permanente homoseksuele verhoudings van liefde en trou veral onder die destydse filosowe voorgekom het (soos reeds in hoofstuk 2 uitgewys is).

Die destydse mediterreense gemeenskap was hoofsaaklik landelike mense. Meer as 90% van die destydse mense het buite die stede gewoon. Die adel en filosowe waar homoseksuele verhoudings destyds voorgekom het, het weer in die stede gewoon. Ook in die stede was die meerderheid burgers nie deel van die elite van die gemeenskap nie. Sommige geleerdes beweer dat die elite destyds maar so min as 2% van die bevolking in die stede uitgemaak het.[1056] Homoseksuele verhoudings het daarom waarskynlik slegs onder 'n groepie van die boonste 2% van die stedelike bevolkings voorgekom.

[1055] Holmberg Bengt, **Sociology and the New Testament – An Appraisal**, p 38, [Fortress press], Minneapolis, 1990.
[1056] Holmberg Bengt, **Sociology and the New Testament – An Appraisal,** p 24-25, [Fortress Press] Minneapolis, 1994.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Paulus se hantering van seksualiteit moet binne die konteks van die destydse mediterreense antropologie verstaan en geïnterpreteer word. Daar sal hoofsaaklik van die werke van **Malina** gebruik gemaak word om die destydse mediterreense mens se antropologie te verduidelik.

### 1.1. Eer en skaamte as mediterreense waarde

In die destydse mediterreense gemeenskap was waardes soos eer en skaamte belangrik. Eer en skande het in die destydse gemeenskap op die persoon se selfwaarde en openbare aanvaarding gedui.[1057] Eer kan beskryf word as die gesindheid en gedrag wat 'n indiwidu teenoor mag, geslag en godsdiens geopenbaar het (later meer hieroor). [1058]

Eer kan bekom word deur geboorte of deur gedrag. In die geval van aangebore eer moes die persoon wat uit die eerbare familie kom, ook volgens die waardes van daardie familie geleef het. Indien dit nie gebeur het nie, het hy/sy hul eer verloor en oneer aan die familie gebring.[1059] Die verkryging van eer het te doen met hoe iemand sekere openbare uitdagings hanteer het. Gedurende daardie tyd was alle gedrag buite die familie gesien as gedrag wat iemand se eer op die spel plaas. [1060] Niemand sou vrywillig

---

[1057] Malina Bruce J, **The New Testament World – Insights from cultural Anthropology**, p 29, 50, [Westminster/John Knox Press], Louisville, Kentucky, 1993.
[1058] Malina Bruce J, **The New Testament World – Insights from cultural Anthropology**, p 30, [Westminster/John Knox Press], Louisville, Kentucky, 1993.
[1059] Malina Bruce J, **The New Testament World – Insights from cultural Anthropology**, p 31-32, [Westminster/John Knox Press], Louisville, Kentucky, 1993; Pilch John, **Introducing the Cultural Context of the New Testament**, p 144, [Paulist Press], Mahwah, 1991.
[1060] Malina Bruce J, **The New Testament World – Insights from cultural Anthropology**, p 37, [Westminster/John Knox Press], Louisville, Kentucky, 1993. Pilch John, **Introducing the Cultural Context of the New Testament**, p 110, [Paulist Press], Mahwah, 1991.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)


met 'n persoon assosieer het indien daardie assosiasie nie tot voordeel van iemand se eer sou wees nie. [1061]

### 1.2. Die mediterreense mens se persoonlikheid : indiwidualisme en groepsbelange

Daarom moet verstaan word dat daar destyds minder waarde aan indiwidualisme gegee is, as aan die groep waaraan ek behoort het.[1062] 'n Sinvolle lewe was daardie lewe waar die indiwidu bewus was van wat ander van hom/haar dink en daarom sò opgetree het dat die goeie naam van die groep waaraan hy/sy behoort het, beskerm sou word. Iemand se eie behoeftes of begeertes (ook in terme van seksualiteit) was altyd ondergeskik gestel aan dit wat tot die eer van die groep waarvan hy/sy behoort het, sou wees.[1063]

### 1.3. Huwelike, Gesinne en Families

Die morele wêreld van die Jode was deel van 'n groter moraliteit van die destydse mediterreense mense. Dit het in hooftrekke ook met die moraliteit van die mediterreense mense ooreengestem.[1064] 'n Huwelik (en dus ook seksualiteit) is gesien as 'n heteroseksuele verbintenis tussen twee of meer persone ('n man en soms meer as een vrou – in die hoofstuk oor seksualiteit is reeds gewys dat die Skrif dikwels die probleme wat in huwelike waar daar sprake van meer as een vrou was, aangetoon het). Heteroseksuele huwelike

---

[1061] Malina Bruce J, **The New Testament World – Insights from cultural Anthropology**, p 37, [Westminster/John Knox Press], Louisville, Kentucky, 1993.

[1062] Malina Bruce J, **The New Testament World – Insights from cultural Anthropology**, p 45, [Westminster/John Knox Press], Louisville, Kentucky, 1993; Pilch John, **Introducing the Cultural Context of the New Testament**, p 128, [Paulist Press], Mahwah, 1991.

[1063] Malina Bruce J, **The New Testament World – Insights from cultural Anthropology**, p 63-70, 81, [Westminster/John Knox Press], Louisville, Kentucky, 1993.

[1064] Stegemann Wolfgang, **The Contextual Ethics of Jesus** – uit **The Social setting of Jesus and the Gospels**, p 52-53, [Fortress Press], Minneapolis, 2002.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

is as "**natuurlik"** (vgl Paulus se verduideliking van lesbiese en homoseksuele verhoudings as onnatuurlik in die volgende hoofstuk) gesien.[1065]

Waardes is afgelei uit daardie dinge wat die familie se goeie naam tot eer sou wees. Indien enige persoon dinge sou doen wat nie die gesin se naam in eer sou hou nie, was dit as 'n skandalige optrede gesien. [1066] Dit beteken met ander woorde wanneer mense betrokke geraak het in seksuele verhoudings wat nié heteroseksueel is nie, is dit as **"onnatuurlik"** geëvalueer.

### 1.4. Rein en onrein

Dit was destyds belangrik dat iemand 'n klomp gedragskodes sou nakom wat sou lei tot die sogenaamde "reinheid" (heiligheid) van die kultuur van die gemeenskap waarbinne beweeg is. Wie hierdie gedragskodes verbreek het, het veroorsaak dat sekere dinge onrein of onheilig sou wees. Daarom was daar destyds sekere "taboes" aangesien dit tot ontheiliging (van die groep) sou lei.[1067] Afwykende gedrag teen die gebruike en waardes van die groep waarvan deel gevorm word, is nie aanvaar nie. Sulke gedrag het die vertroue in die kultuur benadeel. [1068] Enige persoon wat die kultuur van 'n groep deur sy/haar optrede in gedrang gebring het, se optrede is as onrein

---

[1065] Guthrie Donald, **New Testament Theology,** p 122-123, [Inter-Varsity Press], Downers Grove], Illinois VS, 1985; Malina bruce J, **The New Testament World – Insights from cultural Anthropology**, p 118, [Westminster/John Knox Press], Louisville, Kentucky, 1993.

[1066] Malina Bruce J, **The New Testament World – Insights from cultural Anthropology**, p 117, [Westminster/John Knox Press], Louisville, Kentucky, 1993; Pilch John, **Introducing the Cultural Context of the New Testament**, p 129, [Paulist Press], Mahwah, 1991.

[1067] Malina Bruce J, **The New Testament World – Insights from cultural Anthropology**, p 152-154, [Westminster/John Knox Press], Louisville, Kentucky, 1993.

[1068] Esler Philip, **Jesus and the Reduction of Intergroup Conflict**, p 190-195, [Augsburg Fortress], Minneapolis, 2002; Malina Bruce J, **The New Testament World – Insights from cultural Anthropology**, p 155, [Westminster/John Knox Press], Louisville, Kentucky, 1993.

beskou en so iemand is daarom as 'n skandalige persoon gesien. [1069] Dit beteken dat omdat die algemeen geldende gedragskode vir seksualiteit en huwelike heteroseksueel was, het die destydse samelewing enige vorm van homoseksuele verhoudings as onrein gesien.

In die lig van bogenoemde verduideliking van die destydse samelewing moet Paulus se siening van seksualiteit verstaan word.

**1.5. Destydse mediterreense mens se siening van seksualiteit en huwelike.**

Seksualiteit het 'n belangrike rol gespeel in terme van die eer van die destydse gesinne en mens. Manlike eer is uitgebeeld en verstaan in terme van testikels wat op manlikheid, waagmoed, gesag oor die gesin en die bereidheid om sy gesin se eer te beskerm hulle te versorg en die weiering om die vernedering van sy gesin te aanvaar.[1070] Vroulike seksualiteit is weer gesien in terme van die maagdevlies wat gedui het op seksuele uniekheid, diskresie, skaamheid, weerhouding en skugterheid. Hoewel die man se manlikheid nie van seksuele reinheid afgehang het nie, was sy eer op die spel indien sy vrou nie seksueel rein geleef het nie. Die man kon seksueel toenadering tot ander vrouens gesoek het. Sy manlikheid is daardeur bewys. [1071]

So was die eer van die man ook gevind in die seksuele reinheid van sy ma, sy vrou, sy dogters en susters. Die eerbare vrou het dus situasies vermy wat haar reinheid, en dus die eer van haar gesin, in gevaar sou stel. Indien

[1069] Malina Bruce J, **The New Testament World – Insights from cultural Anthropology**, p 155, [Westminster/John Knox Press], Louisville, Kentucky, 1993.
[1070] Malina Bruce J, **The New Testament World – Insights from cultural Anthropology**, p 49, [Westminster/John Knox Press], Louisville, Kentucky, 1993.
[1071] Malina Bruce J, **The New Testament World – Insights from cultural Anthropology**, p 49, [Westminster/John Knox Press], Louisville, Kentucky, 1993.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

'n vrou se man haar gelos het, òf gesterf het, was haar eer van haar af weggeneem. Slegs deur weer te trou, is haar eer herstel.[1072]

Positiewe skande was dus daardie dinge wat 'n man òf 'n vrou sekere optredes laat vermy het wat die eer van hulself of hul gesinne sou wegneem. Iemand wat skandalig opgetree het, was iemand wat die seksuele reëls van die destydse samelewing verbreek het. So iemand het sy/haar as persoon en gesin in oneer gebring. Iemand wat skandalig opgetree het, was dus iemand wat die interpersoonlike reëls van die destydse mense geïgnoreer het.[1073]

Hoewel die manlikheid van die destydse man gesien is wanneer hy buite die huwelik seksuele verhoudings gehad het, was die aanknoop van 'n verhouding met 'n ander man se vrou 'n skande. Die rede hiervoor was die strawwe wat haar gesin op hom kon bring.[1074]

Binne bogenoemde konteks kan die positiewe en negatiewe moraliteit in terme van seksualiteit as volg skematies voorgestel word:[1075]

---

[1072] Malina Bruce J, **The New Testament World – Insights from cultural Anthropology**, p 50, [Westminster/John Knox Press], Louisville, Kentucky, 1993.
[1073] Malina Bruce J, **The New Testament World – Insights from cultural Anthropology**, p 51, [Westminster/John Knox Press], Louisville, Kentucky, 1993.
[1074] Malina Bruce J, **The New Testament World – Insights from cultural Anthropology**, p 137, [Westminster/John Knox Press], Louisville, Kentucky, 1993.
[1075] Malina Bruce J, **The New Testament World – Insights from cultural Anthropology**, p 51, [Westminster/John Knox Press], Louisville, Kentucky, 1993.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

## Algemene antropologie en sosiale etiek
## Gesamentlike en natuurlike groepering

| **EER** → | **SKAAMTE** |
|---|---|
| Reputasie | Gebrek aan begrip vir goeie reputasie |
| Lojaliteit | Dislojaal aan die waardes van die groep |
| Vertroue | Verbreek vertroue wat groep in jou het dat jy hul waardes en kultuur sal uitleef. |
| Gesins geheime | Bring gesinskandes in die openbaar |
| Eerlikheid | Gebrek aan eerlikheid |

| **MAN** → | **VROU** |
|---|---|
| **Eer na buite** | **eer na binne** |
| Seksueel agressief | Seksueel eksklusief |
| Vermeerder > verminder | Eer verloor, altyd verloor |
| Gesag | Bereid tot onderwerping |
| Beskerm gesin | Vermy skande, skaam |
| Aggressief | Passief |

Uit bogenoemde skets, met inagneming van die begrippe eer en skande in terme van die destydse mediterreense mense se siening en verstaan van seksualiteit, kan verstaan word waarom beide manlike en vroulike homoseksuele verhoudings (van watter aard ook al) as 'n skande gesien sou word. Die enigste "aanvaarbare" vorm van seksualiteit was heteroseksualiteit.[1076]

Die onwaarskynlikheid dat die destydse gemeenskappe homoseksuele verhoudings sou aanvaar, moet verder afgelei word uit daardie mense se siening van status. Om 'n gesin te hê, het beteken dat iemand sosiale status

1076 Malina Bruce J, **The New Testament World – Insights from cultural Anthropology**, p 133, [Westminster/John Knox Press], Louisville, Kentucky, 1993.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)


gehad het. Om suksesvol te wees het beteken dat die regte interpersoonlike en morele keuses gemaak word. Daar moet met die regte mense gemeng word. Om aan die regte familie en gesin te behoort, was om 'n goeie status in die samelewing te hê. [1077]

Sosiale status het van drie faktore afgehang, naamlik mag (die vermoë om oor iemand anders te heers), geslagsrolle (die wyse waarop elke geslag volgens sy/haar verwagtinge as man of vrou in die openbaar optree) en laastens godsdiens (die gesindheid wat iemand openbaar teenoor diegene wat jou lewe beheer). [1078] Dit beteken dus dat wie homoseksuele verhoudings van watter aard ook al gehad het, direk daartoe bygedra het dat die sosiale status van sy/haar groep verlaag is, aangesien hulle dan nie hul natuurlike geslagsrolle vervul het nie.

'n Belangrike perspektief: In hoofstuk 2 is verduidelik en gemotiveer dat homoseksuele verhoudings (pederastie, losbandigheid en verhoudings van liefde en trou) hoofsaaklik binne die boonste laag van die samelewing voorgekom het. Daar is nou bevind dat hierdie boonste laag in alle waarskynlikheid slegs 2% van die stedelinge uitgemaak het. Die stedelinge het waarskynlik weer slegs 10% van die algemene bevolking van die destydse mediterreense bevolking uitgemaak. NOU: Die voorkoms van homoseksuele verhoudings was dus nié 'n aanvaarbare praktyk binne die destydse gemeenskappe nie, aangesien die waardesisteme van eer en skaamte binne daardie gemeenskappe die algemene aanvaarding van homoseksuele verhoudings onwaarskynlik maak. Homoseksuele verhoudings was dus hoogstens 'n sosiale verskynsel onder sommige persone in die boonste gedeelte van die bevolking (wat in elk geval baie min was).

---

[1077] Malina Bruce J, **The New Testament World – Insights from cultural Anthropology**, p 30, [Westminster/John Knox Press], Louisville, Kentucky, 1993.

[1078] Malina Bruce J, **The New Testament World – Insights from cultural Anthropology**, p 30-31, [Westminster/John Knox Press], Louisville, Kentucky, 1993.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**1.6. Die mediterreense mens se identiteit.**

Die vraagstuk rakende homoseksuele huwelike het alles te doen met die identiteit van 'n persoon. Die bekende argument ten gunste van homoseksuele huwelike is: "Omdat ek sò is, daarom is homoseksuele huwelike en –verhoudings goed en reg. God het my sò gemaak. Dit is my identiteit! Paulus se mense het nie kennis van 'n homoseksuele identiteit gehad nie, daarom kan Paulus nie gebruik word om homoseksuele verhoudings te verwerp nie."

Dit gaan dus om die "identiteit" van 'n persoon. In 'n vorige hoofstuk is reeds gewys dat hoewel die begrippe "homoseksueel" en "oriëntasie" nie destyds bekend was nie, die gedrag van mense hulle identiteit bepaal het. Dit het maw nie gegaan oor begrippe nie, maar oor optrede. In hierdie paragraaf word meer daaroor uitgebrei in konteks van die destydse antropologie van die mediterreens mense.

Identiteit was wél bekend gedurende die destydse mediterreense tydperk. Hiermee word die vraag beantwoord: "Wie is ek?". Identiteit het met jou optrede te doen gehad en òf jou optrede in lyn is met die waardes sowel as die norme van die groep waarvan jy deel vorm.[1079] In die tyd van die mediterreense mense (gedurende die leeftyd van die skrywers van die Nuwe Testament) het die optrede van mense bepaal wie hulle (maw wat hul identiteit) is.[1080] Jou persoonlikheid en selfwaarde (maw identiteit) het afgehang van wat ander van jou dink.[1081] Iemand se sosiale posisie en persoonlikheid is bepaal deur die sosiale rolle wat hy/sy speel – deur dit wat

[1079] Malina Bruce J, **Christian Origins and Cultural Anthropoly,** p 26, [John Knox Press], Atlanta, 1986.

[1080] Joubert Stephan, Persoonlike gesprek, Moreletapark, 19 Oktober 2004; Malina Bruce J, **Christian Origins and Cultural Anthropoly,** p 26, 31, [John Knox Press], Atlanta, 1986

[1081] Malina Bruce J, **The New Testament World – Insights from Cultural Anthropology Third Edition,** p 57, [Westminster John Knox Press] Louisville, 2001.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

hy/sy eet, drink, dink, doen en die interaksie met ander mense.[1082] Wanneer iemand dus anders sou optree as wat die tradisionele en kulturele verwagting van 'n persoon is, het sy/haar identiteit verander. So iemand het homself/haarself dan buite die groep waaraan hulle behoort, geplaas.[1083] Dit beteken dat as die kultuur heteroseksuele verhoudings en –huwelike destyds as die norm gesien het, én enige persoon beoefen enige vorm van homoseksuele praktyke of –verhoudings, so iemand as 'n homoseksuele persoon gesien sou word (dit was dan sy/haar identiteit).

In die Nuwe Testament is daar dikwels voorbeelde waar Jesus self aan sy volgelinge gesê het dat hul optrede hulle binne 'n ander groep plaas as dié waaraan hulle behoort. Enkele van hierdie voorbeelde is:

Hoewel Petrus 'n navolger van Jesus was verwys Hy na hom as die Satan ten spyte daarvan dat Petrus vir Hom probeer opkom. Die rede vir hierdie krasse verwysing is geleë daarin dat Petrus se optrede nie getuig van iemand wat 'n algehele geloofsverhouding met Jesus gehad het nie (Matt 16:21-23). Die wese van Petrus se verkeerde optrede was dat hy nie soos 'n dissipel van Jesus (wat die wil van God gesoek het) gedink het nie, maar soos 'n wêreldling wat sy leier (waarskynlik die koms van die Messiaanse koninkryk) wou beskerm.[1084] Hierdie krasse verwysing na Petrus as die Satan volg binne konteks nadat Jesus Petrus se bediening bevestig het deur aan hom te sê dat hy die sleutels van die koninkryk ontvang het (Matt 16:19). Dit volg verder ook na Petrus se belydenis dat Jesus die Christus, die Seun van die lewende God is (Matt 16:16).

---

[1082] Malina Bruce J, **The New Testament World – Insights from Cultural Anthropology Third Edition,** p 90, [Westminster John Knox Press] Louisville, 2001.

[1083] Malina Bruce J, **Christian Origins and Cultural Anthropology,** p 47, [John Knox Press], Atlanta, 1986; Pilch John, **Introducing the Cultural Context of the New Testament**, p 143, [Paulist Press], Mahwah, 1991.

[1084] Hagner, Donald A., **Word Biblical Commentary, Volume 33b: Matthew 14-28**, (Dallas, Texas: Word Books, Publisher) 1998.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

In dieselfde konteks loop die dissipels ook deur. Wanneer hulle nie die seun wat geestelik versteurd is kon genees nie, verwys Jesus na hulle as 'n "ongelowige en ontaarde geslag" (Matt 17:14-17). Tog is dit sò dat hulle in werklikheid nié so was nie. Hulle was sy navolgers. Die frustrasie wat Jesus hier kommunikeer is dat die dissipels se optrede in sy afwesigheid kragteloos en sonder mag is – iets wat nie behoort te wees nie. Hoewel hulle veronderstel is om te glo, blyk dit dat hulle geloof in ongeloof verander het toe hulle met 'n groep vyandige mense gekonfronteer is.[1085] Met hierdie antropologie verduidelik Jesus ook dat iemand is soos jy doen (Matt 12:33-37). Jy dra die vrugte van jou karakter, persoonlikheid en menswees. Daar kan nie 'n vermenging in jou lewe en vrugte wees nie: Soos jy doen, so is jy, of ook: soos jy is sò doen jy.[1086]

Bogenoemde voorbeelde is tekenend van hoe die destydse mediterreense mense hul identiteit gesien het. Nòg Petrus, nòg die dissipels was instaat om vanuit hul geloofsverhouding met Jesus en in gehoorsaamheid aan God se wil op te tree. Daarom het dit hulle (volgens die mediterreense antropologie) aan die kant van die Satan, ongelowiges en die ontaarde geslag geplaas, hoewel hulle dissipels van Jesus was. Die Joodse leiers (Fariseërs) het ook voorgegee dat hulle God se wil doen, maar hul optrede het die teendeel bewys en daarom word hulle as 'doodsbeendere, wit geverfde grafte en addergeslag" gesien (Matt 19:27-28, 33).

Ook by Paulus is identiteit van 'n persoon belangrik. Die hele 1 Korintiërs brief is 'n poging van Paulus om die identiteit van die destydse Christengelowiges te vestig. Hierdeur wil hy die grense van die groep

---

[1085] Hagner, Donald A., **Word Biblical Commentary, Volume 33b: Matthew 14-28**, (Dallas, Texas: Word Books, Publisher) 1998.
[1086] Hagner, Donald A., **Word Biblical Commentary, Volume 33a: Matthew 1-13,** (Dallas, Texas: Word Books, Publisher) 1998.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

"Christene" uitwys en vasmaak.[1087] Hy spandeer heelwat tyd om aan die Christengelowiges duidelik te wys na watter gedrag hulle nie mag oorbeweeg nie, aangesien dit hulle identiteit in die gemeenskap sal verander. Wanneer hierdie grense deur die Christene oorgesteek word, maak dit die identiteit van die groep binne die gemeenskap bedenklik en verdag. [1088] Dit is een van die fundamentele konflik punte tussen die apostel en die Christene in Korinte en Romeine. Volgens hom is Christengelowiges se beklemtoning en uitleef van "vryheid in Christus" die oorsteek van die grense van die identiteit van die kerk van Jesus. Wie dit doen kry daardeur 'n ander identiteit.[1089] Dit is opmerklik dat wanneer Paulus oor seksualiteit (1 Kor 5-7) sowel as 'n lys van ander sondes (1 Kor 6:1-10), praat hy juis hierdie beginsel toepas. Dit is juis hier waar hy na homoseksuele verhoudings verwys. Met

> "En so was party van julle juis ook. Maar julle het julle sonde laat afwas, julle is geheilig, julle is vrygespreek ..." **1 Kor 6:11**

gaan dit vir hom oor die identiteit van die Christen gelowiges. Hulle identiteit het vir hom verander, daarom is daar 'n hele klomp goed waarmee hulle nie meer kan voortgaan nie. Per implikasie beteken dit dat wanneer enige Christengelowige nog enige vorm van homoseksuele praktyke (of verhoudings) sou toepas, sò iemand se identiteit homoseksueel is, én die beoefening daarvan pas nie by die identiteit van Christene nie.

---

[1087] Barclay John MG (Eindredakteur Esler Philip F), **Deviance and Apostasy** – Geneem uit **Modelling Early Christianity**, 123, [routledge], london, 1995.

[1088] Barclay John MG (Eindredakteur Esler Philip F), **Deviance and Apostasy** – Geneem uit **Modelling Early Christianity**, 124, [routledge], london, 1995; Thiessen Gerd, **The social settings of Pauline Christianity,** p 48-49, [T&T Clark Limited], Edinburg, 1982. Dit is binne hierdie konteks dat Paulus se konflik met sy vyande in Korinte verstaan behoort te word. Paulus sien homself as onder 'n verpligting teenoor Christus (1 Kor 9:15-21). Wanneer sy vyande in Korinte hom nie wil aanvaar nie, stel hy dat hulle valse profete en volgelinge van satan is (2 Kor 11:13-14). Iets wat hulle in werklikheid nie was nie.

[1089] Barclay John MG (Eindredakteur Esler Philip F), **Deviance and Apostasy** – Geneem uit **Modelling Early Christianity**, 124, [routledge], london, 1995.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Dit is waarskynlik binne bogenoemde antropologie dat Paulus se krasse verwysing na mense wat sekere sondes doen (waaronder ook homoseksuele verhoudings) in beide Rom 1 en 1 Kor 6, hulle identifiseer as mense wat pas by die afgodsdienaars en daarom God se oordeel sal kry. Hy beskryf in tipiese siening van identiteit deur die destydse mense dat sulke mense aan die dood oorgegee word (Rom 1:32) én nie deel sal hê aan die koninkryk van God nie (1 Kor 6:9). Indien die verwysing na mense wat hierdie sondes doen op Christengelowiges van toepassing is (soos later in hierdie hoofstuk geargumenteer sal word) geld die mediterreense antropologie ook hier – die Christengelowiges se optrede stem ooreen met diegene wat die dood verdien en nie God se koninkryk sal kry nie.

Hier is die implikasie: Dit maak dus nie saak of die destydse mediterreense mens kennis van wat vandag as 'n "homoseksuele oriëntasie" bekend staan, gehad het nie. Indien 'n persoon enige vorm van homoseksualiteit sou beoefen het (liefde en trou, losbandigheid, pederastie of tempel-homoseksualiteit), sou sò 'n persoon se identiteit in terme van die destydse mediterreense antropologie, 'n homoseksuele identiteit gewees het.

Voordat sinvol in die volgende hoofstuk met die eksegese begin kan word, is dit eerstens nodig om vas te stel hoe die destydse mense oor sonde nagedink het.

### 1.7. Wat is sonde volgens die mediterreense mens?

Hoewel vroeër reeds 'n "teologiese" definisie vir "sonde" gegee is, behoort daar voor die eksegese van die betrokke gedeeltes eers na die antropologie van "sonde" gekyk word, maw wat het die destydse mediterreense mens onder sonde verstaan.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Sonde was vir hulle die persepsie dat iemand van die aanvaarbare norm van die groep (waaraan iemand behoort het), afgewyk het. Hierdie afwykende gedrag het die groep besoedel en in die openbaar onder verdenking geplaas.[1090] So 'n persoon is dan deur sy/haar gedrag buite die "groep" (maw, uit plek uit) en veroorsaak dat ander mense ook deur hulle optrede die waardes en norme van die groep verbreek (of buite plek word). [1091] Dit word dan gesien as daardie optrede wat nie hou by die "visie" wat die leier van daardie groep vir hulleself het nie. [1092] Vir Paulus was sonde daardie optrede van Christengelowiges wat die identiteit van die groep se nuwe kultuur bedreig. Dit is die dinge wat hy as geestelike leier in sy briewe aanspreek. Die sonde van die Christengelowiges het die visie wat hy vir die kerk as alternatiewe gemeenskap (groep) gehad het, bedreig. Deur op hierdie "uitpas' optrede te wys wil hy die groep terugroep om volgens hulle nuwe waardestelsel, norme en identiteit te leef.[1093] Sonde (vir Paulus) is daarom alle negatiewe gedrag wat die goeie naam van die groep in gevaar stel en hul andersheid binne die gemeenskap onder verdenking plaas.[1094] Dit is dan binne hierdie konteks dat Paulus se sondelyste van Rom 1:18vv, 1 Kor 5-7 en 1 Tim 1 (met spesifieke verwysing na homoseksuele en lesbiese –verhoudings) verstaan behoort te word wanneer hy skryf:

> "Inderdaad, soos daar geskrywe staan, 'as gevolg van julle optrede word die Naam van God deur die heidennasies belaster'" **Rom 2:24**

---

[1090] Malina Bruce J, **Christian Origins and Cultural Anthropology,** p 26, [John Knox Press], Atlanta, 1986.
[1091] Malina Bruce J, **Christian Origins and Cultural Anthropology,** p 48, [John Knox Press], Atlanta, 1986.
[1092] Malina Bruce J, **Christian Origins and Cultural Anthropology,** p 57, [John Knox Press], Atlanta, 1986.
[1093] Malina Bruce J, **Christian Origins and Cultural Anthropology,** p 134, [John Knox Press], Atlanta, 1986.
[1094] Malina Bruce J, **Christian Origins and Cultural Anthropology,** p 137, [John Knox Press], Atlanta, 1986.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**Die punt is dus:**

Soos reeds uitgewys het die mediterreense antropologie iemand se optrede met sy identiteit geassosieer. Die dinge wat ek in die openbaar buite my familie doen, bepaal of die gemeenskap waarbinne ek beweeg my sal eer, of my en my groep met minagting as onrein sou evalueer. Indien ek dus aan sogenaamde tempel-homoseksuele dade òf homoseksuele praktyke van losbandigheid òf aan pederastie deelgeneem het, was my identiteit vir die destydse mense homoseksueel.[1095] Die aanvaarbaarheid van homoseksuele verhoudings deur die destydse mediterreense gemeenskap moet binne bogenoemde konteks geweeg word. Aangesien die norm 'n heteroseksuele verhouding was, sou enige vorm van homoseksuele verhoudings of langtermyn homoseksuele verhoudings van liefde en trou, oneer en onreinheid aan die indentiteit van 'n persoon en sy groep (familie, kultuur of gemeente) bring. Sò 'n persoon tree dus skandalig op.[1096] Wanneer iemand dan sò optree, sondig hy/sy en plaas homself / haarself buite die groep. Dit gebeur omdat die persoon wat sondig ander persone in die groep kan mislei om agter hul aan te loop.

---

1095 **'n Misverstand kan hier ontstaan**: Onder sommige van die adel was die persepsie dat slegs die gepenetreerde homoseksueel is, aangesien die manlikheid juis deur penetrasie van iemand bewys is. Die voorkoms van sekere begrippe onder die adel en filosowe kan nié as 'n algemene geldende norm gebruik word nie, aangesien daar 'n verskil in aanvaarbare norms en waardes tussen die boonste laag en die middelste sowel as die onderste lae van die mediterreense gemeenskappe was. Vir die doel van hierdie studie is dit belangrik om te weet dat die onderste laag wat meer as 90% van die algemene publiek uitgemaak het, homoseksuele verhoudings van watter aard ook al as 'n praktyk beskou het wat skande in die gemeenkap inbring en die gemeenskap dus onrein sou maak. Volgens die identiteitsbegrip van die destydse mense sou so iemand in vandag se konteks as iemand met 'n homoseksuele identiteit/oriëntasie beskou word.

1096 Marshall Peter, **Enmity in Corinth: Social Converts in Pauls's Relations with the Corinthians,** p 190, [Gulde-Druck GmbH], Tübingen, 1987. Daar het dikwels onder die hoë sosio-ekonomiese groepe seksuele sondes plaasgevind. Verkragting, molestering en ander onnatuurlike sondes is as 'n skande beskou. Die persoon wat hierdie dade gepleeg het, het oneer aan sy/haar familie gebring.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

## 2. Bewyse van permanente homoseksuele verhoudings van liefde en trou onder die destydse mediterreense mense

Voorstanders van homoseksuele huwelike en –verhoudings skep die idee dat homoseksuele praktyke (pederastie, perversiteit en tempel-homoseksualiteit) onder die destydse mediterreense mense 'n algemene praktyk was. Indien na die potskerwe en erdekruike wat uit daardie tyd dateer gekyk word, kan met billikheid afgelei word dat dit nie 'n korrekte afleiding is nie. Die klein persentasie visuele verwysings na enige homoseksuele verhoudings, bevestig die argument dat homoseksuele verhoudings nie deur die destydse mediterreense gemeenskap as 'n algemene vorm van seksualiteit gesien is nie.

Van die letterlik duisende potskerwe en kruike van die **Perseus Project (Yale Universiteit)** wat vir hierdie studie deurgegaan is, is daar slegs 10 wat op homoseksuele verhoudings dui, gevind. Uit hierdie 10 voorbeelde is dit soms moeilik om af te lei dat die betrokke kruik op 'n homoseksuele verhouding dui. Net so kan nie afgelei word dat die betrokke kruike net op "orgies", of "pederastie" dui nie, aangesien daar ook voorbeelde is van verhoudings tussen mans van dieselfde ouderdom. Daar is getuienis van sogenaamde homoseksuele verhoudings van mans met baarde, sowel as mans wie se baarde afgeskeer is. Dit is problematies om seksuele afbeeldings tussen mans sonder baarde as verhoudings tussen seuns te beskryf, aangesien die god van liefde (eros) as 'n volwasse man sonder 'n baard uitgebeeld word.

Uit die erdekruike kan die volgende afleidings gemaak word. Uit al die potskerwe wat met die destydse kultusse of afgodediens verband hou **kon nie een gevind word wat dui op twee mans òf twee vroue wat seksueel verkeer nie**. Dit is daarom 'n billike afleiding om te maak dat die

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)


verwysing na homoseksuele praktyke in die Nuwe Testament waarskynlik nié verband hou met tempel-homoseksuele praktyke (of prostitusie) nie. Die voorbeelde van kruike uit die destydse antieke wêreld motiveer die gevolgtrekking dat die volgende homoseksuele verhoudings bestaan het: pederastie, orgies sowel as homoseksuele verhoudings tussen mans van ongeveer dieselfde ouderdom.

Vervolgens sal 'n sosio-historiese blik op die spesifieke stede wat in die Pauliniese en Deutero-Pauliniese geskrifte ter sprake is, verduidelik word (wat relevant vir hierdie studie is). Die betrokke stede wat ter spake is, is Rome, Korinte en Efese.

## 3. 'n Sosio-historiese blik op die mediterreense stede wat vir hierdie studie ter sprake is

Die volgorde van die plasing van die betrokke briewe word gevolg. Eerstens sal na Rome gekyk word, daarna na Korinte en laastens na Efese. Eerstens dan Rome.

### 3.1. Rome

Rome was die hoofstad van die destydse Romeinse Ryk. Dit het die grootste dele van Europa, Noord-Afrika en die Ou Nabye-Ooste ingesluit. Die inwonertal van die stad Rome was waarskynlik tussen 1 en 1,5 miljoen.[1097] Dit word redelik algemeen aanvaar dat Paulus die brief aan die Romeine geskryf het. Hy het dit waarskynlik tydens sy verblyf in Korinte gedoen

[1097] Van der Watt Jan (Redakteur), **Die Bybel A-Z**, p 706, [Christelike Uitgewersmaatskappy], Vereeniging, 2003.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

(Rom 15:19-23; 16:22; 1 Kor 16:6). [1098] Dit is onbekend hoe die Christendom in Rome gevestig is. Paulus was nie die vader van die Kerk daar nie. Aangesien daar 'n groot groep Jode in Rome gewoon het (volgens spekulasies tussen 30 000 tot 60 000)[1099], beweer heelwat geleerdes dat die Kerk daar gevestig is deur Palestynse en Siriese Christene. Teen die tyd wat die brief geskryf is, kon die gemeente dalk uit 'n meerderheid Christene uit die heidendom bestaan het.[1100] Keiser Klaudius het die Christene in 49nC uit Rome verban omdat hulle volgens hom vanweë ene "Chrestus" onrus veroorsaak.[1101]

Die gemeente het binne die kosmopolitaanse stad in 'n Romeins-Griekse kultuur geleef en was daarom ook blootgestel aan hierdie kulture en alle gebruike deur nie-Christene. [1102] Dit is ook belangrik om kennis te neem dat heelwat van die vroeë Christene ook uit hierdie kulture tot bekering gekom het. Sommige van hulle het waarskynlik ook nog nie gebreek met van hul vroeëre heidense gebruike nie (later weer meer hieroor).[1103]

### 3.1.1. Rome en homoseksuele huwelike

Om na te dink oor die Christene en homoseksualiteit behoort eerstens die sosio-ekonomiese situasie van sommige Christene in ag geneem te word. Daar bestaan 'n ouer konsensus onder geleerdes dat die eerste heidense

---

[1098] Du Toit, AB, **Room van Romeine,** p 3, [Bybelkor], Wellington, 1984; Hawthorne, Gerald F.; Martin, Ralph P.; and Reid, Daniel G.; eds., **Dictionary of Paul and His Letters,** (Downer's Grove, IL: InterVarsity Press) 1998, c1993.

[1099] Ridderbos Herman, **Romeinen,** p 9, [Uitgeversmaatskappij JH Kok], Kampen, 1977.

[1100] Brown Schuyler, **The Origins of Christianity,** p 131, [Oxford University Press Ins], New York, 1993; Ememrton JA, Cranflied CEB,**The Epistle to the Romans,** p 17—19, [T&T Clark Limited], Edinburgh, 1977.

[1101] Van der Watt Jan (Redakteur), **Die Bybel A-Z**, p 706, [Christelike Uitgewersmaatskappy], Vereeniging, 2003.

[1102] Hawthorne, Gerald F.; Martin, Ralph P.; and Reid, Daniel G.; eds., **Dictionary of Paul and His Letters,** [InterVarsity Press], Downer's Grove, IL, 1998, c1993.

[1103] Hawthorne, Gerald F.; Martin, Ralph P.; and Reid, Daniel G.; eds., **Dictionary of Paul and His Letters,** [InterVarsity Press], Downer's Grove, IL, 1998, c1993.

Christene slegs uit die laer sosio-ekonomiese deel van die destydse mediterreense bevolking gekom het. Daar is geglo dat die vroeë Christene uit slawe, onderdruktes, werkers en arme burgerlikes bestaan het.[1104]

Sedert 1977 bestaan 'n nuwere konsensus onder geleerdes dat 'n groot groep van die eerste Christene nié net uit armes bestaan het nie. Daar was inderdaad ook Christengelowiges uit die hoër sosio-ekonomiese groepering.[1105] Die eerste Christene in Jerusalem is deur invloedryke mense ondersteun. Gemeentes buite Jerusalem het ook mense van betekenis ingesluit. Paulus self was uit die boonste laag Jode - waarskynlik uit 'n groep bevoorregte Jode wat in die diaspora gewoon het.[1106] Hy het met gemak tussen mense in die boonste sosio-ekonomiese groepe in die destydse mediterreense samelewing beweeg.[1107] Sy verbintenisse met mense in Athene, Korinte, Efese en Malta bevestig hierdie uitgangspunt.[1108]

Die Griekse kultuur en filosofieë het gedurende die Romeinse periode na Rome verskuif, aangesien dié stad die kultuursentrum geword het. Die Romeinse kultuur en filosofie was dan ook die gevolg van die Griekse werke wat in die Romeinse idioom vertaal is.[1109] Dit is reeds aangedui dat homoseksuele verhoudings gedurende die antieke tyd voorgekom het. Die Romeinse kultuur het egter weerstand teen sulke verhoudings gehad.[1110] Sommige Romeinse tradisionaliste en selfs filosowe het sulke verhoudings

---

1104 Holmberg Bengt, **Sociology and the New Testament – An Appraisal,** p 28, [Fortress press], Minneapolis, 1990.
1105 Holmberg Bengt, **Sociology and the New Testament – An Appraisal,** p 36, [Fortress press], Minneapolis, 1990.
1106 Holmberg Bengt, **Sociology and the New Testament – An Appraisal,** p 37-38, [Fortress press], Minneapolis, 1990.
1107 Holmberg Bengt, **Sociology and the New Testament – An Appraisal,** p 38, [Fortress press], Minneapolis, 1990.
1108 Holmberg Bengt, **Sociology and the New Testament – An Appraisal,** p 38, [Fortress press], Minneapolis, 1990.
1109 Bimson, J. J., J. P. Kane, J. H. Paterson, D. J. Wiseman, and D. R. W. Wood**, New Bible Atlas,** (Leicester, England: Inter-Varsity Press) 2000, c1985.
1110 Various, **Dictionary of New Testament Background**, [IL: Inter-Varsity Press], Downers Grove, 2000.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

weerstaan.[1111] Tog was daar net soos in die ander mediterreense gebiede, gedurende die Romeinse kultuur tydens die eerste eeu nC wél homoseksuele verhoudings van liefde en trou (Nero - Dio Cassius *History.* 62.13.1; Tiberius - Suetonius *Tiberiaus* 43–44). Hoewel langtermyn verhoudings bekend was[1112], het hierdie praktyke ook tydens partytjies [maw losbandigheid en promiskuïteit] voorgekom (Petronius *Sat.* 41, 79–80). Soms het mans geglo dat indien hulle deur vroue verwerp is, dit daarop dui dat hulle homoseksueel is (Propertius *Elegies* 2.4.17–18; Philostratus *Vit. Ap.* 3.38; Ovid *Met.* 10.83.–5).[1113]

Wanneer die saak van homoseksuele huwelike, -promiskuïteit, -losbandigheid en tempel homoseksuele praktyke onder die soeklig kom, is dit nodig om die oorsprong van die destydse Griekse en Romeinse bronne te bestudeer. In vorige hoofstukke is reeds gewys dat daar homoseksuele huwelike van liefde en trou bestaan het, en dat alle homoseksuele verhoudings nié pederastie, promiskuïteit of tempel-homoseksuele praktyke was nie.

Geleerdes het genoegsame getuienis gelewer dat daar in die destydse Griekse en Romeinse samelewings wel homoseksuele- en lesbiese verhoudings van liefde en trou was. Hierdie bevindinge is noodsaaklik om Rom 1:18-32 binne konteks te verstaan. Om daardie rede sal hierdie voorbeelde redelik breedvoerig behandel word. Eerstens sal op permanente homoseksuele verhoudings gewys word. Daarna sal lesbiese verhoudings van liefde en trou behandel word.

---

[1111]Various, **Dictionary of New Testament Background**, [IL: Inter-Varsity Press], Downers Grove, 2000.
[1112] Boswell John, **Christianity, social Tolerance, and Homosexuality,** p69, [The University of Chicago Press], Chicago and London, 1996.
[1113] Various, **Dictionary of New Testament Background,** [IL: Inter-Varsity Press], Downers Grove, 2000.

### 3.1.1.1. Homoseksuele verhoudings en -huwelike óf homoseksuele oriëntasies

**Smith** dui op voorbeelde uit 12 Attiese fase wat nie op pederastie dui nie. Verder wys hy uit Plato se Simposiums (vgl hoofstuk waar besonderhede in meer detail gegee is) op die twaalf jaar lange verhouding van liefde, trou, wederkerigheid en duursaamheid tussen Agathon en Pausanius. Addisioneel tot Plato is daar ook ander sulke bewyse gevind. In Euthidemus word na twee jonger mans verwys wat 'n duursame verhouding gehad het (Ctessippus en Kleinias).[1114] Aristoteles dui weer op Filolaus en Dioklese wat saam "huis opgesit" het. Hulle het hulle hele lewe saam gebly.[1115] In die omgewing van die geboorte van Jesus (37-43 vC) het keiser Kaligula 'n permanente liefdesverhouding met Lepidus gehad. [1116]

Selfs Boswell (self 'n homoseksuele persoon en aktivis ten gunste van homoseksuele huwelike van wederkerigheid, duursaamheid, liefde en trou) gee in 'n poging om op die normaliteit van homoseksuele huwelike en seksuele verhoudings te dui, bewyse uit die antieke bronne van sulke huwelike in die destydse mediterreense samelewing waaronder die meeste uit die tyd van Paulus dateer. Dit is verhoudings waar pederastie, losbandigheid en perversiteit nié ter sprake is. Paulus se uitsprake ten opsigte van die gemeentes in **Rome, Korinte** en **Efese** (1 Timoteus) moet binne hierdie konteks beoordeel word. In Boswell se bewyse word al hierdie stede genoem:

---

1114 Smith Mark D, **Ancient Bisexuality and the interpretation of Romans 1:26-27*** uit **Journal of the American Academy of Religion LXIV/2**, p 234-235, 1996.

1115 Aristoteles, Politics 2.96-7 [1247a]; Smith Mark D, **Ancient Bisexuality and the interpretation of Romans 1:26-27*** uit **Journal of the American Academy of Religion LXIV/2**, p 236, 1996.

1116 Aristoteles, Politics 2.96-7 [1247a]; Smith Mark D, **Ancient Bisexuality and the interpretation of Romans 1:26-27*** uit **Journal of the American Academy of Religion LXIV/2**, p 236, 1996.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)


- Nero het met twee mans in die openbaar in die huwelik getree. Een van hierdie lewensmaats van hom is dan ook as "koningin" vereer[1117]. Dit is belangrike inligting wanneer die interpretasie van die briewe aan die Romeine, Korinte en Efese bestudeer word. Paulus het hierdie briewe geskryf gedurende die tyd van Nero se regering (54-68 nC) (Die Romeine brief waarskynlik in 55-56 nC, die eerste brief aan Korinte waarskynlik in 54 nC en 1 Timoteus waarskynlik 61-64 nC).[1118]
- Xenophon van **Efese** vertel van homoseksuele verhoudings van liefde en trou in dié stad. 'n Voorbeeld hiervan is Hippotoos. Hy het 'n man van dieselfde ouderom (nié pederastie nie) as hy liefgehad. [1119] So was die eerste groot liefde van Dionysius, 'n ander man met die naam van Ampelus. [1120]
- Hadrianus (ongeveer 130 nC) word beskou as een van die vyf beste keisers van Rome. Hy het 'n permanente verhouding met 'n ander man, Antonius gehad. [1121]
- Daar is ook voorbeelde van biseksualiteit. Amatorius, 'n jong man was verlief op beide jongmeisies en jongmans wat dieselfde ouderdom as hy was. [1122]
- Twaalf Attiese fase is gevind met verskillende voorbeelde van volwasse homoseksuele verhoudings.[1123]

---

[1117] Boswell John, **Christianity, social Tolerance, and Homosexuality,** p 69, 82, 84 [The University of Chicago Press], Chicago and London, 1996.

[1118] Van der Watt Jan (Redakteur), **Die Bybel A-Z**, p706, 723, 805 [Christelike Uitgewersmaatskappy], Vereeniging, 2003.

[1119] Boswell John, **Christianity, social Tolerance, and Homosexuality,** p 86 [The University of Chicago Press], Chicago and London, 1996; Smith Mark D, **Ancient Bisexuality and the Interpretation of Romans 1:26-27*** uit **Journal of the American Academy of Religion**, p 234, 1996.

[1120] Boswell John, **Christianity, social Tolerance, and Homosexuality,** p 86 [The University of Chicago Press], Chicago and London, 1996.

[1121] Boswell John, **Christianity, social Tolerance, and Homosexuality,** p 85, [The University of Chicago Press], Chicago and London, 1996.

[1122] Boswell John, **Christianity, social Tolerance, and Homosexuality,** p 86 [The University of Chicago Press], Chicago and London, 1996.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)


### 3.1.1.2. Lesbiese verhoudings

- ✝ Daar is nie baie bewyse van lesbiese verhoudings in **Rome** nie. Boswell motiveer dit aangesien die meeste Romeinse geskiedskrywers manlik was. Daar is wel 'n verhaal wat die skrywer Ovidus neergeskryf het van twee vroue wat in 'n liefdesverhouding met mekaar gestaan het. [1124]
- ✝ Uit die stad Lesbos is lesbiese erotiese gedigte van Sappho gevind rakende haar sensuele begeertes vir 'n ander vrou. [1125]
- ✝ Lucianus vertel in sy **Dialogues of the Courtesans** van vroue uit die stad Lesbos (waarskynlik waar die benaming lesbies vandaan kom) wat permanente verhoudings met mekaar gehad het. So is ene Megilla met 'n vrou van **Korinte** getroud. [1126]
- ✝ Plutargus dui op lesbiese verhoudings wat in die stad Sparta voorgekom het. [1127]
- ✝ Dit is reeds bekend (hoofstuk 2) dat Pseudo Phocilydes na beide manlik en vroulike homoseksuele verhoudings verwys, wat onaanvaarbaar is. Soos reeds in 'n vorige hoofstuk gewys dateer die werk uit ongeveer 30 vC tot 40nC.

---

[1123] Huppert Charles,**"Greek love: Homosexuality or Pedersty? Greek Love in the Black Attic Figures Vase-Painting"** uit **Proceedings of the Third Symposium on Ancient Greek and Related Pottery**, p 255-268, 1988; Smith Mark D, **Ancient Bisexuality and the Interpretation of Romans 1:26-27*** uit **Journal of the American Academy of Religion**, p 234, 1996.

[1124] Boswell John, **Christianity, social Tolerance, and Homosexuality,** p 83 [The University of Chicago Press], Chicago and London, 1996; Brooten Bernadette J, **Love between Women,** p 42-45, [University of Chicago], Chicago, 1996;

[1125] Brooten Bernadette J, **Love between Women,** p 29, [University of Chicago], Chicago, 1996; Smith Mark D, **Ancient Bisexuality and the Interpretation of Romans 1:26-27*** uit **Journal of the American Academy of Religion**, p 234, 1996.

[1126] Boswell John, **Christianity, social Tolerance, and Homosexuality,** p 83 [The University of Chicago Press], Chicago and London, 1996; Brooten Bernadette J, **Love between Women,** p 51-52, [University of Chicago], Chicago, 1996;

[1127] Smith Mark D, **Ancient Bisexuality and the Interpretation of Romans 1:26-27*** uit **Journal of the American Academy of Religion**, p 240, 1996.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)


- Hy vertel ook van 'n permanente verhouding wat later op 'n huwelik tussen die koningin van Egipte, Bernice, en 'n vrou van Mesopotamië uitgeloop het:

> "… rescued her and returned her to her Bernice, from whom she had been taken, and who had become the queen of Egypt after her father's death. Bernice married Mesopotamië (verwysende na die vrou uit Mesopotamië), …"[1128]

- Clement van Alexandrië, 'n Christen kerkvader uit die 2de eeu nC vertel van vrou wat in lesbiese verhoudings betrokke was. Hy vertel dat hierdie vroue sò openlik oor hulle verhouding van liefde en trou was, dat hulle teen hul "natuur" opgetree het en getrou het[1129]
- Daar is ook getuies op twee ander fase uit die klassieke tydperk gevind wat dui op lesbiese verhoudings. Hier is vroue besig om mekaar se geslagsdele te betas.[1130]
- 'n Agaïese vaas wat uit ongeveer 620 vC dateer dui op twee vroue wat aan mekaar se gesigte raak. Hul liggaamshouding dui op intimiteit. [1131]

---

1128 Boswell John, **Christianity, social Tolerance, and Homosexuality,** p 84 [The University of Chicago Press], Chicago and London, 1996; Brooten Bernadette J, **Love between Women,** p 50-51, [University of Chicago], Chicago, 1996.

1129 Brooten Bernadette, **"Pauls's Views on the Nature of Women and Female Homoeroticism"** uit **Immaculate and Powerful: The Female in Sacred Image and Social reality**, p 61-87, 1985b; Smith Mark D, **Ancient Bisexuality and the Interpretation of Romans 1:26-27*** uit **Journal of the American Academy of Religion**, p 240, 1996; Scroggs Robin, **The New Testament and Homosexuality,** p 147, 142, [Fortress Press], Philadelphia, 1984.

1130 Brooten Bernadette J, **Love between Women,** p 29, 188-197, [University of Chicago], Chicago, 1996; Smith Mark D, **Ancient Bisexuality and the Interpretation of Romans 1:26-27*** uit **Journal of the American Academy of Religion**, p 241, 1996; Scroggs Robin, **The New Testament and Homosexuality,** p 143, [Fortress Press], Philadelphia, 1984.

1131 Smith Mark D, **Ancient Bisexuality and the Interpretation of Romans 1:26-27*** uit **Journal of the American Academy of Religion**, p 241, 1996;.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)


- ✝ Alkman, 'n digter van Sparta, vertel van die wonderlike liefde tussen twee jonger vroue, Agido en Hagesikora, wat in terme van vandag as 'n huweliksverhouding beskryf sou kon word.[1132]
- ✝ Selfs Rabbynse literatuur het kennis gedra van lesbiese verhoudings. Die **Sifra** is 'n Rabbynse kommentaar op Lev 18:3vv waarvolgens Moses se lering impliseer dat die Israeliete enige homoseksuele huwelike (manlik én vroulik) sal vermy.[1133]
- ✝ Net so word in die **Jerusalemse Talmud** 'n debat tussen die skole van Hillel and Shammai gevind oor die vraag of lesbiese seksuele verhoudings 'n vrou se maagdelikheid wegneem. [1134]

Terug by Paulus: Geleerdes is nie eenstemmig oor die datering van Paulus se dood nie. Daar is wel konsensus dat Nero Paulus laat onthoof het. Die datering van Paulus se dood word gegee as tussen 64 nC en 67 nC.[1135] Daar kan waarskynlik nie twyfel wees dat Paulus dus kennis gedra het van beide lesbiese- en homoseksuele verhoudings van liefde en trou gedurende sy tyd nie. Dit verklaar waarom Paulus in Rom 1 spesifiek na manlike en vroulike vorms van homoseksuele verhoudings verwys.

'n Verdere rede waarom Paulus van sulke permanente homoseksuele verhoudings kennis gehad het, was sy filosofiese agtergrond. Dit is weer eens belangrik om te onthou dat Paulus 'n Stoïsynse filosoof was. Hy het dus

---

[1132] Smith Mark D, **Ancient Bisexuality and the Interpretation of Romans 1:26-27*** uit **Journal of the American Academy of Religion**, p 241, 1996;.

[1133] Brooten Bernadette, **"Pauls's Views on the Nature of Women and Female Homoeroticism"** uit **Immaculate and Powerful: The Female in Sacred Image and Social reality**, p 61-87, 1985b; Smith Mark D, **Ancient Bisexuality and the Interpretation of Romans 1:26-27*** uit **Journal of the American Academy of Religion**, p 240, 1996.

[1134] Brooten Bernadette, **"Pauls's Views on the Nature of Women and Female Homoeroticism"** uit **Immaculate and Powerful: The Female in Sacred Image and Social reality**, p 64-65, 1985b; Smith Mark D, **Ancient Bisexuality and the Interpretation of Romans 1:26-27*** uit **Journal of the American Academy of Religion**, p 242, 1996.

[1135] Van der Watt Jan (Redakteur), **Die Bybel A-Z**, p 702, 805,[Christelike Uitgewersmaatskappy], Vereeniging, 2003.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

kennis gedra van hierdie groep se siening dat homoseksuele verhoudings slegs in terme van langtermyn verhoudings geregverdig kon wees. Nog 'n motivering dat hy kennis van homoseksuele huwelike en langtermyn seksuele verhoudings gehad het, word begrond op sy sosio-ekonomiese agtergrond. Indien die argument sou wees dat homoseksuele huwelike en seksuele verhoudings slegs onder die boonste laag van die sosio-ekonomiese deel van die bevolking voorgekom het (soos sommige geleerdes beweer), dan is dit òòk so dat Paulus met gemak onder hierdie deel van die bevolking beweeg het. Die gewig val dus ten gunste van die argument dat Paulus kennis van homoseksuele verhoudings van liefde en trou gehad het.

**Hier is die punt:**

Die argument wat dikwels deur voorstanders van homoseksuele huwelike en –verhoudings gegee word dat Paulus nié van homoseksuele- of lesbiese verhoudings van liefde en trou kennis gedra het nie, moet dus bevraagteken word.

Dit is ter wille van die bestudering van die teks ook belangrik om vas te stel watter tipe afgodsdiens in Rome beoefen is.

### 3.1.2. Rome en afgodediens

Die Romeinse inwoners is feitlik glad nie beïnvloed deur afgodery uit ander dele van die Romeinse Ryk nie. Hulle was deurgaans getrou aan hul eie inheemse kultus.[1136] Die kern van hierdie Romeinse kultus kan beskryf word as *pax deorum* (vrede met die gode). Hiervolgens was vrede met die gode die pad na interpersoonlike verhoudings en welvaart.[1137]

[1136]Hawthorne, Gerald F.; Martin, Ralph P.; and Reid, Daniel G.; eds., **Dictionary of Paul and His Letters,** [InterVarsity Press], Downer's Grove, IL, 1998, c1993..
[1137]Hawthorne, Gerald F.; Martin, Ralph P.; and Reid, Daniel G.; eds., **Dictionary of Paul and His Letters,** [InterVarsity Press], Downer's Grove, IL, 1998, c1993.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)


Eerstens was daar die hoofgode. Hulle is as indiwidue aanbid. Hoewel daar soms na hulle as "Vader" of "Moeder" verwys is, het seksualiteit nooit enige rol by die Romeinse kultus gespeel nie. Daar is nie aan hierdie gode in terme van seksuele praktyke, òf huwelike, òf kinders gedink nie. Hoewel sekere van die Griekse kultusse wel in die Romeinse afgodediens opgeneem is, het die Romeinse gode nooit 'n genealogiese lyn soos die Griekse gode gehad nie. Die fokus van die Romeinse mites was eerder op die rolle wat die gode in die geskiedenis gespeel het. [1138] Dan was daar ook die geeste in die lug. Hierdie wesens of geeste was jaloers op die hoofgode, maar het tog by tye die Romeinse burgers gehelp, òf teengestaan. Daar kon nooit name aan hierdie gode gegee word nie, aangesien hulle te veel was. [1139]

**Nêrens** is bewyse gevind van homoseksuele aktiwiteite of praktyke deur die Romeinse priesters, die gebede en offerande van die heidense gelowiges òf selfs tydens die kultusse in die tempels:

- ✝ Priesters: Daar was twee tipes priesters, naamlik die hoofpriester en 'n meer burgerlike priester. Hulle was hoofsaaklik verantwoordelik om te sorg dat daar vrede met die gode is, en dat die boodskappe van die gode aan mense geïnterpreteer word.[1140]
- ✝ Gebede: Die gode is by name genoem tydens gebede. Gebede en offerandes is gegee met die koppe van die aanbidders toegemaak.[1141]

---

[1138]Hawthorne, Gerald F.; Martin, Ralph P.; and Reid, Daniel G.; eds., **Dictionary of Paul and His Letters,** [InterVarsity Press], Downer's Grove, IL, 1998, c1993.

[1139]Hawthorne, Gerald F.; Martin, Ralph P.; and Reid, Daniel G.; eds., **Dictionary of Paul and His Letters,** [InterVarsity Press], Downer's Grove, IL, 1998, c1993. Dit bevestig die bevindinge wat gemaak is uit die potskerwe van die Perseus Project waar daar nie bewyse van homoseksuele praktyke tydens die kultusse gevind is nie.

[1140]Hawthorne, Gerald F.; Martin, Ralph P.; and Reid, Daniel G.; eds., **Dictionary of Paul and His Letters,** [InterVarsity Press], Downer's Grove, IL, 1998, c1993.

[1141]Hawthorne, Gerald F.; Martin, Ralph P.; and Reid, Daniel G.; eds., **Dictionary of Paul and His Letters,** [InterVarsity Press], Downer's Grove, IL, 1998, c1993.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)


- ✝ Offers: dit was die belangrikste deel van die Romeinse kultus. Manlike diere is aan manlike gode geoffer en vroulike diere aan vroulike gode. [1142]

Laastens was daar ook die kultus dat die koning 'n god is.[1143] Hierdie kultus het sy oorsprong in die Griekse kultuur waar die konings soms as gode aanbid word. Dit is sedert die derde eeu vC deur die Grieke onder die Romeine gevestig. Julius Ceasar en Augustus is so aanbid nadat die senaat die vergoddeliking van hierdie keisers goedgekeur het.[1144]

Selfs in die boek Romeine kan nie bewyse gevind word van tempel-homoseksualiteit tydens die kultusse nie (1:24-28 sal in die volgende hoofstuk in detail behandel word).[1145] Wanneer Paulus in hierdie konteks na afgodediens verwys (met sy verwysing òòk na homoseksuele en lesbiese – verhoudings), doen hy 'n beroep op die Christengelowiges om nie weer soos "hulle - **aujtw`n ejn aujtoiv"**"[1146] te leef nie. Die "hulle" is met ander

[1142] Hawthorne, Gerald F.; Martin, Ralph P.; and Reid, Daniel G.; eds., **Dictionary of Paul and His Letters,** [InterVarsity Press], Downer's Grove, IL, 1998, c1993..

[1143] Hawthorne, Gerald F.; Martin, Ralph P.; and Reid, Daniel G.; eds., **Dictionary of Paul and His Letters,** [InterVarsity Press], Downer's Grove, IL, 1998, c1993.

[1144] Hawthorne, Gerald F.; Martin, Ralph P.; and Reid, Daniel G.; eds., **Dictionary of Paul and His Letters,** [InterVarsity Press], Downer's Grove, IL, 1998, c1993.

[1145] Hodge Charles, **Commentary on the Epistle to the Romans,** p31-42,[WM B Eerdmans Publishing Company], Grand Rapids, 1968; Jacobs J, Romeinen, p 18–21, [JH Kok nv Kampen], Kampen, 1939; Jonker WD, **Die Brief aan die** Romeine; 38-40, [NGKerk Uitgewers], Goodwood, 1983; Kaseman Ernst, **Commentary on** Romans,37-49, [SCM Press Ltd], Grand Rapids, 1980; Sikkel JC, **Romeinen**, p 33-37, [Uitgave JC Sikkelfonds], Haarlem, 1934; Nyzzen Andres, **Commentary on Romans,** p105-111, [Fortress Press], Philadelphia, 1978 ; Ridderbos Herman, **Romeinen,** p 42-49, [Uitgeversmaatskappij JH Kok], Kampen, 1977. Nié een van hierdie kommentatore vermeld dat die afgodediens in Rome die een of ander vorm van homoseksuele praktyke gehad het nie. Dit strook met die beredenering in terme van homoseksuele verhoudings van liefde en trou wat onder die destydse heidene beoefen is. Paulus het waarskynlik hier na alle ander vorms van homoseksuele –verhoudings verwys.

[1146] Vgl hoofstuk 1 waar König tydens die Oos-Transvaalse sinode gevra het of hierdie "hulle" nie op 'n ander "groep" sou dui as die homoseksuele groepering wat afgodery en losbandigheid sou beoefen het nie. Hy was inderdaad reg: Daar was in Rome nie tempel-homoseksuele kultusse nie. Daar was wel homoseksuele verhoudings van liefde en trou. Paulus verwys met die "hulle" dus daarna dat die Christengelowiges selfs nie eers sulke homoseksuele verhoudings behoort te beoefen nie.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)


woorde die heidene wat afgode aanbid het én nié Christus nie. Dit is onder hierdie heidene - wat afgode aanbid - waar selfs homoseksuele huwelike en –seksuele verhoudings goedgekeur word. Die Christene het na hul bekering uit hierdie heidense kultuur uitgebreek. Paulus wil dus eintlik vir die Christene in Rome sê: "Moenie op seksuele gebied meer leef soos 'hulle' van wie julle vroeër deel was nie". Dit gaan met ander woorde om 'n radikale wegbreek van alle vorme van lewenswyse (Homoseksuele en lesbiese verhoudings van liefde en trou sowel as losbandigheid 1:27) wat die heidene wat afgode (hulle) gedien het, op daardie stadium beoefen het.[1147] Die gedeelte handel dus nie oor tempel-homoseksualiteit nie, maar oor 'n sekere seksuele etiek en moraliteit wat onder sommige heidene voorgekom het dat homoseksuele huwelike en seksuele verhoudings van liefde en trou aanvaarbaar was. Christene is dus nie meer vry om selfs op seksuele gebied te leef soos hulle vroeër as heidene gedoen het nie. Daar was inderdaad nog Christene wat nie heeltemal met hulle vroeëre heidense gewoontes gebreek het nie.[1148] Wie sò geleef het, het die identiteit van die Christene in gevaar gestel en dus sonde gedoen.

Indien die "hulle" sò verstaan word, maak dit sin in die breër konteks van die brief aan die Romeine. In Romeine 3 – 5 beklemtoon Paulus die vryspraak deur geloof alleen, maar doen hy ook 'n oproep om nie meer in hierdie sonde van Rom 1 voort te lewe nie. Sò 'n interpretasie van Romeine 1 is binne die breëre konteks van die Nuwe Testament hoogs waarskynlik, aangesien dit later weer na vore kom. Wanneer in 2 Petrus 2 oor die

---

[1147] Ridderbos Herman, **Romeinen,** p 42-49, [Uitgeversmaatskappij JH Kok], Kampen, 1977.

[1148] Hodge Charles, **Commentary on the Epistle to the Romans,** p31-42,[WM B Eerdmans Publishing Company], Grand Rapids, 1968; Jacobs J, Romeinen, p 18–21, [JH Kok nv Kampen], Kampen, 1939; Jonker WD, **Die Brief aan die** Romeine; 38-40, [NGKerk Uitgewers], Goodwood, 1983; Kaseman Ernst, **Commentary on** Romans,37-49, [SCM Press Ltd], Grand Rapids, 1980; Sikkel JC, **Romeinen**, p 33-37, [Uitgave JC Sikkelfonds], Haarlem, 1934; Nyzzen Andres**, Commentary on Romans,** p105-111, [Fortress Press], Philadelphia, 1978 ; Ridderbos Herman, **Romeinen,** p 42-49, [Uitgeversmaatskappij JH Kok], Kampen, 1977.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

dwalinge van die vals leraars gepraat word (hoofsaaklik losbandigheid, gierigheid, swelgpartye) waarsku die skrywer juis teen diegene wat mense wat tot geloof en vryheid in Jesus gekom het, weer in slawerny van sonde laat terugval (2 Pet 2:18-19).

Dit is dus sonde wat onder Christene voorgekom het. Vandaar ook die laaste deel (Rom 1:29-32) waar ander sondes bygebring word. Dat Paulus hier na Christene verwys wat hierdie sondes bly doen het, word ondersteun met "... mense wat die verordening van God ken..." (1:32). Die doodstraf vir hierdie dinge is sy terugroep as Joodse Rabbi na Lev 18 en 20 waar die doodstraf die gevolg was indien homoseksuele verhoudings onder die volk van God sou plaasvind. Dit is dus 'n vermaning aan die destydse Christene dat wie sò leef hulle eintlik aan die kant van die ongelowige heidene plaas. Die genade is volgens hom dus nie 'n rede dat Christengelowiges kan voortgaan om verkeerde dinge te doen òf sonde te regverdig nie:

> "Beteken dit dat ons sê: Laat ons die verkeerde doen sodat die goeie daaruit kan voorkom? Daar is mense wat ons dit wel lasterlik in die mond lê … en hoe meer die sonde geword het, hoe oorvloediger het die genade geword … Wat moet ons nou hiervan sê? Moet ons aanhou sonde doen sodat die genade kan toeneem? Beslis nie. Hoe kan ons wat dood is vir die sonde nog daarin voortlewe?" **Rom 3:8; 5:20; 6:1-2**

**Hier is die punt:**

Daar bestaan nie getuienis dat die Grieks-Romeinse kultus tempel-homoseksualiteit beoefen het nie. Christengelowiges uit die heidendom het na bekering nie volwaardig met hul heidense leefwyse en seksuele etiek gebreek nie. Volgens die antropologie van die mediterreense mens

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

het die Christene wat so geleef het hul identiteit aan die kant van die ongelowige heidene geplaas. Paulus doen 'n beroep op Christene om weg te breek van die verkeerde gewoontes en gebruike wat hulle as heidene geken, beoefen én goedgekeur het (homoseksuele verhoudings ingesluit). Hy doen dus 'n beroep op die aanneem van 'n nuwe identiteit wat nie deel het aan enige vorm van heidense gebruike nie.[1149]

Vervolgens kan na die stad Korinte gekyk word.

### 3.2. Korinte

Keiser Augustus het Korinte die hoofstad van die provinsie Agaje gemaak,[1150] en dit was naby Atene geleë. Daarom was dit weens sy ligging 'n kosmopolitaanse stad waar 'n verskeidenheid van gelowe en kulture bymekaar gekom het. [1151] Sommige geleerdes beweer dat daar tesame met die slawe tot soveel as 760 000 mense gewoon het. Sommige meen dat dit na Rome die vernaamste stad tydens die Grieks-Romeinse tydperk was. Sosio-ekonomiese voorspoed was deel van die kultuur.[1152] Korinte was daarom bekend as die stad van rykdom en plesier. Hoewel daar 'n sterk Joodse gemeenskap in Korinte was, was die meerderheid uit die aard van die saak heidene. Die gemeente van Korinte het dan ook hoofsaaklik uit

---

[1149] MacDonald Magaret Y, **The Pauline Churches,** p 34, [Cambridge University Press], Cambridge, New York, 1988.

[1150] **The New Bible Dictionary,** (Wheaton, Illinois: Tyndale House Publishers, Inc.) 1962.

[1151] Various, **Dictionary of New Testament Background**, [IL: Inter-Varsity Press], Downers Grove, 2000.

[1152] Various, **Dictionary of New Testament Background**, [IL: Inter-Varsity Press], Downers Grove, 2000.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)


Christengelowiges bestaan wat uit die heidendom tot bekering gekom het. [1153]

Binne hierdie heidense omgewing het afgodery algemeen voorgekom. Dit blyk uit die verskeidenheid van tempels wat daar gevind is. Daar was tempels vir die mediese god (Asklepius), Apollo, Poseidon, Atena, Hera en Hermas sowel as vir Isis en Serapis. Verder is tempels ter ere van die keiser-kultus gevind en ook vir die Olimpiese gode. Die tempel waar Afrodiete (tempel prostitusie het hier plaasgevind) aanbid is, het 'n duisend slawe besit.[1154] Die slawe het uit beide geslagte bestaan en was aan die godin afgesonder. [1155] Uit die drinkgewoontes van die Korintiese inwoners, is dit waarskynlik ook so dat die afgod Bagus daar aanbid is. [1156] Ten spyte van hierdie vele bewyse van afgodery in Korinte, sowel as die beskrywings wat by die aanbidding van die afgode plaasgevind het, kon nêrens bewyse gevind word vir die bestaan van tempel-homoseksuele praktyke nie. Dit is egter duidelik dat die inwoners van die stad immoreel geleef het.

### 3.2.1. Immoraliteit in Korinte

Binne bogenoemde konteks was immoraliteit onder die gemeenskap 'n algemene verskynsel. Selfs binne die heidense wêreld was Korinte bekend as 'n stad waar moraliteit nie belangrik was nie.[1157] Vanselfsprekend het hierdie heidense godsdienstige gebruike, en ook die tallose plekke van vermaak vir besoekers en inwoners, 'n uiters verlagende uitwerking op die

[1153] Tambasco Anthony J, **In The days of Paul – The social world and the teachings of the Apostle,** p 65, [Paulist Press], New York, 1991.

[1154] Kistemaker Simon J, **1 Corinthians,** p 5, [Baker Book House Company], Grand Rapids, 1993.

[1155] Various, **Dictionary of New Testament Background**, ([IL: Inter-Varsity Press], Downers Grove, 2000.

[1156] MacArthur John, **1 Corinthians**, p viii, [The Moody Bible Institute], Chicago, 1984.

[1157] Gromack Robert G, **Called to be Saints,** p x, [Baker Book House Company], Michigan, 1986.

moraliteit van die stad gehad. Die stad se naam is in so 'n mate met immoraliteit verbind, dat die segswyse: "om te Korintiseer" ontstaan het, waarby bedoel is: om mee te doen aan die onsedelike praktyke waarvoor Korinte bekend is.[1158] Daarmee saam het die inwoners ook bekendheid verwerf vir hulle drinkgewoontes (Baggery).[1159]

Onnatuurlike seksuele gebruike was algemeen bekend. Buite huwelikse seksuele gebruike was algemeen onder beide die Joodse inwoners sowel as die heidene.[1160] Prostitusie was onaanvaarbaar onder die burgerlike bevolking. Tog was dit gewettig.[1161] Prostitusie was slegs onwettig indien 'n prostituut sou trou en na haar troue weer prostitusie sou beoefen.[1162]

Beide Boswell en Paulus verwys na homoseksuele verhoudings wat in die stad Korinte voorgekom het. Boswell is spesifiek daaroor dat daar permanente lesbiese verhoudings van liefde en trou bestaan het. Sy verwysing na die huwelik tussen Megilla met 'n Korintiese vrou is reeds bekend. Philo verwys dan ook na die nou reeds bekende Dionysius wat in 'n permanente homoseksuele verhouding met Ampeles geleef het (volgens Boswell), wat op 'n stadium in Korinte gewoon het.[1163] Dit is belangrik om kennis te neem dat filosofie ook 'n belangrike rol in die stad gespeel het (vgl 1 Kor 1-2). Onder hierdie filosowe was die Stoïsyne[1164] met hul bekende siening dat langtermyn homoseksuele verhoudings aanvaarbaar was.

---

[1158] Groenewald, E.P., *Die Eerste Brief aan die Korinthiërs*, (Kaapstad: Lux Verbi) 1967.
[1159] MacArthur John, **1 Corinthians**, p viii, [The Moody Bible Institute], Chicago, 1984.
[1160] Various, **Dictionary of New Testament Background**, [IL: Inter-Varsity Press], Downers Grove, 2000.
[1161] Various, **Dictionary of New Testament Background**, [IL: Inter-Varsity Press], Downers Grove, 2000.
[1162] Various, **Dictionary of New Testament Background**, [IL: Inter-Varsity Press], Downers Grove, 2000..
[1163] Philo Judaeus, **The Works of Philo**, (Oak Harbor, WA: Logos Research Systems) 1997.
[1164] Fitsgerald John T, **Cracks in an earthen Vessel – an Examination of the Catalogues of Hardship in the Corinthian Correspondence**, p 52, [Scolar Press], Aatlanta georgia, 1988.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

### 3.2.2. Die Christene het nie "dekorintiseer" nie

Dit is juis binne hierdie negatiewe samelewing waarin die gemeente van Korinte gefunksioneer het. Die jong gemeente moes 'n Christelike identiteit (moraliteit en etiek) ontwikkel binne die heidense omgewing waarin hulle geplaas was. Heelwat van die Christene het voor hulle bekering self van die heidense praktyke beoefen.[1165] Hulle het noodgedwonge daagliks allerlei kontakte met die heidendom, waaruit hulle self afkomstig was, gehad. Telkens word hulle in situasies geplaas waarin hulle Christelik moet optree, in teenstelling met die heidense handelwyse. [1166] Die alternatiewe lewenswyse het nie altyd plaasgevind nie. Dikwels het die Christengelowiges nog voortgegaan met die heidense lewenswyse waaruit hulle tot bekering gekom het. Die gemeente van Korinte het dus 'n "heidenschristelike karakter" gehad.[1167] Die ernstige probleem onder die gemeente was dat baie van hulle hul nie kon losmaak van die manier waarop hulle vroeër geleef het nie. En om sake te vergerger het die heidense inwoners op daardie stadium nog met die sondige leefwyse voortgegaan. Die Christene het met ander woorde gedink en opgetree soos die "sekulêre" Korintiërs gedoen het:[1168]

> "... want julle is nog wêreldse mense ... is dit nie omdat julle nog wêrelds is nie (kata; a[nqrwpon peripatei`te) ..." **1 Kor 3:3**

---

[1165] MacArthur John, **1 Corinthians**, p viii, [The Moody Bible Institute], Chicago, 1984; Winter Bruce W, **After Paul left Corinth – The Influence of Secular Ethics and Social Change**, p 40-41, [WB Eerdmans Publishing Co], Grand Rapids, 2001. Die begrip wat Paulus in 1 Kor 1:3 gebruik kata; a[nqrwpon peripatei`te1165beteken letterlik dat "julle in die sekulêre manier loop". Dit het belangrike implikasies vir Paulus se advies aan die Christene veral ook op die gebied van moraliteit en dan spesifiek homoseksualiteit. 1 Kor 3:1-3 is 'n duidelike verduideliking van die geestelike toestand van die Christene. Hulle tree in terme van sarkikoiv op en is daarom nie 'n getuienis vir die wêreld waarbinne hulle leef nie.

[1166] Groenewald, E.P., **Die Eerste Brief aan die Korinthiërs**, [Lux Verbi], Kaapstad, 1967.

[1167] Batelaan L, **De kerk van Korinthe en wij**, p 12, Uitgeverij T Wver] Franeker, 1971.

[1168] MacArthur John, **1 Corinthians**, p ix, [The Moody Bible Institute], Chicago, 1984.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

> "'n Mens hoor werklik van onsedelikheid onder julle, en dan nog van onsedelikheid van so 'n aard as wat selfs onder die heidene nie voorkom nie, naamlik dat 'n man en sy stiefma as man en vrou saamleef" **1 Kor 5:1**

met

> "En so was party van julle juis ook. Maar julle het julle sonde laat afwas …" **1 Kor 6:11**

Uit hulle situasie het vrae ontstaan waarop hulle self nie antwoorde gehad het nie. Daarom skryf hulle 'n brief aan die apostel om sy voorligting te vra ten opsigte van verskeie sake, waaronder ook dié wat oor seksualiteit gehandel het. Hier was sake soos die huwelik, egskeiding, weduwees se status, maagdelikheid, losbandigheid, bloedskande, homoseksuele praktyke, en die selibaat van die sake (rakende seksualiteit) wat relevant was binne die gemeente (1 Kor 5-7).[1169] Daar was ook ander sake wat nie met seksualiteit verband hou nie wat vir die bekeerlinge uit die heidendom moeilik was om te hanteer. Van hierdie sake was: groepvorming onder die gelowiges, hofsake onder mekaar, afgodery en kultiese feesgeleenthede, die posisie van die vrou in die gemeente, die erediens en die gawes van die Gees. Die opstanding van Jesus uit die dood was ook 'n belangrike besprekingspunt onder die gelowiges.[1170]

Indien die situasie van die stad Korinte in ag geneem word, sowel as die feit dat die gemeente binne hierdie situasie as Christene moes leef, is dit nie vreemd dat die 1ste boek aan die Korintiërs nie leerstellig is nie, maar 'n brief oor **moraliteit** en **etiek**.[1171]

---

[1169] Groenewald, E.P., **Die Eerste Brief aan die Korinthiërs,** [Lux Verbi], Kaapstad, 1967; MacArthur John, **1 Corinthians**, p viii, [The Moody Bible Institute], Chicago, 1984..

[1170] Van der Watt (Eindredakteur), **Die Bybel A-Z**, p 721, [Christelike Uitgewersmaatskappy], Vereeniging, 2003.

[1171] Tambasco Anthony J, **In The days of Paul – The social world and the teachings of the Apostle, p 66,** [Paulist Press], New York, 1991.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**Hier is die punt**

Soos in die geval van die kerk in Rome, het die gemeente van Korinte hoofsaaklik uit bekeerlinge uit die heidendom bestaan en daarom 'n heidenschristelike karakter gehad. Hierdie Christengelowiges het geworstel om weg te breek van die gewoontes en gebruike waarbinne hulle geleef het, én waaruit hulle gekom het. Dit het beteken dat die Christengelowiges onder andere 'n identiteitskrisis in terme van hul waardes, norme en moraliteit beleef het. Vandaar dat die brief hoofsaaklik 'n brief is wat moraliteit en etiek aanspreek.

Die laaste stad wat aandag vra, is Efese. Die Deutero-Pauliniese brief aan Timoteus is waarskynlik aan die jong predikant geskryf wat in Efese bedien het (1 Tim 1:2).

### 3.3. Efese

Indien aanvaar word dat Paulus die skrywer is, is dit waarskynlik na sy eerste gevangenskap in ongeveer 64 nC geskryf.[1172] Indien hy nie die brief geskryf het nie, was dit waarskynlik een van sy dissipels. Dan het dit ingrypende implikasies vir die Skrif se siening van homoseksuele verhoudings, aangesien die Christelike tradisie na Paulus sy standpunt rakende homoseksuele verhoudings gehandhaaf het. Vir die doel van hierdie studie is die skrywer nie belangrik nie. Die datering kan as in die omgewing 64 nC aanvaar word.

---

[1172] Van der Watt (Eindredakteur), **Die Bybel A-Z**, p 805, [Christelike Uitgewersmaatskappy], Vereeniging, 2003.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Efese was eens die belangrikste en mees invloedryke stad van die provinsie Klein-Asië.[1173] Volgens oorlewering is die stad deur die "amasone" 'n wrede groep vroulike soldate gestig.[1174] Op godsdienstige gebied was die inwoners redelik betrokke by okkultiese praktyke.[1175] Groot standbeelde ter ere van die godin Diana (Artemis) is in die stad gevind.[1176] In Efese was Artemis die godin van vrugbaarheid.[1177]

Soos in die vorige twee gemeentes was daar in Efese ook immoraliteit en onetiese lewenswyse onder die gelowiges wat uit die heidendom tot bekering gekom het. Dit sou daarom korrek wees dat Paulus aan Timoteus oor leerstellige waarhede skryf, maar ook etiese en morele sake aanspreek.[1178] Die gelowiges in Efese het gedurende hierdie tyd hulle rug op die "wet van God" gedraai.[1179] Uit ander gedeeltes in die Nuwe Testament blyk dit dat daar ook in Efese met seksuele en ander sondes geworstel is. In Ef 5:21-32 verwys Paulus duidelik na seksualiteit binne die huwelik. Johannes verwys in Openb 2:7 weer na die Nikolaïte wat in Efese teenwoordig was. Dit was 'n groepering Christene in Efese wat voortgegaan het om afgodery en seksuele immoraliteit (seksuele liberalisme) na hul bekering te beoefen (Openb 2:14).[1180] Hulle is waarskynlik diegene wat vals aan die gelowiges kompromie met vroeëre heidense lewenswyse na

---

[1173] Bimson, J. J., J. P. Kane, J. H. Paterson, D. J. Wiseman, and D. R. W. Wood, **New Bible Atlas**, [Leicester, England: Inter-Varsity Press] 2000, c1985.

[1174] Various, **Dictionary of New Testament Background**, [IL: Inter-Varsity Press], Downers Grove, 2000.

[1175] Ryken, Leland; Wilhoit, James C.; Longman III, Tremper, **Dictionary of Biblical Imagery**, [Ill: InterVarsity Press], Downers Grove, 2000, c1998.

[1176] Various, **Dictionary of New Testament Background,** [IL: Inter-Varsity Press], Downers Grove, 2000.

[1177] Gispen WH, Oosterhof BJ, Ridderbos HN, Van Unnik WC, Visser P, **Bybelse Ensiklopedie – tweede hersiene uitgawe,** p160, [Verenigde Protestanse Uitgawes], Kaapstad, 1977.

[1178] Alexander, T. Desmond and Brian S. Rosner, editors**, New Dictionary of Biblical Theology,** [IL: Inter-Varsity Press], Downers Grove, 2000..

[1179] Hendriksen William, **1 & 2 Timothy and Titus,** p 60, 66, [The Banner of Truth trust], Pennsylvania, 1976

[1180] Aune, David, **Word Biblical Commentary, Volume 52a: Revelation 1-5,** [(Word Books, Publisher], Dallas, Texas, 98.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)


bekering bly verkondig het – vandaar die wetteloosheid waarvan Paulus in 1 Tim 1:3-11 praat.[1181] Hulle wou hierdie gebruike die kerk binnedra.[1182] Hoewel Johannes Openbaring ongeveer 25 – 30 jaar na Paulus se brief aan Timoteus skryf, is dit heel moontlik dat Timoteus met die voorlopers van die Nikolaïte te doen gehad het. Sommige geleerdes beweer dat Nikolai juis gedurende die tyd van Paulus geleef het.[1183] Binne hierdie konteks is dit belangrik om net weer te stel dat getuienis gevind is van permanente homoseksuele verhoudings wat in Efese voorgekom het.

In Openb 2:2-3 en 1 Tim 1:3-11 word na mense verwys wat met dwalinge besig is. Dit is belangrik om kennis te neem dat Paulus met sy verwysing na homoseksuele verhoudings dit binne die konteks van die oortreding van God se wet doen. Hy beskou diegene wat verkondig dat die wet oortree kon word, as dwaalleraars.

**4. 'n Beoordeling**

Uit die bestudering van die sosio-historiese konteks waarbinne Paulus bedien het, kan die volgende afleidings gemaak word:

✝ Daar bestaan geen rede om te aanvaar dat die algemene publiek van die destydse mediterreense mense homoseksuele verhoudings van watter aard ook al as aanvaarbaar sou sien nie. Die teendeel blyk eerder waar te wees.

---

1181 Bimson, J. J., J. P. Kane, J. H. Paterson, D. J. Wiseman, and D. R. W. Wood, **New Bible Atlas,** [England: Inter-Varsity Press], Leicester, 2000, c1985.

1182 Du Rand Jan A, **Want die Einde is naby,** p 43, [Bybelkor], Wellington, 1997.

1183 Aune, David, **Word Biblical Commentary, Volume 52a: Revelation 1-5,** [Word Books, Publisher], Dallas, Texas, 1998.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)


- ✝ Volgens die antropologie van die destydse mediterreense mens het iemand se optrede vir hom/haar 'n sekere identiteit gegee. Die begrip "homoseksuele oriëntasie" as beskrywing van die "identiteit" van 'n homoseksuele persoon hoef dus nie vir hulle bekend te gewees het nie. Indien 'n persoon homoseksualiteit beoefen het, het dit vir hom/haar die identiteit van 'n homoseksuele persoon gegee.
- ✝ Daar bestaan nie genoegsame bewyse om te beweer dat tempel-homoseksuele praktyke (homoseksuele tempelprostitusie) gedurende die Grieks-Romeinse tyd van Paulus se bediening plaasgevind het nie.
- ✝ Soos reeds in 'n vorige hoofstuk gewys is, was homoseksuele verhoudings (of huwelike) van liefde en trou 'n bekende verskynsel. Nie alleen het homoseksuele huwelike voorgekom nie, maar ook lesbiese huwelike was bekend.
- ✝ Sulke verhoudings het voorgekom in al drie stede aan wie Paulus skryf, nl Rome, Korinte en Efese.

Met hierdie kennis tot ons beskikking kan eksegese oor die drie betrokke gedeeltes gedoen word. Die eerste gedeelte waarby stilgestaan sal word, is Rom 1:18-32.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# 9

# Die Skrif as hermeneutiese sleutel: Pauliniese en Deutero-Pauliniese Getuienis – Romeine 1

"Dit is heel waarskynlik dat Paulus ... egbreuk in gedagte gehad het,
en so ook die hele dekadensie waaraan die hoë klas in Rome
hulle skuldig gemaak het ...
Nou behoort dit vir die leser reeds duidelik te wees dat
Paulus nie hier praat oor 'normale' homoseksuele verhoudings nie".
- Ralph Barnard -

Wanneer oor enige etiese of morele saak nagedink word kan dit nie sinvol gedoen word, indien die ter sprake Skrifgedeeltes nie ook onder eksegese geneem word nie. Deur dit te doen word gepoog om die debat rakende moraliteit oor homoseksuele huwelike en –verhoudings binne konteks te plaas. Dit word nie gedoen om homofobie aan te blaas nie. Ook word dit nie gedoen om van teologie 'n marionet van die hedendaagse kultuur te maak nie.

Die eksegese wat hieronder volg moet uit die aard van die saak binne die voorafgaande hoofstuk as konteks gelees word. 'n Verdere motivering vir die bestudering van die teks van Paulus aan die Christene in Rome is die nou reeds bekende getuienis wat gevind is van homoseksuele huwelike in Rome (maw homoseksuele oriëntasie onder mense). Met die vorige hoofstuk as agtergrond behoort heelwat "onsekerhede" oor die betrokke tekste uit die weg geruim te word. In

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

hierdie hoofstuk sal spesifiek die plasing van Rom 1:18vv binne die konteks van die breër Romeine boek ge-evalueer word.

### 1. Romeine 1:18-32

**Standpunt:** Romeine 1 praat nie van permanente homoseksuele verhoudings van liefde en trou nie, maar van tempel-homoseksuele praktyke en losbandigheid.

**Eksegetiese beredenering:** In 'n poging om die beredenering van diegene wat ten gunste van homoseksuele huwelike en –verhoudings is aan te dui, sal die basiese hoof argumentering wat in hul eksegese rakende Rom 1 na vore kom, uitgelig word. Die eerste hoof fokuspunt is dat Paulus dit teen doelbewuste opstand teen God het.

**'n Teologiese Konteks:** Volgens voorstanders van homoseksuele huwelike en –verhoudings moet onthou word dat Rom 1:18-32 van "doelbewuste" opstand teen God praat. Sulke opstand is nie ter sprake in die geval van Christene met 'n homoseksuele identiteit nie.[1] Dit is Paulus se verhaal van die "sondeval", maw sy weergawe van die skeppingsverhale van Gen 1-3. As motivering vir hierdie argument word gewys dat Adam eers in hoofstuk 5 ter sprake kom en dan in kontras met Christus.[2]

Sonde is eerder universeel (vir beide Jode en heidene) en daarom verdien die hele mensdom God se straf. Die ware aard van die

[1] Onbekende opstellers,**Kommentaar van SKLAS op die verslag pastoraat aan die Homoseksuele Persoon**, p8, Ongedateer; Verslag van die Kommissie vir Leer en Aktuele Sake van die Nederduitse Gereformeerde Kerk Suid- en Wes-Kaap, **Pastoraat aan die Homoseksuele Persoon**, p 11-12, Ongepubliseer, 1999.

[2] Scroggs Robin, **The New Testament and Homosexuality**, p 110, [Fortress Press], Philadelphia, 1984.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

karakter van die mensdom se val is hulle gebrek aan insig om God as God te erken en daarom bly hulle in die duister (1:21). [3] Sondaars is mense wat in 'n valse droom lewe dat hulle op die regte pad is, terwyl hulle in werklikheid op die verkeerde pad is. [4] Diegene wat dan in hierdie valse wêreld lewe ervaar God se oordeel. Dit is hel om weg van God te leef (1:28-32). [5]

Binne die konteks van Rom 1-3 moet die fokus op die eskatologiese denke van Paulus geplaas word. Die prentjie van die diepe verval en tragiese sondigheid van die mens, is in wese die agtergrond wat Paulus gebruik om die evangelie van God se genade uit te wys (Rom 11:32).[6] Verlossing is daarom genade aan alle mense (Rom 3:23-24).[7]

'n Volgende moment in die beredenering ten gunste van homoseksuele huwelike en –verhoudings is dat Paulus gekant was teen homoseksuele praktyke wat binne die heidense kultusse plaasgevind het (tempel-homoseksuele prostitusie en -promiskuïteit).[8] Paulus is in wese besig met **Hellenisties-Joodse propaganda** teen die heidene.[9] Scroggs beroep hom op die Wysheid

---

[3] Scroggs Robin, **The New Testament and Homosexuality,** p 111, [Fortress Press], Philadelphia, 1984.

[4] Scroggs Robin, **The New Testament and Homosexuality,** p 111, [Fortress Press], Philadelphia, 1984.

[5] Scroggs Robin, **The New Testament and Homosexuality,** p 112-113, [Fortress Press], Philadelphia, 1984.

[6] Verslag van die Kommissie vir Leer en Aktuele Sake van die Nederduitse Gereformeerde Kerk Suid- en Wes-Kaap, **Pastoraat aan die Homoseksuele Persoon,** p 15, Ongepubliseer, 1999.

[7] Scroggs Robin, **The New Testament and Homosexuality,** p 110, [Fortress Press], Philadelphia, 1984

[8] Botha Willie, **Die Christen en homoseksualiteit**, p 8, [UP – SEVTO], Pretoria, Februarie 1992.

[9] Coleman P, **Christian Attitudes to Homosexuality**, [SPCK], 1980; Cranfield CEB , **The Epistle to the Romans**, p 105, 126-127, [T&T Clark], Edinburg, 1975; Scroggs Robin, **The New Testament and Homosexuality,** p 116, [Fortress Press], Philadelphia, 1984

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

van Salomo en dan spesifiek hoofstukke 13 en 14. Hierin word dieselfde sondelyste gegee as dié wat Paulus noem. Hierdie sondes het hoofsaaklik binne die konteks van afgodery plaasgevind. Daarom moet Paulus se weergawe van die betrokke teks eerder in konteks van Paulus as Jood gelees en verstaan word.[10] Die gedeelte in Rom 1:18-32 het daarom geen negatiewe etiese implikasies nie. Die rede hiervoor is dat die agtergrond uit die Joods-Hellenistiese tradisie kom, en nie op grond van immorele en onetiese optredes onder die destydse Christene in Rome nie. [11] Paulus praat in Rom 1 van pederastie. Pederastie is nie verkeerd omdat dit seks tussen twee mense van dieselfde geslag is nie, maar eerder omdat dit magsmisbruik behels. Daar is gebrek aan wedersydse liefde en trou tussen twee mense en dit lei tot emosionele vernedering van 'n jongman.[12]

**Homoseksuele oriëntasie:** Die "natuur" (φυσιν) waarvan Paulus hier praat het hy destyds in terme van hoe God mense geskep het, verstaan – vir hom was dit manlik en vroulik. Verder was dit algemene praktyk onder die destydse Grieks-Romeinse gemeenskap om hierdie begrip te gebruik in hul veroordeling van pederastie.[13]

---

[10] Report of the Commission on Church and Theology to the General Synod of the Reformed Churches in the Netherlands, p19, Bentheim 1981; Scroggs Robin, **The New Testament and Homosexuality,** p 112, [Fortress Press], Philadelphia, 1984. In 'n vorige hoofstuk is aangedui dat hierdie sondes nie nét in die konteks van afgodery genoem word nie, maar ook in terme van dit wat in die private woning gebeur het

[11] Scroggs Robin, **The New Testament and Homosexuality,** p 116, [Fortress Press], Philadelphia, 1984

[12] Scroggs Robin, **The New Testament and Homosexuality,** p 114-117, [Fortress Press], Philadelphia, 1984; Tannahill R, **Sex in history**, p 86, [Hoolen Press Ltd], Berkshire, 1980 ; Vanggaard T, **Phallos: a Symbol and its history in the male world**, p 127, [Jonathan Cape, 1972

[13] Bailey DS, **Homosexuality and the Western Christian Tradition**, p 30-31, [Longmans Green], 1955

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Biologies is heteroseksualiteit wel die "normale".[14] Wanneer hy hier oor dit wat teen die natuur is (παρα φυσιν) praat, moet Paulus eerder in die konteks van die moraal filosowe gelees word.[15] Sy reaksie teen homoseksuele verhoudings is nié vanuit 'n Christelike perspektief nie.[16] Paulus het nie die natuurlike skeppingsorde van geslagtelikheid in gedagte nie.[17] Dit is eerder natuurlik om jou nie oor te gee aan losbandigheid in terme van seksualiteit nie.[18] Binne vandag se konteks is dit so dat "ons weet" dat God mense "met 'n homoseksuele oriëntasie" maak. Hulle natuur is daarom homoseksueel.[19]

Homoseksuele oriëntasie moet ook verstaan word in dié sin dat God meer as een vorm van seksualiteit gemaak het. Gedurende die antieke tyd was drie vorme van seksualiteit bekend. Dit is manlik, vroulik en daardie tipe geslagtelikheid waar 'n manlike en 'n vroulike geslagsorgaan by een persoon aanwesig was. Hierdie geslagtelikheid staan as hermafroditus bekend.[20] Die verduideliking vir die bestaan van hermafrodiete was dat die oorspronklike mense teen Zeus in opstand gekom het. Hy het hulle in twee dele opgesny. Daardie opgesnyde mans wat hul ander helfte in 'n man gevind het, is seksueel aangetrokke tot 'n man (homoseksuele oriëntasie), terwyl

---

[14] Webblad van die NG Gemeente Wynberg, **Homoseksualiteit**, p 7, www.ngkerkwynberg.co.za/homoseksualitteit.

[15] Webblad van die NG Gemeente Wynberg, **Homoseksualiteit**, p 7-8, www.ngkerkwynberg.co.za/homoseksualitteit.

[16] Via Dan O & Gagnon Robert AJ, **Homosexuality and the Bible**, p 14, [Fortress Press] Minneapolis, 2003. Dit is natuurlik 'n weerspreking deur sommige voorstanders van homoseksuele huwelike dat die destydse filosowe nie gekant was teen homoseksuele verhoudings en –praktyke nie.

[17] Verslag van die Kommissie vir Leer en Aktuele Sake van die Nederduitse Gereformeerde Kerk Suid- en Wes-Kaap, **Pastoraat aan die Homoseksuele Persoon**, p 15, Ongepubliseer, 1999.

[18] Webblad van die NG Gemeente Wynberg, **Homoseksualiteit**, p 7, www.ngkerkwynberg.co.za/homoseksualitteit.

[19] Report of the Commission on Church and Theology to the General Synod of the Reformed Churches in the Netherlands, p19, Bentheim 1981.

[20] Via Dan O & Gagnon Robert AJ, **Homosexuality and the Bible**, p 15, [Fortress Press] Minneapolis, 2003.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

dieselfde dan ook op vroue van toepassing is. Waar mense egter 'n kombinasie van beide manlik en vroulik is, is hul oriëntasie hermafroditus.[21]

Volgens voorstanders van homoseksuele huwelike het Paulus as filosoof van bogenoemde mitologie kennis gehad. Met **παρα φυσιν** gebruik Paulus presies dieselfde terminologie as wat Plato by tye gebruik het. Paulus gebruik die begrip **φυσιν** eerder in terme van iemand se karakter of identiteit. Mense kan volgens hul karakter of identiteit goed of sleg wees.[22] Wanneer hy **παρα** gebruik, is die inhoud van die betekenis nie soseer "teen" of "in opposisie van" nie, maar "meer as". Paulus gebruik dieselfde frase **παρα φυσιν** later in Rom 11:24 weer. Hier (11:24) word verwys na God wat teen die natuur in handel. Daar is nie sprake van 'n morele handeling van God nie. Daarom kan **παρα φυσιν** in Rom 1 ook nie op moraliteit dui nie. Die frase moet dus eerder dui op 'n handeling wat "onverwags" is, maar nie immoreel nie.[23]

**Boswell** beweer weer dat die lesers van Rom 1 die waarheid het (beide op seksuele en geestelike gebied). Hulle is heteroseksuele wat homoseksuele dade beoefen, maar hulle kén ook die ware God. Omdat hulle beide hierdie waarhede ken, en terugval na die heidense praktyke, tree hulle teen die natuur op.[24] Paulus beskryf daarom nie soseer indiwiduele handelinge nie, maar 'n algemene toestand waar

---

21 Plato, **Symposiums, - The Greek Philosophers,** 189de, 190bc, 191ade, (World Library, INC Santa Monica) 1995; Via Dan O & Gagnon Robert AJ, **Homosexuality and the Bible**, p 23, [Fortress Press] Minneapolis, 2003.

22 Boswell John, Christianity, **Social tolerance and homosexuality**, p 110, [The University of Chicago Press], Chicago and London, 1996

23 Boswell John, Christianity, **Social tolerance and homosexuality**, p 112, [The University of Chicago Press], Chicago and London, 1996

24 Boswell John, **Christianity, Social tolerance and homosexuality**, p 109, [The University of Chicago Press], Chicago and London, 1996

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

sommige mense die wil van God oortree. Een sò 'n vorm van opstand teen God is die beoefening van enige vorm van homoseksuele verhoudings of praktyke. Homoseksuele verhoudings is daarom 'n vervalsing van die regte wyse van lewe / optrede.[25]

Wanneer Paulus dus **παρα φυσιν** gebruik, bevestig hy in wese die feit dat daar mense met verskillende seksuele oriëntasies bestaan. Wie dus van sy/haar homoseksuele oriëntasie sou afwyk, sondig teen sy/haar oriëntasie of natuur.[26]

Dit dan wat die eksegese van voorstanders van homoseksuele huwelike en –verhoudings betref. Vir die doel van hierdie studie word verdere eksegese ook gedoen.

## 2. Verdere eksegese rakende Rom 1:18-32

Dit is nie billik teenoor Paulus om Rom 1:18-32 slegs as 'n stuk Hellenisties-Judaïstiese "propaganda" af te maak nie. Dit is eerder billik om te sê dat wanneer Paulus (in enige van die drie gedeeltes wat oor homoseksualiteit handel) praat, dit vanuit die samevloei van sy Grieks-Romeinse leefwêreld, sy Palestyns-Judaïstiese leefwêreld en sy Hellenisties-Judaïstiese leefwêreld is (vgl skets soos reeds gedemonstreer). Vanuit hierdie drie vorme van leefwêrelde skets hy aan die Joodse én heidense Christengelowiges 'n alternatiewe identiteit – dié van 'n dissipel van Jesus Christus.

Eers enkele algemene strukturele opmerkings: Dit is sò dat die gedeelte totale verval en oordeel van die mensedom (vir die Jode en

---

[25] Botha PH, **The Apostle Paul and Homosexuality** – PhD verhandeling, p 62, Potchefstroom, 2004

[26] Via Dan O & Gagnon Robert AJ, **Homosexuality and the Bible**, p 23-24, [Fortress Press] Minneapolis, 2003.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

vir die heidene) as tema het (1:18–3:20). Dit dui verder hoe God se geregtigheid slegs deur geloof vir alle mense (3:21–5:21) beskikbaar is én wat dit beteken om as Christengelowige te leef (6:1–8:39). Dit loop later uit op die verdediging van God se getrouheid aan Israel (9:1–11:36). [27]

Die hele paragraaf 1:18-32 is struktureel aan die res van die boek verbind. [28]

1:18–32 word weer deur 3:9–20—saamgevat as deel van die universele aanklag;

1:18–32 begin met die verwysing na die mens se val in terme van Adam se verwerping van God se waarheid. Dit loop uit op die kontras tussen die eerste Adam en die tweede Adam (5:12–20).

> "Deur een mens het die sonde in die wêreld gekom ... maar die genade van God en die gawe wat deur die genade van die een Mens, Jesus Christus, gekom het, is veel oorvloediger aan baie geskenk" **Rom 5:12, 15**

1:18–32 die verwysing na die tragiese ongehoorsaamheid van die mens staan teenoor die hoop van verlossing vir die hele skepping (8:18–39)

1:18–32 Dui op die universele oordeel waarvan die Jode gedink het hulle is uitgesluit. In 11:25–36 word die genade bevestig aan die Jode, maar ook aan die heidene.

Die struktuur van Rom 1:18vv kan as volg uitgebeeld word:

| | | | |
|---|---|---|---|
| **1:18-20** | 18 God openbaar vanuit die hemel sy toorn oor al die goddeloosheid en ongeregtigheid van die mense wat die waarheid deur hulle ongeregtigheid probeer onderdruk. 19 Wat 'n mens van God kan weet, | 18 Ἀποκαλύπτεται γὰρ ὀργὴ θεοῦ ἀπ' οὐρανοῦ ἐπὶ πᾶσαν ἀσέβειαν καὶ ἀδικίαν ἀνθρώπων τῶν τὴν ἀλήθειαν ἐν ἀδικίᾳ κατεχόντων, 19 διότι τὸ γνωστὸν τοῦ θεοῦ φανερόν ἐστιν ἐν | God stel Hom deur die skepping binne die bereik van alle mense.[29] |

[27] Dunn, James D.G., **Word Biblical Commentary, Volume 38a: Romans 1-8,** [Word Books, Publisher], Dallas, Texas, 1998.
[28] Dunn, James D.G., **Word Biblical Commentary, Volume 38a: Romans 1-8,** [Word Books, Publisher], Dallas, Texas, 1998.
[29] Hays Rischard B, **The Moral Vision of the New Testamnet**, p 384, [T&T Clark], Edinburg, 1996.

| | | | |
|---|---|---|---|
| | was immers binne hulle bereik, want God het dit binne hulle bereik gebring. [20]Van die skepping van die wêreld af kan 'n mens uit die werke van God duidelik aflei dat sy krag ewigdurend is en dat Hy waarlik God is, hoewel dit dinge is wat 'n mens nie met die oog kan sien nie. | αὐτοῖς· ὁ θεὸς γὰρ αὐτοῖς ἐφανέρωσεν. [20]τὰ γὰρ ἀόρατα αὐτοῦ ἀπὸ κτίσεως κόσμου τοῖς ποιήμασιν νοούμενα καθορᾶται, ἥ τε ἀΐδιος αὐτοῦ δύναμις καὶ θειότης, εἰς τὸ εἶναι αὐτοὺς ἀναπολογήτους, | |
| **1:21-22** | Vir hierdie mense is daar dus geen verontskuldiging nie, [21]omdat, al weet hulle van God, hulle Hom nie as God eer en dank nie. Met hulle redenasies bereik hulle niks nie, en deur hulle gebrek aan insig bly hulle in die duister. [22]Hulle gee voor dat hulle verstandig is, maar hulle is dwaas. | [21]διότι γνόντες τὸν θεὸν οὐχ ὡς θεὸν ἐδόξασαν ἢ ηὐχαρίστησαν, ἀλλ' ἐματαιώθησαν ἐν τοῖς διαλογισμοῖς αὐτῶν καὶ ἐσκοτίσθη ἡ ἀσύνετος αὐτῶν καρδία. [22]φάσκοντες εἶναι σοφοὶ ἐμωράνθησαν | Mense weet van God, maar deur middel van filosofiese denke verwerp hulle die ware God. Dit is die mensdom se "ongeregtigheid (1:18).[30] |
| **1:23** | [23]In die plek van die heerlikheid van die onverganklike God stel hulle beelde wat lyk soos 'n verganklike mens of soos voëls of diere of slange. | [23]καὶ ἤλλαξαν τὴν δόξαν τοῦ ἀφθάρτου θεοῦ ἐν ὁμοιώματι εἰκόνος φθαρτοῦ ἀνθρώπου καὶ πετεινῶν καὶ τετραπόδων καὶ ἑρπετῶν. | Die mensdom ignoreer die bewyse van God se openbaring en dien afgode in plaas van God.[31] |
| **1:24-27** | [24]Daarom gee God hulle aan die drange van hulle hart oor en aan sedelike onreinheid, sodat hulle hulle liggame onder mekaar onteer. [25]Dit is hulle wat die waarheid van God verruil vir die leuen. Hulle dien en vereer die skepsel in plaas van die Skepper, aan wie die lof toekom vir ewig. Amen. [26]Daarom gee God hulle oor aan skandelike drifte. Hulle vroue verander die natuurlike omgang in 'n teen-natuurlike omgang. [27]Net so laat vaar die mans ook die natuurlike omgang met die vrou en brand van begeerte vir | [24]Διὸ παρέδωκεν αὐτοὺς ὁ θεὸς ἐν ταῖς ἐπιθυμίαις τῶν καρδιῶν αὐτῶν εἰς ἀκαθαρσίαν τοῦ ἀτιμάζεσθαι τὰ σώματα αὐτῶν ἐν αὐτοίς· [25]οἵτινες μετήλλαξαν τὴν ἀλήθειαν τοῦ θεοῦ ἐν τῷ ψεύδει καὶ ἐσεβάσθησαν καὶ ἐλάτρευσαν τῇ κτίσει παρὰ τὸν κτίσαντα, ὅς ἐστιν εὐλογητὸς εἰς τοὺς αἰῶνας, ἀμήν. [26]Διὰ τοῦτο παρέδωκεν αὐτοὺς ὁ θεὸς εἰς πάθη ἀτιμίας, αἵ τε γὰρ θήλειαι αὐτῶν μετήλλαξαν τὴν φυσικὴν χρῆσιν εἰς τὴν παρὰ φύσιν, [27]ὁμοίως τε καὶ οἱ | God gee hierdie mense oor aan:<br>✝ Passie uit selfbegeer-tes<br>✝ Skandelike drifte<br>✝ Onnatuur-like sek-suele omgang<br>✝ Verdraaide opvattings |

[30] Hays Rischard B, **The Moral Vision of the New Testamnet**, p 384, [T&T Clark], Edinburg, 1996.
[31] Hays Rischard B, **The Moral Vision of the New Testamnet**, p 384, [T&T Clark], Edinburg, 1996.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

| | | | |
|---|---|---|---|
| | mekaar. Mans pleeg skandelikhede met mans en bring oor hulleself die verdiende straf vir hulle perversiteit. | ἄρσενες ἀφέντες τὴν φυσικὴν χρῆσιν τῆς θηλείας ἐξεκαύθησαν ἐν τῇ ὀρέξει αὐτῶν εἰς ἀλλήλους, ἄρσενες ἐν ἄρσεσιν τὴν ἀσχημοσύνην κατεργαζόμενοι καὶ τὴν ἀντιμισθίαν ἣν ἔδει τῆς πλάνης αὐτῶν ἐν ἑαυτοῖς ἀπολαμβάνοντες. | |
| **1:28-31** | [28]En omdat hulle dit van geen belang ag om God te ken nie, gee Hy hulle oor aan hulle verdraaide opvattings, sodat hulle doen wat onbetaamlik is. [29]Hulle is een en al ongeregtigheid, slegtheid, hebsug en gemeenheid; hulle is vol jaloesie, moord, twis, bedrog en kwaadwilligheid. Hulle skinder en [30]praat kwaad; hulle haat God, hulle is hooghartig, aanmatigend, verwaand; hulle is mense wat kwaad uitdink, ongehoorsaam aan hulle ouers; [31]hulle is onverstandig, onbetroubaar, liefdeloos, hardvogtig. | [28]Καὶ καθὼς οὐκ ἐδοκίμασαν τὸν θεὸν ἔχειν ἐν ἐπιγνώσει, παρέδωκεν αὐτοὺς ὁ θεὸς εἰς ἀδόκιμον νοῦν, ποιεῖν τὰ μὴ καθήκοντα, [29]πεπληρωμένους πάσῃ ἀδικίᾳ πονηρίᾳ πλεονεξίᾳ κακίᾳ, μεστοὺς φθόνου φόνου ἔριδος δόλου κακοηθείας, ψιθυριστάς [30]καταλάλους θεοστυγεῖς ὑβριστὰς ὑπερηφάνους ἀλαζόνας, ἐφευρετὰς κακῶν, γονεῦσιν ἀπειθεῖς, [31]ἀσυνέτους ἀσυνθέτους ἀστόργους ἀνελεήμονας· | Allerhande negatiewe gedrag wat voortspruit uit die verwerping van God |
| **1:32** | [32]Hulle is mense wat die verordening van God ken dat dié wat sulke dinge doen, die dood verdien, en tog doen hulle nie net self hierdie dinge nie, maar hulle vind dit ook goed as ander dit doen. | [32]οἵτινες τὸ δικαίωμα τοῦ θεοῦ ἐπιγνόντες ὅτι οἱ τὰ τοιαῦτα πράσσοντες ἄξιοι θανάτου εἰσίν, οὐ μόνον αὐτὰ ποιοῦσιν ἀλλὰ καὶ συνευδοκοῦσιν τοῖς πράσσουσιν. | Maar mense wat die wil van God ken doen dit selfs en steur hulle nie aan God se wil nie. Hulle praat selfs sulke gedrag goed |
| **2:1-4** | Daarom is daar vir jou geen verontskuldiging nie, vir jou, mens wat 'n ander veroordeel, wie jy ook al is. Deurdat jy oor 'n ander 'n oordeel uitspreek, veroordeel jy jouself, want jy wat veroordeel, doen dieselfde dinge (τὰ γὰρ αὐτὰ πράσσεις). [2]Ons weet dat God regverdig handel wanneer Hy mense wat sulke dinge doen, veroordeel. [3]Maar jy, mens, wat | Διὸ ἀναπολόγητος εἶ, ὦ ἄνθρωπε πᾶς ὁ κρίνων· ἐν ᾧ γὰρ κρίνεις τὸν ἕτερον, σεαυτὸν κατακρίνεις, τὰ γὰρ αὐτὰ πράσσεις ὁ κρίνων. [2]οἴδαμεν δὲ ὅτι τὸ κρίμα τοῦ θεοῦ ἐστιν κατὰ ἀλήθειαν ἐπὶ τοὺς τὰ τοιαῦτα πράσσοντας. [3]λογίζῃ δὲ τοῦτο, ὦ ἄνθρωπε ὁ κρίνων τοὺς τὰ τοιαῦτα πράσσοντας καὶ ποιῶν αὐτά, ὅτι σὺ ἐκφεύξῃ τὸ κρίμα τοῦ θεοῦ; [4]ἢ τοῦ | Maar jy is self ook skuldig aan hierdie dinge |

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

| | | | |
|---|---|---|---|
| | ander veroordeel wat sulke dinge doen, en jy doen dit self (καὶ ποιῶν αὐτά), verbeel jy jou dat jy aan die oordeel van God sal ontkom? [4]God is ryk in goedheid, verdraagsaamheid en geduld! Sê dit vir jou niks nie? Besef jy nie dat God jou deur sy goedheid tot bekering wil lei nie? | πλούτου τῆς χρηστότητος αὐτοῦ καὶ τῆς ἀνοχῆς καὶ τῆς μακροθυμίας καταφρονεῖς, ἀγνοῶν ὅτι τὸ χρηστὸν τοῦ θεοῦ εἰς μετάνοιάν σε ἄγει; | |

Teen hierdie tyd is dit bekend dat Paulus aan 'n groep Christene in Rome skryf waarvan die meerderheid op daardie stadium uit die heidendom kom. Tog was daar ook 'n minderheid groep Joodse Christene. Paulus poog dus soms om sommige geloofswaarhede ook vanuit die Joodse konteks aan die heidense Christene te verduidelik. Hy trek ook duidelike lyne dat die Jode nie beter as die heidene in terme van verlossing in Jesus Christus is nie. Dit bly egter belangrik om te onthou dat die grootste deel van die gemeente in Rome Christene was wat vroeër deel gehad het aan die heidense gewoontes en praktyke. Hulle het ook kennis gehad van seksuele praktyke onder die ander heidene. Met dit as vertrekpunt, behoort Rom 1:18-32 in verklaring geneem te word.

## 2.1. Romeine 1:23

Die eerste vraag wat beantwoord moet word, is of ons hier sprake het van tempel-homoseksualiteit: Dit is 'n korrekte interpretasie dat Paulus hier aan sy lesers (hoofsaaklik Christene wat uit die heidendom kom) op die algehele verdorwenheid van die mensdom wys.[32] Die verdorwenheid van die mense word sigbaar in die feit dat

[32] Hays Rischard B, **The Moral Vision of the New Testament**, p 385, [T&T Clark], Edinburg, 1996; Jonker, W.D., **Die Brief aan die Romeine**, [Lux Verbi], Kaapstad, 1966.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

hulle God verlaat en hulle met slim argumente hulle eie afgode skep – afgodediens (1:22-23 – Wysheid van Salomo 13-15 is waarskynlik die teologiese agtergrond vir Paulus se beredenering[33]).

> [23]In die plek van die heerlikheid van die onverganklike God stel hulle beelde wat lyk soos 'n verganklike mens of soos voëls of diere of slange - ἤλλαξαν τὴν δόξαν τοῦ ἀφθάρτου θεοῦ ἐν ὁμοιώματι εἰκόνος φθαρτοῦ ἀνθρώπου καὶ πετεινῶν καὶ τετραπόδων καὶ ἑρπετῶν, **1:23.**

Dit is onwaarskynlik dat die teks oor tempelpraktyke handel. Paulus verwys hier polemies na die dwaasheid van die aanbidding van afgode deur die heidene, die groep waaruit die Christene van Rome gekom het.[34] Daar is hier dus in die eerste plek nie sprake van kultiese praktyke in die "tempels" nie, maar die "algemene heidense kultuur van afgodery" in die destydse gemeenskap in plaas van 'n "kultuur of gemeenskap waar God aanbid" word (Jer 2:11).[35] Die gebruik van ἤλλαξαν τὴν δόξαν τοῦ ἀφθάρτου θεοῦ ἐν ὁμοιώματι εἰκόνος bevestig dat dit om 'n "innerlike gesindheid" van die gemeenskap gaan wat in die plek van die ware God iets "anders" gevind het (al maak hulle dit self). In plaas dat die samelewing 'n gesindheid het waar God deur hulle geëer word (τὴν δόξαν τοῦ ἀφθάρτου θεοῦ), het hulle wegbeweeg (ἤλλαξαν) om God nie te eer nie.[36] Afgodery in

---

[33] Witherington Ben, **Paul's Letter to the Romans – A Social-Rethorical Commentary**, p 63, [WB Eerdmans Publishing Co], Grand Rapids, 2004.

[34] Dunn, James D.G., **Word Biblical Commentary, Volume 38a: Romans 1-8**, [Word Books, Publisher], Dallas Texas, 1998; .

[35] Dunn, James D.G., **Word Biblical Commentary, Volume 38a: Romans 1-8**, [Word Books, Publisher], Dallas Texas, 1998.; Kasemann Ernst, **Commentary on Romans,** p 45, [SCM Pres Ltd], Grand Rapids, 1980; Newman and Nida, **A Translator's Handbook on the Letter to the Romans**, 25, [United Bible Society], 1973.

[36] Brooten Bernadette J, **Love Between Women,** p 231-232, [The University of Chicago Press], Chicago, 1996; Kasemann Ernst, **Commentary on Romans,** p 45-46, [SCM Pres Ltd], Grand Rapids, 1980. Brooten wys daarop dat Paulus terugval op die skeppingstaal. Sy stem saam dat dit in 1:23 & 25 nie oor die fisiese tempelaanbidding gaan nie. Dit gaan eerder vir haar in 1:24 om wellus en seksuele

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

hierdie konteks (sowel as die res van Romeine) is daarom die "nie-aanbidding" van die ware God. Die verwysing na die beelde is sekondêr aan die gedagte waaroor dit hier gaan.[37]

Dit beteken met ander woorde dat hoewel hierdie afgode gemaak is, dit nie impliseer dat dit om tempelaanbidding gaan nie, maar eerder om 'n "algemene gees" waarbinne die destydse heidene geleef het en waaruit die Christene tot bekering gekom het. In hierdie konteks moet **weer herhaal word** dat daar geen bewyse uit die destydse meditereense wêreld gevind is dat tempel-homoseksualiteit òf tempel-homoseksuele prostitusie in daardie kultusse plaasgevind het nie. Die enigste aanvaarbare motivering waarom sommige pro-gay geleerdes na bogenoemde twee sogenaamde vorme van homoseksuele praktyke in tempels verwys, is waarskynlik vanweë 'n anakronistiese sprong wat vanuit die oer- Assiriese en Babiloniese kulture gemaak is. Dit is reeds vroeër deeglik behandel.

## 2.2. Romeine 1:24

24Daarom gee God hulle aan die drange van hulle hart oor en aan sedelike onreinheid, sodat hulle hulle liggame onder mekaar onteer - 24Διὸ παρέδωκεν αὐτοὺς ὁ θεὸς ἐν ταῖς' πιθυμίαις τῶν καρδιῶν αὐτῶν εἰς ἀκαθαρσίαν τοῦ ἀτιμάζεσθαι τὰ σώματα αὐτῶν ἐν αὐτοίς.

'n Belangrike perspektief uit Rom 1 wat deur die meeste voorstanders van homoseksuele huwelike en -verhoudings misgekyk word, is dat die homoseksuele praktyke nie "in" die kultus plaasvind nie, maar juis 'n

onreinheid. Daardeur laat sy dus die deur oop om homoseksuele (en lesbiese) verhoudings vanuit die Skrif te regverdig solank dit net "in liefde en trou" sou plaasvind.

[37] Kasemann Ernst, **Commentary on Romans,** p 46, [SCM Pres Ltd], Grand Rapids, 1980.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

gevolg is van die mensdom se wegdraai van God (maw die mens se algehele verdorwenheid).[38] Paulus waarsku nie die lesers dat hierdie dinge (God se oordeel 1:18) oor hulle sal kom "as" hulle hierdie dinge doen nie. Vir hom is dit 'n uitgemaakte saak: Die ongeregtigheid van die mense is reeds God se oordeel oor die mense wat Hom nie wil ken nie. [39]Dit word bevestig met die herhaling van (daarom gee God hulle oor) Διὸ παρέδωκεν αὐτοὺς ὁ θεὸς en Διὰ τοῦτο παρέδωκεν αὐτοὺς ὁ θεὸς (1:24, 26, 28). God se "oorgee" behoort waarskynlik in terme van 'n Joodse idioom verstaan te word. Dit beteken waarskynlik dat jou "gees / ingesteldheid" oorgegee is/word. Die implikasie hiervan is dat beheer aan jou oorgegee word, sodat jy self vrywillig kan besluit wat jy wil doen – jy kan dus kies om God se wil te ignoreer, al ken jy dit.[40] Dit is nie meer Hy wat die mense se optredes beheer nie. Hy het dit volledig aan die mense self oorgegee.[41] Die gebruik van ἐπιθυμίαις[42] dui hier op selfsugtige begeertes (of die wens)[43] om die verkeerde dinge te doen.

---

[38] Dunn, James D.G., **Word Biblical Commentary, Volume 38a: Romans 1-8**, [Word Books, Publisher], Dallas Texas, 1998.

[39] Hays Rischard B, **The Moral Vision of the New Testament**, p 385, [T&T Clark], Edinburg, 1996

[40] Louw, Johannes P. and Nida, Eugene A., **Greek-English Lexicon of the New Testament based on Semantic Domains,** [United Bible Societies], New York, 1988, 1989.

[41] Dunn, James D.G., **Word Biblical Commentary, Volume 38a: Romans 1-8**, [Word Books, Publisher], Dallas Texas, 1998; Emmerton JA & Cranfield CEB, **Romans I (I-VIII)**, p120, [T&T Clark], Edinburgh, 1977.

[42] Dit eerder op die toestand waartoe die mense verval het - Emmerton JA & Cranfield CEB, **Romans I (I-VIII)**, p120, [T&T Clark], Edinburgh, 1977; Gagnon Robert AJ, **The Bible and Homosexual Practice – Text and Hermeneutics**, p 232, [Abingdon Press], Nashville, 2001. Paulus gebruik die begrip dikwels in die negatiewe sin waar die sondige konflik tussen die "vlees" en die "gees" van die mens aangedui word (Rom 6:12; 13:14; gal 5:16-24; Ef 2:3; 4:22). Paulus het die begrip met ander woorde nooit nét in terme van seksuele begeertes gebruik nie. Die gevolg van sy gebruik van die begrip in 1:24 waar die mens altyd wens om sy eie ding te doen loop noodwendig uit op die verkeerde seksuele gedrag van 1:25-27.

[43] Louw, Johannes P. and Nida, Eugene A., **Greek-English Lexicon of the New Testament based on Semantic Domains,** [United Bible Societies], New York, 1988, 1989. Daar is nie net 'n negatiewe waarde aan die begrip nie. In Luk 15:22 gebruik Jesus dit in 'n positiewe konteks.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Paulus werk nog steeds met die algehele verdorwendheid van die mensdom.[44]

Paulus se gebruik van ἀκαθαρσίαν τοῦ ἀτιμάζεσθαι τὰ σώματα αὐτῶν ἐν αὐτοῖς·kan waarskynlik op die gebrek aan respek vir die rede waarvoor jou liggaam geskape is, dui.[45] Hierdie gebrek aan respek vir jou liggaam lei dikwels tot immorele gedrag.[46] In terme van die mens se verdorwenheid gee God die mens dus "oor aan sy begeertes" in dié sin dat Hy aanvaar dat die mens vry van God se beperkinge wil leef en eerder self die besluite vir sy/haar eie lewe wil neem (vgl Gen 3).[47] Wanneer mense, selfs gelowiges, op sekere terreine van hulle lewe hul buite die wil van God plaas, aanvaar Hy dit so.[48] Paulus veroordeel met ander woorde daardie dade wat mense weer onder 'n las sou plaas (vgl Rom 6:1-2). Dit bevestig die uitgangspunt dat ons in Rom 1 nie sprake het van kultiese homoseksualiteit nie. Seremoniële en kultiese wette is nie hier ter sprake nie, maar die saak van moraliteit.[49] Rom 1:24 moet

---

[44]Dunn, James D.G., **Word Biblical Commentary, Volume 38a: Romans 1-8**, [Word Books, Publisher], Dallas Texas, 1998.

[45]Dunn, James D.G., **Word Biblical Commentary, Volume 38a: Romans 1-8**, [Word Books, Publisher], Dallas Texas, 1998.

[46] Brooten Bernadette J, **Love Between Women,** p 234-237, [The University of Chicago Press], Chicago, 1996; Douglas Mary, **Purity and Danger: An Analysis of the concepts of pollution and taboo,** p 55, [Routledge and Kegan], London, 1966; Iets was destyds as onrein beskou wanneer dit niè voldoen het /onvolmaak was aan die "klas" waaraan dit behoort het nie. Dit beteken dus dat vroue onrein was indien hul nie ook op seksuele gebied volmaak was aan die fisiologiese wyse waarop hulle geskep was nie. Dieselfde het vir mans gegeld. Homoseksuele- en lesbiese verhoudings is daarom volgens die destydse antropologie as immoreel en onrein beskou. Gagnon Robert AJ, **The Bible and Homosexual Practice – text and Hermeneutics**, p 232, [Abingdon Press], Nashville, 2001; Louw, Johannes P. and Nida, Eugene A., **Greek-English Lexicon of the New Testament based on Semantic Domains,** [United Bible Societies], New York, 1988, 1989. Die konteks van wat 1:24 met 1;26-27 het dui op die seksuele verband wat hier ter sprake is.

[47] Dunn, James D.G., **Word Biblical Commentary, Volume 38a: Romans 1-8**, [Word Books, Publisher], Dallas Texas, 1998.

[48] Dunn, James D.G., **Word Biblical Commentary, Volume 38a: Romans 1-8**, [Word Books, Publisher], Dallas Texas, 1998.

[49] Gagnon Robert AJ, **The Bible and Homosexual Practice – Text and Hermeneutics**, p 233, [Abingdon Press], Nashville, 2001.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

ook gelees word binne die sekondêre konteks van die groep ander sondes wat in 1:28-31 genoem word. [50]

Daarom behoort die "oorgee" soos Paulus dit beskryf binne sy eie siening van God se verlossende handeling gesien word.[51] Vir hom is die "oorgee van gelowiges" wat aan sonde verslaaf is, dikwels die proses waardeur God hulle weer van hul sonde vrymaak of "red" en na die regte pad terugbring (1 Kor 5:5; 1 Tim 1:20). Daar bestaan geen twyfel nie dat sy lesers uit die heidense beskawings dikwels teruggeval het in hul ou heidense gewoontes. [52]

## 2.3. Romeine 1:25

> Dit is hulle wat die waarheid van God verruil vir die leuen. Hulle dien en vereer die skepsel in plaas van die Skepper aan wie die lof toekom vir ewig. Amen. - [25]οἵτινες μετήλλαξαν τὴν ἀλήθειαν τοῦ θεοῦ ἐν τῷ ψεύδει καὶ ἐσεβάσθησαν καὶ ἐλάτρευσαν τῇ κτίσει παρὰ τὸν κτίσαντα, ὅς ἐστιν εὐλογητὸς εἰς τοὺς αἰῶνας, ἀμήν.

Ook hierdie gedeelte bevestig dat ons hier nié met kultushandelinge te doen het nie, maar met afgodediens in die algemeen. In teologie is dit 'n herhaling van 1:23. In hierdie teks vind ons drie dinge, nl:[53]

- ✝ Dit dui op die mense wat hul rug op God keer.
- ✝ Dit dui op die sigbare geestelike simbole van mense wat hul rug op God gekeer het.

---

[50] Gagnon Robert AJ, **The Bible and Homosexual Practice – Text and Hermeneutics**, p 233, [Abingdon Press], Nashville, 2001.

[51] Dunn, James D.G., **Word Biblical Commentary, Volume 38a: Romans 1-8**, [Word Books, Publisher], Dallas Texas, 1998.

[52] Dunn, James D.G., **Word Biblical Commentary, Volume 38a: Romans 1-8**, [Word Books, Publisher], Dallas Texas, 1998.

[53] Johnson Timothy Luke, **Reading Romans – A Literary and Theological Commentary**, p 30- 35, [Crossroad Publishing Company], New York, 1996; Murray John, **The Epistle to the Romans,** p 45, [Wm B Eerdmans Publishing CO], Grand Rapids, 1984; Witherington Ben, **Paul's Letter to the Romans – A Social-Retorical Commentary**, p 58-67, [WB Eerdmans Publishing Co], Grand Rapids, 2004.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

- ✝ Dit dui op hul geestelike perversiteit (omdat hulle God nie dien en eer nie).

Met τὴν ἀλήθειαν τοῦ θεοῦ word waarskynlik na God as die Skepper en die waarheid wat uit sy skepping oor Hom en hoe Hy geskep het na vore kom.[54] Dit is hierdie waarheid wat verruil word vir die leuen. Dit is met ander woorde ook 'n leuen wat die aard van sy skepping bevraagteken. Wanneer mense God as die Skepper nie meer aanbid nie en daarmee saam ook sy handewerk in die skepping nie meer raaksien en sò respekteer nie, is afgodediens wat gepaard gaan met ongewensde seksuele praktyke (wat nie in ooreenstemming is met die wyse waarop Hy geskep het) in 'n gemeenskap geen verrassing nie.[55]

## 2.4. Romeine 1:26

Meeste kommentatore is dit eens dat Rom 1:26-27 van homoseksuele en lesbiese verhoudings praat.[56]

> Daarom gee God hulle oor aan skandelike drifte. Hulle vroue verander die natuurlike omgang in 'n teen-natuurlike omgang - [26]Διὰ τοῦτο παρέδωκεν αὐτοὺς ὁ θεὸς εἰς πάθη ἀτιμίας, αἵ τε γὰρ θήλειαι αὐτῶν μετήλλαξαν τὴν φυσικὴν χρῆσιν εἰς τὴν παρὰ φύσιν,

---

[54] Fitsmyer Joseph, **Spiritual Exercises based on Paul's Epistle to the Romans**, p 31-38, [WB Eerdmans Publishing Co], Grand Rapids, 1995; Murray John, **The Epistle to the Romans,** p 45, [Wm B Eerdmans Publishing CO], Grand Rapids, 1984; Newman and Nida, **A Translator's Handbook on the Letter to the Romans**, p 26, [United Bible Society], 1973; Witherington Ben, **Paul's Letter to the Romans – A Social-Retorical Commentary**, p 58-67, [WB Eerdmans Publishing Co], Grand Rapids, 2004.

[55]Dunn, James D.G., **Word Biblical Commentary, Volume 38a: Romans 1-8**, [Word Books, Publisher], Dallas Texas, 1998; Witherington Ben, **Paul's Letter tot he Romans – A Social-Rethorical Commentary**, p 58-67, [WB Eerdmans Publishing Co], Grand Rapids, 2004.

[56] Thiselton Anthony A, **Can Hermeneutics ease the deadlock? Some Biblical Exegesis and Hermeneutical Models**, p 176, [SCM Press], Cambridge, 1997

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Immoraliteit is nie die oorsaak van God se oorgee van die mense nie, maar die gevolg daarvan. Paulus gebruik hier 'n "beeld" om sy argument van die gevallenheid van die mens te motiveer.[57] Die onderdrukking van die kennis wat God oor Homself en sy skepping aan die mensdom deur sy skepping gegee het, lei tot twee vorme van verkeerde optrede. Dit is afgodediens en die beoefening van homoseksuele verhoudings.[58]

Dieselfde argument wat Paulus gebruik, word ook deur 'n Joodse filosoof van Aleksandrië gebruik om afgodery te verwerp. Die pseudografiese geskrif staan bekend as die Wysheid van Salomo (wat nou reeds bekend is). Hierdie boek is ongeveer binne 80 jaar na die Romeine brief geskryf.[59] Uit die pseudografiese geskrif is dit baie duidelik dat Paulus

---

[57] Achtemeier Paul J, **Romans**, p 40v [John Knox], Atlanta, 1985. Homoerotieka was daarom nie 'n private aangeleentheid nie, maar 'n kwessie vir die samelewing. Dit was die "verkragting" van die wyse waarop die geskapenheid van mans en vroue gesien was. Die mens word dus ook van die waarheid van die skeppingsorde weggedraai om 'n ander waarheid rakende seksualiteit te glo. Dit beteken dat die seksuele begeertes van die mense ook verlaag is tot iets wat dit nie oorspronklik bedoel was om te wees nie. Kasemann Ernst, **Commentary on Romans,** p 47-48, [SCM Pres Ltd], Grand Rapids, 1980; Hays Rischard B, **The Moral Vision of the New Testament**, p 386-387, [T&T Clark], Edinburg, 1996. Maw: Kyk hoe gebroke is die mensdom dat hierdie dinge onder julle voorkom ...

[58] Gagnon Robert AJ, **The Bible and Homosexual Practice – Text and Hermeneutics**, p 247, [Abingdon Press], Nashville, 2001.

[59] Gagnon Robert AJ, **The Bible and Homosexual Practice – Text and Hermeneutics**, p 248, [Abingdon Press], Nashville, 2001. "Al hierdie mense wat omtrent God onwetend is, is van nature dwaas; so ook dié wat uit die goeie dinge wat hulle waarneem, nie vermag in te sien dat Hy bestaan nie; en ook dié wat wel aandag het vir die werk maar tog nie die Maker daarvan erken nie ... Want uit die grootheid en goedheid van die skepsels kan die Oorsprong daarvan deur vergelyking gesien word ... want as hulle in so 'n mate in kennis gevorder het, dat hulle in staat was om die loop van die tye te bepaal, waarom het hulle dan nie eerder die Here daarvan ontdek nie? Inderdaad ellendig is daarom die wat hulle verwagting in dooie dinge gestel het – dit is hulle wat die werke van mensehande gode noem: goud en silwer, kunswerke en afbeeldinge van lewende wesens, of nuttelose steen wat 'n outydse handewerk is ... Maar as hy nou bid vir sy besittings en sy huwelik en sy kinders, dan skaam hy hom nie om vir die lewelose ding te praat nie: vir sy gesondheid doen hy beroep op iets wat swak is, vir sy lewe vereer hy iets wat dood is, om hulp te smeek by iets wat die minste ervaring het, om 'n voorspoedige reis bid hy iets wat nie kan loop nie, om wins in sy besigheid en voorspoed by sy arbeid vra hy iets wat die onhandigste in handewerk is ... Mettertyd het die goddelose gewoonte toe sterker geword en is onderhou soos 'n wet ... En alles gebeur deurmekaar: bloedvergieting en moord, diefstal en listige

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

glad nie tempel-homoseksualiteit of sogenaamde homoseksuele tempelprostitusie in gedagte gehad het nie, maar eerder afgodediens in die algemeen.

Met πάθη ἀτιμίας[60], word die tema van 1:26b-27 aangekondig. Die "skandelike drifte" (1983 Afrikaanse vertaling) sou ook met "passie sonder respek" vertaal kon word. Dit het 'n seksuele karakter, maar dui op die onaanvaarbaarheid en degradering van hierdie passie.[61] Die onrespekvolle optrede is daardie optrede wat nie slegs teenoor die gemeenskap of God onrespekvol is nie. Dit is primêr 'n disrespekvolle optrede teenoor jouself en die wyse waarop jy deur God anatomies en fisiologies geskep is.[62]

---

bedrog, verkragting, ontrou, oproer, meineed, verontrusting van die eensames, ondank vir weldade, verpesting van siele, verwisseling van geslag, losbandigheid in die huwelik, egbreuk en uitspattigheid. Want die diens van eerlose afgode is die begin en oorsaak en einde van al die kwaad, dat feesviering tot raserny lei, dat profete onwaarheid voorspel, dat hulle sleg lewe, dat hulle maklik meineed pleeg; want omdat hulle in siellose gode glo, verwag die meinediges nie dat hulle gestraf sal word nie. Tweevoudig is daarom die verdiende straf wat hulle sal tref: omdat hulle deur die afgode te vereer, kwaad gedink het van God; en omdat hulle meineed gepleeg het vanweë hulle minagting van die geregtigheid ..." (Wysheid 13:1, 5, 9-10,17-19; 14:16, 25-30) – Die Bybel met Deutero-Kanonieke Boeke, **Die Wysheid van Salomo,** 975-976, [Nasionale Boekdrukkery, Goodwood, 1987.

[60] Boswell John, **Christianity, Social tolerance and homosexuality**, p 108-109, [The University of Chicago Press], Chicago and London, 1996. Boswell is van mening dat hier eerder sprake is van homoseksuele aktiwiteite deur heteroseksuele persone. Onthou dat hy gewys het op die bestaan van homoseksuele huwelike.Dit is volgens hom wat met πάθη ἀτιμίας (disrespekvolle passie) en τὴν ἀσχημοσύνην κατεργαζόμενοι (handelinge wat skandalig is) verstaan behoort te word. Binne die konteks van heteroseksuele persone wat in seksuele luste homoseksuele seks beoefen, verwerp hy beide pederastie òf homoseksuele tempel-prostitusie as 'n moontlikheid waarvan Paulus hier praat. Hy vra verder die vraag dat waarom sou Paulus net homoseksuele tempel-prostitusie veroordeel maar nie ook heteroseksuele tempel-prostistusie nie. Volgens hom is dit onbillik om te beweer dat hier enige ander motivering as seksuele begeertes ter sprake is.

[61]Dunn, James D.G., **Word Biblical Commentary, Volume 38a: Romans 1-8**, [Word Books, Publisher], Dallas Texas, 1998; Newman and Nida, **A Translateror's Handbook on the Letter to the Romans**, p 26, [United Bible Society], 1973.

[62] Gagnon Robert AJ, **The Bible and Homosexual Practice – Text and Hermeneutics**, p 233, [Abingdon Press], Nashville, 2001.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Hierdie onrespekvolle passie het nie nét onder die heidene voorgekom nie. Paulus waarsku die gelowiges in Tessalonika ook hierteen. In 1 Tess 4:3-5 waarsku Paulus juis die gelowiges om nie met μὴ ἐν πάθει ἐπιθυμίας καθάπερ καὶ τὰ ἔθνη op te tree nie. Gelowiges het hulle dus ook aan hierdie verkeerde seksuele passie skuldig gemaak. Hierdeur word die leser voorberei deur kennis te neem wat nou gaan volg. Die rede hiervoor is omdat mense nie respek vir die Skepper, die skepping sowel as "hoe" Hy geskep het, het nie.[63]

Dan kondig Paulus die onrespekvolle passie aan deur 'n eerste voorbeeld daarvan te noem met αἵ τε γὰρ θήλειαι αὐτῶν μετήλλαξαν τὴν φυσικὴν χρῆσιν εἰς τὴν παρὰ φύσιν. Dit is daardie seksuele passie waar vroue op seksuele gebied tot mekaar aangetrokke voel. Vir hom gaan dit om die "seksuele saak" en nie allerhande aanverwante argumente rondom dit nie (1:21 – met hulle redenasies bereik hulle niks ...).[64] Hier verwys die apostel duidelik na lesbiese verhoudings. Volgens hom is dit onnatuurlik vir vroue om seksuele passie vir mekaar te hê. In 1:27 sal die saak van die "natuurlike" en die "onnatuurlike" in meer detail behandel word.[65]

Wanneer Paulus θήλειαι en ἄρσενες (1:27 "vrou-e, man-s," – meervoud) gebruik doen hy dit omdat hy spesifiek die skeppingsorde van die twee geslagte se seksuele verhouding in gedagte het. Hy gebruik die

---

[63] Dunn, James D.G., **Word Biblical Commentary, Volume 38a: Romans 1-8**, [Word Books, Publisher], Dallas Texas, 1998.

[64] Murray John, **The Epistle to the Romans,** p 46, [Wm B Eerdmans Publishing CO], Grand Rapids, 1984; Newman Nida, **A Translator's Handbook on the Letter to the Romans**, p 26, [United and Bible Society], 1973; Witherington Ben, **Paul's Letter to the Romans – A Social-Retorical Commentary**, p 69, [WB Eerdmans Publishing Co], Grand Rapids, 2004. Volgens Witherington handel verse 26-27 oor lesbiese en homoseksuele gedrag, optrede, gesindheid en verhoudings.

[65] Brooten Bernadette J, **Love Between Women,** p 231-232, [The University of Chicago Press], Chicago, 1996. Die "verander" van die natuurlike vir die onnatuurlike dui daarop dat die mense weet wat die regte vorm van seksuele erotisme is, maar daarvan wegbeweeg. Dit is dus die verandering van die vorm van seksualiteit.

spesifieke LXX begrippe wat in Gen 1:27 gebruik word wanneer van die skepping van die man en die vrou vertel word "en ἄρσεν και θῆλυ. Dit wat met ander woorde tydens lesbiese òf homoseksuele verhoudings gebeur, dui vir hom op seksuele onaanpasbaarheid en is 'n direkte oortreding van die skeppingsorde (vgl Mark 10:6 en Matt 19:4; Gen 1:27; Gal 3:28).[66]

## 2.5. Romeine 1:27

> Net so laat vaar die mans ook die natuurlike omgang met die vrou en brand van begeerte vir mekaar. Mans pleeg skandelikhede dade met mans en bring oor hulleself die verdiende straf vir hulle perversiteit - [27]ὁμοίως τε καὶ οἱ ἄρσενες ἀφέντες τὴν φυσικὴν χρῆσιν τῆς θηλείας ἐξεκαύθησαν ἐν τῇ ὀρέξει αὐτῶν εἰς ἀλλήλους, ἄρσενες ἐν ἄρσεσιν[67] τὴν ἀσχημοσύνην κατεργαζόμενοι καὶ τὴν ἀντιμισθίαν ἣν ἔδει τῆς πλάνης αὐτῶν ἐν ἑαυτοῖς ἀπολαμβάνοντες.

Beide ἐκκαίομαι, "brand of vurig" en ὄρεξις, "soek, begeer met spesifieke verwysing na seksuele begeertes" kom slegs hier in die Nuwe Testament voor. [68] Dit sou verkeerd wees om brandende begeerte wat daar tussen persone van dieselfde geslag is, te gebruik om die vorm van homoseksuele of lesbiese verhoudings hier in terme van perversiteit of

---

[66] Dunn, James D.G., **Word Biblical Commentary, Volume 38a: Romans 1-8**, [Word Books, Publisher], Dallas Texas, 1998; Hays Rischard B, **The Moral Vision of the New Testament**, p 386-387, [T&T Clark], Edinburg, 1996. Paulus val hier terug op die skeppingsverhale van Gen 1-3.

[67] Botha PH, **The Apostle Paul and Homosexuality** - PhD verhandeling, p 66-68, Potchefstroom, 2004. Ook hier is 'n bevestiging dat pederastie nié ter sprake is nie. Wanneer Paulus hierdie begrip ἄρσενες ἐν ἄρσεσιν gebruik is dit 'n ander begrip as wat deur sommige van die destydse filosowe vir pederastie gebruik word. Plato (Wette, 3.836C) verwys na pederastie in terme van ἄρσενες ἐν νεών. In hoofstuk 2 is reeds gewys dat sommige van die ander filosowe met παιδαραστησ of παιδικην (Liddel & Scott, 1983, p 584) na pederastie verwys het. Die Didache van die Twaalf Apostels (ongeveer 70 nC) het weer met παιδοφθορησεις na pederastie verwys. Paulus het die Brief aan die Romeine waarskynlik in 55-56 nC geskryf. Die siening dat Paulus hoegenaamd in enige van die drie Briewe na pederastie verwys kan daarom hoegenaamd nié gehandhaaf word nie.

[68] Dunn, James D.G., **Word Biblical Commentary, Volume 38a: Romans 1-8**, [Word Books, Publisher], Dallas Texas, 1998.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

losbandigheid te beskryf, soos sommige doen. Paulus sien niks verkeerd met hierdie brandende passie en begeertes wat tussen twee persone is nie, mits dit van toepassing is op heteroseksuele persone binne 'n huwelik (1 Kor 7:9). Hier word dit nie as immoreel veroordeel nie, maar juis aangemoedig in terme van 'n heteroseksuele huwelik.

Die frase τήν ἀσχημοσύνγν κατεργαζόμενοι, dui nié net op 'n homoseksuele "geneigdheid" of homoseksuele luste nie, maar op die homoseksuele daad (ongeag of dit uit 'n wedersydse verhouding van liefde en trou kom).[69] Paulus gebruik hier dieselfde begrip waarmee die LXX גלה vertaal wanneer daar na die skandelikheid van homoseksuele dade verwys word (Gen 9:20-27; Lev 18:6-19; 20:11, 17-21). Hy gerbuik dus 'n Ou Testamentiese tradisie. **Dunn** verwerp daarom Scroggs se siening dat hier van pederastie gepraat word. Hier gaan dit om enige vorm van homoseksuele verhoudings (manlik én vroulik) en dus kan pederastie nié ter sprake wees nie. [70]

Scroggs, die groot verkondiger van pederastie as homoseksuele praktyk, waarvan Paulus in Rom 1 sou praat, se argumentasie het egter ernstige kultuur-historiese tekortkominge in sy motivering van pederastie.[71] Die

---

[69]Dunn, James D.G., **Word Biblical Commentary, Volume 38a: Romans 1-8**, [Word Books, Publisher], Dallas Texas, 1998.

[70]Dunn, James D.G., **Word Biblical Commentary, Volume 38a: Romans 1-8**, [Word Books, Publisher], Dallas Texas, 1998.

[71] Smith Mark D, **Ancient Bisexuality and the Interpretation of Romans 1:26-27*** uit **Journal of the American Academy of Religion LXIV/2**, p 226-227, 233, 1996. Scroggs begrond sy argumentering hiervan hoofsaaklik op 'n meestergraad van ene Kenneth Dover. Indien Paulus slegs van sulke homoseksuele praktyke (pederastie) sou geweet het, beteken dit dat hy slegs hierdie praktyke veroordeel het. Rom 1 is dan nie die veroordeling van die tipe homoseksuele verhoudings van volwasse mense wat in liefde en trou met mekaar leef soos vandag gevind word nie. Rom 1 en al die ander Nuwe Testamentiese Skrifgedeeltes praat daarom van gedeeltes wat ver verwyderd is van die kultuur waarbinne vandag geleef word. Scroggs se argumentering dra nie water nie, juis omdat hy nie kennis dra van ander vorme van homoseksuele gebruike soos in die vorige hoofstuk reeds beskryf is nie. Daarom gee Scroggs nie 'n duidelike en egte weergawe van die kultuur

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

primere kritiek dat Paulus slegs oor pederastie praat is dat dit 'n anakronisme ten opsigte van die voorkoms van pederastie in Paulus se tyd was. Hy gee nie erkenning aan die historiese feit dat pederastie 'n gebruik onder die Griekse adel ongeveer 400 jaar voor die Nuwe Testamentiese mense (destydse meditereense mens) was nie. Sedert die Peloponnesiese oorlog (431-404 vC) het pederastie afgeneem en feitlik verdwyn, terwyl ander homoseksuele praktyke (ook homoseksuele verhoudings van liefde en trou) bly voortbestaan het (Dit is binne hierdie konteks dan weer nodig om net te kyk na die voorkoms van permanente homoseksuele verhoudings wat nie pederastie of pervers was nie).[72]

Vervolgens behoort sekere breë begripsbepalinge uit Rom 1:23-27 uitgeklaar te word.

**ἤλλαξαν** (23); **μετήλλαξαν** (25); **μετήλλαξαν** (26): Die basiese betekenis is "om anders te maak". In die Nuwe Testament kom vorme van die woord voor wat op "verander" of "uitruil" sou kon dui.[73] Rom 1:25 se μετήλλαξαν ("hulle verander") is die ekwivalent van ἤλλαξαν in 1:23. Dit word ook in die konstruksie sigbaar τὶ ἔν τινι.[74] Die waarheid wat verander word ἡ ἀλήθεια τοῦ θεοῦ is God se selfbekendmaking aan die mens deur die skepping - ook hoe Hy die mens geskep het (1:18-21). Die gevolg van hierdie geestelike verdraaing lei tot die verdraaing op die natuurlike en daarom ook seksuele gebied (μετήλλαξαν Rom 1:26-27). Dit is 'n logiese gevolg van die straf van die mensdom wat die waarheid

---

rakende homoseksualiteit van die destydse samelewing waarbinne die Bybelskrywers gelewe het nie.

[72] Smith Mark D, **Ancient Bisexuality and the Interpretation of Romans 1:26-27*** uit **Journal of the American Academy of Religion LXIV/2**, p 233, 1996.

[73] Kittel, Gerhard; Friedrich, Gerhard, **The Theological Dictionary of the New Testament,** [MI: Wm. B. Eerdmans Publishing Company], Grand Rapids, 2000, c1964.

[74] Kittel, Gerhard; Friedrich, Gerhard, **The Theological Dictionary of the New Testament,** [MI: Wm. B. Eerdmans Publishing Company], Grand Rapids, 2000, c1964.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

van God en sy skepping nie wil aanvaar nie. [75] Seksuele verskille is die regverdiging vir die "in mekaar pas" tydens seksuele omgang. Deur die skepping van die man én die vrou het die "Skepper" twee absolute aanvullendes (biologies, fisiologies , psigologies en emosioneel) tot mekaar gemaak. Die een bring die ander tot volheid – in alle opsigte. Wanneer daar dus in hierdie komplimentêre eenheid 'n uitruil plaasvind en die een word soos die ander, dan is dit 'n ontkenning van hoé die Skepper geskep het. Seks met dieselfde geslag word daarom tragies in terme van χρῆσιν.[76]

χρῆσιν (26, 27):Dit kan vertaal word met gebruik, bruikbaar en soms ook met seksuele omgang.[77] In terme hiervan dui dit op die seksuele funksie wat 'n persoon het met iemand van die teenoorgestelde geslag (1:26-27). [78] Dit kan ook gebruik word om aan te toon dat natuurlike verhoudings van liefde tussen 'n man of 'n vrou bestaan, maar dit kan nié gebruik word om enige verhouding tussen twee mans of twee vroue (seksueel of in terme van liefde en trou) as natuurlik te beskryf nie. [79] Daarom kan die argument dat χρῆσιν slegs dui op passievolle verhoudings wat 'n sogenaamde ignorering van 'n verhouding van liefde

[75] Kittel, Gerhard; Friedrich, Gerhard, **The Theological Dictionary of the New Testament,** [MI: Wm. B. Eerdmans Publishing Company], Grand Rapids, 2000, c1964.

[76] Botha PH, **The Apostle Paul and Homosexuality** – PhD verhandeling, p 55, Potchefstroom, 2004

[77] Botha PH, **The Apostle Paul and Homosexuality** – PhD verhandeling, p 55, Potchefstroom, 2004

[78] Louw, Johannes P. and Nida, Eugene A., **Greek-English Lexicon of the New Testament based on Semantic Domains,** [United Bible Societies], New York, 1988, 1989.

[79] Brooten Bernadette J, **Love Between Women,** p 245-246, [The University of Chicago Press], Chicago, 1996. Die destydse Griekse skrywers uit die antieke tyd het die begrip (naamwoord χρῆσις en werkwoord χραομαι) gebruik om aan te toon dat 'n man 'n vrou "gebruik", terwyl 'n vrou weer deur 'n man "gebruik" word. Hulle vrouens het die natuurlike vorm van seksuele omgang dus verander om nie deur mans "gebruik" te word nie, maar om deur ander vroue "gebruik" te word. Louw, Johannes P. and Nida, Eugene A., **Greek-English Lexicon of the New Testament based on Semantic Domains,** [United Bible Societies], New York, 1988, 1989.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

en trou (ook homoseksueel) is, nie stand hou nie. Indien hierdie argument wat dikwels ten gunste van homoseksuele huwelike en -verhoudings gebruik word, korrek is, beteken dit dat Paulus in 1 Kor 5-7 'n beroep sou doen op heteroseksuele verhoudings waar daar geen passie is nie.[80]

**φυσικὴν … παρὰ φύσιν** (26, 27): Dit is feitlik net hier in die Nuwe Testament waar die woord φύσιν gebruik word. Dit is dus in die Nuwe Testament nie so 'n algemene gebruik van die begrip soos in die Hellenistiese kultuur (Stoïsyne veral) nie.[81] Dit is ook nie bloot maar toevallig dat die enkele gebruik van die begrip in die Nuwe Testament duidelike ooreenkomste met die Ou Testament het nie (vgl LXX Wysheid 3 -4; 3 en 4 Makkabeërs).[82] 'n Letterlike vertaling van φύσιν dui op iets wat volgens die natuur is. Dit kan ook verband hou met die natuurlike aard, karakter of instink van iets.[83] Daar is reeds in hoofstuk 2

---

[80] Botha PH, **The Apostle Paul and Homosexuality** - PhD verhandeling, p 55, Potchefstroom, 2004

[81] Dunn JDG, **Romans**, p 74, [Word Books], Dallas, 1988; Laeuschli S, **The Language of faith**, [Epiworth Press], 1965; Thiselton, **Can Hermeneutics Ease the Deadlock? Some Biblical Exegesis and Hermeneutical Models**, p 176, [SCM Press], Cambridge, 1997. Paulus gebruik die begrip minder as in die Griekse kultuur en die stoïsyne waaruit hy as filosoof gekom het. Die stoïsyne het die begrip gebruik in terme van die natuurlike en verskillende fisiologiese verskille waarop 'n man en 'n vrou geskep is ('n natuurwet). Hy gebruik die begrip wetende dat sy lesers as Grieks-Romeinse burgers die betekenis van die frase ken. Dit is belangrik om te besef dat woord-voorkoms en woord-inhoud nie dieselfde is nie. Daar moet dus niks negatief ingelees word in die min gebruik van die begrip deur Paulus nie, aangesien hy daaraan 'n spesifieke inhoud/betekenis in sy spesifieke gebruik gee wat in lyn is met die filosofiese beweging waaruit hy gekom het. Thomas van Aquina het dieselfde inhoud later (interpreteer dit as skeppingsorde) aan die begrip gegee.

[82] Kittel, Gerhard; Friedrich, Gerhard, **The Theological Dictionary of the New Testament,** [MI: Wm. B. Eerdmans Publishing Company], Grand Rapids, 2000, c1964; Wischmeyer Oda, **[Physis] und [Ktisis] bei Paulus: Die Paulinische Rede von Schöpfung und Nature**, p 352-375, [ZTK 93], 1996.

[83] Brooten Bernadette J, **Love Between Women,** p 247-249, [The University of Chicago Press], Chicago, 1996. Philo van Alexandrië , en tydgenoot van Paulus, gebruik die begrip παρὰ φύσιν slegs drie keer. Die eerste dui op die seksuele omgang tussen 'n man en 'n vrou wanneer sy menstrueer. Die tweede dui op pederastie ('n seksuele verhouding tussen 'n man en 'n seun). Die derde dui weer om seksuele omgang tussen twee verskillende spesies bv. 'n Mens met 'n dier. Die eerste gebruik by Philo het waarskynlik te doen met sy siening dat seksuele omgang ter wille van

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

aangetoon hoedat die homoseksuele Aristoteles na homoseksuele verhoudings verwys, hy wel die begrip **φυσειω** gebruik. Paulus leen dus waarskynlik die begrip by die Griekse gebruik.

Hierdie begrip dui dus op iemand se "konstitusie"[84] of in terme van hierdie debat op iemand se seksuele oriëntasie (biologies dus). Dit gaan met ander woorde oor die logika van hoe iemand se natuur geskep is.[85] In terme van die biologiese gebruik sal voorstanders van homoseksuele huwelike sê dat hulle φυσικος hulle homoseksueel παρὰ φύσιν maak. God het my sò (homoseksueel) gemaak.[86]

Die probleem met sò 'n interpretasie van die teks is dat die skepping van die man en die vrou verband hou met die skeppingsorde en méér as 'n genetiese oriëntasie is. Die meerderheid van die Grieks-Romeinse literatuur verstaan die begrip in terme van "manlik" en "vroulik". Binne daardie konteks veroordeel hierdie literatuur homoseksuele verhoudings.[87] Dit is gedurende hierdie tyd verstaan in terme van die "natuurlike orde van dinge" soos God dit geskep het (vgl ook 1 Kor

---

voortpanting behoort te wees. Paulus het waarskynlik 'n enger siening as Philo. Die Joodse gelowiges in die gemeente van Rome sou geweet het dat Paulus binne die konteks waarin hy Rom 1 geskryf het, eerder op seksuele verhoudings tussen mense van dieselfde geslag sou dui, gegewe die Levitikus tekste. Louw, Johannes P. and Nida, Eugene A., **Greek-English Lexicon of the New Testament based on Semantic Domains**, [United Bible Societies], New York, 1988, 1989.

84 Kittel, Gerhard; Friedrich, Gerhard, **The Theological Dictionary of the New Testament,** [MI: Wm. B. Eerdmans Publishing Company], Grand Rapids, 2000, c1964.

85 Botha PH, **The Apostle Paul and Homosexuality** – PhD verhandeling, p 56, Potchefstroom, 2004

86 Boswell John, **Christianity, Social tolerance and homosexuality**, p 108-109, [The University of Chicago Press], Chicago and London, 1996; Botha PH, **The Apostle Paul and Homosexuality** – PhD verhandeling, p 56, Potchefstroom, 2004.

87 Seitz Christopher, **Sexuality and Scripture's Plain Sense: The Christian Community and the Law**, p 194, [WB Eerdmans Publishing Co], Grand Rapids, 2000. In 'n vorige hoofstuk is reeds gewys dat hoewel homoseksuele verhoudings gedurende hierdie tyd voorgekom het, dit nie beteken dat dit deur die algemene Joodse en mediteraanse gemeenskappe aanvaar is nie. Daar is ook gewys dat hierdie verhoudings meestal slegs in die stede en onder die "elite" voorgekom het.

11:14-15 waar die verskillende nature van die man en vrou weer met φυσιν beskryf word).[88] Dit het te doen met spermselle, eierselle en 'n baarmoeder. Paulus gebruik hierdie begrip in konteks van 'n kosmiese "verdraaiing" wat voortspruit uit die aanbidding van 'n valse god (gode).[89] Josefus gebruik die begrip wanneer hy na seksualiteit verwys. Hy skryf:

> "The Law recognizes no sexual connections exept for the natural union (κατα φυσιν) of man and wife ..."[90]

Gedurende Paulus se tyd is die teenoorgestelde van κατα φυσιν maw παρὰ φύσιν deur die Hellenistiese Grieke en Judaïsme gebruik as 'n polemiese begrip teen homoseksuele verhoudings. Met sy gebruik van die begrip in Rom 1 is hy dus besig om 'n bekende "teen-homoseksuele-verhoudings" frase te gebruik.[91]

Daarom is homoseksuele verhoudings dus 'n oortreding van die skeppingsorde se grense wat tussen die man en die vrou biologies en

---

[88] Verreweg die meeste geleerdes handaaf die siening dat Paulus hier na heteroseksualiteit verwys as 'n skeppingsordening. Cranfield CEB, **A Critical and Exegetical Commentary on the Epistle to the Romans – vol 1 ICC**, p 125-126, [T&T Clark], Edinburg, 1975; Fitsmyer JA, **Romans**, p 285-286,[Doubleday], 1992; Hays Richard B, **Relations Natural and Unnatural – A Response to John Boswell's Exegesis of Romans 1**, p 184-215, [JRE 14], 1986; Hoheisel Karl, **Homosexualität**, p 338-339, [RAC], 1994; Van de Spijker AMJM Herman, **Die gleichgeschlechtliche Zuneigung**, p 83-84, [Olten: Walter], 1968; Wright David F, **Homosexuality: The Relevance of the Bible**, p 295, [EvQ 61], 1989.

[89] Barr James, **Biblical Faith and the natural Theology**, [Claredon], Oxford, 1993; Barth Karl, **Natural Theology: Compromising "Nature and Grace" by Professor Dr Emil Brunner and the Reply "No" by dr Karl Barth**, [Cenetary], London, 1946; Botha PH, **The Apostle Paul and Homosexuality** – PhD verhandeling, p 56, Potchefstroom, 2004; Dunn JDG, **Romans**, p 74, [Word Books], Dallas, 1988

[90] Josephus, Flavius, **The Works of Josephus**, (Oak Harbor, WA: Logos Research Systems, Inc.) 1997.

[91] Hays Rischard B, **The Moral Vision of the New Testament**, p 386-387, [T&T Clark], Edinburg, 1996; Koester Helmut, **"Physis"**, p 273, [TDNT 9]; Pronk Pim, **Against Nature? Types of Moral Argumentation Regarding Homosexuality**, p 227, [WB Eerdmand Publishing Co], Grand Rapids, 1993.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

fisiologies geskep is - teen die natuur[92]. In plaas dat mense kyk na hoe die skepping fisies lyk en daardeur erkenning aan die Skepper gee, ignoreer hulle dit. Die implikasie hiervan is dat die mens homself/haarself vergoddelik (self besluit wat reg en verkeerd is) en so as skepsel een word met 'n ander skepsel buite die skeppingsnorme om.[93] Wanneer homoseksuele seksuele verhoudings plaasvind, is dit ook binne die konteks van χρῆσιν teen die natuur.

Wanneer iemand dus die geskape werklikheid in terme van geslagtelikheid ontken en 'n ander vorm van seksualiteit beoefen as wat oorspronklik bedoel was, tree daardie persone dus immoreel op. Dit gaan met ander woorde daaroor dat 'n man òf 'n vrou op seksuele en hul verhoudingslewe nie sò behoort te leef nie. [94] Wie op seksuele gebied παρὰ φύσιν optree maak hom/haar skuldig aan 'n seksuele fout.[95]

## 3. Rom 1:18-27 in die breër konteks van Romeine

Die sterkste argument teen tempel-homoseksualiteit of homoseksuele tempelprostitusie soos voorstanders van homoseksuele huwelike dit noem, volg vanaf Rom 1:28vv. Dit is nog steeds binne die konteks van afgodediens dat Paulus die verdere sondelys vanaf 1:28 noem. Ook hier trek hy die lyn dat God mense oorgee παρέδωκεν αὐτοὺς ὁ θεὸς. Soos die

---

[92] Thielicke Helmut, **Sex – Theological Ethics,** p 280-284, [WB Eerdmans Publishing Company], Grand Rapids, 1979.

[93] Botha PH, **The Apostle Paul and Homosexuality** - PhD verhandeling, p 56, Potchefstroom, 2004; Dunn JDG, **Romans**, p 74, [Word Books], Dallas, 1988; Calvin John, **The Epistles of Paul the Apostle to the Romans and to the Thessalonians** p 35-37, [WB Eerdmans Publishing Co], Grand Rapids, 1960; Luther Martin, **Lectures on Romans**, p 27, [Westminster], Philadelphia, 1961 – vertaal deur W Pauck.

[94] Botha PH, **The Apostle Paul and Homosexuality** - PhD verhandeling, p 57, Potchefstroom, 2004

[95] Emmerton JA & Cranfield CEB, **Romans I (I-VIII)**, p 120-125, [T&T Clark], Edinburgh, 1977; Kittel, Gerhard; Friedrich, Gerhard, **The Theological Dictionary of the New Testament**, [MI: Wm. B. Eerdmans Publishing Company], Grand Rapids, 2000, c1964.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

mense oorgegee is om homoseksuele- én lesbiese verhoudings te beoefen, net sò gee God hulle oor aan vele ander sondes[96]:

> [8]En omdat hulle dit van geen belang ag om God te ken nie, gee Hy hulle oor (παρέδωκεν αὐτοὺς ὁ θεὸς) aan hulle verdraaide opvattings, sodat hulle doen wat onbetaamlik is. [29]Hulle is een en al ongeregtigheid, slegtheid, hebsug en gemeenheid; hulle is vol jaloesie, moord, twis, bedrog en kwaadwilligheid. Hulle skinder en [30]praat kwaad; hulle haat God, hulle is hooghartig, aanmatigend, verwaand; hulle is mense wat kwaad uitdink, ongehoorsaam aan hulle ouers; [31]hulle is onverstandig, onbetroubaar, liefdeloos, hardvogtig. [32]Hulle is mense wat die verordeninge van God ken dat diè wat sulke dinge doen, die dood verdien en tog doen hulle nie net self hierdie dinge nie, maar hulle vind dit ook goed as ander dit doen" **Rom 1:28-32**

Rom 1:24-32 sou skematies as volg uitgebeeld kon word:

**1:24** aan onreinheid – die bevuiling van hul liggame.

**1:26** die bevuiling van hul passie

**1:28-31** die bevuiling van hul denke en meegaande bevuiling van hul optrede.

**1:32** die oordeel oor wie hierdie dinge doen en goedpraat

Dit in ag geneem, sowel as die voorafgaande verduideliking van Rom 1, maak die interpretasie dat homoseksuele huwelike van liefde trou vandag aanvaarbaar is omdat Paulus na homoseksuele verhoudings wat tydens die kultus beoefen is sou verwys, is ingrypend:

Dit ontken nie alleen deeglike eksegese nie, maar impliseer verder dat die res van die sondes wat hy ook in dieselfde konteks noem, slegs verkeerd sou wees indien dit binne die kultus beoefen, sou word (en dat

[96] Porter Calvin L, **Romans 1:18-32: Its Role in the Developing Argument**, p 216-219, [NTS 40], 1994; Stowasser Martin, **Homosexualität und Bible: exegetische und hermeneutische Überlegungen zu einem scheiregen Thema**, p 517, [NTS 43], 1997.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

dit inderdaad slegs in die tempels beoefen is). Die logika van hierdie argument is dat wanneer iemand die dinge van 1:28-31 dus as Christengelowige buite die tempel sou doen, sou hierdie dinge aanvaarbaar wees.

Uit die konteks van Rom 1:18-32 kan die volgende afleiding dus gemaak word. In Paulus se hantering van die oorsaak en gevolge van afgodery en sonde ontwikkel sy argumentering vanaf:

- 'n Beskrywing van afgodery in die algemeen as 'n geestelike onnatuurlike vorm van aanbidding, na
- Seksuele sondes as onnatuurlike gebruik van die liggaam, tot
- Verskillende sosiale verhoudings (ook sondes) wat op 'n abnormale wyse versteur is.[97]

Die interpretasie van die Rom 1:18-32 teks maak nog moeiliker sin wanneer dit in konteks van Rom 2 gelees word:

> Hulle is mense wat die verordening van God ken (οἵτινες τὸ δικαίωμα τοῦ θεοῦ ἐπιγνόντες) dat dié wat sulke dinge doen, die dood verdien, en tog doen hulle nie net self hierdie dinge nie, maar hulle vind dit ook goed as ander dit doen. Daarom is daar vir jou geen verontskuldiging nie, vir jou, mens wat 'n ander veroordeel, wie jy ook al is. Deurdat jy oor 'n ander 'n oordeel uitspreek, veroordeel jy jouself, want jy wat veroordeel, doen dieselfde dinge (αὐτὰ πράσσεις). [2]Ons weet dat God regverdig handel wanneer Hy mense wat sulke dinge doen, veroordeel. [3]Maar jy, mens, wat ander veroordeel wat sulke dinge doen, en jy doen dit self (ποιῶν αὐτά), verbeel jy jou dat jy aan die oordeel van God sal ontkom? **Rom 1:32-2:3**

Die kennis van God gaan nie soseer om die aard of karakter van God nie. Dit gaan eerder om die erkenning van God as Heer in my lewe.[98] Die misverstand wat onder die mensdom in 1:18-32 ontstaan, raak die gebrek aan "insig" dat God ook in die skepping sy natuurlike orde aan

[97] Smith Mark D, **Ancient Bisexuality and the Interpretation of Romans 1:26-27*** uit **Journal of the American Academy of Religion LXIV/2**, 224, 1996.
[98] Kasemann Ernst, **Commentary on Romans,** p 51, [SCM Pres Ltd], Grand Rapids, 1980.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

die heidene bekendgemaak het. Alle mense (heidene en Jode) kan God uit die skepping leer ken, én daarom ook sy wil (2:14-15). Alle mense het daarom 'n "ingeplante kennis" van die moraliteit wat God vra. Die heidene is immers ook na die beeld van God geskep.[99] Die implikasie is dus dat alle mense (heidene, Jode en Christene) God nie as die Here van hulle lewe (ook in terme van die natuurlike seksuele orde) wil erken nie.

Paulus het waarskynlik die groep wat in 1:18-32 vermaan word, steeds aangespreek. Die oordeel is daarom teenoor die Jode, en die heiden.[100] Wanneer dit gesê word impliseer dit dat alles wat vanaf Rom 1:18 gesê is, vir die totale mensdom geld – ook vir die gelowiges in Rome (dus ook vir die gelowiges van vandag). Dit beteken dus dat ook Christene hulle by die sedelike etiek en moraliteit van Rom 1:18vv moet hou. Hy ontken nie dat mense verskillende "sondes" doen nie, of dat sommige in frekwensie meer geneig is om verkeerd op te tree nie.[101] Hy stel egter 'n voldwonge feit: Hierdie dinge waarvan in Rom 1:18vv gepraat word, vind nie nét onder die heidene plaas nie. Dit kom ook voor onder die Jode sowel as die gelowiges ("jy/jou" – Rom 2) in die gemeente van Rome. Dit is belangrik om te let dat hy dit met oortuiging en sonder verdere motivering net as 'n feit stel.[102]

Die oorgang na Rom 2:1 word dikwels verstaan dat Paulus hier slegs met die Jode praat. Paulus plaas die Jode spesifiek onder dieselfde

---

[99] Dunn, James D.G., **Word Biblical Commentary, Volume 38a: Romans 1-8**, [Word Books, Publisher], Dallas Texas, 1998; Lekkerkerker AFN, **De Brief van Paulus aan die Romeinen I**, p 82, [Uitgeverij GF Callenbach BV Nijkerk], Groningen, 1987; Kasemann Ernst, **Commentary on Romans**, p 51, [SCM Pres Ltd], Grand Rapids, 1980.

[100] Lekkerkerker AFN, **De Brief van Paulus aan die Romeinen I**, p 85, [Uitgeverij GF Callenbach BV Nijkerk], Groningen, 1987

[101] Ridderbos Herman, **Romeinen**, p 52-53, [Uitgeversmaatskapij JH Kok], Kampen, 1977.

[102] Porter Calvin L, **Romans 1-18: Its Role in the Developing Argument**, p 216-219, [NTS 40], 1994; Ridderbos Herman, **Romeinen**, p 52-53, [Uitgeversmaatskapij JH Kok], Kampen, 1977.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

sambreel as wat hy die heidene plaas (Rom 2:9).[103] Dit gaan dus vir hom waarskynlik oor alle mense wat deur die sondeval aangetas is – of anders gestel – om die realiteit van 'n gebroke werklikheid onder alle mense.[104]

Daar is duidelike ooreenkomste tussen Paulus se verwysing na afgodediens en die beoefening van homoseksuele verhoudings. Paulus gebruik beide hierdie voorbeelde om aan te dui dat die mensdom God nie as Skepper en Heer wil aanvaar nie:[105]

| Skeppingsverhale | Afgodery | Homoseksuele verhoudings |
|---|---|---|
| 1:26-27; 2:18-24; 3:8-9 | Verbreek vertikale verhouding met God as Skepper. | Verbreek horisontale verhouding tussen mans en vroue as geskape werklikheid. |
| 1:1, 26-27; 2:4; 2:18-24 | Onderdruk die fisiese bewyse dat God bestaan. | Onderdruk die fisiese bewyse van hoe God mense in terme van seksualiteit geskep het. |
| 3:4-7; 1:28 | Dit gaan om die ontkenning van God in die verstand. | Dit gaan om die ontkenning van die liggaamlike en die normale |

[103] Smith Mark D, **Ancient Bisexuality and the Interpretation of Romans 1:26-27*** uit **Journal of the American Academy of Religion LXIV/2**, 224, 1996

[104] Seitz Christopher, **Sexuality and Scripture's Plain Sense: The Christian Community and the Law**, p 193-194, {WB Eerdmans Publishing Co], Grand Rapids, 2000; Smith Mark D, **Ancient Bisexuality and the Interpretation of Romans 1:26-27*** uit **Journal of the American Academy of Religion LXIV/2**, 225, 1996. Paulus se argumentering is hier logies. Dit gaan vir hom oor hoe die hele wêreld leef. Vanaf 1:18 gaan dit vir hom oor die verdorwenheid van die heidene. Vanaf 2:1 gaan dit om die verdorwenheid van die Jode. Niemand het 'n verskoning nie, maar om verskillende redes. Die een groep het die geskape werklikheid om na te kyk, terwyl die tweede die wet het wat hul lewens moet rig.

[105] Fitsmyer J, **Romans: A New Translation with Introduction and Commentary**, p 284, [Doubleday], New York, 1993; Gagnon Robert AJ, **The Bible and Homosexual Practice – Text and Hermeneutics**, p 267-268, [Abingdon Press], Nashville, 2001."

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

| | | |
|---|---|---|
| | | passie. |
| 3:6-7 | Dit is 'n besluit van die mens. | Dit is die oorgee van God aan die mense op grond van hul besluit om Hom nie te gehoorsaam nie. |
| 1:25-28 | Verruil God vir afgode. | Verruil heteroseksuele seks vir homoseksuele seks. |
| 3:4-7 | God word nie geëer nie. | Die mens self word nie gerespekteer nie |
| 3:16-18 | Dit is 'n dwase optrede | Dit is 'n optrede wat nie respek vir die mens se natuurlike liggaam het nie |
| 1:16-17; 3:19 | Mens verruil die ware aanbidding van God en verdien die dood | Mens verruil die ware aanbidding van God en die ware insig in die natuurlike orde waarvolgens God geskep het, en verdien die dood. |

Binne bogenoemde konteks van God se straf, behoort dit laastens ondersoek te word.

### 3.1. Romeine 1:32 – die oordeel van die dood.

> [32]Hulle is mense wat die verordeninge van God ken dat diè wat sulke dinge doen, die dood verdien, en tog doen hulle nie net hierdie dinge nie, maar hulle vind dit ook goed as ander dit doen" - [32]οἵτινες τὸ δικαίωμα τοῦ θεοῦ ἐπιγνόντες ὅτι οἱ τὰ τοιαῦτα πράσσοντες ἄξιοι θανάτου εἰσίν, οὐ μόνον αὐτὰ ποιοῦσιν ἀλλὰ καὶ συνευδοκοῦσιν τοῖς πράσσουσιν. **Rom 1:32**

Daar is drie moontlikhede wat Paulus kon motiveer om daarop te wys dat die dood as straf vir hierdie mense wag: Moontlik roep Paulus die Joodse wette van Lev 18 en 19 hier op waarvolgens homoseksuele

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

verhoudings ook met die dood gestraf is. Verder kan dit ook vir hom in die konteks van die skeppingsverhale gaan om die algemene straf van God dat mense wat Sy wil ken en ongehoorsaam is, die dood sal kry (Gen 2:16-17; 3:19). Derdens kon Paulus dalk ook twee Romeinse wette (vgl hoofstuk twee) in gedagte gehad het wat homoseksuele verhoudings met die dood gestraf het.[106]

Dit kan dus hier ook gaan om die algemene straf vir die oortreding van God se wet en die ontkenning van hoe Hy geskep het. Dit is 'n straf wat op alle mense rus omdat hulle nie binne God se wil leef nie, maar doen wat hul eie begeertes aan hulle voorskryf.[107] Bogenoemde skematiese verduideliking onderskryf so 'n interpretasie. Hierdie straf herinner baie aan die straf wat in 1 Kor 6:9-10 gegee word vir mense wat (soos hier in Rom 1) verskeie sondes doen – waaronder ook die sonde van homoseksuele verhoudings:

> "Of weet julle nie dat mense wat onreg doen, geen deel sal kry aan die koninkryk van God nie" - [9] Ἢ οὐκ οἴδατε ὅτι ἄδικοι θεοῦ βασιλείαν οὐ κληρονομήσουσιν; μὴ πλανᾶσθε· οὔτε πόρνοι οὔτε εἰδωλολάτραι οὔτε μοιχοὶ οὔτε μαλακοὶ οὔτε ἀρσενοκοῖται... **1 Kor 6:9**

---

[106] Crook J, **'Introduction', Law and Life in Rome**, [Cornell University Press], New York, 1967; Lilja S, **Homosexuality in Republican and Augustan Rome**, p 112-121, [Societas Scientiarum Fennica], Helsinki, 1982; Robinson OF, **The Criminal Law of Ancient Rome**, p 70-71, [Duckworth] London, 1995; Williams CA, **Roman Homosexuality: Ideologies of Masculinity in Classical Antiquity**, p 119-124, [Oxford University press], Oxford, 1999. Keiser Augustus se Lex Iulia Institutes 4.18.2-3 gee die dood as straf "not only those who dishonour the marraige-bed with another but also those who indulge theid ineffable lust with males".

[107] Hodge Charles, **The Epistle to the Romans**, p 43-44, [WB Eerdmans Publishing Co], Grand Rapids, 1968; Lekkerkkerker AFN, De **Brief aan de Romeinen I**, p 81-82, [Uitgeverij JH Kok], Kampen, 1974; Ridderbos Herman, **Romeinen**, p 50-51, [Uitgeversmaatschappij JH Kok], Kampen, 1977; Thielman Frank, **Paul and the Law: A Contextual Approach**, p 529-542, [Intervarsity Press], Downers Grove, 1994; Westerholm Stephen, **Israel's Law and the Church's Faith: Paul and his Recent Interpreters**, [WB Eerdmans Publishing Co], Grand Rapids, 1988.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

In die verklaring van 1 Kor 6 sal weer na die gedeelte teruggekeer word. 'n Derde moontlike verklaring van hierdie gedeelte (Rom 1:32) moet verkry word uit die nou reeds bekende siening van "identiteit" onder die destydse Mediterreense mense. Dit is reeds behandel en sal in die volgende hoofstuk weer bespreek word. Dit gaan dus daarom dat wanneer Christengelowiges hierdie dinge doen, hulle nie volgens hulle identiteit in Christus lewe nie. Hul optrede getuig nie daarvan dat hulle aan Christus se groep behoort nie. Hulle optrede bring ook nie eer aan Christus se groep nie, maar skande. Daarom leef hulle volgens die identiteit van heidene. Die straf vir die heidense identiteit hoort dus ook by hulle. Hierdie identiteit se straf is dan die dood.

Vervolgens behoort die verklaring van bogenoemde gedeeltes in konteks van die sosiale etiek soos Paulus dit verder aan die Christene in Rome verduidelik uitgewys te word.

## 4. 'n Sosio-etiek in die gemeente van Rome

Die relevante gedeeltes word beter verstaan wanneer die verduideliking van die evangelie aan die gemeente van Rome binne hul sosio-etiek verstaan word. Daar is deur die destydse Christene verskeie mense (heidene, Jode en ander Christene – verskille in kulture, agtergrond en sosiale status) in hul huise ontvang. Tydens hierdie byeenkomste is oor sake wat in die destydse samelewing én onder die heidense- sowel as Joodse Christene plaasgevind het, gesels (Rom 14:1-15:13).[108] Daar was liberale (alles is my geoorloof) Christene én konserwatiewe (ek sal niks van die heidense gebruike doen nie) Christene. [109] Die identiteit van

---

[108] Gagnon Robert AJ, **The Bible and Homosexual Practice – text and Hermeneutics**, p 243, [Abingdon Press], Nashville, 2001.
[109] Gagnon Robert AJ, **The Bible and Homosexual Practice – text and Hermeneutics**, p 243, [Abingdon Press], Nashville, 2001.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

die Christelike Kerk was besig om gevorm te word. Dit is daarom verstaanbaar dat die verskillende etiese en sosiale tradisies van die Christene by tye tot interne botsings gelei het. Botsing het nie nét binne die gemeentes voorgekom nie, maar ook met die burgerlike gemeenskap waarbinne hulle gelewe het. Die rede hiervoor was dat die Christene 'n ander "leer", "etiek" en "moraliteit" as die gangbare verkondig het.[110]

Christene was dus voortdurend op sosiaal etiese vlak bedreig deur die gewoontes en gebruike van die gemeenskap waarbinne hul gelewe het. Hul eie histories-godsdienstige agtergronde het ook die identiteit van die Kerk bedreig. Binne 'n omgewing waar die identiteit van die Christengelowiges gevorm word, en waarbinne hulle deur die burgerlike samelewing bedreig is, moes hulle hul dissipelskap uitleef.[111] Dit verklaar Paulus se oproep op die gelowiges om hul lewe te verander:

> "Laat ons dan ophou met die werke van die duisternis; laat ons die wapens van die lig opneem. 13Ons moet welvoeglik lewe soos dit in die daglig hoort. Daar moet geen drinkery en uitspattigheid, geen ontug en onsedelikheid, geen rusie en jaloesie wees nie. 14Nee, julle moet lewe soos volgelinge van die Here Jesus Christus en nie voortdurend daarop uit wees om julle sondige begeertes te bevredig nie." - 12ἡ νὺξ προέκοψεν, ἡ δὲ ἡμέρα ἤγγικεν. ἀποθώμεθα οὖν τὰ ἔργα τοῦ σκότους, ἐνδυσώμεθα [δὲ] τὰ ὅπλα τοῦ φωτός. 13ὡς ἐν ἡμέρᾳ εὐσχημόνως περιπατήσωμεν, μὴ κώμοις καὶ μέθαις, μὴ κοίταις καὶ ἀσελγείαις, μὴ ἔριδι καὶ ζήλῳ, 14ἀλλὰ ἐνδύσασθε τὸν κύριον Ἰησοῦν Χριστὸν καὶ τῆς σαρκὸς πρόνοιαν μὴ ποιεῖσθε εἰς ἐπιθυμίας. **Rom 13:12b-14**

---

110 Dunn James G, **The Theology of Paul the Apostle,** p 673, [William B Eerdmans Publishing Company], Grand Rapids, 1998; Thiessen Gerd, **The social setting of Pauline Christianity**, p 27, [T&T Clark Limited], Edinburg, 1982. Die waardes en norme van die apostels was vreemd aan dit wat in die destydse samelewing voorgekom het. Dit het dikwels botsings tussen die apostels en die Christengelowiges, sowel as die verskillende groepe Christengelowiges onderling veroorsaak.

111 Dunn James G, **The Theology of Paul the Apostle,** p 673, [William B Eerdmans Publishing Company], Grand Rapids, 1998; Witherington Ben, **Paul's Letter to the Romans – A Social-Retorical Commentary** , p 317-324, [WB Eerdmans Publishing Co], Grand Rapids, 2004.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die sosio-etiek onder die Romeinse Christene was op ander terreine ook gekoppel aan afgodery. Binne daardie konteks moet die volgende gelees word:

> [14]Omdat ek die Here Jesus ken, weet ek en is ek daarvan oortuig dat niks vanself onrein is nie. Maar as iemand iets as onrein beskou—vir hom is dit dan onrein. [15]As jy met wat jy eet, jou broer aanstoot gee, leef jy nie meer volgens die liefde nie. Moenie deur wat jy eet, iemand vir wie Christus gesterf het, laat verlore gaan nie - [14]οἶδα καὶ πέπεισμαι ἐν κυρίῳ Ἰησοῦ ὅτι οὐδὲν κοινὸν δι᾽ ἑαυτοῦ, εἰ μὴ τῷ λογιζομένῳ τι κοινὸν εἶναι, ἐκείνῳ κοινόν. [15]εἰ γὰρ διὰ βρῶμα ὁ ἀδελφός σου λυπεῖται, οὐκέτι κατὰ ἀγάπην περιπατεῖς· μὴ τῷ βρώματι σου ἐκεῖνον ἀπόλλυε ὑπὲρ οὗ Χριστὸς ἀπέθανεν [17]Die koninkryk van God is nie 'n saak van eet en drink nie, maar van gehoorsaamheid aan God, vrede en vreugde, wat die Heilige Gees ons gee - [17]οὐ γάρ ἐστιν ἡ βασιλεία τοῦ θεοῦ βρῶσις καὶ πόσις ἀλλὰ δικαιοσύνη καὶ εἰρήνη καὶ χαρὰ ἐν πνεύματι ἁγίῳ· [17]οὐ γάρ ἐστιν ἡ βασιλεία τοῦ θεοῦ βρῶσις καὶ πόσις ἀλλὰ δικαιοσύνη καὶ εἰρήνη καὶ χαρὰ ἐν πνεύματι ἁγίῳ. **Rom 14:14-15, 17**

Paulus gebruik soortgelyke begrippe wanneer hy in 1 Kor 6:9-10 na afgodery, dronkaards en homoseksuele verhoudings verwys.[112] Die konflik tussen die liberale Christene en die konserwatiewe Christene destyds was juis dat die liberale Christene geargumenteer het dat die vryheid in Christus daartoe aanleiding gee dat hulle met sekere heidense gewoontes kon voortgaan en dat die genade van God so groter word.(Rom 5:20-6:2; 1 Kor 6:12-20; 8:1-9; 10:1-11:1).[113] Die verwysing na die eet van kos dui dan spesifiek na die konflik tussen die "liberale (waarskynlik) heidense" gelowiges en die meer "konserwatiewe (waarskynlik) Joodse" gelowiges. Die konflik het gehandel dat die

[112]Dunn, James D.G., **Word Biblical Commentary, Volume 38b: Romans 9-16,** [Word Books Publisher], Dallas Texas, 1998; Witherington Ben, **Paul's Letter tot he Romans – A Social-Rethorical Commentary** , p 338-341 [WB Eerdmans Publishing Co], Grand Rapids, 2004.

[113] Hays Richard B, [**The Moral Vision of the New Testament,** 36-41, [T&T Clark], Edinburg,1996.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

konserwatiewe gelowiges in Rome gereken het dat die eet van vleis wat aan die afgode geoffer is, verkeerd was.[114] Binne hierdie konteks is dit dus ook moontlik dat wanneer Paulus na drinkery of dronkenskap verwys, hy na die tempelgebruike van die afgod Bagus verwys. Dit word aan die Dionysius kultus verbind.[115] Dit is met ander woorde duidelik dat heelwat van die voorbeelde wat Paulus in Romeine en Korinte noem wat nie deur gelowiges beoefen mag word nie, ook aan sekere afgode gekoppel kon word.[116]

**Hier is die analoog:**

Indien homoseksuele verhoudings van liefde en trou vandag aanvaarbaar sou wees omdat dit buite die kultus plaasvind, dan is al die ander sake wat Paulus in die sogenaamde sondelyste vandag ook aanvaarbaar solank dit net nie met afgodery gepaard gaan nie. Anders gestel: Dronkenskap, hebsug, ooreet, genot, promiskuïteit en al die ander aspekte wat genoem word, is slegs sonde indien dit vandag weer binne enige vorm van kultus beoefen sou word.

Die vraag is watter advies gee hy dan aan die verskillende groepe in die gemeente.

---

114 Hodge Charles, **Epistle to the Romans**, p 418, WB Eerdmans Publishing Company] Grand Rapids, 1968.

115 Various, **Dictionary of New Testament Background**, [Inter-Varsity Press], Downers Grove, 2000.

116 Dit is vir die doel van hierdie studie nie nodig om 'n detail beskrywing van die konflik tussen die "sterker" en "swakker" Christene binne die gemeente van Rome te gee nie. Guerra Anthony J, **Romans and the Apologetic Tradition: The Purpose, Genre and Audience of Paul's Letter**, [SNTSMS 81 - Cambridge University Press], Cambridge, 1995; Jewett Robert, **Christian Tolerance: Paul's Message to the Modern Church**, p 89-109, [Westminster], Philadelphia, 1982; Reasoner Mark, **The Strong and the Weak: Romans 14:1-15:13**, [SNTSMS Cambridge University Press] 1999; Ryken, Leland; Wilhoit, James C.; Longman III, Tremper, **Dictionary of Biblical Imagery,** [InterVarsity Press], Downers Grove, 2000, c1998.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

## 5. Vryheid en grense

Hoewel dit duidelik is dat Paulus nooit die sondes goedgepraat het nie, is sy advies aan die liberale en konserwatiewe Christene om in vrede met mekaar te leef:

> [19]Laat ons ons dan beywer vir die dinge wat die onderlinge vrede en opbou bevorder. [20]Moenie oor kos afbreuk doen aan die werk van God nie. Alle kos is rein, maar dit is verkeerd om deur wat jy eet, aanstoot te gee. [21]Dit is goed as 'n mens nie vleis eet of wyn drink of enigiets doen wat jou broer laat struikel nie. [22]Laat jou oortuiging hieroor 'n saak tussen jou en God wees. Gelukkig is die man wat hom nie hoef te verwyt oor wat hy hom veroorloof nie. [23]As iemand egter twyfel en tog eet, is hy klaar veroordeel omdat hy dit nie uit geloofsoortuiging doen nie. En enigiets wat 'n mens nie uit geloofsoortuiging doen nie, is sonde - [19]"Αρα οὖν τὰ τῆς εἰρήνης διώκωμεν καὶ τὰ τῆς οἰκοδομῆς τῆς εἰς ἀλλήλους. [20]μὴ ἕνεκεν βρώματος κατάλυε τὸ ἔργον τοῦ θεοῦ. πάντα μὲν καθαρά, ἀλλὰ κακὸν τῷ ἀνθρώπῳ τῷ διὰ προσκόμματος ἐσθίοντι. [21]καλὸν τὸ μὴ φαγεῖν κρέα μηδὲ πιεῖν οἶνον μηδὲ ἐν ᾧ ὁ ἀδελφός σου προσκόπτει. [22]σὺ πίστιν [ἣν] ἔχεις κατὰ σεαυτὸν ἔχε ἐνώπιον τοῦ θεοῦ. μακάριος ὁ μὴ κρίνων ἑαυτὸν ἐν ᾧ δοκιμάζει· [23]ὁ δὲ διακρινόμενος ἐὰν φάγῃ κατακέκριται, ὅτι οὐκ ἐκ πίστεως· πᾶν δὲ ὃ οὐκ ἐκ πίστεως ἁμαρτία ἐστίν.. **Rom 14:19-23**

Paulus erken hier dat Christene vry is om kos te eet of wyn te drink wat aan afgode gewy is. Indien iets egter vir iemand sonde is, dan doen sò 'n gelowige sonde indien hy/sy dit doen. Dit is egter duidelik dat hy die liberale Christene oproep om nié deur hul gewoontes (of vryheid in Christus) voort te gaan met die uitleef van daardie gewoontes, indien dit aan ander gelowiges sou aanstoot gee nie.[117] Die implikasie hiervan is

[117] Campbell William S, **Paul's Gospel in an Intercultural Context: Jew and Gentile in the Letter to the Romans**, [SIHC 69], Frankfurt, 1992; Fitsmyer Joseph, **Spiritual Exercises based on Paul's Epistle to the Romans**, p 202-208, [WB Eerdmans Bublishing Co], Grand Rapids, 1995; Hodge Charles, **Epistle to the Romans**, p 425-426, [WB Eerdmans Publishing Company] Grand Rapids, 1968; Walters James C, **Ethnic Issues in Paul's Letter to the Romans**, [Valley Forge: TPI], 1994; Watson Francis, **Paul. Judaism and the Gentiles: A Sociological**

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

duidelik: Indien jy vanuit jou vryheid in Christus wil leef, is selfbeheersing nog steeds op jou van toepassing (Rom 3:8; 5:20-6:3). Dit is sò om te weet dat God mense aanvaar wat ander gewoontes en gebruike as jyself het. Dit is die wese van Christelike liefde. Christelike vryheid druk dit self uit in selfverloëning én nie in die doen van dit wat volgens my eie oortuigings nie sonde is nie. Skematies kan Paulus se etiese advies aan die Romeinse Christene soos volg uitgebeeld word:[118]

**Vryheid**

Sterk / Liberaal — Swak / Konserwatief

**Toegewing** ———————————————— **Begrensing**

**Liefde en vrede**

**Geloof**

Binne hierdie konteks moet Paulus se skrywe van Romeine 1:18-32 gelees en verstaan word. Paulus skryf aan die Christene in Rome en praat met hulle nie net oor samelewingsondes nie, maar ook spesifiek oor sekere praktyke waarmee die Christene in Rome voortgegaan het, nadat hulle tot bekering gekom het. Dikwels het van die Christene dus teruggeval in die ou gewoontes waaruit hulle gekom het. Andere kere het hulle ook die ou gewoontes en praktyke goedgepraat. [119] Paulus is bekommerd dat die terugval van die heidense Christene in hul ou gewoontes hul heeltemal terug sou lei tot 'n algehele heidense leefwyse

---

**Approach**, [SNTSMS 56 – Cambridge University Press], Cambridge, 1988; Wedderburn AJM, **The Reasons for Romans**, [T&T Clark], Edinburgh, 1988.

[118] Dunn James G, **The Theology of Paul the Apostle,** p 689, [William B Eerdmans Publishing Company], Grand Rapids, 1998.

[119] Ridderbos Herman, **Romeinen,** p 5-7, 9-10, [Uitgeversmaatskappij JHKok Kampen 1977]; Kasemann Ernst, **Commentary on Romans**, p 3-5, [SCM Press Ltd], London, 1982.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

van afgodery. [120] Paulus verwys spesifiek na liggaamsdele wat op verkeerde wyse op seksuele gebied gebruik is:

> [19]Weens julle beperkte begrip gebruik ek 'n beeld uit die alledaagse lewe: soos julle elke deel van julle liggame in diens van sedelike onreinheid en wetteloosheid gestel het en losbandig gelewe het, so moet julle nou elke deel van julle liggame in diens van God stel om heilig te lewe. [20]Toe julle slawe van die sonde was, was julle nie in diens van God nie. [21]Wat was die vrug wat dié dinge waaroor julle nou skaam kry, toé vir julle opgelewer het? **Rom 6:19-21**

Daarom waarsku Paulus die heidense gelowiges dat 'n terugval in hul ou heidense gewoontes (ook in terme van seksuele gebruike) op hul geestelike dood kan uitloop:

> [23]Die loon wat die sonde gee, is die dood; die genadegawe wat God gee, is die ewige lewe in Christus Jesus ons Here. **Rom 6:23**

Vir Paulus gaan dit dus daaroor dat die Christene (beide Joods en heiden) 'n nuwe identiteit moet vorm weg van hulle vroeëre godsdienste, etiese, morele en tradisionele kontekse (Rom 3:8; 5:20-6:3; Rom 13-15). Hy was bewus van die uitdagings wat hy aan die gemeente van Rome gestel het.[121]

Wat is die implikasie van die Romeine brief ten opsigte van diegene wat homoseksuele huwelike voorstaan? Wat vra die Romeine brief van homoseksuele Christene ten opsigte van die uitleef van homoseksuele verhoudings? Hoe behoort ander gelowiges teenoor diegene op te tree

---

[120] Gagnon Robert AJ, **The Bible and Homosexual Practice – text and Hermeneutics**, p 288, [Abingdon Press], Nashville, 2001; Witherington Ben, **Paul's Letter to the Romans – A Social-Rhetorical Commentary**, p 167-173, [WB Eerdmans Publishing Co], Grand Rapids, 2004.

[121] Dunn James G, **The Theology of Paul the Apostle,** p 689, [William B Eerdmans Publishing Company], Grand Rapids, 1998.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

indien daar iets soos 'n homoseksuele oriëntasie sou wees? Dit is die kernvrae wat nou ter beoordeling beantwoord moet word.

## 4. 'n Beoordeling

- In die vorige hoofstuk is geargumenteer dat homoseksuele verhoudings van liefde en trou (en inderdaad homoseksuele huwelike) gedurende die tyd van Paulus bestaan het. As stoïsynse filosoof was hy waarskynlik ook bewus dat hierdie filosofiese denkrigting permanente homoseksuele verhoudings goedgekeur het. Hy het geweet van homoseksuele huwelike, en dat Nero twee sulke huwelike gehad het. Wanneer hy dus van homoseksuele verhoudings praat, verwys hy na "enige vorm" van homoseksuele verhoudings.
- Daarom maak dit nie sin om te argumenteer dat Paulus in Romeine 1 nié ook permanente homoseksuele verhoudings in gedagte gehad het nie. Veral indien sy argumentering van hoe God geskep het, in ag geneem word.
- In die vorige hoofstuk is ook geargumenteer dat daar tot hede nie oortuigende bewyse van tempel-homoseksualiteit of homoseksuele prostitusie uit die destydse Grieks-Romeinse kultusse gevind is nie. In die eksegese van Rom 1 blyk dit dat Paulus inderdaad nie tempel-homoseksuele prostitusie of perversiteit in gedagte gehad het nie.
- Hy adviseer die liberale Christene om nié enige homoseksuele verhoudings goed te keur of te beoefen nie.
- Hy stel nogtans dat redding slegs deur geloof verkry kan word, én nie deur iemand se "seksuele voorkeure" of die doen van ander sondes wat in dieselfde sondelys as homoseksuele verhoudings genoem word nie.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

- Vir hom is dit duidelik: Liberale Christene moet selfbeheersing en selfverloëning toepas. Dit is verkeerd om deur enige lewenswyse (ook in terme van die etiese en morele) aanstoot aan ander medegelowiges te gee. Daarom veroorsaak selfverloëning en selfbeheersing dat ander mense (onlangse bekeerlinge waarskynlik) nie sou terugval in die heidendom nie. Christene moet daarteen waak om nie weer die verkeerde dinge wat hulle voor hulle bekering gedoen òf goedgepraat het die kerk in te bring nie.
- Aan die konserwatiewe- én liberale Christene is sy advies duidelik: In die vorming van jul nuwe identiteit leef in vrede en liefde teenoor mekaar. Aanvaar mekaar ten spyte van julle verskil in opinie (of seksuele voorkeur?). Julle getuienis is ook daarin te vind.

In die laaste hoofstuk sal die ander belangrike gedeeltes waarby homoseksuele verhoudings ter sprake is, hanteer word. Hierdie gedeeltes is in 1 Kor 6 en 1 Tim 1.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)


# 10

# Die Skrif as hermeneutiese sleutel: Pauliniese en Deutero-Pauliniese Getuienis – Korintiërs en Timoteus

"As hy dit skryf, het hy dus seksuele uitbuiting en pederastie voor oë,
waar daar sprake was van seksuele 'oormag'.
Hy sien dit alles as iets wat ongetwyfeld sal saamhang
met die afgodediens van die Grieke".
**- Anthonissen & Oberholzer -**

'n Laaste eksegetiese ondersoek handel oor 1 Korintiërs 6:6-9 en 1 Timoteus 1:8-10. Daar bestaan verskeie wyses van interpretasie van hierdie gedeeltes. Waarskynlik is die deel in 1 Kor 6:6-9 die een Skrifgedeelte wat die duidelikste sou wys dat Paulus kennis gehad het van die verskillende vorme van 'n homoseksuele identiteit. Dit is wat in hierdie hoofstuk onder die vergrootglas sal kom.

**Wat is die saak wat hier ondersoek word?** In die verslag[1307] rakende homoseksualiteit tydens die 2004 Algemene Sinode stel voorstanders van homoseksuele verhoudings en –huwelike dat malakoi; ou[te ajrsenokoi`tai in hierdie Skrifgedeeltes nie na homoseksuele verhoudings sou wys nie. Dit dui eerder op mans of seuns wat hulleself seksueel laat misbruik, maw manlike prostitute. Dit moet verstaan word binne die konteks van pederastie wat in die Grieks-Romeinse wêreld voorgekom het. Hier gaan

[1307] Agenda Algemene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk, **Homoseksualiteit**, p 143, [Hartenbos], 10-16 Oktober 2004. Daar word slegs 1 paragraaf gewy aan die argument van diegene wat die twee gedeeltes as 'n afwysing van homoseksuele verhoudings sien, terwyl die skrywers van die verslag 3 paragrawe afstaan aan die motivering waarom hierdie gedeeltes nié van toepassing is op homoseksuele verhoudings van liefde en trou nie.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

dit ook om heteroseksuele mans wat betrokke was by homoseksuele seks.[1308] Die twee begrippe het niks met homoseksualiteit te doen nie, maar gaan eerder om losbandigheid in die algemeen. As motivering hiervoor word gestel dat hierdie begrippe nooit deur die kerkvaders gebruik is nie, maar eers in die 13de eeu deur Thomas van Aquinas in verband met homoseksuele verhoudings gebring is.[1309]

Binne bogenoemde argumentering sal 'n volledig eksegetiese ondersoek na die twee Skrifgedeeltes gedoen word. Vervolgens dan die betrokke tekste wat ter sprake is.

## 1. 1 Kor 6:9-11 en 1 Tim 1:8-10 binne die antropologie van die destydse Mediterreense mens

Dit is reeds vroeër gewys dat daar genoegsame bewyse bestaan het van homoseksuele huwelike en permanente homoseksuele (en lesbiese verhoudings – maw sogenaamde homoseksuele oriëntasies) verhoudings in beide Korinte en Efese. Hierdie bevindinge behoort 'n bepalende invloed te speel in die interpretasie van die bepaalde Skrifgedeeltes aangesien dit tekste is wat geskryf is aan Christene in die bepaalde stede. Die konteks van 1 Kor 6:9-10 word gevind in Paulus se seksuele etiek (1 Kor 5:1-7:40):

| Skrif | Teks | | Samevatting | Beginsel volgens die Mediterreense antropologie |
|---|---|---|---|---|
| **5:1-13** | 'n Mens hoor werklik van onsedelikheid onder julle, en dan nogal onsedelikheid van so 'n | {Olw" ajkouvetai ejn uJmi`n porneiva, kai; toiauvth | **Christene gaan voort met ongeoorloofde seksuele sonde –** | **Julle optrede bring die goeie naam van die** |

[1308] Agenda Algemene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk, **Homoseksualiteit**, p 143, [Hartenbos], 10-16 Oktober 2004

[1309] Agenda Algemene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk, **Homoseksualiteit**, p 143, [Hartenbos], 10-16 Oktober 2004.

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| | aard as wat selfs onder die heidene nie voorkom nie, naamlik dat 'n man en sy stiefma as man en vrou saamleef. [2]En dan verbeel julle julle nog julle is beter as ander. Moes julle nie liewer daaroor getreur het nie? So sou julle die man wat so iets gedoen het, uit julle kring verwyder het. | porneiva h{ti" oujde; ejn toi`" e[qnesin, w{ste gunai`ka tina tou` patro;" e[cein. [2]kai; uJmei`" pefusiwmevnoi ejste; kai; oujci; ma`llon ejpenqhvsate, i{na ajrqh`/ ejk mevsou uJmw`n oJ to; e[rgon tou`to pravxa"E | **sonde wat die heidene nie eers doen nie. Spesifiek:Bloedskande (vgl die Levitikus tekste waar homoseksuele verhoudings ter sprake is.)** | **groep in skande.** |
| | [3-4]Wat my betref, al was ek nie persoonlik by julle nie, was ek tog in die gees daar. Asof ek werklik daar was, het ek oor die man wat so iets gedoen het, reeds in die Naam van ons Here Jesus tot 'n besluit gekom. Julle daar, en ek in die gees teenwoordig, saam met die krag van ons Here Jesus, het vergader om hierdie man aan die Satan oor te gee. [5]So sou sy sondige aard vernietig word, sodat sy gees gered kan word op die dag wanneer die Here kom. | [3]ejgw; me;n gavr, ajpw;n tw`/ swvmati parw;n de; tw`/ pneuvmati, h[dh kevkrika wJ" parw;n to;n ou{tw" tou`to katergasavmenon: [4]ejn tw`/ ojnovmati tou` kurivou »hJmw`n¼ jIhsou` sunacqevntwn uJmw`n kai; tou` ejmou` pneuvmato" su;n th`/ dunavmei tou` kurivou hJmw`n jIhsou`, [5]paradou`nai to;n toiou`ton tw`/ satana`/ eij" o[leqron th`" sarkov", i{na to; pneu`ma swqh`/ ejn th`/ hJmevra/ tou` kurivou. | **Moenie sulke dinge toelaat nie. Gee so iemand oor aan die satan tot redding van sy siel.** | **Tree sò op dat die goeie naam van julle groep beskerm word – Plaas so iemand buite julle groep.** |
| | [6]Julle selfverheffing is nie mooi nie. Weet julle nie dat 'n bietjie suurdeeg die hele deeg deurtrek nie? [7]Verwyder dan die ou suurdeeg, sodat julle nuwe, ongesuurde deeg kan wees, en dit is julle ook werklik. Ons paaslam is immers geslag: dit is Christus. [8]Laat ons dan feesvier, nie met die ou suurdeeg of met die suurdeeg van | [6]Ouj kalo;n to; kauvchma uJmw`n. oujk oi[date o{ti mikra; zuvmh | **Moenie hoogmoedig wees nie. Raak ontslae van mense wat met hul ou gewoontes mee voort gaan (ou suurdeeg), want Christus het vir julle gesterf** | **Moenie die goeie naam van julle groep in gedrang bring nie. Raak ontslae van diegene wat julle goeie naam in die skande bring** |

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| | onsedelikheid en ander sonde nie, maar met die ongesuurde brood van reinheid en waarheid. | o{lon to; fuvrama zumoi`É [7]ejkkaqavrate th;n palaia;n zuvmhn, i{na h\te nevon fuvrama, kaqwv" ejste a[zumoi: kai; ga;r to; pavsca hJmw`n ejtuvqh Cristov". [8]w{ste eJortavzwmen mh; ejn zuvmh/ palaia`/ mhde; ejn zuvmh/ kakiva" kai; ponhriva" ajllÆ ejn ajzuvmoi" eijlikrineiva" kai; ajlhqeiva". | | |
| | [9]In die vorige brief het ek aan julle geskryf om nie met mense om te gaan wat in onsedelikheid leef nie. [10]Daarmee het ek glad nie die onsedelikes of die geldgieriges, bedrieërs of afgodedienaars van hierdie wêreld bedoel nie, want om hulle te vermy, sou julle uit die wêreld moes padgee. | [9] [Egraya uJmi`n ejn th`/ ejpistolh`/ mh; sunanamivgnusqai povrnoi", [10]ouj pavntw" toi`" povrnoi" tou` kovsmou touvtou h] toi`" pleonevktai" kai; a{rpaxin h] eijdwlolavtrai", ejpei; wjfeivlete a[ra ejk tou` kovsmou ejxelqei`n. | **Julle kan nie geïsoleer word van onsedelikes buite die gemeente nie. Sondelys word gegee** | **Julle eer lê daarin dat julle waardes anders is as die wêreld waarbinne julle beweeg** |
| | [11]Wat ek geskryf het, was dat julle nie moet omgaan met iemand wat homself 'n gelowige noem, maar wat onsedelik of geldgierig of 'n afgodsdienaar of kwaadprater of dronkaard of bedrieër is nie. Met so iemand moet julle nie eens saam eet nie. | [11]nu`n de; e[graya uJmi`n mh; sunanamivgnusqai ejavn ti" ajdelfo;" ojnomazovmeno" h\/ povrno" h] pleonevkth" h] eijdwlolavtrh" h] loivdoro" h] | **Diegene binne die gemeente wat met sonde voortgaan moet uit die gemeente geplaas word** | **Julle skande is daarin dat julle dieselfde dinge doen as die wêreld waarbinne julle beweeg.** |
| | [12–13]Per slot van rekening is dit nie vir my om oor mense buite die gemeente te oordeel nie. God sal oor hulle oordeel. Maar julle moet oor julle eie mense oordeel: "Verwyder die slegte mens onder julle uit!" | | **Raak betrokke by diegene wat deel van julle groep is, maar 'n skande oor julle groep bring** | **Bevorder die eer en goeie naam van julle groep deur ontslae te raak van almal wat julle goeie naam in skande bring** |

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| | | mevquso" h] a{rpax, tw`/ toiouvtw/ mhde; sunesqivein.<br><br>[12]tiv gavr moi tou;" e[xw krivneinÉ oujci; tou;" e[sw uJmei`" krivneteÉ [13]tou;" de; e[xw oJ qeo;" krinei`. **ejxavrate to;n ponhro;n ejx uJmw`n aujtw`n.** | | |
| **6:1-8** | Gaan iemand van julle wat 'n saak teen 'n ander gelowige het, werklik so ver dat hy sy reg by heidense regters soek en nie by gelowiges nie? [2]Of weet julle nie dat die gelowiges oor die wêreld sal oordeel nie? En as julle oor die wêreld sal oordeel, is julle dan onbevoeg vir sulke geringe hofsake? [3]Weet julle nie dat ons oor die engele sal oordeel nie? Dan tog seker ook oor alledaagse dinge. [4]As julle oor alledaagse dinge geskille het, laat julle dan dié mense as regters optree op wie die gemeente neersien? [5]Ek sê dit om julle skaam te maak. Is daar dan nie 'n enkele verstandige mens onder julle wat 'n saak tussen gelowiges kan besleg nie? [6]Maar gaan een gelowige nou met die ander hof toe, en dit voor ongelowige regters? | Tolma`/ ti" uJmw`n pra`gma e[cwn pro;" to;n e{teron krivnesqai ejpi; tw`n ajdivkwn kai; oujci; ejpi; tw`n aJgivwnÉ [2]h] oujk oi[date o{ti oiJ a{gioi to;n kovsmon krinou`sinÉ kai; eij ejn uJmi`n krivnetai oJ kovsmo", ajnavxioi ejste krithrivwn ejlacivstwnÉ [3]oujk oi[date o{ti ajggevlou" krinou`men, mhvti ge biwtikavÉ [4]biwtika; me;n ou\n krithvria eja;n e[chte, tou;" ejxouqenhmevnou" ejn th`/ ejkklhsiva/, touvtou" kaqivzeteÉ [5]pro;" | **Die Christene tree deur hul onderlinge verhoudinge nie in lyn met hul identiteit op nie.** | **Deur julle onderlinge verhoudinge bring julle 'n skande oor die goeie naam van die groep waaraan julle behoort.** |

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| | [7]Eintlik is julle saak al klaar verlore, omdat julle hofsake met mekaar het. Waarom ly julle nie liewer onreg nie? Waarom laat julle julle nie liewer te kort doen nie? [8]In plaas daarvan pleeg julle onreg en doen ander te kort, en dit doen julle aan medegelowiges. | ejntroph;n uJmi`n levgw. ou{tw" oujk e[ni ejn uJmi`n oujdei;" sofov", o}" dunhvsetai diakri`nai ajna; mevson tou` ajdelfou` aujtou`É [6]ajlla; ajdelfo;" meta; ajdelfou` krivnetai kai; tou`to ejpi; ajpivstwnÉ [7] [Hdh me;n »ou\n¼ o{lw" h{tthma uJmi`n ejstin o{ti krivmata e[cete meqÆ eJautw`n. dia; tiv oujci; ma`llon ajdikei`sqeÉ dia; tiv oujci; ma`llon ajposterei`sqeÉ [8]ajlla; uJmei`" ajdikei`te kai; ajposterei`te, kai; tou`to ajdelfouv". | **Julle gedrag wys dat julle verlore is** | **Jou identiteit pas nie by mense wat deel het aan God se koninkryk nie.** |
| **6:9-11**[1310] | [9]Of weet julle nie dat mense wat onreg doen, geen deel sal kry aan die koninkryk van God nie? | [9] ]H oujk oi[date o{ti a[dikoi qeou` basileivan ouj klhronomhvsousinÉ | **Julle gedrag is soos dié van mense wat verlore is.** | **Jou identiteit: Julle tree nie op soos mense wat aan God se groep behoort nie.** |
| | Moenie julleself mislei nie: geen onsedelikes of | mh; plana`sqe: | **Julle gedrag is soos** | **Jou identiteit:** |

[1310] Ek sal later in hierdie hoofstuk die sogenaamde "sondelyste" in meer detail hanteer. Die sondelyste het waarskynlik as konteks 'n algemene groep immorele handelinge wat kenmerkend van die heidense kultuur was.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| | afgodsdienaars of egbrekers of mense wat homoseksualiteit beoefen [10]of diewe of geldgieriges of dronkaards of kwaadpraters of bedrieërs sal deel kry aan die koninkryk van God nie. | ou[te povrnoi ou[te eijdwlolavtrai ou[te moicoi; ou[te malakoi; ou[te ajrsenokoi`tai [10]ou[te klevptai ou[te pleonevktai, ouj mevqusoi, ouj loivdoroi, oujc a{rpage" basileivan qeou` klhronomhvsousin. | dié van mense wat verlore is. | Julle tree nie op soos mense wat aan God se groep behoort nie. |
| | [11]En so was party van julle juis ook. Maar julle het julle sonde laat afwas, julle is geheilig, julle is vrygespreek in die Naam van die Here Jesus Christus en deur die Gees van ons God. | [11]kai; tau`ta tine" h\te: ajlla; ajpelouvsasqe, ajlla; hJgiavsqhte, ajlla; ejdikaiwvqhte ejn tw`/ ojnovmati tou` kurivou jIhsou` Cristou` kai; ejn tw`/ pneuvmati tou` qeou` hJmw`n. | **Maar julle is nie meer soos julle was nie. Julle is nou anders.** | **Jou identiteit: Jou optrede behoort anders te wees, want julle vorm deel van 'n nuwe groep (Christus se groep).** |
| **6:12-14** | [2]Daar is mense wat sê: "Alles is my geoorloof." Ja, maar nie alles is heilsaam nie. "Alles is my geoorloof," sê hulle. Ja, maar ek gaan my nie deur enigiets laat verslaaf nie. [13]Hulle sê ook: "Kos is vir die maag, en die maag vir kos." Goed, maar God sal die een sowel as die ander tot niet maak. 'n Mens se liggaam is nie bedoel vir seksuele losbandigheid nie, maar | [12]Pavnta moi e[xestin ajllÆ ouj pavnta sumfevrei: pavnta moi e[xestin ajllÆ oujk ejgw; ejxousiasqhvsomai uJpov tino". [13]ta; brwvmata th`/ koiliva/ kai; hJ koiliva toi`" brwvmasin, oJ de; qeo;" kai; tauvthn kai; tau`ta katarghvsei. | **Julle vryheid in Christus het grense.** **Op seksuele gebied kan Christene nie** | **Daar is grense sodat jy tot eer van God en Sy Groep se goeie naam sal lewe** **Die identiteit van die groep is in die oorwinning van** |

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| | is daar vir die Here, wat ook oor ons liggaam Here is. [14]God het deur sy krag die Here uit die dood opgewek en so sal Hy ons ook opwek. | to; de; sw`ma ouj th`/ porneiva/ ajlla; tw`/ kurivw/, kai; oJ kuvrio" tw`/ swvmati: [14]oJ de; qeo;" kai; to;n kuvrion h[geiren kai; hJma`" ejxegerei` dia; th`" dunavmew" aujtou`. | **doen soos hulle goedvind nie. Julle vryheid is begrens. Ons is oorwinnaars.** | **Jesus. Dit is die rede waarom Christene ook op seksuele gebied aan hulself grense stel.** |
| **6:15-20** | [15]Weet julle nie dat julle liggaam deel is van Christus nie? Sal ek nou 'n deel van Christus neem en dit 'n deel van 'n ontugtige vrou maak? Beslis nie! [16]Of weet julle nie dat iemand wat met 'n ontugtige vrou omgang het, liggaamlik een met haar is nie? God sê immers: "Die twee sal een word." [17]Maar wie hom met die Here verenig, is geestelik een met Hom. | [15]oujk oi[date o{ti ta; swvmata uJmw`n mevlh Cristou` ejstinÉ a[ra" ou\n ta; mevlh tou` Cristou` poihvsw povrnh" mevlhÉ mh; gevnoito. [16]»h]¼ oujk oi[date o{ti oJ kollwvmeno" th`/ povrnh/ e}n sw`ma ejstinÉ **e[sontai** gavr, fhsivn, **oiJ duvo eij" savrka mivan**. [17]oJ de; kollwvmeno" tw`/ kurivw/ e}n pneu`ma ejstin. | **Jou liggaam is deel van Christus, daarom sal Christene niks met ongeoorloofde seksuele gedrag te doen hê nie.** | **Moenie deur jou liggaam geestelike oneer aan jou eenheid met Christus bring nie.** |
| | [18]Julle moet niks met seksuele losbandigheid te doen hê nie. Elke ander sonde wat 'n mens doen, vind buite sy liggaam plaas, maar iemand wat seksueel losbandig lewe, vergryp hom aan sy eie liggaam. | [18]Feuvgete th;n porneivan. pa`n aJmavrthma o} eja;n poihvsh/ a[nqrwpo" ejkto;" tou` swvmato" ejstin: oJ de; porneuvwn eij" to; i[dion sw`ma aJmartavnei. | **Bly weg van ongeoorloofde seksuele gedrag** | **Die Christen se seksuele karakter: Moenie op seksuele gebied sò optree dat julle oneer aan jul liggame bring nie** |
| | [19]Of besef julle nie dat julle liggaam 'n tempel van die Heilige Gees is nie? Julle het die | [19]h] oujk oi[date | **Jou liggaam is die woonplek van God. Jou liggaam behoort** | **Julle behoort ook liggaamlik aan God se groep.** |

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| | Heilige Gees, wat in julle woon, van God ontvang, en julle behoort nie aan julleself nie:<br><br>[20]julle is gekoop, en die prys is betaal. Julle moet God dus in julle liggaam verheerlik. | o{ti to; sw`ma uJmw`n nao;" tou` ejn uJmi`n aJgivou pneuvmato" ejstin ou\| e[cete ajpo; qeou`, kai; oujk ejste; eJautw`nÉ<br><br>[20]hjgoravsqhte ga;r timh`": doxavsate dh; to;n qeo;n ejn tw`/ swvmati uJmw`n. | **nie aan jouself nie.**<br><br>**Julle identiteit is om deur julle liggame God te eer** | **Tree op soos mense wat aan God se groep behoort en eer aan sy goeie Naam bring.** |

In 1 Kor 7:1-24 gee Paulus raad oor die huwelik. Vanaf 7:25-40 gee hy advies rakende ongetroudes en die weduwees. Die eerste aspek wat genoem moet word, is dat hy advies gee op navraag wat aan hom gedoen is (7:1) én dat hy oor sake praat wat hy op "hoorsê" verkry het.

> "'n Mens hoor werklik van onsedelikheid onder julle , ... EK kom nou by die dinge waaroor julle aan my geskryf het ..." **1 Kor 5:1; 7:1**

Wanneer hy dus oor seksuele etiek en moraliteit skryf, handel dit oor spesifieke situasies wat binne die gemeente plaasgevind het. Die tweede saak wat belangrik is om uit te lig, is dat hy selibaat as 'n belangrike seksuele deug uitwys (7:8, 26-27, 34, 37, 39-40).

Die Deutero-Pauliniese gedeelte van 1 Tim 1:8-11 word weer gevind binne die konteks van dwaalleraars wat die gelowiges die vryheid gegun het om die wet van God te oortree. In beide hierdie gedeeltes word die onlangse bekeerlinge opgeroep om nie met sulke praktyke voort te gaan nie, maar daarmee te breek (1 Kor 6:11; 1 Tim 1:6)

| Skrif | Teks | Samevatting | Beginsel volgens |
|---|---|---|---|

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)


| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| | | | | **die Mediterreense antropologie** |
| **1:3-7** | Daar is sekere mense wat vals leerstellings versprei, en jy moet hulle dit verbied. [4]Hulle moet hulle nie met verdigsels en eindelose geslagsregisters besig hou nie. Sulke dinge gee eerder aanleiding tot twisgesprekke as dat dit die vorming bevorder wat God deur die geloof gee. [5]Die doel van hierdie opdrag is om liefde te wek wat uit 'n rein hart, 'n goeie gewete en 'n opregte geloof kom. [6]Daar is mense wat hiervan afgedwaal het en in 'n vrugtelose gepraat verval het. [7]Hulle wil leermeesters in die wet wees, maar hulle verstaan nie hulle eie woorde of die dinge waaroor hulle so selfversekerd praat nie. | [3]Kaqw;" parekavlesa se prosmei`nai ejn jEfevsw/ poreuovmeno" eij" Makedonivan, i{na paraggeivlh/" tisi;n mh; eJterodidaskalei`n [4]mhde; prosevcein muvqoi" kai; genealogivai" ajperavntoi", ai{tine" ejkzhthvsei" parevcousin ma`llon h] oijkonomivan qeou` th;n ejn pivstei. [5]to; de; tevlo" th`" paraggeliva" ejsti;n ajgavph ejk kaqara`" kardiva" kai; suneidhvsew" ajgaqh`" kai; pivstew" ajnupokrivtou, [6]w\|n tine" ajstochvsante" ejxetravphsan eij" mataiologivan [7]qevlonte" ei\nai nomodidavskaloi, mh; noou`nte" mhvte a} levgousin mhvte peri; tivnwn diabebaiou`ntai. | **Onder julle is daar leermeesters wat voorgee dat hulle die wet leer, maar hulle verstaan nie waaroor dit gaan nie** | **Jou optrede en leer bepaal jou identiteit: wie die leer verbuig, onderhou nie God se wet nie.** |
| **1:8** | [8]Ons weet dat die wet goed is as 'n mens dit op die regte manier gebruik. | [8]Oi[damen de; o{ti kalo;" oJ novmo", ejavn ti" aujtw`/ nomivmw" crh`tai, | **Die wet is goed** | **Jou optrede bepaal jou identiteit: wie reg leef gebruik die** |

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| | | | | **wet van God reg** |
| **1:9-10** | 9'n Mens moet onthou dat die wet nie vir die wetsgehoorsame bedoel is nie, maar vir mense wat hulle nie aan wet en orde steur nie, goddeloses en sondaars, mense sonder eerbied vir wat heilig en gewyd is, dié wat vader of moeder doodmaak, moordenaars, 10ontugtiges, mense wat homoseksualiteit beoefen, ontvoerders, leuenaars, dié wat meineed pleeg of enigiets anders doen wat met die gesonde leer in stryd is. | 9eijdw;" tou`to, o{ti dikaivw/ novmo" ouj kei`tai, ajnovmoi" de; kai; ajnupotavktoi", ajsebevsi kai; aJmartwloi`", ajnosivoi" kai; bebhvloi", patrolwv/ai" kai; mhtrolwv/ai", ajndrofovnoi" 10povrnoi" ajrsenokoivtai" ajndrapodistai`" yeuvstai" ejpiovrkoi", kai; ei[ ti e{teron th`/ uJgiainouvsh/ didaskaliva/ ajntivkeitai | **Dit is die dinge wat mense doen wat in stryd met die gesonde leer is** | **Jou optrede bepaal jou identiteit: wie hierdie dinge doen, pas nie by diegene wat God se wet nakom nie. Hulle optrede is daarom nié soos mense wat deel vorm van God se groep nie.** |
| **1:11** | 11Die gesonde leer is in ooreenstemming met die evangelie wat aan my toevertrou is, die evangelie van die heerlikheid van die goeie God. | 11kata; to; eujaggevlion th`" dovxh" tou` makarivou qeou`, o} ejpisteuvqhn ejgwv. | **Wie by die gesonde leer bly, sal hierdie dinge nie goedpraat nie** | **Jou optrede bepaal jou identiteit: Wie die evangelie verstaan onderhou God se wet.** |

Daar is belangrike beginsels vir die verstaan van 1 Kor 6:9-11 en 1 Tim 1:8-10 wat uit die antropologie van die destydse Mediterreense mense in die gedeeltes na vore kom. Dit is:

- Christene behoort nie aan hulself nie, maar aan 'n breër groep – die groep van God deur Jesus Christus.
- Christene se identiteit bestaan nog steeds daarin om die wet van God op die regte manier na te kom (beperking van die Christelike vryheid).

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)


- Daarom kan die Christene nie hul vryheid wat hul in Christus verkry het, gebruik om te doen wat hul wil nie. Die voordeel van die groep waarvan hulle deel vorm en die eer van die hoof van hul groep (God) beperk hulle.
- Christene sal hulle dus nie besighou met ongeoorloofde seksuele praktyke nie.
- Christene se identiteit bestaan ook daarin dat hulle leraars wat iets anders leer, nie sal navolg nie.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

## 2. 1 Kor 6:9-11 en 1 Tim 1:8-10 as eksegetiese perspektief

In 1 Kor 5 en 6 word verskeie sondelyste gegee. Hierdie sondelyste speel 'n belangrike motivering onder voorstanders van homoseksuele verhoudings en –huwelike as motivering waarom die gedeeltes teen homoseksuele verhoudings nie vandag meer geld nie.

### 2.1. Die sondelyste van 1 Kor 5 en 6

Scroggs wys daarop dat in 1 Kor 5:10, 11 en 1 Kor 6:9-10 'n spesifieke sondelys voorkom wat bekend was aan die destydse Hellenistiese Judaïsme sowel as aan die Stoïsyne. As motivering vir hierdie stelling gebruik hy die Wysheid van Salomo 14:25-26. Hy doen dit om 'n belangrike punt te maak: Paulus het nié van spesifieke sondes in Korinte gepraat nie, maar van 'n sondelys wat deel was van die destydse filosofiese en Joodse tradisies.[1311] Vir hom gaan dit in 1 Kor 6 nie oor homoseksuele praktyke nie. Dit gaan eerder oor heteroseksuele sondes. Die sondelyste is daarom nie per se belangrik nie. Wat belangrik is, is dat Paulus die gemeente oproep om rein te leef.[1312]

Ter wille van volledigheid word Scroggs se sondelys (1 Kor 5:10-11 en 1 Kor 6:9-10) nie alleen hier gegee nie, maar dit word uitgebrei met die sondelyste van die Wysheid van Salomo, die van 1 Tim 1:8-10 én die van Rom 1. Dit word gedoen om sy siening in evaluering te neem. Indien Paulus van 'n tradisionele sondelys gebruik sou maak sou dit in al drie briewe met die sondelys van die Wysheid van Salomo ooreenstem.[1313]

[1311] Scroggs Robin, **The New Testament and Homosexuality,** p 102, [Fortress Press], Philadelphia, 1984
[1312] Scroggs Robin, **The New Testament and Homosexuality,** p 103, [Fortress Press], Philadelphia, 1984
[1313] Vir die sondelyste word slegs die Afrikaanse vertalings gebruik en nie ook die Grieks nie.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)


UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

| **Wysheid 14:25-26** | **Rom 1:18 vv** | **1 Kor 5:10** | **1 Kor 5:11** | **1 Kor 6:9-10** | **1 Tim 1:8-10** |
|---|---|---|---|---|---|
| Losbandigheid in die huwelik | Sedelike onreinheid | Onsedelikes | Onsedelikes | Onsedelikes | Ontugtiges |
| Egbreuk | | | | Egbrekers | |
| Verkragting | | | | | |
| Ontrou | | | | | |
| Uitspattigheid | Hebsug | Geldgieriges | Geldgierig | Geldgieriges | |
| Bedrog | Bedrog | Bedrieërs | Bedrieër | Bedrieërs | |
| | Afgodery | Afgodsdienaars | Afgodsdienaar | Afgodsdienaar | |
| | Kwaadpraat | | Kwaadprater | Kwaadpraters | |
| | | | Dronkaard | Dronkaards | |
| Verwisseling van geslag | Homoseksuele- en lesbiese verhoudings | | | Mense wat homoseksualiteit beoefen | Mense wat homoseksualiteit beoefen |
| Bloedvergieting | Moord | | | | Moord op ouers |
| Moord | | | | | |
| Diefstal | | | | Diewe | |
| Oproer | Ongehoorsaam aan ouers | | | | |
| Meineed | | | | | Meineed |
| Verontrusting van die eensames | | | | | |
| Ondankbaarheid | | | | | |
| Oproep van die dooies | | | | | |
| | | | | | Ontvoerders |
| | | | | | Leuenaars |
| | Ongeregtigheid | | | | ... of enige iets anders wat teen die wet is... |
| | Slegtheid | | | | |
| | Gemeenheid | | | | |
| | Jaloesie | | | | |
| | Twis | | | | |
| | Skinder | | | | |
| | Kwaadwillig | | | | |
| | Haat | | | | |
| | Verwaand | | | | |
| | Kwaad uitdink | | | | |
| | Onverstandig | | | | |
| | Onbetroubaar | | | | |
| | Liefdeloos | | | | |
| | Hardvogtig | | | | |

Dit is 'n billike vraag waarom Scroggs net 1 Kor 5 en 6 se sondelyste met die van die Wysheid van Salomo vergelyk? Waarom sou Paulus slegs in Romeine kontekstueel wees, maar in sy skrywe aan die gemeente in Korinte terugval op 'n sogenaamde Hellenisties-Judaïstiese sondelys? Is dit nie verder net so dat daar radikale verskille tussen al hierdie sondelyste is nie – selfs in vergelyking met die lys wat in die Wysheid van Salomo voorkom nie? Beteken dit dat alle sondes wat in die Nuwe Testament genoem word, maar wat ook in die buite Bybelse geskrifte voorkom, vandag nie meer geld nie of dat dit nie relevansie vir Paulus se lesers gehad het nie? Met ander woord: beteken dit dat hierdie dinge vandag gedoen kan word?

Waarom word die ander sondes wat Paulus aan die gemeente in Korinte uitwys nie ook in Scroggs se lys opgeneem nie? Wat het geword van bloedskande (5:1-4), hoogmoed (5:6), regspraak voor die wêreldse hof (6:1-8), egskeiding (7:10-16, 27), die weiering van seksuele gemeenskap tussen man en vrou (7:1-5) sowel as seks tussen verloofdes buite die huwelik (7:36)?

Meer oor die sondelyste: Dit is irrelevant of Paulus van 'n bestaande sondelys gebruik maak of nie. Daar is duidelike verskille tussen al ses die sondelyste (sowel as ander sondelyste wat ook deur hom elders in die Nuwe Testament genoem word – Rom 13:13; 2 Kor 12:20-21; Gal 5:19-21). Toegegee, Paulus voeg in 1 Kor 5 en 6 elke keer 'n paar sondes by. Dit sou eerder gestel kon word dat Paulus hier 'n "kategismus" vir die etiek en moraliteit van die Christelike lewe gee. Daarom kan verstaan word dat hy aan die nuwe bekeerlinge wil bevestig dat 'n Christen se vryheid in Christus nie alles toelaat nie. Daar is grense (1 Kor 6:12; 10;22).[1314] Hoewel hy van

[1314] Thiselton Anthony C, **Can Hermeneutics Ease the Deadlock? Some Biblical Exegesis and Hermeneutical Models** uit **The way Forward? Christian Voices on**

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

'n sogenaamde algemene sondelys as basis gebruik maak, verander hy elke keer die sondelys afhangende van die spesifieke situasie wat hy aanspreek.[1315]

Binne die konteks van al ses die sondelyste, sowel as die sosiale kontekste van die gemeentes in die drie stede waar homoseksuele verhoudings bekend was, kan Scroggs se siening nie gehandhaaf word nie. Paulus het spesifieke "sondes" in gedagte gehad met sy skrywe aan Korinte. Hy praat spesifiek oor dinge wat in die gemeente gebeur het (5:1; 7:1).

Daar is briewe wat deur Paulus geskryf is, maar wat verlore gegaan het (5:9). In 'n vorige brief het hy aan die Christengelowiges geskryf om nie met immorele mense te meng nie.[1316] Hulle het verstaan dat hy verwys na

**Homosexuality and the Church**, p 164, [Wm B Eerdmans Publishing Co], Grand Rapids, 2003.

1315 Gagnon Robert AJ, **The Bible and Homosexual Practice – Text and Hermneutics**, p 305-306, [Abingdon Press], Nashville, 2001; Stowasser Martin, **Homosexualität und Bibel: exegetische und hermeneutische Überlegungen zu einem schwierigen Thema**, p 510-511, [NTS 43], 1997. Die gedagte word onderstreep deur ander sondelyste wat deur Paulus gebruik word wat ook nie 100% met mekaar ooreenkom nie (vgl ook Rom 13:13; 2 Kor 12:20-21 en Gal 5:19-21).

1316 Marshall Peter, **Enmity in Corinth: Social Conventions in Paul's Relations with the Corinthians** p 179, 215, [Gulde-Druck GmbH], Tübingen, 1987; Thiesen Gerd, **Essays on Corinth – The social setting of Pauline Christianity,** p 15, [T&T Clark Limites], Edinburgh, 1982. Paulus was bewus van spanning tussen hom en die gemeente (4:1-5), sowel as spanning onderling tussen die gemeentelede self (3:1-9; 11:17-19). Vergelyk begrippe soos jaloesie (3:3), twis (3:3) saam met kwaadprater (5:11; 6:10) en dronkenskap (5:11; 6:10; 11:21). Hier kan die argument wat in die vorige hoofstuk genoem is, weer gestel word. Indien die verwysing na homoseksuele verhoudings in 1 Kor 6:9 dui op losbandigheid en perversiteit wat verband hou met afgodediens (kultus), dan geld dieselfde argument vir dronkenskap. Soveel te meer wanneer die gelowiges tydens die nagmaal dronk word (aanbidding van Baggus). Indien homoseksuele verhoudings van liefde en trou daarom buite die kultus aanvaarbaar is (dit doen per slot van rekening niemand skade nie), dan is dronkenskap buite die kultus ook aanvaarbaar. Die gewoontedrinker wat elke aand na werk sy drankie drink om "te ontspan" (en nie daarsonder kan klaarkom nie), is dan net so aanvaarbaar as die persoon wat 'n "skoon" homoseksuele verhouding beoefen. Dit moet onthou word dat baie van die sake wat Paulus aanraak, onder die hoë sosio-ekonomiese groep voorgekom (geldgieriges vgl 5:10-11; 6:9-10 en bedrieërs (5:10-11; 6:10) het. Paulus reageer teenoor die Christene uit die hoë sosio-ekonomiese groep wat net daarop uit was om hul eie belange en begeertes te bevredig (5:6). Hier is in die sondelyste nie sprake van 'n ongekwalifiseerde

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

immorele mense in die gemeenskap (misverstand). Christengelowiges kan nie wegbly van immorele mense binne die gemeenskap nie, want dan sou hulle uit die wêreld moes padgee (vgl ook Joh 17:14-18).[1317] Hy maak nou hierdie regstelling met nu`n de; e[graya uJmi`n (letterlik: "maar nou skryf ek vir julle" - 5:11)[1318] deur te wys dat hulle niks met immorele mense binne die gemeente te doen moet hê nie (vgl die antropologie van die Mediterreense mens se siening van eer en skande). As motivering vir wat hy onder hierdie immorele mense binne die gemeente verstaan, gee hy die sogenaamde sondelyste (6:9-10). Met sommige van die sondes wat in die gemeente voorgekom het, brei hy uit juis om verdere misverstande te voorkom.[1319] Paulus spreek dus spesifieke sake wat in die gemeente voorgekom het aan. Dit was 'n gemeente binne 'n goddelose stad wat as gevolg van hulle konteks nie teologiese vraagstukke gehad het nie, maar eerder ernstige etiese probleme.[1320]

Die feit dat sommige Christengelowiges nog hierdie dinge doen, beteken dat hulle hulle nog nie heeltemal aan die "Heerskap" van Jesus oorgegee het nie (5:7-8; 6:11,15,19).[1321] Vir hom is die voorkoms van hierdie dinge onder die Christengelowiges 'n teken dat sommige terugval in die "gees" van afgodery – maw heidene (5:10,11; 6:9; 10:7). Hy roep daardeur die gelowiges (net soos in Romeine) op om anders te leef as die afgodedienaars.

---

nadoen van 'n Judaïstiese tradisie nie, maar werklike geestelike probleme wat binne die gemeente voorgekom het.

[1317] Kistemaker Simon J, **1 Corinthians,** p 168, [Baker Book House Company], Grand Rapids, 1993.

[1318] Hodge Charles, **I & II Corinthians**, p 92, [The Banner of Truth], Pennsylvania, 1974.

[1319] Kistemaker Simon J, **1 Corinthians,** p 168-169, [Baker Book House Company], Grand Rapids, 1993.

[1320] Hodge Charles, **I & II Corinthians**, p 68, [The Banner of Truth], Pennsylvania, 1974; Horrel David G, **The Social Ethos of the Corinthian Correspondence**, p 109-112, [T&T Clark], Edinburg, 1996; Tambasco Anthony J, **In the days of Paul – The Social world and the teachings of the apostle**, p 66, [Paulist Press], New York, 1001.

[1321] Kistemaker Simon J, **1 Corinthians,** p 169, [Baker Book House Company], Grand Rapids, 1993; Quast Kevin, **Reading the Corinthian Correspondence – an Introduction**, p 46-47, [Paulist Press], Mahwah, 1994.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)


Hy wys hulle op hul identiteit in Christus (6:11).[1322] Scroggs se siening dat Paulus hier van algemene sondelyste gebruik maak, kan nie gehandhaaf word nie, veral nie met die konteks van die stad Korinte nie (vgl 'n vorige hoofstuk).

Die belangrike verwysings na homoseksuele verhoudings aan die hand van 1 Kor 6 en 1 Tim 1 sal vervolgens onder evaluering geneem word.

## 2.2. Spesifieke verwysings na homoseksuele praktyke in 1 Kor 6:9-10 en 1 Tim 1:8-10.

Paulus skryf die volgende:

> 9Of weet julle nie dat mense wat onreg doen, geen deel sal kry aan die koninkryk van God nie? Moenie julleself mislei nie: geen onsedelikes of afgodsdienaars of egbrekers of mense wat homoseksualiteit beoefen (malakoi; ou[te ajrsenokoi`tai)
> 10of diewe of geldgieriges of dronkaards of kwaadpraters of bedrieërs sal deel kry aan die koninkryk van God nie.
> 11En so was party van julle juis ook. Maar julle het julle sonde laat afwas, julle is geheilig, julle is vrygespreek in die Naam van die Here Jesus Christus en deur die Gees van ons God. - mh; plana`sqe: ou[te povrnoi ou[te eijdwlolavtrai ou[te moicoi; ou[te malakoi; ou[te ajrsenokoi`tai
> 10ou[te klevptai ou[te pleonevktai, ouj mevqusoi, ouj loivdoroi, oujc a{rpage" basileivan qeou` klhronomhvsousin... **1 Kor 6:9-11**

1322 Kistemaker Simon J, **1 Corinthians,** p 169,187, [Baker Book House Company], Grand Rapids, 1993.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)


Deutero-Paulus skryf weer:

> [8]Ons weet dat die wet goed is as 'n mens dit op die regte manier gebruik. [9]'n Mens moet onthou dat die wet nie vir die wetsgehoorsame bedoel is nie, maar vir mense wat hulle nie aan wet en orde steur nie, goddeloses en sondaars, mense sonder eerbied vir wat heilig en gewyd is, dié wat vader of moeder doodmaak, moordenaars, [10]ontugtiges, mense wat homoseksualiteit beoefen (ajrsenokoivtai"), ontvoerders, leuenaars, dié wat meineed pleeg of enigiets anders doen wat met die gesonde leer in stryd is. [11]Die gesonde leer is in ooreenstemming met die evangelie wat aan my toevertrou is, die evangelie van die heerlikheid van die goeie God - [9]eijdw;" tou`to, o{ti dikaivw/ novmo" ouj kei`tai, ajnovmoi" de; kai; ajnupotavktoi", ajsebevsi kai; aJmartwloi`", ajnosivoi" kai; bebhvloi", patrolwv/ai" kai; mhtrolwv/ai", ajndrofovnoi" [10]povrnoi" ajrsenokoivtai" ajndrapodistai`" yeuvstai" ejpiovrkoi", kai; ei[ ti e{teron th`/ uJgiainouvsh/ didaskaliva/ ajntivkeitai. **1 Tim 1:8-11**

## 2.2.1. Begripsontleding

Alvorens daar op relevante begrippe dieper ingegaan word, word daar eers algemene verklarings vir die woorde malakoi; en ajrsenokoi`tai gegee.[1323]

| | |
|---|---|
| **Bagster** | ajrsenokoi`tai **–** 'n Sodomiet; Iemand wat by 'n man lê.<br>malakoi; **-** Sag om aan te raak, delikaat, vroulik, 'n voorwerp vir onnatuurlike seksuele begeerte.[1324] |
| **Abbot-Smith** | ajrsenokoi`tai **–** 'n Sodomiet. |

[1323] Botha PH, **The Apostle Paul and Homosexuality – a socio-historical study**, p75, PhD verhandeling, Potchefstroom, 2004.
[1324] Bagster S, **Analitical Greek Lexicon,** [Samuel Bagster & Sons Ltd], 1975

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)


malakoi; - Sag, vroulik, saggeaard, in terme van 1 Kor 6:9 as iemand wat obsene seksuele begeertes het (vroulik).[1325]

**Moulton** ajrsenokoi`tai – 'n Sodomiet; Iemand wat by 'n man lê

malakoi; - 'n instrument vir onnatuurlike seks, vroulik.[1326]

**Liddle-Scott** ajrsenokoi`tai – Iemand wat skuldig is aan onnatuurlike dade.

malakoi; - Sag, vroulik.[1327]

**Bauer** ajrsenokoi`tai – 'n Man wat homoseksuele dade uitleef, 'n sodomiet, pederastie.

malakoi; - Sag, vroulik, mans of seuns wat toelaat dat hulle tydens homoseksuele dade misbruik word.[1328]

Nou, verdere beredenering: 'n Sterk argument waarom homoseksuele verhoudings van liefde en trou tussen homoseksuele persone kan plaasvind, is dat 1 Kor 6:9-10 spesifiek na seksuele losbandigheid en promiskuïteit verwys, en nie homoseksuele verhoudings van liefde en trou nie. In evaluering van hierdie siening sal enkele begrippe uitgeklaar word.

In die eerste plek moet uitgewys word dat slegs drie van die veertien "sondes" wat in 1 Kor 6:9-10 en 1 Tim 1:8-10 genoem word, verband kan hou met "seksuele sondes". Die sake wat uitgewys word is: **afgodsdienaars** (eijdwlolavtrai)[1329]; **diewe** (klevptai); **geldgieriges** (pleonevktai,); **dronkaards** (mevqusoi); **kwaadpraters** (loivdoroi);

[1325] Abbot-Smith G, **A Manuel Greek lexicon of the New Testament,** [T&T Clark], Edinburg, 1981.

[1326] Moulton HK, **The Analitical Greek Lexicon revised,** [Zondervan Publishing House], Grand Rapids, 1987.

[1327] Liddel & Scott, **Greek-English Lexicon**, [Claredon Press] Oxford, 1983

[1328] Bauer W, **A Greek-English Lexicon of the New Testament and other early Christian literature,** [The University of Chicago Press], Chicago, 1979.

[1329] Afgodery kan in hierdie konteks nie as 'n tema gebruik word om tempel-homoseksualiteit in die gedeelte in te lees nie, aangesien dit maar een van die baie ander "sondes" is wat genoem word.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)


**bedrieërs (**a{rpage"**);** **mense wat ouers doodmaak** (patrolwv/ai" kai; mhtrolwv/ai"); **moordenaars** (ajndrofovnoi"); **ontvoerders** (ajndrapodistai`"); **leuenaars** (yeuvstai"); **mense wat meineed pleeg** (ejpiovrkoi"); **onsedelikes** (povrnoi) / **ontugtiges** (povrnoi"); **egbrekers** (moicoi;); **mense wat homoseksualiteit beoefen** (malakoi; ou[te ajrsenokoi`tai en ajrsenokoivtai"). Vir die doel van hierdie studie is die volgende relevant: onsedelikes (povrnoi) / ontugtiges (povrnoi"); egbrekers (moicoi;); mense wat homoseksualiteit beoefen (malakoi; ou[te ajrsenokoi`tai en ajrsenokoivtai").

**Eerstens dan losbandigheid of ontugtiges:**

**povrnoi**: Die begrip povrnoi is in die antieke tyd met iemand wat hoereer, maw iemand wat prostitusie beoefen, verbind. Sulke optrede is as immoreel gesien.[1330] Dit word dikwels onderskei van egbreuk en owerspel (wat verband hou met huwelike).[1331] Onderskeid moet gemaak word tussen iemand wat kultiese- en sekulêre prostitusie beoefen het.[1332]

Kultus prostitusie het hoofsaaklik in Persië, Klein Asië, Sirië en Egipte voorgekom. In die Griekse wêreld is dit nie aanvaar nie, behalwe waarskynlik in Korinte agv van die tempel van Afrodiete.[1333] Prostitusie is destyds in dieselfde konteks aanvaar

[1330] Louw, Johannes P. and Nida, Eugene A., **Greek-English Lexicon of the New Testament based on Semantic Domains**, [United Bible Societies], New York,1988, 1989.
[1331] Louw, Johannes P. and Nida, Eugene A., **Greek-English Lexicon of the New Testament based on Semantic Domains**, [United Bible Societies], New York,1988, 1989.
[1332] Kittel, Gerhard; Friedrich, Gerhard, **The Theological Dictionary of the New Testament, [**Wm. B. Eerdmans Publishing Company], Grand Rapids, 2000, c1964.
[1333] Kittel, Gerhard; Friedrich, Gerhard, **The Theological Dictionary of the New Testament, [**Wm. B. Eerdmans Publishing Company], Grand Rapids, 2000, c1964.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)


as dronkenskap en die eet van kos.[1334] Hoewel prostitusie vir die Grieke in hoofsaak onaanvaarbaar was, was hulle bekend vir hulle liberale siening oor seks, maw "vrye seks" het algemeen voorgekom. [1335]

Die stoïsynse filosowe (waaruit Paulus gekom het) het nie plesier tydens die seksdaad verbied nie, maar het gepoog om mense vry te maak om hulle sonder meer aan hul "passies" oor te gee. Daarom het hulle owerspel ('n getroude wat seks buite die huwelik het) veroordeel. Hulle het ook enige vorm van seks buite die huwelik as ongeoorloof verbied.[1336] Philo het prostitusie ook as 'n skande vir die mensdom gesien. Paulus sien prostitusie as deel van onnatuurlike seks.[1337] Indiwiduele Christene wat prostitusie beoefen maak die hele Kerk van Jesus onrein (2 Kor 12:21; Gal 5:19; Kol 3:5; Ef 5:3,5).[1338]

**Tweedens dan egbreuk of owerspel:**

**Moicoi**: Dit hou spesifiek verband met owerspel of egbreuk. Normaalweg het die begrip hoofsaaklik op mans gedui, hoewel dit soms vroue ook ingesluit het.[1339] Dit dui op seksuele gemeenskap van 'n man met 'n getroude vrou. Seksuele omgang van 'n getroude

[1334] Kittel, Gerhard; Friedrich, Gerhard, **The Theological Dictionary of the New Testament, [**Wm. B. Eerdmans Publishing Company], Grand Rapids, 2000, c1964.
[1335] Kittel, Gerhard; Friedrich, Gerhard, **The Theological Dictionary of the New Testament, [**Wm. B. Eerdmans Publishing Company], Grand Rapids, 2000, c1964.
[1336] Kittel, Gerhard; Friedrich, Gerhard, **The Theological Dictionary of the New Testament, [**Wm. B. Eerdmans Publishing Company], Grand Rapids, 2000, c1964.
[1337] Kittel, Gerhard; Friedrich, Gerhard, **The Theological Dictionary of the New Testament, [**Wm. B. Eerdmans Publishing Company], Grand Rapids, 2000, c1964.
[1338] Kittel, Gerhard; Friedrich, Gerhard, **The Theological Dictionary of the New Testament, [**Wm. B. Eerdmans Publishing Company], Grand Rapids, 2000, c1964.
[1339] Louw, Johannes P. and Nida, Eugene A., **Greek-English Lexicon of the New Testament based on Semantic Domains**, [United Bible Societies], New York,1988, 1989.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

man met 'n ongetroude vrou is as povrnoi gesien.[1340] Waar 'n getroude of ongetroude man seksuele omgang met 'n getroude vrou gehad het is dit as egbreuk deur beide partye gesien.[1341]

Dit beteken dus dat Paulus en die Deutero-Pauliniese skrywer verskillende sondes in gedagte gehad het wanneer hulle povrnoi en moicoi gebruik het. Dit het belangrike implikasies vir die siening dat die verwysing na homoseksuele praktyke in die twee gedeeltes slegs op seksuele losbandigheid sou dui. Sò 'n siening kan dus nie gehandhaaf word nie, omdat hy met die verwysing na malakoi; ou[te ajrsenokoi`tai nog iets anders in gedagte gehad het. Die vraag is wat het die skrywer daarmee bedoel?.

In 1 Kor 6:9 gebruik Paulus die begrippe malakoi; ou[te ajrsenokoi`tai wanneer hy na homoseksuele verhoudings verwys, terwyl Deutero-Paulus weer ajrsenokoivtai" gebruik. In die eerste plek word stilgestaan by malakov".

### 2.2.1. Die betekenis van malakov"

Voorstanders van homoseksuele verhoudings en –huwelike is nie eenstemmig oor die betekenis van die begrip nie.

Boswell wys daarop dat malakov" 'n algemene begrip in die Grieks was. In Matt 11:8 word dit met sagtheid (deftige klere – 1983 Afrikaanse Vertaling) verbind. Elders in die Nuwe Testament word dit met siekte verbind (Matt

[1340] Louw, Johannes P. and Nida, Eugene A., **Greek-English Lexicon of the New Testament based on Semantic Domains**, [United Bible Societies], New York,1988, 1989.
[1341] Louw, Johannes P. and Nida, Eugene A., **Greek-English Lexicon of the New Testament based on Semantic Domains**, [United Bible Societies], New York,1988, 1989.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)


UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

4:23; 9:35 en 10:1).[1342] Gedurende die kerkvaders[1343] is die begrip volgens hom in terme van swak, lafhartig, delikaat en saggeaard gebruik. Wanneer dit in terme van moraliteit gebruik word, het dit dikwels op 'n gebrek aan selfbeheersing, wellus en "los' gedui.[1344] Volgens hom is die woord nooit gebruik om homoseksuele mense te definieer nie, maar eerder masturbasie. Gedurende die Pauliniese tyd het dit ook op heteroseksuele persone gedui wat wellustig optree.[1345] Die begrip is tot en met die 20ste eeu deur beide die Reformatore en Katolieke in terme van masturbasie gebruik. Omdat masturbasie vandag nie meer as "sonde" gesien word wat mense uit God se koninkryk sal hou nie, word hierdie begrip homofobies op homoseksuele persone van toepassing gemaak.[1346]

Scroggs verklaar die begrip malakov" weer binne 'n ander konteks. Hy dui daarop dat die begrip letterlik "sag" beteken. Metafories kan die begrip weer op 'n "sagte" persoon dui. Dit is dus iemand wat nie "oefen" nie (hy impliseer dat sò 'n persoon nie die tradisionele manlike dinge doen nie). Daarom word na so 'n man as "vroulik, meisieagtig of verwyf" verwys.[1347]

Hy handhaaf die siening dat Paulus in die gedeelte na 'n man verwys wie se lewenswyse as "man" tot 'n einde gekom het. Sò 'n persoon het

---

[1342] Boswell John, **Christianity, Social Tolerance, and Homosexuality,** p 106, [The University of Chicago Press], Chicago, 1981.
[1343] In 'n vorige hoofstuk is reeds gewys dat Polikarpus wel malakov" gebruik. Later weer meer hieroor.
[1344] Boswell John, **Christianity, Social Tolerance, and Homosexuality,** p 106, [The University of Chicago Press], Chicago, 1981.
[1345] Boswell John, **Christianity, Social Tolerance, and Homosexuality,** p 107, 339-341, [The University of Chicago Press], Chicago, 1981. Countryman stel ook dat die begrip eerder op masterbasie dui – Countryman L Williams, **Dirt, Greed, and Sex: Sexual Ethics in the New Testament and Their Implication for Today**, p 119, 202, [Fortress Press], Philadelphia, 1998; Scanzoni Letha and Mollenkott Virginia Ramey, **Is the Homosexual my Neighbour? Another Christian View**, p 68-69, [Harper & Row], San Francisco, 1978.
[1346] Boswell John, **Christianity, Social Tolerance, and Homosexuality,** p 106, [The University of Chicago Press], Chicago, 1981.
[1347] Scroggs Robin, **The New Testament and Homosexuality,** p 62, [Fortress Press], Philadelphia, 1984.

ooreenkomste met 'n vrou aangeneem. [1348] Tog is hy van mening dat die begrip nie met ajrsenokoivth" verbind kan word nie. Die rede hiervoor is dat hoewel malakov" nie op pederastie as sulks dui nie, dit wel 'n begrip is wat geassosieer is met pederastie. Hy wys daarop dat jongmans wat bereid was om by seksuele gemeenskap van pederastie betrokke te raak as malakiav (verwyf) beskryf is.[1349] Paulus gebruik daarom die begrip negatief om metafories op die "sagte" of "verwyfde" party in homoseksuele verhoudings van pederastie te wys.[1350]

Frederickson stel dat malakov" dikwels die passiewe gepenetreerde party in 'n homoseksuele verhouding was. Tog is hy van mening dat dit nie noodwendig is wat Paulus in 1 Kor 6 in gedagte gehad het nie. Ander persone was ook as "sag" gesien. Daar was mans wat oorgretig was om seks met vroue (ook hul eie vroue en prostitute) te hê. Sulke mans is ook met malakov" beskryf. Volgens hom veroordeel Paulus hier nie die man wat

---

[1348] Scroggs Robin, **The New Testament and Homosexuality,** p 63, [Fortress Press], Philadelphia, 1984.

[1349] Scroggs Robin, **The New Testament and Homosexuality,** p 63-64, [Fortress Press], Philadelphia, 1984. Scroggs bou van sy argumente 'n siening dat daar onder die Romeine verskeie vorme van liefde bestaan het, nl vrye liefde en/of liefde wat uitsluitlik tot die huwelik behoort het. Seksuele passiewe (ontvanger van seks) en aktiewe (die gee van seks), sowel vryheid (keuse tot seks) teenoor slawerny (gedwonge seks). Dit was nie 'n skande om jou slaaf te verkrag nie, maar wel om deur passiwiteit die voorwerp van iemand anders se seksuele genot te wees. Paulus is daarom teen pederastie omdat dit 'n skande vir die "seun" is wat die voorwerp van volwassemans se seksuele perversiteit was. Veyne P, **Homosexuality in ancient Rome** uit **A Western sexuality : Practice and precept in past and the present times**, p 26-35, [Basil Blackwell Ltd], Oxford, 1985.

[1350] Gangle Kenneth O, **The Gospel and the Gay,** p 99, [Thomas Nelson Inc Publishers], Nashville, 1987; Scroggs Robin, **The New Testament and Homosexuality,** p 65, [Fortress Press], Philadelphia, 1984; Waetjen HC, **Same-sex sexual relations in antiquity and sexuality and sexual identity in contemporary American society** uit **Brawley, RL Biblical Ethics & Homosexuality; Listening to Scripture**, p 108-109, [John Knox Press], Westminster, 1996 In 'n vorige hoofstuk is reeds gewys dat die argument van pederastie 'n anakronisme is. Dit hèt gedurende die Grieks-Romeinse tyd nie meer plaasgevind nie.

deur 'n ander man gepenetreer word nie. Die begrip dui eerder op gierigheid en gebrek aan selfbeheersing.[1351]

Martin stel weer dat die begrip slegs op 'n breë konteks van "sag" sou dui. Dit kan nie vereng word tot slegs 'n seun wat tydens pederastie of homoseksuele prostitusie gepenetreer word nie.[1352] Bogenoemde vier persone, Boswell, Scroggs, Frederickson en Martin wil een punt maak: dit kan nie gebruik word om homoseksuele verhoudings as sonde te veroordeel nie.

Die argumente dat die begrip slegs binne konteks van masterbasie, pederastie, die betaling vir homoseksuele prostitusie of sagtheid in die algemeen gelees behoort te word, word verder onklaar gemaak indien taalkundige spesialiste se kennis in ag geneem word. [1353]

So wys Louw en Nida dat wanneer die konteks van malakov" met ajrsenokoivth" verbind word dit eerder dui op die passiewe homoseksuele persoon wat gepenetreer word.[1354] Die destydse Grieks (soos vele ander

---

[1351] Edwards, C, **The Politics of Immorality in Ancient Rome,** [Cambridge University Press], Cambridge, 1993 ; Frederickson David E, **Natural and Unnatural Use in Romans 1:24-27** uit Homosexuality**, Science, and the "Plain Sense" of Scripture** onder redaksie van Balch Davis L**,** p 219, [WB Eerdmans Publishing Co], Grand Rapids, 2000; Gleason M, **Making Men: Sophists and self-presentation in Ancient Rome**, p 58-81, [Princeton University Press], Princeton, 1995.

[1352] Martin Dale B, **Arsenokoitês and malakos: Meanings and Consequences** uit **Biblical Ethics & Homosexuality: Listening to Scripture**, p 124-131, 134-136, [John Knox Press], Louisville, 1996

[1353] Thiselton Anthony C, **Can Hermeneutics Ease the Deadlock? Some Biblical Exegesis and Hermeneutical Models** uit **The way Forward? Christian Voices on Homosexuality and the Church**, p 167, [Wm B Eerdmans Publishing Co], Grand Rapids, 2003.

[1354] Hays Richard B, **The Moral Vision of the New Testament**, p 382, [T&T Clark], Edinburgh, 1996; Louw, Johannes P. and Nida, Eugene A., **Greek-English Lexicon of the New Testament based on Semantic Domains,** [United Bible Societies], New York, 1988, 1989; Springette Ronald M, **Homosexuality in History and the Scriptures: Some Historical and Biblical Perspectives on Homosexuality**, p 134, [Biblical Research Institute], Washington DC, 1988; Stowasser Martin, **Homosexualität und**

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

tale) het verskillende begrippe gehad wat onderskeidelik die passiewe en die aktiewe partye in 'n homoseksuele verhouding beskryf of aandui. [1355] Winter wys dat die begrip malakovi in terme van die manlike geslag semanties op die verandering van manlikheid na 'n verfynde vrou dui. Daarom kan afgelei word dat 1 Kor 6:9 op twee verskillende seksuele rolspelers onder mans tydens homoseksuele seks dui. Dit beteken met ander woorde: Paulus se gebruik van malakov" dui op die "vroulike" party in 'n homoseksuele verhouding.[1356] Hierdie argument word versterk deur die gebruik dat die Romeine Griekse woorde oorgeneem het. Die Latynse begrip malacus het 'n seksuele inhoud wat dui op die verfynde homoseksuele party.[1357]

Naas die semantiese gebruik van die begrip malakov" is daar nog twee verdere aspekte in verband met die begrip wat ondersoek moet word. Die eerste is die gebruik daarvan deur Philo (ongeveer 'n tydgenoot van Paulus), terwyl die ander weer die gebruik daarvan deur Polikarpus is.

Philo gebruik die woord twee keer in verband met "sagtheid" of "verwyfdheid". Dit word saam met anandria (iemand wat nie manlik is nie) en androgunos (man-vrou) in sy beskrywing van homoseksualiteit gebruik.[1358] In sy gebruik verwys hy na die passiewe homoseksuele party. Hy vertel dat dit mans is wat grimering aansit, parfuum gebruik en hulself

---

**Bibel: exegetische und hermeneutische Überlegungen zu einem schwierigen Thema**, p 5511, [NTS 43], 1997.

[1355] Louw, Johannes P. and Nida, Eugene A., **Greek-English Lexicon of the New Testament based on Semantic Domains,** [United Bible Societies], New York, 1988, 1989.

[1356] Gleason MW,**Making Men: Sophists and Self-Presentation in Ancient Rome**, p 65, [Princeton University Press], Princeton, 1995; Thiselton Anthony C, **Can Hermeneutics Ease the Deadlock? Some Biblical Exegesis and Hermeneutical Models** uit **The way Forward? Christian Voices on Homosexuality and the Church**, p 168, [Wm B Eerdmans Publishing Co], Grand Rapids, 2003; Winter Bruce W, **After Paul left Corinth – Influence of Secular Ethics and Social Change**, p 116-117, [WB Eermans Publishing Co], Grand Rapids, 2001.

[1357] Winter Bruce W, **After Paul left Corinth – Influence of Secular Ethics and Social Change**, p 110, 115-116, [WB Eermans Publishing Co], Grand Rapids, 2001

[1358] Philo Judaeus, **The Works of Philo**, (Oak Harbor, WA: Logos Research Systems) 1997.

vir 'n manlike homoseksuele maat mooi maak. Hulle probeer hul geslagsdele wegsteek om sò vir hul manlike homoseksuele maat meer aanvaarbaar te wees. Hy gebruik niè die begrip in terme van pederastie of homoseksuele losbandigheid nie.[1359] Naas Philo, gebruik Polikarpus beide malakov" en ajrsenokoivth". In duidelike taal wat herinner aan die Pauliniese en Deutero-Pauliniese taal skryf hy (ongeveer 155 nC):

> "... neither fornicators nor effeminate (μαλακοι) nor (ou[te) sodomites (αρσενοκοιται[1360]) shall inherit the Kingdom of God ..." ( Polikarpus aan die Filippense 3:3)[1361]

'n Logiese afleiding wat dus gemaak kan word, is dat die begrip malakov" na mense wat die vroulike rol in 'n homoseksuele verhouding speel, verwys.[1362] 'n Verdere probleem met die standpunte van persone (wat voorstanders van homoseksuele verhoudings en-huwelike is) oor wat malakov" sou beteken, is dat dit saam met ajrsenokoivth" gelees moet word. Dit word nie – soos al die ander sondes in die sondelys – as afsonderlike eenhede gegee nie. Malakov" kan slegs binne die konteks van ajrsenokoivth" gelees word.[1363]

---

1359 Philo Judaeus, **The Works of Philo**, (Oak Harbor, WA: Logos Research Systems) 1997;

1360 In die eksegese sal terug gekeer word na hierdie twee Griekse woorde, aangesien die beide in die LXX en die Pauliniese verwysing na homoseksuele praktyke voorkom.

1361 The Apostolic Fathers I, **Polycarp to the Philippians**, p 291 [Harvard University Press], Londen, 1977

1362 Collins Raymond F, **First Corinthians**, p 236, [Liturgical Press], Minneapolis, 1999; Fee Gordon, **The First Epistle tot he Corinthians**, p 243-244, [WB Eerdmans Publishing Co], Grand Rapids, 1987; Malick David E, **The Condemnation of Homosexuality in 1 Corinthians 6:9**,p 487-492, [BSac 150], 1993; Schrage Wolfgang, **Der Erste brief an die Korinther (1 Kor 1,1-6,11)**, p 431-432, [EKKNT 7/1], Zürich, 1991;

1363 In 1 Kor 6:9 word dit soos die binnekant van 'n toebroodjie in konteks van die immorele seksuele gedrag gebruik. Aan die een kant word na mense wat immorele seksuele gemeenskap beoefen verwys, terwyl die anderkant weer na mense wat immorele seks met mense van dieselfde geslag het, verwys. Solis JJ Charlesworth Hames H, **The Old Testament Pseudegrapha Volume, Apocalyptic Literature and Testaments,** p 330, [Double Day], Garden City New York, 1983; Schoedel William R, **Same Sex Eros: Paul and the Greco-Roman Traditions,** onder redaksie van Balch Davis L, p 63, [William B Eerdmans Publishing Company], Grand Rapids, 2000. Volgens Schoedel moet die begrip binne die konteks van onreinheid verstaan word.; Thiselton Anthony C, **Can Hermeneutics Ease the Deadlock? Some Biblical Exegesis and Hermeneutical Models** uit **The way Forward? Christian Voices on Homosexuality and the Church**, p 167, [Wm B Eerdmans Publishing Co], Grand Rapids, 2003.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

## 2.2.2. Die betekenis van ajrsenokoivth".

Ook wat bogenoemde begrip betref, is daar nie eenstemmigheid oor die betekenis daarvan nie:

Boswell gee nie baie aandag aan die begrip nie (slegs 1 paragraaf). Volgens hom dui dit vir Paulus en sy tydgenote nie op manlike homoseksuele verhoudings nie, maar eerder op manlike prostitusie. Eers in die vierde eeu is dit met 'n groep ander woorde rakende seksualiteit verwar. Tydens hierdie tydperk het dit op homoseksualiteit begin dui.[1364]

Scroggs stel dat die begrip wel met 'n seksuele verhouding verband hou. Die probleem is dat die vroegste gebruik van die begrip eers in die Nuwe Testament voorkom. Daarom is die betekenis daarvan moeilik om vas te stel.[1365] Tog stel hy dat dit tradisioneel verstaan is as "iemand wat seksuele omgang met 'n man het". Volgens hom het die begrip wel verband met die Lev 18:22 en 20:13 se verwysings na homoseksuele dade. Die begrip word tradisioneel volgens hom vertaal met "jy mag nie by 'n man lê soos 'n man by 'n vrou nie[1366] (hV;ai ybeK]v]mi bK'v]ti al¿. Die LXX vertaal dit met meta arsenos ou koieqhsh koithn gunaikos.[1367])". Die begrip het waarskynlik onder Hellenisties-Rabbynse invloed ontstaan. Dit is

---

1364 Boswell John, **Christianity, Social Tolerance, and Homosexuality,** p 107, [The University of Chicago Press], Chicago, 1981.

1365 Countryman LW, **Dirt, Greed and Sex: Sexual ethics in the New Testament and their implications for today,** [Fortress Press], Philadelphia, 1989; Scroggs Robin, **The New Testament and Homosexuality,** p 14, [Fortress Press], Philadelphia, 1984.

1366 Scroggs Robin, **The New Testament and Homosexuality,** p 83, [Fortress Press], Philadelphia, 1984.

1367 Wevers John William, **LXX Notes on the Greek Text of Leviticus**, p 283, 321, [Scholars Press], Atlanta Georgia, 1997.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

die samevoeging van twee Hebreeuse woorde ajrsenos en koivthn met gunaikos[1368] ( vgl die LXX se vertaling van Lev 18:22; 20:13).[1369]

Guddorf beweer dat die begrippe malakov" saam met ajrsenokoivth" eerder op seksuele perversiteit dui. Hier het hy manlike prostitute of "sodomiete" in gedagte. Hy is nie oortuig dat self malakov" op seksuele dade sou dui nie.[1370]

Daar is egter ook sterk argumente wat daarop dui dat die begrip juis op die aktiewe "jagter" in 'n homoseksuele verhouding dui. Nida en Louw dui aan dat die begrip binne sy historiese ontstaan (Palestynse en Hellenistiese Judaïsme) juis met homoseksuele gemeenskap verband hou. Volgens hulle staan die begrip malakov" (vroulike en passiewe homoseksuele party) teenoor ajrsenokoivth" (manlike en aktiewe homoseksuele party) in 1 Kor 6:9.[1371]

Wright ondersteun bogenoemde siening. Hy gebruik verskeie voorbeelde waarby koivths betrokke is om aan te dui dat hier nie sprake is van homoseksuele perversiteit nie, maar eerder op gewone homoseksuele dade wat uit homoseksuele verhoudings ontstaan. Met camaikoijths word verwys na "om op die grond te slaap". Hjmerokoivths dui weer om "helder

---

[1368] 'n Verduideliking van wat die samevoeging van bogenoemde begrippe op dui: Met arsenos word op 'n man gedui. Daarmee saam dui koivthn weer op 'n bed (huweliksbed). Dit is ook bekend dat gunaikos op 'n vrou dui (Gagnon Robert AJ, **The Bible and Homosexual Practice – Text and Hermeneutics**, p314-315, [Abingdon Press], Nashville, 2001.

[1369] Scroggs Robin, **The New Testament and Homosexuality,** p 87, [Fortress Press], Philadelphia, 1984.

[1370] Countryman L William, **Dirt, Greed, and Sex: Sexual Ethics in the New Testament and their Implications for today**, p 117-120, [Fortress Press], Philadelphia, 1988; Rudolf Christine E, **The Bible and Science on Sexuality** uit **Homosexuality, Science, and the "plain Sense" on Scripture** onder redaksie van Balch David L, p 136, [William B Eerdmans Publishing Company], Grand Rapids, 2000.

[1371] Barret CK, **The First Epistle to the Corinthians**, p 140, [Adam & Charles Black], London, 1971; Louw, Johannes P. and Nida, Eugene A., **Greek-English Lexicon of the New Testament based on Semantic Domains**, [United Bible Societies], New York,1988, 1989.

oordag te slaap". Doulokoivths verwys weer na "'n eienaar wat by sy slaaf slaap". So verwys polukoivths weer op iemand wat by "baie ander slaap" (losbandig).[1372] Volgens hom is daar genoegsame getuienis uit ander tale uit die destydse wêreld en samelewings wat die begrip aan die LXX vertaling van Lev 18:22 en 20:13 verbind met spesifieke verwysing na manlike homoseksuele dade. Die vroeë vertalings van die Pauliniese en Deutero-Pauliniese tekste in Kopties, Siries en Latyn bevestig sy argument. Die Peshitta tekste breek ajrsenokoivth"[1373] van 1 Kor 6:9 en 1 Tim 1:10 in drie woorde op wat letterlik vertaal kan word met "hulle wat by mans lê.[1374]

---

[1372] Wright DF, **Homosexuals or prostitutes?: The meaning of ajrsenokoivth"**, (1 Cor 6:9; 1 Tim 1:10), Vigiliae Christianae 38:p 145, 1984; Wright DF, **Homosexuality: The relevance of the Bible,** The Evangelical Quarterly 61(4), p 298, 1989.

[1373] Daar word na die begrip as 'n nuwe saamgestelde woord verwys. Daarom kan die nuut geskepte woord ajrsenokoivth" wat sy basis in die LXX het, saam met malakov" vertaal word met die frase: "'n verwyfde man' wat saam met 'n 'manlike man' bed toe gaan soos in 'n 'huweliksbed'" (eie vertaling). Dit is daarom belangrik om daarop te let dat Paulus hier waarskynlik verwys na twee vorme van homoseksuele identiteite ("oriëntasies"). Indien dit die geval sou wees bevestig dit die argumentering deur die hele verhandeling dat hoewel die spesifieke hedendaagse begrippe van "homoseksuele oriëntasie" destyds nie bekend was nie, die "spesifieke identiteite" daarvan op grond van mans of vroue se seksuele voorkeure wel bekend was. Enkele opmerkings rakende eietydse tendense om die begrip ajrsenokoivth" te vertaal. Sommige Bybelvertalers vertaal dit met "seksuele perverte" (Nestle-Alant Greek- English New Testament, p 449, 1992, - 1 Kor 6:9) of "mans wat seksuele sondes met mans pleeg" (Multivertaling Bybels, 2002), terwyl die begrip in 1 Tim 1:10 weer met "sodomie" vertaal word (Multivertaling Bybel, p 1496, 1576, [CUM], Vereeniging, 2004; Nestle-Alant Greek-English New Testament, p 543, 1992). Bogenoemde vertalings kan moeilik aanvaar word. Eerstens moet gevra word waarom dieselfde begrip met twee verskillende weergawes vertaal word. Tweedens moet uitgewys word dat daar reeds genoegsaam bewys is dat die begrippe nie met perversiteit, prostitusie, losbandigheid of pederastie as sulks te doen het nie. Die begrip "sodomiet" is 'n ongewenste vertaling aangesien die Griekse begrip hoegenaamd niks met sodomie te doen het nie. In 'n vorige hoofstuk is reeds gewys dat sodomie ook met homoseksuele verkragting gepaard gegaan het. Iets wat nie in 1 Kor 6:9 of 1 Tim 1:10 ter sprake is nie. 'n Volgende rede waarom die vertaling "sodomie" ongewens is, is omdat die Griekse woord nie die begrip 'Sodom' inkorporeer nie (wat 'n direkte verwysing na die Sodom-verhaal is). Die mees waarskynlike rede waarom die begrip in sommige vertalings met sodomie of seksuele perversiteit te doen het, is omdat hierdie begrippe tradisioneel gewoonweg met homoseksuele dade verbind is. Die vertaling van mans wat "seksuele sondes met mans pleeg" is ook ongewens, aangesien nie die gedagte van die aktiewe homoseksuele handeling onderstreep nie. Net so is die begrippe "praktiserende homoseksueles" of "homoseksueles" ook ongewens, aangesien ook dit nie die fokus op die aktiewe homoseksuele persoon plaas nie. Die begeerte om seksueel met iemand van dieselfde geslag te verkeer is nie op sig self sonde nie, maar soos vele ander impulse kan dit tot sonde lei. 'n Blote verwysing na homoseksuele dade is daarom nie voldoende nie omdat dit nie reg laat geskiet aan heteroseksuele persone of biseksuele persone wat seks met

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)


Wanneer Paulus en Deutero-Paulus arsenos ou koieqhsh koithn gunaikos (die vroulike as onderskeiding van die manlike a[ndre" kai; gunai`ke - ook vertaal word met vrou en man)[1375] met malakov" oute ajrsenokoivth" vervang het dit bepaalde implikasies. Skematies kan dit as volg uitgebeeld word:

| Lev 18:22; 20:13 | 1 Kor 6:9; 1 Tim 1:10 | Betekenis |
|---|---|---|
| avrsenos | ajrsenos + | : 'n man |
| ou | Oute | : nie |
| koieqhsh koithn | koivth"[1376] | : slaap / huweliksbed |
| gunaikos[1377] | malakov" | : vrou / vroulik / verwyf |

Dit in aggeneem, behoort ook uitgewys te word dat die destydse Joodse Rabbi's oënskynlik wel onderskeid gemaak het tussen aktiewe en passiewe

mense van dieselfde geslag het nie. Vergelyk ook: Dover Kenneth, **Greek Homosexuality; "Translating [ajrsenokoivth"]] (1 Cor 6:9; 1 Tim 1:10)"**, p 396-398, [VC 41], 1987; Peterson William L, **Can [ajrsenokoivth"] be translated by "homosexuals"?** p 187-191, VC 41, 1986..

[1374] Wright DF, **Biblical archaeology**, p 144-145, [Redwood Burn Limited], Townbridge, 1980.

[1375] Kittel, Gerhard; Friedrich, Gerhard, **The Theological Dictionary of the New Testament,** [Wm. B. Eerdmans Publishing Company], Grand Rapids, 2000, c1964; Turner PDM, **Biblical Texts Relevant to Homosexual Orientation and Practice**, p 442, [CSR 26], 1997; Winter Bruce W, **After Paul Left Corinth – The Social Influence of Secular ethics and Social Change**, p118-120, [WB Eerdmans Publishing Co], Grand Rapids, 2001. Gegewe die siening van die man se manlikheid kan die teks soos Paulus dit gebruik nie anders as om op die manlike en vroulike homoseksuele partye te dui nie. Indien ajrsenokoivth" op iets anders as die aktiewe manlike homoseksuele party sou dui, sou Paulus waarskynlik in lyn met die destydse Romeinse siening slegs na die passiewe rolspeler in 'n homoseksuele verhouding verwys.

[1376] Abbot – Smith, **Manuel Greek Lexicon of the New Testament,** p 251, [T&T Clark Ltd], Edinburg, 1981. Hiervolgens kan **gunaikos, -ou, -on (gunh)** ook met vroulik of vrou vertaal word.

[1377] Abbot – Smith, **Manuel Greek Lexicon of the New Testament,** p 98, [T&T Clark Ltd], Edinburg, 1981. Hiervolgens kan **gunaikos, -ou, -on (gunh)** ook met vroulik of vrou vertaal word.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

partye in homoseksuele verhoudings. Die Levitikus verbod word deur die Palestynse Targum met **cmic** (**shamash -** om seksuele gemeenskap te hê) vertaal. Vergelyk dit met die tradisionele **[dy** (in die Tora). Dit moet verstaan word binne die konteks dat Neofiti die Palestynse Targum se vertaling van Deut 23:18 op die sekulêre manlike (manlik) en vroulike (passief) partye tydens prostitusie laat val. Die Palestynse kommentare verklaar dit in terme van homoseksuele verhoudings. Die Joodse Rabbi's het dus in terme van die onderskeie rolspelers in 'n homoseksuele verhouding wél kennis gedra van 'n vroulike (malakov") en manlike (ajrsenokoivth") homoseksuele party.[1378]

Binne bogenoemde verduidelikings kan daar geen twyfel wees dat Paulus inderdaad die aktiewe en passiewe homoseksuele partye in gedagte gehad het. In 'n vorige hoofstuk is die volgende begrippe uitgewys soos deur die antieke filosowe en kerkvaders gebruik is.

| | **Pedofiel** | **Pederastie**[1379] | **Verwyf / Passiewe seksuele party** | **Manlik / Aktiewe seksuele party** |
|---|---|---|---|---|

[1378] Botha PH, **Die Sinode & Homoseks – 'n Kritiese Evaluering van die Homoseksualiteitsdebat in die NGK in Suid-Afrika**, p 102, [Khanya Press], Kranskop, 2005; Lund S and Foster J, **Variant Versions of Targumic Traditions within Codex Neofiti 1**, P 113, [Scholar Press], Missoula Mont], 1977; Reider D, **Targum Jonatha ben Uziel**, Jerusalem, 1974; Scroggs R, **The New Testament and Homosexuality**, p 76, [Fortress Press], Philadelphia, 1983; Sperber A, **The Pentateuch according to Targum Onkelos**, [EJ Brill], Leiden, 1959.

[1379] Let op: Daar was spesifieke begrippe wat vir seksuele wanpraktyke soos pedofilie en pederastie bestaan het. Daar was ook spesifieke begrippe wat op die man wat dikwels met prostitusie besig was (pornokojpos), gedui het. Iemand wat seksueel op 'n jonger man toegeneë was, is as erasthjs beskryf. Peterson TJM, **An introduction tot the ethics of Homosexuality** uit **Journal of Theology of Southern Africa 48**, p 187, 1986.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)


| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **Filosowe** | Paidofilew | Paidarasths / paidikhn | malakawterws : **Thucydidus;** malaka : **Aristoteles;** malakoths : **Plutargus;** malakia : **Plato**[1380] | Arrhn **Aeschylus**; arsenes **Thucydides & Euripides;** arsen **Sofodes & Aristoteles**[1381] |
| **Kerkvaders** | | παιδοφθορησεις soos gevind by **Didache van die Twaalf Apostels** | malakovi soos gevind by **Polikarpus** | Ajrsenokoivtai soos gevind by **Polikarpus** |

Net so is daar ook 'n lyn sedert die filosowe, die Bybelskrywers, die kerkvaders en Calvyn in hul siening van homoseksuele rolspelers.

| | **Vroulike gay-persoon / Passief – die een by wie ander mans kom lê**[1382] | **Manlike gay-persoon / Aktief – die een wat by ander mans gaan lê**[1383] |
|---|---|---|
| **Filosowe** | malakawterws : **Thucydide**; malaka : **Aristoteles;** malakoths : **Plutarg;** malakia : **Plato** | arrhn **Aeschylus;** arsenes **Thucydides & Euripides;** arsen **Sofodes & Aristoteles** |
| **Paulus**<br>**Deutero-Paulus** | Malakoi | Arsenokoijtai<br>Arsenokoijtai |
| **Polikarpus** | Malakoi | Arsenokoitai |
| **Calvyn handhaaf tradisie** | Malakoi | Arsenokoitai |

1380 Liddel & Scott, Greek-English Lexicon, p 486, [Claredon Press] Oxford, 1983
1381 Liddel & Scott, **Greek-English Lexicon**, p 120, [Claredon Press] Oxford, 1983
1382 Liddel & Scott, **Greek-English Lexicon**, p 486, [Claredon Press] Oxford, 1983
1383 Liddel & Scott, **Greek-English Lexicon**, p 119-120, [Claredon Press] Oxford, 1983

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**Hier is die punt:**

Daar bestaan genoegsame getuienis om die gevolgtrekking te maak dat Paulus in 1 Kor 6:9 onder andere ook permanente homoseksuele verhoudings in gedagte gehad het. Hierdie gevolgtrekking word veral deur twee belangrike feite onderstreep: In die eerste plek het homoseksuele verhoudings van liefde en trou in Korinte bestaan. Tweedes onderskryf die gebruik van die twee begrippe Malakoi en Arsenokoijtai ook die moontlikheid dat sulke verhoudings aan Paulus bekend was.

Laastens behoort stil gestaan te word by 1 Tim 1:10[1384] se gebruik van ajrsenokoivtai". Daar bestaan bewyse dat ook in Efese permanente homoseksuele verhoudings (huwelike) bestaan het. Daar is ook sommige verklaarders wat die begrippe povrnoi" ajrsenokoivtai" ajndrapodistai`" met mekaar as 'n enkele frase verbind (Harrill, Geyser, Scroggs). Weereens word gebruik gemaak van die sondelyste vir hul beredenering. Soos in Scroggs se beredenering van vroeëre sondelyste is hy van mening dat ook hier sprake is van sondelyste volgens die Dekaloog.[1385]

---

1384 Indien die Pastorale briewe nie deur Paulus geskryf is nie, is dit ingrypend. Dit beteken dan dat Paulus se teologiese afwysing van homoseksuele verhoudings ook deur ander geestelike leiers en Bybelskrywers in die 1ste eeu nC gehandhaaf en onderskryf is.

1385 Harrill J Albert, **The vice of Slave Dealers in Greco-Roman Society – The use of a Topos in 1 Timothy 1:10** uit **JBL 118 ,** p 97-122, 1999; Geyser PA, **Bybelse getuienis oor homoseksualiteit – met ander oë** geneem uit **HTS Teologiese Studies**, p 1671, Tydskrif van die Fakulteit Teologie, Universiteit van Pretoria, uitgegee deur die Hervormende Teologiese Kollege], Pretoria, November 2002; Scroggs Robin, **The New Testament and Homosexuality,** p 119, [Fortress Press], Philadelphia, 1984; Scott EF, **The Pastoral Epistle**, p 10, [Harper & Bross}, New York, 1969; Brox N, **Die Pastoralebriefe,** p 106, [Regenesburg], Pustet, 1969. Volgens hom hou povrnoi" verband met manlike prostitusie. Daarom is die verwysing na 1 Tim 1:10 'n duidelike verwysing na homoseksuele perversiteit. Povrnoi" moet in die gedeelte op dieselfde wyse as malakos in 1 Kor 6:9 funksioneer.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)


Daarom brei hy uit op die begrip ajndrapodistai`" (ontvoerders) om sy beredenering te verduidelik. Slawehandel het gedurende die 1ste eeu nC algemeen voorgekom (in 'n vroeëre hoofstuk is daar reeds na die betrokke begrip verwys). Wanneer iemand as slaaf verkoop is, was die eienaar geregtig om met die slaaf seksuele dade te pleeg. Die begrippe pas dus bymekaar. 'n Moontlike vertaling van die gedeelte is vir Scroggs daarom: "manlike prostitute wat by hulle lê, en slawe handelaars wat ontug met hulle pleeg". Die sondelyste in 1 Tim 1:10 veroordeel daarom nie homoseksuele verhoudings nie – selfs nie eens pederastie nie.[1386]

Om Scroggs se verduideliking te evalueer, die volgende: Hier is inderdaad die moontlikheid dat die skrywer gedeeltes van die Dekaloog in gedagte gehad het:[1387]

| | |
|---|---|
| Die wat vader of moeder doodmaak | **Gebod 5:** Eer jou vader en moeder... |
| Moordenaars | **Gebod 6:** Jy mag nie moord pleeg nie. |
| Mense wat homoseksualiteit beoefen (ajrsenokoivtai"[1388]) | **Gebod 7:** Jy mag nie egbreuk pleeg nie. |
| Ontvoerders (mense wat mense verkoop – waarskynlik 'n verwysing na | **Gebod 8:** Jy mag nie steel nie. |

Dit word algemeen deur geleerdes aanvaar dat die verwysing na die wet in 1 Tim 1:8 waarskynlik na die Ou Testamentiese wet verwys. McEleney NJ, **The Vice Lists of the Pastoral Epistles**, p 206-207, [CBQ 36], 1974; Roloff Jürgen, **Der erste Brief an Timotheus**, p 73, [EKKNT 15], Zürich, 1988.

[1386] John Jeffrey, **Christian same sex partnership,** p 50, [SCM Press], Cambridge, 2003. John beweer dat hier slegs van pederastie sprake is; Scroggs Robin, **The New Testament and Homosexuality,** p 120, [Fortress Press], Philadelphia, 1984; Geyser (2002, p 1671) stem nie heeltemal met Scroggs saam nie en beweer dat hier na 'n "spesifieke vorm" van pederastie verwys word.

[1387] Kelly JND, **The Pastoral Epistles 1&2 Timothy Titus**, [A Wheaton & Co Ltd], Exeter, 1986; Mounce WD, **Pastoral Epistle: Word Biblical Commentary Series, Volume 46,** p 30, [Thomas Nelson Publishers], Nashville, 2000.

[1388] Hendriksen William, **1&2 Timothy and Titus**, p 68, [The Banner of Truth Trust], Edinburg, 1976. Hendriksen wys daarop dat die begrip na iemand wat die aktiewe "sodomiet" is, verwys. Dit is belangrik om te verstaan dat wanneer die ouer kommentatore die begrip met sodomiete vertaal, hulle nie homoseksuele verkragting in gedagte gehad het nie, maar inderdaad iemand wat die aktiewe homoseksuele party in 'n homoseksuele verhouding is.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

| | |
|---|---|
| slawehandel[1389]) | |
| Ontvoerders, leuenaars, dié wat meineed pleeg of enigiets anders doen wat met die gesonde leer in stryd is. | **Gebod 9:** Jy mag nie valse getuienis teen 'n ander gee nie. |

Dit moet erken word dat die vertaling "manlike prostitute wat by hulle lê, en slawe handelaars wat ontug met hulle pleeg" 'n aanloklike en moontlikheid vir 1 Tim 1:10 sou kon wees. Hierdie moontlike vertaling kan om die volgende redes nie aanvaar word nie:

In die eerste plek moet onthou word dat Paulus kennis gehad van beide die Hellenistiese– en Palestynse Judaïsme siening van homoseksualiteit en die interpretasie van die wet rakende die betrokke saak. Daarom is die gebruik van die dekaloog nie vreemd in hierdie sondelys nie en sê dit nie dat daar nie van spesifieke sondes sprake is nie. Die sondes wat hier aangespreek word, is sondes wat deur beide die Jode en die nie-Jode veroordeel is. Dit handel oor dinge wat deur mense gedoen is wat deur die destydse samelewing as skokkend gesien is.[1390] Tweedens is dit so dat daar reeds vroeër gewys is dat permanente homoseksuele verhoudings wel in Efese plaasgevind het. Daarom kan die argument (soos in die geval van 1 Kor 6:9-10) dat hier nie verwys word na homoseksuele praktyke soos wat in Efese se samelewing voorgekom het, nie gehandhaaf word nie. Derdens is die verbinding van povrnoi" ajrsenokoivtai" ajndrapodistai`" as 'n eenheid onwaarskynlik. Daar is reeds vroeër gewys dat 'n povrnoi" iemand is wat hom/haar skuldig maak aan prostitusie (toegegee, dit kan ook manlike prostitute wees). Die verengde interpretasie van die povrnoi" (slegs manlike prostitute) is geforseerd. Povrnoi" word deurgaans in die

[1389] Harril J Albert, **The Vice of Slave Dealers in Greco-Roman Society: The use of a Topos in 1 Timothy 1:10**, p 97-122, [JBL 118], 1999.

[1390] Bruce FF, **New Century Bible: 1 and 2 Corinthians**, p 41-52, [Butler & Tanner Ltd],Londen, 1977; Marshall IH, **A Critical and exegetical commentary on the Pastoral Epistles**, p 379, [T&T Clark), Edinburg, 1999.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Nuwe Testament binne die konteks van heteroseksuele immoraliteit gebruik (1 Kor 5:9,10-11; 6:9; Ef 5:5; Heb 12:16; 13:14; Open 21:8; 22:15). Laastens is dit juis Scroggs en Geyser se verduideliking dat hier sprake is van "slawe seks" wat die moontlikheid van manlike prostitusie onmoontlik maak. Die frase povrnoi" ajrsenokoivtai" moet dus eerder gesien word as twee aparte verskynsels (sondes) wat aangespreek word as 'n oortreding van die sewende gebod, nl prostitusie en homoseksuele praktyke (as afsonderlike aksies).[1391] Dit is reeds bekend dat die gebruik ajrsenokoivtai" onder die Joodse Christene as 'n saamgevoegde begrip geïnterpreteer is vir die afwysing van homoseksuele verhoudings. Die konteks van Lev 18:22 en Lev 20:13 maak die verwysing van hierdie begrip na slawe homoseksualiteit verder onwaarskynlik.

Die konteks vir die interpretasie van 1 Tim 1:10 (en spesifiek die verwysing na die wet) moet verder in die pastorale briewe as 'n geheel gelees word. Paulus spreek die getuienis van die Christengelowige as geheel hier aan, maar spesifiek ook die verantwoordelike getuienis van die ampsdraers (Tit 1:5-9; 2:1; 1 Tim 2:7; 3:1-13; 5:17-20; 6:11; 2 Tim 2:1-2-16).[1392] In 1 Kor 6:9 word dronkenskap as 'n algemene oortreding gebruik. In 1 Tim 3:3,8 is dit spesifiek van toepassing op die getuienis van die ampsdraers. Hier word die verbod verskerp.[1393] Net so word 'n verskerping in 1 Timoteus gevind ten opsigte van ander vorme van seksuele praktyke sowel as die gesinsgetuienis van die ampsdraers in die openbaar (1 Tim 3). Die waarskynlikheid is daarom groot dat Paulus in die konteks van die Pastorale briewe ook 'n sterk boodskap teen ampsdraers wat in homoseksuele verhoudings betrokke sou kon wees/is, gegee het.

---

[1391] Botha PH, **The Apostle Paul and Homosexuality,** p 87, [Universiteit van Potchefstroom], PhD Verhandeling, 2004.

[1392] Thieselton, Anthony C, **Can Hermeneutics Ease the Deadlock? Some Biblical Exegesis and Hermeneutics Models**, p 179, [SCM Press], Cambridge, 1997

[1393] Thieselton, Anthony C, **Can Hermeneutics Ease the Deadlock? Some Biblical Exegesis and Hermeneutics Models**, p 179, [SCM Press], Cambridge, 1997

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)


**Hier is die punt:**

Wanneer die skrywer die begrip in konteks met die dekaloog bring verskerp hy die praktyk van hierdie onderskeie sondes. Hy doen 'n beroep in die pastorale briewe op selfbeheer onder alle gelowiges. Die verantwoordelikheid op die "ampsdraers" tot selfbeheersing word sterker beklemtoon (negatiewe implikasies vir die ordening van persone in homoseksuele verhoudings as ampsdraers - JP). Die rede hiervoor is dat die openbare getuienis van die ampsdraers 'n bepaalde implikasie vir die groep van Christene se eer en goeie naam het (vgl ook Jak 3:1-2).[1394]

'n Ander argument wat die aandag vra, is of Paulus werklik in die drie gedeeltes perversiteit in gedagte gehad het en daarom nie homoseksuele verhoudings of –huwelike nie.

### 2.3. Is hier sprake van homoseksuele immoraliteit en perversiteit?

Die voorstanders van homoseksuele verhoudings en –huwelike beweer dat die Pauliniese en Deutero-Pauliniese gedeeltes wat na homoseksuele verhoudings verwys, eerder na homoseksuele promiskuïteit en perversiteit verwys. In die Skrif word die begrip kunov" egter met promiskuïteit verbind. Die begrip kunov", kan vertaal word met 'n "hond" (seks van agter) met die bedoeling dat hier homoseksuele perversiteit en promiskuïteit ter sprake sou kon wees (vgl Openb 22:15).

[1394] **Die Kerkorde van die Nederduitse Gereformeerde Kerk**, p 6-11, [Lux Verbi.BM], Wellington, 2003. Hoewel die inhoud van die begrip "wangedrag" nie omskryf word nie, is die veronderstelling tog wel ook enige vorm van seksuele verhouding wat buite die huwelik sou plaasvind. Thiselton, Anthony C, **Can Hermeneutics Ease the Deadlock? Some Biblical Exegesis and Hermeneutics Models**, p 179, [SCM Press], Cambridge, 1997

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)


> "Maar buite is die honde, en die towenaars en die hoereerders en die moordenaars en die afgodsdienaars en elkeen wat leuens liefhet en doen" (1953 Afrikaanse vertaling) - [15]e[xw oiJ kuvne" kai; oiJ favrmakoi kai; oiJ povrnoi kai; oiJ fonei`" kai; oiJ eijdwlolavtrai kai; pa`" filw`n kai; poiw`n yeu`do". **Openb 22:15**

Louw en Nida kies vir bogenoemde vertaling vir e[xw oiJ kuvne" kai; oiJ favrmakoi kai; oiJ povrnoi met:

> "Buitekant is die perverte, diegene wat toordery beoefen en immorele ...".[1395]

'n Ander Nuwe Testamentiese begrip (wat wel deur Paulus gebruik word) is ajsevlgeia. Hierdie begrip (2 Kor 12:21) het gewoonlik die implikasie van seksuele bandeloosheid, seksuele wulpsheid, seksuele wellus en seksuele promiskuïteit en perversiteit. Soms dui dit soos met kunov" ook itv seksuele gedrag op "om soos 'n hond te leef" of "om soos 'n bok te leef" of selfs "om soos 'n hoenderhaan te leef". In al bogenoemde gevalle dui dit op beide homoseksuele perversiteit (en promiskuïteit) sowel as gewone seksuele perversiteit (en promiskuïteit).[1396]

Paulus gebruik hierdie begrip wanneer hy na seksuele perversiteit en promiskuïteit verwys:

> " ... en wat oor hul ontrouheid, ontug en losbandigheid nie tot berouvolle inkeer gekom het nie." mh; metanohsavntwn ejpi; th/` ajkaqarsiva/ kai; porneiva/ kai; ajselgeiva/ h/| e[praxan **2 Kor 12:21**[1397]

---

[1395] Louw, Johannes P. and Nida, Eugene A., **Greek-English Lexicon of the New Testament based on Semantic Domains**, [United Bible Societies], New York,1988, 1989.

[1396] Louw, Johannes P. and Nida, Eugene A., **Greek-English Lexicon of the New Testament based on Semantic Domains**, [United Bible Societies], New York,1988, 1989.

[1397] Louw, Johannes P. and Nida, Eugene A., **Greek-English Lexicon of the New Testament based on Semantic Domains**, [United Bible Societies], New York,1988, 1989.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**Die punt is dus:**

Daarom kan die argument dat die verwysing na homoseksuele praktyke in Rom 1:18-31, 1 Kor 6:9 en 1 Tim 1:10 dui op homoseksuele promiskuïteit nie gehandhaaf word nie.

Dit is gepas om op hierdie stadium verder te kyk na 'n sosio-historiese etiek volgens Paulus soos dit gevind word in Paulus se omgang met die gemeente van Korinte en elders in die Nuwe Testament.

### 3. Etiek kragtens die sosio-historiese konteks

Dikwels stel voorstanders van homoseksuele verhoudings en –huwelike dat Paulus die wet op die kantlyn plaas ter wille van vryheid en die Gees.

### 3.1. Die wet word gehandhaaf

Inleidend moet gewys word dat Paulus en Deutero-Paulus in lyn met Jesus die geestelike karakter van die wet handhaaf en dit selfs as goed sien (Rom 7:1, 12-14; 1 Tim 1:8).

> "Die wet is dus heilig, en sy voorskrifte is heilig en reg en goed ([12]w{ste oJ me;n novmo" a{gio" kai; hJ ejntolh; aJgiva kai; dikaiva kai; ajgaqhv) … [22]Diep in my wese vind ek vreugde in die wet van God," **Rom 7:12, 22**

> "Ons weet tog dat die wet goed is (kalo;" oJ novmo") as 'n mens dit op die regte manier gebruik" **1 Tim 1:8**

Dit is duidelik dat Paulus die wet nie ophef nie. Hy plaas dit eerder in perspektief. Anders as dat die wet nie meer toegepas hoef te word wanneer dit (volgens mense se behoeftes) nie meer funksioneel is nie, dui die

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)


opheffing van die wet eerder op 'n bevryding van 'n toestand waardeur 'n mens gebind (volgens die tradisies van mense) word sonder om daaruit los te kom nie (die wet van die sonde - vgl ook Rom 6).[1398] Met kalo;" oJ novmo" word eerder verstaan dat die wet "kragtig, sterk en uitstekend" is". Paulus gebruik die begrip "goed" dikwels as 'n sinoniem vir die begrip to; ajgaqovn. Dit hou dikwels verband met iets wat hy as prysenswaardig sien. Wanneer Paulus dan na die wet as heilig en goed verwys (prysenswaardig), het hy in gedagte dat dit om die getuienis deur die Christengelowiges se lewenswyse gaan wat uit liefde vir God in Jesus Christus gedoen word.[1399]

### 3.2. Hoewel die wet bly, kom verlossing deur geloof alleen

Daarom dat Paulus kan sê:

> [21]So vind ek dan hierdie wet in my: ek wil die goeie doen, maar al wat ek doen, is die slegte. [22]Diep in my wese vind ek vreugde in die wet van God, [23]maar ek vind in my doen en late 'n ander wet, wat stryd voer teen die wet van my gees. Dit maak my 'n gevangene van die wet van die sonde wat in my doen en late aan die werk is ... Ek ellendige mens! Wie sal my van hierdie doodsbestaan verlos? Aan God die dank! Hy doen dit deur Jesus Christus ons Here" **Rom 7:21-23**

> "[23]Voordat hierdie geloof gekom het, is ons deur die wet gevange gehou en bewaak totdat die tyd van die geloof sou aanbreek. [24]Ons was dus onder die toesig van die wet totdat Christus sou kom, sodat ons deur te glo, vrygespreek sou word. [25]Maar nou dat die tyd van die geloof gekom het, staan ons nie meer onder die toesig van die wet nie. [26]Deur hierdie geloof in Christus Jesus is julle nou almal kinders van God, ... Dit maak nie saak of iemand Jood of Griek, slaaf of vry, man of vrou is nie: in Christus is julle almal een." **(Gal 3:23-28).**

---

[1398]Ryken, Leland; Wilhoit, James C.; Longman III, Tremper, **Dictionary of Biblical Imagery**, [InterVarsity Press], Downers Grove, 2000, c1998.

[1399]Kittel, Gerhard; Friedrich, Gerhard, **The Theological Dictionary of the New Testament**, [MI: Wm. B. Eerdmans Publishing Company], Grand Rapids, 2000, c1964.

Sonder die geloof in Jesus is mense vasgevang in die mag van sonde. Dit is onmoontlik om die Ou Testamentiese wet na te kom (die wet soos deur Moses gegee), daarom moes 'n nuwe bedeling kom soos deur Jeremia en Esegiël (Jer 31; Eseg 36-37) voorspel. Dit is die bedeling van die vryspraak of regverdigmaking, nie deur die wetsonderhouding nie, maar deur geloof in Jesus. Paulus hef met ander woorde nie die wet op nie (soos Jesus ook) maar handhaaf die gedagte soos deur Jesus geleer dat dit nié die weg na vrede met God is nie.[1400]

Die Jode het deur middel van hul tradisionele wette dit vir die heidene moeilik gemaak om as bekeerlinge te leef. Daarom fokus Paulus op die verlossing deur die geloof (regverdigmaking), én nie deur wetsonderhouding nie. Binne hierdie konteks moet Galasiërs verstaan word.[1401] In Galasiërs hou dit nie verband met moraliteit nie, maar met blote tradisies of kulturele gewoontes soos die besnydenis, kos, feesdae en dergelike menslike gebruike (Gal 2:16; 3:2,5,10; 6:4; cf. 4:10).[1402]

Wanneer Paulus "geslagtelikheid" ophef ter wille van die eenheid in Jesus Christus, dui hy op die sosiale verskille wat in die destydse gemeenskappe bestaan het, en wat in die Kerk in gedra is. Hy hef nie die verskeidenheid wat bestaan op nie, maar leer dat daar 'n "geestelike eenheid" onder die

---

[1400]Hawthorne, Gerald F.; Martin, Ralph P.; and Reid, Daniel G.; eds., **Dictionary of Paul and His Letters**, [InterVarsity Press], Downer's Grove, IL: Downer's Grove, 1998, c1993; Ridderbos Herman, **Paul – An outline of his Theology**, p 134-181, [William Eerdmans Publishing House], Grand Rapids, 1979.

[1401]Hawthorne, Gerald F.; Martin, Ralph P.; and Reid, Daniel G.; eds., **Dictionary of Paul and His Letters**, [InterVarsity Press], Downer's Grove, 1998, c1993; MacArthur John, **Galatians** , p 93-101, [The Moody Bible Institute], Chicago, 1987. Hy wys daarop dat die wet soos 'n padteken was/is waarvolgens kinders van God wat deur geloof in Jesus vrygespreek is, behoort te leef.

[1402] MacArthur John, **Galatians** , p 96, [The Moody Bible Institute], Chicago, 1987. Ryken, Leland; Wilhoit, James C.; Longman III, Tremper, **Dictionary of Biblical Imagery**, [InterVarsity Press], Downers Grove, 2000, c1998.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Christengelowiges moet wees.[1403] Net so hef hy nie die wet op nie, maar erken die eenheid van die Christengelowiges ('n nuwe groep wat in die destydse samelewing gevorm is).[1404] Dit beteken dus dat Gal 3:28 niè gebruik kan word om te beweer dat homoseksuele dade in Christus en deur geloof aanvaarbaar is nie. Dit sou slegs kon dui dat indien iemand 'n homoseksuele oriëntasie sou kon hê, sò 'n persoon ook in Christus by God aanvaarbaar is en daarom ook 'n kind van God is.[1405]

Daarom verdien die siening van die werking van die Gees en die wet volgens Paulus ook meer aandag:

> "...Ons bekwaamheid kom van God, wat ons bekwaam gemaak het om bedienaars van 'n nuwe verbond te wees, nie van die letter nie maar van Gees. Die letter maak dood, die Gees maak lewend" **(2 Kor 3:5b-6)**

Ook hier is nie sprake van 'n spanning tussen die wet en die Gees nie. Dit is die nuwe verbond wat op die volgelinge van Jesus se harte geskryf is (regverdigmaking deur geloof) deur die "werking van die Heilige Gees", wat tot gehoorsaamheid lei, en nié die onderhouding van die tradisionele wettiese gebruike van die Jode nie. Met "die letter maak dood, die Gees maak lewend" word die wet nié opgehef nie. Paulus spreek juis kritiek uit teen die liefdelose veroordeling van die Jode teenoor diegene wat nie die

[1403] Hendriksen William, **Galatians,** p 145-150, The Banner of Truth Trust], London, 1969; Lategan BC, **Die Brief aan die Galasiërs,** p 72-76, [NG Kerk-Uitgewers], Kaapstad, 1986; MacArthur John, **Galatians** , p 96, [The Moody Bible Institute], Chicago, 1987; Ridderbos Herman, **The Epistle of Paul to the Churches of Galatia**, p 143-150, [WM B Eerdmans Publishing Co], Grand Rapids, 1974.

[1404] Segal Allan, **Paul the Convert,** P 147, [Yale University Press], Londen, 1990.

[1405] Moore Gareth, **The Body in contex: Sex and Catholicism,** p 117-139, [SCM Press], 1992; Stuard Elizabeth, **Dancing in the Spirit** geneem uit **The way Forward,** p77, [WB M Eerdmans Publishing Co], Grand Rapids, 2004**.** Stuart wys daarop dat diegene wat Gal 3:23-28 gebruik om te beweer dat die Gees mense vrymaak om selfs homoseksuele verhoudings te beoefen nie die Skrif vanuit 'n Bybelse tradisie verklaar nie. Die Skrif word deur so 'n interpretasie van Gal 3:23-28 eerder deur 'n Jungiaanse sielkundige benadering gedoen; Webster Alison, **Found Wanting: Women, sexuality and Christianity**, p 123, [Cassel], 1995

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Joodse tradisionele wettiese gebruike gehandhaaf het nie.[1406] Teenoor wetsonderhouding is dit die Gees wat lewe gee, met ander woorde, in die nuwe verbond is daar vergifnis van sonde en word die oortredings van die wet nie meer teen die kind van God gehou nie. Dit is die Heilige Gees wat hierdie nuwe lewendgewende geloof in God se kinders plaas.[1407] Dit is juis 'n lewe onder die beheer van hierdie Gees (en nie die eie ek met my eie begeertes nie) wat mense dring om gehoorsaam aan God se wil, soos vervat in die wet, te wees (Gal 3:16-24).

### 3.3. Daarom is daar grense.

Dit is dus 'n logiese gevolg dat diegene wat hulle deur die Gees laat lei, grense het waarbinne hulle leef. In lyn met dieselfde argument van die genade, was daar ook mense in Korinte wat die verlossing uit genade en geloof in Jesus verstaan het dat die wet van God maar oortree kan word (dieselfde siening was ook onder sommige gelowiges in Rome gehuldig). Hulle het ook onder die invloed van die samelewing waarbinne hulle geleef het, geglo dat hulle as Christene algehele vryheid het. Daarom doen hy 'n beroep op die Christengelowiges dat hulle lewenswyse as "heilige mense" moet verander (1 Kor 1:2-3).[1408] Hays verduidelik die gesprek tussen Paulus en Christene in Korinte as 'n tweegesprek wat as volg lyk:[1409]

---

[1406]Carson, D.A.; et al., **The New Bible Commentary**, [InterVarsity Press], Downers Grove, 1994; Grogan Geoffrey, **2 Corinthians**, p 66-68, [Christian Focus Publications Ltd], Ross-shire, 1996.

[1407]Carson, D.A.; et al., **The New Bible Commentary**, [InterVarsity Press], Downers Grove, 1994; Hughes Philip E, **Commentary on the Second Epistle to the Corinthians**, p 92-102, [WB M Eerdmans Publishing Co], Grand Rapids, 1975; Kistemaker Simon J, **II Corinthians,** p 105-110, [Baker Books] Grand Rapids, 1997.

[1408] Winter Bruce W, **After Paul left Corinth - The Influence of Secular Ethics and Social Change**, p 81-82, [WB Eerdmans Publishing Co], Grand Rapids, 2001. In daardie dae was 'n teken van onafhanklikheid die vermoë om te kan maak wat jy wil. Mense wat van die adel of "vry" was kon maak wat hulle wil, terwyl slawe gebind was om nie te maak wat hulle wou nie. Wanneer Christene dan "in Christus vrygeraak het", was die implikasie dat hulle kon doen wat hulle wou.

[1409] Hays Richard B, [**The Moral Vision of the New Testament,** 36-41, [T&T Clark], Edinburg,1996.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)


> **Korinte:** 'Alles is my geoorloof.'
> **Paulus:** Ja, maar nie alles is heilsaam nie.
> **Korinte:** 'Alles is my geoorloof,'
> **Paulus:** Ja, maar ek gaan my nie deur enigiets laat verslaaf nie ..." **1 Kor 6:12-13** vgl ook **1 Kor 10:23, 33**

Dit is juis hierdie brief aan Galasiërs wat die verlossing deur genade beklemtoon en nie deur wetsonderhouding nie, wat tog duidelik stel dat 'n lewe deur die Gees gelei, 'n lewe is waar daar grense en wetsgehoorsaamheid is (Gal 5:13-26).[1410] In lyn met 1 Kor 6:12-13; 10:23,33 skryf Paulus ook (lees dit binne die konteks van Gal 3:23-28).

> "Christus het ons vry gemaak om werklik vry te wees. Staan dan vas in hierdie vryheid en moet julle nie weer onder 'n slawejuk laat indwing nie ... julle is tot vryheid geroep. Moet net nie julle vryheid misbruik as 'n verskoning om sonde te doen nie ..." **Gal 5:1, 13**

Dit moet onthou word dat 1 Kor 6:12-13 binne die konteks van seksuele oortredings (1 Kor 5:1-13; 6: 9-11; 1 Kor 7) en liefdelose oneerlikheid (1 Kor 6:8) onder gelowiges voorkom. Dit word direk vooraf gegaan deur 'n groep seksuele en ander oortredings waarvan homoseksualiteit as een genoem word. Dit is duidelik dat Paulus ook hier grense aan die Christengelowiges stel. Hy doen in wese binne die destydse konteks waarin die Christengelowiges gelewe het 'n beroep op die gelowiges om nie soos die samelewing in Korinte te leef waar alles maar geoorloof was nie. Daar is met ander woorde grense aan die gelowige se vryheid.[1411]

---

[1410] Seitz Christopher, **Sexuality and Scripture's Plain Sense: The Christian Community and the Law of God**, p 184, [WB Eerdmans Publishing Co], Grand Rapids, 2000

[1411] Groenewald, E.P., **Die Eerste Brief aan die Korintiërs**, [Lux Verbi], Kaapstad, 1967; Stuard Elizabeth, **Dancing in the Spirit** geneem uit **The way Forward,** p78, [WB M Eerdmans Publishing Co], Grand Rapids, 2004**.** Die persepsie dat iemand wat "in Christus is" absolute vryheid het, verstaan nie die boodskap van verlossing reg nie. In

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)


Die inwoners van Korinte het die slagspreuk gehad dat alles hulle geoorloof is. Dit het die Christene beïnvloed wat uit hierdie inwoners tot bekering gekom het. Sommige het dit selfs van toepassing gemaak op die vryspraak deur geloof.[1412] Hierdeur leer Paulus dat die gelowige se vryheid beperk is (ook op seksuele gebied) tot slegs daardie dinge wat tot opbou van homself, tot voordeel van die goeie naam van die Christelike gemeenskap is en tot eer van God se naam in die gemeenskap is.[1413]

Al die sondes wat in die gedeelte genoem word waarvan homoseksuele praktyke maar net een is, moet verstaan word binne die konteks dat die mens nie sy eie liggaam beheer of besit nie. [1414] Die liggaam is vir die Here en die Here vir die liggaam. Die grondreël van die Christelike godsdiens, en ook die uitgangspunt vir die formulering van die Christelike gedrag, is tog: "Gee julleself aan God as lewende en heilige offers wat vir Hom aanneemlik is — dit is julle redelike godsdiens" [1415] (Rom. 12:1 – dit is ook op seksuele gebied die identiteit van die Christene).[1416] Alleen aan God mag die liggaam beskikbaar gestel word, omdat die Here gekom het om die liggaam te verlos

---

terme van die eskatologiese karakter van verlossing beteken dit dat ons geskapenheid die verantwoordelikheid het om in gehoorsaamheid so te leef dat ons al hoe meer word wat ons is. God het nie met sy menswording aan mense 'n "ontvlugtingspad" vir gehoorsaamheid gegee nie. Hy wil daardeur ook vir ons waarsku tussen wat reg en verkeerd of rein en onrein is. In hoeverre die wyse waarop ons leef bogenoemde ignoreer behoort ons onsself te verander in gehoorsaamheid.

[1412] Groenewald, E.P., **Die Eerste Brief aan die Korinthiërs**, [Lux Verbi], Kaapstad, 1967.

[1413] Groenewald, E.P., **Die Eerste Brief aan die Korintiërs**, [Lux Verbi], Kaapstad, 1967; Schoedel William R, **Same-Sex Eros: Paul and the Greco-Roman tradition** geneem uit **Homosexuality, Science, and the "Plain Sense" of Scripture**, p 70, [WB Eerdmans Publishing Co], Grand Rapids, 2000; Tambasco Anthony J, **In the days of Paul – The social world and teaching of the apostle**, p 70-71, [Paulist Press], New York, 1991. Onder die invloed van sommige filosofiese denkers (1:18-2:14), sowel as die konteks waarbinne die Christene geleef het, is die leer van "vryheid" deur Paulus waarskynlik verkeerd verstaan. Hy bring nou 'n regstelling aan. Vir hulle was seksuele oortredings nie 'n "saak" nie, omdat hulle "in Christus vry is".

[1414] Groenewald, E.P., **Die Eerste Brief aan die Korinthiërs**, [Lux Verbi], Kaapstad, 1967.

[1415] Hays Richard B, [**The Moral Vision of the New Testament,** 36-41, [T&T Clark], Edinburg,1996.

[1416] Groenewald, E.P., **Die Eerste Brief aan die Korinthiërs**, [Lux Verbi], Kaapstad, 1967.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)


en te verheerlik. Net so is die Here ook daar vir die liggaam.[1417] Hy red die liggaam van die verderf; Hy het ons met liggaam en gees met 'n dure prys gekoop; Hy sal die aardse liggaam verander in 'n hemelse om in heerlikheid opgeneem te word. Die liggaam wat die Here aan ons gegee het, is vir die Here en vir Hom alleen.[1418]

### 3.4. Jou lewenswyse verklap jou identiteit

Die andersheid van die Christene word juis gesien in die direkte konteks van Paulus se verwysing na homoseksuele verhoudings. Hy skryf:

> "... sal deel kry aan die koninkryk van God nie ... En so was party van julle juis ook, maar julle het julle sonde laat afwas, julle is geheilig, julle is vrygespreek ..." - ]H oujk oi[date o{ti a[dikoi qeou` basileivan ouj klhronomhvsousin [1419]É mh; plana`sqe: ou[te povrnoi ou[te eijdwlolavtrai ou[te moicoi; ou[te malakoi; ou[te ajrsenokoi`tai **1 Kor 6:10-11**

Die "... sal deel kry aan die koninkryk van God nie ..." moet verstaan word itv die antropologie van die destydse Mediterreense mens se siening van identiteit (vgl die twee vorige hoofstukke – daarom word dit hier nie weer verduidelik nie, maar toegepas). Hierdeur wil Paulus aan die gelowiges in sterk taal verduidelik dat wie met hierdie dinge besig is (ook homoseksuele verhoudings) in wese leef soos mense wat nie deel het aan God se koninkryk nie. Hoewel hulle aan Christus behoort (... sondes laat afwas) leef hulle soos mense wat nie aan Christus behoort nie. Hoe jy leef vertel vir die

[1417] Hays Richard B, [**The Moral Vision of the New Testament,** 36-41, [T&T Clark], Edinburg,1996.
[1418] Groenewald, E.P., **Die Eerste Brief aan die Korinthiërs**, [Lux Verbi], Kaapstad, 1967.
[1419] Paulus gebruik hier 'n begrip wat sy oorsprong het in die tradisionele Joodse apokaliptiek en dui op God se algehele heerskappy. Soards Marion L, **1 Corinthians**, p 126, [Paternoster Press], 1999.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)


mense buite die groep van Christene wie jy is – dan is jy net soos hulle (ongelowiges, heidene).[1420]

Hierdie punt was vir Paulus veral belangrik om tuis te bring omdat die grense tussen die gemeente en die samelewing nie so duidelik was nie. Hierdeur het hy vir die Christengelowiges die implikasies van hul nuwe identiteit (ook op seksuele gebied) uitgewys. Hulle was vasgevang in twee wêrelde en moes gehelp word om op grond van hul groep se goeie naam die regte keuses te maak.[1421] Die Christene het uit 'n samelewing gekom waar daar vryheid in terme van seksuele praktyke was. Paulus bring hulle tot 'n nuwe identiteit waar daar nie vryheid (maar grense) op seksuele gebied bestaan het nie. Dit is duidelik dat hy geen "kompromie" in terme van gebruike (ook seksuele gebruike) met die samelewing waaruit die Christene gekom het, maak nie. Vandaar die "En so was julle ook ..."[1422] Hy beklemtoon hul identiteit as gewas deur Jesus Christus (daarom vryheid), en wys juis daardeur dat hulle daarom "anders is" en "anders behoort te leef".[1423]

---

[1420] Barret CK, **The First Epistle to the Corinthians**, p141, [Adam & Charles Black], London, 1971; Hodge Charles, **I & II Corinthians,** P 98-99, [The Banner of Truth Trust], Edinburg, 1974.

[1421] Pomeroy SE, **Goddesses, Whores, Wives and Slaves: Women in Classical Antiquity**, p 148-149, [Schocken], New York, 1975.

[1422] Dunn James DG, **The Theology of Paul the Apostle**, p691, [WB Eerdmans Publishing Co], Grand Rapids, 1998.

[1423] Dunn James DG, **The Theology of Paul the Apostle**, p695, [WB Eerdmans Publishing Co], Grand Rapids, 1998.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)


Skematies kan Paulus se etiek aan die gemeente in Korinte, Efese en die Galasiërs as volg uitgebeeld word:




## 4. 'n Beoordeling

Die getuienis uit die Pauliniese en Deutero-Pauliniese geskrifte is konsekwent negatief teenoor alle vorme van homoseksuele verhoudings. Dit is soveel belangriker om te weet veral omdat permanente homoseksuele verhoudings (of huwelike) waarskynlik aan Paulus bekend was. Die afleiding kan gemaak word omdat genoegsame bewyse gevind is van sulke langtermyn homoseksuele verhoudings van liefde en trou uit die destydse Mediterreense samelewing. Veral die voorkoms daarvan in Rome, Korinte en Efese versterk die gevolgtrekking. Paulus was ook bewus van 'n sogenaamde homoseksuele identiteit (oriëntasie?) by homoseksuele persone, daarom verwys hy na die manlike en vroulike homoseksuele partye afsonderlik.

In Korintiërs veroordeel Paulus beide die beoefening van die aktiewe en passiewe homoseksuele praktyke. In sy brief aan Timoteus veroordeel hy

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)


homoseksuele verhoudings in die algemeen, maar in sy spesifieke, verwysing (gebruik van) na die wet en die ampsdraers, plaas hy 'n groter verantwoordelikheid op die geestelike leiers om nie homoseksuele verhoudings te hê nie. Die rede hiervoor het te doen met die verantwoordelike getuienis wat ampsdraers in 'n heidense samelewing het.

Ook hier (soos in die brief aan die Romeine) doen hy 'n beroep op die onlangse bekeerlinge om nie soos die heidense samelewing te leef nie – ook op seksuele gebied. Hoewel hy erken dat die Christene in Christus vry is beklemtoon hy ook dat diegene wat hulle deur die Gees laat lei, nie hulle vryheid in Christus sal misbruik om alles wat in die samelewing voorkom na te doen nie. Die vryheid in Christus beteken ook die vryheid om binne grense te leef. Dit beteken dat Christengelowiges hul vryheid gebruik om ook in terme van seksuele praktyke, nie die samelewing na te doen nie.

Vervolgens die samevattende opmerking van die studie as geheel.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)


# Om saam te vat

"Die debat oor homoseksualiteit in die NG Kerk het baie
verwarring gebring onder die lidmate van die kerk.
Dit is my oortuiging dat hierdie verwarring die gevolg is van 'n
onskriftuurlike benadering tot die hele probleem van homoseksualiteit."
**- Peet Botha -**

Aan die begin moet dit gestel word dat die doel van hierdie studie nie vanuit 'n pastorale aanslag gedoen is nie. In hierdie studie is ook nie aandag gegee aan die aspek van 'n Bybelse pastoraat aan die homoseksuele persoon en sy/haar familie of vriende nie, hoewel dit sinvol sal wees indien die bevindinge van hierdie studie in die opstel van 'n Bybelse pastoraat aan die homoseksuele persoon en die mense naby hom/haar, in ag geneem sal word. Dit is 'n hermeneutiese studie in die Nuwe Testamentiese Wetenskappe. Die samevatting kan derhalwe as 'n kursoriese saamvoeg van die inhoud van die verhandeling gesien word. Vir meer inligting kan die verhandeling self gelees word.

**Eerstens** behoort dit duidelik te wees dat die debat nie oor homoseksuele "persone" handel nie, maar ten diepste oor die Skriftuurlike regverdiging vir **seksuele verhoudings van liefde en trou tussen mense van dieselfde geslag**. Die vraag is dan: "Hoe moet 'n mens werk om 'n duidelike 'nee' in die Skrif, 'n "ja" te maak". Die antwoord is: "Gebruik hermeneutiese sleutels wat die Skrif tot 'n randgespreksvennoot rangeer, bring die Skrif onder verdenking en herinterpreteer dit". In hierdie hermeneutiek word die volgende sleutels gebruik:

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




**Tweedens** het die studie aangetoon dat daar inderdaad permanente seksuele verhoudings van liefde en trou onder die antieke en Mediterreense mense voorgekom het. Een van die basiese beredeneringsfoute van voorstanders van permanente seksuele verhoudings tussen mense van dieselfde geslag, is dat daar nie deur hulle na 'n seksuele "identiteit" gesoek word nie (Hoofstuk 2, par 1.1). Verder word ook nie in ag geneem dat volgens die antropologie van die destydse Mediterreense mense, iemand se identiteit deur sy/haar lewenswyse verklap is, maw "soos ek doen, so ís ek". Die implikasie is dus dat wanneer iemand aan 'n homoseksuele praktyk deelgeneem het, hy of sy as homoseksueel gesien is (Hoofstuk 8, par 1. en Hoofstuk 10, par 3.4.).

Daar was wél persone wat so 'n seksuele identiteit gehad het en wat een persoon van dieselfde geslag as 'n lewensmaat gehad het. Onder die Griekse filosowe was sulke verhoudings bekend. Plato het 'n permanente seksuele verhouding met Dion van Sirakuse gehad. Sokrates het weer so 'n verhouding van liefde en trou met Agaton gehad. Ander filosowe soos Cartulles, Virgilius en Horatio het ook permanente homoseksuele verhoudings van liefde en trou gehad. Plato vertel ook van Pausanius wat 'n permanente homoseksuele verhouding gehad het. Dan het die filosofiese beweging waarbinne Paulus sy vorming gehad het, die stoïsyne, geglo dat

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

seksuele verhoudings tussen mense van dieselfde geslag aanvaarbaar sou wees indien dit ten minste 28-jaar lank sou duur.

Hoewel sulke verhoudings van liefde en trou dus bekend was, was dit nie as die norm gesien nie. Verskeie filosowe keur sulke verhoudinge af. Onder hulle was Xenophon, Musonius Rufus. Daar was selfs Romeinse wette (Lex Scantinia en Lex Iulia – ongeveer 149 vC) wat sulke verhoudings afgekeur en verbied het (Hoofstuk 2, par 1.1.2.3.). Rabbi's in die Judaïsme (buite Bybels) is ook negatief teen hierdie seksuele verhoudings (tussen mense van dieselfde geslag). Filosowe en geskiedskrywers wat negatief teenoor sulke verhoudings is, is onder andere Flavius Josefus, Philo van Alexandrië, sowel as Pseudo-Philo (Hoofstuk 2, par 1.1.3.).

Ook Paulus het homoseksuele (en lesbiese) verhoudings van liefde en trou geken. Genoegsame bewyse is gevind wat aantoon dat sulke verhoudings wél in sy tyd voorgekom het. Spesifieke getuienis dui dat sulke verhoudings in Rome, Korinte en Efese bestaan het. Dit is juis in sy skrywe aan die gemeentes in hierdie drie stede waarin hy sterk standpunt teen homoseksuele verhoudings ingeneem het (hoofstuk 8, par 3.1.). Net so is dit ook belangrik om uit te wys dat sulke verhoudings slegs onder 'n klein groepie van die boonste 2% (adel) van die destydse publiek voorgekom het. Die adel was weer op hulle beurt 'n baie klein persentasie van die destydse bevolking (Hoofstuk 2, par 1.1.; Hoofstuk 8, par 3.1.).

Die kerkvaders handhaaf deur die bank ook die negatiewe siening van seksuele verhoudings tussen mense van dieselfde geslag (Hoofstuk 2, par 2.1.). Hoewel die persepsie geskep word dat daar 'n tydperk gedurende die Middeleeue was toe sulke permanente verhoudings deur die Kerk aanvaar is, blyk dit egter dat die Kerk gedurende vroeë en –latere Middeleeue sulke verhoudings nie goedgekeur het nie (Hoofstuk 2, par 2.2. en 2.3.). Net so

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

het die tyd na die Reformasie konsekwent homoseksuele verhoudings afgewys (Hoofstuk 2, par 2.4.). Vandag is daar slegs 'n kleingroepie binne die Protestantse kerke wat daarop aandring dat permanente seksuele verhoudings tussen mense van dieselfde geslag, Skriftuurlik verantwoord is.

Histories is die kerke binne gereformeerde verband in die wêreld ook negatief teenoor permanente homoseksuele verhoudings. Hoewel die Gereformeerde Kerke in Nederland (GKN) permanente homoseksuele verhoudinge van liefde en trou in die huwelik bevestig, het die Gereformeerde Ekumeniese Sinode sulke verhoudinge as teen die Skrif beoordeel. Die NGK het destyds ook haar ekumeniese verhouding met die GKN verbreek aangesien laasgenoemde kerk homoseksuele verhoudings van liefde en trou in die huwelik bevestig (Hoofstuk 3, 1.2.).

Dat verskillende homoseksuele identiteite bekend was, word verder gemotiveer deur die gebruik van verskillende Griekse begrippe om verskillende homoseksuele verhoudings aan te dui (Hoofstuk 2, par 1.1. en 2.1.). Die filosowe en die kervaders gebruik paidofilew en paidofqorhseis om op pedofilie te dui, en paidarasths of paidikhn om op pederastie te dui. Net so gebruik die filosowe malakos, malakoths, malaka of malakia en kinaidos om op die passiewe homoseksuele party te dui, terwyl arrhn, arsenes of arsen weer op die aktiewe homoseksuele persoon dui. Paulus en die kerkvaders gebruik ook malakos om op die vroulike homoseksuele party te dui, en arsenokoitai om op die manlike homoseksuele party te dui (Hoofstuk 2, par 2.1.).

Merkwaardig is dat hoewel Plato in 'n permanente seksuele verhouding van liefde en trou met iemand van dieselfde geslag as hy was, hy en sy student, Aristoteles tóg erken dat hierdie verhoudings nie biologies en fisiologies natuurlik is nie. In begrippe wat woordelike ooreenkom met Paulus se

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

afwysing van homoseksuele verhoudings in Romeine 1 gebruike beide Plato en Aristoteles fusin/ / para fusin om op die biologiese en fisiologiese onnatuurlik van sulke verhoudinge te dui. Paulus se gebruik van die begrip in verwysing na die biologiese onnatuurlikheid van homoseksuele verhoudings is ook in lyn met die stoïsyne en Josefus se gebruik van para fusin. Die implikasie van Paulus se gebruik van die begrip is dus duidelik: homoseksuele verhoudings is teen die biologiese skeppingsorde van 'n man en 'n vrou. Wie dus para fusin optree maak homself / haarself skuldig aan 'n seksuele fout (Hoofstuk 2, par 1.1. en Hoofstuk 9, par 1. en 2.1.).

In die **derde plek** kan die wese van hierdie hermeneutiek as 'n Postmoderne hermeneutiek beskryf word. Volgens hierdie hermeneutiek is die Skrif 'n ou dokument waarin bloot menslike nadenke oor God gevind word. Daar kan dus in die Skrif geen "waarheid" gevind word nie (Hoofstuk 1, par 1.3. en Hoofstuk 3, par 1.1.). Die Skrifinterpretasie wat gebruik word om homoseksuele verhoudinge vanuit die Skrif te regverdig, begin by die huidige problematiek waarin die natuur- en geesteswetenskappe sekere antwoorde gee. Daar word dan vanaf die bevinding na die Skrif teruggewerk. Gedeeltes wat sou lei dat ander antwoorde verkry sou word as wat die natuur- en geesteswetenskappe gee, word weg verklaar sodat die antwoorde wat verkry is, dieselfde is as wat die tydsgees bied (Hoofstuk 3, par 1.2.). Skematies sou dit as volg aangetoon kon word:

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




**Vierdens** speel die hermeneutiek van suspisie binne hierdie paradigma dus 'n bepalende rol. Die hipotese van hierdie hermeneutiek is dat die Skrif nie gebruik kan word om 'n antwoord op die hedendaagse homoseksualiteitsvraagstuk te gee nie. Heelwat Skrifgedeeltes word dan gebruik as analoë voorbeelde wat vandag nie meer sou geld nie (Hoofstuk 1, par 1.3.) of dat die Skrifgedeeltes wat oor homoseksuele verhoudings praat óf te min is, óf dat dit nie van homoseksuele verhoudings van liefde en trou praat nie (Hoofstuk 1, par 1.4.). Indien die hermeneutiese sleutels van die verligting-bevrydingshermeneutiek, die krities-realistiese hermeneutiek en die hermeneutiek van analogie gebruik word, blyk dit dat al die gemelde gedeeltes vandag egter wél nog 'n "boodskap" het. 'n Basiese probleem met die hermeneutiek van suspisie is dat dit moraliteit met die natuur- en

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)


geesteswetenskappe, sowel as sekere etiese optredes verwar. Die skep van die suspisie kan derhalwe nie gehandhaaf word nie (Hoofstuk 4, par 1.11). Indien daar wel sekere analoë voorbeelde uit die Skrif gebruik word, om aan te dui of homoseksuele verhoudings vanuit die Skrif geld, of nie, is bloedskande en pedofilie beter analoë (vgl die konteks in Lev 18-20). Laasgenoemde voorbeelde word deur alle voorstanders van homoseksuele verhoudings as immoreel afgewys, terwyl daar ook permanente seksuele verhoudings van liefde en trou onder familielede, sowel as tussen ouer persone met jonger persone voorkom. Fisiologies is heteroseksuele verhoudings van bloedskande en pedofilie ook meer aanpasbaar (hoofstuk 4, par 2).

**Vyfdens** kan die tekste argument ook nie gehandhaaf word nie, aangesien daar nie rekening gehou word met die Skriftuurlike siening van seksualiteit in die algemeen nie. Net so is die frekwensie waarin 'n aantal tekste voorkom ondergeskik aan die inhoud of boodskap van die teks. Dit is dan ook so dat daar leerstellige sake binne gereformeerde kerke voorkom, waarin daar nog "minder tekste" is wat die dogma steun, bv kinderdoop en uitverkiesing. Daar bestaan verder geen pertinente Skrifgedeelte wat die leer van die Drie Eenheid ondubbelsinnig motiveer nie (Hoofstuk 4, par 1.12).

'n Ander belangrike hermeneutiese sleutel wat tot die Skriftuurlike regverdiging van permanente seksuele homoseksuele verhoudings lei, is **sesdens** die rol wat die natuur- en geesteswetenskappe speel. Die argument is dat mense as homoseksueles gebore word, en dat dit 'n alternatiewe vorm van seksualiteit is: "God het my só gemaak, daarom is dit goed". Wie so met die Skrif werk, ontken die wese van ons gebrokenheid. Dit ontken ook die wese wat die letsels van die sondeval op die skepping (natuur) in die algemeen én op die bio-psigo-sosiale samestelling van die

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)


mens as indiwidu het (fisiologies en biologies - Hoofstuk 1, par 1.2. en Hoofstuk 5, par 2).

In terme van die natuurwetenskappe is dit nié so dat 10% van die algemene publiek 'n homoseksuele oriëntasie het nie. Die persentasie is gegrond op Alfred Kinsey se verslag in die 1940's. Die verslag word verkeerd aangehaal, aangesien hy in werklikheid die studie onder manlike seksoortreders tussen die ouderdom van 16-65 in tronke gedoen het wat die afgelope drie jaar 'n homoseksuele verhouding gehad het. Ander navorsers se bevindinge dui op heelwat minder as die 10%. Laumann het bevind dat 2% mans en 0.9% vroue hulself as iemand met 'n homoseksuele oriëntasie beskou. Harry het weer bevind dat 2.4% mans 'n homoseksuele oriëntasie het (nog navorsers wat die persone met 'n homoseksuele oriëntasie op ongeveer dieselfde persentasie plaas, is Billy, Fay, Rogers en Turner, Sell, Spira, Stall en Wellings). Sommige navorsers (Stanton en Yarhouse) beweer dat dit nie bo twyfel bewys kan word dat 'n bio-psigo-sosiale homoseksuele oriëntasie bestaan nie, terwyl Hamer uitwys dat 'n homoseksuele-geen nie gevind is nie. Daar is volgens hom wel 'n chromosoom-merker gevind wat met gedrag verband hou (maar nie met 'n seksuele oriëntasie nie - Hoofstuk 3, par 2.1.).

Die verwydering van homoseksualiteit uit die DSM deur die Amerikaanse Psigiatriese Assosiasie in 1974 word deur sommige navorsers as oneties beskou. Die rede hiervoor was dat die normale prosedure om tot só 'n besluit te kom, nie gevolg is nie. Die besluit het gevolg nadat 'n demokratiese stemming onder druk en finansiering van en deur gay-drukgroepe gevolg is. Dit is interessant om ook te let dat die stemming gevolg het nadat gay-persone die vergadering toegespreek het (Hoofstuk 3, par 2.1.2.). Dit is dieselfde strategie wat voorstanders van permanente homoseksuele verhoudings in die kerk gebruik. Tydens elke werkgroep of

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)


kommissie vergadering, word homoseksuele persone ook as lede van die werkgroepe gebruik – óf – spreek homoseksuele persone werkgroepe toe.

Hierdie strategie bemoeilik die vrye proses van teologiesering. Wanneer die ervaring van die homoseksuele persoon (as deel van die geesteswetenskappe) 'n hermeneutiese sleutel word, verval die proses van teologisering in subjektivisme. Dit is dus ook 'n strategie van manipulasie aangesien diegene wat glo dat die Skrif nie permanente homoseksuele verhoudings goedkeur nie, dikwels te sleg voel om homoseksuele persone met hul standpunt te konfronteer. Die rede is júís hul deernis vir die homoseksuele persoon, sowel as hul empatiese seer wat hul met die homoseksuele persoon deel. Net so voel hul gemanipuleer omdat hulle dikwels van liefdeloosheid beskuldig word. Hierdie strategie plaas sogenaamde behoudende Christene in 'n uiters ongewenste situasie (Hoofstuk 3, par 2.2.).

Die vraag is of die natuur- en geesteswetenskappe vetoreg in die debat het? Om die vraag te beantwoord, moet 'n ander soortgelyke vraag ook gevra word. 'n Vraag soos: Indien die wetenskap ooit sou bewys dat mense met 'n pedofiliese of 'n bloedskandelike -oriëntasie bestaan en dat dit die resultaat van bio-psigo-sosiale faktore is, sal die Kerk dit dan as 'n normale seksuele oriëntasie sien, en as 'n moreel aanvaarbare leefwyse beskou? Sal die Kerk sulke verhoudings kerklik inseën?

Die natuur- en geesteswetenskappe behoort nie, én kán níé die Skrif tot 'n randgespreksvennoot veto nie, aangesien dit nie teenoor mekaar behoort te staan nie. Waar eersgenoemde meer oor 'n antropologie wil praat, wil die Skrif oor "teologie" praat. 'n Teologiese begrip (soos sonde of moraliteit) kan nie deur 'n ander vakwetenskaplike dissipline opgehef word nie (Hoofstuk 3, par 2.1.3.).

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)


In die **sewende plek** handhaaf die Skrif konsekwent seksualiteit in terme van manlik en vroulik. Hoewel voorstanders van permanente homoseksuele verhoudings van liefde en trou graag sou wou voorgee dat die Skrif nie heteroseksuele verhoudings as die norm sien nie, is die teenoorgestelde juis waar. Nooit word enige ander vorm van seksuele verhouding, anders as die tussen 'n man en 'n vrou in terme van "huwelike" geteken nie. Selfs waar daar sprake is van poligamie, is dit nog steeds in 'n heteroseksuele konteks. Die argument dat, omdat die Skrif nie net van monogame huwelike praat nie, homoseksuele huwelike aanvaarbaar sou wees, is nie 'n korrekte argument nie. Hoewel die Skrif van poligame huwelike praat, word dit telkens negatief geteken. Daarom kan gesê word dat die Skrif konsekwent slegs ten opsigte van 'n monogame heteroseksuele huwelik positief praat (Hoofstuk 5, par 1.3.1.).

Die Gen 1 tot 4 verhale kan nie slegs in terme van wedersydse verhoudings van liefde en trou tussen twee mense (ongeag hul geslag) gelees word nie. Die menslike seksualiteit is volgens die P-bron nie in eenslagtigheid nie, maar in heteroseksualiteit. Gen 1 se lering rakende seksualiteit behoort ook gelees te word in die Babiloniese konteks waar homoseksuele verhoudings bestaan het. Die onaanvaarbaarheid van homoseksuele verhoudings word dan deur die eerste skeppingsverhaal wat sy ontstaan in Babilonië gehad het, aangetoon. Die skepping van die man en vrou dui op die tipe gemeenskap waarbinne die twee vorme van menslike geslagtelikheid tot mekaar behoort. Níé homoseksuele verhoudings hoort tot egte en ware seksualiteit nie, maar heteroseksualiteit (Hoofstuk 5, par 1.2.).

In die **agtste plek** handhaaf die res van die Skrif heteroseksualiteit as die enigste norm vir seksuele verhoudings (Hoofstuk 5, par 1.3.1.). In Jesus se bediening ken Hy geen ander aanvaarbare seksuele verhouding, as 'n

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

heteroseksuele verhouding nie, om die waarheid te sê, Hy bevestig slegs heteroseksuele verhoudings (Hoofstuk 5, par 1.3.2.). Die res van die Nuwe Testament handhaaf konsekwent die siening dat seksualiteit binne die konteks van 'n man en 'n vrou voorkom (Hoofstuk 5, par 1.3.3.). Net so handhaaf die kerkvaders sowel as die latere Christelike tradisie rakende seksualiteit, slegs heteroseksualiteit as die enigste aanvaarbare vorm van seksuele verhoudings (Hoofstuk 5, par 1.3.4. en 1.3.5.).

Die argument dat die Ou Testament nie oor homoseksuele verhoudings soos ons dit vandag ken, praat nie, verdien in die **negende plek** ook aandag: Dit is so dat daar in die Ou Testament heelwat verwysings na homoseksuele verkragtings voorkom (Hoofstuk 6, par 1.). Met die Levitikus en Deuteronomium tekste gaan dit egter nie oor homoseksuele verkragtings nie. Hoewel daar binne die betrokke tekste aspekte voorkom wat Christene vandag nie meer algemene handhaaf nie, is daar egter ook gebruike wat vandag nog steeds vir die Christene geld. Die Levitikus tekste kan as 'n verklaring van die Dekaloog gesien word. Binne die reinheidswette is daar dus ook wetgewing wat met moraliteit verband hou. Indien die verwysing na homoseksuele verhoudings nie vandag sou geld nie, omdat dit oënskynlik slegs op kultiese praktyke sou dui, is dit dan ook so dat permanente seksuele verhoudings van bloedskande en pedofilie (Lev 18 en 20) wat nie binne die kultus voorkom nie, vandag aanvaarbaar sou wees? (Hoofstuk 6, par 2.1.).

Die leser van die Levitikus tekste behoort op te merk dat daar tussen die twee betrokke hoofstukke in Lev 19 twee keer die pertinente opdrag voorkom om jou naaste lief te hê. Moraliteit se wortels kom dus ook uit die liefdesgebod (ook liefde vir die naaste). Dit is daarom nie Bybels om diegene wat homoseksuele verhoudings afwys, van liefdeloosheid te beskuldig nie. Net so is dit ook liefdeloos deur persone wat homoseksuele verhoudings

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)


beoefen, nie op die immoraliteit van hul dade te wys nie. Elke gemeenskap het sekere waardes en norme waarvolgens hulle gekenmerk word. Dit bepaal die uniekheid van die gemeenskap teenoor ander gemeenskappe. Die betrokke reinheidswette kan daarom as 'n "kategismus" vir God se mense gesien word, en behoort daarom ook in terme van moraliteit waar gesinswaardes, huwelike en seksuele gebruike ter sprake is, vandag te geld. Die toepassing van die reinheidswette het die volk se moraliteit verhoog (Hoofstuk 6, par 2.1.).

In die **tiende plek** moet stilgestaan word by die persepsie dat die Skrif na kultiese homoseksualiteit verwys: Daar is wel voorbeelde van mans wat in Israel of onder die destydse heidene by kultiese prostitusie betrokke was. Daar bestaan egter nie bewyse om te beweer dat hierdie manlike prostitusie "tempel-homoseksuele prostitute" was nie. Voorstanders van homoseksuele verhoudings van liefde en trou maak 'n onaanvaarbare sprong deur die een aan die ander gelyk te stel. Verder is dit so dat kultiese prostitusie met vrugbaarheid te doen gehad het. Homoseksuele praktyke het nie met vrugbaarheid te make nie. Soms het vroulike tempel prostitute ook as verpleegsters en vroedvroue opgetree. Ander kere is van tempel prostitusie gebruik gemaak om geld te kry sodat iemand sy/haar skuld kom afbetaal (maw ekonomies van aard - Hoofstuk 6, par 2.1.4.)

**Vervolgens** moet die lering en bediening van Jesus ook ernstig opgeneem word: Binne die Christelike gemeenskap is die radikale getuienis van Jesus waarskynlik die sterkste argument wat voorstanders van homoseksuele verhoudings het. Die stilswye van Jesus kan nié gebruik word om te beweer dat Jesus sulke verhoudings stilswyend aanvaar het nie. Wanneer Jesus nie met 'n sosiale gebruik of lering saamgestem het nie, het Hy dit sterk aangespreek. Beide die Palestynse- en Hellenistiese Judaïsme was gekant teen enige vorm van homoseksuele verhoudings. As Joodse Rabbi het Hy

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

kennis gehad van hierdie standpunt, sowel as dié van die Levitikus tekste. Wanneer Hy dit nie in die openbaar ongeldig verklaar nie (soos bv die gebruike van die Sabbat, omgang met onrein mense en vroue, plig om te vergewe of die beswaring rakende egskeiding ens) impliseer dit dat Hy die verbod op homoseksuele verhoudinge handhaaf (Hoofstuk 7, par 3.).

Dit is ook nie korrek om te beweer dat Hy 'n nuwe liefdesgebod gegee het nie. Liefde vir God en liefde vir die naaste was Ou Testamentiese gebooie wat Hy slegs saamgevoeg het. Die gebod om die naaste lief te hê, se konteks word juis in die verbod op homoseksuele verhoudinge gevind – soos reeds vermeld. Liefde het vir die destydse Mediterreense mense nie die aanvaarding van alles beteken nie. Liefde het juis grense veronderstel, aangesien alles wat nie tot voordeel van die groep se goeie naam was nie, as liefdeloos teenoor die groep gesien is. Verder het liefde 'n onderlinge verantwoordelikheid en lojaliteit teenoor die groep beteken. Wanneer die meerderheid van die groep (of die gemeenskap in algemeen) dus teen homoseksuele verhoudinge is, impliseer liefde dat die groepslid hom/haar van sulke verhoudinge weerhou. Liefde vir God en liefde vir die naaste impliseer dus duidelike grense (Hoofstuk 7, par 4.).

Dit impliseer dat die liefdesgod of die Gees nie die wet of gehoorsaamheid ophef nie. Dit is juis in Jesus se omgang met randfigure sigbaar (owerspelige vrou van Joh 7; Sy houding teenoor owerspeliges en prostitute in Matt 21 sowel as die verhaal van die Samaritaanse vrou in Joh 4). In nie een van die verhale keer Jesus sonde of immorele optrede goed nie (Hoofstuk 7, par 5.1.). Wanneer Jesus stel dat Hy die wet vervul het, impliseer Hy nie dat die wet nie meer geld nie, maar dat slegs Hy dit volkome onderhou het (hoofstuk 7, par 5.2.).

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

In die **twaalfde plek** speel die rol wat Paulus se teologie ten opsigte van homoseksuele verhoudings ook 'n bepalende rol: Ook in die Nuwe Testament is die gebruik van sondelyste deur Paulus, eerder 'n "kategismus" (soos met die Levitikus tekste) wat die vroeë Christene op die vorming van hul nuwe identiteit (etiese en Christelike moraliteit) wil wys. Dit is ook belangrik om te verstaan dat die sondelyste nie in alle opsigte met mekaar ooreenstem nie. Die implikasie hiervan is tog dat Paulus ook spesifieke "sondes" of "immorele optredes" in elke gemeenskap en gemeente aanspreek. (Hoofstuk 10, par 2.1.). Dit is veral belangrik omdat in ag geneem moet word dat die vroeë Christene aan wie Paulus en Deutero-Paulus skryf hoofsaaklik uit bekeerlinge uit die heidendom gekom het. Hierdie Christene het nie noodwendig dadelik met hul heidense gewoontes gebreek nie. Net so het van hierdie bekeerlinge ook dikwels terug geval in die gebruike wat hul voor hul bekering beoefen het. Dit is dus logies dat Paulus volgens die sosio-historiese etiek die gelowiges (in lyn met Jesus se metodiek) oproep om as groep anders te leef. Hoewel hy erken dat hulle in Christus vryheid het, leer hy dat vryheid duidelike grense het. Ook hier impliseer dit dat wanneer iemand 'n homoseksuele oriëntasie het, so 'n persoon hierdie oriëntasie nie sou uitleef nie – die persoon stel aan homself / haarself dus grense (Hoofstuk 8, par 3.1. ; 3.2; 4. en Hoofstuk 10, par 3.).

Hoewel verskillende pro-gay teoloë probeer om malakos en arsenokoiths so te vertaal dat dit nie op permanente homoseksuele verhoudings dui nie, is die teenoorgestelde waar. Die semantiese inhoud van malakos het in 1 Kor 6:9 'n duidelike seksuele betekenis aangesien dit direk met arsenokoiths verbind word. Wanneer Philo dit gebruik word dit saam met anandria (iemand wat nie manlik is nie) en androgunos (man-vrou) in sy beskrywing van homoseksualiteit aangewend. In sy gebruik van die begrip, verwys hy na die passiewe homoseksuele party. Net so gebruik Polikarpus beide die begrippe in sy verwysing na die manlike en vroulike homoseksuele

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

partye. Die begrip "malacos" in Latyn het ook 'n seksuele begrip. Paulus se gebruik van malakos is dus in lyn met die destydse verwysing na die vroulike homoseksuele party. Net so gebruik hy die LXX se vertaling van Lev 18:22 en 20:13 wanneer hy homoseksuele verhoudings met die arsenokoitai (verwysende na die manlike homoseksuele party) afwys (Hoofstuk 10, par 2.2.). Indien aanvaar sou word dat Timoteus deur 'n dissipel van Paulus geskryf is, is dit soveel meer merkwaardig. Dan impliseer dit dat die leer van Paulus dat homoseksuele verhoudinge nie aanvaarbaar is nie, alreeds voor die kerkvaders deel van die moraliteit van die Christelike Kerk geword het. In die lees van die Timoteus teks is dit ook belangrik om in ag te neem dat hier 'n verklaring van die Dekaloog gegee word (net soos in die Levitikus tekste – vgl Hoofstuk 10, par 2.2.).

Paulus en Deutero-Paulus verwys nie in Romeine, Korintiërs en 1 Timoteus na perversiteit nie. Die begrippe oiJ kuvne" in Openbaring 22 en ajsevlgeia in 1 Kor 12 is Nuwe Testamentiese begrippe wat op perversiteit en losbandigheid dui (Hoofstuk 10, par 2.3.).

**Laastens** wil ek bloot nog 'n hermeneutiese opmerking verder uitklaar: Waar die verligting-bevrydingshermeneutiek sekere sake ophef indien daar in die Skrif verligting rakende 'n spesifieke tema is, gebeur dit nié met homoseksuele verhoudings nie. Waar Jesus byvoorbeeld die verbod op egskeiding aan die een kant verswaar, terwyl Hy die gebruike op die Sabbat aan die ander kant verlig, hef nóg Hy nóg Paulus die verbod op homoseksuele verhoudinge op. Om daardie rede kan die gelowige wat die Skrif en sy gesag ernstig opneem, die verbod op sulke verhoudings nie vandag ophef nie. Vir vandag se Christen sal die verbod op homoseksuele verhoudings dus nog steeds geld. Skematies word dit as volg uitgebeeld:

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)





Die vraag is aan die begin van hierdie studie gevra wat die antwoord sou wees met die rondetafel gesprek op die eietydse vraag oor homoseksuele huwelike. Die skema van die gesprek is as volg uitgebeeld:




Pro-gay teoloë se antwoord op hierdie skema is dat die tydsgees met sy eie vra en antwoorde al die ander rolspelers kan veto (nie nét die Skrif nie). Behoudende teoloë kom tot 'n ander gevolgtrekking: Die antwoord op die vraag is dat die Kerk nie homoseksuele verhoudings en –huwelike as

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)


Skriftuurlik kan aanvaar nie. Die rede hiervoor is dat al die rolspelers (die Skrif, die Kerklike tradisie en –geskiedenis sowel as die amptelike standpunte van die Kerk deur die eeue heen) behalwe die tydsgees, 'n duidelike néé op die eietydse versoek dat die Kerk dit sou aanvaar, gee. Soos aan die begin van die samevatting gemeld is, sal die "pastor" in die ontwikkeling van 'n Bybelse pastoraat aan die homoseksuele persoon en aan sy/haar familie sowel as vriende, baat vind indien hy/sy die bevindinge van hierdie studie in ag neem.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)


## To Conclude

Firstly it should be clear that the debate is not about homosexual "persons" as such, but an in- depth probe into the Scriptural justification for **homosexual relationships and marriages.** The question remains: "How does one go about changing a distinct 'no' in Scripture into a 'yes'? The answer is: "Use hermeneutical keys that shunt Scripture to the position of an outsider in the dialogue, bring Scripture under suspicion and re- interpret it".

The essence of the said hermeneutics can be described as a postmodern hermeneutics. According to this hermeneutics Scripture is merely human reflection on God. It is for this reason that science and the experience of the homosexual person often carries more authority than Scripture. Modern man can therefore exclaim: "We know more than the authors of the Bible!".

This study has shown that the abovementioned hermeneutical keys often fail the test of history. Homosexual relationships have been known since the beginning of humanity. Homosexual marriages were indeed practiced amongst the Greek philosophers. It also occurred in Rome, Corinth and Ephesus during Paul's ministry. Still it has never been generally accepted as normative by any form of society.

The Church has also since her existence consistently rejected homosexual relationships through the ages. The world church of today is declinatory towards the clerical blessing of homosexual marriages. Today homosexual relationships and marriages are being defended according to Scripture by a mere handful of protestant theologians in the world church.

The mere fact that the social and natural sciences possibly don't always come to the same conclusions as Scripture, don't mean that Scriptural judgements in terms of morality and theological notions may be ignored. The question whether science can leave aside a "theological concept" (such as sin) should be asked. The two role players should not oppose each other. They may and can exist independently. Science and experience want to reflect something of socio- anthropology while Scripture wants to provide moral guidelines within this anthropology.

There are clear boundaries in the ethics and morality of Jesus and Paul. Love for God and gratitude for His work of redemption does imply deliverance through grace only. For the people of the time love meant loyalty and a sense of responsibility towards their group, implying that a homosexual person would refrain from entering into a homosexual relationship. Such relationships would be detrimental to the Church's reputation.

Therefore Jesus' ministry cannot be applied to argue that He would have accepted homosexual marriages. His silence regarding such relationships exactly confirms His assumption that such "relationships and marriages" are sinful in line with His teachings of the Old Testament. He does not give a "new commandment of love". When He does give the so- called double commandment of love, the commandment referring to love for fellow- man comes from Leviticus 19. That is the very chapter between Leviticus 18 and 20 where homosexual relationships are condemned. The prohibition of homosexual relationships can therefore not be regarded as loveless.

At the beginning of this study the question was what the outcome of the round table discussion regarding the current issue of homosexual relationships and -marriages would be. The scheme for the discussion was depicted as follows:

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




In reply to this scheme pro- gay theologians argue that the Zeitgeist with its own questions can veto all the other role players (not only Scripture). Other theologians conclude differently: The answer is that the Church cannot accept homosexual relations and marriages as Scriptural. The reason being that all the role players (Scripture, clerical tradition and – history as well as the official point of view of the Church through the ages) except the Zeitgeist clearly reply negatively to the contemporary request that the Church should accept it.

# Sleutelterme

1. **ajrsenokoivth" :** Die manlike of aktiewe homoseksuele persoon wat die ander homoseksuele persoon penetreer.
2. **malakov" oute ajrsenokoivth" :** Daar mag nie seksuele verhoudings tussen die vroulike en die manlike homoseksuele persone wees nie. Hier is spesifieke verwysing na die sogenaamde twee vorme van homoseksuele oriëntasies nl die manlike homoseksuele persoon én die vroulike homoseksuele persoon.
3. **Homoseksuele oriëntasie :** 'n Persoon wat as homoseksueel gebore word. Die persoon se seksuele oriëntasie is homoseksueel, en nié heteroseksueel nie. Dit is sy/haar seksuele "konstitusie".
4. **Homoseksuele huwelike en –verhouding :** Homoseksuele persone wat nie losbandig en pervers met mekaar lewe nie. Hier is permanente homoseksuele verhoudings van liefde en trou (soos by heteroseksuele huwelike) die norm.
5. **hV;ai ybeK]v]mi bK'v]ti al¿** : 'n Man mag nie by 'n man lê soos 'n man by 'n vrou lê nie. Mans mag dus nie met mekaar seksuele verhoudings hê soos wat hulle met vrouens het nie.
6. **malakov" :** Anders as **ajrsenokoivth"** is hierdie die passiewe of vroulike homoseksuele persoon. Hierdie persoon is die een wat gepenetreer word.
7. **paidarasths :** 'n Man wat homoseksuele dade en -verhoudings met seuns het.
8. **para fusin** : Dit begrip hou verband met die natuurlike, biologies en fisiologies verskille tussen 'n man en 'n vrou (natuurwet). Hierdie begrip dui aan dat die natuurwet van heteroseksualiteit en heteroseksuele verhoudings oortree word.
9. **Postmoderne hermeneutiek :** Die manier waarop die Skrif verstaan en hanteer word sodat die Skrif se duidelike "nee" vir homoseksuele

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)


verhoudings, 'n "ja" gemaak word. Die Skrif word nie meer as God se Woord gesien nie, maar mense se woorde in hul nadenke oor God. Daarom kan die sosiaal- en natuurwetenskappe die Skrif ten opsigte van moraliteit veto.

10. **hb;[e/t :** Iets wat afskuwelik, afstootlik en verwerplik is. Dit is heeltemal onaanvaarbaar. Die sterkste vorm van afwysing tov van verkeerde seksuele verhoudings.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

## 'n Slot opmerking

Die Suid-Afrikaanse homoseksualiteitsdebat (en in die wêreldkerk) handel in sy diepste grondslag nie oor die aanvaarding van homoseksuele persone nie, maar oor die kerklike inseën van homoseksuele huwelike. In 'n poging om homoseksuele verhoudings en -huwelike Kerklik aanvaar te kry, word 'n hermeneutiek gebruik wat as 'n postmoderne hermeneutiek bekend kan staan.

Volgens hierdie hermeneutiek dra die sosiaal- en natuurwetenskappe meer gewig as die Skrif. Laasgenoemde word gerangeer tot die woorde van mense in hul nadenke oor God. Dit word onder meer gedoen deur die Skrif onder verdenking te bring deur die gebruik van 'n groep analoë voorbeelde wat vandag nie meer sou geld nie. Die gevolgtrekking word dan gemaak dat die Skrif vandag ook 'n ander moraliteit sal hê.

Waar die Skrif wel gebruik word, word die uitsprake van die Skrif verder onder verdenking gebring deur te beweer dat die Skrif min oor homoseksuele verhoudings sou sê, óf dat die Skrif na perversiteit verwys, óf dat die Skrif nie homoseksuele oriëntasies en meegaande homoseksuele huwelike van liefde en trou geken het nie.

In hierdie studie is aangetoon dat bogenoemde interpretasie van die Skrif rakende permanente homoseksuele verhoudings en –huwelike nie gehandhaaf kan word nie. Die wetenskap kan nie 'n teologiese begrip tot die rand rangeer nie. Verder wys alle hermeneutiese sleutels wat in die debat gebruik word (antieke- en kerkgeskiedenis; Skrifgesag en Skrifgebruik; Bybelse seksualiteit; getuienisse van die Ou- en Nuwe Testamente), deurgaans homoseksuele verhoudings af – ook die van liefde en trou.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# A Final Word

The debate about homosexuality in South Africa (and possibly the Church worldwide) does not focus primarily on the acceptance of homosexual persons, but that the church would accept and bless homosexual marriages. In their attempt to get the church to accept such marriages they (pro-gay theologians) have resorted to an hermeneutics which could be considered as postmodernistic.

According to this postmodernistic hermeneutics the siences have greater importance than the Bible. The Word of God has been reduced to the words of men in their thoughts about God. This is done by casting suspicion on the Bible and by using similar examples which are not generally accepted anymore. They come to the conclusion that the Bible of today has a new version of morality.

Where they do make use of the Bible, they cast suspicion by saying that the Bible has very little to say about homosexual relationships as it is known today. They try to say that the Bible is mainly concerned with perversity and that the Bible knows nothing about homosexual marriages or relationships of love and trust.

In this study it has been shown that the above mentioned interpretation of the Bible concerning homosexual relationships and marriages cannot be sustained. Science cannot change a theological term (like sin). All the hermeneutic keys used in the debate (antique history – history of the church; the authority of the Bible and the use thereof; Biblical sexuality and Old and New Testament evidence) reject homosexual relationships – also those of love and trust.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**Permanent homosexsual relationships of love and commitment**

In this article, the argument is made that homosexual relationships of love and commitment was known by the writers of the Bible. Though definitions like "gay" or "homosexuality" was not known, sexual identity was known. According to the anthropology of the Mediterranean people, somebody's identity was found in the way he or she lived: "If I have a homosexual relationship, then my identity was homosexual".

This article shows that permanent homosexual relationships of love and commitment were known among the Greek philosophers. People like Plato, Aristotle and Pausanius had permanent homosexual partners. Even Paul knew about permanent homosexual relationships of love and commitment. Sufficient evidence have been found in cities like Rome, Corinth and Ephesus on the existence of such relationships.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)


UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**Permanente homoseksuele verhoudings van liefde en trou.**

Die debat rakende seksuele homoseksuele verhoudings is vandag een van die kerndebatte in die kerk en die media. Voorstanders van permanente homoseksuele verhoudings van liefde en trou argumenteer graag dat die Bybelskrywers nie die "tipe" homoseksualiteit wat vandag bestaan, geken het nie. Die homoseksualiteit waarvan die Skrif praat, is volgens hulle perverse seksuele verhoudings of homoseksuele verhoudings wat in die kultusse voor gekom het. Baie word gemaak dat die begrip "homoseksualiteit" of "homoseksueel" 'n relatiewe jong term is. Dit is eers in 1892 in Duitsland die eerste keer gebruik. Dit is volgens hierdie groep nie afgelei van die Latyn *homo* (man/mens) nie, maar vanuit die Grieks *homoios* (dieselfde) wat dus dui op 'n seksuele oriëntasie vir dieselfde geslag (O'Via 2003: 1). Dit impliseer dat die debat in groot mate gevoer word oor die seksuele identiteit van homoseksuele persone met die argument dat die skrywers van die Bybel nié 'n homoseksuele oriëntasie geken het nie.

**1. OP SOEK NA 'n SEKSUELE IDENTITEIT**

**1.1. Homoseksuele oriëntasie is 'n onbekende vir Bybelskrywers**

Homoseksualiteit is dus volgens hierdie groep eerder "vreemde seksualiteit" of "grys seksualiteit" (Barnard 2000:84-86). Dit is 'n manier van seksuele uitlewing en gee ruimte vir 'n "alternatief" op heteroseksualiteit. **Anthonissen en Oberholzer** verduidelik dat die begrippe homoseksualiteit en/of gay-wees daardie "seksuele oriëntasie" is wat verwys na liefde, emosionele betrokkenheid, seksuele aangetrokkenheid en gedrag tussen mense van dieselfde geslag (Anthonissen & Oberholzer 2001:35-36). "Oriëntasie" of "disposisie" dui op 'n ***bio-psigo-sosiale toestand*** wat daartoe lei dat iemand hom of haarself as homoseksueel sien (SKLAS

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Nederduitse Gereformeerde Kerk Wes-en-Suid-Kaapland 2004 = Predikante konferensie). Dit gaan dus daarom dat iemand se bestaanswerklikheid (eksistensiële gegewe) só is dat die persoon hunker na iemand van dieselfde geslag (Christian Reformed Church in North America 1973/1999: 7-9). Dit korreleer met die selfbeeld, selfverstaan en liggaamsbeeld van dié spesifieke persoon (Konsepverslag van SKLAS vir voorlegging aan die Sinode van Wes-en-Suid-Kaapland 1999: 2; Werkgroep in verband met homoseksualiteit van die Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk van Oos-Transvaal. 2001). Die implikasie van hierdie argument is dat daar dus drie vorme van 'n seksuele oriëntasies bestaan is, naamlik manlik, vroulik en homoseksueel.

'n Basiese fout deur voorstanders van bogenoemde argument is dat daar teen "begrippe" of "definisies" vasgekyk word. 'n Beter metode sal eerder wees om vas te stel hoe seksuele identiteit in die samelewing van die destydse Bybelskrywers beleef is.

### 1.2. Homoseksuele identiteit

Die hipotese in hierdie artikel is dat dit 'n verkeerde argument is om te beweer dat die destydse mense nie 'n homoseksuele oriëntasie geken het nie, bloot omdat die begrippe ("gay" of "homoseksuele oriëntasie") nie destyds bekend was nie. Dit sal ek doen deur te soek na 'n "seksuele identiteit" wat voortgespruit het uit 'n bepaalde gedrag. In terme van die destydse mense sou dus gesê word dat indien permanente homoseksuele verhoudings van liefde en trou tussen mense van dieselfde geslag voorgekom het, hulle wel kennis gehad het van wat ons vandag 'n homoseksuele oriëntasie sou noem. Dit moet verstaan word binne die antropologie van die destydse Mediterreense mense, waar iemand se identiteit deur sy/haar optrede bepaal is, maw "hoe ek optree, is wie ek is" (Malina 1986: 26).

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)


In die res van hierdie artikel wil ek poog om aan te toon dat die Griekse en Romeinse kulture wel 'n homoseksuele identiteit (oriëntasie) geken het.

## 2. SEKSUALITEIT IN DIE KULTURE VAN DIE DESTYDSE MEDITEREENSE MENSE

**Seksuele identiteit** kom wel in die destydse Griekse en Romeinse Kulture na vore. Dit word afgelei uit die seksrolle wat mans en vroue onderskeidelik gespeel het. Seks is gesien as iets wat jy aan iemand anders doen. Die seksrol van die man het gedui op sy aktiewe beheer van die vrou. Die vrou was weer die passiewe ontvanger wat genot geput het om seks te ontvang. Die man "penetreer" en die vrou word "gepenetreer". Owerspel deur 'n vrou (**moiceiva** – vgl ook Matt 5:31) was verkeerd aangesien sy beheer oor haar eie seksrol geneem het - onder die beheer van haar man uit (Karros 2001: 1255-1256).

Die vraag rondom seksuele identiteit is dan: Hoe het die gepenetreerde dan sy rol in die verhouding verstaan. Die seksuele identiteit van die manlike homoseksueel word gevind in die feit dat die passiewe persoon die "begeerte" het om deur 'n "ander man" gepenetreer te word. Dit is met ander woorde dieselfde begeerte wat by 'n vrou bestaan. Nie alle volwasse mans is as "ware mans" gesien nie. Die passiewe vennoot in die seksuele verhouding is gesien as iemand met 'n "vroulike ervaring" en daarom nie as 'n ware man nie (Karros 2001: 1259-1261).

### 2.1. Permanente homoseksuele verhoudings in die Griekse kultuur

Die bestaan van 'n homoseksuele identiteit word vervolgens ondersteun deur filosowe wat hul voorkeur en liefde vir mans nie weggesteek het nie.

Daar word beweer dat onder hierdie filosowe mense soos Sokrates, Cartulles, Virgilius en Horatio was. Dit word afgelei vanweë hul erotiese gedigte oor mans (Verslag van die kommissie Leer en Aktuele sake van die Sinode van Noordkaapland 2003: p 29).

In 'n artikel waarin gepoog word om aan te toon dat die verskillende vorme van homoseksualiteit wat vandag voorkom, 'n ou verskynsel is, wys **Nassbaum** vanuit die antieke artefakte, toesprake van filosowe, gedigte sowel as Griekse komedies dat mense in die antieke tyd wel homoseksuele verhoudings gehad het waar liefde-en-trou betrokke was. Sy gebruik die Griekse praktyke van homoseksualiteit om daardeur vir die samelewing van vandag meer empatie te laat kry vir die vrese, hoop en vreugde van mense wat persone van dieselfde geslag liefhet (Nussbaum 2002: 16-19).

**Liddel en Scott** dui aan dat die antieke filosowe spesifieke begrippe gehad wanneer hulle na pederastie ('n volwasse man wat 'n seksuele verhouding met 'n jong seun het) verwys. So is **paidarasths / paidikhn** gebruik. Dit hou ook verband met die begrip pedofiel **paidofilew** wat ook gebruik is om hierdie gebruik aan te toon (Liddel & Scott 1983:584).

Vanuit die geskrifte van die antieke filosowe is dit billik om te sê dat dit nie 'n korrekte persepsie is dat pederastie en militêre homoseksualiteit die enigste bekende vorme van homoseksualiteit in die destydse antieke samelewings was nie. Wat vandag as kernhomoseksualiteit bekend staan, het ook as 'n **aparte seksuele identiteit** in die destydse samelewing gefunksioneer.

Hierdie verskynsel kom veral voor in 'n lyn van filosowe waar die een die ander vroeër opgelei het. Dit word gevind by Sokrates, sy student Plato en dié se student, Aristoteles. Plato vertel in sy **Symposium** (Plato 1995a:

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

36:93) dat Alicibiades op Sokrates verlief was, maar dat Sokrates op daardie stadium 'n permanente verhouding met Agaton gehad het. Alicibiades probeer dan die verhouding tussen Sokrates en Agaton opbreek (Plato 1995a: 90:93).

Verder vertel die karakter Aristofanes ('n denkbeeldige skepping van Plato) dat alle mense op soek is na die ander helfte van ons menswees. Hierdie ander helfte is vir sommige mans ander mans, terwyl dit weer vir sommige vroue ander vroue is. Dan is daar ook diegene vir wie hul ander helfte mense van die teenoorgestelde geslag is. In 'n poging om hierdie gebruik wat oënskynlik volgens hom deur die samelewing as 'n skandelike praktyk beskou is, aanvaarbaar te maak, skryf Plato apologeties dat sulke permanente verhoudings tussen mense van dieselfde geslag nie skandelik is nie, aangesien hierdie mense hul helfte (wat van dieselfde geslag as hulle is) in ***vriendskap, liefde*** en ***intimiteit*** soek (Nussbaum 2002: 10).

In gevalle waar 'n man se ander helfte, nog 'n man is, of 'n vrou se ander helfte nog 'n vrou is, sal hierdie mense nie met mense van die teenoorgestelde geslag trou nie.[1424] Indien hulle trou (heteroseksueel) is dit net omdat die "wet" dit van hulle vereis. Hulle sou dan eerder verkies om lewenslank by mekaar (mense van dieselfde geslag) te bly op grond van wedersydse liefde, vriendskap en intimiteit. Dit is nie net die seksuele drang wat hulle na mekaar dryf nie, maar 'n intense onbekende onverklaarbare soeke van hulle "siele" na mekaar (Plato 1995b: 75).

Dit is daarom 'n billike afleiding om te maak dat daar in die destydse samelewing nié nét homoseksuele verhoudings wat **pervers**, **kulties** en **pederasties** van aard was, voorgekom het en bekend was nie. Permanente

[1424] Die filosoof verwys hier na 'n huwelik binne die konteks van 'n man en 'n vrou. Hy wys egter wel dat mense wat na dieselfde geslag smag hoewel hulle nie met mekaar trou nie, wel in langtermyn verbintenisse met mekaar gaan.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)


langtermyn verhoudings van liefde en trou was bekend. Dit is ook nie sò dat die destydse filosowe net losbandig was nie. Sketse op artefakte dui ***nie net*** jonger seuns en ouer mans aan nie, maar ook gevalle waar die sogenaamde jonger persoon inderdaad ouer as “seun-wees” is. **Plato** se langtermyn verhouding met Dion van Sirakuse het begin toe Plato 50 jaar oud was en Dion 35 jaar. Sommige **Stoïsynse filosowe** verkies dat verhoudings tussen mense van dieselfde geslag ten minste 28-jaar sou duur (Paulus was bekend met die stoïsynse filosofie aangesien dit waarskynlik een van die sterkste filosofiese strominge in Tarsus was). Pausanias, die spreker in Plato se **Symposium**, is ‘n historiese figuur. Sy homoseksuele verhouding met ‘n digter het vir ten minste 12 jaar geduur. Die verhouding het begin toe ‘n Agaton (Pausanius se homoseksuele lewensmaat en nie dieselfde as die Agaton met wie Sokrates ‘n permanente homoseksuele verhouding gehad het nie) ‘n volle 18 jaar oud was (Nussbaum 2004: 16; Plato 1995b: 7:56; Quast 1994: 35).

Daar was dus in sekere homoseksuele verhoudings wel sprake van wederkerigheid, duursaamheid en liefde. Die Griekse filosowe wat homoseksualiteit as aanvaarbaar gesien het, het die norm van stabiliteit, vriendskap en liefde bokant onstabiele losbandigheid verkies. Beide **Plato** en **Pausanius** verwys na hulle homoseksuele verhoudings binne die konteks van ‘n lewenslange vennootskap. Waar seks tussen heteroseksuele tot voortplanting kon lei, was seks tussen mense van dieselfde geslag beskou as die voortplanting van dieselfde of ‘n beter “gees”. In Sparta is koormusiek ontdek wat die liefde tussen vroue besing. Plato vertel ook dat die Ateners bekend was met die liefde tussen vroue (Nussbaum 2004: 14-17). Die bestaan van langtermyn homoseksuele verhoudings behoort gesien te word binne die konteks dat die Grieke **eros** (passie) alleen as iets gewelddadig, chaoties, gevaarlik en onbeheerbaar gesien het. Daar moes ander elemente van wat in Afrikaans as “liefde” beskryf word, ook teenwoordig wees (Karros

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

2001: 1258). Interessant is dat Plato ten spyte van sy eie voorliefde vir ‘n man, in sy **Laws** erken dat gemeenskap tussen ‘n man en ‘n vrou natuurlik is, terwyl seks tussen ‘n man en ‘n man of ‘n vrou en ‘n vrou nie natuurlik is nie, met ander woorde “teen die natuur” (Plato 1995c: 24:611 - **para fusin** - kon Paulus dit in gedagte gehad het in sy skrywe van Romeine 1?). Later verwys sy gespreksgenoot, ‘n onbekende Athener, dat dit beter sou wees dat wette gemaak word om seks tussen mans met mekaar en vroue met mekaar te verbied. Die vraag kan dus met reg gevra word of hierdie interne spanning by Plato rakende homoseksuele verhoudings, beteken dat die antieke mense ook oor die voorkoms van ‘n “homoseksuele identiteit” gedebateer het? (Plato 1995c: 381:611).

Karros beweer dat **Aristoteles** ook positief was oor beide manlike en vroulike homoseksuele verhoudings waar wederkerigheid en liefdesvriendskappe teenwoordig was. Volgens haar sien hy heteroseksuele- en homoseksuele verhoudings nié slegs binne die konteks van die “selfbevrediging van die enkeling se luste” nie. Aristoteles se geskrifte dui vir haar nie daarop dat die antieke Grieke die aktiewe manlike persoon in ‘n homoseksuele verhouding as ‘n homoseksueel sou sien nie, maar die passiewe vennoot wat genot vind om “gepenetreer” te word - maw die penetreerder bly “man” (Karros 2001: 1257). Die passiewe vennoot in die seksuele verhouding identifiseer met “vroulikheid”, terwyl die manlike persoon weer dié persoon is wat die aktiewe seksgenoot is wat sy semen in die passiewe vennoot stort (Aristoteles 1995: 56:286). Vir hom is beide die vorme van seksualiteit onder mans en vroue prysenswaardig as dit binne die konteks van wederkerigheid aan mekaar se behoeftes in langtermyn verhoudings voldoen (Nussbaum 2002: 21).

Aristoteles se positiewe siening van liefde vir dieselfde geslag kan verstaan word wanneer hy verduidelik dat daar in die mensdom sekere “disposisies”

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

is waarmee mense gebore word. Onder hierdie disposisies is ook seksuele disposisies wat volgens "normale seksuele norme" as "onnatuurlik" (dalk weer Paulus se agtergrond en siening van homoseksuele verhoudings in Rom 1) gesien kan word. Dit is waar 'n man die passiewe rol van die vrou in seksuele dade inneem. Hy skryf:

> Now corresponding to each of these kinds of unnatural pleasures (**fæusis**) we may observe a related disposition of character. ... These practices result in some cases from natural disposition, and in others from habit, as with those who have been abused from childhood. When nature (**fæusis**) is responsible, no one would describe such persons as showing unrestraint, any more than one would apply that term to women because they are passive and not active in sexual intercourse ...
>
> (Aristoteles 2000: 1148b)

Uit die antieke geskrifte is ook getuienis gevind dat sekere manspersone in die openbaar as verfynde vroulike (homoseksuele) persone verskyn het. Liddel en Scott wys ook dat die begrip **eéanos** met fyn of verfyn (Aristoteles 2000: 1148b; Liddel & Scott 1983: 218), terwyl **neanikos** weer met homoseksueel vertaal kan word (Liddel & Scott 1983: 218).

Vervolgens wil ek wys op getuienis wat wat daarop dui dat permanente homoseksuele verhoudings van liefde en trou (homoseksuele huwelike) wel gedurende die tyd van die Nuwe Testament bekend was.

### 2.2. Seksualiteit in die Romeinse kulture

Anders as wat voorstanders van permanente seksuele homoseksuele verhoudings en -huwelike graag wil glo, was permanente homoseksuele huwelike van liefde en trou inderdaad gedurende die tyd van Paulus bekend. Dit het ook voorgekom in al drie die stede aan wie se Christene hy in sy briewe teen die sonde van homoseksuele verhoudings waarsku.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**Boswell** ('n homoseksuele persoon en aktivis ten gunste van homoseksuele huwelike van wederkerigheid, duursaamheid, liefde en trou) gee in 'n poging om op die normaliteit van homoseksuele huwelike en seksuele verhoudings te dui, bewyse uit die antieke bronne van sulke huwelike in die destydse Meditereense samelewing waaronder die meeste uit die tyd van Paulus dateer. Dit is verhoudings waar pederastie, losbandigheid en perversiteit nié ter sprake is. Paulus se uitsprake ten opsigte van die gemeentes in **Rome, Korinte** en **Efese** (1 Timoteus) moet binne hierdie konteks beoordeel word. In Boswell se bewyse word al hierdie stede genoem:

- ➔ Nero het met twee mans in die openbaar in die huwelik getree. Een van hierdie lewensmaats van hom is dan ook as "koningin" vereer (Boswell 1996:69,82-84). Dit is belangrike inligting wanneer die interpretasie van die briewe aan die Romeine, Korinte en Efese bestudeer word. Paulus het hierdie briewe geskryf gedurende die tyd van Nero se regering (54-68 nC) - Die Romeine brief waarskynlik in 55-56 nC, die brief van Korinte waarskynlik in 54 nC en 1 Timoteus waarskynlik 61-64 nC (Van der Watt 2003: 706, 723, 805).
- ➔ Xenophon van **Efese** vertel van homoseksuele verhoudings van liefde en trou in dié stad. 'n Voorbeeld hiervan is Hippotoos. Hy het 'n man van dieselfde ouderom (nié pederastie nie) as hy liefgehad (Boswell 1996:86; Smith 1996: 234). So was die eerste groot liefde van Dionysius, 'n ander man met die naam van Ampelus (Boswell 1996:85).
- ➔ Hadrianus (ongeveer 130 nC) word beskou as een van die vyf beste keisers van Rome. Hy het 'n permanente verhouding met 'n ander man, Antonius gehad (Boswell 1996:85).
- ➔ Daar is ook voorbeelde van biseksualiteit. Amatorius, 'n jong man was verlief op beide jongmeisies en jongmans wat dieselfde ouderdom as hy was (Boswell 1996:86).

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

- ➔ Twaalf Attiese fase is gevind met verskillende voorbeelde van volwasse homoseksuele verhoudings (Huppert 1988: 255-268; Smith 1996: 234).
- ➔ Daar is nie baie bewyse van lesbiese verhoudings in **Rome** nie. Boswell motiveer dit aangesien die meeste Romeinse geskiedskrywers manlik was. Daar is wel 'n verhaal wat die skrywer Ovid neergeskryf het van twee vroue wat in 'n liefdesverhouding met mekaar gestaan het (Boswell 1996:83; Brooten 1996: 42-45).
- ➔ Uit die stad Lesbos is lesbiese erotiese gedigte van Sappho gevind rakende haar sensuele begeertes vir 'n ander vrou (Brooten 1996: 29; Smith 1996: 234).
- ➔ Lucian vertel in sy **Dialogues of the Courtesans** van vroue uit die stad Lesbos (waarskynlik waar die benaming lesbies vandaan kom?) wat permanente verhoudings met mekaar gehad het. So is ene Megilla met 'n vrou van **Korinte** getroud (Boswell 1996:83; Brooten 1996: 51-52).
- ➔ Plutarch dui op lesbiese verhoudings wat in die stad Sparta voorgekom het (Smith 1996: 240).
- ➔ Pseudo Phocilydes verwys na die onaanvaarbaarheid van beide manlik en vroulike homoseksuele verhoudings. Die werk dateer ongeveer uit 30 vC tot 40nC.
- ➔ Hy vertel ook van 'n permanente verhouding wat later op 'n huwelik tussen die koningin van Egipte, Bernice, en 'n vrou van Mesopotamië uitgeloop het:

> … rescued her and returned her to her Bernice, from whom she had been taken, and who had become the queen of Egypt after her father's death. Bernice married Mesopotamië (verwysende na die vrou uit Mesopotamië), …

(Boswell 1996:84; Brooten 1996: 50-51)

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)


- Clement van Alexandrië, 'n Christen kerkvader uit die 2de eeu nC vertel van vroue wat in lesbiese verhoudings betrokke was. Hy vertel dat hierdie vroue sò openlik oor hulle verhouding van liefde en trou was, dat hulle "teen hul natuur" opgetree het en getrou het (Boswell 1996:84; Brooten 1996: 50-51; Scroggs 1984: 147,142).
- Daar is ook getuies op twee ander fase uit die klassieke tydperk gevind wat dui op lesbiese verhoudings. Hier is vroue besig om mekaar se geslagsdele te betas (Brooten 1996: 188-197; Scroggs 1984: 143; Smith 1996: 241).
- 'n Agaïese vaas (uit die omstreke van **Korinte**) wat uit ongeveer 620 vC dateer dui op twee vroue wat aan mekaar se gesigte raak. Hul liggaamshouding dui op intimiteit (Smith 1996: 241).
- Alkman, 'n digter van Sparta, vertel van die wonderlike liefde tussen twee jonger vroue, Agido en Hagesichora, wat in terme van vandag as 'n huweliksverhouding beskryf sou kon word (Smith 1996: 241).
- Selfs Rabbynse literatuur het kennis gedra van lesbiese verhoudings. Die **Sifra** is 'n Rabbynse kommentaar op Lev 18 waarvolgens Moses se lering impliseer dat die Israeliete enige homoseksuele huwelike (manlik én vroulik) sal vermy (Brooten 1996b: 61-87; Smith 1996: 240).
- Net so word in die **Jerusalemse Talmud** 'n debat tussen die skole van Hillel and Shammai gevind oor die vraag of lesbiese seksuele verhoudings 'n vrou se maagdelikheid wegneem (Brooten 1996b: 64-65; Smith 1996: 242).

Terug by Paulus: Geleerdes is nie eenstemmig oor die datering van Paulus se dood nie. Daar is wel konsensus dat Nero Paulus laat onthoof het. Die datering van Paulus se dood word gegee as tussen 64 nC en 67 nC (Van der Watt 2003: 702, 805). Daar kan waarskynlik nie twyfel wees dat Paulus (ook as stoïsynse filosoof) dus kennis gedra het van beide lesbiese- en

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

homoseksuele verhoudings van liefde en trou gedurende sy tyd nie. Dit verklaar waarom Paulus in Rom 1 spesifiek na manlike en vroulike vorms van homoseksuele verhoudings as para fusin verwys, sowel as die gebruik van die twee Griekse begrippe malakos (vroulike homoseksuele persoon) en arsenokoitai (manlike homoseksuele persoon) in 1 Kor 6:9.

Vervolgens dan, 'n beoordeling:

**3. 'n BEOORDELING**

Die argument wat voorstanders van homoseksuele verhoudings van liefde en trou gebruik dat die destydse antieke en Mediterreense mense nie van sulke verhoudings of identiteite kennis gedra het nie, kan dus nie gehandhaaf word nie. Binne die antropologie van die destydse Mediterreense mense het iemand se optrede, sy/haar identiteit bepaal. Wanneer iemand dus die rol van die vroulike of manlike homoseksuele party vertolk het, was die persoon se identiteit homoseksueel. Die voorkoms van permanente homoseksuele verhoudings van liefde en trou onder die filosowe onderskryf ook my argument. Dat getuienis gevind is van permanente homoseksuele verhoudings van liefde en trou en/of "homoseksuele huwelike" tussen homoseksuele persone (manlik of vroulik) in Rome, Korinte en Efese beteken dat Paulus waarskynlik na sulke permanente homoseksuele verhoudings in sy briewe aan die betrokke gemeentes verwys. Dit kan dus nie meer geargumenteer word dat die Bybelskrywers slegs perversiteit, pederastie of kultiese homoseksuele verhoudings in gedagte gehad het nie. Dié bevindinge behoort 'n bepalende rol in die debat rakende die Skriftuurlike verantwoording van permanente homoseksuele verhoudings te speel.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

## Literatuurverwysings


1. Anthonissen C & Oberholzer P 2001. **Gelowig en Gay?**. Wellington: Lux Verbi.BM.
2. Aristoteles 1995. **Generation of animals.** Santa Monica: World Library.
3. Aristoteles 2000. **Nicomachanaen Ethics.** Perseus Project - Harvard University Press.
4. Barnard R 2000. **Dis tyd dat Christene anders dink en praat oor seks**. Wellington: Hugenote Uitgewers.
5. Boswell J 1996. **Christianity, social Tolerance, and Homosexuality**. Chicago: The University of Chicago Press.
6. Brooten BJ 1996. **Love between Women**. Chicago: University of Chicago.
7. Brooten BJ 1985. **"Pauls's Views on the Nature of Women and Female Homoeroticism"**. Immaculate and Powerful: The Female in Sacred Image and Social reality. 1985b.
8. Christian Reformed Church in North America 1973/1999. **Pastoral Care For Homosexual Members**.
9. Huppert C 1988. **"Greek love: Homosexuality or Pederstiy? Greek Love in the Black Attic Figures Vase-Painting"**. Proceedings of the Third Symposium on Ancient Greek and Related Pottery.
10. Karros RM 2001. **Active/Passive, Acts/Passions: Greek and Roman Sexuality**. American Historical Review, Vol. 105 Issue 4.
11. Konsepverslag van die SKLAS vir voorlegging aan die Sinode van Wes-en-Suid-Kaapland 1999. **Homoseksualisme**.
12. Liddel & Scott 1983. **Greek-English Lexicon**. Oxford: Claredon Press.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

13. Nussbaum MS 2002. **Other Times, Other Places: Homosexuality in Ancient Greece**. Annual of Psychoanalysis , Vol. 30.

14. Malina BJ 1986. **Christian Origins and Cultural Anthropology**. Atlanta: John Knox Press.

15. Plato 1995. **Symposiums, - The Greek Philosophers**. Santa Monica: World Library.

16. Plato 1995. **Seventh Letter, - The Greek Philosophers**. Santa Monica: World Library.

17. Plato 1995. **Laws - The Greek Philosophers**. Santa Monica: World Library.

18. Scroggs R 1984. **The New Testament and Homosexuality,** Philadelphia: Fortress Press.

19. SKLAS Nederduitse Gereformeerde Kerk Wes-en-Suid-Kaapland 24-25 Maart 2004. **Psigiater voordrag tydens bespreking en vrae**. Picardie Gastehuis.

20. Smith MD 1996. **Ancient Bisexuality and the interpretation of Romans 1:26-27***. Journal of the American Academy of Religion LXIV/2.

21. Van der Watt J (Redakteur) 2003. **Die Bybel A-Z**. Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy.

22. Verslag van die kommissie Leer en Aktuele sake van die Sinode van Noordkaapland Mei 2003. **Homoseksualiteit: 'n Christelike besinning**.

23. O'Via D 2003. **The Bible, the Church and Homosexuality**, Minneapolis: Fortress Press.

24. Werkgroep in verband met homoseksualiteit van die Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk van Oos-Transvaal 28 Julie 2001. **Gesprek met die lidmate van die Reformerende Kerk en ander persone van homoseksuele oriëntasie.** Sinodehuis Pretoria.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)


25. Quast K 1994. **Reading Corinthian Correspondence – an Introduction**. Mahwah: [Paulist Press].

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)


# 10 Stellings : PhD
# Onderwerp: 'n Studie in Nuwe Testamentiese Hermeneutiek – Die Homoseksualiteitsdebat in die Nederduitse Gereformeerde Kerk (1986-2004).

1. Die Skriftuurlike regverdiging van homoseksuele verhoudings en –huwelike is in wese 'n hermeneutiese probleem.
2. Die gesag van die Skrif kom in gedrang indien homoseksuele verhoudings as Skriftuurlik regverdig word.
3. Die antieke mense, sowel as die skrywers van die Bybel het homoseksuele verhoudings van liefde en trou geken.
4. Die analoë voorbeelde wat gebruik word om die Skrif onder verdenking te bring asof dit nie relevant is vir die eietydse vraagstuk van homoseksuele verhoudings nie, kan nie gehandhaaf word nie.
5. Die Skrif handhaaf altyd heteroseksualiteit as die wese van seksualiteit en seksuele verhoudings.
6. Die hele Ou Testamentiese siening van die huwelik, seksualiteit in die algemeen, en homoseksualiteit in die engere, wys homoseksuele verhoudings af.
7. Die bediening van Jesus laat nie ruimte om homoseksuele verhoudings Skriftuurlik te verantwoord nie.
8. In Romeine 1 verwys Paulus inderdaad ook na homoseksuele verhoudings van liefde en trou.
9. In 1 Kor 6:9 en 1 Tim 1:8-10 word ook na homoseksuele verhoudings van liefde en trou verwys.
10. In die vasstelling van 'n Bybelse etiek rakende die hantering van die homoseksuele persoon, kan nie ruimte gelaat word vir die Skriftuurlike regverdiging van homoseksuele verhoudings nie.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)


# Bronnelys

## A

1. Abbott-Smith G, **A Manual Greek Lexicon of the New Testament,** [T&T Clark], Edinburg, 1981.
2. Adamson James, **The Epistle of James**, [WB Eerdmans Publishing Co], Grand Rapids, 1976.
3. Achtemeier Paul J, **Romans**, [John Knox], Atlanta, 1985.
4. Acts of the Reformed Ecumenical Synod, **Reformed Churches in the Netherlands (GKN)**, Chigago 1984.
5. Acts of the Reformed Ecumenical Synod, **Homosexual members decision of GKN**, Nimes, 1980.
6. Agenda Algemene Sinode van die NGK, **Homoseksualiteit,** [Hartenbos], 10-16 Oktober 2004.
7. Anoniem, **Homoseksualisme – Die andersheid van menswees – 'n nuwe benadering,** ongedateer en ongepubliseer.
8. Agenda Algemene Sinode, **Homoseksualiteit: Wat sê die Kerk?**, Kaapstad, 14-25 Oktober 1986.
9. Agenda & Handelinge Algemene Sinode, **Gesag van die Skrif,** Pretoria, 13-19 Oktober 2002.
10. Agenda Algemene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk, **Homoseksualiteit**, Pretoria, 13-19 Oktober 2002.
11. Agenda Sinode van die NGK van Oos-Transvaal, **Homoseksualiteit – Verslag van Werkgroep Een** & **Homoseksualiteit – Verslag van Werkgroep Twee**, Pretoria, 24-27 Augustus 2003.
12. Agenda Algemene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk, **Skrifgesag en Skrifgebruik**, [Hartenbos], 10-16 Oktober 2004.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

13. Allison Dale, **Men and Women: Some Interpretive Possiblities (Matt 5:27-28; Mark 9:43-38; Matt 10:11-120, 'Feminist Companion to the Jesus Tradition**, [JSOT], Sheffield.

14. Allison and Davies; Luz; Donald A Hagner, **Matthew,** 1:116, [Word], Dallas, 1993, 1995.

15. Allan Leslie C, **The Books of Joel, Obadiah, Jonah and Micha**, [WB Eerdmans Publishing Co], Grand Rapids,1976.

16. Allen, Leslie C., **Word Biblical Commentary, Volume 28: Ezekiel 1-19**, (Dallas, Texas: Word Books, Publisher) 1998.

17. Alberts Louw, **Geloof versus Wetenskap**, [Christelike Uitgewersmaatskappy], Vereeniging, 1996.

18. Alexander, T. Desmond and Brian S. Rosner, editors, **New Dictionary of Biblical Theology,** [Downers Grove, Ill: InterVarsity Press], 2000.

19. Alexander Daid en Pat, **Handboek by die Bybel**, [Verenigde Protestantse Uitgewers], Kaapstad, 1977.

20. Anderson, A. A., **Word Biblical Commentary, Volume 11: 2 Samuel,** (Dallas, Texas: Word Books, Publisher) 1998.

21. Antonissen Carl, **Tydens kleingroep bespreking,** Picardie Gastehuis, 24 Maart 2004.

22. Anthonissen Carel en Oberholzer Pieter, **Gelowig en gay?**, [Lux Verbi.BM], Wellington 2001.

23. Aristoteles, **Generation of animals,** 56:286, (World Library, INC Santa Monica) 1995.

24. Aristoteles, **Nicomachanaen Ethics,** 1148b, Perseus Project (Harvard University Press), 2000.

25. Aristoteles, **Politics** 2.96-7 [1247a].

26. Ashton John, **The Religion of Paul the Apostle**, [Nothern Phototypesetting Co Ltd], Bolton, 2000.

27. Aune, David, **Word Biblical Commentary, Volume 52a: Revelation 1-5,** [Word Books, Publisher], Dallas, Texas, 1998.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**B**

28. Bagster S, **Analitical Greek Lexicon,** [Samuel Bagster & Sons Ltd], 1975.
29. Bailey Derrick Sherwin, **Homosexuality and the Western Christian Tradition,** [Longmans, Green & Co], New York, 1955.
30. Bancroft J, **Homosexual Oriëntation**, British Journal of Psychiatry vol 164, 1994.
31. Balz Horst, **Biblische Aussagen zur Homosexualiteit**, [ZEE 31], 1987.
32. Barclay John MG (Eindredakteur Esler Philip F), **Deviance and Apostasy** – Geneem uit **Modelling Early Christianity**, 123, [routledge], london, 1995.
33. Barnard Hans, **Homoseksualiteit – in die Lig van die Skrif**, 21 Mei 2003.
34. Barnard Ralph, **Dis tyd dat Christene anders dink en praat oor seks**, Hugenote Uitgewers 2000.
35. Bartlett André, Beeld, 10 April 2002.
36. Bartchy Scott S, **First Century Slavery and the Interpretation of 1 Cor 7:21**, [Schalar Press], Missoula Mont, 1973.
37. Barr James, **Biblical Faith and the natural Theology**, [Claredon], Oxford, 1993.
38. Barret CK, **The First Epistle to the Corinthians**, [Adam & Charles Black], London, 1971.
39. Barth Karl, **Natural Theology: Compromising "Nature and Grace" by Professor Dr Emil Brunner and the Reply "No" by dr Karl Barth**, [Cenetary], London, 1946.
40. Barth Karl, **Church Dogmatics IV,** [T&T Clark] Edinburg, 1994.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

41. Batelaan L, **De kerk van Korinthe en wij**, Uitgeverij T Wver] Franeker, 1971.
42. Bauer W, **A Greek-English Lexicon of the New Testament and other early Christian literature,** [The University of Chicago Press], Chicago, 1979.
43. Bavink Herman, **Gereformeerde Dogmatiek**, [JH Kok], Kampen, 1929.
44. Bavink Herman, **Gereformeerde Dogmatiek IV**, [JH Kok], Kampen, 1930.
45. Bauckham Richard J, **Jude, 2 Peter,** [Word Books Publishers], Waco, 1983.
46. Bauckham, Richard J., **Word Biblical Commentary, Volume 50: Jude, 2** *Peter*, (Dallas, Texas: Word Books, Publisher) 1998.
47. Baumgarten Albert I, **Myth and Midrash: Gen 9:20-29 – Christianity, Judaism and Other Greco-Roman Cults,** [Brill], Leiden, 1975.
48. Bayer Ronals, **Homosexuality and American Psychiatry – the Politics Diagnosis,** [Basic Books], New York, 1981.
49. Beare Francis Wright, **The Gospel According to Matthew**, [Basil Blackwell Publisher], Oxford, 1981.
50. Beare Francis Wriht, **The Gospel according to Matthew**, [Basil Blackwell], Oxford, 1981.
51. Beasley-Murray, George R., **Word Biblical Commentary, Volume 36: John**, (Dallas, Texas: Word Books, Publisher) 1998.
52. Becker Jurgen, **Jesus of Nazareth**, [De Cruyter], New York, 1998.
53. Beckwith Isbon T, **The Apocalypse of John**, [Baker Book House], Grand Rapids, 1979.
54. Betz Hans Dieter, **Galatians**, [Fortress Press], Philadelphia, 1988.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

55. Bidstrup Scot, **Saint Aelred the Queer – The Surprising History of Homosexuality and Homophobia, *www.bistrup.com/phobiahistory.htm***, 2001.
56. Bigger Stephen F, **The Family Laws of Leviticus 18 in their Setting**, [JBL 98], 1979.
57. Bimson, J. J., J. P. Kane, J. H. Paterson, D. J. Wiseman, and D. R. W. Wood, **New Bible Atlas**, (Leicester, England: Inter-Varsity Press) 2000, c1985.
58. Bird Phyllis A, **The Bible in Christian Ethical Deliberation concerning Homosexuality: Old Testament Contributions**, [WB Eerdmans Publishing Co], Grand Rapids, 2000
59. Bird Phyllis A, **Missing Person and Mistaken Identities: Women and Gender in Ancient Israel**, [OBT - Fortress], Minneapolis, 1997.
60. Bird Phyllis, **The End of the Male Cult Prostitute**, [VTSup 66], Cambridge, 1995.
61. Bockmuel Markus, **Halakha and Ethics in the Jesus Tradition, in Early Christian Thought in Its Jewish Context**, [Cambridge University Press], Cambridge, 1996.
62. Bolkenstein MH, **Het Evangelie naar Markus,** [GF Callenbach BV Uitgeverij Nijkerk], Leiden, 1977.
63. Bolkenstein MH, **De Brieven van Petrus en Judas**, [Uitgeverij GF Callenbach], Leiden, 1984.
64. Borg Marcus J, **Jesus: A New Vision – Spirit, Culture and Life of Discipleship**, [Harper & Row], San Francisco, 1991.
65. Botha PH, **The Apostle Paul and Homosexuality – A Socio-historical Study**, [PhD Verhandeling Potchefstroom], 2004.
66. Botha PH, **Die Sinode & Homoseks – 'n Kritiese Evaluering van die Homoseksualiteitsdebat in die NG Kerk in Suid-Afrika**, [Khanya Press], Kranskop, 2005.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

67. Boswell John, Christianity, **Social tolerance and homosexuality**, [The University of Chicago Press], Chicago and London, 1996.
68. Boswell J, **Same-sex Unions in Premodern Europe**, New York, 1994.
69. Botha Hanno, **Perspektiewe op gaywees,** 17 Julie 2002. Korrespondensie.
70. Botha W, Februarie 2002, **Die Christen en homoseksualiteit**, Lesing gelewer vir die Sentrum vir Voortgesette Teologiese Opleiding van die Fakulteit Teologie van die Nederduitse Gereformeerde Kerk.
71. Boughton Lynne C, **Biblical Text and Homosexuality: A Response to John Boswell**, [ITQ 58], 1992.
72. Boyarin Daniel, **Are There Any Jews in the History of Sexuality**, [JHSex 5], 1995
73. Bray Gerald, **Call to Biblical Values**, [SCM Press] Cambridge, 1997.
74. Brenner Athalya, **The Intercource of Knowledge: On Gendering Desire and Sexuality in the Hebrew Bible**, [Brill], Leiden, 1997.
75. Brueggemann Walter, **An Introduction to the Old Testament – The Canon and Christian Imagination**, [Westminster John Knox Press], Washington DC, 2003
76. Bright John, **A History of Israel**, [The Westminster Press], London, 1984.
77. Briggs Richard S, **Words in Action,** [T&T Clark], Edinburg & New York, 2001.
78. Brox N, **Die Pastoralebriefe,** [Regenesburg], Pustet, 1969.
79. Brooks BA, **Fertility Cult Functionaries in the Old Testament**, JBL 60, 1941.
80. Brooten Bernadette J, **Love between Women,** [Universatiy of Chicago], Chicago, 1996.

81. Brooten Bernadette, **"Pauls's Views on the Nature of Women and Female Homoeroticism"** uit **Immaculate and Powerful: The Female in Sacred Image and Social reality**, 1985b.

82. Brown Schuyler, **The Origins of Christianity,** [Oxford University Press Ins], New York, 1993.

83. Brown Raymond, **The Message of Hebrews**.

84. Brown Raymond E & Morris Leon, **The Gospel according to John**, [WB Eerdmans Publishing House], Michigang, 1984.

85. Brown Tom M, **A Psychiatrist Perspective**, [SCM Press], Cambridge, 1997.

86. Bruce FF, **The Epistle tot he Hebrews**, [WB Eerdmans Publishing Co], Grand Rapids, 1985.

87. Bruce FF, **The Book of Acts**, [WB Eerdmans Publishing Co], Grand Rapids, 1976.

88. Bruce FF & Simpson EK, **Commentary on the Epistles to the Ephesians and Colossians**, [WM Eerdmans Publishing], Grand Rapids, 1975.

89. Bruce FF, **New Century Bible: 1 and 2 Corinthians**, [Butler & Tanner Ltd],Londen, 1977.

90. Bruce FF, **The Epistle to the Hebrews**, [WB Eerdmans Publishing Co], Grand Rapids, 1985.

91. Buchanan RJ, **Homosexuality in History,** Grace Community Durham NC, ongepubliseer, 2000.

92. Brueggeman W, **Lesing gelewer aan die Fakulteit Teologie te Stellenbosch,** Stellenbosch, datum onbekend.

93. Bultmann Rudolph, **History of the Synoptic Tradition**, [Harper & Row], New York, 1963.

94. Burden Jasper & Deist Ferdinand, **Kom ons doen Bybelstudie**, [Akasia Boeke], Pretoria, 1986.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)


95. Burns JE, **Old Testament History ant the Development of a Sexual Ethic – The New Morality**, [Herder and Herder], New York, 1967.
96. Budd Philip J, **Numbers**, [Word Books Publisher], Waco, 1984.
97. Bultmann Rudolph, **History of the Synoptic Tradition**, [Harper & Row], New York, 1963.
98. Buttwick David, **Homiletic, Moves and structures,** [Fortress Press], Philadelpia, 1987.

**C**

99. Calvyn Johannes, **Calvin's New Testament Commentaries- 1 Corinthians**, [William B Eerdmans Publishing Company] Grand Rapids, 1996.
100. Calvin John, **The Epistles of Paul the Apostle to the Romans and to the Thessalonians** [WB Eerdmans Publishing Co], Grand Rapids, 1960.
101. Calvyn Johannes, **Institutie I**, [WD Meinema BV], Delft 1931.
102. Calvyn Johannes, **Institusie II**, [Nasionale Boekdrukkery], Goodwood, 1978.
103. Calvyn Johannes, **Genesis,** [The Banner of Truth Trust], Pennsylvania USA, 1965.
104. Campbell William S, **Paul's Gospel in an Intercultural Context: Jew and Gentile in the Letter to the Romans**, [SIHC 69], Frankfurt, 1992.
105. Carmichael Calum M, **Law, Legend, and Incest in the Bible: Leviticus 18-20**, [Cornell University Press], Ithaca, 1997.
106. Carson, D.A.**The New Bible Commentary,** (Downers Grove, Illinois: Inter-Varsity Press) 1994.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

107. Cassuto Umberto, **A Commentary on the Book Genesis**, [Magnes], Jerusalem, 1984.

108. Catchpole David R, **The Synoptic Divorce Material as a Traditio-Historical Problem**, [BJRL], 1974.

109. Catholic Answers, **Early Teachings on homosexuality,** www.catholic.com/home/permissions.asp, 2004.

110. Cedar Paul A, **James,1, 2 Peter, Jude,** [Word Books Publishers], Waco, 1984.

111. Choon Leong Seow, **Textual Orientation** uit **Biblical Ethics and Homosexuality: Listening to Scripture**, [Westminster Knox], 1996.

112. Christensen, Duane L., **Word Biblical Commentary, Volume 6A: Deuteronomy 1-11**, (Dallas, Texas: Word Books, Publisher) 1998.

113. Christian Lawyers Association, **Same-Sex Marriage: Judgement Fundamentally Flawed – Press Statement,** 2004.

114. Christen en Gay/Lesbies, **Homoseksualiteit en die Kerk,** Ongedateer, maar waarskynlik 1996.

115. Christian Reformed Church in North America, **Pastoral Care For Homosexual Members,** 1973/1999.

116. Christian Reformed Churches in the Netherland, **A Sound Pastoral approach with regard tot homosexual church members,** ongedateer.

117. Chukwu Cletus N, **Homosexuality and the African Culture** geneem uit **AFER 46 (4),** 2004.

118. Clements RE, **Old Testament Theology**, [Marshall, Morgan & Scott], London, 1978.

119. Cilliers Pieter, **'n Kas is vir Klere**, [Human en Rousseau], Kaapstad, 1997.

120. Coats George W, **Genesis with an Introduction to narrative Literature**, [William B Eerdmans Publishing Company], Grand Rapids Michigan, 1983.

121. Coleman P, **Christian Attitudes to Homosexuality**, [SPCK], 1980.

122. Collins Raymond F, **First Corinthians**, [Liturgical Press], Minneapolis, 1999.

123. Colwell John, **Christ, Creation and Human Sexuality**, [SCM Press] Cambridge, 1997.

124. Corley Kathleen E, **Private women, Public Meals**, [Peabody], Hendrickson, 1993.

125. Countryman L Williams, **Dirt, Greed, and Sex: Sexual Ethics in the New Testament and their Implication for Today**, [Fortress Press], Philadelphia, 1998.

126. Craigie PC, **The Book of Deuteronomy**, [WB Eerdmans Publishing Company], Grand Rapids, 1976.

127. Cranfield CEB , **The Epistle to the Romans**, [T&T Clark], Edinburg, 1975.

128. Cranfield CEB, **A Critical and Exegetical Commentary on the Epistle to the Romans – vol 1 ICC**, [T&T Clark], Edinburg, 1975

129. Crook J, **'Introduction', Law and Life in Rome**, [Cornell University Press], New York, 1967.

130. Cross Frank Moore, **Canaanite Myth and Hebrew Epic**, Havard University Press], Cambridge, 1973.

131. Crossan John Dominic, **The Historical Jesus: The Life of a Mediteranean Jewish Peasant**, [HarperSanFrancisco], San Francisco, 1991.

132. Culpepper R Alan, **Anatomy of the Fourth Gospel**, [Fortress Press], Philadelpia, 1983

**D**

133. Dallas J, **Responding to Pro-Gay Theology**, datering onbekend.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)



134. Dalley Stephanie, **Myths from Mesopotamia** [Oxford University Press], Oxford, 1989.
135. Dale Alison, **Divorce, Celibacy, and Joseph (Matt 1:18-15 and 19:1-12),** [JSNT 49], 1993.
136. Dale Allison, **Jesus of Nazareth: Millenarian Prophet**, [Fortress Press], Ninneapolis, 1999.
137. Dawes Gregory W, **But if you can gain your Freedom (1 Corinthians 7:17-24**), CBQ 52, 1990.
138. Dankbaar WF, **Kerkgeschiedenis**, [Wolters-Noordhoff Drukkery], Groningen, 1974.
139. Davidson Benjamin **The Analitical Hebrew and Chaldee Lexicon,** [Zondervan Publishing House], Grand Rapids, 1970.
140. Dearman J Andrew, **Marriage in the Old Testament – Biblical Ethics and Homosexuality**, [Oxford University Press], New York, 1988.
141. De Bruin Philip, '**Huwelikshek oop' Skerp reaksie op hof se groen lig vir gays wat wil trou,** Die Beeld 29 November 2004.
142. Dedek JF, **Contemporary Medical Ethics**, [Andrews and McMeel], Kansas City, 1996.
143. De Jong Otto J, **Gesckiedenis der Kerk**, [GF Callenbach bv, Niekerk Uitgeverij], Uitrecht, 1980.
144. Demarest Gary W, **Leviticus**, [Word Book Publisher], Dallas, 1990.
145. Deming Will, **Mark 9.42-10.12, Matthew 5.27-32 and b.Nid 13b : A First-Century Discussion of Male Sexuality**, [NTS 36], 1990.
146. De Vries Anastasia, **Gays mag NG dominees word,** Rapport, Sondag 17 Oktober 2004.
147. De Vaux Roland, **Ancient Israel – It's Life and Institutions**, [Darton, Longmann & Todd], London, 1976.
148. De Villiers JL, **Die Handelinge van die Apostels – Deel 2,** [NG Kerkuitgewers], Goodwood, 1983.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

149. De Vries, Simon J., **Word Biblical Commentary, Volume 12: 1 Kings,** (Dallas, Texas: Word Books, Publisher) 1998.

150. De Young James, **The Contribution of the Septuagint to Biblical Sanctions Against Homosexuality**, [JETS 34], 1991.

151. De Young James B, **A Critique of Prohomosexual Interpretations of the Old Testament Apocrypha and Pseudographa**, [BSac 147], 1990.

152. De Zwart W, **Calvijn in het licht zijner brieven**, [JH Kok NV], Kampen, 1938.

153. Die Beeld, **Groen lig gevra vir gay troues**, Julie 2004.

154. Die Bybel met Deutero-Kanonieke Boeke, **Wysheid van Salomo**, (Bybelgenootskap van Suid-Afrika, Kaapstad) 1988.

155. **Die Kerkorde van die Nederduitse Gereformeerde Kerk**, [Lux Verbi.BM], Wellington, 2003.

156. Dobras Al, **Commentaries on Homosexual Behavior by Patriarchs of the Faith and Other Early Writers**, *theroadtoemaaus.org/Bcase/Road/03/31/RdEm/WhtsNw.htm*, 2004.

157. Dobson James, **Marriage under Fire – Why we must win this Battle**, [Multnomah Publishers], Oregon, 2004.

158. Douglas Mary, **Purity and Danger: An Analysis of the concepts of pollution and taboo,** [Routledge and Kegan], London, 1966.

159. Douglas JD, Hillyer N, Brice FF, Guthrie D, Millard AR, Packer IJ, Wiseman DJ, **New Bible Dictionary,** [Inter-Varsity Press], Leicester England, 1984.

160. Dobson James, **Om Seuns groot te maak,** [Christelike Uitgewersmaatskappy], 2002.

161. Domestic partnership, Issue Paper 17 Project 118, ongedateer.

162. Dover Kenneth, **Greek Homosexuality; "Translating [**ajrsenokoivth"**]] (1 Cor 6:9; 1 Tim 1:10)"**, [VC 41], 1987.

163. Doyer Anton, **Perspektief van 'n predikant**, uit Homoseksualiteit – Wat sê ons vir mekaar?, ongedateer.

164. Du Plessis Jean, **Oor Gay wees**, [Tafelberg-Uitgewers Beperk], Kaapstad, 1999.

165. Durham, John I, **Word Biblical Commentary, Volume 3: Exodus,** [Dallas, Texas: Word Books, Publisher] 1998.

166. Du Pisani Kobus, **Homoseksualiteit – Gay Christene. Houdingsverandering nodig in gereformeerde kerke?** Uit Woord en Daad, Lente 1999.

167. Drane John, **Paulus – 'n Geïllustreerde verhandeling oor die lewe en geskrifte van 'n sleutelfiguur uit die beginjare van die Christendom**, [Kaap en Transvaal Drukkers], Kaapstad, 1980.

168. Dunn, James D.G., **Word Biblical Commentary, Volume 38a: Romans 1-8,** [Word Books, Publisher], Dallas, Texas, 1998.

169. Dunn JDG, **Romans**, [Word Books], Dallas, 1988.

170. Dunn James G, **The Theology of Paul the Apostle,** [William B Eerdmans Publishing Company], Grand Rapids, 1998.

171. Durand JJF, **Die Sonde**, [NG Kerkboekhandel], Pretoria, 1978.

172. Du Rand JA, **Entolè in die Johannesevangelie en -briewe**, [Nuwe Testamentiese Werkgemeenskap van Suid-Afrika], 1981.

173. Du Rand Jan A, **Want die Einde is naby,** [Bybelkor], Wellington, 1997.

174. Du Toit, AB, **Room van Romeine,** [Bybelkor], Wellington, 1984.

175. Du Toit AB, **Paul, Homosexuality and Christian Ethics -** Neotestamentica et Philonica – Studies in honor of Peder Borgen, [Koninklike Brill NV], Leiden 2003.

176. Du Toit AB, ongedateer, **Die Kerk, Christenskap en Homoseksualisme,** ongepubliseerde.

177. Du Toit AB, Datum onbekend, **Die Skrif, die Kerk en Homoseksualisme,** onbekend.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

178. Du Toit Ben, **Brief in die Burger**, 4 Desember 2003.

179. Du Toit Ben, **God? Geloof in 'n postmoderne tyd**, [CLF Uitgewers], Bloemfontein, 2000.

**E**

180. Edwards George R **, Gay/Lesbian Liberation: A Biblical Perspective**, [Pelgrim], New York, 1984.

181. Edwards, C, **The Politics of Immorality in Ancient Rome,** [Cambridge University Press], Cambridge, 1993.

182. Elinger K, **Leviticus,** p 232, [Mohr] 1966

183. **Enhanced Strong's Lexicon**, (Oak Harbor, WA: Logos Research Systems, Inc.) 1995.

184. Emmerton JA & Cranfield CEB, **Romans I (I-VIII)**, [T&T Clark], Edinburgh, 1977.

185. Esler Philip, **Jesus and the Reduction of Intergroup Conflict**, p 190-195, [Augsburg Fortress], Minneapolis, 2002.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**F**

186. Fander Monika, **Die Stellung der Frau im Markusevangelium**, [Telos], Altenberge, 1989.

187. Faulkner Raymond O, **The Ancient Egyptian Coffin Texts**, [Aris and Phillips], Warminster, 1973.

188. Fee Gordon, **The First Epistle to the Corinthians**, [WB Eerdmans Publishing Co], Grand Rapids, 1987.

189. Feldman Louis H, **Jew and Gentile in the Ancient World**, [Princeton University Press], Princeton, 1993.

190. Fensham FC, **Exodus**, [Uitgeverij GF Callenbach], Leiden. 1970.

191. Ferguson, Sinclair B. and David F. Wright, **New Dictionary of Theology,** (Downers Grove, IL: InterVarsity Press) 2000, c1988.

192. Fields Weston W, **Sodom and Gomorrah: History and Motif in Biblical Narrative**, [Sheffield Academic Press], Sheffield, 1997.

193. Filson Floyd V, **The Gospel according to St Matthew**, [Adam & Charles Black], London, 1967.

194. Fitsgerald John T, **Cracks in an earthen Vessel – an Examination of the Catalogues of Hardship in the Corinthian Correspondence**, [Scholar Press], Atlanta Georgia, 1988.

195. Fitsmyer Joseph, **Spiritual Exercises based on Paul's Epistle to the Romans**, [WB Eerdmans Publishing Co], Grand Rapids, 1995.

196. Fitsmyer JA, **Romans**, [Doubleday], 1992.

197. Fitsmyer J, **Romans: A New Translation with Introduction and Commentary**, [Doubleday], New York, 1993.

198. France RT, **From Romans tot the Real World: Biblical Principles and Culture Change in Relation to Homosexuality and the Ministry of Women – "Romans and the People of God"**, [WB Eerdmans Publishing Co], Grand Rapids, 1999.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

199. Frederickson David E, **Natural and Unnatural Use in Romans 1:24-27** uit Homosexuality**, Science, and the "Plain Sense" of Scripture** onder redaksie van Balch Davis L**,** [WB Eerdmans Publishing Co], Grand Rapids, 2000.

200. Funk RW, **The Five Gospels**, [MacMillan], New York, 1993.

201. Furnish VP, **Theology and ethics in Paul**, [Abingdon Press], Naschville, 1968.

202. Furnish VP, **The Bible and Homosexuality**, [Wetsminster and John Knox], London, 1994.

**G**

203. Gangel KO, **The Gospel and the Gay,** [Thomas Nelson Inc Publishers], Nashville, 1987.

204. Gayly, **A Gay History of the World**, *www.suphawut.com/gvb/gayly/index.htm,* 2004.

205. Gay & Lesbian Christian Outreach, **Christendom en Homoseksualiteit**, [Kalkbaai], 1998.

206. Gereformeerde Kerken in Nederland, **In Liefde Trouw Zijn**, (Centrum voor de Nederlandse Hervormde Kerk, Drieberge) 1983.

207. Gagnon Robert AJ, **The Bible and Homosexual Practice – Text and Hermeneutics**, [Abingdon Press], Nashville, 2001.

208. Geyser PA, **Bybelse getuienis oor homoseksualiteit – met ander oë** geneem uit **HTS Teologiese Studies**, November 2002.

209. Gilchrest PR, **[d'y know – Theological Workbook of the Old Testament 1**, [The Moody Bible Institute], Chicago, 1981.

210. Gispen WH, **Genesis**, [Uitgeversmaatschappij JH Kok], Kampen, 1974.

211. Gispen, W.H; Oosterhoff, B.J.; Ridderbos, H.N., eds., **Bybelse Ensiklopedie**, [Kaapstad: Verenigde Protestantse Uitgewers], 1977.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

212. Gispen WH, Oosterhof BJ, Ridderbos HN, Van Unnik WC, Visser P, **Bybelse Ensiklopedie – Tweede Deel**, [Verenigde Protestantse Uitgewers], Kaapstad, 1977.

213. Gleason M, **Making Men: Sophists and self-presentation in Ancient Rome**, [Princeton University Press], Princeton, 1995.

214. Gnilka Joachim, **Jesus of Nazareth: Message and History**, [Hendricson], Peabody, 1997.

215. Goslinga CJ, **De Boeken Samuel**, [JH Kok] Kampen, 1959.

216. Gowan Donald F, **From Eden to Babel: A Commentary on the Book of Genesis 1-11**, [Grand Rapids], 1988.

217. Gowers, Ralph, **The New Manners and Customs of Bible Times**, (Chicago: The Moody Bible Institute of Chicago) 1987.

218. Grayson A Kirk and Redford Donals B, **Papyrus and Tablet**, [Prentice Hall], Englewood Cliffs, 1973.

219. Greenberger David F, **Construction of Homosexuality**, [University of Chicago Press], Chicago, 1988.

220. Griffiths J Gwynn, **The Conflict of Horus and Seth**, [Argonaut], Chicago, 1969.

221. Gowan Donald, **Eschatology in the Old Testament**, [Fortress Press], Philadelphia, 1986.

222. Grayson A Kirk & Redford Donald B, **Papyrus and Tablet**, [Prentice Hall]. Englewood Cliffs, 1973.

223. Green Joel G; McKnight Scot; Marshall I Howard; editors, **Dictionary of Jesus and the Gospels**, (Downer's Grove, IL: InterVarsity Press) 1998, c1992.

224. Greenberg Moshe, **Ezekiel 1-20**, [Doubleday], Garden City, 1983.

225. Greenberg David F, **The Construction of Homosexuality**, [University of Chicago Press], Chicago, 1988.

226. Grenz Stanley J, **Welcoming But Not Affirming: An Evangelical Response to Homosexuality**, John Knox], Louisville, 1998.

227. Groenewald EP., **Die Evangelie van Markus**, (Kaapstad: Lux Verbi) 1973.
228. Groenewald EP, **Die Evangelie van Lukas**, [NG Kerk-Uitgewers], Kaapstad – Pretoria, 1973.
229. Groenewald EP., **Die Evangelie van Johannes**, (Kaapstad: Lux Verbi) 1980.
230. Groenewald EP, **Die Briewe van Petrus * Die Brief van Judas**, [NG Kerk-Uitgewers], Kaapstad, 1985.
231. Groenewald EP, **Die Eerste Brief aan die Korinthiërs**, [Kaapstad: Lux Verbi], 1967.
232. Grogan Geoffrey, **2 Corinthians**, [Christian Focus Publications Ltd], Ross-shire, 1996.
233. Grondwetlike Vergadering, **Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika**, (1997: Logos Information Systems).
234. Gromacki Robert G, **Called to be Saints – An Exposition of 1 Corinthians,** [Baker Book House], Grand Rapids, 1977.
235. Grogan Geoffrey, **2 Corinthians**, [Christian Focus Publications Ltd], Ross-shire, 1996.
236. Guelich Robert A, **Mark 1-8:26**, [Word Books], Waco, 1989.
237. Guerra Anthony J, **Romans and the Apologetic Tradition: The Purpose, Genre and Audience of Paul's Letter**, [SNTSMS 81 – Cambridge University Press], Cambridge, 1995.
238. Gundry Robert H, **Matthew**, [WB Eerdmans Publishing Co], Grand Rapids], 1983.
239. Gudorf Christine E, **The Bible and Science on Sexuality**, [WM Eerdmans Publishing Co], Grand Rapids, 2000.
240. Gunkel Hermann, **Genesis**, [Mercer University Press], Macon], 1997.
241. Guthrie Donald, **New Testament Theology**, p 949-951, [Inter-Varsity-Press], Illinios, 1981.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**H**

242. Haas Guenther, **Exegetical Issues in the Use of the Bible to Justify the Acceptance of Homosexual Practice**, [CSR 26], 1997.

243. Haecchen Ernst, **The Acts of the Apostles**, [Basil Blackwell], Oxford, 1985.

244. Haenchen Ernst, **John 1**, [Fortress Press], Philadelphia, 1980.

245. Hagner Donald A, **Word Biblical Commentary, Volume 33b: Matthew 14-28,** [Dallas, Texas: Word Books, Publisher] 1998.

246. Haley Mike, **10 Frequently asked Questions about Homosexuality**, [Harvest House Publishers], Egene – Oregon, 2004.

247. Hartley, John E., **Word Biblical Commentary, Volume 4: Leviticus**, (Dallas, Texas: Word Books, Publisher) 1998.

248. Hallet Martin, **Truth and Love in our Sexual Feeling,** [SCM Press], Cambridge, 1997

249. Hamer DH, Hu S, Magnuson VL and Pattatucci AM, A Linkage between DNA Markers on the X Chromosome and Male Sexual Orientation, [Science 261], 1993.

250. Hamilton Victor P, **The Book of Genesis: Chapters 1-17**, [WB Eerdmans Publishing Co], Grand Rapids, 1990.

251. Handelinge Algemene Sinode, **Homoseksualiteit: Wat sê die Kerk?**, Kaapstad, 14-25 Oktober 1986.

252. Handelinge Algemene Sinode, **Homoseksualiteit**, Pretoria, 13-19 Oktober 2002.

253. Handelinge Algemene Sinode, **Homoseksualiteit**, Hartenbos, 10-15 Oktober 2004.

254. Handelinge van die Sinode van Oos-Transvaal, **Besluiteregister**, Pretoria 2003.

255. Handelinge Sinode van Wes-en-Suid-Kaapland, **Tweede verslag van die tydelike kommissie vir Leer en Aktuele sake,** 1999

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)



256. Handelinge Algemene Sinode, **Skrifgesag en Skrifgebruik**, Kaapstad, 14-25 Oktober 1986.

257. Harril J Albert, **Paul and Slavery: The Problem of 1 Corinthians 7:21**, [Biblical Research], 1994.

258. Harrill J Albert, **The vice of Slave Dealers in Greco-Roman Society – The use of a Topos in 1 Timothy 1:10** uit **JBL 118 ,** 1999.

259. Harry Joseph, **A Probability Sample of Gay Males,** [Journal of Homosexuality 19], 1990.

260. Hartley, John E., **Word Biblical Commentary, Volume 4: Leviticus**, [Dallas, Texas: Word Books, Publisher] 1998.

261. Hawthorne, Gerald F.; Martin, Ralph P.; and Reid, Daniel G.; eds., **Dictionary of Paul and His Letters**, (Downer's Grove, IL: InterVarsity Press) 1998, c1993.

262. Hays Richard B, [**The Moral Vision of the New Testament,** [T&T Clark], Edinburg, 1996.

263. Hays Richard B, **Relations Natural and Unnatural – A Response to John Boswell's Exegesis of Romans 1**, [JRE 14], 1986.

264. Heidelbergse Kategismus of Onderwysing in die Christelike leer, **Sondag 1, Vraag 2**, [Nasionale Boekdrukkery], Goodwood Kaap, 1988.

265. Hendriksen William, **Ephesians**, [The Banner of Truth Trust], London, 1972.

266. Hendrickson William, **I and II Thessalonians,** [Baker Books House], Grand Rapids, 1969.

267. Hendriksen William, **1 & 2 Timoteus and Titus**, [The Banner of Truth Trust], Edinburg, 1979.

268. Hendrickson William, **Ephesians**, [The Banner of Truth Trust], London, 1972.

269. Hendriksen William, **The Gospel of Matthew,** [Baker Book House], Grand Rapids, Michigan, 1973.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

270. Hendriksen William, **Galations**, [The Banner of Truth Trust], London, 1969.
271. Hengel Martin, **The pre-Christian** Paul, [Trinity Press International], Philadelphia, 1991.
272. Herbert Danby, **The Mishnah**, [Oxford Univarsity Press], 1933.
273. Heyns JA, **Dogmatiek,** [NG Kerkboekhandel], Goodwood Kaap, 1978.
274. Heyns JA, **Teologiese Etiek**, [NGKerkboekhandel], Goodwood, 1982.
275. Heyns JA, **Teologiese Etiek I**, [NG Kerkboekhandel], Pretoria, 1982.
276. Heyns JA, **Teologiese Etiek 2/I**, [NG Kerkboekhandel], Pretoria, 1986.
277. Heyns JA, **Teologiese Etiek 2/2 – Sosiale Etiek**, [NG Kerkboekhandel], Pretoria, 1988.
278. Heyns JA, **Die Mens – Bybelse en Buite-Bybelse mensbeskouinge**, [Sacum Beperk], Bloemfontein, 1981.
279. Hillers Delbert E, **Micah**, [Fortress Press], Philadelphia, 1984.
280. Hodge Charles, **1 & 2 Corinthians,** [The Banner of Truth Trust], Edinburg, 1974.
281. Hodge Charles, **Commentary on the Epistle to the Romans,** [WM B Eerdmans Publishing Company], Grand Rapids, 1968.
282. Hoheisel Karl, **Homosexualität**, [RAC], 1994.
283. Holmberg Bengt, **Sociology and the New Testament – An Appraisal,** [Fortress press], Minneapolis, 1990.
284. **Homosexuality: Not a Sin, Not a Sickness**, Ongedateer, ongepubliseer en onbekende outeur.
285. Horner Tom, **Jonathan Loved David: Homosexuality in Biblical Times**, [Westminster], Philadelphia, 1987.
286. Horrel David G, **The Social Ethos of the Corinthian Correspondence**, [T&T Clark], Edinburg, 1996.
287. Hughes Philip E, **Commentary on the Second Epistle to the Corinthians**, [WB M Eerdmans Publishing Co], Grand Rapids, 1975

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

288. Huppert Charles,**"Greek love: Homosexuality or Pederasty? Greek Love in the Black Attic Figures Vase-Painting"** uit **Proceedings of the Third Symposium on Ancient Greek and Related Pottery**, 1988.

289. Hurst LD, **Ethics of Jesus**, [InterVarsity Press], Downers Grove, 1992.

290. Hutcheson George, **John**, [The Banner of Truth Trust], London, 1972.

**I**

291. Idea No 8/9 **Big Question Concerning Same-Sex-Unions: To Bless Or Not to Bless – most German Churches hesitates to intruduce "Quasi-Wedding" ceremonies**, 2001.

292. Inlig-Aktueel, **Gay-aktivis word ouderling in NG Kerk**, 8-15 Junie 2000.

293. **Issues in Human Sexuality: A Statement by the House of Bishops**, [Church House Publishing], 1991.

**J**

294. Jackson Neels (Die Beeld), **'Te veel het al seergekry' dat NGK nog kan sloer oor homoseksualiteit**, Maandag 17 Mei 2004.

295. Jackson Neels, **Die kop het besluit, maar dele verskil nog**, Beeld, 6 Mei 2005.

296. Jacskon Neels, **Dominee praat oor sy gay seun,** [Beeld] 13 Oktober 2004.

297. Jacobs J, **Romeinen,** [JH Kok nv Kampen], Kampen, 1939.

298. Janse van Rensburg C, **Homoseksualiteit: 'n Christelike besinning,** Verslag aan die Sinodale kommissie vir Leer en Aktuele Sake – Sinode van Noordkaapland, Mei 2003.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)



299. Janzen J Gerald, **Abraham and All the Families of the Earth: A Commentary on the Book of Genesis 12-50**, [WB Eerdmans Publishing Co], Grand Rapids, 1993.

300. Jewett Robert, **Christian Tolerance: Paul's Message to the Modern Church**, [Westminster], Philadelphia, 1982.

301. Johnson Timothy Luke, **Reading Romans – A Literary and Theological Commentary**, [Crossroad Publishing Company], New York, 1996.

302. Jones Stanton L & Yarhouse Mark A, **Homosexuality – The Use of Scientific Research in the Church's Moral Debate,** [InterVarsity press], Downers Grove Illinios, 2003.

303. John, Born Eunoch Homepage, **Historical Origins of Church Condemnation of Homosexuality**, *www.acquarius@well.com*, 2004.

304. John Jeffrey, **Christian Same-Sex Partnership,** p [SCM Press], Cambridge, 1997.

305. Jones Stanton L, **Homosexsuality – the use of scientific research in the church's moral debate**, [InterVearsity Press] Downers Grave, 2003.

306. Jonker WD, **Die Gees van Christus**, [NG Kerkboekhandel], Pretoria, 1983.

307. Jonker, W.D., **Die Brief aan die Romeine**, [Lux Verbi], Kaapstad, 1966.

308. Joubert Dina, **Onlogiese liefde – op pad met my gay kind**, JL van Schaik, Pretoria, 1998.

309. Joubert Stephan, Persoonlike gesprek, Moreletapark, 19 Oktober 2004.

310. Josephus, Flavius, **The Works of Josephus**, (Oak Harbor, WA: Logos Research Systems, Inc.) 1997.

311. Joubert Gideon, **Die Groot Gedagte**, [Tafelberg-Uitgewers Beperk], Kaapstad, 1997.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)


312. Johnson Timothy, **Scripture and Discernment: Decisionmaking in the Church**, [Abingdon], Nashville, 1996.

**K**

313. Kaiser Walter C jr, **Old Testament Theology**, [Zondervan Publishing House], Grand Rapids, 1987.
314. Kaiser, Walter C., et. al., **Hard Sayings of the Bible,** (Downer's Grove, IL: InterVarsity Press) 1997.
315. Karros Ruth Mazo, **Active/Passive, Acts/Passions: Greek and Roman Sexuality,** American Historical Review, Vol. 105 Issue 4, 2001.
316. Käseman Ernst, **The Wandering People of God**, [Augsburg Publishing House], Minneapolis,1984.
317. Käseman Ernst, **Commentary on Romans**, [SCM Press Ltd], Grand Rapids, 1980.
318. Kelly JND, **The Pastoral Epistles 1&2 Timothy Titus**, [A Wheaton & Co Ltd], Exeter, 1986.
319. Kerk Informatie van de Gereformeerde Kerken in Nederland, **Over mensen die homofiel zijn,** Rapport aan de Generale Synode van Dordrecht 19971/1972.
320. **Kerkinformatie**, junie 1995.
321. **Kerkinformatie**, julie/aug 1995.
322. **Kerkinformatie**, december 1995.
323. **Kerkinformatie**, maart 1997.
324. **Kerkinformatie**, december 1997.
325. **Kerkinformatie**, december 2001.
326. Kinsey A, Pommeroy W and Martin C, **Sexual Behavior in Human Female**, [Saunders], Philadelphia, 1948.

327. Kinsey A, Pommeroy W and Martin C, **Sexual Behavior in Human Male**, [Saunders], Philadelphia, 1948.

328. Kistemaker Simon J, **1 Corinthians**, [Baker Books] Grand Rapids, 1996.

329. Kistemaker Simon J, **II Corinthians,** [Baker Books] Grand Rapids, 1997.

330. Kittel, Gerhard; Friedrich, Gerhard, **The Theological Dictionary of the New Testament,** [Grand Rapids, MI: Wm. B. Eerdmans Publishing Company], 2000, c1964.

331. Klein, Ralph W., **Word Biblical Commentary, Volume 10: 1 Samuel**, [Dallas, Texas: Word Books, Publisher] 1998.

332. Kloppers, M.H.O., **Die Boek Deuteronomium**, [Kaapstad: Lux Verbi] 1998.

333. Kloppenborg, John S, **Alms, Debt and Divorce**, [TJT 6], 1990. Kloppenborg John S, **Alms, Debt and Divorce**, [TJT 6], 1990.

334. Klijn AF, **De Brief van Paulus aan de Filipenzen**, Uitgeverij GF Callenbach Bv Nijkerk], Leiden, 1890.

335. Koester Helmut, **"Physis"**, [TDNT 9]; Pronk Pim, **Against Nature? Types of Moral Argumentation Regarding Homosexuality**, [WB Eerdmans Publishing Co], Grand Rapids, 1993.

336. Kommentaar van SKLAS op verslag pastoraat aan die homoseksuele persoon, Datum onbekend.

337. Konsepverslag van die SKLAS kommissie vir voorlegging aan die Sinode van Wes-Kaap, **Homoseksualisme**, 1999.

338. König Adrio, **Ek glo die Bybel – ondanks al die vrae**, [Lux Verbi], 2002.

339. König Adrio, **Fokus op die 300 Geloofsvrae wat mense die meeste vra,** [Lux Verbi] 2001.

340. König Adrio, **Wat is reg? Weet iemand dalk? – Vorm 'n ingeligte opinie – en gesels saam**, [Lux Verbi.BM] Wellington, 2005.

341. Kugel James L, **Traditions of the Bible**, [Harvard University Press], Cambridge, 1998.

342. Kunin Seth Daniel, **The Logic of Incest: A Structuralist Analysis of Hebrew Mythology**, [Sheffiels Academic Press], 1995.

**L**

343. Laumann EO, Gagnon JH, Michael RT, Michaels S, **The Social Organization of Sexuality**, [University of Chicago Press], Chicago, 1994.

344. Laeuschli S, **The Language of faith**, [Epiworth Press], 1965.

345. Lategan BC, **Die Brief aan die Galasiërs**, [NG Kerk Uitgewers], Kaapstad, 1986.

346. **Leer en Aktueel: Parallelle sessie: Homoseksualiteit**, www.ngkerk.org.za.AlgSinode/Handelinge.

347. Lekkerkerker AFN, **De Brief van Paulus aan die Romeinen I**, [Uitgeverij GF Callenbach BV Nijkerk], Groningen, 1987.

348. Levine Baruch A, **The JPS Torah Commentary Leviticus,** [The Jewish Publication Society], Jerusalem, 1989.

349. Liddel & Scott, **Greek-English Lexicon**, [Claredon Press] Oxford, 1983.

350. Lilja S, **Homosexuality in Republican and Augustan Rome**, [Societas Scientiarum Fennica], Helsinki, 1982.

351. Lig, **Gay-Ouerskap vra verdraagsaamheid**, [Wellington], Oktober 2004.

352. Lindijer CH, **Handelingen van de Apostelen II**, [GF Callenbach Uitgeverij], Leiden, 1997.

353. Loader JA, **A Tale of Two Cities: Sodom and Gomorrah in the Old Testament, Early Jewish and Christian Traditions**, [JH Kok], Kampen, 1990.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)


354. Loader William RG, **Jesus' Attitude Towards the Law**, [WUNT 9/97], Tübingen, 1997.
355. Lund S and Foster J, **Variant Versions of Targumic Traditions within Codex Neofiti 1**, [Scholar Press], Missoula Mont], 1977
356. Longenecker Richard N, **New Testament Social Ethics For Today,** [William B Eerdmans Publishing Company], Grand Rapids, 1984.
357. Louw, Johannes P. and Nida, Eugene A., **Greek-English Lexicon of the New Testament based on Semantic Domains,** [New York: United Bible Societies], 1988, 1989.
358. Luther Martin, **Lectures on Romans**, [Westminster], Philadelphia, 1961.
359. Lutzer Erwin W, **The Truth about Same-Sex Marriage**, [Moody Publishers], Chicago, 2004.

**M**

360. MacArthur John, **Matthew 1-7**, [The Moody Bible Institute], Chicago, 1985.
361. MacArthur John, **Matthew 16-23**, [The Moody Bible Institute], Chicago, 1988.
362. MacArthur John, **1 Corinthians**, [The Moody Bible Institute], Chicago, 1984.
363. MacArthur John, **Galatians**, [The Moody Bible Institute], Chicago, 1987.
364. MacDonald Magaret Y, **The Pauline Churches,** [Cambridge University Press], Cambridge, New York, 1988.

365. Mace DR, **Hebrew Marriage: A sociological study**, [Buthler and Tanner], London, 1953.
366. MacLaren Allexander, **Deuteronomium, Joshua, Judges, Ruth, and First Book of Samuel, Second Book of Samuel, First Kings and Second Kings,** [WB Eerdmans Publishing Co], Grand Rapids, 1932.
367. Malan Marlene, **NG Kerk kan skeur**, Voorblad artikel, Rapport, 15 Mei 2005.
368. Malick David E, **The Condemnation of Homosexuality in 1 Corinthians 6:9**, [BSac 150], 1993.
369. Malina Bruce J, **The New Testament World – Insights from Cultural Anthropology**, [Westminster Press], Louisville, 1993.
370. Malina Bruce J, **Christian Origins and Cultural Anthropoly,** [John Knox Press], Atlanta, 1986.
371. Malina Bruce J, **The New Testament World – Insights from Cultural Anthropology Third Edition,** [Westminster John Knox Press] Louisville, 2001.
372. Malina Bruce, Stephan Joubert en Van der Watt Jan, **Vensters wat die Woord laat opgaan,** [Orion Uitgewers], Halfway House, 1993.
373. Marshall Peter, **Enmity in Corinth: Social Converts in Pauls's Relations with the Corinthians,** [Gulde-Druck GmbH], Tübingen, 1987.
374. Marshall IH, **A Critical and exegetical commentary on the Pastoral Epistles**, [T&T Clark), Edinburg, 1999.
375. Martin Dale B, **Slavery as Salvation: The Metaphor of Slavery in Pauline Christianity**, [Yale University Press], New Haven, 1990.
376. Martin Dale B, **Arsenokoitês and malakos: Meanings and Consequences** uit **Biblical Etichs & Homosexuality: Listening to Scripture**, [John Knox Press], Louisville, 1996.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)


377. Martin, Ralph P.; Davids, Peter H., **Dictionary of the Later New Testament & It's Developments**, [Downers Grove, Ill: InterVarsity Press], 2000, c1998.

378. Matthews VH Benjamin DC, **Social world of ancient Israel 1250-587 vC**, [Hendrickson Publishers], Massachusetts, 1993.

379. Matthews Victor H, **Hospitality and Hostility in Genesis 19 and Judges 19**, [BTB], 1992.

380. McCarter P Kyle, **1 Samuel**, [Doubleday], Garden City, 1980.

381. McEleney NJ, **The Vice Lists of the Pastoral Epistles**, [CBQ 36], 1974.

382. McGee, J. Vernon, **Thru the Bible with J. Vernon McGee**, [Nashville: Thomas Nelson Publishers], 2000, c1981.

383. McKane W, **Proverbs – A New Approach**, [SCM Press Ltd], London, 1980.

384. McKnight Scot, **A Light Among the Gentiles,** [Princeton University Press], Princeton, 1993.

385. McNeill John J, **The Church and the Homosexual**, [Sheed, Andrews and Mcmeel], Kansas City, 1976.

386. Meeks , **The Origins of Christian Morality: The First two Centuries**, [Yale University Press], New haven, 1993.

387. Meyers Carol and Eric, **Zechariah 9-14**, [Doubleday], New York, 1993.

388. Meyers Carol, **Discovering Eve: Ancient Israelite Women in Context**, [Oxford University Press], New York, 1988.

389. Milgrom Jacob, **Leviticus 1-16**, [Doubleday], New York, 1991.

390. Milgrom J, **Cult and Consiense**, [Brill], 1976; Milgrom J, **The Biblical Diet Laws as an Ethical System, Interpretation**, [Abingdon Press], Nashville, 1976.

391. Milgrom J, **Leviticus**, [Abingdon Press], Nashville, 1976.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

392. Moore Gareth, **The Body in contex: Sex and Catholicism,** [SCM Press], 1992.

393. Morris Leon, **The Gospel According to John**, [WB Eerdmans Publishing Co], Grand Rapids, 1975.

394. Motyer Alec, **The Message of James**, [Inter-Varsity-Press], Leicester, 1985.

395. Moulton HK, **The Analitical Greek Lexicon revised,** [Zondervan Publishing House], Grand Rapids, 1987.

396. Mounce WD, **Pastoral Epistle: Word Biblical Commentary Series, Volume 46,** [Thomas Nelson Publishers], Nashville, 2000.

397. Muller J, **Gelowige en Gay?** Debat op Aardklop, Potchefstroom, 3 Oktober 2001.

398. Murray John, **The Epistle to the Romans,** [Wm B Eerdmans Publishing CO], Grand Rapids, 1984.

399. Musonius Rufus, **Discourse XII: "On Sexual Indulgence**", (Uit Grieks vertaal deur Lutz) Internet, 2004.

**N**

400. Nederlandse Geloofsbelydenis, **Die volkomenheid van die heilige Skrif,** [NG Kerk-Uitgewers], Kaapstad, 1988.

401. Nederlandse Geloofsbelydenis, **Artikel 14 – Die skepping van die mens en die sondeval, en die gevolge daarvan**, [Nasionale Boekdrukkery], Goodwood Kaap, 1988.

402. Neels Jackson, **NG Kerk se sinode sê nié ja vir gay leraars**, [Beeld] 21 Oktober 2004.

403. Newman and Nida, **A Translator's Handbook on the Letter to the Romans**, [United Bible Society], 1973.

404. NG Kerk Wynberg, **Homoseksualiteit**, www. ngkerkwynberg.co.za/homoseksualiteit.htm.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

405. NHK boekje, **Homoseksualiteit. Rapport, discussie, besluitvorming**, 1991.

406. Nicolosi J, **Reparative Therapy of Male Homosexsuality,** [Jason Aronson], New York, 1991.

407. Nida and Newman, **A Translator’s Handbook on The Acts of the Apostles**, [United Bible Society], London, 1972.

408. Nielsen JT, **Het Evangelie naar Lucas I**, [Uitgeverij GF Callenbach BV Nijkerk], Leiden, 1979..

409. Nielsen JT, **Het Evangelie naar Lucas II**, [Uitgeverij GF Callenbach], Leiden, 1983.

410. Nissinen Marti, **Homoerotism in the Biblical World**, [Fortress], Minneapolis, 1998.

411. Njino Joseph, **Christian Marriage in the Era of Homosexuality** geneem uit **AFER 46 (4),** 2004.

412. Nolland, John, **Word Biblical Commentary, Volume 35c: Luke 18:35-24:53**, [Dallas, Texas: Word Books, Publisher], 1998.

413. Nolland John, **The Gospel Prohibition of Divorce: Tradition History and Meaning**, [JSNT 58], 1995.

414. Nolland, John, **Word Biblical Commentary, Volume 35b: Luke 9:21-18:34,** (Dallas, Texas: Word Books, Publisher) 1998.

415. Noth Martin, **The Laws in the Pentateuch and other studies**, p 21, [SCM Press Ltd], London, 1966.

416. Nussbaum Martha S, **Other Times, Other Places: Homosexuality in Ancient Greece**, Annual of Psychoanalysis , Vol. 30, 2002

417. Nwaigbo Ferdinand, **Homosexuality: A Distortion of Christian Marraige** geneem uit **AFER 46 (4),** 2004.

418. Nyzzen Andres, **Commentary on Romans,** [Fortress Press], Philadelphia, 1978.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)


UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

## O

419. O'Day Gail, **John 7:53-8:11 : A Study in Misreading**, JBL, 1992.

420. O'Donovan, **Homosexuality in the Church: Can there be a fruitful theological debate**, [SCM Press], Cambridge, 1997.

421. Oswalt John N, **The Book of Isaiah Chapters 1-39,** [Wm B Eerdmans Publishing Co], Grand Rapids, 1986.

422. Oden Robert A, **The Bible Without Theology**, [Harper & Row], San Fransisco, 1987.

## P

423. Patai R, **Sex and family in the Bible and the Middle east** , [Doubleday & Company, New York, 1959.

424. Patte Daniel, **The Gospel According to Matthew**, [Fortress Press], Philadelphia, 1987.

425. Peter-Contesse and Ellington John, **A Handbook on Leviticus**, [LC Cataloging in Publishing Data], Stuttgard, Germany, 1992.

426. Pieterse HJC, **Skrifverstaan en Prediking,** [NG Kerkboekhandel], Pretoria, 1979.

427. Peterson Norman R, **Rediscovering Paul: Philemon and the Sociology of Paul's Narrative World**, [Fortress Press], Philadelphia, 1985

428. Peterson Norman R, **Philemon**, HBC, [Harper & Row], San Francisco, 1988.

429. Peterson William L, **Can [**ajrsenokoivth"**] be translated by "homosexuals"?** VC 41, 1986.

430. Peterson TJM, **An introduction to the ethics of Homosexuality** uit **Journal of Theology of Southern Africa 48**, 1986.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)


UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

431. Pilch John, **Introducing the Cultural Context of the New Testament**, [Paulist Press], Mahwah, 1991.

432. Pink Arthur W, **Gleanings in Genesis**, [The Moody Bible Institute], Chicago, 1981.

433. Philo Judaeus, **The Works of Philo**, (Oak Harbor, WA: Logos Research Systems) 1997.

434. Plato, **Laws - The Greek Philosophers,** (World Library, INC Santa Monica) 1995.

435. Plato, **Laws,** 841d, Persues Project (Yale University Press), 2000.

436. Plato, **Symposiums, - The Greek Philosophers,** (World Library, INC Santa Monica) 1995.

437. Plato, **Seventh Letter, - The Greek Philosophers,** (World Library, INC Santa Monica) 1995.

438. Pomeroy SE, **Goddesses, Whores, Wives and Slaves: Women in Classical Antiquity**, [Schocken], New York, 1975.

439. Poole Michael, **A Guide to Science and Belief**, [Lion Publishing], London, 1997.

440. Porter Calvin L, **Romans 1:18-32: Its Role in the Developing Argument**, [NTS 40], 1994.

441. Potgieter Jorrie, Lid van die Sinodale Regskommissie van die Sinode van Oos-Transvaal na aanleiding van informele gesprekke tydens die eerste Sinodale Regskommissie vergadering op 12 Februarie en 9 Mei 2004, [Sinodehuis], Pretoria.

442. Potgieter Jorrie en Van Huyssteen Fanie, **Homoseksualiteit in Perspektief – Hoop en heling uit die Bybel**, [Lux Verbi.BM] Wellington , 2002.

443. Potgieter J, Agenda Sinode van Oos-Transvaal, **'n Kontekstuele gereformeerd-teologiese beskouing van die ampte, ordening en sakramente**, Pretoria 19-21 Mei 2002.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

444. Pous Johannes Paulus II, **Considerations Regarding Proposals to give legal recognition to unions between same sex persons,** vatican.mondomsearch.com. – amptelike webbladsy van die Vatikaan, Vatikaanstad, 28 Mei 2003.

445. Pous Johannes Paulus II, **Letter to the bishops of the Catholic Church on the collaboration of men and women in the Church in the World,** vatican.mondomsearch.com. – amptelike webbladsy van die Vatikaan , Vatikaanstad, 31 Mei 2004.

446. Pous Johannes Paulus II, **The truth and meaning of human sexuality,** vatican.mondomsearch.com. – amptelike webbladsy van die Vatikaan, Vatikaanstad, 8 Desember 1995.

**Q**

447. Quast Kevin, **Reading Corinthian Correspondence – an Introduction**, [Paulist Press], Mahwah, 1994.

**R**

448. Radiodebat vroeg in 2003 tussen myself, prof Julian Muller en mnr Pieter Oberholzer op RSG (Oopgesprek).

449. Rapport aan de Generale Synode van Dordrecht **Over mensen die homofiel zijn**, Dordrecht Desember 1971.

450. Reasoner Mark, **The Strong and the Weak: Romans 14:1-15:13**, [SNTSMS Cambridge University Press] 1999.

451. Rendtorff Rolf, **The Old Testament – An Introduction**, [Fortress Press], Philadelphia, 1986.

452. Report of Committee Church and Theology to the general synod of the Reformed Churches in the Netherlands (GKN), **Sequel to "God with us"**, Gouda 1985.

453. Report of the Commission on Church and Theology to the General Synod of the Reformed Churches in the Netherlands, Bentheim 1981.
454. Report by the Committee appointed by the Eastern Regional Synod of the Christelijke Gereformeerde Kerken in Nederland to present a sound pastoral approach with regard to Homosexual Church members, Ongepubliseer en ongedateer.
455. Reisman J and E Eichel E, **Kinsey, Sex, and Fraud: The Indoctrination of a People**, [Hunting House], Lafayette, 1990.
456. Report of the Commission on Church and Theology to the General Synod of the Reformed Churches in the Netherlands, 1981, **The passages and their meaning.**
457. Report of Committee Church and Theology to the general synod of the Reformed Churches in the Netherlands (GKN) **Sequel to God with us**, Gouda 1985.
458. RES NA, **Dutch Synod admits homosexual men and women to full membership**, 1 Februarie 1980.
459. Richard Whitaker, Editor, **The Abridged Brown-Driver-Briggs Hebrew-English Lexicon of the Old Testament,** [Oak Harbor, WA: Logos Research Systems, Inc.], 1997.
460. Richard Whitaker, Editor, **The Abridged Brown-Driver-Briggs Hebrew-English Lexicon of the Old Testament,** (Oak Harbor, WA: Logos Research Systems, Inc.) 1997.
461. Ridderbos Hermann, **Romeinen**, [Uitgeversmaatschappij JH Kok], Kampen, 1977.
462. Ridderbos Herman, **Het Evangelie naar Johannes I,** [Uitgeversmaatskappij JH Kok], Kampen, 1987.
463. Ridderbos Herman N, **The Epistle of Paul tot the Churches of Galatia**, [WB Eerdmans Publishing Co], Grand Rapids, 1953.
464. Ridderbos Herman, **Paul – An outline of his Theology**, [William Eerdmans Publishing House], Grand Rapids, 1979.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

465. Reider D, **Targum Jonatha ben Uziel**, Jerusalem, 1974.

466. Risman B and Schwartz P, **Sociological Research on male and Female**, [Homosexuality Annual Review of Sociology Homosexuality Annual Review of Sociology], 1988.

467. Roberts JH, **Die Brief aan die Efesiërs**, [NG Kerk Uitgewers], Kaapstad, 1983.

468. Robinson OF, **The Criminal Law of Ancient Rome**, [Duckworth] London, 1995.

469. Robertson O Palmer, **Critical Questions Concering the 'Curse of Ham' – Gen 9:20-27**, [JETS 41], 1998.

470. **Roman Catholic**, http://www.glbtq.com/social-sciences/roman_catholicism.html.

471. Roekeloos.co.za, **Die Reformerende kerk en Gays**, webbladsy van die sogenaamde gay gemeente in Pretoria by die webadres www.roekeloos.co.za/argief/reformerende.html.

472. Rooms Katolieke Kerk se standpunt op homoseksualiteit op webwerf adres ***www.catscans.com/catolicsite/Catlog/catalog.htm***, 2004.

473. Roth Martha, **Law Collections from Mesopotamia and Asia Minor**, [Scholar Press], Atlanta, 1995.

474. Rudolf Christine E, **The Bible and Science on Sexuality** uit **Homosexuality, Science, and the "plain Sense" on Scripture** onder redaksie van Balch David L, [William B Eerdmans Publishing Company], Grand Rapids, 2000.

475. Roloff Jürgen, **Der Erste Brief an Timotheus**, [EKKNT 15], Zürich, 1988.

476. Ryken, Leland; Wilhoit, James C.; Longman III, Tremper, **Dictionary of Biblical Imagery**, [Downers Grove, Ill: InterVarsity Press], 2000, c1998.

## S

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)



477. SACC Public Policy Liaison Office, **SALC proposes amendments to the marriage act**, 14 Junie 2001.
478. Sakenfeld Katharine Doob, **Faithfulness in Action: Loyalty in Biblical Perspective**, [Fortress], Philadelphia, 1985.
479. Sarna Nahum M, **Genesis**, [ JPSTC – A Jewish Publication Society], Philadelphia, 1989.
480. Salina Elisabeth, **American Student Needs Research Help!**, 13 Maart 2002.
481. Sapp S, **Sexuality, the Bible and science**, [Fortress Press], Philadelphia, 1977.
482. SAUK 2, **Nuus om 19:00**, 29 Junie 2004.
483. Satinover Jeffrey, **Homosexuality and the politics of Truth**, [Hamewith Books], Grand Rapids, 1999.
484. Saunders EP, **The Historical Jesus**, [Penguin], London, 1993.
485. Sanders EP, **Jesus and Judaism**, [Fortress Press], Philadelphia.
486. Sanders EP, **Jewish Law from Jesus to the Mishna**, [TPI], Philadelphia, 1990.
487. Sanders EP, **The Life of Christianity – Christianity and the Rabbinic Judaism**, [Biblical Archaeological Society], Washingtin DC, 1992.
488. Scanzoni Letha and Mollenkott Virginia Ramey, **Is the Homosexual my Neighbor? Another Christian View**, [Harper & Row], San Francisco, 1978.
489. Schmidt Thomas E, **Straight and Narrow? Compassion and Clarity in the Homosexuality Debate**, [InterVarsity Press], Downers Grove, 1995.
490. Schoedel William R, **Same Sex Eros: Paul and the Greco-Roman Traditions,** onder redaksie van Balch Davis L, [William B Eerdmans Publishing Company], Grand Rapids, 2000.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

491. Schweizer Eduard, **The Good News according to Matthew**, [John Knox Press], Atlanta Georgia, 1975.

492. Schrage Wolfgang, **Ethik des Neuen Testaments**, [Fortress Press], Philadelphia, 1988/89.

493. Schrage Wolfgang, **Der Erste brief an die Korinther (1 Kor 1,1-6,11)**, [EKKNT 7/1], Zürich, 1991.

494. Scott EF, **The Pastoral Epistle**, [Harper & Bross}, New York, 1969.

495. Scroggs Robin, **The New Testament and Homosexuality**, , [Fortress Press], 1983.

496. Schulthess Friedrich, **Zur Sprache der Evangelien Anhang. A. Racha (raka), mõre**, [ZNW], 1922.

497. Schnelle U, **The Human Condition**, p146, [T&T Clark], Edinburg, 1996.

498. Schüssler Elizabeth, **Fiorenza : IN memory of her**, [Crossroad], New York, 1989.

499. Schweizer Eduard, **The Good News according to Matthew**, [John Knox Press], London, 1975.

500. Segal Alan F, **Paul the Convert**, [Yale University Press], London, 1990.

501. Seitz Christopher, **Sexuality and Scripture's Plain Sense: The Christian Community and the Law of God**, [WB Eerdmans Publishing Co], 2000.

502. Siker Jeffrey S, **Homosexual Christian, the Bible and Gentile Inclusion: Confessions of Repenting Heterosexist, "Homosexuality in the Church"**, [John Knox], Louisville], 1994.

503. Sikkel JC, **Romeinen**, [Uitgave JC Sikkelfonds], Haarlem, 1934.

504. SKLAS Nederduitse Gereformeerde Kerk Suid- en Wes Kaapland**,** 24-25 Maart 2004, **Getuienis van 'n homoseksuele persoon wat 'n ouderling in sy plaaslike NG Gemeente is**, Picardie Gastehuis.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)


505. Sinode van die NGK van Suid-Transvaal, **Studieprojek: herbesinning oor die Kerk se standpunt met die oog op effektiewe pastorale uitreik na homoseksuele persone**, Ongepubliseer.

506. Sinode van die NGK van Oos-Transvaal, **Homoseksualisme**, Ongepubliseer, 2001.

507. Sinode van die NGK van Suid-Transvaal, **Studieprojek: herbesinning oor die Kerk se standpunt met die oog op effektiewe pastorale uitreik na homoseksuele persone**, Ongepubliseer en ongedateer (waarskynlik vir 2002 Sinode).

508. Sinode van die NGK van Oos-Transvaal, **Homoseksualisme**, Ongepubliseer, 2001.

509. Sinode van Oos-Transvaal**, Homoseksualiteit – Verslag van Werkgroep Een**, [Pretoria], 24-27 Augustus 2003.

510. Sinode van die NGK van Oos-Transvaal, Uitdeelstuk – ongepubliseer.

511. Sinode van die NGK van Oos-Transvaal, **Opmerking tydens debatvoering**, 24-27 Pretoria, Augustus 2003.

512. SKLAS Nederduitse Gereformeerde Kerk Wes-Kaap**, Finale besluit**, Picardie Gastehuis, 24-25 Maart 2004

513. SKLAS Nederduitse Gereformeerde Kerk Wes-Kaap**, Psigiater voordrag tydens bespreking en vrae**, Picardie Gastehuis, 24-25 Maart 2004.

514. SKLAS Nederduitse Gereformeerde Kerk Wes-Kaap**, Psigiater voordrag tydens bespreking en vrae**, Picardie Gastehuis, 24-25 Maart 2004.

515. SKLAS Nederduitse Gereformeerde Kerk Suid-en-Wes-Kaapland**, Wetenskaplike Bevindings,** Picardie Gastehuis, 24-25 Maart 2004.

516. Sperber A, **The Pentateuch according to Targum Onkelos**, [EJ Brill], Leiden, 1959.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

517. Smith Frik, **Homoseksualiteit – Bylaag 2: Konsepverslag : Sklas Wes Transvaal 2003**, ongepubliseer, 2003.

518. Smith Mark D, **Ancient Bisexuality and the interpretation of Romans 1:26-27*** uit **Journal of the American Academy of Religion LXIV/2**, 1996.

519. Snijders LA, **Jesaja Deel 1,** [Uitgeverij GF Callenbach BV], Nijkerk, 1985.

520. Soards Marion L, **1 Corinthians**, [Paternoster Press], 1999.

521. Solis JJ Charlesworth Hames H, **The Old Testament Pseudographa Volume, Apocalyptic Literature and Testaments,** [Double Day], Garden City New York, 1983.

522. Soggin J Alberto, **Judges**, [Westminster], Philadelphia, 1981.

523. Spong John S, Living in Sin? **A Bishop Rethinks Human Sexuality**, [Harper & Row], San Francisco, 2000.

524. Smalley Stephen, **John – Evangelist & Interpreter,** [The Paternoster Press], Cape Town, 1985.

525. Springett Ronald M, **Homosexuality in History and the Scriptures: Some Historical and Biblical Perspectives on Homosexuality** , [Biblical Research Institute], Washington, 1988.

526. Stander HF & Louw JP, **Gebruike en Gewoontes in die Bybel**, [Christelike Uitgewersmaatskappy], Vereeniging, 1990.

527. Stegemann Wolfgang, **The Contextual Ethics of Jesus**, [Augsburg Fortress], Minneapolis, 2002.

528. Stegemann Wolfgang, **The Contextual Ethics of Jesus** – uit **The Social setting of Jesus and the Gospels**, p 52-53, [Fortress Press], Minneapolis, 2002.

529. Stone Ken, **Gender and Homosexuality in Judges 19:Subject-Honor, Object-Shame?**, [JSOT 67], 1995.

530. Stott John RW, **The Message of Thessalonians**, [Inter-Varsity-Press], London, 1991.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

531. Stowasser Martin, **Homosexualität und Bible: exegetische und hermeneutische Überlegungen zu einem scheiregen Thema,** [NTS 43], 1997.
532. Stuart Elizabeth, **Just Good friends,** [Mowbray], 1995.
533. Stuart Elizabeth, **Dancing in the Spirit?,** [SCM Press], Cambridge, 1997.
534. Studieprojek vir die Sinode van die NG Kerk van Suid-Transvaal, **Herbesinning oor die Kerk se standpunt met die oog op effektiewe pastorale uitreik na homoseksuele persone**, ongepubliseer en ongedateer.
535. Sweet Leonard, **Post-modern Pilgrims – First Century passion for the 21st century World,** [Broadman & Holman Publishers], Nashville Tennesee, 2000.

## T

536. Tambasco Anthony J, **In The days of Paul – The social world and the teachings of the Apostle,** [Paulist Press], New York, 1991.
537. Tannahill R, **Sex in history**, [Hoolen Press Ltd], Berkshire, 1980.
538. Taylor J Glen, **The Bible and Homosexuality**, [Them 51], 1995.
539. Te Velde H, **Seth: God of Confusion**, [Brill], Leiden, 1977.
540. The Apostolic Fathers I, **The Didache**, [Harvard University Press], London, 1977.
541. The Apostolic Fathers I, **Polycarp to the Philippians**, [Harvard University Press], London, 1977.
542. The Apostolic Fathers I, **The First Epistle of Barnabas**, [Harvard University Press], London, 1977.
543. The Apostolic Fathers I, **1 Clement,** [Harvard University Press], London, 1977.

544. The Apostolic Fathers I, **2 Clement,** [Harvard University Press], London, 1977

545. The Apostolic Fathers I, **Polikarpus,** [Harvard University Press], London, 1977.

546. The Apostolic Fathers I, **Pastor van Hermas,** [Harvard University Press], London, 1977.

547. The International Church Council Issue Paper concerning Homosexuality, 1999.

548. The International Church Council Issue Paper concerning Homosexuality, 1999.

549. Thomson JA, **The Significance of the Verb Love in the David-Jonathan Narratives in 1 Samuel**, [VT 24], 1974.

550. **The New Bible Dictionary**, (Wheaton, Illinois: Tyndale House Publishers, Inc.) 1962.

551. Thielicke Helmut, **Sex – Theological Ethics,** [WB Eerdmans Publishing Company], Grand Rapids, 1979.

552. Thielman Frank, **Paul and the Law: A Contextual Approach**, [Intervarsity Press], Downers Grove, 1994.

553. **The Sentences of Phocylides II**, 190-191.

554. Thiselton Anthony C, **Can Hermeneutics Ease the Deadlock? Some Biblical Exegesis and Hermeneutical Models** uit **The way Forward? Christian Voices on Homosexuality and the Church**, [Wm B Eerdmans Publishing Co], Grand Rapids, 2003.

555. Thiselton Anthony C, **New Horizons in Hermeneutics,** [ZondervanPublishingHouse], Grand Rapids Michigan, 1992.

556. Thiessen and Merz, **The Historical Jesus**, [Telos], Altenberge, 1989.

557. Thiessen Gerd, **The social settings of Pauline Christianity,** [T&T Clark Limited], Edinburg, 1982.

558. Thomas WH Griffith, **Outline Studies in Acts**, [WB Eerdmans Publishing Co] Grand Rapids, 1973.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)


559. Thompson Chad W, **Loving Homosexuals as Jesus would**, p182-183, [Brazos Press], Grand Rapids, 2004.)

560. Trebilco Paul R, **Jewish Communities in Asia Minor**, p 145-166, [Cambridge University Press], Cambridge, 1991.

561. Turner PDM, **Biblical texts Relevant to Homosexual Orientation and Practice**, [CSR], 1997.

**U**

562. Uhlhorn Gerhard, **Die Christliche Liebesthatigkeit,** [Scribners], New York 1895.

563. Uitdeelstuk tydens die Sinode van Oos-Transvaal van 2001, **Enkele riglyne waarvolgens met persone met 'n homo-seksuele oriëntasie in verhouding getree kan word**, ongepuliseer en ongedateer. Die skrywer van die studiestuk is ook onbekend.

564. Uitdeelstuk tydens die Sinode van Oos-Transvaal van 2001, **Homoseksualisme**, ongepuliseer en ongedateer.

565. Uitdeelstuk tydens die Sinode van Oos-Transvaal van 2001, **Die Stem van die Bybel in ons gesprek met Homoseksuele Mense**, ongepubliseer en ongedateer. Die skrywer van die studiestuk is ook onbekend.

**V**

566. Van Aarde Andries, **Jesus as Fatherless Child**, [Augsburg Fortress] Minneapolis, 2002.

567. Van der Laan HL, **Mag de kerk homoseksuele levensverbintenissen zegen?**, [Barnabas Uitgeverij], Heerenveen, 2002.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

568. Van der Watt Jan, **Liefde in die Familie van God: 'n Beskrywende uiteensetting van familiale liefdesverhoudinge in die Johannes Evangelie** [HTS], 1997 .
569. Van der Watt Jan (eindredakteur), Bosman Hendrik, Nel Marius, Smit Dirkie, Van Rensburg Fika, Venter Pieter, **Die Bybel A-Z,** [Christelike Uitgewersmaatskappy], Vereeniging, 2003.
570. Van der Watt, Du Rand Jan, Joubert Sephan, Naudé Piet, **Hoe lees ons die Bybel? – 'n Soeklig op die rol van die Woord em hoe om dit te vertolk in hedendaagse tye,** [Christelike Uitgewersmaatskappy], Vereeniging, 2002.
571. Van der Woude, **Micha,** [Uitgeverij GF Callenbach BV], Nijkerk, 1976.
572. Van de Spijker AMJM Herman, **Die gleichgeschlechtliche Zuneigung**, [Olten: Walter], 1968.
573. Van Elfen Jan, **Dokter in die huis- 'n A-Z naslaanbron met 3000 inskrywings: siektes, beserings, operasies, noodhulp, medisyne en baie meer**, (Tafelberg), 1993.
574. Vanggaard T, **Phallos: a Symbol and its history in the male world**, [Jonathan Cape, 1972.
575. Vanhoozer Kevin J, **Is there a meaning in this text?** [Apollos - Intervarsitypress], Leicester, England, 1998.
576. Van Leewen C, **Hosea**, [Uitgeverij GF Callenbach], Leiden, 1984.
577. Van Loggerenberg Marietjie & Johan, **God's plan is coming together**, Ongedateer.
578. Van Selms A, **Genesis Deel 1,** [Uitgeverij GF Callenbach BV], Nijkerk, 1973.
579. Van Selms A, **Genesis II**, [Uitgeverij GF Callenbach BV], Nijkerk, 1973.
580. Van Roon A, **De Brief van Paulus aan de Epheziers,** [Uitgeverij GF Callenbach BV Nijkerk], Groningen, 1979.

581. Van Seters John, **The Pentateuch – A Social Science Commentary**, [Scheffield Academic Press Ltd], Sheffield, 1999.
582. Van Zyl AH, Beyers IH, Le Roux JH, Prinsloo WS, Swanepoel FA, Vosloo W, **Israel and her Neighbours**, [Butterworths], Durban, 1979.
583. Various, **Dictionary of New Testament Background,** [Downers Grove, IL: Inter-Varsity Press], 2000.
584. Vasey Michael, **Strangers and Friends,** [Hodder & Stoutghton], 1995.
585. Vasey Michael, **Traveling Togeter?,** [SCM Press], Cambridge, 1997.
586. Verhoef PA, **Die Bybel oor homoseksualiteit**, ongedateer en ongepubliseer.
587. Vervenne Marc, **What shall we do with the Drunken Sailor? A Critical Re-examination of Gen 9:20-27**, [JSOT], 1995.
588. Verslag van die Kommissie vir Leer en Aktuele Sake van die Nederduitse Gereformeerde Kerk Suid- en Wes-Kaap**, Pastoraat aan die Homoseksuele Persoon**, Ongepubliseer, 1999.
589. Verslag van die kommissie van Leer en Aktuele Sake van die Sinode van Suid- en Wes-Kaapland, 1999.
590. Verslag aan die Sinodale Kommissie vir Leer en Aktuele Sake – Sinode van Noordkaapland, **Homoseksualiteit: 'n Christelike Besinning**, Mei 2003.
591. Verslag van die kommissie Leer en Aktuele sake van die Sinode van Noord-Kaapland, **Homoseksualiteit: 'n Christelike besinning,** Mei 2003.
592. Verslag van die Sinode van die NG Kerk van Suid-Transvaal, **Studieprojek: Herbesinning oor die Kerk se standpunt met die oog op effektiewe pastorale uitreik na homoseksuele persone**, ongedateer.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)


593. Veyne P, **Homosexuality in ancient Rome** uit **A Western sexuality : Practice and precept in past and the present times**, [Basil Blackwell Ltd], Oxford, 1985.

594. Via Dan O & Gagnon Robert AJ, **Homosexuality and the Bible**, [Fortress Press] Minneapolis, 2003.

595. Vibrant Simon, **Divine Order and Sexual Conduct,** SCM Press], Cambridge, 1997.

596. Von Dobshütz Ernst, **Matthew as Rabbi and Catechist,** uit Stanton, 1983.

597. Von Rad Gerhard, **Genesis,** [SCM Press], London, 1985.

598. Von Rad Gerhard, **Genesis: A Commentary**, [Westminster], Philadelphia, 1972.

599. Von Rad Gerhard, **Old Testament Theology – Volume One,** [SCM Press Ltd], London, 1975.

600. Vosloo Wil en Fika J van Rensburg, **Die Bybellennium Eenvolumekommentaar**, (Vereeniging, SA: Christelike Uitgewersmaatskappy) 1999.

601. Vrey Alta, **Homoseksualiteit** – Vrouediens Monumentpark, (Pretoria) Augustus 2002.

**W**

602. Waetjen HC, **Same-sex sexual relations in antiquity and sexuality and sexual identity in contemporary American society**, [Westminster John Knox], Louiseville, 1986.

603. Walters James C, **Ethnic Issues in Paul's Letter to the Romans**, [Valley Forge: TPI], 1994.

604. Walton John H & Matthews Victor H, **The IVP Bible Background Commentary: Genesis – Deuteronomy**, [InterVarsityPress], Downers Grove Illinios, 1997.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

605. Warren Johansson, **Who shall Say to His Brother, Racha**, [Cabirion and Gay Books Bulletin 10], 1984.

606. Watson Francis, **Paul. Judaism and the Gentiles: A Sociological Approach**, [SNTSMS 56 – Cambridge University Press], Cambridge, 1988.

607. Webb William J, **Slaves, Women & Homosexuals,** [InterVarsity Press], Downers Grove Illinois, 2001.

608. Webblad van die NG Gemeente Wynberg, **Homoseksualiteit**, www.ngkerkwynberg.co.za/ homoseksualitteit.

609. Webster Alison, **Found Wanting: Women, sexuality and Christianity**, [Cassel], 1995.

610. Wedderburn AJM, **The Reasons for Romans**, [T&T Clark], Edinburgh, 1988.

611. Wenham, Gordon J., **Word Biblical Commentary, Volume 1: Genesis 1-15,** [Dallas, Texas: Word Books, Publisher], 1998.

612. Wehman GJ, **The Book of Liviticus**, [WB Eerdmans Publishing Co] Grand Rapids, 1979.

613. Werkgroep van die Generale Sinode van die Gereformeerde Kerke in Nederland, **God met ons – over de aard van het Schriftgezag**, [Kerkinformasie] Leusden, 1981.

614. Werkgroep in verband met homoseksualiteit van die Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk van Oos-Transvaal, **Gesprek met die lidmate van die Reformerende Kerk en ander persone van homoseksuele oriëntasie**, Sinode huis Pretoria, 28 Julie 2001.

615. Werkgroep van die Generale Sinode van die Gereformeerde Kerke in Nederland, **God met ons – over de aard van het Schriftgezag**, [Kerkinformasie] Leusden, 1981.

616. Wessels Frans, **Die kerk en homoseksualiteit – Suid-enWes-Kaapland sinode SKLAS Konsep-werksdokument,** Picardie gastehuis, 24-25 Maart 2004.

617. Westermann Claus, **Genesis 1-11: A Commentary**, [Augsburg], Minneapolis, 1974.

618. Westerholm Stephen, **Israel's Law and the Church's Faith: Paul and his Recent Interpreters**, [WB Eerdmans Publishing Co], Grand Rapids, 1988.

619. Wevers John William, **LXX Notes on the Greek Text of Leviticus**, [Scholars press], Atlanta Georgia, 1997.

620. Whitaker Richard E, **Creation and Human Sexuality**, [Fortress Press], Minneapolis, 1997.

621. Whitehead N & B, **My genes Made me Do It!**, [Lafayette], Louisiana, 2000

622. Wight Fred H, **Manners and Customs of Bible Lands**, [Moody Press], Chicago, 1977

623. Williams Rowan, **Knowing myself in Christ,** [SCM Press], Cambridge, 1997.

624. Williams CA, **Roman Homosexuality: Ideologies of Masculinity in Classical Antiquity**, [Oxford University Press], Oxford, 1999.

625. Winter Bruce W, **After Paul left Corinth – Influence of Secular Ethics and Social Change**, [WB Eermans Publishing Co], Grand Rapids, 2001.

626. Winter, **Jewish Action Magazine**, 1992-1993.

627. Wink Walter, **Homosexuality and the Bible – Homosexuality and Christian Faith: Questions of Conscience for Churches**, [Fortress Press], Minneapolis, 1999.

628. Wischmeyer Oda, **[Physis] und [Ktisis] bei Paulus: Die Paulinische Rede von Scöhpfung und Nature**, [ZTK 93], 1996.

629. Witherington Ben, **Paul's Letter tot he Romans – A Social-Rethorical Commentary**, [WB Eerdmans Publishing Co], Grand Rapids, 2004.

University of Pretoria etd – Potgieter, J (2006)



630. Witherington Ben, **Eros defiles or Eros Defended**, Ongedateer en ongepubliseer.

631. Wold Donald J, **Out of Order: Homosexuality in the Bible and Ancient Near East** , [Baker Books], Grand Rapids, 1998.

632. Wright D, **The Christian Faith and Homosexuality**, [Rutherford House], Edinburg, 1994.

633. Wright David F, **Homosexuality: The Relevance of the Bible**, [EvQ 61], 1989.

634. Wright DF, **Homosexuals or prostitutes?: The meaning of ajrsenokoivth"**, (1 Cor 6:9; 1 Tim 1:10), Vigiliae Christianae 38, 1984.

635. Wright DF, **Biblical archaeology**, [Redwood Burn Limited], Townbridge, 1980.

**X**

636. Xenophon, **Constitution of the Lacedaimonians,** Perseus Project (Harvard University Press), 2000.

**Y**

637. Yarhouse MA and Jones SL, **A critique of Materialist Assumptions in Interpretations of Research on Homosexuality**,[Christian Scholar review 26], 1997.

**Z**

638. Zimmerly Walter, **Ezekiel – Hermeneia 2**, [Fortress], Philadelphia, 1979.

University of Pretoria etd – Potgieter 2006



University of Pretoria etd – Potgieter J 2006

**Permanent homosexsual relationships of love and commitment**

In this article, the argument is made that homosexual relationships of love and commitment was known by the writers of the Bible. Though definitions like "gay" or "homosexuality" was not known, sexual identity was known. According to the anthropology of the Mediterranean people, somebody's identity was found in the way he or she lived: "If I have a homosexual relationship, then my identity was homosexual".

This article shows that permanent homosexual relationships of love and commitment were known among the Greek philosophers. People like Plato, Aristotle and Pausanius had permanent homosexual partners. Even Paul knew about permanent homosexual relationships of love and commitment. Sufficient evidence have been found in cities like Rome, Corinth and Ephesus on the existence of such relationships.

University of Pretoria etd – Potgieter 2006



**Permanente homoseksuele verhoudings van liefde en trou.**

Die debat rakende seksuele homoseksuele verhoudings is vandag een van die kerndebatte in die kerk en die media. Voorstanders van permanente homoseksuele verhoudings van liefde en trou argumenteer graag dat die Bybelskrywers nie die "tipe" homoseksualiteit wat vandag bestaan, geken het nie. Die homoseksualiteit waarvan die Skrif praat, is volgens hulle perverse seksuele verhoudings of homoseksuele verhoudings wat in die kultusse voor gekom het. Baie word gemaak dat die begrip "homoseksualiteit" of "homoseksueel" 'n relatiewe jong term is. Dit is eers in 1892 in Duitsland die eerste keer gebruik. Dit is volgens hierdie groep nie afgelei van die Latyn *homo* (man/mens) nie, maar vanuit die Grieks *homoios* (dieselfde) wat dus dui op 'n seksuele oriëntasie vir dieselfde geslag (O'Via 2003: 1). Dit impliseer dat die debat in groot mate gevoer word oor die seksuele identiteit van homoseksuele persone met die argument dat die skrywers van die Bybel nié 'n homoseksuele oriëntasie geken het nie.

## 1. OP SOEK NA 'n SEKSUELE IDENTITEIT

### 1.1. Homoseksuele oriëntasie is 'n onbekende vir Bybelskrywers

Homoseksualiteit is dus volgens hierdie groep eerder "vreemde seksualiteit" of "grys seksualiteit" (Barnard 2000:84-86). Dit is 'n manier van seksuele uitlewing en gee ruimte vir 'n "alternatief" op heteroseksualiteit. **Anthonissen en Oberholzer** verduidelik dat die begrippe homoseksualiteit en/of gay-wees daardie "seksuele oriëntasie" is wat verwys na liefde, emosionele betrokkenheid, seksuele aangetrokkenheid en gedrag tussen mense van dieselfde geslag (Anthonissen & Oberholzer 2001:35-36). "Oriëntasie" of "disposisie" dui op 'n ***bio-psigo-sosiale toestand*** wat

University of Pretoria etd – Potgieter 2006
University of Pretoria etd – Potgieter J 2006


daartoe lei dat iemand hom of haarself as homoseksueel sien (SKLAS Nederduitse Gereformeerde Kerk Wes-en-Suid-Kaapland 2004 = Predikante konferensie). Dit gaan dus daarom dat iemand se bestaanswerklikheid (eksistensiële gegewe) só is dat die persoon hunker na iemand van dieselfde geslag (Christian Reformed Church in North America 1973/1999: 7-9). Dit korreleer met die selfbeeld, selfverstaan en liggaamsbeeld van dié spesifieke persoon (Konsepverslag van SKLAS vir voorlegging aan die Sinode van Wes-en-Suid-Kaapland 1999: 2; Werkgroep in verband met homoseksualiteit van die Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk van Oos-Transvaal. 2001). Die implikasie van hierdie argument is dat daar dus drie vorme van 'n seksuele oriëntasies bestaan is, naamlik manlik, vroulik en homoseksueel.

'n Basiese fout deur voorstanders van bogenoemde argument is dat daar teen "begrippe" of "definisies" vasgekyk word. 'n Beter metode sal eerder wees om vas te stel hoe seksuele identiteit in die samelewing van die destydse Bybelskrywers beleef is.

### 1.2. Homoseksuele identiteit

Die hipotese in hierdie artikel is dat dit 'n verkeerde argument is om te beweer dat die destydse mense nie 'n homoseksuele oriëntasie geken het nie, bloot omdat die begrippe ("gay" of "homoseksuele oriëntasie") nie destyds bekend was nie. Dit sal ek doen deur te soek na 'n "seksuele identiteit" wat voortgespruit het uit 'n bepaalde gedrag. In terme van die destydse mense sou dus gesê word dat indien permanente homoseksuele verhoudings van liefde en trou tussen mense van dieselfde geslag voorgekom het, hulle wel kennis gehad het van wat ons vandag 'n homoseksuele oriëntasie sou noem. Dit moet verstaan word binne die antropologie van die destydse Mediterreense mense, waar iemand se

University of Pretoria etd – Potgieter 2006

University of Pretoria etd – Potgieter J 2006

identiteit deur sy/haar optrede bepaal is, maw "hoe ek optree, is wie ek is" (Malina 1986: 26).

In die res van hierdie artikel wil ek poog om aan te toon dat die Griekse en Romeinse kulture wel 'n homoseksuele identiteit (oriëntasie) geken het.

## 2. SEKSUALITEIT IN DIE KULTURE VAN DIE DESTYDSE MEDITEREENSE MENSE

**Seksuele identiteit** kom wel in die destydse Griekse en Romeinse Kulture na vore. Dit word afgelei uit die seksrolle wat mans en vroue onderskeidelik gespeel het. Seks is gesien as iets wat jy aan iemand anders doen. Die seksrol van die man het gedui op sy aktiewe beheer van die vrou. Die vrou was weer die passiewe ontvanger wat genot geput het om seks te ontvang. Die man "penetreer" en die vrou word "gepenetreer". Owerspel deur 'n vrou (**μοιχεία** - vgl ook Matt 5:31) was verkeerd aangesien sy beheer oor haar eie seksrol geneem het - onder die beheer van haar man uit (Karros 2001: 1255-1256).

Die vraag rondom seksuele identiteit is dan: Hoe het die gepenetreerde dan sy rol in die verhouding verstaan. Die seksuele identiteit van die manlike homoseksueel word gevind in die feit dat die passiewe persoon die "begeerte" het om deur 'n "ander man" gepenetreer te word. Dit is met ander woorde dieselfde begeerte wat by 'n vrou bestaan. Nie alle volwasse mans is as "ware mans" gesien nie. Die passiewe vennoot in die seksuele verhouding is gesien as iemand met 'n "vroulike ervaring" en daarom nie as 'n ware man nie (Karros 2001: 1259-1261).

### 2.1. Permanente homoseksuele verhoudings in die Griekse kultuur

University of Pretoria etd – Potgieter 2006

University of Pretoria etd – Potgieter J 2006

Die bestaan van 'n homoseksuele identiteit word vervolgens ondersteun deur filosowe wat hul voorkeur en liefde vir mans nie weggesteek het nie. Daar word beweer dat onder hierdie filosowe mense soos Sokrates, Cartulles, Virgilius en Horatio was. Dit word afgelei vanweë hul erotiese gedigte oor mans (Verslag van die kommissie Leer en Aktuele sake van die Sinode van Noordkaapland 2003: p 29).

In 'n artikel waarin gepoog word om aan te toon dat die verskillende vorme van homoseksualiteit wat vandag voorkom, 'n ou verskynsel is, wys **Nassbaum** vanuit die antieke artefakte, toesprake van filosowe, gedigte sowel as Griekse komedies dat mense in die antieke tyd wel homoseksuele verhoudings gehad het waar liefde-en-trou betrokke was. Sy gebruik die Griekse praktyke van homoseksualiteit om daardeur vir die samelewing van vandag meer empatie te laat kry vir die vrese, hoop en vreugde van mense wat persone van dieselfde geslag liefhet (Nussbaum 2002: 16-19).

**Liddel en Scott** dui aan dat die antieke filosowe spesifieke begrippe gehad wanneer hulle na pederastie ('n volwasse man wat 'n seksuele verhouding met 'n jong seun het) verwys. So is **παιδαραστης / παιδικην** gebruik. Dit hou ook verband met die begrip pedofiel **παιδοφιλεω** wat ook gebruik is om hierdie gebruik aan te toon (Liddel & Scott 1983:584).

Vanuit die geskrifte van die antieke filosowe is dit billik om te sê dat dit nie 'n korrekte persepsie is dat pederastie en militêre homoseksualiteit die enigste bekende vorme van homoseksualiteit in die destydse antieke samelewings was nie. Wat vandag as kernhomoseksualiteit bekend staan, het ook as 'n **aparte seksuele identiteit** in die destydse samelewing gefunksioneer.

University of Pretoria etd – Potgieter 2006


Hierdie verskynsel kom veral voor in 'n lyn van filosowe waar die een die ander vroeër opgelei het. Dit word gevind by Sokrates, sy student Plato en dié se student, Aristoteles. Plato vertel in sy **Symposium** (Plato 1995a: 36:93) dat Alicibiades op Sokrates verlief was, maar dat Sokrates op daardie stadium 'n permanente verhouding met Agaton gehad het. Alicibiades probeer dan die verhouding tussen Sokrates en Agaton opbreek (Plato 1995a: 90:93).

Verder vertel die karakter Aristofanes ('n denkbeeldige skepping van Plato) dat alle mense op soek is na die ander helfte van ons menswees. Hierdie ander helfte is vir sommige mans ander mans, terwyl dit weer vir sommige vroue ander vroue is. Dan is daar ook diegene vir wie hul ander helfte mense van die teenoorgestelde geslag is. In 'n poging om hierdie gebruik wat oënskynlik volgens hom deur die samelewing as 'n skandelike praktyk beskou is, aanvaarbaar te maak, skryf Plato apologeties dat sulke permanente verhoudings tussen mense van dieselfde geslag nie skandelik is nie, aangesien hierdie mense hul helfte (wat van dieselfde geslag as hulle is) in ***vriendskap, liefde*** en ***intimiteit*** soek (Nussbaum 2002: 10).

In gevalle waar 'n man se ander helfte, nog 'n man is, of 'n vrou se ander helfte nog 'n vrou is, sal hierdie mense nie met mense van die teenoorgestelde geslag trou nie.[1] Indien hulle trou (heteroseksueel) is dit net omdat die "wet" dit van hulle vereis. Hulle sou dan eerder verkies om lewenslank by mekaar (mense van dieselfde geslag) te bly op grond van wedersydse liefde, vriendskap en intimiteit. Dit is nie net die seksuele drang wat hulle na mekaar dryf nie, maar 'n intense onbekende onverklaarbare soeke van hulle "siele" na mekaar (Plato 1995b: 75).

[1] Die filosoof verwys hier na 'n huwelik binne die konteks van 'n man en 'n vrou. Hy wys egter wel dat mense wat na dieselfde geslag smag hoewel hulle nie met mekaar trou nie, wel in langtermyn verbintenisse met mekaar gaan.

University of Pretoria etd – Potgieter 2006
University of Pretoria etd – Potgieter J 2006


Dit is daarom 'n billike afleiding om te maak dat daar in die destydse samelewing nié nét homoseksuele verhoudings wat **pervers**, **kulties** en **pederasties** van aard was, voorgekom het en bekend was nie. Permanente langtermyn verhoudings van liefde en trou was bekend. Dit is ook nie sò dat die destydse filosowe net losbandig was nie. Sketse op artefakte dui ***nie net*** jonger seuns en ouer mans aan nie, maar ook gevalle waar die sogenaamde jonger persoon inderdaad ouer as "seun-wees" is. **Plato** se langtermyn verhouding met Dion van Sirakuse het begin toe Plato 50 jaar oud was en Dion 35 jaar. Sommige **Stoïsynse filosowe** verkies dat verhoudings tussen mense van dieselfde geslag ten minste 28-jaar sou duur (Paulus was bekend met die stoïsynse filosofie aangesien dit waarskynlik een van die sterkste filosofiese strominge in Tarsus was). Pausanias, die spreker in Plato se **Symposium**, is 'n historiese figuur. Sy homoseksuele verhouding met 'n digter het vir ten minste 12 jaar geduur. Die verhouding het begin toe 'n Agaton (Pausanius se homoseksuele lewensmaat en nie dieselfde as die Agaton met wie Sokrates 'n permanente homoseksuele verhouding gehad het nie) 'n volle 18 jaar oud was (Nussbaum 2004: 16; Plato 1995b: 7:56; Quast 1994: 35).

Daar was dus in sekere homoseksuele verhoudings wel sprake van wederkerigheid, duursaamheid en liefde. Die Griekse filosowe wat homoseksualiteit as aanvaarbaar gesien het, het die norm van stabiliteit, vriendskap en liefde bokant onstabiele losbandigheid verkies. Beide **Plato** en **Pausanius** verwys na hulle homoseksuele verhoudings binne die konteks van 'n lewenslange vennootskap. Waar seks tussen heteroseksuele tot voortplanting kon lei, was seks tussen mense van dieselfde geslag beskou as die voortplanting van dieselfde of 'n beter "gees". In Sparta is koormusiek ontdek wat die liefde tussen vroue besing. Plato vertel ook dat die Ateners bekend was met die liefde tussen vroue (Nussbaum 2004: 14-17). Die bestaan van langtermyn homoseksuele verhoudings behoort gesien te word

University of Pretoria etd – Potgieter 2006


binne die konteks dat die Grieke ερoσ (passie) alleen as iets gewelddadig, chaoties, gevaarlik en onbeheerbaar gesien het. Daar moes ander elemente van wat in Afrikaans as "liefde" beskryf word, ook teenwoordig wees (Karros 2001: 1258). Interessant is dat Plato ten spyte van sy eie voorliefde vir 'n man, in sy **Laws** erken dat gemeenskap tussen 'n man en 'n vrou natuurlik is, terwyl seks tussen 'n man en 'n man of 'n vrou en 'n vrou nie natuurlik is nie, met ander woorde "teen die natuur" (Plato 1995c: 24:611 - παρα φυσιν - kon Paulus dit in gedagte gehad het in sy skrywe van Romeine 1?). Later verwys sy gespreksgenoot, 'n onbekende Athener, dat dit beter sou wees dat wette gemaak word om seks tussen mans met mekaar en vroue met mekaar te verbied. Die vraag kan dus met reg gevra word of hierdie interne spanning by Plato rakende homoseksuele verhoudings, beteken dat die antieke mense ook oor die voorkoms van 'n "homoseksuele identiteit" gedebateer het? (Plato 1995c: 381:611).

Karros beweer dat **Aristoteles** ook positief was oor beide manlike en vroulike homoseksuele verhoudings waar wederkerigheid en liefdesvriendskappe teenwoordig was. Volgens haar sien hy heteroseksuele- en homoseksuele verhoudings nié slegs binne die konteks van die "selfbevrediging van die enkeling se luste" nie. Aristoteles se geskrifte dui vir haar nie daarop dat die antieke Grieke die aktiewe manlike persoon in 'n homoseksuele verhouding as 'n homoseksueel sou sien nie, maar die passiewe vennoot wat genot vind om "gepenetreer" te word - maw die penetreerder bly "man" (Karros 2001: 1257). Die passiewe vennoot in die seksuele verhouding identifiseer met "vroulikheid", terwyl die manlike persoon weer dié persoon is wat die aktiewe seksgenoot is wat sy semen in die passiewe vennoot stort (Aristoteles 1995: 56:286). Vir hom is beide die vorme van seksualiteit onder mans en vroue prysenswaardig as dit binne die konteks van wederkerigheid aan mekaar se behoeftes in langtermyn verhoudings voldoen (Nussbaum 2002: 21).

University of Pretoria etd – Potgieter 2006
University of Pretoria etd – Potgieter J 2006


Aristoteles se positiewe siening van liefde vir dieselfde geslag kan verstaan word wanneer hy verduidelik dat daar in die mensdom sekere "disposisies" is waarmee mense gebore word. Onder hierdie disposisies is ook seksuele disposisies wat volgens "normale seksuele norme" as "onnatuurlik" (dalk weer Paulus se agtergrond en siening van homoseksuele verhoudings in Rom 1) gesien kan word. Dit is waar 'n man die passiewe rol van die vrou in seksuele dade inneem. Hy skryf:

> Now corresponding to each of these kinds of unnatural pleasures (**φυσιω**) we may observe a related disposition of character. ... These practices result in some cases from natural disposition, and in others from habit, as with those who have been abused from childhood. When nature (**φυσιω**) is responsible, no one would describe such persons as showing unrestraint, any more than one would apply that term to women because they are passive and not active in sexual intercourse ...
>
> (Aristoteles 2000: 1148b)

Uit die antieke geskrifte is ook getuienis gevind dat sekere manspersone in die openbaar as verfynde vroulike (homoseksuele) persone verskyn het. Liddel en Scott wys ook dat die begrip **εανος** met fyn of verfyn (Aristoteles 2000: 1148b; Liddel & Scott 1983: 218), terwyl **νεανικος** weer met homoseksueel vertaal kan word (Liddel & Scott 1983: 218).

Vervolgens wil ek wys op getuienis wat wat daarop dui dat permanente homoseksuele verhoudings van liefde en trou (homoseksuele huwelike) wel gedurende die tyd van die Nuwe Testament bekend was.

## 2.2. Seksualiteit in die Romeinse kulture

Anders as wat voorstanders van permanente seksuele homoseksuele verhoudings en -huwelike graag wil glo, was permanente homoseksuele

University of Pretoria etd – Potgieter 2006

University of Pretoria etd – Potgieter J 2006

huwelike van liefde en trou inderdaad gedurende die tyd van Paulus bekend. Dit het ook voorgekom in al drie die stede aan wie se Christene hy in sy briewe teen die sonde van homoseksuele verhoudings waarsku.

**Boswell** ('n homoseksuele persoon en aktivis ten gunste van homoseksuele huwelike van wederkerigheid, duursaamheid, liefde en trou) gee in 'n poging om op die normaliteit van homoseksuele huwelike en seksuele verhoudings te dui, bewyse uit die antieke bronne van sulke huwelike in die destydse Meditereense samelewing waaronder die meeste uit die tyd van Paulus dateer. Dit is verhoudings waar pederastie, losbandigheid en perversiteit nié ter sprake is. Paulus se uitsprake ten opsigte van die gemeentes in **Rome, Korinte** en **Efese** (1 Timoteus) moet binne hierdie konteks beoordeel word. In Boswell se bewyse word al hierdie stede genoem:

- ➔ Nero het met twee mans in die openbaar in die huwelik getree. Een van hierdie lewensmaats van hom is dan ook as "koningin" vereer (Boswell 1996:69,82-84). Dit is belangrike inligting wanneer die interpretasie van die briewe aan die Romeine, Korinte en Efese bestudeer word. Paulus het hierdie briewe geskryf gedurende die tyd van Nero se regering (54-68 nC) - Die Romeine brief waarskynlik in 55-56 nC, die brief van Korinte waarskynlik in 54 nC en 1 Timoteus waarskynlik 61-64 nC (Van der Watt 2003: 706, 723, 805).
- ➔ Xenophon van **Efese** vertel van homoseksuele verhoudings van liefde en trou in dié stad. 'n Voorbeeld hiervan is Hippotoos. Hy het 'n man van dieselfde ouderom (nié pederastie nie) as hy liefgehad (Boswell 1996:86; Smith 1996: 234). So was die eerste groot liefde van Dionysius, 'n ander man met die naam van Ampelus (Boswell 1996:85).
- ➔ Hadrianus (ongeveer 130 nC) word beskou as een van die vyf beste keisers van Rome. Hy het 'n permanente verhouding met 'n ander man, Antonius gehad (Boswell 1996:85).

University of Pretoria etd – Potgieter 2006


- Daar is ook voorbeelde van biseksualiteit. Amatorius, 'n jong man was verlief op beide jongmeisies en jongmans wat dieselfde ouderdom as hy was (Boswell 1996:86).
- Twaalf Attiese fase is gevind met verskillende voorbeelde van volwasse homoseksuele verhoudings (Huppert 1988: 255-268; Smith 1996: 234).
- Daar is nie baie bewyse van lesbiese verhoudings in **Rome** nie. Boswell motiveer dit aangesien die meeste Romeinse geskiedskrywers manlik was. Daar is wel 'n verhaal wat die skrywer Ovid neergeskryf het van twee vroue wat in 'n liefdesverhouding met mekaar gestaan het (Boswell 1996:83; Brooten 1996: 42-45).
- Uit die stad Lesbos is lesbiese erotiese gedigte van Sappho gevind rakende haar sensuele begeertes vir 'n ander vrou (Brooten 1996: 29; Smith 1996: 234).
- Lucian vertel in sy **Dialogues of the Courtesans** van vroue uit die stad Lesbos (waarskynlik waar die benaming lesbies vandaan kom?) wat permanente verhoudings met mekaar gehad het. So is ene Megilla met 'n vrou van **Korinte** getroud (Boswell 1996:83; Brooten 1996: 51-52).
- Plutarch dui op lesbiese verhoudings wat in die stad Sparta voorgekom het (Smith 1996: 240).
- Pseudo Phocilydes verwys na die onaanvaarbaarheid van beide manlik en vroulike homoseksuele verhoudings. Die werk dateer ongeveer uit 30 vC tot 40nC.
- Hy vertel ook van 'n permanente verhouding wat later op 'n huwelik tussen die koningin van Egipte, Bernice, en 'n vrou van Mesopotamië uitgeloop het:

> . rescued her and returned her to her Bernice, from whom she had been taken, and who had become the queen of Egypt after her father's death.

University of Pretoria etd – Potgieter 2006


Bernice married Mesopotamië (verwysende na die vrou uit Mesopotamië),

(Boswell 1996:84; Brooten 1996: 50-51)

- Clement van Alexandrië, 'n Christen kerkvader uit die 2de eeu nC vertel van vroue wat in lesbiese verhoudings betrokke was. Hy vertel dat hierdie vroue sò openlik oor hulle verhouding van liefde en trou was, dat hulle "teen hul natuur" opgetree het en getrou het (Boswell 1996:84; Brooten 1996: 50-51; Scroggs 1984: 147,142).
- Daar is ook getuies op twee ander fase uit die klassieke tydperk gevind wat dui op lesbiese verhoudings. Hier is vroue besig om mekaar se geslagsdele te betas (Brooten 1996: 188-197; Scroggs 1984: 143; Smith 1996: 241).
- 'n Agaïese vaas (uit die omstreke van **Korinte**) wat uit ongeveer 620 vC dateer dui op twee vroue wat aan mekaar se gesigte raak. Hul liggaamshouding dui op intimiteit (Smith 1996: 241).
- Alkman, 'n digter van Sparta, vertel van die wonderlike liefde tussen twee jonger vroue, Agido en Hagesichora, wat in terme van vandag as 'n huweliksverhouding beskryf sou kon word (Smith 1996: 241).
- Selfs Rabbynse literatuur het kennis gedra van lesbiese verhoudings. Die **Sifra** is 'n Rabbynse kommentaar op Lev 18 waarvolgens Moses se lering impliseer dat die Israeliete enige homoseksuele huwelike (manlik én vroulik) sal vermy (Brooten 1996b: 61-87; Smith 1996: 240).
- Net so word in die **Jerusalemse Talmud** 'n debat tussen die skole van Hillel and Shammai gevind oor die vraag of lesbiese seksuele verhoudings 'n vrou se maagdelikheid wegneem (Brooten 1996b: 64-65; Smith 1996: 242).

Terug by Paulus: Geleerdes is nie eenstemmig oor die datering van Paulus se dood nie. Daar is wel konsensus dat Nero Paulus laat onthoof het. Die

University of Pretoria etd – Potgieter 2006


datering van Paulus se dood word gegee as tussen 64 nC en 67 nC (Van der Watt 2003: 702, 805). Daar kan waarskynlik nie twyfel wees dat Paulus (ook as stoïsynse filosoof) dus kennis gedra het van beide lesbiese- en homoseksuele verhoudings van liefde en trou gedurende sy tyd nie. Dit verklaar waarom Paulus in Rom 1 spesifiek na manlike en vroulike vorms van homoseksuele verhoudings as παρα φυσιν verwys, sowel as die gebruik van die twee Griekse begrippe μαλακοσ (vroulike homoseksuele persoon) en αρσενοκοιται (manlike homoseksuele persoon) in 1 Kor 6:9.

Vervolgens dan, 'n beoordeling:

## 3. 'n BEOORDELING

Die argument wat voorstanders van homoseksuele verhoudings van liefde en trou gebruik dat die destydse antieke en Mediterreense mense nie van sulke verhoudings of identiteite kennis gedra het nie, kan dus nie gehandhaaf word nie. Binne die antropologie van die destydse Mediterreense mense het iemand se optrede, sy/haar identiteit bepaal. Wanneer iemand dus die rol van die vroulike of manlike homoseksuele party vertolk het, was die persoon se identiteit homoseksueel. Die voorkoms van permanente homoseksuele verhoudings van liefde en trou onder die filosowe onderskryf ook my argument. Dat getuienis gevind is van permanente homoseksuele verhoudings van liefde en trou en/of "homoseksuele huwelike" tussen homoseksuele persone (manlik of vroulik) in Rome, Korinte en Efese beteken dat Paulus waarskynlik na sulke permanente homoseksuele verhoudings in sy briewe aan die betrokke gemeentes verwys. Dit kan dus nie meer geargumenteer word dat die Bybelskrywers slegs perversiteit, pederastie of kultiese homoseksuele verhoudings in gedagte gehad het nie. Dié bevindinge behoort 'n bepalende rol in die debat rakende die

University of Pretoria etd – Potgieter 2006


Skriftuurlike verantwoording van permanente homoseksuele verhoudings te speel.